# Kom, Here Jesus

**Ds. MJ Booyens**

**Die Openbaring aan Johannes –**
**toegelig en toegepas in die vorm van 'n Bybelse Dagboek**

www.christelikemedia.org

# Inhoud

Woord Vooraf ........................................................................3
Inleiding ........................................................................4
Januarie........................................................................6
Februarie ........................................................................37
Maart........................................................................65
April ........................................................................96
Mei........................................................................126
Junie ........................................................................157
Julie ........................................................................187
Augustus........................................................................218
September ........................................................................250
Oktober ........................................................................280
November ........................................................................311
Desember ........................................................................341

# Woord vooraf

Om oor die boek Openbaring te skryf, is tot 'n groot mate 'n "waagstuk." Ek dink dat geen Bybelleser die boek met groot vrug kan lees, sonder om 'n bepaalde studie daarvan te maak nie. Omdat ons hier te doen het met 'n profetiese werk, wat deur visioene, getalle en beelde spreek, het die leser daar dikwels moeite mee. In 'n bepaalde sin leef 'n mens in Openbaring in 'n vreemde wêreld.

Aan die ander kant kan die boek maklik misbruik word. 'n Mens kan baie maklik fantaseer en jou verbeelding hande laat uitruk. Jy kan selfs op die klank af ander Bybeltekste te pas bring en aan jou fantasieë 'n kleur van integriteit verleen. Dit kan ook wees dat 'n mens ophou om die Evangelie te verkondig en net besig bly om te speel op die snaar van menslike nuuskierigheid. Ek moes al baie vrae in my werk as bedienaar van die Woord beantwoord, om aan hierdie sug van mense te voldoen. Dit bly derhalwe moeilik om altyd te onthou dat jy besig is om die Woord te bedien en nie om 'n "hemelkalender" te lees of 'n orakel te raadpleeg nie.

My opset was om die boek van begin tot einde deur te werk. Dit doen ek egter in die vorm van 'n Bybelse dagboek. Ek het daarop besluit omdat my vorige dagboek, "Elke dag in die Lig", waarin ek my by die Evangelie van Johannes bepaal het, goed ontvang is. Ons het 'n redelike wye leserskring vir die dagboektipe leesstof. Aan die ander kant is daar ook steeds 'n groterwordende belangstelling vir boeke wat stof bied vir Bybelstudie. Só 'n dagboek maak dit vir elke leser moontlik om die stof aan te durf, sonder om dit as 'n te groot opgaaf te beskou. Terselfdertyd doen die leser dan Bybelstudie.

By die bestudering van die stof het ek iets ondervind van wat Job sê: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien." (Job 42:5). Ná hierdie studie, glo ek, dat ek nie weer kan wees wat ek vroeër was nie. Dit het met my gewerk. Histories was ek hiermee besig teen die agtergrond van die Russies-Kubaanse ingryping in Angola. Dit was aan die een kant vir my goed om die gebeure te sien teen die agtergrond van God se raadsbesluit. Aan die ander kant het dit geruk aan my innerlike, omdat ek 'n Afrikaner is en my volk en vaderland liefhet, terwyl ek dinge voor my oë sien gebeur wat openbaring benouend aktueel maak.

Ek is die Here opreg dankbaar vir die geleentheid wat ek kon hê om die werk af te handel. Dit was lank vir my 'n ideaal. Dit het egter altyd bo my vuurmaakplek gelyk. Daar mag lesers wees, wat nog tot die gevolgtrekking sal kom dat ek te veel gewaag het. Gelukkig kan ek sê dat ek dit met die Here gewaag het. Ek kan vanselfsprekend nie beweer dat ek die laaste woord gespreek het nie. Ek hoop maar van harte dat lesers in die bladsye genoeg sal ontvang om tot verdere ondersoek te prikkel en dat die boek sal bydra tot troos en bemoediging, maar ook tot opskerping en bekering.

Aan my vrou wat my altyd lojaal bygestaan het in my bediening en ook met hierdie werk: baie dankie.

Ook die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk, Pretoria, het 'n besondere aandeel daarin dat ek die werk kon voltooi. Baie dankie!

"Laat die lieflikheid van die HERE, onse God, oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit." (Ps. 90).

**M. J. Booyens**

# Inleiding

Vir 'n boek soos Openbaring moet 'n mens eintlik 'n lang inleiding skryf. Ek het egter deurgaans in die behandeling van die stof, aangetoon hoe ek 'n bepaalde gedeelte of uitspraak benader. Ek wou graag onbevange saam met die leser die probleme aandurf. Ek voel egter dat ek tog maar 'n paar opmerkings moet maak, om moontlike misverstand te voorkom.

Ons tref in *die* boek baie simboliek aan, bewegende indrukwekkende beelde, getalle, verskyninge van engele, die Lam ens. Die dinge laat ons die raadsbesluite van God sien, wat in die geskiedenis van die wêreld afgespeel word. Ons sien egter nie 'n geleidelik voortgaande voorstelling van die ontwikkeling van die geskiedenis in tydsorde nie. Nee, ons sien hoofmomente, onderskeie verhoudinge en groot gebeurtenisse. En dan word dit keer op keer weer in sy geheel aan ons getoon, maar telkens uit 'n ander oogpunt. [1]

Aan die een kant het ons 'n bepaalde herhaling van die geskiedenis. Aan die ander kant is daar egter wél 'n voortgang in omvang, diepte en intensiteit. Daarom sal niemand, wat al die visioene in kronologiese volgorde sien afspeel, ooit daarmee uitkom nie. Gelukkig is dit, kragtens die aard van die boek, ook nie nodig nie.

En dan moet 'n mens versigtig wees om vooruit te wil uitmaak hoe bepaalde profesieë in die verre toekoms vervul sal word. Ons moet egter die Boek bestudeer om die tekens van die tye te kan onderskei. Ons moet wél kan sien en aanwys wanneer bepaalde profesieë in vervulling gaan – in die tyd waarin ons leef.

By die behandeling van hoofstuk 20 het ek ook by bepaalde ander uitsprake in die Skrif in besonder stilgestaan – ter wille van die Chiliasme. Ook by hoofstuk 22:7 het ek redelik breedvoerig oor die wederkoms van Christus gehandel, in die lig van ander Bybelgedeeltes. Die twee sake is myns insiens besonder aktueel.

### Die Chiliasme

—Kyk by 9 September bladsy 323.

Die gedagte van 'n toekomstige aardse vrederyk is afgelei van die profesieë uit die Ou Testament en veral deur Joodse Rabbyne ontwikkel. Hulle verwag dat die koms van die Messias sal saamval met die herstel van Israel as volk en die politieke heerskappy van Israel oor die volke. Na 'n tyd van groot voorspoed, volg dan die eindoordeel.

Hierby sluit soortgelyke verwagtings by sommige kringe uit die Christelike Kerke aan. Min of meer in alle kerke is daar lidmate met die opvatting, maar dit kom hoofsaaklik voor onder groepe soos: Die Apostoliese groepe, die Getuies van Jehowa, die Mormone en allerlei Adventiste. Elke rigting het wél sy eie opvatting oor wat die "duisend-jarige vrederyk" inhou, maar in beginsel gaan hulle min of meer uit van dieselfde hoofgedagtes:

1. Die Herstel van Israel;
2. 'n Tweërlei wederkoms van Christus;
3. "'n Duisendjarige vrederyk" op aarde waar Christus met die gelowiges sal regeer. Die ryk begin met 'n eerste wederkoms van Christus en eindig met 'n tweede koms.
4. Die binding van Satan waarvan ons in Openbaring 20 lees, val dan saam met die eerste wederkoms van Christus.

---

[1] Sien bv. bl. 262; 291; 332. [Die bladsynommers in die teks verwys na die oorspronklike bladsynommers. Die hiperskakel sal u na die korrekte plek in die teks neem.]

5. Satan word weer ontbind om die nasies te verlei, waarop Christus dan weer kom, die Satan oorwin en die lewendes en die dooies oordeel.
6. Daar is ook 'n eerste en tweede opstanding van die dooies. Aan die begin van die vrederyk word die gelowiges opgewek en regeer saam met Christus vir die duisend jaar. By Christus se tweede wederkoms staan ook die ander dooies op en word geoordeel. Dit is min of meer die hoofgedagtes.

Ons sal probeer om al die opvatting kortliks van naderby te ondersoek in die bepaalde oordenkings.

# 1 Januarie: Openbaring

Rom. 1:16-23

*"Die openbaring van Jesus Christus…*" (Openb. 1:1)

Ons kan die begrip *openbaring* vanuit twee kante bekyk. Dit is die daad van *openbaarmaking.* In Rom. 2:5 praat Paulus van "die dag van die toorn en die *openbaring* van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke." Die Here bring iets aan die lig wat verborge is vir elke mens. In Matt. 10 sê die Here Jesus: ".. . daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie." *Openbaring* beteken dat God as 't ware 'n deksel oplig sodat ons kan sien wat daaronder verberg is.

Hieruit volg dat die Here nie alleen werksaam is om te ontdek nie, maar Hy *openbaar ook iets.* Die dinge wat God gaan openbaar was alreeds in sy ewige raad aanwesig. Dit bestaan alreeds, maar kan alleen deur mense waargeneem word wanneer God dit onthul of blootlê.

Maar dan moet ons nog 'n stappie verder gaan. God openbaar iets, maar dit kan alle mense nie waarneem nie. Ons weet dat die son skyn en sy lig laat val oor alles op aarde en tog leef 'n blinde mens in die donker. Hy sien niks van alles wat die lig van die son openbaar nie. In Rom. 1 handel Paulus o.a. oor wat ons die *algemene openbaring* noem. Hy sê dan dat God Hom vanaf die hemel aan alle mense openbaar, "omdat wat van God geken kan word *in hulle openbaar is,* want God het dit aan hulle *geopenbaar.'"* Die mense sien dit egter nie en leef voort in die duisternis van afgodery en ontug.

Dit geld ook van God se openbaring in die Bybel – wat ons die *besondere openbaring* noem. "As jou oog dan reg is, is jou hele liggaam verlig ..." (Luk. 11:34). Jou oog moet reg wees, anders sien jy ook in die Bybel nie die openbaring van God nie. Ook dit is die werk van die Here. Deur sy Heilige Gees verlig Hy ons innerlike, sodat ons in die Bybel sy openbaring sien. Dit kan ons ook die geloof noem. Ons glo dat die hele Bybel die openbaring van God is, omdat Hy ons innerlik verlig.

Dit geld van die Bybel in die algemeen en ook in besonder van die boek Openbaring, waaroor voortgaande gehandel word. In die boek word wonderlike dinge geopenbaar. Die Here onthul wat in sy raad vaslê. Hy openbaar die betekenis van dinge wat alreeds plaasgevind het en lê ook gebeure bloot wat nog in die toekoms moet plaasvind. En 'n mens kan die boek nie anders as in die geloof benader nie. Vir die ongelowige is dit nie 'n *openbaring* nie, maar 'n boek van duisternis en verwarring – soos trouens die hele Bybel vir 'n buitestaander is.

My uitgangspunt is derhalwe: Ek glo in God. Ek glo dat Hy wonderlike dinge openbaar. Ek glo ook dat Hy dit aan my en elkeen wat in Hom glo openbaar. En vanselfsprekend bly dit dan nie verborge nie, al bly daar baie dinge oor wat ons nog nie begryp nie. Één ding is wel seker – ek hoor hoe die Here met my praat in die boek. Ek hoor sy evangelie ook vir my.

# 2 Januarie: Openbaring van Jesus

Hebr. 1:1-5

*"Die openbaring van Jesus Christus ..* ." (Openb. 1:1)

Só begin die evangelie in die boek Openbaring: "Die Openbaring van Jesus Christus . . ." Heerlike evangelie . .. Die evangelie gebind aan die naam van Jesus Christus kan nooit anders as troosryk en bemoedigend wees nie. Jesus Christus bring die evangelie en Hy is ook die inhoud daarvan. Hy verkondig dit en Hy sê ook: *"Ek is . . . Ek is* die brood van die lewe . . . *Ek is* die weg en die waarheid en die lewe . . ." Dit sê Hy ook in hierdie boek: *"Ek is* die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige . .." (Openb. 1:8).

Daar gaan wonderlike dinge onthul word – dinge wat tevore onsigbaar was. Johannes die skrywer word ook toeberei om die bedekte of geopenbaarde dinge waar te neem. En hy gaan dit aan ons vertel. Hy ontvang hierdie blootlegging van verborge dinge uit die hand van Jesus Christus. En dit vertel ook van Jesus Christus. Hy is die *Openbaar der* en terselfdertyd ook die *Geopenbaarde* van die boek Openbaring. Dit is Hy trouens ook van die hele Bybel – daarom noem Johannes Hom in sy Evangelie: die *Woord.*

Jesus Christus staan teenoor die Openbaring anders as die engel wat dit aan Johannes laat sien en ook anders as Johannes self. Hy gee *Self-openbaring.* En Hy word genoem by sy volle ryke naam: *Jesus Christus.*

*Jesus* is sy eie Naam. Voor sy geboorte ontvang beide Maria, sy moeder en Josef haar man die opdrag: "Jy moet Hom Jesus noem . . ." Vir Josef word selfs bygevoeg: ". . . want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Daar het u dit! Hy is ons Saligmaker wat ons verlos van ons sondes. Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore is – ook vir jou en vir my. Só kan ons ook hierdie boek benader al is ons sondaars. Ons verwag Hom soos Hy geteken word. Hy kom om te oordeel die lewende en die dode. Ons sal wel gou sien dat die groot dag op pad is – dit nader vinnig. "Kyk Ek kom gou . . ." sê Hy. En tog kan ons met verwagting daarna uitsien, al is ons sondig en ellendig en behoeftig, want die Regter wat kom, is ook ons Verlosser, omdat ons in Hom glo. "Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, *sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê .* .."

Só kan ons met vrymoedigheid hierdie boek ondersoek en soos die Kategismus jubel: "Ek kan met 'n opgehewe hoof my enigste Saligmaker, wat my tevore só uitnemend liefgehad het, dat Hy Homself vir my oorgegee het, uit die hemel verwag om al sy en my vyande in die ewige verdoemenis te werp, maar my met alle gesaligdes met Hom in die ewige heerlikheid op te neem." Sy vyande is almal wat ongelowig sy groot soenoffer verwerp en sy kosbare bloed vertrap. My vyande is almal wat my en die volgelinge van Jesus Christus om sy Naam ontwil vervolg en martel. Bid vir hulle, die ongelowiges en vervolgers, want die tyd van genade is nog nie verby nie.

# 3 Januarie: Die Openbaring van Christus

Joh. 1:1-5; 11-14

*"Die openbaring van Jesus Christus . . .*" (Openb. 1:1)

Die Eienaam van onse Here is Jesus, wat beteken Saligmaker of Verlosser. Maar Hy het ook 'n ampsnaam. Hy word ook *Christus* genoem. Dit is sy ampsnaam in Grieks. In Hebreeus is Hy bekend as die *Messias.* Die Naam *Christus* of *Messias* beteken *Gesalfde.* Dit was vir die Ou Testamentiese gelowige van groot gewig wanneer iemand 'n "gesalfde van die Here" is. Só het Dawid bv. geweier om koning Saul, wat hom agtervolg en soek om hom dood te maak, om die lewe te bring toe hy selfs aan sy voete lê en slaap, omdat hy nie sy hand mag slaan aan "die gesalfde van die Here" nie.

Die Jode het die Messias verwag veral as hulle Koning uit die geslag van Dawid, wat sy volk van hulle vyande sou verlos en Israel maak tot die eerste onder die nasies. Toe Jesus egter begin preek en tekens doen en Homself verkondig as die Christus, was Hy vir hulle nie die verwagte Messias nie, veral omdat Hy nie aan hulle aardse verwagtinge voldoen het nie. Sy dissipels bely egter by monde van Simon Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Daarop sê Jesus aan hom: "Salig is jy…" Elkeen wat Hom ken en bely as die Christus, is *salig.*

Christus het egter nie alleen as die *Koning* van die Jode gekom nie. Ook daarom het die Jode in Hom nie die Christus herken nie. Hy het ook gekom as *Profeet.* Hy het gekom om te preek en in sy prediking het Hy *Homself* verkondig. Hy is ons ware Profeet wat aan ons die weg van verlossing volkome bekend maak. Ons kan ook sê dat Hy dit aan ons *openbaar* en dan kan ons gerus byvoeg dat Hy in hierdie boek Openbaring ook die weg van verlossing vir ons preek.

Maar daarmee is sy ampsnaam nog nie uitgeput nie. Hy is ook gesalf deur die Heilige Gees om ons enigste ware *Hoëpriester* te wees. En daarin was sy roeping om te *offer.* Hy het egter nie, soos die priesters uit die Ou Testament, kalwers en skape en bokke geoffer nie. Hy het *Homself geoffer* toe Hy as Lam van God vir ons sondeskuld geslag is. Gelukkig is ons Hoëpriester ook nog elke dag besig om vir ons te bid…

Dit is die inhoud van die evangelie van Christus, wat die openbaring in hierdie boek aan Johannes gegee het. En kyk ons terug na wat verby is, kan ons sê dat sy Koningsamp eintlik skuil gegaan het agter sy dienskneggestalte toe Hy op aarde was. Wie sou Hom ooit, bloot uit menslike oogpunt, as 'n Koning beskou het as jy Hom destyds op aarde sou ontmoet? En veral as 'n mens dink aan sy smadelike dood aan die kruis, kan jy begryp waarom die kruis vir die Jood 'n struikelblok en vir die Griek 'n dwaasheid is.

En nog bestaan daar 'n groot misverstand by baie mense in die wêreld. Hulle onthou Hom alleen maar as die "liewe" Jesus, wat Hom nie kan vertoorn nie. Sou hierdie mense dan nie ook, soos die eertydse Jode, Hom nie herken wanneer Hy kom op die wolke van die hemel nie? En sou sy dag – die dag van oordeel – hulle dan nie oorval soos 'n dief in die nag nie?

# 4 Januarie: Die Openbaring deur God gegee

Filip. 2:1-11

"... *wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon . . .*" (Openb. 1:1)

Dit is 'n wonderbare geheimenis dat *God die openbaring gee aan Jesus Christus.* U kan ons probleem begryp. Christus word ook in die Skrif die *Seun* genoem. Hy verklaar in Joh. 10: "Ek en die Vader is *een."* Die reaksie van die Jode was spontaan. Hulle tel klippe op om Hom te stenig vir hierdie *"godslastering,"* dat Hy wat 'n *mens* is Homself *God* maak. Dit is duidelik dat Jesus, die Seun van Maria, aanspraak maak dat Hy self deel het aan die wese van God. Hy is "God uit God en Lig uit Lig .. .", soos ons bely in die belydenis van Nicea. Selfs in hierdie hoofstuk, waarmee ons nou besig is, noem Hy Homself: "die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." Dit is duidelik, Hy is eenswesens met die Vader.

Maar hoe kan God dan die openbaring aan Hom gee, indien Hy self God is? Dan het Hy dit mos klaar. Dink hierby aan sy uitspraak oor die dag van sy wederkoms in Mark. 13:32: "Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader." Hier praat Hy van iets wat die Seun nie geweet het nie. Is die "Getuies van Jehowa" dan nie reg nie? Is Hy bloot 'n skepsel, al is Hy dan 'n besondere skepsel?

Dit is merkwaardig dat Jesus self en die Bybelskrywers hierdie dinge onbevange en eenvoudig meedeel, asof dit vir hulle geen probleem inhou nie. Dit kan hulle doen omdat dit die waarheid is. Hulle probeer ook nie om dit te verklaar nie. Dit is bloot 'n kwessie van geloof – ons glo dit, omdat dit die waarheid is!

Hierdie geheimenis dat Hy God is en tog ook van God openbaringe ontvang, moet ons sien i.v.m. sy amp as Middelaar. Om dit te kon wees, moes Hy Homself verneder. "Hy wat in die gestalte van God was . . . het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword .. ." (Filip. 2:6, 7). As *mens* is Hy ook onderworpe aan die beperkinge v.d. menslike natuur – maar sonder sonde.

In Openb. 5 sien Johannes hoe Hy uit die hand van God die boekrol ontvang en begin om die seëls te breek – dan gaan die gebeurtenisse daarin beskrywe in vervulling. Hy, "die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek." Eintlik sien ons daar in Openb. 5 hoe Hy die openbaring ontvang, waarvan in ons teks sprake is. En die doel? Om dit aan sy diensknegte mee te deel.

En weereens is dit evangelie – blye boodskap. As Middelaar het Hy mens geword en as mens het Hy verdien om te ontvang, omdat Hy geslag is en ons vir God met sy bloed gekoop het. En alles wat Hy verdien het, deel Hy met ons wat in Hom glo – daarom ook die openbaring wat Hy ontvang het. Die geheimenis dat Hy een persoon in twee nature is, is groot en wonderlik en onbegryplik, maar dit beteken vir ons die saligheid.

# 5 Januarie: Sy slawe

Ps. 100

"... *om aan sy diensknegte te toon . . .*" (Openb. 1:1)

Christus het ons vrygekoop en tog is ons sy diensknegte. Eintlik moet ons hier lees *slawe.* Dit is wat die woord *diensknegte* in die oorspronklike Grieks beteken. Dit is bv. Paulus se eer om homself 'n slaaf van Jesus Christus te noem.

Jesus het die Naam *Here* verdien. Langs die weg van dood en opstanding het Hy bewys dat Hy die Here van die here is. Hy het die dood oorwin, die duiwel verslaan en ons verlos van ons sonde. Hierdie drie doodsvyande van ons het Hy oorwin. En nou is ons sy eiendom wat Hy vir Homself met sy dierbare bloed gekoop het. Dit beteken dat ons sy *diensknegte* is. Ons kan nie maak wat ons wil nie, maar moet altyd vra: "Here wat wil U hê dat ek moet doen?"

Maar is ons dan werklik vry wanneer ons nie kan maak soos ons wil nie? Hou dit vir ons enige voordeel in dat ons losgekoop is van die duiwel en nou die eiendom van Jesus is? Het ons dan nie maar as slawe van eienaar verwissel nie? Hoe troosteloos, indien dit waar sou wees! Gelukkig het Jesus ons nie gekoop om ons weer diensbaar te maak nie. Hy het ons waarlik vrygekoop en ons leef in die vryheid wanneer ons aan Hom gehoorsaam is en sy wil doen.

Hoe kan dit wees? U het ook al gesien hoe vry 'n vis in die water is. Let maar op na sy sierlike bewegings in die water, *waaraan hy gebonde* is. Haal jy hom uit die water, begin hy na sy asem snak. Hy spartel hulpeloos en nou-nou lê hy stil – morsdood. So is dit ook met ons in ons aardse lewe. Jy kan nie lewe sonder lug nie. Jy is *gebonde aan die atmosfeer,* omdat die suurstof daarin nodig is vir jou longe. Daarom moet 'n ruimtevaarder suurstof met hom saamneem – anders sterf hy buite die atmosfeer.

Hierin sien ons die wonderbare wysheid van God toe Hy die natuur geskape het. Daar is bepaalde lewenswette waaraan elke skepsel gebonde is. Solank hy leef soos hy gemaak is en, binne die beperkinge waarin hy gemaak is, is hy vry. Daarbuite is hy dood.

Só het die Here die mens ook in geestelike opsig gemaak. Hy is geskape na die beeld van God. Dit beteken o.a. dat hy vry is, solank hy leef volgens die wil van God. Sodra hy ongehoorsaam aan God is, oorskry hy die perke van sy vryheid en hy sterf. Só het die dood in die wêreld gekom. Toe Adam aan God ongehoorsaam was, het hy nie alleen liggaamlik sterflik geword nie, maar hy het ook geestelik gesterwe – hy is dood in sonde en misdade. Ons grootste nood is dat ons meen dat ons lewe – soms is mense selfs só mislei deur die Satan dat hulle meen dat hulle waarlik vry is wanneer hulle doen wat hulle wil. In werklikheid is hulle slawe op die pad van die dood – gebonde aan en slawe van hulleself...

Die dienskneg van Jesus Christus is waarlik vry omdat hy nou in beginsel lewe soos God dit bedoel het, toe Hy die mens gemaak het. Die beeld van God is in beginsel herstel en ons kan Hom weer met vreugde dien. Dit is ons lewe en ons vryheid – dat ons vrygemaak is van die duiwel en onsself en nou diensknegte van Jesus Christus is.

# 6 Januarie: Wat gou moet gebeur

2 Petr. 3:1-10

". . . *om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur ...*" (Openb. 1:1)

Jesus Christus ontvang die openbaring van God. Hy toon dit aan sy diensknegte of slawe en, *dit is dinge wat gou moet gebeur.* Ons kan nou alreeds sê dat die dinge wat Hy gaan toon in besonder staan i.v.m. sy toekoms en die toekoms van sy koninkryk. Dit sien ook bepaald op sy wederkoms op die wolke van die hemel. ". . . want die tyd is naby." (1:3.)

En nou sit ons met die vraag: Twee duisend jaar het al verloop en Hy het nog nie gekom nie. In die tyd van Paulus het die gemeente van Thessalonika Hom dadelik verwag. Ook Petrus verwys daarna dat mense spottend vra: "Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." (2 Thess. 2 en 2 Petr. 3.) Hoe moet ons dit begryp dat hier nadruklik staan dat die dinge *gou moet gebeur?*

Enersyds moet ons onthou dat die tydsverloop op aarde maar kort is in vergelyking met die "duur" van die ewigheid. Daarom antwoord die apostel Petrus teenoor die spotters: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." (2 Petr. 3.)

Ons sal gou uitvind dat die dinge besig is om in vervulling te gaan. En ons moet elke dag gereed wees en die Here verwag – want Hy kom soos 'n dief in die nag. Die allerbelangrikste is egter om te weet dat ons leef in die tyd van genade. Die Here stel as 't ware die oordeel uit, omdat Hy aan mense die geleentheid wil gee om tot bekering te kom.

Vir ons gebeur die dinge altyd gou. Ons lewe is soos 'n handbreedte – gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen. Ons het almal die ervaring dat die tyd haastiger word, hou ouer 'n mens word. Só is dit ook met die wêreld – hoe nader aan die einde hoe vinniger volg gebeurtenisse op mekaar. Die tyd beweeg nie meer per ossewa nie, maar per ruimtetuig – ons vlieg na die einde.

Daarom, maak gebruik van jou tyd en geleenthede. Die Here is besig om te kom! Wie wil luister, hoor sy voetstappe. Wie wil kyk, sien die tekens van die tye. Sê dit vir jou buurman en jou vriend, wat leef asof God nie bestaan nie! Daar is nog genade...! Bekeer jou tot die Here! Werk solank dit dag is, die nag kom wanneer niemand kan werk nie!

Waak egter daarteen om hierdie boek te verstaan en te verklaar asof dit 'n hemelkalender is. Onthou dit is suiwer en alleen profesie – en dan is dit niks anders as die volle en ryke evangelie van Jesus Christus nie.

# 7 Januarie: 'n Engel en Johannes

2 Tim. 3:14-4:5

"… *en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het . . .*" (Openb. 1:1)

Die Here maak dikwels in sy openbaring van engele gebruik. 'n Engel is, volgens sy benaming, in werklikheid *'n boodskapper van God.* Van alle engele wat as boodskappers gedien het, is die bekendste die engel Gabriël wat aan Sagaria verskyn om die boodskap van die geboorte van Johannes die Doper aan te kondig. Daarna bring hierdie selfde engel, "wat voor die aangesig van God staan", ook die blye tyding aan Maria dat sy 'n seuntjie sal hê en Hom Jesus moet noem.

Ook hier maak die Here van 'n engel gebruik as boodskapper om sy openbaring aan Johannes te gee. Hy *toon* aan Johannes wat gou moet gebeur. In die woordjie *toon* lê vir ons 'n belangrike sleutel om die boek Openbaring te verklaar. Johannes gaan dinge sien – wonderlike dinge. En die dinge is sinnebeelde of tekens wat die ware gebeurtenisse wil afbeeld. Of Johannes alles begryp het wat hy sien, weet ons nie. Hy moes egter opskryf wat hy sien en dit aan die kerk van Jesus Christus deurgee. "Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur..." (1:19.)

En Johannes is bloot 'n dienskneg van die Here. Hy sê nie dat hy die apostel is nie. Dit gaan nie hier vir hom om sy amp en ampswerk nie. Hier staan hy op een lyn met alle gelowiges – sy amp as apostel kan hom hier nie help nie. Hy is hier 'n instrument van die Here in die besondere werksaamheid as profeet, maar is en bly 'n gewone gelowige soos elkeen van ons wat in die Here glo. Wat hy sien en hoor gee hy deur soos elke getroue dienskneg behoort te doen.

En nou deel ons almal in die voorreg van Johannes. Wat hy aan ons deurgee, is vir ons nie minder werklik as wat dit vir hom was nie. En ook ons staan steeds voor die eis dat ook ons *boodskappers* van die Here moet wees. Ons moet vertel wat ons gehoor en gesien het, soos Johannes.

Dit geld in die eerste plek van mense wat in die besondere amp as *profete* staan. 'n *Profeet* is 'n prater van God, hy vertel van God. Dit is die taak van elke bedienaar van die Woord van God. Verkondig die Woord, hou aan, tydig en ontydig! Want die Woord van God is kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard en dring deur tot die skeiding van gewrigte en murg. Verkondig ook hierdie Woord – vervat in die ewige evangelie van die boek Openbaring!

Maar ook elke kind van die Here, of dienskneg van die Here, hoe gering ook al, het die taak om te praat van God. En hoe nader die einde kom, hoe dringender word die drang om te vertel – om jou profetiese amp uit te leef. Vertel van die dinge wat die engel aan Johannes getoon en te kenne gegee het. Vertel dat Jesus Christus lewe en besig is om te kom!

# 8 Januarie: Getuies van Jesus Christus

Hand. 1:1-8

"... *wat getuig het van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus – alles wat hy gesien het."* (Openb. 1:2)

In ons daaglikse lewe is dit só. Iemand word opgeroep om getuienis af te lê bv. in 'n hofsaak en dan getuig hy van wat hy gehoor en gesien het. En dit is wat nou ook hier van Johannes staan. In hierdie boek Openbaring lê hy getuienis af van wat hy gehoor en gesien het.

Johannes het persoonlik herhaaldelik die opdrag ontvang om getuienis te lewer van wat hy gehoor en gesien het. In 1:19 lees ons: "Skryf die dinge op wat jy gesien het." En in die laaste hoofstuk verklaar hy: "En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het." Maar hy was ook in ander opsigte 'n getroue getuie. Só skryf hy in sy eerste algemene brief: ". . . en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle . .. wat ons gesien en gehoor het."

Nie alleen aan Johannes nie, maar aan al die apostels het die Here by sy hemelvaart gesê: ". . . en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." En hierdie opdrag kan ons baie duidelik deurtrek tot by ons, die Christene van vandag. Die apostels is lankal dood en kon nooit persoonlik die uiterste van die aarde bereik nie. Ons kan wél – daarom is ook ons getuies van Jesus Christus in die wêreld.

En wat is die inhoud van die getuienis van Johannes en ook van ons? In die eerste plek is dit "die Woord van God". Dit staan nadruklik voorop. Hierdie openbaring is nie sy eie inbeelding nie, maar dit is deur God gespreek as die Here se gedagtes en woorde. Daarom is Johannes se getuienis vol van God self.

As instrument in die hand van die Heilige Gees het Johannes aan ons die onfeilbare Woord van God deurgegee. Ons moet ook getuies wees, maar ons is gebind aan die Heilige Skrif, die onfeilbare Woord van God. Die Godsopenbaring is in die besondere sin afgesluit. Ons kan alleen dit deurgee wat ons ontvang het in die Woord van God.

Waar Johannes nou hier byvoeg: "... en die getuienis van Jesus Christus", beteken dit nie dat die Here Jesus iets meer of anders as die Woord van God gegee het nie. Hy wil maar net bevestig dat Jesus Christus getuienis afgelê het van die Woord en dat dit deur sy getuienis bekendgemaak is.

Johannes het oorvertel wat hy gesien en gehoor het. Dit moet ons ook doen – jy en ek en ons almal saam. Vertel van God en Christus! Vertel van sy liefde en genade. Vertel aan die wêreld dat daar verlossing is in Jesus Christus, die Gekruisigde ... En dat Hy kom!

## 9 Januarie: Salig is Leser en Hoorder

Matt. 13:1-9

*"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar ...*" (Openb. 1:3)

Die woordjie "salig" is vir ons ryk aan inhoud. Dit beteken *gelukkig* en tog is dit só anders as die geluk wat die wêreld bied. Dit bestaan nie in voorspoed of gesondheid of plesier of weelde nie. Ons hoef nie gesond of voorspoedig te wees, om die vreugde van die saligheid te besit nie. Nee, *ons is salig omdat die Here ons seën.* In Christus het Hy ons lief en is Hy ons genadig en Hy skenk ons die ewige lewe – die nuwe en ware lewe uit die Heilige Gees. Hierdie saligheid hou nie op wanneer ons sterwe nie, maar dit word voortgesit, ryk en vol, in die ewige heerlikheid . . .

"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees . . .", sê Johannes. Hier moet ons dit verstaan i.v.m. die gebruike in daardie tyd. Daar was nog geen drukkuns nie en Bybels was skaars. Daarom was daar *voorlesers.* Dit is hulle wat Johannes hier in die oog het – die mense wat by eredienste of ander samekomste van Christene, die boek ter hand neem en hardop voorlees, sodat andere dit kan hoor. Nou dat ons Bybels in oorvloed het en ons almal self kan lees, kan ons nie meer begryp hoe belangrik die voorleser vir vorige geslagte was nie.

". .. en salig is die wat dit hoor en bewaar", gaan Johannes voort. Hier kom te pas die gelykenis van die saaier. Die voorleser lees die Woord – die saad word uitgestrooi. Sommige hoor, maar dit word dadelik uit hulle harte verdring – die Satan roof dit. Andere hoor en is bly, maar gou-gou verdamp die blydskap. Die sorge van die lewe of die begeerlikheid van die rykdomme of verdrukking en nood as gevolg van die Woord – al die dinge is te veel. Hulle luister, maar bewaar dit net vir 'n rukkie – en die saligheid gly deur hulle vingers.

Salig is die wat *lees* en wat *luister* en wat *bewaar.* Bewaar dit, dit is die kosbaarste wat jy kan besit. Lees en herlees. Luister elke dag en vergeet Sondag nie. En *bewaar* in jou hart – ja, maar ook in jou lewe na buite. In jou hart kan jou medemens nie sien nie, maar jou lewe lees hy soos 'n boek. Jou lewe openbaar wat in jou hart omgaan. En al sou 'n mens jou naaste familielid kan bedrieg, God kan jy nie bedrieg nie. "Ek ken jou nie!" is sy uitspraak.

"Bewaar!" sê Johannes, "want die tyd is naby." Watter tyd? Die tyd van die koms van Jesus op die wolke. Ons weet dat Paulus die gemeente van Thessalonika gewaarsku het om nie hulle verstand te verloor nie. Hy het gesê dat die *afval* eers moet kom en die *mens van die sonde* geopenbaar word. Hy is die mens wat Johannes in sy eerste brief die "antichris" noem. En ek dink dat hierdie woordjie *bewaar* juis só ernstig is, omdat ons die afval aanskou. Ja, ons sien selfs hoe die setel van die "mens van die sonde" meer en meer gestalte kry. Mag die Here ons nou en tot met sy koms tog bewaar! Ons self is só swak en ons vyande is magtig. Daarom, skuil onder die vleuels van die Almagtige!

# 10 Januarie: "Genade vir julle en vrede"

2 Joh.

*Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede.. .*" (Openb. 1:4)

Die boek Openbaring is "n brief of is ingesluit by 'n brief. Die brief van Johannes is gerig aan die sewe gemeentes in die Romeinse provinsie Asië. Ons sal later sien dat Johannes opdrag kry om te skryf aan die gemeentes afsonderlik. Dan dikteer Jesus Christus self wat hy moet skryf. Daarom is hierdie brief in wese 'n brief van Jesus Christus self. Dit is 'n brief uit die hemel.

In die tyd was dit die gewoonte om 'n brief met 'n seëngroet te begin. Die Jood se seëngroet is "Shalôm" wat "Vrede" beteken. Die Grieke se groet was "Garein" wat beteken: "Wees bly!" By die Christene het die gewoonte ontstaan om die Joodse en Griekse groet saam te voeg, maar dan kry die Griekse groet 'n betekenis in christelike sin: "Genade." Vandaar die groet van Johannes: "Genade vir julle en vrede."

Tot die sewe gemeentes gerig beteken hierdie groet meer as 'n seënwens. Ons moet dit sien teen die agtergrond van wat die Bybel is en in Wie se Naam die apostel dit uitspreek. Die inhoud van die groet is werklikheid. Genade en vrede word waarlik uit die hemel gegee aan die wat dit gelowig ontvang. Dit sê die Here alreeds aan die sewentig dissipels wat Hy uitstuur na die verlore skape van Israel: "En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: Vrede vir hierdie huis! En as daar 'n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer." (Luk. 10:5, 6).

"Genade" is die omvattende term om die guns van God tot die mens aan te dui – liefde, barmhartigheid en sy wil om te verlos. "Vrede" is die geseënde toestand van die lewe voor die vriendelike aangesig van God Ons het vrede *met God* ter wille van die versoening in Jesus Christus. Ons besit ook die vrede *van* God, omdat ons nou leef as sy geliefde kinders.

Die genade en vrede kan deur niks en niemand van ons weggeneem word nie. Wat God aan ons skenk is onvervreembaar ons eiendom. Selfs oorlog en oorlogsgeweld en vervolging – wanneer ons uitwendig geen vrede het nie – kan hierdie genade en vrede nie van ons roof nie.

Luister wat beteken dit vir elkeen wat glo: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons *vrede* by God deur ons Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie *genade* waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. En nie alleen dit nie, maar ons *roem* ook in die *verdrukkinge,* omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop . . ." (Rom. 5). Dit kan 'n Christen doen omdat hy die genade en die vrede van God in Christus besit. Hy kan die Here prys wanneer hy verdruk of vervolg word.

Tel jou seeninge! Hou op om te kla en prys die Here omdat Hy met jou ten goede werksaam is.

Genade vir julle en vrede . . .

# 11 Januarie: ". . . van Hom wat is en wat was en wat kom"

Ex. 3:1-15

"... *genade vir julle en vrede, van Hom wat is en wat was en wat kom."* (Openb. 1:4)

Johannes se seëngroet is: "Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus . . ."

Hier het ons die bron of oorsprong van die seën wat ons toekom. Dit kom in die eerste plek van "Hom wat is en wat was en wat kom." Die skrywer dink hier aan Ex. 3, waar God vir Moses roep om sy volk Israel uit Egipteland uit te lei. Toe Moses vra na die Naam van God, is sy antwoord: "EK IS WAT EK IS." Die Naam gebruik die Here later ook in Openbaring. Met hierdie Naam dui God in die eerste plek aan Wie Hy in Homself is, maar ook Wie vir sy volk is. Hy ken geen aanvang of verandering of ontwikkeling nie. *Hy is van ewigheid tot ewigheid dieselfde.* In sy wese en deugde bly Hy wat Hy is. Hy is nou wat Hy in die verlede was en Hy bly dieselfde in die toekoms.

Só is God in Homself, maar só bly Hy ook in sy verhouding tot die wêreld. In Ex. 3 wil Hy in besonder tuisbring dat Hy dieselfde is wat Hy was teenoor Abraham, Isak en Jakob. Hy is nog steeds die God van die *verbond wat onveranderlik is in sy trou en genade oor sy volk.* Die slawevolk in Egipte is sy volk. Hy het hulle gesien in hul ellende en Hy ken hulle smarte, daarom kom Hy tot hulle redding. Hy gaan hulle met 'n kragtige hand uit die slawehuis uitlei.

Vir ons beteken dit dat Hy wat ons deur sy eniggebore Seun verlos het aan die kruis, dieselfde God is wat elke dag met ons is. Hy beskik oor en bestuur die wêreld en ons eie lewe – dag na dag – en Hy is die komende. Sy dag nader wanneer Hy in die verheerlikte Jesus Christus kom op die wolke om te oordeel die lewende en die dode. Hy bly getrou aan Homself. Hy kan Homself nie verloën nie, maar voer sy beloftes uit.

Vir die ongelowige bly die Here ook dieselfde in sy toorn. Sonde wat nie bely en vergewe is nie, onthou Hy. Mense wat nie skuil onder die bloed van die Lam nie, dra self die toorn van God. Ja, Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en straf dit met 'n tydelik en ewige oordeel, sê ons Kategismus.

Vir die gelowiges wag daar die ewige heerlikheid op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. "Kyk, die tabernakel (woning) van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." (Openb. 21).

Hy is en was en kom. En Hy is onse God op wie ons vertrou. Jy kan op Hom reken – nou en tot in alle ewigheid.

## 12 Januarie: "... en van die sewe geeste wat voor Sy troon is"

Joh. 14:16-18; 25-31

"... *genade vir julle en vrede ... van die sewe Geeste wat voor sy troon is ...*" (Openb. 1:4)

Ons is nog besig om die seëngroet van Johannes te oordink: "Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus." Die Bron of oorsprong van die seën wat ons toevloei word elders genoem: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. (2 Kor. 13:13). Ook hier gaan dit om die drie persone in die Drie-eenheid.

Waarom is hier dan sprake van "die sewe Geeste wat voor sy troon is" en nie van die "Heilige Gees" nie?

Die skrywer sluit aan by die Ou Testament. Die Bybel is 'n eenheid en die Ou Testament werp verrassende lig op die Nuwe Testament. Hier dink Johannes aan die tabernakel of heiligdom van Israel in die woestyn. In die tabernakel was die "allerheiligste" waar die heerlikheid van God op die verbondsark gerus het. Daar woon die Here in die midde van sy volk. Dit is sy "troon" op aarde. In die volgende afdeling van die tabernakel, die "heilige" was o.a. die goue kandelaar met sewe arms, wat dag en nag moes brand. Hierdie sewe ligte simboliseer die lig wat skyn voor die troon van God. Sy volk self moes die lig uitstraal in die wêreld, maar dit kan hulle alleen deur die Heilige Gees doen. Daarom word die lig van die Heilige Gees afgebeeld in die brandende kandelaar.

Aansluitend by die goue kandelaar, praat Johannes van die "sewe Geeste voor sy troon." Die getal sewe druk ook die volheid van die Heilige Gees in sy bestaan en werking uit.

"Genade vir julle en vrede van die sewe Geeste wat voor sy troon is." Geheimnisvol werk die Heilige Gees. Hy pas die genade en vrede aan ons toe en bring dit aan ons tuis. Hy gee ons die geloof en die wedergeboorte. Hy maak ons gewillig om meer en meer vir die Here te lewe. Deur die inwoning van die Heilige Gees is ons wat ons is – voorwerpe van God se genade en vrede. Dit is ook Hy, die Heilige Gees, wat ons in die genade en vrede bewaar, sodat ons daarin volhard tot die einde toe.

Wie kan die weë van die Heilige Gees met 'n mens naspeur? "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie van waar Hy kom en waarheen Hy gaan nie. Só is elkeen wat uit die Gees gebore is." (Joh. 3:8). Jy sien wél die uitwerking van die wind. Jy hoor hom waai en sien die stof trek en die boomtakke buig en kraak, maar die wind self is onsigbaar. En jy weet ook nie waar hy begin en waar hy ophou nie.

Dit is goed om dit altyd te onthou. Ons sien en belewe die uitwerking van die Gees wat in ons woon – geloof en bekering, maar die Gees self kan jy met jou sintuie nie waarneem nie.

# 13 Januarie: "... en van Jesus Christus"

Rom. 8:31-39

*"Genade vir julle en vrede van Jesus Christus.'"* (Openb. 1:5)

Nog is Johannes se seëngroet vir ons nie uitgeput nie. Hoe sou ons dit ook ooit kan uitput in ons nadenke daaroor? "Genade vir julle en vrede . .. van Jesus Christus." Só word ons Middelaar in sy volheid ook die bron van die genade en vrede wat ons as gelowiges ontvang. Ons begryp dat ons wel kan onderskei tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Ons kan hulle egter nooit in hulle bestaan en werkinge skei nie. Die dinge gaan ons begrip te bowe, maar dit is ten diepste die grond van ons roem en aanbidding. Johannes noem nie alleen ons Middelaar, Jesus Christus, as die bron van die genade en vrede wat ons ontvang nie. Hy kan ook nie nalaat om te sê wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het nie: "Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde."

Jesus Christus is die getroue getuie. Soek u na 'n bewys van die waaragtigheid en trou en genade van God? Hier het u dit in Jesus Christus. "As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8:31, 32). Hy is in Persoon en woord die absolute, voortdurende en onbedrieglike waarborg van alles wat God aan ons wil tuisbring. Hy is die getroue getuie.

Hierdie Jesus Christus is ook die eersgeborene uit die dode. Hy was in die dood, maar Hy het nie in die dood gebly nie. Hy het eerste opgestaan en as eersgeborene het Hy ook mag oor die dood. Hy heers oor die dood en die doderyk. Hy het die mag van die dood gebreek sodat elkeen wat in Hom glo, lewe, al het hy gesterwe. Hy wek ook ons op uit die dood. Die dood is nie ons grootste vyand nie, maar die ongeloof. Verwerp ons Hom, dan bly ons in die dood. Glo ons in Hom, dan is ons alreeds oorgeplaas uit die dood in die lewe. "Wie in My glo, sal lewe al het hy gesterwe."

Jesus Christus, onse Here, is ook die owerste oor die konings van die aarde, sê Johannes. Só sien ons hulle – die konings en die magtiges, die heersers oor die nasies. Onder hulle was en is daar manne wat ware vaders vir hulle volk is. Andere was en is tiranne wat geen mens ontsien nie. Tot hede (1976) sê die verbanne Russiese skrywer, A. Solzjenitsin, is in Rusland 110 miljoen mense deur die owerheid gedood. Verskriklik! En Jesus Christus, sê Johannes, is hulle Owerste! Ja, selfs Nebukadnéser, wat die eie volk van God platgerol en ontwortel het, noem Hy "my kneg."

Baie begryp ons nie. Hier en daar skemer wel iets deur van die wyse waarop Christus regeer. Hy straf volke en nasies met ander volke en nasies. Hy tugtig sy eie dierbare volk – sy kerk, wat Hy sy oogappel noem. En langs die weg van oorloë en massamoord spoed die wêreld na sy einde – die triomf van Jesus Christus. En eén ding staan vas: niemand kan ons uit sy hand ruk nie. Niks kan ons van sy liefde skei nie.

Maar die Here laat ook mense en selfs die duiwel toe om hulle verwoestingswerk aan te rig tot hulle eie oordeel. Tiranne sondig ook vir hulleself nie goedkoop nie. Hulle gruweldade kom uiteindelik op hulle eie hoof neer. God slaap nie. Te laat vind hulle dit gewoonlik uit. Dan kan selfs die berge en rotse hulle nie bedek voor die toorn van God en die Lam nie.

# 14 Januarie: "Aan Hom ... die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid"

Joh. 6:48-59

*"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het tot konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid."* (Openb. 1:5, 6)

Johannes het pas die sewe gemeentes in Asië begroet in die Naam van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is en van Jesus Christus. En dan breek hy dit in 'n lofprysing. Hy word in sy innerlike deur dankbaarheid en liefde en verering aangegryp as hy aan Jesus Christus dink.

Hy, Johannes, het by die kruis gestaan. Hy was getuie van Jesus se lyding, veroordeling en kruisdood. Hy het sy smarte gesien en sy gekerm gehoor. Hy was ook ooggetuie van sy opstanding en hemelvaart. Hy weet dat Jesus Christus die getroue Getuie en die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde is. Daarom breek hy in sangstem uit: "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en krag tot in alle ewigheid! Amen."

Kom ons sing saam met Johannes van Jesus Christus se liefde vir ons. "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad . . . Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." (Joh. 15).

Só word sy liefdesoffer vir ons die verlossing van ons sondes. Ons was nie alleen vuil of besmet met die onreinheid van die sonde wat deur sy bloed afgewas is nie. Ons was ook vasgevang en met slawekettings gebind aan die heerskappy of mag van die sonde. Die bande het Hy verbreek. Meer nog; Hy het ons sondeskuld van ons weggeneem, sodat God se oordeel nie meer op ons rus nie, maar ons volkome verlos is van die ewige verdoemenis.

Ons wat slawe van die sonde en die duiwel was, het Hy priesters en konings vir Hom gemaak. Ons is nou in waarheid wat Hy van sy volk Israel gesê het: "En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees." (Ex. 19:6). 'n Priester se werk is om te offer. Jesus, die Lam van God, het eenmaal die offer gebring wat voldoende is vir al ons sondes. Daarom is daar geen priester meer wat 'n soenoffer of skuldoffer moet slag vir die vergifnis van ons sondes nie. Maar daar is 'n skare priesters wat hulleself gewilliglik op die altaar lê om dankie te sê vir die groot genade dat hulle verlos is.

En konings? Is u 'n koning? – en ek? Hoe weinig sien ons die gestalte van 'n koning in ons lewe? Gelukkig verklaar ons Kategismus ons koninklik amp só: ". . . dat ek met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer." Nou 'n koning omdat ek stry teen my vyande – eenmaal 'n volmaakte koning wanneer ek saam met Hom regeer. Prys Hom, saam met Johannes!

# 15 Januarie: "Kyk! Hy kom met die wolke!!"

Mark. 13:24-32

*"Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"* (Openb. 1:7)

Johannes het pas vantevore gesing. Hy was in sy siel ontroer oor die hoogheid, genadige verlossing en luisterryke majesteit van Christus. Dit het hom gebring tot dankende aanbidding en lofprysing. Christus die Verlosser en Oorwinnaar van die dood en Owerste van die konings van die wêreld is groot en heerlik. Dan loop sy gedagtes vanself vooruit na die toekoms van Christus. In hooggestemde verwagting roep hy uit: "Kyk, Hy kom met die wolke!" Nog groter heerlikheid en majesteit wag vir Hom.

"Kyk!" roep Johannes. Dit is asof Hy Hom sien. Onverwags en ondenkbaar vir die mensdom, kom Hy. Johannes sien sy heerlikheid en hy wil dit tuisbring by die leser. Maar die uitroep: "Kyk!" klink ook soos 'n basuinskal wat dringend roep en ernstig waarsku: "Gee ag! Word wakker! Hy kom!"

Dit gryp Johannes aan. En dan roep hy dit uit om só ook die siel van die hoorders te raak. Ook hulle harte moes vervul word van die heerlike afwagting van sy koms. Hy kom, in majesteit met die wolke. "Wie 'n oor het, laat hom hoor! Wie 'n oog het, kyk, daar kom Hy aan! Hy is in aantog!"

"Hy kom!" sê Johannes. Hy sê nie: "Hy sal kom nie." Die werk woord staan duidelik in die teenwoordige tyd. Sy uiteindelike verskyning is onverwags en tog is Hy reeds besig om te kom. Alles wat "gou moet gebeur" openbaar sy aantog. In snelle opvolging rol die geskiedenis verby. Steeds duideliker en dringender word die roepstem: "Hy kom!"

Hy kom met die wolke soos Daniël Hom gesien het. (Dan. 7:13) Hy maak ook sy belofte waar wat Hy self gegee het. (Mark. 14:62). Sy koms is die deurlopende goue draad in hierdie boek – die tema van Openbaring. Bestudeer ons die boek, lees en luister en bewaar ons dit in ons hart, dan hoor ons sy voetstappe en sien sy aantog. Ons is immers kinders van die lig en sy koms sal ons nie oorval soos 'n dief in die nag nie.

Maar daar is ook die verrassing vir die ongelowige mensdom. Hulle wat by sy kruis gestaan en spot het, sal Hom sien. Hulle wat Hom deursteek het met spykers en die spies in sy sy, sal ook getuies wees van die skouspel. Hulle wat Hom verwerp en smalend skreeu: "God is dood!" sal in ontsetting kyk! "Al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf!" Vreeslik is sy koms – dit brand soos 'n oond. Berge val op ons! Rotse bedek ons voor Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam!

Hy kom as Regter om sy vyande te oordeel en as Verlosser om die wat syne is te haal.

Hy kom – dan is die tyd van genade verby. Soek die Here terwyl Hy te vinde is! Roep Hom aan terwyl Hy naby is!

# 16 Januarie: "Ek is die Alfa en die Oméga"

Jes. 44:6-17

*"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige!"* (Openb. 1:8)

Die skrywer van die boek het pas aangekondig: "Kyk, Hy kom met die wolke." In 'n verrukking van gees en heilige ontroering roep hy dit uit. Hyself is aangegryp deur wat hy sien en hy wil sy lesers ook in die harte gryp...

Daarop word, asof uit die bloute, hierdie uitspraak ingevoeg: "Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." Hier kom die Here self sprekend op die toneel, terwyl Johannes nog besig is met sy gesprek. Na die uitspraak gaan Johannes doodgewoon verder om te vertel. Verklaarders het moeite hiermee. Sommige meen dat Jesus dit elders gesê het en Johannes dit toe hier ingevoeg het.

En tog het ons hier 'n treffende antwoord op Johannes se uitroep: "Kyk, Hy kom . . ." Dit is hoegenaamd nie vreemd dat Jesus hier die skrywer van sy openbaring as 't ware in die rede val nie. In sy uitroep noem Johannes Hom nie by die Naam nie. Dit doen Hy nou self – Hy sê Wie Hy is en openbaar sy wese.

'n Mens verbaas jou oor rigtinge, soos die Getuies van Jehowa wat die Godheid van Jesus ontken. Hier beskryf Jesus Homself as eenswesens met God, die Vader. Hierdie uitspraak is 'n duidelike aansluiting by Jes. 44:6: "Ek is die eerste en Ek is die laaste en buiten My is daar geen God nie." Dit sê die "HERE" van Homself en dit maak Jesus op Homself van toepassing.

Hy is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Die Alfa en die Oméga is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet. In Hom het ons die allesoorheersende en allesomvattende Persoon wat die geskiedenis oorheers en bepaal. Alles het hulle ontstaan aan Hom te danke – alles is in sy mag – almal moet Hom dien en gehoorsaam – en Hy voer alles na hulle ewige bestemming.

Dan voeg Hy daaraan toe: "wat is en wat was en wat kom, die Almagtige!" Waarlik, as Jesus Christus "nie God uit God en Lig uit Lig is nie", dan is Hy gewis 'n aartsbedrieër. Dan is Hy die grofste leuenaar denkbaar. Dan is Hy nou besig met godslastering. Laat die Getuies van Jehowa en almal wat in Hom 'n goeie liewe mens sien – en niks meer nie – dit eerlik erken! Dan weet ons waar hulle staan.

Ons buig egter ootmoedig voor Hom, die Almagtige. Ons voeg ons vreugderoep by die van Thomas: "My Here, en my God!" (Matt. 20:28). Ons voeg ons "Amen!" by die van Paulus: ". . . uit wie die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen!" (Rom. 9:5). En ons kniel voor Hom soos die vroue wat Hom teëgekom het na sy opstanding: "Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom." (Matt. 28:9). En ook soos sy dissipels: "En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid." (Matt. 28:17).

# 17 Januarie: "Ek Johannes"

1 Joh. 1

*"Ek Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking . . . was op die eiland Patmos . . .*" (Openb. 1:9)

"Ek Johannes." Dit sê Johannes hier om aan te dui dat hy self nou weer aan die woord is. Só pas het die Here gepraat; nou gaan Johannes voort met sy vertelling.

Maar hy sê dit nog om 'n ander rede met nadruk: "Ek Johannes." Hy is bekend by die gemeentes aan wie hy skryf. Hy is die bekende en geliefde apostel Johannes wat, volgens die oorlewering, sy laaste lewensjare in die gemeente Efese gewerk het. Met hierdie nadruk wil hy duidelik tuisbring dat hy met heldere bewustheid die Openbaring van Jesus Christus ontvang het. Hy stel met krag sy persoon op die voorgrond as 'n waarborg van die werklikheid en juistheid van wat hy skrywe.

Ons weet uit ervaring dat dit soms nie in die eerste plek gaan om wat gesê word nie, maar om wie dit sê. Johannes is 'n betroubare getuie van Jesus Christus. Hy praat die waarheid – hy lieg nie.

En dan sê Johannes voorts aan sy lesers dat hy hulle broeder en deelgenoot is in die verdrukking. Hy beroep hom nie nou op sy apostelskap nie, maar sien homself naas die nederigste en eenvoudigste gelowige. Elkeen het in meerdere of mindere mate te doene met verdrukkinge, ter wille van die geloof in Jesus Christus.

Dat Johannes ook nie sommer praat van verdrukkinge nie, blyk uit wat hy verder sê. "Ek ... was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." Ons kan uit die teksverband aflei dat Johannes nie in Patmos was om vakansie te hou nie. Hy was selfs nie daar om die evangelie te verkondig nie. Nee, hy is daarheen verban "ter wille van die Woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." Dit word ook bevestig deur die oorlewering van die ou Christelike kerk.

Ons hoor egter van hom geen woord van bitterheid of klagtes of ontevredenheid, omdat hy in sy vryheid ingeperk is en selfs moontlike ontberinge moes verduur nie. Agterna sou Johannes saam met die kerk van alle eeue die Here kon loof vir sy gedwonge verblyf op Patmos. Daar het hy die openbaring ontvang. Moontlik het die Here hom selfs daartoe ontvanklik gemaak deur allerlei beproewinge. Menslik gesien pluk ons vandag die ryke vrug van Johannes se ballingskap in die boek Openbaring.

Hoewel ons nie almal so iets soos Johannes sou kon vermag nie, sal ons wel almal ons tye van gedwonge ontberinge vrugbaarder kon maak, indien ons minder kla en liewer vra wat die Here van ons verwag. Wat 'n getuienis sou die Christene in die wêreld kon gee, indien almal blymoedig en geduldig siekte en nood en verdrukkinge sou dra. Ons kan ook sulke tye vrugbaar gebruik deur ons innerlike te verryk met die kennis van die Woord van die Here. Baie van ons gaan ten gronde vanweë 'n gebrek aan kennis. En dan keer die Here ons soms vas om ons weer die geleentheid te gee om die Bron van die ware kennis – die lewenskennis ons eie te maak. Vergeet tog maar al die boeke en tydskrifte, wat gewoonlik net ons innerlike vervlak en selfs besoedel, wat ons vir tydverdryf lees. 'n Gelowige is altyd in diens van die Here – ook wanneer hy siek is.

# 18 Januarie: Johannes op die dag van die Here

Hebr. 4:1-13

*"Ek was in die Gees op die dag van die Here . . ."* (Openb. 1:10)

Dit is Sondag – "die dag van die Here." Só het die ou Christene die eerste dag van die week genoem. Die dag is die dag waarop die Here uit die dode opgestaan het. Op die aand van die Sondag van Sy opstanding het Hy aan sy dissipels as groep byeen verskyn. Agt dae later verskyn Hy weer aan die groep. Dit is opmerklik dat Hy nie op die Joodse Sabbat aan hulle verskyn nie, maar op Sondagaand.

Die benaming "dag van die Here" kom in die Nuwe Testament alleen hier voor vir Sondag. Die Christene het egter reeds op die dag byeengekom vir die erediens en om nagmaal te vier, volgens Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:2. "Dag van die Here" beteken dat die dag aan die Here geheilig is. Dit staan in sy diens en word aan Hom toegewy.

Die apostel Johannes was op die Sondag op die eiland Patmos. Dit is 'n klein eilandjie aan die kus van Klein-Asië. As 'n verbanne Christen het die ou dienskneg van die Here sy dae op die eensame eilandjie verwyl. Hyself was egter nie eensaam of verlate nie. Hy sê: "Ek was in die Gees op die dag van Here." Sy uitwendige omstandighede het hom nie verhinder om inwendig te deel in die geestelike skatte uit die hand van sy meester nie. Hy het sy hart opgehef na die hemel, waar sy Heiland aan die regterhand van God troon. Hy het waarskynlik gebid. Só was Sondag vir hom waarlik die dag van die Here. Sy hart was gerig op die hemel en sy gees was oop en ontvangklik.

"En ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin." En verderaan sien ons dan dat Johannes te staan kom voor Jesus Christus self. Hy het groot geskrik, maar hy is ook ryklik geseën met hemelse gesigte.

Ons kan aanvaar dat Johannes deur die Heilige Gees toeberei is om met geopende oor te hoor en met helder blik te sien. Hy het selfs in 'n visioenêre toestand gekom om die openbaring van sy Here te ontvang.

Dit kan elke gelowige nie só ondervind nie. Een ding is egter seker dat ons veel duideliker die stem van die Here sou hoor en sy seëninge ontvang, indien ons die dag van die Here in die "Gees" sou benader. Ons hart moet oopgestel wees na die hemel. Ons moet bid met die oog op die erediens op Sondag. Ons moet vir onsself en vir die gemeente en vir die prediker bid. Ons moet bid dat ons en alle Christene die stem van God mag hoor soos 'n basuin. Dit moet ons wakker skud en platslaan. Dit moet ons ook bevry van onsself en die sorge van die wêreld. Ons moet losgeruk word uit die greep van sleur en gewoonte en opnuut vervul wees met die wonder van genade wat deur die ewige evangelie tot ons kom.

Onthou dit: die Here gee sy genade en die Heilige Gees alleen aan hulle wat Hom sonder ophou, met hartlike sugte, daarom bid en daarvoor dank.

# 19 Januarie: Johannes sien

Sag. 4:1-6

". . . *toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, ..* ." (Openb. 1:12)

Johannes die balling op Patmos is op die dag van die Here in die Gees. Dan hoor Hy agter hom 'n groot stem, soos van 'n basuin. Die stem sê: "Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is ..."

Ons weet Wie hier aan die woord is. Dit is dieselfde Here wat Homself alreeds in vers 8 só bekendgestel het. Hier gee Hy aan Johannes die opdrag om aan die sewe gemeentes in Asië te skryf wat hy sien. Hy, Jesus onse Here, skryf vanuit die hemel aan sy kerk op aarde. Johannes is die pen waarmee Hy skryf.

Johannes sou verbaas en nuuskierig omdraai, om te sien watter stem dit is, wat met hom praat. Dan sien hy in die eerste plek sewe goue kandelaars "en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens." As 'n mens die verskyning van die verheerlikte Heiland verder bekyk, dan is dit half vreemd dat die goue kandelaars die eerste is wat Johannes raaksien. Dit mag maar só gekom het en tog is dit merkwaardig dat die Here hom dit eerste laat sien en beskrywe.

Later (v. 20) sê die Here self wat die kandelaars versinnebeeld: ". .. die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes." Ook hier sluit die Here in sy openbaring aan by die Ou Testament. Ons dink dadelik aan die tabernakel, waarin 'n goue kandelaar met sewe lampe was. Hier is sewe kandelaars naas mekaar. Moontlik kan ons hieruit aflei dat die kerk nou nie meer aan die bepaalde volk Israel verbonde is nie, maar as selfstandige gemeentes naas mekaar staan. Gelukkig staan die Here self tussen hulle – só is en bly hulle één in Hom, al is dit sewe selfstandige kerke. Dit is ook die geheim van die voortbestaan van die kerk – Jesus is in hulle midde, anders sou hulle spoedig verdwyn het.

Ons sal nog sien hoe die gemeentes se sondes en gebreke blootgelê word. En tog is hulle kandelaars van skitterende goud – kosbaar in sy oë. Hy hou hulle, wat Hy met sy bloed gekoop het, veilig in sy almagtige hand. Hy dra hulle soos kosbare juwele op sy hart, al *moet* Hy vermaan en selfs waarsku: ". .. omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Ja, die wat Hy liefhet, bestraf en tugtig Hy. Waarlik dat ons voortbestaan as kerk, is nie die gevolg van ons eie vroomheid nie, dit is alleen maar sy genade!

Hoe kosbaar en kunstig 'n kandelaar ook al is, beteken hy as kandelaar niks, indien hy nie lig maak nie. Het die kerk nie al in baie opsigte 'n antieke kunswerk geword, wat veilig in 'n vertoonkas bewaar word nie'? Nee, dit mag nie! Waarom nie? "Julle is die lig van die wêreld. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matt. 5).

Ons moet altyd goed onthou dat die kerk of gemeente nie 'n instituut is, wat naas of buite ons as gelowiges staan nie. Ons is die kerk. Moenie alleen die kerkraad of predikant sien as die kerk nie. Jyself is die kerk, indien jy waarlik glo in Jesus Christus. Daarom is jy persoonlik 'n goue kandelaar. Wees dan wat jy moet wees – laat jou lig skyn voor die mense!

# 20 Januarie: "Een soos die Seun van die mens"

Dan. 7:9-14

"... *en tussen die sewe goue kandelaars Een soos die Seun van die mens . -*." (Openb. 1:13)

Dit is moeilik om hier in Afrikaans weer te gee wat in die Griekse taal staan. Ons gebruik die woordjie "soos" om iets met iets anders te vergelyk. Johannes gebruik hier nie dieselfde woord wat hy gewoonlik vir só 'n vergelyking aanwend nie. Hy wil tuisbring dat die verskyning hier werklik die Seun van die mens is, Jesus Christus wat hy op aarde geken het – maar, Hy lyk tog anders as wat hy Hom geken het. Hy is dieselfde persoon, maar Hy is anders. Dit blyk ook duidelik uit hoe die Seun van die mens daar uitsien in hierdie verskyning.

Johannes gebruik ook nie die gewone uitdrukking wat die Here Jesus self op aarde gebruik het nie. In werklikheid staan hier nie "Seun van die mens" nie, maar "Menseseun." Ook dit wil nie die werklike verskyning van die Here Jesus in twyfel trek nie, maar sterker benadruk dat Hy 'n ware mens is. Hy sien werklik die *mens* Christus Jesus, maar Hy sien Hom in sy verheerlikte staat, soos Hy na sy opstanding en hemelvaart daar uitsien. Eintlik gaan dit in die verskyning ook nie alleen om Jesus se heerlikheid nie, maar om wat Hy in die hemel doen en wat Hy besig is om op die aarde te bewerk.

Die wonderlike verskyning is dieselfde Here wat Johannes op aarde gevolg het. Hy is Jesus Christus wat hom geroep het tot dissipel en aangestel het as apostel. Hy is die Here wat aan die kruis gesterf het en opgestaan en opgevaar het na die hemel – alles dinge waarvan Johannes 'n getuie was.

Dit is die wonderlike ervaring van Johannes. Hy sien self wat hy later uit die mond van Jesus verneem: ".. . en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in ewigheid." (18). Dit is vir ons die volle, ryke evangelie. Die mens Jesus, Seun van Maria, het gesterf en Hy lewe tog. Meer nog – Hy is in die hemel, beklee met majesteit en heerlikheid. En Hy is 'n mens – die *Menseseun.*

Daar het ons die bewys dat die mens weer vrede het met God. Aan die begin van die geskiedenis van die menslike geslag hoor ons van die sondeval – die ongehoorsaamheid van Adam en Eva. Ons lees ook: "So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs (engele) aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak." Die mens is weggedrywe uit die Paradys. Hy is weg van die boom van die lewe. Dit word teen die mens bewaak soos teen 'n aggressor. Die mens het geen vrede met God nie, daarom mag hy ook nie die *lewe* besit nie. Hy is weggedryf.

Maar nou sien Johannes dat hierdie toestand oorbrug is. Iemand, kan ons sê, het by die gevaarlike skitterende swaard van die gérubs verbygekom. Hy het die dood oorwin – 'n mens, en die toegang tot die paradys van die ewige lewe oopgesluit. En die heerlikheid wag ook vir elkeen wat in Hom glo:

> "Ja, wanneer die Here kom,
>
> dan word ons gelyk aan Hom,
>
> want ons sal in klare omlyning
>
> Hom aanskou in sy verskyning."
>
> (Beryming van 1 Joh. 3:2 deur Totius – Skrifberyming 33).

# 21 Januarie: Christus beklee met heerlikheid en majesteit

Ps. 110

"... *met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met '/? goue gordel...*" (Openb. 1:13)

Johannes is besig om te beskrywe hoe die Here Jesus op Patmos aan Hom verskyn het. Hy sien Hom tussen die goue kandelaars staan. Hy besef dadelik dat Hy die "Seun van die mens" is, soos Jesus Homself in die Evangelies noem, en tog lyk Hy anders. Hy is nou beklee met heerlikheid en majesteit. Dan beskryf hy allereers sy klere: "... met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel."

Die lang kleed van die verheerlikte Heiland laat 'n mens dink aan die kleed van die hoëpriester van Israel (Ex. 28:4). Johannes gebruik hier bv. dieselfde woord wat die Griekse vertaling van die Ou Testament destyds vir die kleed van die hoëpriester gebruik het. Hy het egter nie, soos die hoëpriester, 'n linne gordel om nie, maar 'n goue gordel. Die goue gordel is ook nie om sy heupe nie, maar hoog om sy bors.

Ons het hier te doene met 'n priester in koninklike heerlikheid.

En ons weet dat onse Here dit in elk geval is. Hy is ons enigste Hoëpriester wat Homself as offer vir ons sondeskuld laat slag het. "Want so 'n hoëpriester is vir ons gepas ... wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir die volk nie. *Want dit het Hy eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het."* (Hebr. 7:26, 27). Dit is Johannes en elke Christen se krag – ook wanneer ons wag op sy koms om te oordeel, dat Hy alreeds die oordeel gedra het vir elkeen wat in Hom glo. Daarom kan ons Hom met 'n opgehewe hoof verwag. Ons het rede om daarna uit te sien. Ja, Hy vergeet ons selfs nou ook nie in sy heerlikheid nie, want Hy tree vir ons in by sy Vader met sy voorbidding. Wat 'n krag en troos het ons in Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester!

Daar sien Johannes Hom met sy lang priesterlike kleed, maar hoog om sy bors omgord met 'n goue gordel. Hy is ook ons Koning – ons ewige Koning. Hy staan voor Johannes in rus en majesteit – nie omgord om sy heupe só asof Hy moeitevolle arbeid op hande het nie, maar Hy is rustig, want Hy het oorwin en het klaar die koninklike eer en heerlikheid ontvang. Hy regeer oor alle dinge, maar dit is vir Hom geen inspanning nie, want Hy is die Almagtige. (8). Hy regeer ook oor elkeen wat in Hom glo deur sy Woord en Gees. Uit sy Woord weet ons wat sy wil is en deur die krag van die Heilige Gees doen ons sy wil. Ja, Hy bewaar en beskerm ons ook, sodat niemand ons uit sy hand kan ruk en niks ons van sy liefde kan skei nie.

Staan u sonde lewensgroot voor u? Het u getwyfel? Was u ontrou? Het u in een of ander skandelike oortreding geval? O, my sonde!! Onthou dat u 'n getroue Hoëpriester het, wat niemand uitwerp wat na Hom toe kom nie.

Is u bang vir die toekoms? Word u bestaan bedreig? Onthou: u het "n ewige Koning aan Wie alle mag in hemel en op aarde gegee is.

# 22 Januarie: God uit God, Lig uit Lig

Openb. 19:11-16

*"Sy hoof en sy hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters."* (Openb. 1:14, 15)

Johannes het in die vorige vers beskryf hoe die klere van die Here Jesus in sy verheerlikte staat daar uitsien. Nou beskryf hy sy Persoon in besonderhede. Uit wat hy in die algemeen sê, het ons hier 'n tekening van 'n Goddelike Wese. Dit is opmerklik hoe die beskrywing ooreenkom met die gesig van Daniël: "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol." (Dan. 7:9). Daniël se *Oue van dae* is duidelik God die Vader. Hier beskryf Johannes nou God die Seun: "... sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu."

Jesus, onse Here, is 'n "Menseseun" in die heerlikheid, maar Hy is tegelykertyd ook God. Dit is die groot geheimenis van die Persoon van ons Middelaar – en dit is ons saligheid. Die wit hare en baard, soos wit wol of sneeu dui aan sy ewigheid en heiligheid en reinheid. Hy is een in wese met die Vader. Dit kan ons nie genoeg benadruk nie. Hy word in ons tyd meer en meer alleen gesien as 'n mens – wél 'n goeie mens, maar dan is Hy nie meer ons Verlosser nie. Hy kan dit alleen wees indien Hy, soos Hy waarlik is, die eniggebore Seun van God is. "Christus na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen" (Rom. 9:5).

Johannes gaan voort met sy beskrywing: ". . . en sy oë soos 'n vuurvlam." In die brief aan Thiatire in Openb. 2:18 verwys die Here self na hierdie oë van Hom en bevestig Hy dat sy oë alles kan sien. Niks kan vir Hom weggesteek word nie. Hy ken 'n mens se geheime gedagtes: "Ek ken jou werke ... ens." Soos Hy alles sien en ken, sal Hy ook alles aan die lig bring. By Hom bly niks verborge nie. Só kom Hy ook om te oordeel: "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. *En sy oë was soos 'n vuurvlam."* (Openb. 19:11, 12).

Om regverdig te kan oordeel moet die Here Jesus alles weet. Hy het die vermoë wat geen aardse regter besit nie. Daarom is Hy die enigste Regter wat absoluut regverdig kán en sál beslis oor die lot van elke mensekind.

Voortgaande vertel Johannes van "sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond." Afgesien daarvan dat sy heerlikheid uit sy voete spreek, staan Hy ook vas en seker op sy voete. Niks en niemand kan sy voete onder Hom uitslaan nie. Hy het geen voete van klei, soos die aardse heersers nie. (Dan. 2:33).

".. . en sy stem soos die stem van baie waters . . ." lees ons verder. Sy stem is vervul met oorweldigende verhewenheid en krag. Só sal Hy kom, die Regter van die volke!

## 23 Januarie: Sewe sterre in Sy regterhand

Tim. 4:6-16

*"En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou ...*" *"die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes."* (Openb. 1:16, 20)

Jesus Christus verskyn in sy heerlikheid aan Johannes op Patmos. "En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou."

'n Mens werk met jou regterhand – dit is die hand van krag. Die ambagsman se hamer is in sy regterhand en hy slaan daarmee. Die skrywer neem sy pen in sy regterhand om daarmee te skryf. Jesus Christus neem sterre in sy regterhand en werk met hulle. Hulle is volkome in sy mag en Hy beheers hul geheel-en-al. Hy dra hulle en gebruik hulle waar en wanneer Hy wil. Hy verleen selfs hulle bestaan aan hulle en kan hulle wegneem wanneer Hy wil. Indien Hy hulle krag sou wegneem of hulle lig uitdoof, is hulle nie meer nie en hulle plek ken hulle nie meer nie.

Wie of wat versinnebeeld hierdie sewe sterre in die regterhand van ons Heiland? Hyself sê wie hulle is: "die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes." Dit lyk nog vir ons enigsins onbegryplik. Het elke gemeente 'n bepaalde beskermengel? Dink aan die gesig van Daniël in Dan. 10 toe 'n engel aan hom verskyn, nadat hy homself vir drie volle weke voor God verneder het. Die engel vertel aan hom dat hy alreeds op die eerste dag van sy gebed deur God gestuur is, maar die *vors van die koning van Persië* het hom weerstaan. Daarop het God die engel Michael gestuur om hom te help. Verder word ook vertel van die *vors van Griekeland.* Daar is duidelik, volgens Daniël, 'n oorlog in die lug tussen engele en bose geeste. Ons kan dus wel aanvaar dat die engele, moontlik bepaalde engele, ook waak oor die kerk en bepaalde gemeentes.

Hier, meen ek, het ons egter nie te doen met beskermengele nie, maar meer bepaald met *boodskappers,* wat die woord "engel" beteken. Dan sien dit op die opsieners of leraars – die leiers van die gemeente. Dit gaan ook nie om sodanige mense as persone nie, maar om hulle in hulle dienswerk. Die mense is boodskappers van God, wat sy boodskap aan die gemeente moet oorbring. Daarin moet hulle getrou wees. Dat hulle as sterre voorgestel word, wil ook dit aan ons tuisbring dat leraars en ander ampsdraers in die kerk *ligdraers* is. Hulle bring lig uit die hemel op die aarde in sy duisternis van sondeverlorenheid.

Is dit nie 'n beeld wat ons as leraars en ander ampsdraers verkwik nie? Jy is 'n ster in die hand van jou Middelaar. Hy beskik oor jou en gebruik jou in die wêreld, oud in sonde en duisternis. Hy bring sy lig deur mense op aarde. Sy bodes kom met sy boodskap – die blye boodskap en vertel van lig en genade en vrede en redding. Hoe ryk en vol is dit! Onthou net dit ampsdraer – is jy ontrou neem Hy jou weg en doof jou lig uit. En gemeente: luister en wees gehoorsaam, anders neem sy regterhand jou ligtende engel weg en jy sterwe in duisternis.

'n Verskriklike dag breek vir die gemeente aan, wanneer die sterre dwaalligte word. Dan verlei hulle die volgelinge van Jesus na die duisternis en bring hulle nie by die lig nie. Dit beleef ons vandag al wêreldwyd. Sogenaamde "engele" van God vertel dat *God dood* is. Dit word donker om ons.

# 24 Januarie: Moenie vrees nie!

Mark. 16:1-8

*"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op mv gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie . . .*" (Openb. 1:17)

Johannes het sy Here gesien. Dit was 'n oorweldigende gesig. Die Heiland aan wie se bors hy aan tafel gelê het, met die laaste paasmaaltyd, is nog dieselfde liefdevolle Meester en, tog is Hy anders. Hy is nou nie meer in die gestalte van 'n dienskneg nie. Hy herken nog in Hom die Seun van die mens, wat hy op aarde geken het, en tog is Hy omstraal deur glans en majesteit "soos die son wat skyn in sy krag." Daarom val Johannes magteloos op die grond en bly weerloos, soos 'n lyk, voor die voete van die Here lê.

Die verklaring van hierdie uitwerking van Christus se verskyning, lê nie in die eerste plek in Johannes se broosheid as mens nie, maar veeleer in sy sondigheid. Die uitwerking tref ons telkens by 'n mens aan, wanneer hy voor die heerlikheid van God te staan kom. So het Jesaja uitgeroep by die aanskouing van die verskyning van God: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe . . . want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien." (Jes. 6:5). Beide Jesaja en Johannes het nie alleen die Here se heerlikheid gesien nie, maar ook sy *heiligheid* – en dan kan 'n sondige mens nie staande bly nie. Dan verkrummel jy en slaan neer voor sy voete.

Godsvrees en 'n besef van jou sondigheid gaan hand aan hand. Ons kan hoegenaamd nooit anders as met eerbied nader tot die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon nie. Gelukkig hoor 'n sondaarmens, wat God só benader, ook dit wat Johannes hier verneem: "Moenie vrees nie!"

Die Here lê sy regterhand op die man wat soos 'n dooie aan sy voete lê. Strek Hy sy regterhand tot ons uit, dan word ons versterk met sy krag en dan toon Hy dat Hy met ons gemeenskap wil onderhou. Dit is 'n hand van genesing en vriendskap. Hy kon Johannes ook sonder die gebaar krag gegee het – Hy doen dit immers daagliks met sy talle swakke volgelinge, maar Hy doen dit hier só om Hom aan te pas by Johannes se behoefte. Dit doen Hy ook altyd – op duisenderlei wyse. Indien ons maar oplet, sal ons van dag tot dag sien, hoe Hy ons verkwik in ons nood en behoeftes. Soms kom die verkwikking op ons pad deur 'n beker koue water in sy Naam uit die hand van 'n nietige mens.

Maar dan praat Hy ook: "Moenie vrees nie . . ." Wat 'n genade! Na sy opstanding rondom die graf waarin Hy gelê het, hoor ons ook keer op keer: "Moenie vrees nie!" Hyself en Sy engele roep tot beangste mense: "Moenie vrees nie!" Gelukkig het Hy nie gekom om te verskrik of te verdelg nie. Hy het nie gekom om dood te maak nie. Nee, Hy het dan juis die gevreesde vyande van elke mensekind oorwin: die dood en die duiwel en die sonde. Daarom: "Moenie vrees nie!"

"Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen."

Sing gerus saam met Paulus; "Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55).

## 25 Januarie: Ek is die lewende

Luk. 24:1-12

"... *en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen."* (Openb. 1:18)

Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? My dood wag om die draai. Hoe sal dit wees? 'n Maklike dood – 'n hartaanval en daarmee is alles verby? Of sal my kragte stadig afneem terwyl ek, met pyn in my liggaam en pyn in my innerlike, dag vir dag sien hoe ek wegteer en stap vir stap nader na die grens van die donker land?

Gelukkig weet ek en jy nie hoe ons aan ons einde op aarde sal kom nie. Dit weet die Here alleen. Gelukkig leef ons ook elke dag onder die son van God se genade. Sy genade is vir ons elke dag genoeg, en dit sal ook genoeg wees wanneer die skemer toesak en ons tree vir tree die donker doodsvallei instrompel. *Moenie op jou dood wag nie, maar wag op die Here!* Die wat op die Here wag kry nuwe krag – ook krag om die dood in te gaan . . .

Onse Here Jesus was ook dood. Hy het aan die kruis buite Jerusalem gesterwe. Teen die aand van sy sterfdag is Hy afgehaal en in die nuwe graf kelder van Josef van Arimathea begrawe. Verby! Sy einde is soos die einde van alle Adamskinders – "stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Dit was die Vrydagaand toe die klip voor sy graf gerol is, nadat sy liggaam eerbiedig deur sy dierbares weggebêre is. Die ontbinding van die lyk begin in die donker graf. Jou en my lyk sal ook eendag daaraan prysgegee word – die ontbinding.

Jesus was dood. Die Sondagmôre is sy graf egter oop. Engele begin om dit te vertel. Vroue neem die boodskap oor en eindelik word manne getuies daarvan. Hulle vertel dit aan die wêreld: "Jesus was dood, maar Hy het waarlik opgestaan." En nou sien Johannes Hom op Patmos en hy hoor uit sy eie mond: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste, en die *lewende;* en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid."

'n Mens – die mens Jesus van Nasaret het deur die dood heengegaan en daaruit teruggekeer. En Hy sê: *"Ek is die lewende."* Hy is die lewende. Hy leef altyd. Hy kan nie weer sterf nie. Hy het die lewe as skat in Homself. . . Hy beskik ook oor die lewe en kan dit uitdeel aan wie Hy wil. Juis daarom kom daar later 'n stem uit die hemel: "Skryf-salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe." Die dood is nie meer hulle vyand nie, maar hulle gelukbringer. Hulle is salig – gelukkig . . .

Onse Here wil dit só sterk moontlik tuisbring dat Hy mag oor die dood het. Daarom sê Hy verder: "En Ek het die sleutels van die doderyk en die dood." Hy kan die poorte van die doderyk oopsluit en mense staan op: "En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens hulle werke." (Openb. 20:13).

Eindelik kom ook die dood tot 'n einde: "En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp . . ." (Openb. 20:14).

Is ons nie gelukkige mense nie, ons wat glo in só 'n Here? Daarom: Moenie bang wees vir die dood nie!

# 26 Januarie: Verlede, Hede en Toekoms

Jes. 45:9-16

*"Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur."* (Openb. 1:19)

Nou gee Jesus aan Johannes opdrag om te skryf. "Skryf die dinge op . . ." Dit is een van die weinig plekke waar 'n skrywer opdrag kry om die openbaring, wat hy van God ontvang op te skryf. Ons kan egter vanselfsprekend aanvaar dat alle outeurs in die Bybel só deur die Heilige Gees gelei is, dat hulle opgeskryf het wat hulle gesien en gehoor het. Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit só: "Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel." Só is die Woord vir ons bewaar en oorgelewer.

Wat moet Johannes opskryf? "Die dinge wat jy gesien het en die wat is sowel as die wat gaan gebeur" – só staan dit in die Grieks. Dit gee aan ons 'n drievoudige opsomming. Ek wil dit graag só sien. Dan gaan dit om *verlede, hede en toekoms.* Dit gee ook aan ons die wyse waarop ons die boek Openbaring moet benader en verklaar – die boek handel oor verlede, hede en toekoms.

Johannes het dinge gesien. Só pas het hy die verskyning van die Here Jesus gesien. Maar hy het meer gesien. Hy was 'n apostel van Jesus Christus – hy was 'n ooggetuie wat sy lewe en werk op aarde meegemaak het. Hy was 'n getuie van kruisdood, opstanding en hemelvaart. Hy sê elders dat hy die dinge gesien en met die hande getas het. Ons sal wél later merk dat ook die verlede ter sprake kom in die boek Openbaring – dit gaan gewis nie alleen oor die toekoms nie. Alles in die Woord van God staan in verband met mekaar. Verlede, hede en toekoms kan nie van mekaar ontkoppel word nie. Om die boek Openbaring te verstaan, moet 'n mens die hele Bybel ken. Ja, ons mag geen enkele Bybelboek geïsoleerd beoordeel nie. Al die boeke saam vorm die besondere Openbaring van die Here.

Maar Johannes sien ook dinge "wat is" – dit is gebeure wat tydens sy lewe besig is om plaas te vind. En dit sien ook nie alleen op die briewe aan die sewe gemeentes in Asië, wat ons in hoofstukke 2 en 3 vind nie. Ook ander eietydse gebeure kom ter sprake in die boek. Die boek handel nie alleen oor gebeure van die toekoms vanuit Johannes se oogpunt gesien nie.

En dan is daar nog die dinge "wat gaan gebeur." Sommige verklaarders wil die hele inhoud van die boek Openbaring betrek op die tyd van Johannes self. Hier sê die Here Jesus egter dat Johannes ook dinge sal sien wat betrekking het op die toekoms – "wat gaan gebeur." Baie van die dinge sien op die eindtyd.

Ons moet net ook onthou dat die gebeure nie kronologies vertel word soos dit in die wêreldgeskiedenis afspeel nie. Dan sal ons weinig daarvan kan begryp en dan misken ons ook die profetiese karakter van die boek. Ons sal dus sien: die dinge wat is en wat was en wat kom.

# 27 Januarie: Briewe aan die kerk van alle eeue

Eseg. 2:1-10

*"Skryf aan die engel van die gemeente . . .*" (Openb. 2:1)

"Skryf aan die engel van die gemeente." Dit is die opskrif van elkeen van die briewe aan die sewe gemeentes in Asië. Ons weet volgens 1:4 dat selfs die hele boek Openbaring 'n brief aan hierdie sewe gemeentes is, en tog is hierdie sewe briewe in besondere sin briewe aan die gemeentes. Hulle word deur die Here self aan Johannes gedikteer en geadresseer. Die gedagtes wat in die briewe vervat is, is geen menslike opvattinge of inbeeldinge nie. In hulle word ook nie maar 'n diagnose gemaak van die toestand van elke gemeente, soos Johannes as mens dit waarneem of aflei of vermoed nie. Nee, hier is die verheerlikte Heiland self aan die woord. Hy sien met "oë wat soos 'n vuurvlam" is. Niks is vir Hom verborge nie. Wanneer Hy sê: "Ek ken jou werke", dan is dit waar. Hy ken dit selfs beter as die gemeentes wat dit doen.

Formeel is die opset van al die briewe eenders. Hulle kom in vorm en behandeling van stof grootliks ooreen. Dit is ook duidelik dat die Here in die briewe dieselfde beeldspraak as in die res van die boek gebruik. Dit werk met dieselfde begrippe. Ons begryp bepaalde uitdrukkinge in die briewe eintlik eers in die lig van wat ons later in die boek lees. Ons kan derhalwe sê dat die sewe briewe onderling en ook selfs met die hele boek Openbaring 'n eenheid vorm. Ons moet dit lees en ondersoek in die besondere samehang met mekaar en met die res van die boek.

Sommige verklaarders meen selfs dat ons in die sewe briewe min of meer sewe tydperke in die kerkgeskiedenis voorgestel sien. Ek self wil liewer die klem laat val op die gedagte dat die Here in die briewe toestande teken, wat in die hele kerk deur die eeue heen in meerdere of mindere mate voorkom. Vir my verdien die gedagte sterk oorweging dat dit selfs nie bedoel was om aan elke afsonderlike gemeente gestuur te word nie, maar 'n integrale deel van die boek Openbaring is en gerig is aan die kerk van alle eeue. Ons kry bv. in elkeen die uitdrukking: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die *gemeentes* sê." En elke keer word *gemeentes* in die meervoud genoem waaruit blyk dat nie alleen die bepaalde geadresseerde gemeente bedoel word nie.

Ek word ook in laasgenoemde oorweging gesterk omdat selfs die hele boek Openbaring deur Johannes as 'n brief gerig is aan die sewe gemeentes in Asië. (1:4) Daarom is dit uiteindelik bedoel vir die kerk van alle eeue – soos die hele Bybel. In elke brief word die kerk en gelowige van ons tyd ook direk aangespreek. Ook ons gaan mank aan die gebreke en sondes van die bepaalde gemeente, maar ons het ook behoefte aan troos en bemoediging soos die destydse kerke. Ons verheerlikte Heiland sien ook ons hart en wandel aan en Hy praat met ons na die behoefte van ons hart.

Ek word verder in my opvatting gesteun deur die getal "sewe." Dit is sewe gemeentes aan wie die briewe gestuur is. En dan weet ons dat die getalle-simboliek 'n groot rol in die boek Openbaring speel. *Sewe* is die volmaakte getal, daarom kan ons gerus die sewe gemeentes sien as verteenwoordiging van die hele kerk van alle eeue.

Só benader die gelowige die boek en ook die hele Bybel. Dit spreek u en my persoonlik aan. Luister daarna met eerbied en ontsag. "Spreek Here – u kneg luister."

# 28 Januarie: Éfese

Openb. 2:1-7

*"Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese."* (Openb. 2:1)

Die goeie Herder se oë gaan liefdevol oor sy kerk. Hy het sy lewe vir hulle afgelê, omdat Hy hulle liefhet. Daarom is hulle kosbaar in sy oë. Dan skryf Hy aan hulle herderlike briewe en Hy adresseer elke brief aan 'n bepaalde gemeente. Hy ken elke kudde, maar Hy ken ook elke skaap. Soos Hy die gemeente op die naam noem, só noem Hy ook die skaap by die naam. Hy spreek Éfese aan in die brief, maar Hy spreek ook vir jou en vir my aan. Dit hou vir ons troos en verkwikking in en, gewoonlik ook skaamte en selfs skrik. En tog kan ons nie anders nie as om ter wille van ons saligheid te luister nie. En ons mag nie ophou om Hom te bedank dat Hy aan ons dink en vir ons skryf nie.

Die gemeente van Éfese woon en werk in 'n groot stad. Dit is ook 'n baie ou stad – ongeveer 1000 jaar v.C. is die stad gebou. In die tyd van Johannes was Éfese 'n bloeiende handelstad. Dit was 'n sentrum van wêreldverkeer waar Oos en Wes mekaar ontmoet het. Groot seeroetes het by Éfese bymekaargekom en drie groot handelsweë het hiervandaan die binneland van Klein-Asië bedien. Die inwonertal was ongeveer 300 000 en Éfese is selfs beskou as die hoofstad van die Romeinse provinsie Asië, hoewel Pergamus amptelik die hoofstad was. In só 'n bloeiende samelewing was daar ook uitstaande beoefenaars van die wetenskap en allerlei kunstenaars. Vir daardie tyd was Éfese derhalwe 'n tipiese wêreldstad – en selfs "godsdienstig". Hier was die beroemde tempel van Artemis of Diana, wat vir die stad die eretitel "tempelbewaakster" verwerf het. (Hand. 19:35) Gepaard met die afgodediens het baie mense ook towery beoefen.

Paulus het die evangelie hier in Éfese verkondig. Hy het selfs by geleentheid twee tot drie jaar hier gebly. Later het Timothéus hier gewerk. Na die verwoesting van Jerusalem het ook Johannes, die apostel en skrywer van die boek Openbaring, vir ongeveer dertig jaar hier gewoon en gewerk. Dit is juis waarskynlik vanaf Éfese wat hy verban is na Patmos.

Teen die agtergrond gesien staan die gemeente in Éfese naas ons. Ook ons leef in 'n soortgelyke wêreld – handel en industrieë en wetenskap en kunste. In só 'n stadsgemeenskap leef ook afgodedienaars en towenaars tussen ons. Ook ons moet, soos hulle, waak oor ons harte – die eerste liefde kan maklik afkoel as gevolg van al die doenigheid en drukte. Die stroom van die wêreldstad laat geen mens ongedeerd nie.

Gelukkig is ons, indien ons soos Éfese ook 'n "engel" het aan wie die Here kan skryf. Soos ons vantevore gesien het, is hierdie *engel* eintlik maar die *boodskapper* wat die Here aan ons gegee het om sy boodskap aan ons oor te dra. Die boodskapper is normaalweg die leraar of verkondiger van Christus se blye boodskap. Moenie sy boodskap lig opneem nie. Hy kan natuurlik, soos elke mens, ontrou wees. Sê dit dan vir hom dat hy goed moet luister na die Here en duidelik en in alle erns sy boodskap oordra. En dra hom deur u voorbidding – hy het eintlik 'n bomenslike verantwoordelikheid. En wat jouself betref: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke ..."

# 29 Januarie: Christus en die sterre en die Kandelaars en Éfese

Sag. 4

*"Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhandhou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars."* (Openb. 2:1)

Hierdie uitspraak van die Here Jesus wys terug op sy verskyning in hoofstuk 1. Johannes het Hom daar sien staan tussen die sewe goue kandelaars met die sewe sterre in sy regterhand. Later het Hy aan Johannes gesê wat die kandelaars en sterre beteken. Die kandelaars is die sewe gemeentes en die sterre is die engele of boodskappers van die sewe gemeentes.

Waarom dien die Here Hom in die terme aan? Dit staan gewis in verband met die gesindheid en toestand van die gemeente in Éfese tot wie Hy Hom nou rig. Eintlik kan ons sê dat ons hier 'n toepassing het van wat Hy vroeër in die gesig getoon het. Dat Hy tussen die kandelaars staan en die sterre in sy regterhand vashou, beteken iets vir die gemeente – en dit is nie 'n kleinigheid nie.

Weet dit, gemeente van Éfese, dat Ek, julle Here, met julle is. Julle is nooit onder my oog uit nie. Julle is nooit buite die bereik van my reddende regterhand nie. Maar julle sal ook my tugtiging nie kan ontkom nie. Ek is tussen julle om julle, my duurgekoopte gemeente, te bewaak en te beskerm teen julle doodsvyande – die duiwel, die wêreld met sy nood en vyandskap, met sy verleidinge en suigkrag en ook teen julle eie swakke en sondige harte. Sonder My sal julle geen oomblik kon staande bly nie. En is julle ontrou, soos julle werklik is, dan moet julle ook verwag dat Ek sal bestraf en tugtig om julle te behou.

En wat die sewe sterre betref – ook hulle is in My hand. Ek het julle leraar aan julle gegee. Waardeer hom as 'n gawe uit my hand. Ek beskik geheel oor hom en oor die boodskap wat hy in my naam aan julle moet bring. Wees daaraan gehoorsaam, anders kan Ek hom wegneem. En dink net wat dan kan gebeur: "Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur; nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor ... En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie." (Amos 8).

Vir 'n gemeente van Jesus Christus is dit die ergste wat hulle sou kan oorkom, indien Hy swyg – wanneer sy Woord, nie meer verkondig word nie. Sy Woord is immers *die woorde van die ewige lewe* – daarsonder kan 'n Christen nie. 'n Mens wonder darem waarom soveel bedienaars van die Woord hulle werk al sugtende moet doen, omdat die honger en dors na die Woord ontbreek. Kerke is Sondae halfleeg. Maar dit is nog nie die ergste nie. Veel erger is: die Woord is nie meer as lewende Woord werksaam in die harte van mense nie. Selfs getroue kerkgangers beleef die Woordverkondiging nie meer as 'n verkwikkende ervaring nie. Dit leef dikwels ook nie na in die harte nie.

Is dit omdat ons lewe te vol en besig is? Of is dit omdat ons, soos Éfese, die eerste liefde verlaat het? Die stem van ons Bruidegom klink nie meer soet in ons ore nie, omdat die warmte en innigheid van die liefde verdwyn het. Bekeer jou.

# 30 Januarie: Die Here ken my

Ps. 139

*"Ek ken jou werke . . .*" (Openb. 2:2)

"Ek ken jou werke . . ." Só begin elkeen van die sewe briewe aan die gemeentes in Asië.

"Ek *ken."* Ek, Jesus Christus, wat oë het soos 'n vuurvlam, *ken.* Ek weet helder, goed, onweerspreeklik. Ek ken van buite en van binne. Dit is Ek wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. Dit is nie vir My nodig om eers ondersoek in te stel en getuies te raadpleeg nie – Ek ken jou geheel-en-al.

Die wete dat onse Here *ken* en deurgrond en onweerspreeklik weet, kan vir ons troos en krag beteken of – skrik en ontsetting. Toe die HERE vir Moses roep om sy volk uit Egipteland uit te lei, sê Hy vir hom: "Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, *Ek ken hulle smarte."* (Ex. 3:7). Hier ken die HERE met *erbarming* en mededoë – Hy ken met liefde en simpatie – daarom gryp Hy in om te help. Onthou dit gerus! Die Here ken ook u en my smarte nie onbewoë of afsydig nie, maar met liefde en erbarming. Dit is die troos van elkeen wat glo in die Lam van God, wat vir ons sondeskuld geslag is – al moet hy hom dikwels skaam voor die oë van die alwetende Here.

Die ander kant geld egter vir die mense wat sê: "Hoe sou God dit *weet,* en sou daar *kennis* by die Allerhoogste wees?" (Ps. 73:11). Dit sê Asaf in Ps. 73 van die "goddelose" mense wat onverskillig en uittartend God en mens nie ontsien nie. Hulle en hul doen en late is ook oop en bloot voor die oë van Jesus Christus. Daar is niks – niks verborge wat nie openbaar sal word nie. "Ek *ken."* Hy is die Alomteenwoordige en Alwetende en niks is verborge voor sy oë nie.

"Ek ken jou werke." sê Jesus. Eintlik wou die Here maar net tuisbring: "Ek ken jou." Op *"jou"* lê die nadruk volgens die vorm van die sinnetjie in Grieks. Ons moet dit lees: *"jou* werke" en nie: "jou *werke"* nie. Die werke sê wie en *wat jy* is. Jou werke is die vrugte waaraan die boom geken word. Jy kan nie loskom van jou werke nie – jy dra dit met jou saam. Dit openbaar jou karakter, jou innerlike. Met jou woorde kan jy lieg en bedrieg en jouself voor die werklikheid verskans – jou werke kan jy egter nie wegsteek nie. Vir mense kan jy dit miskien nog bedek, maar voor die alsiende oë van die Here is dit oop en bloot.

Dit word veral duidelik as ons begryp wat die Here met die woordjie "werke" bedoel. Dit gaan nie alleen om dade nie, maar ook om toestande en gesindhede. Die hele wese van die mens, in soverre dit deur sy gedrag openbaar word, val hieronder. Dit word *werke* genoem, omdat elke mens besig is om homself te vorm. Dit is nie alleen jou ouers of jou omgewing wat verantwoordelik is vir die vorming van jou karakter en persoonlikheid nie. Jyself is in die eerste en laaste plek daarvoor verantwoordelik. Jy sal vir jou eie toestand voor God verantwoording moet doen. "Die siel (persoon) wat sondig, die moet sterwe." (Eseg. 18:4).

Gelukkig is by hierdie werke ook die geloof in Jesus Christus ingesluit. Ook dit ken Hy – gelukkig met welgevalle.

# 31 Januarie: Arbeid en lydsaamheid

1 Thess. 1

". . . *Ek ken jou . . . arbeid en jou lydsaamheid."* (Openb. 2:2)

Só skryf die Here self aan die gemeente in Éfese. Later word dan meer in besonderhede gesê wat die arbeid en lydsaamheid alles inhou. Kom ons kyk eers alleen na die begrippe en hulle onderlinge verband. Ja, die arbeid en lydsaamheid hoort bymekaar – die een kan nie sonder die ander nie.

Ons moet allereers goed begryp dat beide arbeid en lydsaamheid nie deur iemand anders vir my gedoen kan word nie. Dit is my eie persoonlike aktiwiteite. Hier is jy nie die beste stuurman wat aan wal staan nie – jy moet self jou bootjie se stuurstang vashou en jou roeispane hanteer. Jy het selfs nie 'n instrumentepaneel, wat in die donker vir jou die koers kan aandui, en 'n masjienkamer, wat die krag voorsien om vooruit te kom nie. In alles is jyself geheel-en-al betrokke. Hier kom jou eie inspanning ter sprake, jou eie sweet en, jou eie uithouvermoë. Dit is nie die kerk in sy ampte wat jou op sleeptou kan neem en op jou bestemming bring, terwyl jy rustig terugsit en kritiseer nie.

Goed, ons begryp dit! Begryp ons wel wat *arbeid* in die Nuwe Testament – ook hier, beteken? Dit beteken nie dat die dinge sommer vanself afloop en gladweg en sonder moeite tot voltooiing kom nie. Nee, die ou bekende woordjie "arbeid" beteken hier moeite en inspanning en opoffering – eintlik "moeitevolle" arbeid. 'n Christen arbei in die sweet van sy aangesig in die Koninkryk van God, teen struikelblokke en frustrasies in. Hy het dikwels rede om moedeloos te gaan sit of lê – soos Elia onder die besembos met die versugting: "Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie." (1 Kon. 19:4).

Dit is daarom dat *arbeid* en *lydsaamheid* moet saamtrek soos twee goeie karperde. *Lydsaamheid* beteken eintlik maar om te volhard onder druk en teen weerstand in. Daarom het die HERE die arme Elia teruggestuur na sy werk – gelukkig darem ook nie sonder om hom eers te verkwik nie. Hoe sou ons anders kon volhard? Uithou en aanhou, my vriend – dit is waarom dit gaan.

Ons is diensknegte of slawe van Jesus Christus. Dit beteken dat ons arbeiders is – altyd en onder elke omstandigheid. En ons het altyd en onder elke omstandigheid te doene met weerstand. Dit is dikwels uitwendige nood en druk wat dit vir ons moeilik maak, soos siekte en vervolging en teëspoed – dinge wat die pad soms stikdonker maak. Ons het egter met groter struikelblokke as dit te doene. Dit is geleë op die innerlike vlak van my lewe. Ek het moeite met myself wat soos 'n onwillige donkie viervoet vassteek en selfs agterop skop. Die lekker lewe in die wêreld met sy geld en goed en plesier word soms so lekker dat ek vergeet van my Here, en dan verstaan ek goed die kuns om die drukte van die lewe die skuld te gee, net asof 'n mens nie tyd en geleenthede skep om te doen wat jy graag wil doen nie! En dan is daar vanselfsprekend ook nog die duiwel wat subtiel, met lis en geweld ons arbeid en voortgang stuit.

Waarlik ons sou nie kon volhou as die Here nie sy middele gebruik om ons opnuut tot diens te bring nie . . . Een daarvan is juis om ons vas te keer en tot besinning te bring deur lyding en nood. Let maar op en u sal dit sien.

# 1 Februarie: Onverdraagsaamheid

1 Kor. 5

"... *en dat jy slegte mense nie kan verdra nie . . .*" (Openb. 2:2)

Die Here Jesus is nog besig om die werke van die gemeente in Éfese te deurskou met sy oë wat soos 'n vuurvlam is. En dan tref dit dat Hy in die eerste plek 'n hele paar dinge sien, wat Hy goedkeur. Hy prys selfs die gemeente daarvoor. En dit is tog baie opmerklik wat Hy hier eerste raaksien en aanprys; iets wat ons miskien glad nie sou raaksien nie en selfs sou afkeur. Noem dit maar *onverdraagsaamheid* – wat 'n vreeslike sonde in die oë van die moderne mens! Dit is op sy minste 'n skending van menseregte, sou hulle sê.

" ... dat jy slegte mense nie kan verdra nie." Eintlik wil ek hier afwyk van die Afrikaanse vertaling. Hier staan nie: "slegte *mense"* nie, maar eintlik net "slegtigheid" of "kwaad". Dit gaan derhalwe hier om *slegte dinge* en nie om *slegte mense* nie. 'n Christen moet die *mens* liefhê, maar die *sonde* in die mens moet hy haat – ook en veral in homself.

Dit gaan ook hier nie om die of daardie sonde – soos bv. owerspel, moord ens. nie. Nee, dit gaan om kwaad of sonde in die algemeen. "Slegte dinge" beteken hier wesenlike of innerlike verdorwenheid of verkeerdheid. Die soort slegtigheid of sonde *kan* die gemeente nie verdra nie, wie die sondaar ook al is. Sonder aansien van die persoon kan hulle nie anders nie. Kwaad kan hulle nie verdra nie – nie vir 'n oomblik nie. Hulle is só ingestel dat hulle dit nie nou nie en ook nie in die toekoms kan duld nie.

Dit is goed dat ons hierdie uitspraak van die Here van naderby bekyk. Enige gemeente en enige Christen mag die kwaad nie verdra nie. En daarin moet 'n mens by jouself begin. My eie sonde is my eerste kommer. Ongelukkig is daar heelwat "Christene" wat die sonde in ander mense nie kan verdra nie, maar hulle eie sonde gerieflik verbykyk. Dit is die soort opvatting waarna die Here Jesus ook verwys as Hy sê dat 'n mens eers die balk uit jou eie oog moet uithaal, voordat jy die splinter uit die oog van jou broer kan haal. Eie sonde word nie alleen misgekyk nie, maar die sonde om jou medemens te beswadder en te veroordeel word maklik en selfs met behae beoefen. Dit laat 'n mens *beter* voel, as jou medemens *slegter* is. Daarom word só maklik met klippe gegooi na andere.

Dit is 'n bitter moeilike gesindheid om aan te leer, naamlik om *allereers jouself te* sien in die lig van God se heilige wet. Eers wanneer jyself leef onder die indruk van die kwaad wat aan jouself kleef, is jy in staat om jou medemens in sy stryd teen die kwaad te help. Daarom gaan dit immers – jy haat die sonde, maar jy het die sondaar lief. Só het onse Here ook gedoen. Hy het vir die owerspelige vrou gesê: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." (Joh. 8:11). Hy verdra die sonde nie, maar Hy veroordeel die sondaar ook nie. Hy wys haar egter op die pad van bekering: "... sondig nie meer nie."

Dit is die roeping van elke Christen en van elke ampsdraer. Ook 'n kerkraad moet die moed hê om, soos Paulus sê, die ou suurdeeg uit te suiwer. Die kerklike tug mag nie slap lê nie. Die tug begin egter onder ons as gelowiges. Ons moet mekaar in liefde teregwys.

# 2 Februarie: Beproef die Geeste

Gal. 1:1-12

"... *en dat jy die op die proef gestel het wat sê dat hulle apostel is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het.'"* (Openb. 2:2)

Die Here skryf aan die gemeente van Éfese en keur dit goed dat hulle die kwaad nie kan verdra nie. Nou noem Hy in besonder 'n bepaalde kwaad wat hulle nie kon verdra nie. Om al die lelike en onreine sondes te onderken en jou afkeur daaroor uit te spreek, is nie so moeilik nie. Dit is egter 'n perd van 'n ander kleur, wanneer jy die verkeerde moet raaksien by mense wat oënskynlik voorbeeldig leef en in die wêreld as "heiliges" beskou kan word. Dit is normaalweg mense wat die Bybel ken – dikwels baie beter as lede van die gemeente, maar hulle verstaan die fyn kuns om die Bybel te verdraai en eenvoudige mense te mislei. Van die soort mense is die wêreld vol.

Hier in Éfese was ook van hulle wat hulleself aangedien het as apostels. Op sigself sou dit nie verkeerd wees om 'n apostel te wees nie, maar dan moet die dinge wat jy leer, ooreenstem met jou aanspraak. 'n Apostel is 'n *gesant* van Jesus Christus – dit behoort elke Christen in die breedste sin van die woord te wees. Hierdie mense het hulleself egter as besonder begenadigde en verligte *leermeesters* voorgedoen. Hulle het voorgegee dat hulle die Evangelie verkondig en dit probeer dek met die aanspraak dat hulle apostels is – dat hulle op een lyn met die apostels staan. Hulle leer bepaalde nuwe dinge, wat afwyk van die evangelie, as die woord van Christus.

In ons tyd verg dit 'n besondere genade en ook 'n grondige kennis van die evangelie om die soort mense uit te ken. Hulle is gewoonlik baie vriendelik en vroom. Hulle kan ook wys op liefde en geesdrif en offervaardigheid in hulle geledere – wat dikwels in die amptelike kerk baie minder opvallend is. Hulle kan Bybeltekste inryg en uit verband ruk en só nuanseer dat hulle dwalinge moeilik raakgesien word. Pasop vir hulle – of beproef hulle, soos Jesus sê.

Om hulle op die proef te stel, beteken dat 'n mens nie elke wind van lering agterna moet loop nie. Jy moet eers behoorlik, op grond van die Bybel, oorweeg. Die gemeente in Éfese en hulle voorganger of leraar, het eers behoorlik ondersoek ingestel en tot 'n grondige bevinding geraak. Die valse apostels *is leuenaars bevind.* Ja, van alle leuenaars is hierdie soort leuenaars die gevaarlikste. Hulle is leerlinge van die vader van die leuen – die duiwel. Hy ken ook die Bybel – Hy het die Here Jesus self probeer verlei deur Bybeluitsprake aan te haal. (Matt. 4:1-11) Daarom moet ons waak en bid. Daar is selfs in ons tyd sg. *apostels.* Dink aan die "Ou" en "Nuwe" apostelkerke. Een van hulle het een keer smalend aan my en 'n ouderling gesê: "Julle wil in die hemel kom en julle glo nie in die *apostel* nie!" Gelukkig hoef ek nie in 'n apostel te glo nie. Ek moet alleen in Jesus Christus glo en ek is salig.

# 3 Februarie: Verdraagsaamheid

Gal. 6:1-10

". . . *en dat jy verdra het en lydsaamheid besit."* (Openb. 2:3)

Die gemeente van Éfese kan slegte dinge nie verdra nie. Hulle kan dit ook nie verdra dat mense hulle voordoen as apostels, terwyl hulle dit nie is nie. Die eer van die Here en die welsyn van die gemeente is daarmee gemoeid. Daarvoor prys die Here hulle.

Hy prys hulle egter ook dat hulle wél kan verdra. Soms moet 'n mens onverdraagsaam wees, maar soms moet jy weer baie kan verdra. Só is ons lewe as Christene maar. Die moeilikheid is dat ons dikwels die dinge andersom toepas as wat die Bybel ons leer. Ons verdra wanneer ons nie mag verdra nie en ons is onverdraagsaam, wanneer ons verdraagsaam moet wees. Daarom moet ons ook in die opsig leer om duidelik te onderskei.

Ons het nou al gesien wat 'n gelowige nie mag verdra nie – kom ons kyk nou na wat hy wél moet verdra. Dit sê die Here in hierdie woorde aan die gemeente: ". .. *en dat jy verdra het en lydsaamheid besit."* Ons het lydsaamheid alreeds beskrywe as die vermoë om te volhard onder druk en nood. En dit is ook maar dieselfde as om te verdra, hoewel ons verdraagsaamheid gewoonlik meer lydelik beskou. Jy slaan nie terug as jy geslaan word nie. Jy draai ook die regterwang as iemand jou op die linkerwang slaan. Ons kan sê dat verdraagsaamheid 'n wesenlik deel van lydsaamheid is. Onder druk en vervolging verdra jy, maar hou ook aan. Jy volhard op die pad waarop die Here jou roep.

Dit kos genade om nie te beswyk wanneer jy beledig en vervolg word ter wille van die Naam van die Here nie. Maar Jesus noem jou salig. Petrus en Johannes het hulle verbly dat hulle ter wille van die Here kon ly. Paulus sê dat ons in die Here roem, wanneer ons verdruk word. Hy skryf selfs in Rom. 8 'n lofsang, waarin hy o.a. sê: "Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."

Ten slotte lê die geheim van die lydsaamheid en krag om te verdra daarin dat onse Here ons vashou en krag gee deur die Heilige Gees, anders sou ons nooit kon aanhou en uithou nie. Daarom kan elke kind van die Here met gerustheid sy weg oorlaat in die hand van die Here en op Hom vertrou, want Hy voer dit uit. "Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies."

Ongelukkig het ons op hierdie weg te doen met ons doodsvyande. Ons wil nie self graag beledig en vervolg word ter wille van die Here nie. Ons kom in opstand en wil maak en breek – ja, ons eie naam en eer is dikwels vir ons belangriker as die eer van die Here. Daarom verdra ons dit dat die Naam van die Here gelaster en Hy beledig word, maar ons verdra dit nie dat ons menslike eer in gedrang kom nie. En maak die mensevrees ons nie dikwels ook verdraagsaam teenoor die sonde nie?

# 4 Februarie: Volharding

2 Tim. 4:1-8

". . . *en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*" (Openb. 2:3)

Die mooi getuienis van die Here Jesus i.v.m. die gemeente van Éfese gaan voort. Hulle kon sonde nie verdra nie, maar het aan die ander kant vervolging en nood wél verdra. En nou wys Hy verder op nog iets wat Hom verbly: ".. . en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie."

Die Naam van ons Heiland is kosbaar. Hy het die Naam ontvang om daarmee te sê Wie Hy is en wat sy werk is. Sy Naam druk sy wese uit. Ons kan met groot vrymoedigheid ons teks só skryf: ". . . en ter wille van *My* gearbei en nie moeg geword het nie." In ons lewe op aarde as Christene gaan dit om ons lewe vir Christus. Dit is die maatstaf waaraan ons arbeid gemeet word. Niks mag ons van die één rigsnoer aflei nie. Ons staan altyd in sy diens – in gesondheid en siekte, in voorspoed en teëspoed. Dit geld ook onder elke omstandigheid – Sondag in die erediens, maar ook Maandag in my daaglikse werk op kantoor of in die fabriek of op my landerye. Altyd moet ek getrou wees en weet dat sy seën in alles onmisbaar is. Ook in die kuns en kultuurbedrywighede gaan dit om sy Naam en daarmee om sy eer. Mense verstaan die kuns baie goed om Jesus uit hulle werke te verdring. Ook "Christene" sê al te maklik: Ek dien die Here met my gemoed, my hart of my innerlike – maar die terrein van my wetenskapsbeoefening is neutrale gebied – daar het godsdiens niks te sê nie. Dit is selfs onwetenskaplik om God by te haal in die wetenskap. Net asof Hy nie ook aan my die verstand en insig gee en in die natuur – wat die natuurwetenskap beoefen, sy wysheid lê nie.

Waar die Naam van die Here in my arbeid te pas kom, gaan dit nie om die vrees dat *ek* verlore mag gaan nie, maar om geen smaad op my Here te laai; Hom nie te onteer of bedroef nie. Dan is ek ook gewillig om self leed en veragting te verdra – om aan Hom getrou te bly, ondanks bespotting en vernedering. En dan gaan dit ook in besonder om *vir Hom* te werk, met die oog op die koms van sy koninkryk.

Dit is hier waar die volharding te pas kom – om aan te hou en nie moeg te word nie. Watter werker in die koninkryk van die hemele ken dit nie? Ek is só moeg. Wat baat my inspanning en arbeid tog. Dit is genoeg Here – neem nou maar my siel weg. Ek het alleen oorgebly (Elia). Ek werk oral teen mure van weerstand en traagheid en onwil vas. Ek kan nie meer nie."

Dan moet ons onthou wat die Here hier sê. *"Julle* het ter *wille* van my Naam gearbei en nie moeg geword nie." Dit beteken gelukkig nie, dat die mense nie vermoeidheid geken het nie, maar dat hulle ondanks die uitputting nogtans aangehou het. Gelukkig gun die Here ons selfs tye van verposing en rus. Aan sy dissipels sê Hy: "Gaan rus 'n bietjie." Die rus en verposing dien egter alleen daartoe om opnuut krag te gee, om weer te arbei ter wille van sy Naam. Die verposing bestaan selfs gewoonlik nie in uitspan en vakansie-hou nie, maar is normaalweg 'n "teken ten goede". Jy word verkwik wanneer jy sien dat die Here jou arbeid seën. Sy Naam kom ook in ander mense tot sy reg – ook hulle eer en dien Hom.

Gelukkig weet ons dat die vermoë om aan te hou met arbei in die Naam van die Here, nie eens in onsself geleë is nie. Hy hou ons vas en gebruik ons ondanks onsself.

# 5 Februarie: Jou eerste liefde

1 Kor. 13

*"Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het."* (Openb. 2:4)

Die gemeente in Éfese het soveel vertoon aan mooi en voortreflike eienskappe, dat 'n mens nou verbaas staan. Hulle het gewerk en onder druk uitgehou en aangehou. Hulle kon slegte dinge nie verdra nie en het dwaalleraars uitgeken en uitgeban. Hulle het die vermoë besit om vervolging en druk ter wille van die Naam van die Here te verdra. Hulle het selfs ter wille van sy Naam gearbei en nie moeg geword nie.

En tog sê Hy: "Maar Ek het *teen* jou dat jy jou eerste liefde verlaat het." En dan dink ons onwillekeurig aan 1 Kor. 13 – die klassieke hoofstuk oor die liefde. Paulus sê daar selfs: "En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie." Op *grond* hiervan kan ons se dat al Éfese se ywer en krag en arbeid en volharding, niks beteken sonder die liefde nie. Het hulle die eerste liefde verlaat, dan het hulle 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword – ja, sonder die liefde is hulle niks nie.

Die liefde is die allerbelangrikste. Daarom gaan dit by 'n gemeente en 'n gelowige. "En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; *maar die grootste hiervan is die liefde."* (1 Kor. 13:13). Het jy die liefde losgelaat, dan gaan jy verseker ten gronde. Ook 'n gemeente kan nie voortbestaan waar die liefde ontbreek nie.

"Ek het teen jou .. ." sê die Here. Ag, altyd kan die Here dit van elke gemeente en gelowige sê. "Ek het teen jou ..." Één of ander iets is altyd nie in orde nie. Ons allerbeste werke is soos 'n wegwerplike kleed, leer die apostel Petrus ons. Die Here het altyd rede om ons te vermaan en ons het altyd rede om ons van een of ander ding te bekeer.

Wanneer die Here egter sê: "Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het", dan het ons rede om te skrik. Gelukkig staan dit hier nog nie ongekwalifiseerd dat hulle die liefde as sodanig verlaat het nie. Daar is wel nog liefde, maar dit is die *eerste* liefde nie meer nie. Die liefde van die bruidstyd het afgekoel. *Die* innigheid, krag en vurigheid van die liefde vir die Here is weg. Daaruit vloei voort dat die liefde tot hulle medemense ook afgekoel het. *Die* proses sien ons bv. by *die gemeente* van Laodicea in die verskynsel van louheid – "Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy Jou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Watter bruidegom op aarde sou só 'n houding kon goedkeur? Koelheid en louheid in die liefde teenoor mekaar in die huwelik, dryf man en vrou weg van mekaar af. Só is dit ook met ons verhouding tot die Here. Hy wil ons hele hart hê – of niks nie.

"Afwysing van dwalinge, handhawing van die waarheid, regsinnigheid van leer, volharding in lyding ter wille van die geloof, is nie genoeg nie. Dit kom ook, en in allesbeheersende betekenis, aan op die beginsel wat daarin werk: *die regte liefde."* (Grijdanus).

# 6 Februarie: Onthou!

Luk. 15:11-24

*"Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het. . .*" (Openb. 2:5)

In Éfese is iets groots verkeerd. Hulle het die eerste liefde verlaat. Hulle liefde vir die Here, hulle hemelse Bruidegom het afgekoel. Wat moet 'n mens of 'n gemeente onder sulke omstandighede doen? Luister:

"Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het. . ." Onthou! Jy is my bruidskerk. Jy is geen vreemdeling wat niks het om te onthou nie. Daar was 'n mooi verlede – dit was toe anders as nou. Jy het die pad verloor. Jy het jou eerste liefde verlaat. Onthou jy dit – daardie eerste liefde?

Dit is wat met die verlore seun agter die trop varke van sy baas in 'n vreemde land gebeur het. Hy het onthou hoeveel huurlinge van sy vader dit beter as hy het. Hy het onthou hoe dit was en dit vergelyk met hoe dit nou is. Dit was vir hom die begin van die pad terug na die huis en die hart van sy Vader.

Só is dit ook dikwels by die huwelik wat haas op die rotse wil loop. Die liefde het afgekoel – en die ellende van afgekoelde liefde is gewoonlik dat so 'n mens dan soek na warm liefde en dit verkeerd soek en dit nooit vind nie. Dink aan jou eerste liefde. Dink daaraan hoe dit was – en hoe dikwels bring die herinnering twee vervreemde mense nie weer bymekaar nie?

Onthou! En vanselfsprekend vergelyk jy dit wat jy onthou dan met die plek waar jy nou staan. Jy besef en sien in dat dit verkeerd is. Omdat jyself blind is op die pad van die afkoeling van die liefde, beveel Jesus jou: Staan stil! Dink na! Onthou! En hoe 'n genadige bevel is dit nie? Want ongelukkig gebeur die afdwaling soms so geleidelik dat jy dit nie agterkom nie. En daarby maak die duiwel 'n mens blind en hardhorend. Soms moet die Here selfs baie hard en dringend praat voordat jy onthou.

Ek dink aan wat ek dikwels van siek mense hoor. Die beproewing was vir my goed. My godsdiens het 'n sleur en gewoonte geword. Die dinge wat ek ondervind in hierdie dae het my weer opnuut laat besef dat ek nuwe erns moet maak met die diens van die Here. Onthou hoe dit was. . .

Indien ons Christene tog maar net altyd wil onthou wat die vreugde van die verlossing in Jesus Christus vir ons beteken. Dit is ons enigste troos. Dit is ons anker onder elke omstandigheid. Dit is ons blydskap en, watter ander vreugde op aarde kan daarmee vergelyk word? Die bruidsliefde vervul ons met só 'n blydskap dat ons onse Here onder elke omstandigheid kan prys. Hierdie blydskap kan deur geen aardse nood of bedreiging van ons weggeneem word nie. Al word ons gedood soos slagskape – in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Christus Jesus wat ons lief het. (Rom. 8).

Onthou. Ja, onthou tog! Jy het 'n kosbare skat ontvang – onthou dit!

# 7 Februarie: Bekeer jou!

Hand. 3:19-26

". . . *en bekeer jou,"* (Openb. 2:5)

Die Here Jesus roep tot 'n gemeente wie se eerste liefde afgekoel is Hulle is sy bruidskerk en hulle het die bruidsliefde verlaat. Om hulle tot stilstand te ruk, beveel Hy: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het." En as hulle dan onthou, toon die Here die pad terug: ". . . en bekeer jou."

"Bekeer jou . . ." sê Jesus vir 'n gemeente. Ja, ook 'n gemeente het dit nodig dat Jesus dit weer en weer sê: "Bekeer jou . . ."

Die Griekse woord, wat hier gebruik word, lê die nadruk op die innerlike – 'n verandering van insig in jou bewussyn, wat blyk uit berou oor gedane sondes. Dit kom egter tot uiting in die lewe – die dade.

Soms kom mense wel tot sondebesef. Hulle onthou hoe dit vroeër was en waar hulle nou is, maar hulle gee hulle oor aan die toestand. Dit kan tog nie anders nie – die eerste liefde is maar 'n *eerste* liefde en gaan verby. Die normale toestand in die lewe van 'n gelowige is 'n formele gang, sonder emosie meen hulle. Soms word dit selfs gesien as 'n teken van vroomheid wanneer 'n mens altyd volhard om jou plig te doen, sonder om waarlik geloofsvreugde te ken. Die lewe is maar só, redeneer Christene en ons moet aanvaar dat geen mens die lou sleurgang kan verbreek nie. 'n Mens kan selfs verbitterd en ontevrede raak en die lewe, en jou medemens met hulle tekortkominge, die skuld gee, sonder om ooit die fout by jouself te soek. Dit kan daartoe lei dat jy die vreugde en blydskap en warmte van die liefde op verbode plekke gaan soek, omdat jou eie innerlike onrus jou daartoe dryf.

Gelukkig is daar ook hulle wat ag gee op wat Jesus sê: "Bekeer jou." Hulle onthou nie alleen hoe dit vroeër was nie. Hulle sien ook in dat die fout by hulleself lê. Hulle kom tot *sondebesef.* Hulle ken die klag van hulle eie gewete en bely van harte: "Teen die Here het ek gesondig," Hoe verfoei hulle hulself vanweë die snode ongehoorsaamheid en afval! Sondebesef bring tot sonde-droefheid en dit bring 'n mens daartoe om die sonde in jouself te haat – en dan vlug jy daarvoor. Ja, om vir sonde te vlug is dapper.

'n Christen moet volhard om die Here te gehoorsaam, al voel hy nie só nie. Onthou egter altyd dat die Here sy genade en die Heilige Gees alleen aan mense gee, wat Hom sonder ophou, met hartlike sugte, daarom bid en daarvoor dank! Ons moet in ons innerlike gegryp wees. Die Heilige Gees moet ons harte vernuwe en ons oë verlig. Dan is daar die innigheid en warmte van die eerste liefde. En die liefde wil nie net altyd ontvang nie, maar is bereid om te gee en te offer – jy gee immers jouself aan die Here.

Bekeer jou! Sien jouself in die lig van die heilige Wet van God! Weet dat jy vér uitgeval het – jy het vér afgewyk, en buig in ootmoed voor Hom die Alhoë. Hy woon by die nederige en verbryselde van Gees – gelukkig, ja!

Hoe staan dit met u liefde tot u Here? Hier het ons alle rede om onsself ernstig te ondersoek. Onthou waarvandaan u uitgeval het! En bekeer u en doen die eerste werke.

# 8 Februarie: Doen die eerste werke!

Matt. 11:20-24

". . . *en doen die eerste werke . . .*" (Openb. 2:5)

Die Here Jesus is nog steeds besig met Éfese – sy gemeente in die Romeinse provinsie Asië. Hy het hulle geprys vir allerlei mooi dinge: "Ek ken jou werke – jou arbeid – jou lydsaamheid – ... en dat jy ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie." Daarop vermaan Hy hulle egter, omdat hulle die eerste liefde verlaat het. En dan sê Hy: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het en bekeer jou en *doen die eerste werke."*

Wat is nou die eerste werke wat hulle moet doen? Dit lyk eintlik asof die mense oorvloedig in die werke is, maar hulle hart is nie daarby nie – of altans nie soos dit hoort nie. Wat bedoel die Here hier met *eerste werke?* Moet hulle nog meer doen as wat hul alreeds doen?

Hierdie *eerste* werke word duidelik vasgeknoop aan *eerste* liefde. Ons sou selfs die bevel van die Here só kon omskryf: en keer terug na jou *eerste liefde.* Die gemeente moet nie alleen begryp dat hulle moet onthou hoe dit in die begin was nie. Daar moet ook nie alleen innerlike berou en droefheid wees oor wat verby is nie. Daar moet ook 'n verandering kom: keer terug na die eerste liefde, beoefen dit, doen dit – die eerste werke. Dan is die bekering eers 'n werklikheid – 'n goeie boom dra goeie vrugte.

Die bekering waarvan hier sprake is, beteken 'n verandering van insig of gesindheid. 'n Mens kom tot die insig dat jou lewe nie meer reg is nie – dit het gewoonte of sleur geword. Die insig dryf sommige mense tot moedeloosheid en selfs wanhoop. Maar dit is waarlik nie nodig nie. Daarvoor is die prediking van die Here ook nie bedoel nie. Dit is bedoel om 'n mens na twee dinge te dryf: Allereers moet jy jouself in die arms van jou genadige Here werp. Sondebesef is die één ding wat 'n sondaar by die gekruisigde Here bring. Hy is gekruisig om sondaars te behou. Daarom vlug die berouvolle mens na sy Here toe.

In die tweede plek dryf dit jou daartoe om iets te doen. Dink aan Paulus op die pad na Damaskus. Toe die Here kom teëkom en hy hoor met wie hy te doen het, is sy spontane vraag: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand. 9:6). Doen die eerste werke – kom tot aksie en draai om op jou spore terug na waarvandaan jy uitgeval het!

Ons kan gerus maar weer aan die huwelik tussen man en vrou dink. Dit is immers volgens Ef. 5 'n beeld van die verhouding tussen Christus en die gemeente. Wat help dit vir 'n vrou, wie se eerste liefde tot haar man afgekoel het, om te sê: Ek is bitter jammer, maar sy bly soos sy is? Nee, het sy werklik berou, sal sy dit bewys in die manier waarop sy met haar man saamlewe. Sy sal iets doen om haar berou te bewys. Sy sou gewis haar man in ag neem en haar daarop toespits om in die alledaagse en klein dingetjies aan hom te toon dat sy hom waarlik liefhet.

Doen dit met die Here en u doen die eerste werke.

# 9 Februarie: Die pad na die duisternis

Matt. 7:16-29

*"Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."* (Openb. 2:5)

Hoor jy dit Éfese? Jou Here staan tussen die sewe goue kandelaars. Dit is die sewe gemeentes, waarvan jy, Éfese, één is. En Hy sê dat Hy gou na jou toe kom en jou kandelaar, en daarmee jouself, want jyself is die kandelaar, van sy plek verwyder! Hoor jy dit?

Hier teken die Here die pad na die donker vir 'n gemeente wat eens in die lig gelewe het. Eintlik is dit nog swak gestel, want die gemeente self is die kandelaar. "Julle is die lig van die wêreld", sê Jesus in Matt. 5. M.a.w. jou lig word uitgedoof – jy verdwyn as 'n gemeente. Vreeslik!

"Bekeer jou . . . anders kom Ek gou na jou toe." Die Here sal nie maar in die verre toekoms kom nie. Hy is al besig om te kom. En Hy is haastig. Hy stel nie uit nie. Hy kom gou! Hier is nie sprake van sy wederkoms op die wolke van die hemel nie. Nee, hier is die Here besig om te kom in die huidige tyd waarin ons leef. Hy kom en gryp in in die bestaan van sy ontroue kerk. Hy delg hulle uit – hulle verdwyn asof hulle nooit bestaan het nie.

Die gemeente het in beginsel los geraak van hulle Here. En dit kan ons 'n wortelsonde noem. En wanneer daar geen bekering kom nie, sal die Here Hom ook losmaak van hulle. O ja, die Here verdra oneindig baie. Hy kan baie vergewe. Selfs hier waarsku Hy en gee nog geleentheid tot bekering. Maar dit kan onmoontlik nie so voortduur nie. Daarom hierdie ernstige waarskuwing.

Dit is tog merkwaardig dat daar vandag in Éfese geen gemeente meer bestaan nie. Éfese self het trouens verdwyn. 'n Kerk wat die eerste liefde verlaat het, kan nie voortbestaan nie – dit is naby die verdwyning.

In ons land hoor 'n mens soms stemme dat die Here nie kan toelaat dat ons verdwyn as volk en kerk nie. Hy het ons hier gebring en deur die eeue heen op 'n wonderlike wyse bewaar. Ons kerk en volk sal die land behou, want die Here het ons hier geplaas, sê mense. Vir sulke uitsprake skrik ek altyd. Dit is vir my 'n teken van valse gerustheid. Waarlik ons het alle rede om ons voor die Here te verneder, omdat ons die eerste liefde verlaat het. Hoe word gemeentes en kerklidmate in ons tyd soms op sleeptou geneem!! Die innerlike liefde, drang, ywer uit onsself is net nie daar nie.

Elke leraar, ouderling en gelowige wat besiel is met erns vir die Here en sy kerk, staan voor die werklikheid dat hy ons mense nie uit die gewoonte – die sleurgang in alle opsigte, kan uitlig nie. Onthou dan dat die Here dit gesê het: "onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie." Dan is ons bestaan as kerk en volk in Suid-Afrika beëindig. Bekeer jou!

Bekeer jou! Dit beteken dat ons tot insig moet kom. Ons moet onsself sien soos ons werklik is. Koud en liefdeloos! En ons gesindheid moet verander. Ons moet omdraai en die eerste liefde moet van ons besit neem. En ons besieling moet wees om die Here met ons hele hart te dien. Anders verdwyn ons. Dan het ons geen bestaansreg meer nie.

# 10 Februarie: Geheiligde haat

2 Tim. 3:1-9

*"Maar dit het jy dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.'"* (Openb. 2:6)

Aan die einde van die brief aan die gemeente van Éfese keer die Here Jesus weer terug tot iets wat Hy by hulle aanprys. Hoe ernstig hulle kwaal ook al is – dat hulle hul eerste liefde verlaat het – wil Hy hulle nogtans nie ontmoedig nie. Hy laat nie die indruk dat Hy nie ook die goeie by hulle raaksien nie. Dit is asof die Here selfs soek na die mooie en goeie by die gemeente.

Éfese het iets – iets groots, waarin hulle saamstem met die Here. Daarin prys Hy hulle – hulle haat die werke van die Nikolaïete wat Hy ook haat. Ons het al by die behandeling van vers 2 daarop gewys dat 'n Christen slegte dinge nie mag verdra nie. Hier word selfs gesê dat hy dit moet haat, omdat die Here dit ook haat.

Die Nikolaïete, van wie ons later weer hoor, is moeilik aanwysbaar.

Hulle was klaarblyklik lidmate van die gemeente. Hulle dwaling het selfs nie onaantreklik gelyk nie. Volgens vers 14 en 15 maak hulle hul skuldig aan die sonde van Bileam, wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. In die destydse wêreld het die Christene tussen mense geleef wat afgode gedien het. Die afgodediens het ook gepaard gegaan met afskuwelike onreinheid – hoerery met die priesteresse van die afgode. Die Nikolaïete het moontlik gemeen dat hulle leer nie die Christendom sou vernietig nie, maar in werklikheid sou verbeter en moderniseer. Die kerk sou selfs baie beter vaar in die wêreld indien hy hom meer aanpas by die gewoontes en behoeftes van die wêreld, meen hulle.

In ons laat twintigste eeu het Nikolaïete gewis al 'n tuiste binne kerke gevind. Dit het reeds 'n wydverspreide opvatting geword dat die kerk hom moet aanpas by die "mondige" mens van ons eeu. Die Bybel moet selfs herskryf word en bepaalde sogenaamde mites moet daaruit verwyder word. Die *wondere* in die Bybel gee bv. ook aanstoot aan die wetenskaplike mens, wat alles met sy verstand en natuurkundige teorieë verklaar. Daarom kan wondere nie waar wees nie, meen die mense, 'n Mens dink hier aan die Duitse teoloog Bultmann en sy volgelinge.

Verder word geredeneer dat die Christelike geloof nie beter hoef te wees as die van die Mohammedane en Hindoes ens. nie. Dit gaan ook nie om wat 'n mens *glo* nie, maar om wat jy *doen.* Jy moet liefhê – en dit beteken volgens sommige teoloë bloot dat jy niemand mag hinder of veroordeel om net te doen wat hy wil nie. As 'n man dan met 'n vrou wil hoereer is dit bloot 'n uiting van sy liefde en wie is jy en ek om hom tereg te wys?

Die opvatting haat die Here Jesus. En Hy prys die gemeente in Éfese dat hulle dit ook haat. Watter beroemde teoloog ook uit watter beroemde skool ook al tot ons kom – as hy só 'n evangelie verkondig, laat dit 'n vervloeking wees. (Gal. 1). Ons mag aan so 'n leer nie meedoen nie en dit ook nie verdra nie. Ons moet dit haat.

En ons moet ook die sonde in onsself haat.

En ons moet vlug – vlug vir die boosheid wat ons eie lewe verontreinig!

# 11 Februarie: Wie 'n oor het, laat hom hoor!

Jes. 42:18-25

*"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."* (Openb. 2:7)

Die oproep kom aan die einde van elk van die briewe aan die sewe gemeentes in Asië voor: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Dit is ook 'n oproep wat die Here Jesus in die Evangelies doen. (Matt. 11:15 ens.)

Met die uitdrukking: "Wie 'n oor het . . .", wil die Here tuisbring: elkeen wat op enige moontlike wyse van hierdie woorde te hore kom – hoe ook al . . . Selfs die geringste kennis van die inhoud van die brief mag nie verwaarloos word nie. Neem dit ter harte – slaan daar in alle erns ag op.

Die Here spreek ook nie maar 'n wens of die verlange van sy hart uit nie. Hy beveel elkeen wat 'n oor het om aandagtig te luister. Ook dit is, soos so baie bevele in die Bybel, 'n genadige bevel. Jy moet, jy behoort, jy is verplig om te luister. Jy mag die woorde nie geringskat of verwerp nie. Dit gaan om die eer van jou Here en jou eie saligheid is daarmee gemoeid.

Maar hoewel die Here met gesag praat – Hy het die reg om te beveel, dwing Hy ook niemand nie. Hy stel voor wat betaam of behoort gedoen te word en dring met krag aan om dit te doen. Één ding is seker: niemand wat 'n oor het, sal kan sê dat die Here hom nie gewaarsku het, indien hy verlore gaan nie. Ons moet net goed onthou dat die Here hier te doen het met 'n gemeente en 'n gemeente is mense wat ore van die Here ontvang het. Hulle moet dit alleen maar gebruik.

Waarna moet elke horende mens luister? Hy moet luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Maar is dit dan nie die Here Jesus self wat hier aan die woord is nie? Hoe praat Hy dan van die Gees wat die dinge sê. Ja, al is dit Jesus wat praat, doen Hy dit deur die Heilige Gees. Só is dit maar in die Bybel – die waarborg vir die Goddelike gesag van die Bybel is daarin geleë dat dit deur die Heilige Gees gegee is. Deur die Heilige Gees het Johannes sy openbaring ontvang en aan ons deurgegee.

Maar nou bly nog die vraag oor: Rig die Gees Hom alleen tot 'n bepaalde groep mense soos die gemeente van Éfese? Nee, want hier staan nou verder baie nadruklik; ". . . wat die Gees aan die *gemeentes* sê." Dit gaan nie alleen om die een gemeente of om die sewe gemeentes in Asië nie, maar om alle gemeentes van alle plekke en alle tye – ja, selfs van alle persone of gelowiges in alle gemeentes – elkeen wat 'n oor het.

Daarom is niemand uitgesluit nie. Hierdie sewe briewe is 'n deel van die Woord van God. Dit kom van die Heilige Gees en spreek elke mens, wat dit lees of hoor, persoonlik aan – ook vir u en my. Daarom gebruik u ore en hoor! Luister, want die Heilige Gees praat in hierdie brief, ook met u!

# 12 Februarie: Oorwinningsfees!

Gen. 2:4-15

*"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is."* (Openb. 2:7)

So sluit Jesus sy brief aan die gemeente van Éfese af: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee." Die oorwinnaar bereik die eindpunt van die stryd. En wat 'n stryd! geeneen sou kon volhard indien die Here nie bewaar nie! In Matt. 24 word van die oorwinnaar gepraat as die één wat volhard tot die einde toe. Ook uit hierdie brief is dit duidelik dat dit gaan om volharding onder druk en nood en aanvegtinge en versoekinge. Ons vyande is legio. Ons krag en troos is; die Leeu wat uit die stam van Juda is, die Wortel van Dawid, het oorwin. (Openb. 5). Daarom is ons in alle nood en stryd meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

Al sou daar geen vervolging wees ter wille van die Naam van die Here nie, en al sou niemand die dood hoef te vrees omdat hy 'n Christen is nie, nogtans staan ons elke dag in 'n stryd ten bloede toe teen ons doodsvyande. Dit is selfs in bepaalde opsigte moeiliker in "vredestyd" as in tye van bloedige vervolging om te volhard. Dink maar daaraan hoe moeilik dit is om die eerste liefde te bewaar. Volhard tot die einde toe!

Maar vir die oorwinnaar wag daar die beloning – 'n genadeloon. Die Here, hulle Here sal die vrugte van die boom van die lewe uitdeel. Dit is 'n terugwysing na die boom van die lewe waarvan ons in Gen. 2 lees. Adam en Eva en ons almal het die voorreg verloor om van die vrugte van die boom van die lewe te eet, omdat ons ongehoorsaam was. Die boom is selfs bewaak met 'n engeleswaard wat skitter in die son – skerp en geslyp om elke indringer weg te hou van die kosbare boom. Maar nou ontvang elke oorwinnaar vrye toegang en kan feesvier met hulle Here.

Vanselfsprekend het ons hier te doen met beeldspraak. Die Here wil tuisbring dat die oorwinnaar se lewe vir ewig beskerm en bewaar sal word teen alle verderf – die dood in al sy vreeslike konsekwensies. Aan die ander kant sal hy vir ewig leef en die volkome geluk en vreugde van die Here ontvang. Volkome en ongestoord geniet hy die ewige, onverderflike lewe uit die hand van sy genadige Here.

Elke stryder in die koninkryk van die Here ken alreeds hier verkwikking op sy moeisame pad – 'n verkwikking wat nuwe moed en krag en blydskap gee om te kan volhard. Dit maak ons aardse stryd alreeds 'n fees. In hierdie lewe smaak die gelowige reeds die beloning. Daarby wys die Here ook nog gedurig op wat wag – die oorwinningsfees. Gelukkig is dit nie maar 'n leë belofte nie. Die Here het sy beloftes waar gemaak. Ons sien selfs in wat in die wêreld gebeur, dat sy Woord in vervulling gaan. God is getrou aan sy Woord. Hy voer sy beloftes uit. Daarom kan ons ook hieraan vashou. Ons pad loop uit op die dood. En die dood is nou nie meer 'n verskrikking nie. Dit is die deurgang tot die nuwe en ryke lewe in die paradys van God. "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe!" (Openb. 14)

# 13 Februarie: Moenie skrik vir die dood nie!

Joh. 11:20-27

*"En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het."* (Openb. 2:8)

Johannes skryf die volgende brief in opdrag van die Here Jesus. Hy skryf aan die leraar of voorganger van Smirna en dan dien Hy Homself aan as "die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het." Daarmee sê die Here alreeds iets van die omstandighede van die gemeente. Eintlik toon Hy dat Hy weet wat die gemeente se nood of behoefte is. Só is dit in elke brief.

Ja, die Here weet. Hy sê elke keer: "Ek ken jou werke." Hy ken ook die omstandighede. Aan die een kant weet Hy van swakhede en sondes, maar aan die ander kant weet Hy ook van nood en dreiging. Daarom kom Hy as 't ware tot elke gemeente in die gestalte wat hulle die beste pas. Ook hier is dit so: "Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het." Waarom stel die Here Homself hier so aan Smirna voor?

Dit blyk uit wat volg. Daar is klaarblyklik vir die gemeente nou alreeds nood en veragting, maar daar sal nog groter verdrukking kom. Dit is ook te verwagte as 'n mens dink in hoe 'n stad die gemeente bestaan. Dit is 'n ou en beroemde stad. Selfs die beroemdste van alle Griekse digters, Homerus, was afkomstig uit Smirna. Daarby het rykdomme en weelde nie ontbreek nie. Die grootste eer vir Smirna was egter om bewaakster van die keiserlike tempel te mog wees. In die stad was 'n tempel ter ere van die Romeinse keiser Tiberias. In die tempel is die keiser as god vereer en is vir hom wierook gebrand.

Vir al die verskillende soorte heidense afgodedienaars was die tempel en altaar van Tiberias geen gevaar nie. Hulle het geglo dat 'n mens maar een of meer gode kan dien – dit maak geen verskil nie. Die gode is nie jaloers op mekaar nie. Dit is selfs goed om by al die gode in die guns te bly, dan is jy die veiligste op aarde. Vir 'n Christen is dit egter 'n ander saak. Die God van die Bybel is 'n jaloerse God en Hy verdra nie dat sy volgelinge vir ander gode wierook brand nie. Die Christen weet dat Hy sy Here en Meester verneder en sy heilige Naam onteer indien hy vir die keiser offers sou bring.

Die Christen se moeilikheid is egter dat dit nie altyd 'n saak van eie keuse is om die keiser in sy wierook te gee "wat hom toekom nie", soos die Romeine geglo het. Keiserverering is dikwels gestel as toets vir jou getrouheid aan die staat. Weier jy om vir die keiser te offer, beteken dit uit hulle oogpunt hoogverraad. Dit maak dit gevaarlik om 'n Christen te wees in Smirna. Dit kan maklik jou lewe kos, indien jy weier om die keiser te vereer.

Dan verstaan ons waarom die Here Jesus Homself só bekend stel aan die gemeente. Die keiser kan die liggaam doodmaak en niks meer nie. Jesus, wat dood was en lewend geword het, kan dooies lewend maak. Hy ken sy gemeente se diepste nood en Hy alleen het ook die antwoord daarop. Al sou hulle vir sy Naam sterwe, ly hulle nog geen skade nie. Dit is waar vir elkeen wat in Jesus glo.

# 14 Februarie: Arm en tog ryk

Luk. 6:20-26

*"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is ryk . . .*" (Openb. 2:9)

Daar sien ons nou duidelik waarom die Here Homself aan die gemeente in Smirna bekendgestel het as "die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het." Dit was die grootste behoefte van die gemeente om te weet dat hulle só 'n Here het. Hulle het die dreiging van die dood *geken – aan* alle kante.

Hier is duidelik 'n gemeente wat vervolg is ter wille van hulle geloof in die Here Jesus. Ons sal wel later merk dat die Jode blykbaar hierin 'n hand gehad het. Dit mag wees dat die Romeinse owerheid ook sy deel bygedra het. Sommige verklaarders merk die destydse Romeinse keiser aan as die dier uit die see, van wie Johannes skryf in Openb. 13, omdat hy die Christene vervolg het. Ons kan nou al sê dat hy nie die betrokke dier of Antichris was nie, maar wel 'n duidelike voorloper van die Antichris. Die gemeente is ten bloede toe vervolg – sommige sou selfs die marteldood gesterf het.

As gevolg van die verdrukking sou daar vanselfsprekend ook armoede wees. Die mense kon nie vryelik hulle werk doen nie. Hulle verdienstes het uitgebly. Dit is ook moontlik dat op hulle eiendomme beslag gelê is. Hulle was arm, brandarm – so arm soos 'n bedelaar wil die oorspronklike Griekse woord tuisbring. Hulle is tot die bedelstaf gedwing deur die wrede vervolging van die vyande van die Here. Ook dit is 'n voorbeeld van die groot verdrukking wat vir die kerk van die Here kom. Dan sal niemand wat die Here vrees eintlik op aarde kan bestaan nie.

En dan volg die verrassende wending in die brief – in die vorm van 'n *tussensin:* ". . . maar jy is ryk . . ." Hoe kan dit wees? Ja, dit kan wees. Dit is selfs gewoonlik só. Die mens wat ter wille van die Naam van die Here op aarde verdruk en stoflik uitgeroei word, sodat hy brandarm is, is altyd ryk in die Here. Dit is wel nie aardse rykdomme nie – gelukkig nie – anders kan hulle dit ook maar weer verloor. Die rykdomme van die gemeente lê op 'n ander lewensvlak. Hulle het 'n skat in die hemel waar die mot en roes nie verniel en die diewe nie inbreek en steel nie. Die skat kan 'n mens nooit verloor tot in ewigheid nie.

Die mense kan sê: Die God van die hemel is onse God. Ons behoort aan Jesus Christus – Hy is onse Here. Van God in Christus kan geen armoede en nood ons ooit skei nie. Sy skatte bly ons deel. Dink daaraan: *vrede met God en* vrede *onder* elke omstandigheid – *geloof in die* Almagtige en Barmhartige uit Wie ons elke dag lewe – liefde en genade uit sy hand oorstroom ons. Ja, ons is só ryk dat ons kan aanhou om uit te deel, sonder om ooit gebrek te ly. Eintlik word ons altyd ryker hoe meer ons uitstrooi aan liefdesbewyse. Hoe meer ons vertel van die Here en sy genade, hoe groter word ons skatte aan geloof en kennis en krag.

Só is dit altyd. 'n Christen is ryk. Ons het nooit werklik rede om te kla nie.

# 15 Februarie: Jode – Sinagoge van die Satan

Luk. 11:14-28

". . . *en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan."* (Openb. 2:9)

Die gemeente in Smirna het dit moeilik. Hulle word vervolg en is verarm. Daarby het hulle te doen met die lastering van die Jode. Die lastering is eintlik hier in besonder godslastering. Dit kom daarop neer dat hulle die Christene smaad en verneder. Die Christene maak daarop aanspraak dat hulle die volk van God is, omdat hulle in Jesus Christus, die beloofde Messias glo. Die Jode ontken dat Jesus die verwagte Messias is. Daarom belaster hulle die Christene en maak hulle verdag by die heidene en die owerheid as 'n gevaarlike sekte. Daarom belaster hulle eintlik die Here Jesus self.

Ons moet mooi luister na wat Jesus van hierdie Jode sê. Hy verklaar dat hulle sê dat hulle Jode is, maar hulle is dit in werklikheid nie. Daarmee wil Hy tuisbring: dit gaan nie om die vleeslike afkoms uit Abraham nie, maar om die geestelike verbondenheid met Hom, Jesus Christus. Paulus noem Abraham die vader van almal wat glo in Rom. 4. Daarmee bedoel hy duidelik almal wat glo in Jesus Christus as die Messias. In Rom. 9 verklaar hy selfs: ". . . want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word. Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag."

Dit is tog duidelik dat alreeds in die Ou Testament alleen ware gelowiges geestelik kinders van Abraham is. In die Nuwe Testament kom dan aan die lig dat die geloof in Jesus Christus alleen ons kindskap kwalifiseer. Maar dan moet ons goed onthou dat by ons ook nie almal, wat in die verbond gebore is en die teken van die verbond in die doop ontvang het, ware kinders van Abraham is nie. Nee, alleen die ware gelowiges is kinders.

En dan sê die Here 'n verskriklike ding van hierdie Joodse lasteraars: hulle is 'n sinagoge van die Satan. Die Jode het die Here self eers uitgestoot uit die sinagoge en verwerp. Daarna het hulle sy dissipels vervolg. Voortgaande het hulle in die heidenlande die bevolkings en owerhede opgestook teen die Christene. Hulle het hul belaster en bewerk dat hulle vervolg en gedood word.

Nee, sê die Here, hulle is nie meer Jode nie. Hulle is nie meer die volk van God nie, maar hulle word besiel en gelei deur die Satan self – die groot bestryder van God en sy ware volk. Die Here kies die naam Satan en koppel dit aan die Jode, om die prinsipiële en volstrekte teenparty van God en sy volk aan te dui. Die teëstelling is so volstrek moontlik – die Jode het die teenoorgestelde geword van wat hulle moes wees. Hulle is nie meer 'n volk of gemeente van die Here nie, maar 'n saamgeraapte menigte, of sinagoge van die Satan.

Dit kan nie alleen die verharde Jode wees nie, maar elkeen wat aan die verbond ontrou is en dan 'n vyand van Jesus Christus en sy kerk word. Daarom, laat ons nie hoogmoedig wees nie, maar liewer vrees. (Rom. 11). Ons kan dalk ook, soos die Jode, 'n "kerk" van die Satan wees.

# 16 Februarie: Wees getrou tot die dood toe

Matt. 24:4-14

" *Vrees vir niks wat jy sal ly nie.. .julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."* (Openb. 2:10)

Die gemeente van Smirna sal ly, sê die Here. Dit is vanselfsprekend. 'n Gemeente wat getrou is, word verdruk en vervolg in die wêreld. Dit het die Here Jesus al vooruit aan sy dissipels gesê: "As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie . . . daarom haat die wêreld julle." (Joh. 15:19).

Die duiwel gaan sommige van hulle in die gevangenis werp, sê die Here, sodat hulle op die proef gestel kan word. Die duiwel wil die vervolging en nood gebruik om hulle los te ruk uit die hand van die Here. Sy doel is om hulle geloof te ondermyn en hul ankerloos te laat. Maar die Here gaan die verdrukking gebruik om hulle op die proef te stel. Dan is dit vir hulle ten goede. Lyding word vir die gelowige die smeltkroes waarin hy gelouter word. Sy Here het geen behae in 'n goedkoop geloof nie, maar in 'n gelouterde geloof.

Die verdrukking, sê die Here, sal tien dae lank duur. Dit lyk nie te erg indien 'n mens dit letterlik opneem nie. Ons kan egter wél aanneem dat dit nie letterlik bedoel word nie. Dit is in die aard van die boek Openbaring om simboliese getalle en beelde te gebruik. Een ding is duidelik – dit sal vir 'n bepaalde vasgestelde of afgeronde tyd duur. Op die bestemde tyd sal dit beëindig word. Ook die duiwel kan net aanhou met sy verdrukking solank die Here dit toelaat. Dink maar aan die geskiedenis van Job. Hy is letterlik in die hand van die Satan oorgegee – só lank dit God behaag het. Só sal daar ook weer 'n einde kom aan die verdrukking van die kerk in Smirna.

Hoe moet die gemeente die verdrukking sien en hoe moet hulle hul daaronder gedra? Allereers sê die Here: "Vrees vir niks wat jy sal ly nie" Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want selfs die hare van julle hoof is almal getel. "As jy deur die water gaan, is Ek met jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie." (Jes. 43). Want die Here is met jou. Wees dan nie bevrees nie.

O, as ons dit tog maar altyd kan onthou, dan sal ons baie minder vrees vir die toekoms.

Verder sê die Here: "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." Gelukkig is dit vir ons só – die wenpaal waarna ons mik is die dood. Die dood staan daar as 'n baken en ons stry en worstel en werk daarheen – na die dood toe? Nee, na die lewe toe, want die dood beteken vir die kind van die Here nie vernietiging nie, maar hy word bekroon met die lewe. Die ware lewe, in sy ryke en volmaakte volheid, wag eers na die dood. Dit is die lewe wat onse Here vir ons verwerf het. Daarom is dit waarlik nie die ergste om getrou te wees tot die dood toe nie! Dit is veel erger om in die dood van sonde en misdade te bly al geniet 'n mens rus en vrede op aarde.

## 17 Februarie: Die tweede dood magteloos

Openb. 20:11-15

*"Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."* (Openb. 2:11)

Die apostel Paulus sê in Ef. 6: "Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Dit is geen wonder dat ons nie 'n oomblik sou kon staande bly, indien God ons nie bewaar nie. Ons leef in 'n besoedelde geestelike atmosfeer. Ons asem as 't ware duiwels in, só is ons deur hulle omring. Gedurig is ons gewikkel in die worstelstryd. Die wyse en verstandige Christen hou rekening met al sy onsigbare vyande en hy soek sy krag ootmoedig by die Here – anders sou niemand ooit kan oorwin nie.

Vir die oorwinnaar wag daar 'n prys, en wat 'n prys! "Die wat oorwin sal deur die tweede dood geen skade ly nie." 'n Mens kan wel vra: maar wat dan van die eerste dood? Ongelukkig is ons aardse wesens dikwels meer begaan oor die eerste as oor die tweede dood. Uit ons oogpunt besien, is die eerste dood die dag wanneer ons liggaamlik sterwe. Nêrens belowe die Here dat ons die dood sal vryspring nie. Gelukkig het Hy die dood vir ons oorwin, toe Hy gesterf en weer opgestaan het. Daarom is die dood vir ons nie meer 'n verskrikking nie. Die tweede dood is egter gans iets anders.

"Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom." (Luk. 12). Daar sien ons duidelik die verskil tussen die eerste en die tweede dood. Die tweede dood is die ewige verderf in die hel. Ons kan dit ook die ewige dood noem. Dit beteken dat die verloregaande mens vir ewig sterwe sonder om ooit klaar te kry. Hy is vir ewig absoluut geskei van die Fontein van die lewe. Ja, die hel is daar. Mense kan hom nie wegdink of wegspot of wegswyg nie. (Openb. 20:14, 15).

Die tweede dood eis sy slagoffers – die ongelowiges en lasteraars en spotters ens. Vir ewig afgryslik is hulle lot. Maar die oorwinnaars in die koninkryk van Jesus Christus het niks te vrees van die hel nie. Hy gaan die dood in – die eerste dood om sy oë oop te maak in die ewige heerlikheid. Dit is 'n heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.

Daarom, bly naby die Here! Stry die goeie stryd! Volhard in die stryd tot die einde toe!

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê..."

# 18 Februarie: Die skerp tweesnydende swaard en Pérgamus

Hebr. 4:1-13

*"En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het . . .*" (Openb. 2:12)

Die manier waarop die Here Homself bekendstel aan die gemeente in Pérgamus hou iets dreigends in. Indien enigiemand met 'n swaard in die hand op jou aantree, dan weet jy dat daar moeilikheid is. Gewoonlik skrik jy – hoeveel te meer sal jy skrik vir die Koning van die konings en die Here van die Here, indien Hy op jou afkom met 'n skerp twee-snydende swaard? Die swaard is weerskante geslyp en skitter in die son.

Uit Openb. 1:16 weet ons dat die swaard uit sy mond uitgaan. Ons kan ook wel uitmaak dat die swaard 'n simboliese voorstelling is van die heilige Woord van God. "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." (Hebr. 4:12). Ook Paulus noem die woord van God, die swaard van die Gees in Ef. 6.

Vanselfsprekend het onse Here nie 'n werklike swaard nodig om sy doel te bereik nie. Sy woord is skeppingsmagtig – Hy spreek net en dit het geskied. Om dit te verbeeld gaan die swaard uit sy mond uit – 'n mens praat immers met jou mond. Wanneer Jesus Christus, wat dood was en lewend geword het, maar net sy mond oopmaak en sy oordeelswoord uitspreek, dan vergaan die mensdom.

"En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het." Ag, Pérgamus en elke gemeente en elke Christen moet dit altyd onthou: die woorde van Jesus Christus is die woorde van die ewige lewe. Maar dit is ook die woorde wat vir elkeen, wat dit hoor en nie doen nie, die ewige dood beteken. Wie voor Jesus se woorde, en daarmee voor Homself buig, het die ewige lewe. Wie egter nie wil buig nie, maar sy rug styf maak en sy hart verhard, word deur dieselfde woord van Jesus Christus verpletter.

Indien die gemeente in Pérgamus enigsins nog iets van 'n gewete het – indien hulle die sintuig van sondebesef besit – sou hulle weet dat die Here iets teen hulle het. Daarom stel Hy Homself só aan hulle bekend. Pasop hoorder van My Woord! Jy moet ook 'n dader daarvan wees, anders gaan die Woord dien tot jou oordeel!

En Pérgamus is nog 'n gemeente van Jesus Christus. Hulle is nog sy amptelike kerk. Daar word nog gebid en gesing en gespreek in Pérgamus. Moontlik is daar selfs uitwendig nog mooi dinge, mooi kerke en pragmense wat vroom praat en lang gesprekke uit die Bybel kan hou. Ja, wie weet? En tog ... en tog . . .

Daar kom 'n swaard aan na Pérgamus! En die swaard word hanteer deur hulle Here, wat aan die kruis vir hulle gesterf het! En die swaard gaan hard en meedoënloos dood en verderf saai. Bekeer julle, Pérgamus! En ook ek moet my bekeer – en jy my vriend!

# 19 Februarie: Die troon van die Satan

Rom. 1:22-32

*"Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is."* (Openb. 2:13)

Die gemeente van Pérgamus woon in 'n vreeslike plek. Het jy gehoor? Die Here sê dit is waar die troon van die Satan is. Pérgamus moes 'n verskriklike plek gewees het. Hy was dit ook. Daar was letterlik 'n sametrekking van alle soorte afgodery van daardie tyd. Die populêre Asiatiese gode is daar vereer. Die Griekse kulturele afgode was goed bekend en hoog in eer. En die Romeinse keiser het ook daar sy tempel gehad en sy verering ontvang. Veral Asclepius "die Redder" was in aansien in die tyd toe hierdie brief geskryf is. Hy was 'n god met sg. geneeskrag en die slang was sy simbool. (In die Bybel is die slang die simbool van die Satan.) Ja, daar was toe alreeds Satanaanbidders – nie alleen vandag nie. Ek wonder of die Satan sy troon alleen in Pérgamus gehad het. Sit hy nie ook maar vandag ten troon in die wêreld waarin ons leef nie? Satan word in die grote wêreld wél in ere gehou – en die Here?

Ons moet goed onthou dat die inwoners van Pérgamus meesal nie eens geweet het van die bestaan van die Satan nie. En tog het hy oor hulle geregeer met 'n ystersepter. Die begrip *troon* stel sy volle vrye heerskappy voor. Hy het vrye teuels in Pérgamus gehad – niks en niemand het hom verhinder om onbelemmerd oor die inwoners te heers nie. Hy het daartoe al die soorte van afgodery gebruik. Hy het gespeel op die snare van die begeertes en bygelowe, en selfs op die verstand van die wysgere. Elke ding het hy gebruik. Listig en geraffineerd het hy te werk gegaan, sodat selfs in die kringe van die gemeente satanswerke gedoen is.

Ons lees selfs dat Antipas die getroue getuie van die Here gedood is in Pérgamus, "waar die troon van die Satan is". Indien die Satan vrye hand sou hê, huiwer hy nie om belyders van die Here te vermoor nie. Hy kan dit nie verdra dat mense sy heerskappy verwerp nie. Waar Satan heers is daar geweld en vervolging. Daar is ook bedrog en verdorwenheid en verleiding. Só 'n plek het sy oormaat van afgodedienaars en owerspelers wat mekaar se liggame verontreinig en die heilige huwelik verag. Gepaard daarmee was hier in Pérgamus ook nog die verering van die oppermagtige staatsgesag, waarvoor elke knie moes buig. Waarlik die Satan het in Pérgamus ongehinderd sy septer geswaai . . .

Die troon van Satan!! Sien ons nie sy onbelemmerde heerskappy in Moskou en Peking, in Oos-Europa en Agter-Indië nie? Kan ons egter Wes-Europa en Amerika uitsluit? Soms regeer hy met geweld en soms met lis. Hy verower teologiese skole en kerke. Hy rysmier staatsinstellinge en arbeidersorganisasies. In die V.V.O. en Wêreldraad van Kerke is hy besig om sy gesag te vestig. In staatkunde en politiek is hy bedrewe. Sielkundig kan jy hom niks leer nie en natuurwetenskaplik is hy goed onderlê. Op sy terrein is hy 'n kunstenaar en 'n kunskenner by uitnemendheid – en hy neem die ganse kunstenaarskorps speel-speel op sleeptou.

Die troon van Satan is ook gevestig in Pretoria en Johannesburg en Kaapstad en – waar ontbreek sy heerskappy nog?

## 20 Februarie: Jy hou vas aan My naam

2 Tim. 3:10-17

*"En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon."* (Openb. 2:13)

Die gemeente van Pérgamus woon in 'n gevaarlike stad. Die Satan woon daar – hy het selfs sy troon daar. Die Christene is klaarblyklik in die nabye verlede bloedig vervolg. Selfs een van die getroue getuies van Jesus Christus is doodgemaak deur die mag en op aanstigting van die Satan. In Pérgamus was dit derhalwe gevaarlik om aan Jesus se Naam vas te hou en die geloof in Hom te bely – dit mag jou lewe kos. En tog sê die Here die mooi ding van sy gemeente in Pérgamus: "En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie." Só 'n getuienis is nie alleen 'n verkwikking vir Pérgamus nie, maar ook vir die kerk van alle eeue. Ek persoonlik verbly my daarin dat dit gesê kan word van Christene in die wêreld, want dit vertel nie in die eerste plek hoe sterk en getrou mense is nie, maar hoe goed en genadig die Here is. Dit is tog in die eerste plek die Here wat in nood bewaar en Vashou, ondanks ons menslike swakhede. Die Here is ook my Here en u Here en die Here van elkeen wat glo.

Hierteenoor is dit merkwaardig dat die Here nie in die eerste plek sê: "Ek hou jou vas en bewaar jou in die geloof" nie. Nee, dit is bloot: "Jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie." Ons kan hier byvoeg: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg! Oor weinig was jy getrou – oor baie sal Ek jou aanstel!"

Die Here beskerm sy eie eer en wee elkeen wat sy Naam ontheilig of belaster! Maar Hy gee ook die eer aan sy getroue diensknegte. Hy prys hulle vir hulle getrouheid en ywer. Hy beloon hulle selfs daarvoor – al is dit 'n genadeloon.

Vir ons beteken dit selfs meer as dit. Die Here erken en beskerm ons eer as verantwoordelike mense, wat geskape is na sy beeld en gelykenis. Ons moet luister en gehoorsaam. Ons moet kies vir Hom en sy eer. Ons moet glo in Hom uit Wie ons die saligheid ontvang. Daartoe roep Hy ons op in sy Woord – en, sy Woord maak sy wil aan ons bekend. Daarom kan Hy sê: *"Jy* hou vas aan my Naam . . . *Jy* het die geloof in My nie verloën nie."

En tog gee elke ware gelowige, vir alles wat hy is en het, die eer uiteindelik alleen aan die Here. Ek glo omdat Hy my die geloof gee en ek volhard omdat Hy my vashou. "Soli Deo gloria . . ." sê Calvyn. "Aan God alleen die eer!" Ook hier kan ek maar net sê dat dit my verstand te bowe gaan. Dankie Here dat U my vashou, sodat ek kan vashou!

Daarom is ek só bly dat die soort dinge van mense gesê word. Ek is só bly dat mense in die grootste nood en felste vervolginge vashou aan die Naam van die Here en die geloof nie verloën nie. Waarom? Omdat ek bang is vir myself – ek vertrou myself nie. Maar ek weet dat ek die Here kan vertrou. Die Here van Pérgamus is ook my Here!

# 21 Februarie: Ek het enkele dinge teen jou

Matt. 18:1-11

*"Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp . . ."* (Openb. 2:14; 15)

Ons het alreeds by die behandeling van die brief aan die gemeente van Éfese kennis gemaak met die dwaalleer waarna die Here hier verwys. Die mense word ook Nikolaïete genoem, volgens vers 15. Hulle probeer om die Christendom en die heidendom te vermeng, soos ons alreeds gesien het. By Éfese het die gemeente die leer van die Nikolaïete gehaat – hier in Pérgamus word hulle in die gemeente verdra en tree die kerk nie op teen hulle dwaalleer nie. Dit is wat die Here teen Pérgamus het.

"Ek het enkele dinge teen jou." Dit lyk asof daar nie baie verkeerd is in die gemeente nie – net maar enkele dinge, maar dit is nie gering in die oë van die Here nie. Om twee redes is die sonde van die dwaalgeeste baie ernstig. In die eerste plek is dit 'n gevaarlike opvatting. Dit is 'n struikelblok vir die gemeente – en dan sou dit beter wees indien 'n meulsteen om sulke mense se nek gebind en hulle in die diepte van die see gewerp word, eerder as om een van die kleintjies in die gemeente te laat struikel.

Maar dit is ook ernstig, omdat die aanhangers van die leer van die Nikolaïete, nie maar in 'n onbewaakte oomblik gestruikel het en 'n onverantwoordelike opinie kwytgeraak het nie. Nee, sê die Here, hulle hou vas aan die ondermynende leer. Hulle volhard in die kwaad – en dit kan die Here nie verdra nie. Dit het Hy teen die gemeente dat hulle die verkeerde dinge binne die gemeente duld. Die mense behoort aan die gemeente en word toegelaat om binne die gemeente hulle ondermynings-werk voort te sit, terwyl hulle, soos Paulus in 1 Kor. 5 sê, die ou suurdeeg moet uitsuiwer. Hulle moes die kerklike tug toepas en die mense uit die gemeente verban – daartoe besit 'n kerk tog die sleutels van die hemelryk. (Matt. 16:19; Joh. 20:23).

By die toepassing van die kerklike tug kom daar twee vereistes ter sprake voordat 'n kerkraad optree met die tug. Hulle moet eerstens met 'n openbare sonde te doen hê, soos hier baie duidelik die geval is. Die Nikolaïete propageer hulle dwaalleer openlik. Maar die sondaar moet tweedens ook in die openbare sonde volhard en ook dit is hier baie duidelik aanwesig, want hulle hou vas aan die leer, sê die Here.

Só ernstig is hierdie slap houding van Pérgamus in die oë van die Here dat Hy waarsku: "Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond." Die sonde is gruwelik voor Hom en as 'n mens dit verdra, om watter rede ook al, dan haal dit sy toorn oor die ganse gemeente. . . Daarom, wees wakker en waaksaam opsieners van 'n kerk van die Here. Hy duld nie die slappe verdraagsaamheid van dwalinge in sy kerk nie.

# 22 Februarie: Die verborge manna

Matt. 6:30-34

*"Aan hom wat oorwin sal Ek gee om te eet van die verborge manna . . .*" (Openb. 2:17)

Die gelowiges in Pérgamus is ook, soos elders, betrokke in die worstelstryd teen die Bose en sy bondgenote. Hulle sou dit veral moeilik hê in só 'n gemeente, waar 'n bepaalde slapte heers, omdat gevaarlike dwaalleraars in die gemeente geduld word. Dit maak dit uiters moeilik vir kerklidmate om te weet wat reg is en daarin te volhard, indien die kerklike leiers nie die pad aandui, deur nougesette en besliste leiding en optrede nie.

Tot hierdie strydende gelowiges sê die Here; "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee." Hy sê dit aan almal wat ook ag gegee het op sy oproep: ‚Bekeer jou . .." Elkeen wat hom bekeer is immers op die pad van oorwinning. Ware bekering is die teken daarvan dat die Heilige Gees in jou woon en werk – dan is jy in beginsel reeds 'n oorwinnaar, want die Gees laat nie vaar die werk van sy hande nie.

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna." Soos só dikwels in die boek Openbaring het ons ook hier 'n terugverwysing na die Ou Testament. 'n Mens dink dadelik aan die manna waarmee die Here die volk Israel in die woestyn gevoed het. Dit is brood uit die hemel. Waarom word dit *verborge* manna genoem? Sommige meen dat dit daarop sien dat die profeet Jeremia, volgens Joodse oorleweringe, die ark, waarin ook 'n kruik met manna bewaar is, êrens weggesteek het toe Nebukadneser die tempel verwoes het. Dit verwys dan, sê hulle, na die verborge manna in die verborge ark. Ons stem egter nie daarmee saam nie.

Ons sou liewer wou sê dat die manna 'n voorstelling van die genietinge van die gelowige is, wat vir elke ongelowige mens 'n verborgenheid is. Ons sal dit nie begryp voordat ons dit belewe nie. Alreeds in die woestyn was die manna 'n onverklaarbare geheim. Die volk Israel het verwonderd gevra: "Wat is dit?" Één ding is egter duidelik – God het sy volk daarmee gevoed. Vir veertig jaar kon hulle, in die barre en verlate woestyn, onbesorg lewe van hierdie "brood uit die hemel."

Dit sal elkeen, wat oorwin en die heerlikheid ingaan, in veel ryker mate ondervind. In al ons behoeftes sal vervul word, want onse Here sal die ware lewe van sy getroue diensknegte voed en onderhou tot in ewigheid. Hierdie sorg van die Here is verborge – onbegryplik -, want dit is Goddelik, wonderbaar en heerlik. Ons dink onwillekeurig aan die uitspraak van Paulus, wanneer hy die hemelse heerlikheid beskryf as 'n heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.

Dink daaraan wanneer u vader of moeder, u man of vrou of kind, die laaste asem uitblaas; en wees getroos. Onthou dit ook wanneer uself, moeg gestry en afgeleefd, voor die poorte van die dood staan. Anderkant die donker poort wag die verborge manna.

# 23 Februarie: 'n Wit keursteen en 'n nuwe naam

Openb. 7:9-17

". . . *en Ek sal hom gee 'n wit keursteen en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."* (Openb. 2:17)

Die Here Jesus is nog besig om te vertel van die beloning van die oorwinnaar in die goeie stryd. Hy het al gepraat van die verborge manna – wat die onbekommerde en onverganklike sorg van die Here in die ewige heerlikheid versinnebeeld. Nou gaan Hy voort deur te sê: ". . . Ek sal hom gee 'n wit keursteen." Ook dit wil simbolies iets van die onverganklike heerlikheid van die oorwinnaar voorstel.

Elke oorwinnaar wat in die heerlikheid aankom, is in alle opsigte 'n juweel, want die keursteen is 'n voorstelling van die wese van die persoon self. Die kleur van die juweel is wit – hy is geheel-en-al rein en volkome heilig – hy is gewas in die bloed van die Lam van God. Só sien ons elders die oorwinnaars, 'n groot menigte wat niemand kan tel nie, "bekleed met wit klere." (Openb. 7:9). Onverganklik en duursaam is hierdie juwele voor die troon van God – hulle straal nou self die skitterglans van hulle heilige bestaan uit voor die Here en sy engele. Mense verlore in sonde en misdade, wat uit die afgronde van onreinheid geruk is deur hulle genadige Meester leef nou vry van skuld en verganklikheid in wese en bestaan. Loof die Here, o my siel!

En nog is dit die einde nie! "En op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang." Uit wat ons alreeds oor die keursteen gesê het, is dit duidelik dat elke oorwinnaar duursaam en onveranderlik 'n nuwe naam ontvang, want hy is self die keursteen. En dan wil die Here tuisbring hoe onverganklik heerlik die naam is, deur te sê dat niemand dit ken nie, behalwe hy wat dit ontvang. Dit dui op 'n geheel nuwe en hernude bestaan van almal, maar tog is daar aan elkeen ook sy eie identiteit, in onderskeiding van al die ander, gegee. Die ontelbare menigte wat verlos word, is nie maar 'n naamlose massa nie, maar is persone met hulle eie innerlike en persoonlike karakter, wat alleen hulleself waarlik ken.

Spreek dit u ook aan soos vir my? Ek weet dat ek – my eie en mees innigste persoonlikheid nie uitgewis sal word nie, maar vernuut en verheerlik sal word, wanneer ek die heerlikheid ontvang. Ek sal 'n nuwe mens wees, maar ek sal nog *ek* wees. Al die dinge wat my bedroef en verontreinig – ook my eie sondige en onreine gedagtes en begeertes sal weg wees. Volkome nuut sal ek staan voor my Verlosser, maar ek sal nog *ek* wees.

Is dit nie die een ding wat u ook bangmaak vir die dood nie? *Ek* hou op om te bestaan – *ek* sterwe en word prysgegee aan die verrotting. *Ek* word verteer in die graf en vergaan tot stof. Dit is die groot verskrikking van die dood.

Gelukkig sê die Here hier dat dit nie die uiteinde is nie. Die uiteinde is 'n wit keursteen en 'n nuwe naam. En *ek* leef voort in onverganklike heerlikheid.

## 24 Februarie: Onthou met wie jy te doen het!

Jes. 6

*"En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire: Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper."* (Openb. 2:18)

Die Seun van God, met sy oë soos 'n vuurvlam en sy voete soos blink koper, voorspel hier iets, wat onheilspellend is, vir die gemeente. Hoe ontstellend gebroke en onheilig is die beeld van die kerk van die Here tog nie! Ook hier in Thiatire is só weinig bemoedigend en soveel verkeerde dinge wat die Here sien met sy oë wat soos 'n vuurvlam is. Hy is immers alwetend en sien elke ding, ook al weet geen ander mens daarvan nie. En sy voete soos blink koper wil ook tuisbring dat Hy die wynpers van sy oordeel kan trap. "Wee my, ek is verlore! Want ek is onrein van lippe en ek woon onder 'n volk wat onrein van lippe is . . ." (Jes. 6).

Thiatire is 'n gemeenskap met 'n Griekse agtergrond. Sedert die stad in die derde eeu v.C. herbou is deur Seleucus, het soldate en hulle nakomelinge 'n groot deel van die bevolking uitgemaak. Die stad het deur die jare heen ontwikkel tot 'n woon- en werkplek van allerhande soorte ambagsmanne. Hulle het mettertyd min of meer almal hulle gildes of vakverenigings gehad – elkeen met sy eie beskermgod. Dit was destyds alreeds van belang om aan 'n vakbond te behoort vir jou eie voordeel, indien jy 'n bepaalde ambag beoefen. Dan moet jy, ter wille van jou brood, ook gewoonlik meedoen aan die afgodiese praktyke.

Teen die agtergrond gesien, kan ons begryp dat die gemeente baie probleme gehad het. Hoe groot die gemeente was, weet ons nie. Ons weet selfs niks van sy ontstaan en verdere geskiedenis nie. Ons weet alleen dat daar een van die sewe gemeentes in Asië was. Hulle moes, as gemeente van Jesus Christus, hulle Christelike roeping uitleef in 'n gekompliseerde samelewing. Dit is nou eenmaal waar: Jesus Christus neem nie sy volgelinge weg uit die wêreld nie – hulle moes selfs woon en werk en hulle Christelike roeping vervul in 'n plek waar die troon van Satan is. (Vers 13).

Hulle moes egter altyd onthou dat hulle Here hulle ken en sien.

Elkeen wat sy Naam verloën voor die mense, sal Hy ook verloën voor die engele van God. So was dit in Thiatire en só is dit vandag in die s.g. vrye Weste. Daar is vakbonde en verenigings en politieke partye en koöperasies en watter soort assosiasies jy ook al aan kan dink. Ook Christene is betrokke in al die soort dinge en – hulle Koning sien hulle. Sy oë is soos 'n vuurvlam. Sy voete is soos blink koper – gereed om die wynpers te trap.

Gelukkig is ook die keersy waar, soos blyk uit die brief. Hy sien ook die moeisame stryd om sy eer en Naam – dikwels deur skade en skande heen en Hy prys dit. En voor wag die genadeloon. Daarom, moenie moeg word en moedeloos toegee aan die gees van die tyd nie. Hou die oë gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Dan sal u ten bloede toe weerstand bied teen die sonde wat ons só maklik omring.

# 25 Februarie: Liefde en diens

Rom. 13:8-14

*"Ek ken jou werke en liefde en diens.'"* (Openb. 2:19)

Só skryf die Here verder aan die gemeente in Thiatire. Hy ken hulle werke. Hy het immers oë soos 'n vuurvlam, wat nie alleen aan die buitekant sien nie, maar ook die gesindhede van die hart ken en beoordeel. En dan som Hy die werke verder op as: *liefde* en *diens* en *geloof* en *lydsaamheid.* Ja, Thiatire het rede om te skrik, want daar is baie verkeerd, maar die Here sien ook die ware en goeie raak en Hy prys hulle daarvoor. 'n Verklaarder merk op dat die Here by die gemeentes, waar baie verkeerd is, die sonkant nie alleen raaksien nie, maar selfs meer benadruk as by die waar Hy weinig foutvind. Hoe sou 'n gemeente ook anders moed kan hou? En ek . . . en jy?

Soos gewoonlik begin die brief met die uitdrukking: "Ek ken jou werke." Daarop volg dan 'n opsomming van die werke en allereers sien Hy hulle *liefde* en *diens* raak.

*Liefde* is die innerlike gesteldheid. Dit lê die nadruk op die gesindheid van die hart. Dit is die bron wat die krag voorsien om na buite dinge te doen – diens te verrig. Die liefde is só opmerklik dat dit selfs voor die geloof genoem word. Normaalweg is liefde immers 'n vrug van die geloof – daarom noem Paulus die geloof gewoonlik eerste. (1 Thess. 1:3; 3:6; 5:8 – om maar net na een van Paulus se briewe te verwys). Liefde is in elk geval die grootste vrug van die geloof: "En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde." (1 Kor. 13) Sonder liefde kan die kerk nie bestaan nie maar waar die liefde woon is daar lewe en groei. Die Here sien die liefde selfs as 'n kenteken van ons dissipelskap. "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

Die Here sien dit. By die gemeente is daar liefde – liefde vir hulle Here en vir mekaar. Dit is selfs hier andersom as by Éfese, waar hulle die eerste liefde verlaat het. Hier is die laaste meer as die eerste, sê Hy. Die mense het toegeneem in die liefde en daarom ook in die diens, geloof, gehoorsaamheid en lydsaamheid. Liefde wek liefde – by jouself en by jou medemens. Dit word 'n dryfkrag en besieling wat deur niks op aarde gestuit kan word nie.

Daarom is liefde en diens onlosmaaklik aan mekaar verbind. *Diens* bring die liefde aan die lig. Dit baat nie om te sê: "ek het lief" en dan niks te doen aan die nood of behoefte van jou medemens nie. Dit baat ook nie om te sê dat jy die Here, wat jy nie sien nie, lief het; terwyl jy jou medemens, wat jy sien, haat nie, sê die apostel Johannes.

Aan die ander kant is daar ook baie diensbetoning in die wêreld wat nie sy wortel in die liefde tot die Here het nie. Daar is allerlei ander motiewe aan die werk – gewoonlik eiebelang. Dit kos genade, besondere genade om onbaatsugtig lief te hê en te dien uit die suiwere wortel van die liefde. Beproef jou liefde en jou diens.

# 26 Februarie: Geloof en Lydsaamheid

Rom. 5:1-11

*"Ek ken jou werke . . . en geloof en jou lydsaamheid."* (Openb. 2:19)

Die gemeente van Thiatire openbaar nog verdere werke waarin die Here Hom verbly – afgesien van liefde en diens. Die Here ken ook hulle *geloof* en *lydsaamheid.*

Ons kan byna sê dat die Here hulle sonder geloof nie sou geken het nie. Hy sou hulle in elk geval nie in liefde geken het nie, maar in toorn. Alleen deur die geloof het ons vrede by God in Christus onse Here. Dan ken Hy ons en sien ons aan in sy onbegryplike genade. En Hy kom ons ook in ons kleingeloof tot hulp. Vreeslik sou dit wees indien hierdie gemeente die geloof in Jesus sou verloor. Gelukkig glo hulle nog.

Wanneer die Here praat van die geloof van die gemeente, dan bedoel Hy klaarblyklik die geloofsbeoefening waarin hulle toon dat hulle glo – hulle geloof tree aan die lig. Hulle geloof blyk daaruit dat hulle aan die Here vashou en erns maak met sy Woord.

Daarom is die verbinding van geloof en lydsaamheid hier so mooi. Ondanks moeite en teëstand hou hulle vas aan die Naam van die Here. Lydsaamheid beteken volharding onder druk – uithou en aanhou. Dit is die openbaring van geloofskrag in die wêreld. Daarom sê Paulus: "Omdat ons dan uit die *geloof* geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus ... en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. En nie alleen dit nie, maar ons *roem ook in die verdrukkinge,* omdat ons weet dat die verdrukking *lydsaamheid* werk, en die lydsaamheid *beproefdheid* en die beproefdheid *hoop . . .*" (Rom. 5:3, 4).

Glo in Jesus Christus en jy het vrede met God, onder alle omstandighede. Dit is 'n vrede wat deur geen nood of verdrukking op aarde weggeneem kan word nie. Vrede met God beteken dat jou geloof so iets soos 'n sterwe aan kanker en 'n marteldood, kan verwerk, sonder dat die geloof daardeur skade ly. In werklikheid bring die lydsaamheid of volharding juis nuwe bronne van krag en blydskap na vore, sodat jy, soos Paulus sê, *roem in die verdrukkinge.* Jy weet dat die Here nou besig is om met jou ten goede te werk.

Vanselfsprekend is dit vir vlees en bloed nie maklik nie. Ons leef egter uit 'n onuitputlike Bron van krag en dit is onse Here in Wie se almagtige hand ons elke oomblik is. Ons vyande is magtig en ons loop soms teen ondeurdringbare mure was, maar ons Middelaar het gesê: "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld!" (Matt. 28). En sy beloftes voer Hy uit. Ons sien dit juis ten duidelikste in soveel Christene wat deur die eeue heen die pad van lydsaamheid afgeloop het. Dink aan Stéfanus die eerste Christenmartelaar: "En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees . . . Here reken hulle hierdie sonde nie toe nie!"

By die martelaar, Stéfanus, sien ons geloof en lydsaamheid, gepaar met die kosbare pêrel van die liefde. Hy het waarlik lief, daarom bid hy nog vir sy beuls. Hierdie gesindheid het ons, ook in ons verwarde tyd, baie, baie nodig.

# 27 Februarie: Die vrou Isèbel

1 Kon. 16:29-34

*"Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isébel, wat haarself‹« profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet."* (Openb. 2:20)

In die gemeente van Thiatire was daar 'n vrou – klaarblyklik 'n invloedryke mens. Sommige meen selfs dat sy die vrou van die leraar kon wees. Sy noem haarself 'n profetes. Sy sou selfstandige openbaringe ontvang van die Heilige Gees en staan derhalwe in haar eie oë bokant die predikant en ouderlinge. Hulle moet na haar luister – vanselfsprekend die gemeente ook. Haar naam is Isébel. Dit mog haar werklike naam gewees het, maar ons kan met gerustheid aanvaar dat ons ook hier 'n simboliese naam het in ooreenstemming met die simboliek van die profetiese aard van die boek Openbaring.

Uit die geskiedenis is bekend Isébel, die vrou van Agab, die koning van Israel in die dae van die profeet Elia. Ons hoef nie verder te soek na die simboliek agter hierdie naam nie. Isébel die destydse koningin van Israel, was 'n Sidoniese prinses, wat dit as haar lewensroeping gesien het om die afgodediens van haar vaderland – die diens van die Baäls en Astarte, gepaard met die seksuele uitspattinge daaraan verbonde by die volk van die Here in te voer. Sy het nie gehuiwer om die profete van die Here uit te roei nie. Die Isébel van Thiatire was 'n geesgenoot van die Isébel, die vrou van Agab. Sy verlei die diensknegte van die Here om te hoereer en afgodsoffers te eet. Ook in Thiatire het die seksuele onreinheid en afgodery hand aan hand gegaan.

Die sogenaamde profetes van Thiatire het ook 'n goeie aanknopingspunt gehad om haar verleidinge soveel aantrekliker en aanneemliker te maak. Ons het alreeds daarna verwys, dat die inwoners van die stad aan hulle vakbonde behoort het en elke vakbond het sy beskermgod vereer. Die profetes se advies aan die Christen ambagsmanne sou dan wees: "Moenie uit jou vakbond bedank nie – anders kan jy nie jou brood verdien nie. Jy glo mos nie in afgode nie, waarom sou jy jou dan onnodig skade aandoen. 'n Afgod is niks. En woon maar hulle partytjies by – ook ter wille van jou brood. En moet ook nie te nougeset wees nie. Jy kan jou tog nie losmaak uit die wêreld nie. Doen mee dan kom jy êrens in die wêreld." En dan hoereer hulle en eet hulle afgodsoffers met 'n *goeie gewete,* want die profetes het gesê dat dit reg is. . .

En dan hoor ek Isébel van die twintigste eeu se verleidelike stem ook Sy leef vandag ook nog maar. Die kuns- en kultuur- en geldafgode is op die troon in die wêreld. En 'n *mondige* mens het al die inhibisies van die voorvaders ontgroei. Alles wat in die naam van kuns en kultuur aangebied word, is goed. Dit is alleen maar naïewe en preutse, verkrampte wesens wat dit nie weet nie. Naaktheid en kamertonele in die toneel en skouburg – ons is *mondig* genoeg om dit te aanvaar. En al die "mooi" dinge in die kuns – die werklikheid in sy afskuwelikheid – ons is *volwasse* genoeg om dit te waardeer sonder om self skade te ly. Dwase mens tog!

As ek ons samelewing bekyk, dink ek aan die vermaning van die Here in 18:4: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Isébel en die groot stad Babilon, die hoer wat op die baie waters sit, is geesgenote. Ons moet leer om te onderskei en ons losmaak van die onreinheid wat in ons wêreld goedgepraat word.

## 28 Februarie: Die dieptes van Satan

Openb. 13:1-10

*En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie."* (Openb. 2:24)

Hier praat die Here Jesus met sy getroues in Thiatire. Hulle behoort aan 'n gemeente wat lelike dinge verdra. Hulle laat die vrou Isebel toe om met haar valse profesieë mense te verlei tot hoerery en afgodery. Sy en haar geesgenote is só onbeskaamd dat hulle praat van *die dieptes van Satan.* Jy moet die Satan as 't ware in sy eie verblyf opsoek, sê hulle. Jy moet jou in jou denke en in jou dade aan die praktyke van Satan self oorgee. Só toon jy dan dat jy hom volkome oorwin het en niks meer van hom te vrees het nie. Doen mee aan afgodery en maak jou skuldig aan die grofste vorms van ontug en onreinheid – dan is jy in die dieptes van Satan. Dan wys jy dat jy sy baas is. Dwaas né!

Ja, dwaas is hulle, maar tog nie onbekend aan ons nie. Ons weet in ons dag al van Satanaanbidders. Hulle is blykbaar al by die dieptes van Satan verby en leef nou saam met hom in sy "hoogtes." Die Satanaanbidders is egter maar die uiteinde van mense wat speel met die duiwel. Hy is hard besig om ons samelewing meer en meer op sleeptou te neem en af te trek in sy dieptes. Daartoe gebruik hy wetenskap en kuns en kultuur in al sy uitinge. Die afskuwelikste dinge en selfs mees absurde dade word deesdae deur kunstenaars beskryf en verbeeld, met die verskoning dat hulle die "waarheid" uitbeeld. En dan nooi hulle leser en kyker uit om saam met hulle in die modder te rol om te kan sê dat modder vuil is. En dit doen hulle dan in die naam van KUNS.

'n Mens kan deesdae in elke biblioteek en skouburg en byna in elke tydskrif die dieptes van Satan leer ken. Gelukkig is by ons ook, soos by Thiatire, die minderheid – want dit was duidelik in Thiatire só – wat "hierdie leer nie het nie" en "die dieptes van Satan nie leer ken het nie." Veral met die oog op ons huidige lewenswyse en die lewensopvatting van baie sg. *Christene,* is dit nodig om mooi te lees wat hier staan.

Die getroues in Thiatire het hulle in beginsel en praktyk losgemaak – in werklikheid losgehou, van die leer en praktyke van Isebel en haar volgelinge. Hulle het vooraf uitgemaak dat haar sg. profesieë nie ooreenkom met die Woord van God nie. Daarom het hulle hul ook nie laat verlei om daaraan mee te doen nie, hoe kunstig en verleidelik en voordelig dit ook al mag wees.

Die Here weet dat ons in 'n klimaat leef waarin ons wysheid en insig en onderskeidingsvermoë en krag nodig het. Hoeveel beter sou dit vir elke Christen wees om boeke en tydskrifte uit sy huis te verban; om televisie uit sy huis te hou en die skouburg te vermy en om dan die tyd, wat aan die dinge bestee is, nuttig te gebruik in diens van die Here. Ja om dan veral erns te maak met die studie van sy heilige Woord, sodat ons die lokvalle van die dieptes van Satan kan onderken en ontvlug.

# 1 Maart: Die Ysterstaf en die Môrester

**Ps. 2**

*"En aan hom wat oorwin,. . . sal Ek mag oor die nasies gee en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf. . . En Ek sal hom die môrester gee."* (Openb. 2:26-28)

Die man wat in Thiatire oorwin en "my werke tot die einde toe bewaar", soos Jesus sê, het gewis nie 'n maklike stryd nie. Hy sou sekerlik uitgekryt word as 'n verkrampte en agterlike wese, wat nie die vryhede van die dieptes van Satan saam met sy "geloofsgenote" wil geniet nie. Hier is blykbaar nie sprake van uitwendige vervolging en martelaarskap nie – alleen maar die sware en eensame stryd, te midde van al die vrydenkende volgelinge van Isébel. Dit sou miskien selfs makliker wees, indien daar bloedige vervolging was. Dan kan 'n mens ten minste jou vyand duidelik uitken. Dit is moeilik as jou grootste teëstander klaarblyklik jou vriend is, wat saam met jou nagmaal gebruik.

Die verdrukte en veragte, wat dikwels nie 'n antwoord sou hê op die "wetenskaplike" argumente wat teen hom gerig is nie, ontvang egter 'n dubbele belofte: hy sal oor die nasies regeer met 'n ysterstaf en hy ontvang die môrester.

Weer het ons hier te doen met beeldspraak, wat aansluit by 'n uit spraak in Ps. 2. Daar is dit duidelik 'n belofte wat gegee is aan die Messias: "U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as U erfdeel... U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot." Eintlik wil die Here Jesus aan die oorwinnaars in Thiatire en aan alle oorwinnaars wat sy werke tot die einde toe bewaar, sê dat hulle saam met Hom sal regeer oor al die nasies. Dit stem ooreen met ander uitsprake in die Bybel en veral ook in Openbaring. Dink aan Openb. 5:10: ".. . en (U) het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers." In die Kategismus bely ons ook: "... om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer." Die oorwinnaar sal dan wees waartoe hy geskape is – 'n koning aan die sy van Jesus Christus, sy ewige Koning.

Maar dan word die belofte nog ryker wanneer Jesus sê: "En Ek sal hom die *môrester* gee." Wat beteken dit? Luister na wat Jesus self verklaar: "Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester." (Openb. 22:16). Hyself is die Koning uit die geslag van Dawid en Hyself is die môrester. Daarom is die ysterstaf en die môrester eintlik maar dieselfde. Jesus gee Homself aan die oorwinnaar – die oorwinnaar deel in sy mag en heerlikheid as Koning van die heelal.

Hierdie onbegryplike koninklike heerlikheid wag vir elkeen wat oorwin – hoe nederig hy ookal op aarde was. Elkeen wat *sy werke tot die einde toe bewaar.* Hierdie *einde* is die normale uitdrukking om die tyd van sy wederkoms op die wolke van die hemel aan te dui. Veral vir hulle wat aan die einde die groot verdrukking sal belewe, is dit die versterkende troos: daar wag 'n kroon. Daarom: Hou goeie moed – onse Here het die wêreld oorwin.

Daarom beteken *einde* ook dat jou lewe en werk tot sy volheid gekom het. Wanneer Christus kom, is dit ook waar van die hele wêreld.

## 2 Maart: Die Sewe Geeste en die Sewe Sterre

Eseg. 33:1-9

*"En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het."* (Openb. 3:1)

Die Here Jesus is besig om sy briewe te rig aan die sewe gemeentes wat in Asië is. Nou kom Sardis aan die beurt. Die gemeente woon in 'n tipiese welvarende stad – met losse sedes, hoogmoed en weeldesug. Dit is gewis moeilike kweekgrond vir 'n vrugbare geloofslewe. Hier versmoor die ware lewe, indien jy nie wakker en waaksaam is nie.

Soos gewoonlik sê die Here Jesus eers van Wie die brief kom: "Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het." Die sewe Geeste is die Heilige Gees in sy volmaakte volheid voorgestel. Die voorstelling van die sewe Geeste kom uit die Ou Testamentiese heiligdom, waar die werking van die Heilige Gees afgebeeld is, deur die sewe lampe van die goue kandelaar. En die sewe sterre verklaar die Here self in hoofstuk 1:20 as die *engele* van die sewe gemeentes. Ons het by die behandeling van bogenoemde vers alreeds uitgemaak dat 'n *engel* 'n *boodskapper* is en dat ons derhalwe hier kan dink aan die leraars van die sewe gemeentes.

Ook hier kondig die Here Homself om 'n bepaalde rede op die besondere wyse aan. As Middelaar beskik Hy selfs oor die Heilige Gees. Die Gees is die Trooster wat Hy aan sy kerk van die Vader gestuur het om hulle te troos en ewig by hulle te bly. Ons staan weer hier voor die geheimenis van God Drie-enig en die verhouding van die drie Persone onderling. Een ding wil die Here hiermee duidelik aan die leraar van gemeente tuisbring: deur die Heilige Gees alleen het 'n gemeente die ware lewe. Sonder Hom is hulle dood ondanks al die skyn van lewe en krag. Daarom moet hulle onthou om die Here sonder ophou met hartlike sugte te bid om sy genade en die Heilige Gees – om te kom tot die ware lewe en daarin bewaar te bly.

En verder het Hy ook die sewe sterre in sy regterhand. Jy, leraar van Sardis, moet dit altyd besef. Jy is in die hand van jou Sender, Jesus Christus. Hy het jou geroep tot sy besondere diens. Hy stuur jou na jou bepaalde werkplek. Hy bekwaam jou vir jou arbeid. Hy seën jou werk in sy Naam. Hy hou jou vas in storms en nood. Jy is altyd in sy almagtige hand en tot sy volle beskikking. Jy is hoog bevoorreg, maar jy het ook 'n groot verantwoordelikheid. Is jy ontrou, word jy getugtig en eis Hy selfs die bloed van die verloregaandes in die gemeente uit jou hand. (Eseg. 33:8.) En Hy kan jou wegneem en sy kudde aan iemand anders gee. Onthou dit altyd!

En wanneer die gemeente die Heilige Gees bedroef of weerstaan en die evangelie uit die mond van die leraar verag, sal sy oordeel hulle ook tref. Hulle ontvang die Heilige Gees en Hy gee aan hulle 'n bedienaar van die Woord tot hulle saligheid.

Hoog bevoorreg is ons, maar groot is ook ons verantwoordelikhede. Here, wees ons genadig en bewaar ons!

Elke leraar moet sy voorreg, om 'n bedienaar van die Goddelike Woord te wees, waardeer. Hy moet egter ook weet dat sy Here van hom rekenskap sal eis oor die wyse waarop hy sy werk doen.

Maar ook elke gelowige moet sy voorreg om deur die Heiliges gees aan die Here gebind te wees, op prys stel – dit is genade. Dank die Here ook vir jou leraar en bid vir hom – altyd.

# 3 Maart: Naam dat jy leef, en jy is dood

Rom. 7:15-26

*"Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood."* (Openb. 3:1)

Dit is 'n verskriklike uitspraak: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood." En ek sien in my verbeelding hoe die leraar van Sardis die brief ooprol en die aanhef lees, en dan sy kop agteroor gooi en uit sy keel lag. Dood? Nee wat, dit is 'n grap! Kyk dan net na al my bedrywighede en kyk net hoe woel en werk ons in hierdie gemeente!! Hier is lewe!! Dit is letterlik soos in 'n rysmiernes! Niemand kan iets aanmerk op my organisasie nie! Ek het die naam daarvoor en my gemeente ook!! Ons is die gemeente in die provinsie Asië wat iets kan wys!! Lewe! Lewe en bedrywighede in elke opsig!

Dit maak die saak nog soveel erger. 'n Mens en 'n gemeente wat die naam het dat hy leef, glo dat hy werklik leef. Hy kan nie insien dat wat hy doen, werke van 'n dooie is nie. Dit is die vreeslikheid van die skyn-lewe! Dit is 'n lewe vol werke van die vlees en dit beteken dood – dood! Die Gees alleen maak lewendig. Aan al ons werke buite die Gees kleef die stank van verrotting.

Die enigste hoop vir die leraar en gemeente in Sardis is nog dat die Here dit vir hulle sê: "Jy het die naam dat jy leef en jy is dood." Die waarheid word nog aan hulle verkondig – dan is daar nog hoop – as hulle luister. En dit is só moeilik om te luister, want ons eie werke is vir onsself só mooi. Dit streel ons ego as die mense en die ander kerke vol bewondering wys na die gewoel en gewerskaf en ons prys vir al die tekens van lewe. En van nature is jy die "ou Adam", wat dood is in sonde en misdade. Strek jouself laag op die grond uit – hoe laer hoe beter en weet tog dat jy niks het en ook niks uit jouself kan doen nie. Dan is daar weer hoop.

"Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (Rom. 7:24) Dit was die groot apostel Paulus se noodroep. Maak dit gerus maar ook joue en voeg dan daaraan toe: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" (Rom. 7:25). Só 'n mens, wat sy eie "dood" insien en bely en gryp na die lewe in die lewende Christus – vir só 'n mens is daar hoop . . .

As bedienaar van die Woord van die Here weet ek uit bittere ervaring hoe moeilik dit is om vir "kerkmense" te preek. Die kerkmens het hom geskik in 'n bepaalde "kerklewe-patroon" en jy kry hom nie daaruit gewikkel met 'n koevoet nie. Sy lewe is reg – en basta! Soms is daar effens reaksie, maar gou-gou is dit maar weer so. En wat 'n moeite het ek ook met myself? Ek wil graag resultate sien! Dan streel dit my ego.

Waak en bid – bedienaar – ouderling – diaken – gemeentelid! Só maklik geld dit ook van u en my: "Jy het die naam dat jy leef, en jy is dood!"

# 4 Maart: Versterk die wat oorbly

Matt. 26:17-30

*"Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie."* (Openb. 3:2)

In Sardis is die lewe op 'n afdraande pad. Baie kerklidmate sneuwel en val uit langs die pad. Baie andere is op die punt om te sterwe. Dit is só ernstig en dringend – hierdie roep van die goeie Herder. Hy kan nie anders nie – dit gaan Hom ter harte. Die verleidinge is só magtig en Hy sien hoe van sy skape dreig om dood te gaan. Jy wat Ek aangestel het om te waak, word tog wakker! Kyk net hoe maai die wolwe onder my kudde! Moenie talm nie, maar snel hulle te hulp! Kyk net hoe wankel hulle. Hulle doodsvyande word vir hulle te magtig . . .

Hoe kan dit ook anders? Hy het sy lewe vir hulle gegee. Hulle is kosbaar in sy oë – die kleintjies en struikelendes en dwalendes. Veral in só 'n gemeenskap – nie 'n gemeenskap van die heiliges nie, maar 'n gemeenskap van skynheiliges, loer die dood om elke hoek. Die herders van die kudde het aan die slaap geraak. Hulle is verblind deur 'n skyn-lewe.

Dan sit ek in die gees aan die tafel by die paasmaal, en hoor ek die uitspraak: "Voorwaar, Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai!" Ek hoor ook die reaksie: "Is dit miskien ek, Here?" En dit spook in my hart: Is dit miskien ek, Here? Is in my gemeente dan nie ook skape wat dreig om dood te gaan nie? En hoeveel het alreeds gesterwe – weg van die *Here,* weggesink in die dood van geestelike nag? En ek moes hulle versterk."

Ek hoor ook ander stemme. Die stem van Kain meng ook in die koor: Is ek my broer se wagter? Hy het self 'n Bybel. Hy ken self die pad kerk toe. Dit is sy verantwoordelikheid – in ons tyd het geen mens 'n verskoning nie. Hy behoort bowendien nie aan my kerk nie – sy eie kerk moet na hom omsien, al is hy my buurman . . .!!

Ook die "regsinnige" stem van die streng Gereformeerde wat alles weet van die "uitverkiesingsleer", dring tot my deur: As die Here hom die geloof nie gee en hom nie in die geloof bewaar nie, kan ek daar niks aan doen nie. As hy nie uitverkies is nie, gaan hy tog verlore. Ag, mens het jy ooit nagedink oor die uitverkiesing? Wat begryp jy van die werkswyse van Jesus Christus? Ek kan en mag my verbly in my uitverkiesing, maar ek mag ook nie my verantwoordelikheid ontvlug nie. Die Here gebruik ander mense om mense te behou en staande te hou. Laat jou tog gebruik, anders is jy met jou regsinnigheid en al op die pad van die dood!

Wees wakker! Versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe! Moenie talm nie – haas jou, want die mense is in lewensgevaar. Gryp hulle vas, voordat hulle wegsink in die ewige nag!

# 5 Maart: Ek kom op jou af soos 'n dief

Matt. 24:36-44

*"Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."* (Openb. 3:3)

Ook vir die gemeente en leraar van Sardis was daar 'n tyd dat hulle gretig aan die voete van hulle Meester gesit het. Hulle het met brandende harte geluister na sy Woord en dit ingedrink. Hulle het gehoor en ontvang met besieling, met graagte. Hulle het lewend belanggestel en hulleself gelukkig geag. Hulle het die Woord van die Here graag gehoor en dit geniet, en hulle in die Here self verlustig . . .

Dink daaraan en onthou dit tog! En bekeer jou. Verander van insig en kweek weer 'n smaak aan vir die evangelie. En bewaar dit ongeskonde, want dit is vir jou die lewe!

Anders ... "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief . .." Hierdie uitdrukking is by ons goed bekend uit ander uitsprake in die Bybel. Só sal Hy kom op die wolke van die hemel. Hy kom onverwags, soos 'n dief in die nag. Die Here Jesus praat hier nie alleen van die oomblik of tydstip van sy koms nie. Hy het ook in gedagte die tekens wat sy koms voorafgaan. Die gesteldheid van die mense is egter sodanig, dat hulle die tekens van die tye nie onderskei nie. Hulle sien dit nie as tekens dat sy koms voor die deur is nie. Daarom sê die Here: "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie . . ."

"Julle weet baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Maar julle, broeders, is nie in die duisternis dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag." (1 Thess. 5). 'n Gemeente en 'n gelowige wat leef uit die Here en die lig van sy Woord ken en liefhet, sien die tekens van die tye. Só het my vader, wat aan kanker oorlede is, op sy siekbed aan my gesê: Ek weet dat die dood nader. Ek sien die tekens daarvan in my eie liggaam. Só is dit ook met die wêreld – die tekens van die naderende koms van Christus is sigbaar. Daar is egter mense wat blind is – soos die gemeente in Sardis, wat die naam het dat hulle leef, maar hulle is dood. Soms wil hulle nie sien nie – hulle steek soos 'n volstruis hulle kop onder die sand weg, en dan oorval die koms van die Here hulle, soos 'n skielike verderf.

Die gemeente in Sardis het lankal verdwyn. Al sewe die gemeentes in die Romeinse provinsie Asië bestaan nie meer nie. Dit is die gebied van die huidige Turkye – bewoon deur Mohammedane. In 'n bepaalde sin het die Here alreeds op Sardis afgekom soos 'n dief – toe die Mohammedaanse hordes moontlik die stad en sy inwoners oorrompel het. Só kom die Here telkens weer in die geskiedenis. Hy maak van bepaalde kerke ook "tekens" van sy wederkoms. Hy kom soos 'n dief in die nag op hulle af – soos Hy eenmaal finaal kom.

Bekeer jou, Sardis, en word wakker – anders kom Ek op jou af soos 'n dief in die nag.

# 6 Maart: Klere nie besoedel

Sag. 3

*"Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is. Wie oorwin sal beklee word met wit klere . . .*" (Openb. 3:4, 5)

In Sardis is baie verkeerd. Dinge staan só sleg daar dat die Here selfs sê: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood."

En tog is daar in Sardis – ja, selfs in Sardis nog die uitsonderinge. Daar is enkele persone wat hulle klere nie besoedel het nie. Eintlik praat die Here van "enkele *name*" Hy ken die paar oorblywende getroues by die naam. Hulle name is immers opgeskryf in die boek van die lewe.

Die Here beklee sy kinders – anders sou ons naak in ons sonde-verlorenheid voor God en die wêreld gestaan het. Hierdie mense is beklee met Jesus Christus, soos Paulus sê. Dit beteken dat hulle sondeskuld bedek is deur sy onskuld en dat die onreinheid van die sonde afgewas is, deur die werking van die Heilige Gees. Hulle staan in die goeie stryd en lê die kwaad af en word meer en meer gelykvormig aan die beeld van hulle Here.

Sulke mense is gesteld op hulle klere – want hulle klere is kosbaar en heilig. Besoedel hulle dit, dan besoedel hulle die Here se Naam en krenk sy eer. Ongelukkig was daar baie in Sardis – soos vandag ook nog in die kerk, wat speel met die Naam en eer van hulle Here. Hulle besoedel hulleself met die sondes van die wêreld – hulle klere sien daar ellendig uit.

Gelukkig is daar in Sardis enkele name van mense wat nie aan die praktyke meedoen nie. Hulle stryd ten goede is vir hulle heilige erns. Hulle struikel en val nog, maar bly nie in die sonde lê nie. Hulle jaag na die volmaaktheid of hulle dit kan gryp, soos Paulus sê. En die Here sien dit en Hy ken hulle. Nie 'n enkele een kyk Hy mis nie.

En vir hulle wag daar wit klere. "Hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." Hier op aarde kan geen mens heeltemal rein wees nie – die allerheiligste het maar 'n klein beginsel daarvan solank hy in hierdie lewe is. Maar in die heerlikheid wat wag, is hulle klere heeltemal spierwit – rein en volkome heilig. Dan sal hulle in die geselskap van hulle Here kan verkeer, sonder om hulle te skaam – hulle wandel saam met Hom in wit klere. Hulle pas volkome by Hom.

Wonderlik is die weë van onse Here! Ek – en ek glo u ook – het al soos Simon Petrus moes sê: "Gaan weg van my af Here, want ek is 'n sondige man." Maar eenmaal sal elke oorwinnaar sonder skroom saam met die Here 'n entjie gaan stap – want hulle pas by Hom.

Ja, mense wat vandag tuis is in die geselskap van die Here, sal dit volkome wees in die heerlikheid. 'n Mens wonder soms wat sommige mense in die hemel verwag, as jy sien hoe hulle op aarde, sonder skroom, hulle Christelike klere besoedel. Hulle dink en praat en doen maar soos die wêreld. Mag die Here ons tog genadig wees.

# 7 Maart: Die boek van die Lewe

Openb. 20:11-15

" *Wie oorwin sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en sy engele.'"* (Openb. 3:5)

Die oorwinnaar in die koninkryk van die Here, word koninklik ontvang in die hemel. Hy word beklee met wit klere en is 'n metgesél van die verheerlikte Middelaar, Jesus Christus. En nog is dit die einde nie! "Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en sy engele."

Ons het hier op aarde 'n bevolkingsregister waarin elke inwoner van 'n land se naam opgeskrywe word. Ons dra deesdae elkeen 'n "lewensboek" in ons sak, waarin ons name en allerlei ander belangrike gegewens opgeteken is. Wanneer ons doodgaan, word ons name en besonderhede egter uit die bevolkingsregister verwyder.

Daar is ook ander boeke op aarde waarin ons name verskyn. Só is daar ook die register van die kerk. In die gemeente Sardis, oor wie dit hier gaan, was daar seker ook só 'n register of lys van name van almal wat aan die kerk behoort. Miskien was dit 'n groot getal, maar Jesus sê aan hulle: "Jy het die naam dat jy leef, en jy is dood." Dood – al is jou naam op die register in die kerk. Daar is selfs net enkeles wat nie dood is nie, waarvan sommige ook op die punt staan om te sterwe. Ons kan gerus maar aanneem dat ons in Sardis 'n beeld het van die kerk van alle eeue. Baie, baie name in ons registers, is name van dooies – sê dit vir hulle!! Die Here doen dit ook, want Hy wil graag hê dat hulle moet lewe.

Gelukkig is daar nog 'n boek – die boek van die lewe. Dit is nie 'n boek van papier waarop met ink geskryf word nie. Nee, miskien bestaan só 'n boek nie eens nie. Die Here wil egter die één ding benadruk: die mense wat die lewe uit die Here besit, sal dit nooit verloor nie. Op aarde skryf ons 'n naam op, indien ons dit nie wil vergeet nie – daarom praat die Here van 'n boek. Hy wil die enkele getroues in Sardis verseker dat Hy hulle altyd sal onthou. Nooit sal Hy hulle name uit die boek van die lewe uitwis nie.

Hulle name sal bekend wees in die ewige heerlikheid by Hom, hulle Middelaar wat hulle met sy bloed gekoop het. Hy sal ook sorg dat sy Vader hulle ken: "Ek sal sy naam bely voor my Vader." Hy sal selfs sorg dat die engele hulle ken: "en voor sy engele", sê Hy . .. Ja, ook die engele sal hulle eer en hulle dien.

Die Here Jesus sê ook elders: "Só, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer." (Luk. 15:10). Dit beteken immers dat 'n dooie lewendig word en die Here God verbly Hom en die engele sien sy blydskap. Wonderlik! In die ewige heerlikheid sien ons ook, soos sy engele, sy vreugde oor ons en saam met ons.

Twyfel u nog daaraan dat die Here u naam onthou ou kleintjie? Sy boek is 'n boek wat nie vergaan nie en sy ink is ink wat nie uitgewis kan word nie. Onse Here is getrou en Hy kan nie vergeet nie – ja, selfs al vergeet ons Hom soms. Buig ootmoedig voor sy aangesig en prys sy Naam tot in alle ewigheid!

# 8 Maart: Die Sleutel van Dawid

Matt. 16:16-23

*"En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie."* (Openb. 3:7)

Dit is die voorlaaste brief van die Here aan sy sewe gemeentes in Asië *Filadelfia* dra 'n pragtige naam, want dit beteken *broederliefde.* Die stad was vanaf die begin 'n ware sendingstad – dit moes 'n apostel wees van die Grieks-Asiatiese kultuur en godsdiens om die eenheid in die destydse wêreldryk te bevorder. Broederliefde was klaarblyklik die hoë mikpunt van sy inwoners. Dit sou egter meer ooreenkomstig die doel van die V.V.O. as van die van die kerk verstaan moet word. Hulle kweek welwillendheid en vrede in die naam van die mensdom – en vergeet die Here!

Hierdie brief van die Here is mooi en troosryk en bemoedigend en bevat selfs geen enkele vermaning nie. Dit is byna te goed om waar te wees! En tog is die gemeente nie sonder nood nie. Dit sien ons al dadelik uit die wyse waarop die Here Hom aan hulle bekendstel: "Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie."

Die Middelaar is die Heilige en Waaragtige. Daarmee sê Hy dat Hy God self is. Dit sê die Bybel van God self. (Openb. 6:10). Ons Heiland se volkome gelykheid en identiteit met die Vader word in hierdie benaminge uitgedruk. Hy is die volmaakte en sondelose God, maar ook die Bron en oorsprong van al wat heilig is. Daarbenewens is Hy ook die Waaragtige wat is en wat was en wat kom . . .

En Hy, die Heilige en Waaragtige, is ook die sleuteldraer van sy koninkryk. Hy noem dit die sleutel van Dawid, want ook in hierdie gemeente is die kinders van Abraham, die Jode, doenig onder valse voorwendsels. Hulle meen dat hulle die sleutel van die deur van die koninkryk van God besit, maar hulle het dit mis. Hy, die Middelaar, die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid het oorwin. Hy alleen sluit oop en toe en niemand kan daar iets aan doen nie.

Dit klink altyd vreemd wanneer mense nog ongekwalifiseerd praat van die huidige Israel as die uitverkore volk van God, só asof Christus nie gekom het nie en Hy nie die sleutels in sy hand het nie. Mag die Here gee dat dit anders word, maar vir die huidige verwerp die Joodse volk nog hulle Messias. Voordat hulle hart nie verander en hulle by Hom, die enigste Middelaar hulle heil soek nie, sal die deur van die koninkryk van God vir hulle geslote bly.

Ons Middelaar, Jesus Christus uit die geslag van Dawid, is die enigste Sleuteldraer, wat kan oop- en toemaak. En Hy sluit oop vir elkeen wat bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Toe Simon Petrus dit bely het, het hy uit die mond van die Middelaar verneem: "Salig is jy." Vir só 'n belyder is die poort oopgesluit en niemand maak toe nie. Vir die nageslag van Abraham, wat Hom verwerp, is die deur egter toe en niemand maak oop nie.

Vanselfsprekend is dit ook waar van alle andere wat nie waarlik glo nie, al behoort hulle uitwendig aan die kerk. In die gemeente van die Here is ook huigelaars en onbekeerde mense. Ook vir hulle is die deur gesluit, solank hulle hul nie bekeer nie. Ons het alle rede om onsself behoorlik te ondersoek of ons in die geloof is.

# 9 Maart: Die geopende deur

1 Kor. 16:5-16

*"Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou "n geopende deur gegee."* (Openb. 3:8)

Die Here Jesus skryf aan die gemeente van Filadelfia: "Ek ken jou werke." Só skryf Hy aan elkeen van die sewe. Hy weet nie alleen wat hulle doen nie, maar Hy ken ook hulle omstandighede – ook hulle vreugde en droefheid. En dan voeg Hy daaraan toe: "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee." Hy dui nie nader aan wat dit beteken nie. Dit kan wees dat hulle stryd en kleingeloof ken en dat andere, waarskynlik die Jode, dit vir hulle geloof moeilik maak. Die Jode kan hulle wysmaak dat hulle nie kinders van Abraham is nie en daarom voor die geslote hemelpoort te staan sal kom, want die beloftes kom alleen aan Israel toe.

Dit is egter meer moontlik dat hulle in hulle arbeid vir die Here, voor geslote deure te staan kom. Die geleentheid om die Evangelie te verkondig, wat dan weerklank vind by die mense, word dikwels deur Paulus as 'n geopende deur gesien. (1 Kor. 16:9; 2 Kor. 2:12; Kol. 4:3) Dit is wel duidelik dat hier 'n roepingsbewuste en getroue gemeente bestaan het. Hulle het nie vir hulleself geleef nie, maar is besiel deur die liefde vir hulle Meester. Waarskynlik was daar allerlei omstandighede wat dit vir hulle moeilik gemaak het. Sekerlik het die Jode, wat ook hier 'n sinagoge van die Satan genoem word, grootliks daartoe bygedra om te verhinder dat hulle met vrug die evangelie in die stad kon uitdra.

Daarom sê die Here vir hulle: "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee." Die woordjie wat ons met "kyk" vertaal, wil aandui dat dit iets verrassend of opspraakwekkend is. Hulle het dit nie verwag nie. Waarskynlik het hulle lank daarvoor gewerk en gebid, maar die deure na die harte van die mense het toe gebly. Hulle sendingarbeid stuit teen geslote deure. Maar nou hoor hulle dat hulle Meester in die hemel hulle vrugtelose geswoeg gesien het en Hy gaan nou die deur oopmaak. Van nou af sal hulle sien hoe die gemeente groei.

Hierdie mense het hulle in die Here verlustig, soos Dawid in Ps. 37 sê, en nou gee Hy aan hulle die begeertes van hulle hart. Hulle dryfkrag was nie bloot pligsbesef of 'n gewetensalf nie, maar 'n allesoorheersende liefde vir hulle Here en hulle medemens. Daarom kon hulle nie help om van Hom te praat en sy Evangelie te preek nie. Dan kan dit nie anders nie – die Here maak deure oop.

By sending- en evangelisasiewerk is dit 'n eerste vereiste: *liefde vir die Here.* Dit moet egter gepaard gaan met liefde vir jou medemens – eintlik is dit vanselfsprekend. En dan moet 'n mens ook die vermoë besit om te volhard, al werk jy teen geslote deure vas. In dit alles mag die gebed nie verstom nie. Bid dat die Here die krag moet gee en deure oopsluit – en verassinge volg. Die Here gee 'n geopende deur!

# 10 Maart: Min Krag . . .

2Kor. 12:1-10

". . . *want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie."* (Openb. 3:8)

Menslik gesien sou ons die teks *'n paradoksale* uitspraak kan noem. Om die woord van die Here te bewaar en sy Naam nie te verloën nie, kos juis baie krag, en tog sê Hy dat die gemeente in Filadelfia min krag het – en hulle doen die bo-menslike dinge! Ja, so is dit. Om te glo is paradoksaal. Dink aan Paulus se vreemde uitspraak: "As ek swak is, dan is ek sterk!" Dit is 'n sotte uitspraak in die oë van die wêreld, maar tog 'n Bybelse waarheid soos min. Dieselfde waarheid is hier in ons teks aan die orde.

Die gemeente in Filadelfia was moontlik gering in getal met klaarblyklik weinig of geen uitstaande kragfigure nie. Hulle kon nie spog met imponerende of oorweldigende geestelike krag of begaafdheid nie. Hulle was gewone en alledaagse mense, sonder allerlei besondere geestesgawes. Hulle sou bv. nie in tale kon praat en ook nie tekens van gesondmaking doen nie. Dit maak hulle half weerloos in die wêreld, want die wêreld soek nou eenmaal na mense wat imponeer en vra na geestelike kragte wat die verbeelding aangryp. Die doodgewone en alledaagse is geen nuus nie. Daar kleef niks sensasioneels aan die groepie Christene in Filadelfia nie. Wat kan hulle nou eintlik in besonder aanbied?

En tog, luister wat sê die Here: ". . . jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie." Hiervoor prys die Here hulle. Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Jy het jou uitnemend gekwyt van jou roeping – jou min krag ten spyt. . . Of is dit juis daarom? Ja, want dit is die paradoksale van die Christelike geloof. 'n Mens met min krag, soek juis na die geselskap van die Een met baie krag. In die wêreld wil die ou kleintjies graag die grotes en sterkes as hulle vriende hê. Hoeveel te meer sal 'n Christen, wat weet dat hy in homself swak en klein is – en wie is dit nie? sy krag by die Almagtige soek. Hy sou vashou aan sy Woord en skuil agter sy Naam. Dit is immers sy vesting, waarsonder hy nie 'n oomblik kan bestaan nie. En dan gee hy juis op die manier die eer aan die Here – die eer wat Hom toekom.

En juis die mense met min krag is in staat om te doen wat die sterkes, bv. in Thiatire en Sardis, nie kon regkry nie. In Thiatire was hulle in eie oë só sterk dat hulle selfs die Satan in sy eie lêplek – die dieptes van Satan aangedurf het tot hulle eie skande en ondergang. Hierdie outjies in Filadelfia sou dit nie waag nie. Hulle weet te goed hoe swak van moed en klein van kragte hulle is. Daarom skuil hulle bewend agter die Naam van hulle Meester, wat die wêreld ook al van hulle sê of dink.

En dit is nie al nie. Dan gaan daar vir hulle deure oop. Mense begin notisie neem van hierdie "swakkelinge" en begin hulle bewonder en kom kyk wat hulle tot die groot getrouheid in staat stel. En dan kom die ander mense uit by die Bron van Filadelfia se krag – en buig ook voor Hom. Só werk onse Here met swakkelinge. Hy kan dit bekostig, want Hy is die Bron van alle krag. "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring." (2 Kor. 12:9).

# 11 Maart: Rolle omgekeer

Openb. 3:7-13

". . . *en almal wat jou verag het, sal neerbuig by jou voetsole."* (Jes. 60:14)

*"Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."* (Openb. 3:9)

Ons het hier twee uitsprake wat duidelik aan mekaar verwant is. Dit is selfs duidelik dat die Here Jesus in Openbaring 3:9 aanhaal uit Jes. 60:14. En tog is daar 'n groot verskil tussen die twee uitsprake. Jesaja praat van heidene wat by die Jode se voetsole sal neerbuig en Jesus praat in Openbaring van Jode wat voor die voete van die Christene – voormalige heidene, neerbuig. By Jesaja is die Jode die verbondsvolk en die heidene buitestaanders. In Filadelfia is die voormalige heidene die verbondsvolk en die Jode buitestaanders, wat die Here selfs 'n "sinagoge van die Satan" noem.

En tog kan ons ook sê dat die profesie van Jesaja hier in vervulling gaan. In beide plekke is dit in werklikheid die volk van God, voor wie buitestaanders neerbuig. Ons moet net onthou dat die koms van Jesus Christus tussen die twee uitsprake staan. "Die stad van die HERE, Sion van die Heilige van Israel" waarvan Jesaja praat, is dieselfde as die losgekoopte volk van Jesus Christus, wat in die nuwe Jerusalem sy gestalte vind. Só is Moses en die profete in Jesus Christus vervul en is sy volgelinge die ware kinders van Abraham. (Rom. 4).

Let ook op wat Paulus in Gal. 3:16 sê: "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus." In Christus is die beloftes aan Abraham vervul, en in Hom kom die beloftes toe aan almal wat in Hom glo. Buite Hom is daar hoegenaamd geen saligheid nie. Daarom is ook die Jode uitgesluit – hulle is 'n sinagoge van die Satan, omdat hulle Jesus verwerp en sy Christene vervolg. Hulle sê wel dat hulle Jode is, en daarmee kinders van Abraham, maar hulle lieg, sê Jesus.

En tog gaan alle Jode nie verlore nie. "Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het." Die grootheid en inwoning van die Here by sy gemeente bring die Jode tot die erkenning dat die gemeente die volk van die Here is. En hulle kom na die kerk toe en daarmee na die Here toe. Hulle kom om saam met die gemeente te aanbid.

Dit gebeur in Filadelfia. En wie weet miskien ook oor die aarde heen. Dan moet die Christene só leef dat die inwoning van die Here by hulle die Jode jaloers kan maak. En dit sal 'n slappe en halfhartige Christendom nie regkry nie. Daarom moet ons naby Hom bly. En die wonder kan gebeur dat selfs van die mense, uit die sinagoge van Satan, voor Christus gaan buig.

Só werk onse Here in sy koninkryk: "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare . . . Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe – die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop – met blydskap . . . aanskou." (Sag. 4) Solank die Gees van die HERE ons krag is, het klein dingetjies groot gevolge in die koninkryk van die hemele. "Bly in My, soos Ek in julle!" sê die Here Jesus. Dan is ons sterk en dan gaan deure oop en dan buig selfs voormalige vyande voor ons voete neer en erken dat die Here ons liefhet. Hou maar net vas aan sy Woord en moenie sy naam verloën nie.

## 12 Maart: Die groot verdrukking

Openb. 12:10-17

*"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."* (Openb. 3:10)

Hier kondig die Here Jesus 'n uur van beproewing aan wat al die inwoners van die hele wêreld sal tref. Dit sal waarskynlik wees in die vorm van 'n groot verdrukking. Ons het hier nie alleen te doen met die verdrukking aan die einde van die eeue, voor sy koms op die wolke van die hemel nie. Daar was en is baie tye van verdrukking. Hy gaan die bewoners van die aarde op die proef stel. Die Here gebruik allerlei nood om die gesindheid van mense aan die lig te bring. Vir sommige word dit 'n versoeking van die duiwel, wat hulle daartoe bring om die grote God te laster en in verbittering van Hom af weg te vlug. By andere gebruik die Here dit ten goede – hulle word gelouter en geheilig en loof en prys Hom.

Die getroue gemeente in Filadelfia ontvang vooraf 'n troosryke belofte, omdat hulle die *woord van die lydsaamheid van Christus bewaar het.* Hulle het die kruisevangelie bewaar, klaarblyklik ondanks die spot en haat van die Jode. Dit is die krag en troos van die gemeente – wat min krag het, dat Jesus Christus vir hulle gely en gesterf het. Die gemeente het goed begryp dat, as 'n mens die kruis wegneem, jy niks aan Christus het nie – daarom het hulle die woord van die kruislyde as hulle kosbaarste besitting vasgehou. Los 'n mens die kruis, dan los jy jou saligheid. Dit is al waaraan ons kan vashou en waarop ons voor God kan pleit.

"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing." God bring self die nood in die wêreld. Hy beskik dit. Hy stuur sy volk ook die vuur van beproewinge binne, maar dan bewaar Hy hulle in die vuur. In sy diepste nood en felste aanvegtinge word die getroue dissipel van Jesus Christus nooit aan homself oorgelaat nie. Dit is die geheim van die krag van die volgeling van Christus – die krag om aan te hou en uit te hou in die allergrootste nood.

Beproewinge kom. Dit sal daar altyd wees. Dit sal selfs al erger word, hoe nader die wêreld aan sy einde kom. "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (Openb. 12:12). Gelukkig oorkoepel hierdie belofte altyd die kerk in alle nood. Die Here bewaar in die beproewinge.

Paulus het die geheim van die vrede van God in nood en verdrukkinge begryp. Hy kon daaroor praat ook omdat hy dit self ondervind het Daarom sing hy oor die dinge 'n oorwinningslied in Rom. 8: "Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het . . . Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie!"

Almal van ons sal nie soos Paulus sing nie – baie sal sug en ween, maar elkeen wat aan die Here behoort sal gewis bewaar word. Wat die toekoms vir ons inhou, weet die Here alleen. Gelukkig gaan Hy voor ons uit en baan die weg vir ons. Sy getroue volgeling is nooit aan homself oorgelaat nie. Dit is u en my krag.

# 13 Maart: Hou vas wat jy het!

Matt. 6:19-34

*"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."* (Openb. 3:11)

Die Here kom! Hy kom gou. Vir almal van ons is die ontmoeting met Hom – van aangesig tot aangesig, voor die deur. Ons hoef nie te leef tot sy wederkoms om die ondervinding mee te maak nie. Wanneer ons sterwe, sien ons Hom. Vir die een wat Hom verag is die tyd van genade dan verby. En vir elkeen wat in die worstelstryd van die geloof staan, wag dan die kroon van die oorwinnaar.

"Hou vas wat jy het." Gelukkig is jy, Filadelfia. Jou Here sê nie: "Bekeer jou" nie. Uitsonderlik gelukkig is jy. Jy het iets wat baie kosbaar is. Hou dit maar net vas. Jy is op die regte pad. Jou hart is verkleefd aan die regte skat. Hou dit. Bewaar dit en – die kroon is joue!"

'n Mens groei vas aan jou skatte. Tragies is dit om mense te sien worstel om afskeid te neem van alles wat vir hulle dierbaar is. Hulle mense, vrou en kinders en kleinkinders het 'n deel van hulle bestaan geword. Dikwels sien 'n mens dat 'n man of vrou makliker afskeid neem as hy of sy alreeds hulle kosbaarste, hul lewensmaat, aan die dood moes afgee.

Dit is ook swaar om van die wêreld, waarin jy tuis geraak het, en jou besittings en jou werk; van al die dinge afskeid te neem. Dit is selfs 'n groot genade dat die Here 'n mens oud laat word – sodat jy jou meer en meer kan losmaak van die aarde en die wêreldse dinge. Jy moet leer om nie vas te hou nie. Jy moet al die dinge loslaat juis om te behou wat nodig is. Wat is dit?

"Hou vas wat jy het." Wat het die gemeente, wat hulle moet vashou? Die aanmoediging om vas te hou, wil juis waarsku dat 'n mens dit kan verloor, indien jy nie oppas nie. Ons kan moontlik allerlei kosbaarhede in die koninkryk van God opnoem, wat 'n mens moet vashou. Daar is egter één ding wat die Here so pas genoem het, wat hier ter sake is: hulle het die woord van sy lydsaamheid bewaar. Hulle het vasgehou aan die evangelie van die kruis – aan Jesus se lyding en kruisdood. Dit is die allerkosbaarste skat wat 'n mens kan besit. Hou dit vas tot die einde toe en niemand sal jou kroon kan neem nie.

Daar is vroom en godvresende mense, wat in hulle lewe die Here met hulle hele hart gedien het en só uit die Woord van God geleef het, dat hulle 'n groot skat van Bybelkennis opgebou het. In hulle ouderdom word die kennis egter minder en minder, omdat die geheue hulle in die steek laat en hulle skat aan kennis gaan verlore. Die één ding is egter genoeg: Jesus Christus het vir hulle sonde betaal. Hulle kan in vrede die dood tegemoetgaan. Niemand sal hulle die kroon ontroof nie. 'n Ootmoedige sondaar by die kruis lewe, al het hy gesterwe.

En hulle word bekroon as oorwinnaars. Hulle word soos konings ingehaal in die heerlikheid van die Koning van die konings, omdat hulle hul skat vasgehou het. Die bloed van die Lam is hulle skat en die kroon van die lewe is hulle erfenis.

Loof die Here, o my siel . . . wat al jou ongeregtigheid vergewe.

# 14 Maart: 'n Pilaar met 'n naam daarop

Jes. 62

" *Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak ... en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."* (Openb. 3:12)

Indien 'n mens die aardse bestaan en werke van die gemeente – waarskynlik 'n klein gemeentetjie, in Filadelfia bekyk, dan lyk dit of hulle allermins 'n pilaar van krag was. Hulle het volgens die getuienis van Jesus self min krag gehad. Gelukkig het hulle besef dat hulle min krag het en vasgehou aan die Bron van alle krag, die woord en Naam van Jesus Christus. En dan sê die Here aan hulle: "Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak."

'n Pilaar is meer as bloot 'n versiering – dit mag dit ook wees. Dit is egter allereers bedoel as 'n stut waarop 'n gebou rus. Om die gewig van 'n gebou te dra, moet 'n pilaar krag besit. Die Here beloof derhalwe aan die oorwinnaar krag, vastigheid en eer. Hulle sal, bestendig en duursaam, 'n versiering en kragtige stut in die heilige tempel in die ewige heerlikheid wees. Dit gee die Here aan mense wat op aarde min krag het en dit weet. Andersom sal dit gewis ook waar wees – die sterkes en mooies en voortreflikes wat roem in hulle krag en steun op eie vermoëns, sal tevergeefs in hulle hulpeloosheid roep om krag. Alles waarop hulle steun, sal weg wees.

En op die persone, wat nou pilare geword het, skryf die Here 'n Naam. Dit is in die eerste plek die Naam van God. Hier op aarde dra ons al sy Naam, maar dit is in swakheid en die Naam word dikwels verberg en verduister deur ons sondes – in die hemel sal dit egter duidelik sigbaar wees. Elkeen sal die Naam duidelik kan lees. Omdat hulle sy Naam nie verloën het nie, behou hulle dit tot in ewigheid.

Hulle ontvang selfs die naam van die stad van God, van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal. Die nuwe Jerusalem is maar die gemeente van Jesus Christus self. Die mense sal ook die naam dat hulle Christene is, wesenlik besit en behou. Die naam is só op hulle geskrywe dat dit altyd sigbaar en leesbaar is. Nooit sal hulleself of iemand anders kan twyfel aan wat en wie hulle is nie. Hulle behoort tot in ewigheid aan die gemeente of die nuwe volk van God.

En tot oormaat van sekerheid sê die Here ten slotte: "... en my nuwe Naam." Dit is die Naam wat Hy ontvang het na sy verhoging en verheerliking. Hy het sy Middelaarswerk op aarde voltooi en opgevaar na die hemel. Sy nuwe Naam is die aanduiding van al die mag en heerlikheid wat onse Here in die hemel besit. Daarby is dit ook die volle openbaring van sy Goddelike wese – in sy liefde en genade en ook in sy heerskappy oor alle dinge . . . Hulle dra die Naam van hulle Verlosser, maar nou is dit nuut. Hy is nie meer die Kneg van die Here nie, maar die Koning van die konings.

Die Here doen groot moeite om die gemeente ten volle van hulle verwagte heerlikheid te verseker. Dit doen Hy juis om hulle te sterk teen die aanslae van hulle doodsvyande. Die aardse stryd kan te magtig word – "hou vas wat jy het" en maak staat op my beloftes, sê die Here.

# 15 Maart: Die getroue en waaragtige getuie

Openb. 3:14-22

*"En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:* ..." (Openb. 3:14)

Ons het hier die sewende, en daarmee die laaste brief van die Here Jesus aan sy sewe gemeentes in Asië. Soos in die ander briewe stel Hy Homself op besondere wyse voor: "Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God." Hier benadruk die Here Jesus dat Hy God is. Hy is ook die Waarheid in Persoon, die Amen en daarom is Hy die getroue en waaragtige Getuie. Dat Hy die begin van die skepping is, wil nie sê dat Hy die eerste skepsel is nie, maar dat Hy die skepping begin het. Hy is die Oorsprong daarvan.

Met Hom het die gemeente in Laodicéa te doen. Hy wys op sy grootheid opdat hulle moet besef dat alles in sy hand is en dat Hy daarmee kan doen wat Hom behaag – vir hulle ten goede of tot hulle tugtiging en selfs tot hulle ondergang. En Hy is die waaragtige en getroue Getuie. In sy Persoon en in sy woord, het God die absolute, onbedrieglike waarborg gegee van alles wat uit sy mond uitgegaan het. Alles wat God geopenbaar het, bly waar en seker. Die waarborg daarvoor is die getroue en waaragtige Getuie, Jesus Christus.

Omdat die waarheid só in Hom beliggaam is, kan geen skyn of huigelagtigheid voor Hom standhou nie. Hy lê die leuen van die dubbelslagtige lewe nie alleen bloot nie, maar kan dit ook nie verdra nie. Daarteenoor staan hy as 'n verterende vuur en 'n ewige gloed. Hy is nie die matte en magtelose Jesus wat alles verdra en magteloos staan teen die stroom van kompromieë en valse verdraagsaamheid in die kerk wat Hy met sy bloed gekoop het nie. Die belyder van sy Naam staan elke dag in die stryd en moet kies – vir of teen Hom.

Die gemeente van Laodicéa leef in 'n tipiese wêreldstad – 'n stad van kompromieë. Die stad was trots op drie dinge: hulle handel en rykdomme, hulle beroemde mediese skool en hulle bekende wolstowwe. En die gemeente het ook daarin gedeel. Ons lees later van hulle: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie. Ek raai jou aan om van my te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."

Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Ons kan nie God en Mammon tegelyk dien nie. Die brief is 'n treurige getuienis teen die kerk van die getroue en waaragtige Getuie – 'n getuienis wat na die dood ruik. Hulle moet kies – vir of teen Jesus. Nee, hulle moet omdraai en terugkeer na die fondament van die waarheid en die valsheid aflê. Hulle alleen? Nee, ook ons, wat meen dat ons ryk en verryk geword het en aan niks gebrek het nie.

'n Mens hoef nie liggaamlik arm te wees om jou geestelike armoede te ken nie. Dink aan die belydenis van Dawid, die koning van Israel wat in aardse weelde kon lewe: "Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid." (Ps. 51:3). Daar het u die belydenis van 'n mens wat arm en blind en nakend voor God is. En dit is juis Dawid se voorreg – en ons s'n, indien ons ons nood en behoeftes ken en bely. Dan is ons ryk in Christus.

Vergeet dit nooit nie.

# 16 Maart: Nie koud en ook nie warm nie

Jak. 2:14-26

*"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie."* (Openb. 3:15)

Hierdie uitspraak van die Here stem my persoonlik altyd onrustig. Ek kan dit nie sommerso van my afskuif en op my buurman of buurkerk toepas nie. Ek weet intuïtief dit raak my en my eie kerk – ook my eie gemeente. En die waarheid daarvan ruk my, omdat ek by myself en my mede-kerkmense presies dit sien: *Ons is tevrede om lou te wees.*

"Ek ken jou werke, dat jy nie koud en ook nie warm is nie", skryf die Here aan die gemeente in Laodicéa. Dit gaan om jou dade, gemeente. Dit gaan egter ook om die fontein waaruit jou werke stroom – jou innerlike, jou hart. Ek ken ook jou gesindheid teenoor My en die wêreld. Jy is nie koud nie en ook nie warm nie – jy is lou . . .

Jy is nie koud nie. Dit beteken: jy sit nie meer buite in die koue heidendom nie. Hulle wat nog nie van die evangelie van Jesus Christus gehoor het en na sy warmte getrek is nie, is nog koud. Hulle ken Hom nie – hoegenaamd nie. In Matt. 11 lees ons hoe die Here die stede waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyt: "Wee jou, Górasin; wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle." 'n Mens kan sê: As Gorásin en Betsáida tog maar koud was, soos Tirus en Sidon, wat van Jesus en sy evangelie nog niks geweet het nie!

Jy is nie koud nie. Jy weet wel van die evangelie. Jy het dit selfs omhels. Jy is gebore in die verbond en het opgegroei in 'n Christelike land. Jy is gedoop en het belydenis van geloof afgelê. Jy is in die kerk getroud en het jou kinders gedoop. Jy besoek die Nagmaal – moontlik nougeset. *Maar jy is nie warm nie.* Dit kook nie in jou binneste nie. Jy brand nie van liefde en begeerte en ywer vir die Here en sy diens nie. Jy word nie geheel beheers deur die dinge van God en sy koninkryk nie. Jy is alleen aan die buitekant geraak en gloei nog nie van binne nie.

Ek het al dikwels gewonder waarom mense só tussen die boom en die bas leef, wanneer dit die godsdiens aangaan. Baie van hulle ken tog wél ywer en vuur en inspanning vir hulle werk en allerlei ander belange. En wanneer hulle in iets anders só halfhartig belang sou stel, sal hulle dit eenvoudig laat vaar. Waarom hou jy dan vas aan die kerk, as jy nie werklik met jou hart daarin is nie?

Ek meen dat ons hier 'n bewys het van die ingeskape Godsbesef. Ons weet of verwag ten minste een of ander vorm van voortbestaan na die dood – 'n ontmoeting met God, en die mense wil darem iets hê om te wys, wanneer van hulle rekenskap gevra word. Daarom hou hulle vas aan een of ander vorm van godsdiens – al sou hulle net aan die kerk behoort om ten minste daaruit begrawe te word. Hoe arm en blind is die mens dan tog!

Maar wie is daar wat nie deur hierdie uitspraak van Jesus geraak word nie? Wie kan sê: Ek doen wat my hand vind om te doen met al my mag? Wie se gewete kla hom nie aan dat hy traag en slap geword het nie? O ja, ons ken die kuns goed om te maak asof ons baie ywerig en besig is, maar hoeveel van die doenigheid kan die toets van die waaragtige Getuie, deurstaan?

# 17 Maart: Ek sal jou uit My mond spuug

Jes. 1:1-9

*"Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."* (Openb. 3:16)

Die Here herhaal wat Hy in die vorige vers gesê het en Hy trek 'n konklusie, waarop Hy sy oordeel baseer. Hier staan eintlik: "Omdat dit só is, dat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Die gemeente moet goed besef wat sy sonde is en dat die sonde groot en gevaarlik is – luister tog en laat jou tot bekering lei – anders . . .

Die Here het alle rede om onmiddellik die gemeente uit sy mond te spuug – soos smaaklose kos, wat nie koud of warm nie, maar lou is. Hy doen dit egter nie dadelik nie, omdat Hy nog 'n geleentheid wil gee om hulle te bekeer. Só sê Paulus vir die onbekeerlike Jode in sy tyd: "Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?" Die Here is baie verdraagsaam maar sonder bekering kom daar eindelik 'n einde aan sy geduld.

Julle is lou, sê Hy. Julle het wel die evangelie gehoor en uitwendig aangeneem, maar julle nie daardeur laat gryp en vervul nie. Julle word nie geheel-en-al deur my Woord beheers nie. Julle weet wel van die waarheid, maar doen dit nie. Die innerlike oortuiging ontbreek, daarom bly ook die uiterlike bekering uit. Normaalweg is 'n mens wat leef uit die krag van die Heilige Gees in die lig van die evangelie van Jesus Christus, warm. Dit is die normale toestand van 'n gelowige mens. Hy is warm en besield en getrou.

Daarom waarsku die Here só dringend: ". . . omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Dit is nog 'n voorwaardelike waarskuwing. Dit is nog 'n vermaning wat roep om verandering, maar dit is dringend en ernstig.

Die beeld wat die Here gebruik: "Ek sal jou uit my mond spuug" wil aandui hoe onaangenaam die gemeente in die toestand vir die Here is. Hulle is soos onsmaaklike kos wat 'n mens nie kan eet nie; soos die louwarm water uit die warmbronne van Laodicéa – jy spuug dit liewer uit. Dit wek die Here se walging en Hy sal hulle met smaad en veragting van Hom af wegstoot, indien hulle nie verander nie.

Is daar in u hart ook onrus? Dink aan die toestand van die kerk in die algemeen en vergeet uself nie. Ek is altyd doodbang om die Woord van God net op andere toe te pas en myself vry te verklaar. Ek weet maar te goed dat die sonde ook by my aanwesig is. En wat is die rede daarvoor? Dit is selftevredenheid en selfvertroue – 'n toestand waaroor jy jou nie kwel nie. Alles is nog reg. Dit gaan goed ... terwyl alles eintlik verkeerd loop, omdat ons hart nie meer in die diens van die Here is nie.

Christelike volke verdwyn. Christelike kerke word gesloop of omgeskep in fabrieke of bioskoopsale. Waarom? Die Here is besig om te doen waarmee Hy hier dreig. Hy spuug met walging die halfhartiges uit sy mond uit. Ons beurt kan ook aanbreek.

U sal wél later, wanneer u saam met my die bladsye van Openbaring deurwerk, meer as ooit besef dat ons nie meer tyd het om op ons louere te rus nie. Die Here is besig om sy ontroue kerk af te takel. Hy is besig om te werk met die sg. Westerse Christendom, wat nog alleen maar die naam dra, dat hulle Christene is. In die oprukkende kommunisme en vyandige Ooste, sien ons dat die Here Jesus vinnig besig is om ons uit sy mond te spuug. Bekeer jou, tog!

# 18 Maart: Jy sê: "Ek is ryk" en jy is arm

Amos 6

*"Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.'"* (Openb. 3:17)

Vir 'n gelowige is aardse besittings 'n swaar las om te dra. "Voorwaar Ek sê vir julle dat 'n ryk man beswaarlik in die koninkryk van die hemele sal ingaan." (Matt. 19:23). Dit sê Jesus nadat 'n ryk jong man van Hom af weggedraai het, want hy het baie besittings gehad. Dit is ook nie alleen die ryk mense se skuld dat die besittings vir hulle só 'n groot versoeking kan wees nie, want ons ander wat nie só ruim bedeeld is nie, plaas hulle alte maklik op 'n verhoog – só asof hulle iets besonders is, omdat hulle ryk is.

Rykdomme hoef ook nie altyd aardse besittings te wees nie – soms is dit besondere talente soos kunsgawes en geleerdheid. Al die dinge wat 'n mens as mens laat uitstyg bo andere is gevaarlik. Jy kan jou só maklik daaroor verhef en op andere neersien. Vanselfsprekend vertrou 'n mens ook maklik op jou besittings – hetsy stoflike of geestesgawes, en dit word 'n afgod. Dan sê jy soos hierdie gemeente: "Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie."

Die nood van die gemeente is dat hulle hul ware toestand nie ken nie. Hulle is só ingenome met hulleself dat dit genadig en goed is om vir hulle te sê: "Jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie." Miskien sou hulle vir die teregwysing lag – wie weet? want hulle weet, só dink hulle, wat hulle het. Hulle het gewerk en besigheid gedoen en nou is hulle ryk – selfs verryk.

Het jy tot die rykdomme gekom deur eie inspanning dan is jyself ook iets besonders in jou eie oë. En daarby is dinge wat jyself verdien het, vir jou selfs kosbaarder – erfgeld is swerfgeld. Die verlore seun het sy erfenis in 'n japtrap deurgebring.

Julle weet nie – julle is ellendig. Dit beteken hier dat hul in die ergste graad ellendig is. Dit hou ook in dat hulle ellendig is deur inspanning en uitputting. Rykdomme is 'n harde meester – Mammon verslaaf jou en dryf jou die dood in, soos menige ryk mens in ons tyd ondervind. Trombose en senuspanninge, is dikwels die gevolg van die dryfkrag van Mammon.

Julle weet nie – julle is beklaenswaardig. In plaas dat mense julle beny, is julle te bejammer. Mense moet liewer oor julle ween as om julle te vly . . .

Julle weet nie – julle is arm. Julle dink dat julle aan niks gebrek het nie, maar in werklikheid het julle niks wat julle werklik nodig het nie. Dink daaraan – alles wat julle het, bly agter wanneer julle na die graf gedra word. Julle hou niks oor nie – hoe arm tog!

Julle weet nie – julle is blind. Juis daarom weet julle nie, want 'n blinde mens kan die Son van Geregtigheid nie sien nie. Sy waardebepalinge is verkeerdom.

En julle weet ook nie dat julle naak is nie. Die pragtige wolstowwe van Laodicéa wat julle aantrek, bedek niks voor die alsiende oë van Jesus nie. Julle staan naak voor Hom in julle sondeverlorenheid,

"Wee julle rykes . . ." (Luk. 6:24).

## 19 Maart: Kom, koop sonder geld en sonder prys ...

Jes. 55

*"Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."* (Openb. 3:18)

Die gemeente in Laodicéa het gereken dat hulle ryk is – hulle het aan niks gebrek nie. Die Here Jesus lê egter hulle werklike armoede bloot. "Jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie." Voor God staan jy met al jou aardse rykdomme as 'n doodarme en stokblinde wese, sonder iets om jou naaktheid te bedek. Geestelik is jy bankrot – meer nog: jy vertoon voor Hom wanstaltig en onrein en walglik. Vreeslik is jou blindheid dat jy dit nie sien nie!

Maar onse Here is genadig. Selfs vir Laodicéa is daar nog geleentheid om te deel in die rykdomme van Christus. "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word." Die Here bedoel hoegenaamd nie met die beeld dat mense moet *betaal* vir wat Hy aanbied nie. Hulle is gewoon om te koop en te verkoop, daarom praat die Here nou in 'n taal wat hulle verstaan. Hy bied sy handelsware aan, maar in die lig van die evangelie, kan ons by Hom koop *sonder prys en sonder geld.* (Jes. 55). Die groot saak is maar dat hulle na Hom toe moet kom en hulle skatte uit sy hand ontvang. Hy alleen het die ware en blywende rykdomme en deel dit vryelik uit.

Goud wat deur vuur gelouter is, is suiwer en kosbaar. Dit wat Jesus bied, kom uit die vuur. Hy bied Homself aan. Hy het die vuur van God se toorn deurgegaan, daarom het Hy alleen die ware en blywende skatte.

Ek is só bly daaroor, want my allerbeste is met sonde bevlek en soos 'n wegwerplike kleed . . . U, ook?

En van 'n kleed gepraat, die Here bied ook dit aan: ". . . en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie." Deesdae gee baie mense nie meer om vir naaktheid en die skande van die naaktheid nie. Hulle sal egter gewis omgee wanneer hulle voor die regterstoel van Jesus Christus te staan kom. Dan sal hulle roep tot die berge en rotse: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openb. 6:16).

Gelukkig is hulle wat die dag klere aan het – en daarby wit klere. Hulle kan voor God verskyn, want hulle naaktheid is bedek en hulle klere is wit – gewas in die bloed van die Lam.

En uiteindelik bied die Here ook aan hierdie blindes van Laodicéa salf om hulle oë te salf, sodat hulle kan sien. Hulle oë word verlig. Hy doen dit deur die Heilige Gees. Hulle kan sien en word kinders van die dag en van die lig. Kosbare gelouterde goud, en wit klere, en salf vir ons oë . . . Wat het ons meer nodig?

Jammer dat soveel mense te "ryk" is om die kosbaarhede van Jesus te waardeer en te ontvang. Verskriklik is die ewige armoede wat vir hulle wag. Bid vir hulle!

# 20 Maart: Hy klop aan jou deur

Rom. 9:13-26

*"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."* (Openb. 3:20)

Wonderlik is hierdie beeld wat die Here Jesus gebruik. Hy, die Here van die here, staan voor die deur by ons armsalige en hardhorende mensies. En Hy klop, 'n mens kan byna sê: *ewe verleë.* Hy klop dat ons vir Hom moet oopmaak. Tot watter dieptes daal Hy nie, om ons te behou nie? Voordat ons egter te veel van hierdie uitspraak aflei, moet ons 'n paar belangrike dinge in gedagte hou. Ons kan dit waarlik nie só voorstel asof die Here nie *kan* binnekom as ons nie *wil* oopmaak nie. Paulus sê: "So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie maar van God wat barmhartig is." (Rom. 9:16). Hy skenk ons sy genade ondanks ons onwil, anders sou niemand gered kan word nie, Ons is immers dood in sonde en misdade. (Ef. 2:8). 'n Dooie mens sal nimmer hoor dat Jesus klop nie. Hy wat hoor moet minstens 'n oor hê om te hoor.

Die saak word duideliker as ons in gedagte hou dat Jesus hier praat met 'n gemeente van Hom – die gemeente in Laodicéa. Hulle het wél vér afgewyk, maar Hy het hulle nog nie losgelaat nie. Juis daarom skryf Hy só dringend aan hulle en staan Hy by die deur en klop. Hy roep hulle, *sy eie gemeente,* tot besinning. En dit is maar sy gewone manier om te handel met 'n afgedwaalde – Hy roep tot bekering. Hy klop aan die deur van die *hart.* Hy dring aan dat ons moet oopmaak, maar Hy dwing ons nie. Ons is nie dooie stukke hout nie, maar verantwoordelike mense. Ons het buitendien alreeds die beginsel van die lewe uit Hom ontvang, omdat ons sy gemeente is.

Maar die Dordtse Leerreëls sê selfs: "Die oorsaak of skuld van die ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê stellig nie by God nie, maar by die mens." Daarom sal elke mens, wat die Woord van God hoor en nie luister nie, deur sy eie skuld verlore gaan. Die een wat glo, weet egter: "Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo." (Fil. 1:29).

Die Here Jesus sê dat Hy klop. Hy sê verder: "as iemand my stem hoor." Hiermee sê Hy duidelik aan ons dat Hy in werklikheid klop deur sy stem – sy heilige Woord. Waar die evangelie verkondig word, is Jesus besig om te klop. En dan kan ons dit ook van die kant af bekyk: Die gewone geopenbaarde weg waarlangs die wedergeboorte en bekering en geloof in ons gewerk word, *is die verkondiging van sy evangelie.* En elkeen wat uitverkies is, luister. Moenie wag totdat die Here jou hart binnedring nie – luister en maak oop en jy vier fees saam met Hom!

"As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Hy hou maaltyd met ons en dit is 'n fees. Ons het vrede met God in Hom en ons leef in die blydskap van die ewige lewe. Loof Hom! Prys sy heilige Naam!

Die Here klop deur sy Woord wat ons lees. Hy klop wanneer ons in die kerk sit en luister na sy evangelie. Hy klop egter ook in wat oor ons kom in ons lewe. Hy klop in voorspoed en teëspoed. Hy klop in gesondheid en siekte. Hy klop in die geraas van die volke en die gebruis van die nasies. Hy klop in die wêreldgeskiedenis. Luister, en u sal sy stem hoor! En maak oop vir Hom. Gooi die poorte van u hart en lewe wyd oop! En Hy kom binne en u het rus en krag en vreugde – ondanks alles wat teen u is.

# 21 Maart: 'n Oop deur in die Hemel

Jes. 40:12-26

*"Ná hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."* (Openb. 4:1)

In Openb. 1 het Johannes die opdrag gekry om aan die sewe gemeentes in Asië te skrywe. In hoofstuk 2 en 3 volg dan die briewe. Daarna het blykbaar 'n tyd verloop – hoe lank weet ons nie. Toe sien Johannes hierdie gesig: "'n geopende deur in die hemel." Op een of ander wyse word dit aan hom getoon – in 'n visioen. Die ganse hemel het nie oop en bloot voor hom gelê nie – daar was net 'n deur in die hemel. Dit was 'n beperkte gesig. Hy sien nie alles in die hemel nie.

Dan hoor hy weer die stem van die Here Jesus, wat in hoofstuk 1 met hom gepraat het en geklink het soos 'n basuin: "Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur." Tot dusver het Johannes die gesigte vanuit aardse standpunt gesien en beleef. Nou word hy uitgenooi na die hemel om van daaruit die gebeure te sien. Johannes was nie liggaamlik in die hemel nie, maar hy het die dinge in die vorm van 'n visioen gesien.

Die Here Jesus sê: "Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur." Hy verwys terug na die briewe aan die sewe gemeentes en dan praat Hy van dinge wat daarna moet gebeur. Dit is dan ook duidelik waarom Johannes nou in die gees in die hemel moes wees. Wat hy nou gaan sien is hoofsaaklik dinge wat nog nie in aardse sin geskiedenis is nie – dit lê vir hom nog in die toekoms. Dit was nog nie op die aarde aanwesig nie, maar wél in die hemel, in die raad van God. Hy ontvang die voorreg om in die verborge raad van God 'n insae te kry.

In ons tyd het mense na die maan gereis. Van daar, uit die buitenste ruimte, kon hulle terugkyk op die aarde. Vir hulle was dit bepaald wonderlik. 'n Beroemde Griekse denker, Archimedes, het gesê dat hy die heelal sou kon verklaar, indien hy 'n staanplek buite die heelal gehad het. Die maan is nog maar binne ons heelal, sodat 'n maanreisiger weinig nuuts sou kon leer om die heelal te kan verklaar . . . Johannes het nou die voorreg. Hy gaan nou die aarde en wêreldse geskiedenis sien vanuit die hemel. Eintlik moet ons sê vanuit die ewigheid, want die hemel is nie alleen buite die sigbare skepping nie, maar is ook anders as alles wat ons ken.

Gelukkig het ons nie alleen in die boek Openbaring nie, maar in die hele Bybel 'n blik op ons lewe en die wêreld met sy geskiedenis, vanuit die oogpunt van God in die hemel. Dit is ons lig op ons pad. Ons verstaan nie alles nie, maar ons weet heelwat meer as ou Archimedes. Ons weet ten minste dat God alles geskape het en daaroor regeer.

Onthou dit altyd: ons leef onder die hand en oog van ons Here. En Hy word in hierdie boek voortaan sonder uitsondering die *Lam* genoem. Vir ons is dit die allermooiste Naam en beteken dit *genade* – genade – genade. Die Lam is vir ons uit *genade* geoffer.

# 22 Maart: Die Troon in die Hemel

Openb. 4

*"En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon."* (Openb. 4:2)

Toe Johannes in vers 1 die hemel geopend gesien het, was hy alreeds in visioenêre toestand. Hy hoor dan die stem wat sê: "Kom op hierheen." Dan kom daar weer 'n verandering: "Dadelik was ek in die Gees." Hy word in die visioen verplaas vanaf die aarde na die hemel. Dan tref die troon in die hemel eerste sy aandag.

Dit is duidelik dat die troon in die hemel alles oorheers. Selfs in die res van die boek Openbaring word in byna elke hoofstuk verwys na die troon. Die troon van God oorheers derhalwe ook in die boek Openbaring. Die troon versinnebeeld God se koningskap. Hy regeer in majesteit en heerlikheid oor alle dinge. Hy is ook die Regter van hemel en aarde voor Wie elkeen tereg sal staan.

". . . en Een sit op die troon" lees ons verder. Vreemd klink dit vir ons. Hy sê nie dat God op die troon sit nie en selfs nie dat iemand op die troon sit nie. Die vertaling in Afrikaans stel dit nog te konkreet, want daar staan eintlik net: ". . . en 'n *sittende* op die troon." Selfs uit die verdere beskrywing kan 'n mens nie aflei hoe die Wese op die troon daar uitsien nie. Johannes kan die verskyning van God nie beskryf nie. Hy is eensoortig en alle mensvormige voorstellinge van Hom word vermy. Hoe sou 'n mens Hom ook kan beskryf?

Hy sit op die troon. Dit druk rus en majesteit uit. God is groot en magtig en Hy onderhou en regeer die heelal. Hy is altyd en oral werksaam en in die wêreld het Hy te doen met vyandskap en opstand teen Hom. En tog weet Hy van geen onrus of gejaagdheid of spanning of onsekerheid nie. Hy hoef nie te staan asof in gereedheid tot inspanning nie. Hy is die *Sittende* op sy troon. Só word Hy deurgaans in die boek Openbaring genoem.

Dit is Hy van Wie ons belydenis stamel: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike Wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alles oorvloedigste fontein van alles wat goed is." (Nederlandse Geloofsbelydenis art. 1).

Hier pas dit ons om eerbiedig en nederig voor Hom, die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, te buig. Vir Hom moet ons eerbied hê. Ons moet van Hom nie aards dink nie. Ons mag Hom nie neertrek tot die vlak van 'n skepsel nie. Gelukkig kan ons ook tot Hom nader in die Naam van die Middelaar. In die volgende hoofstuk sien Johannes die Middelaar ook staan voor die troon – 'n Lam asof Hy geslag is. Daarom maak Hy ook woning by ons wat in Jesus Christus glo. En ons word stil van heilige skugterheid en groot dankbaarheid: Die God is onse God en Hy sal tot die dood toe ons gelei . . .

"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek . . ." (Jes. 57:15). Só sien Johannes Hom in die visioen – die Hoë en Verhewene op sy troon. Hy woon daarom ook in die hoogte en die heilige plek. En tog woon Hy ook op die aarde. Hier woon Hy egter nie by die wat hoog en verhewe is nie, maar luister verder na wat Jesaja sê: "Ek woon in die hoogte en heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees." (Jes. 57:15). Dit is die wonder van God se genade. Hy het 'n behae in die nederige van gees en die verbryselde van hart. Hoe staan dit met u hart en sinne? Kan die Hoë en Verhewene ook by u woon?

# 23 Maart: Kleure-Simboliek

Ex. 24:1-11

*"En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos smarag."* (Openb. 4:3)

Hier beskrywe die apostel Johannes in kleure-simboliek hoe God op die troon "lyk". Uit alles wat Hy sien skitter die heerlikheid en majesteit van God. Volgens die profetiese karakter van die boek Openbaring kan ons aflei dat die skittering van kleure simbolies is. Daarmee wil die Here aan ons iets bekend maak van sy wese en karakter en werke. Ons wil net weer benadruk dat Johannes nie sy gestalte beskrywe nie. Hy praat bloot van kleure. Daarom moet ons probeer uitmaak wat die verskillende kleure aan ons wil tuisbring.

Allereers sê Johannes dat Hy in sy voorkoms gelyk het soos die steen *jaspis.* Die jaspis kom in verskillende kleure voor – rooi, geel, bruin, groen ens. Ons lees egter in Openb. 21:11: ". . . en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen." Hieruit kan ons aflei dat die jaspis, wat Johannes sien, moontlik deurskynend groen vertoon het. Dit sou dan verband hou met die kleur van die reënboog rondom die troon, wat groen soos smarag was.

Verder noem Johannes *sardius,* wat bloedrooi of vleeskleurig is. En dan die reënboog rondom die troon wat soos *smarag* gelyk het – dit is seegroen.

Hieruit kan ons nou aflei dat jaspis God se heerlikheid en majesteit uitbeeld. Sardius bring weer tuis dat Hy die Lewende is. Hy is self lewe en Hy is die Bron van alle lewe. En die seegroen van die reënboog vertel van sy onveranderlike trou. Die reënboog op sigself kan ons sien in verband met die reënboog wat vir Noag moes dien as 'n teken van God se verbondstrou. (Gen. 9:13). Die smaraggroen kleur van die boog wil dit dan nog benadruk dat die Here getrou is aan sy verbondsbeloftes. Die Here verander nie. Hy voer sy raadsbesluite uit in die afloop van die wêreldgeskiedenis. En in die regering van die wêreld bly Hy getrou aan sy genadeverbond. Hy werk met die oog op sy volk – sy kerk is nooit by Hom vergete nie.

Ons het 'n groot en heerlike God. Hy woon in die ontoeganklike lig. Sy heerlikheid en heiligheid maak van Hom 'n verterende vuur en 'n ewige gloed. Wie kan voor Hom bestaan?

Onse God is die Lewende en die Skepper van alle lewe. Dit is al te absurd om te glo dat die wonder van die lewe toevallig sou ontstaan het in die verre oer-verlede. Nee, onse God is die Oorsprong van alle lewe.

Maar ons God is ook getrou. Hy voer sy verbondsbeloftes uit. Hy is só getrou dat Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het. Hoe sou Hy dan nie ook saam met Hom aan ons altyd alles gee wat ons nodig het nie?

Die God is onse God! Hy het ons gemaak en Hy het ons eerste liefgehad! Hy kom ons teë in sy Woord met sy ryke beloftes van genade en die ewige lewe. Hy skenk daartoe aan ons sy eniggebore Seun – sy Naam is Immanuel, God met ons. En deur die Heilige Gees maak Hy in ons woning. Daartoe maak die Gees ook van ons waarlik 'n woning van God deur aan ons 'n verbryselde gees en 'n verslae hart te gee. En dan wyk Hy nimmermeer van ons nie.

Soek u nog na krag en troos? Dink dan daaraan wat ons het aan onse God!

# 24 Maart: Vier-en-twintig ouderlinge

Openb. 7:1-4; 9-17

*"En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad."* (Openb. 4:4)

Hier het ons *mense* in die hemel van die heerlikheid, waar die Heilige God woon in sy majesteit. Dit op sigself spreek van die wonder van God se liefde en genade, want geen mens verdien dit om daar te kan wees nie, behalwe die *mens,* Christus Jesus, ons Middelaar. Maar juis ter wille van Hom, wat vir ons sondeskuld geslag is, sit hierdie 24 ouderlinge daar.

As ouderlinge is hulle ook daar, nie in die eerste plek as verloste persone nie, maar in hulle amp – as verteenwoordigers van die hele kerk. Ons kan sê: met hulle sit die hele gemeente rondom die troon van God – almal wat waarlik glo. Paulus sê selfs dat God alle verlostes saam met Christus opgewek en saam met Hom in die hemele laat sit het. (Ef. 2:6). In ons verteenwoordiger Jesus Christus, is ons alreeds in die hemel – só seker is ons verwagte heerlikheid. Só is ons ook alreeds in die hemel – verteenwoordig deur die ouderlinge. Waarom twyfel ons dan nog?

Die waarheid blyk ook uit die getal ouderlinge – vier-en-twintig. Dit gaan nie om die presiese getal nie. Dit gaan ook nie om bepaalde persone by name nie. Dit gaan om die simboliek wat daaruit van ons almal en tot ons almal praat. Ons dink dadelik aan 2 x 12 wanneer ons te doene het met getal 24. Dan is dit ook logies om te dink aan die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels van die Nuwe Testament. En die getal 12 is weer 3x4. Die getal 3 is die getal van God Drie-enig en 4 is die getal van die vier windstreke van die aarde: Noord, Suid, Oos en Wes. Die getal 12 is derhalwe 'n volkome getal. Dit sê aan ons dat elkeen wat deur God uitverkies is, gewis die heerlikheid sal ontvang – niemand sal ontbreek nie. Die volle getal sit in hulle verteenwoordigers rondom die troon van God. Dit is almal wat waarlik glo uit die twaalf stamme van Israel en ook elke ware gelowige uit die nuwe verbond, verteenwoordig in die twaalf apostels.

Die ouderlinge was bekleed met wit klere – 'n simboliek wat ons alreeds ken. Hulle is daar voor die troon van God heilig – sondeloos. Hulle klere is gewas in die bloed van die Lam. Daarom kan hulle ook daar wees. Hier op aarde het hulle – en ons maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid of heiligheid. Gelukkig bly die duiwel en die sonde hier agter en ons bereik die volmaaktheid wanneer ons liggaamlik sterwe en opgeneem word in die heerlikheid van God.

Eindelik lees ons nog dat die ouderlinge goue krone of kranse op hulle hoofde gehad het. Dit simboliseer dat hulle oorwin het in die stryd op aarde. Hulle het volhard tot die einde toe en die kroon ontvang. En elke oorwinnaar is dan 'n koning, beklee met koninklike eer. Eindelik is hulle dit waartoe die Here hulle geskape het: die kroon van sy skepping. Die Koning van die konings is omring deur *konings,* wat uit die slawerny van die sonde en die duiwel verlos is.

Só is die boek Openbaring en só is die hele Bybel. O ja, ons hoor daarin die stem van God in sy toorn, wanneer Hy die mensdom oordeel in reg en geregtigheid! Wie sidder nie, as hy daaraan dink nie? Maar ons hoor ook die stem van genade en behoud tot in alle ewigheid. Die groot vraag is maar of ons skuil agter die bloed van die Lam.

# 25 Maart: Donderslae en Stemme

Ex. 20:18-26

*"En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan* ..." (Openb. 4:5)

Toe Johannes in die gees opgeneem is in die hemel, sien hy die troon van God. Hy sien die onbegryplike wese van God op die troon en beskryf dan sy voorkomste by wyse van kleure wat van Hom uitstraal. Tot dusver het hy geskryf wat hy sien. Nou sê hy ook wat hy hoor.

Hy hoor donderslae, wat gepaard gaan met weerligte, en stemme. Dit moes vir Johannes skrikwekkend wees om dit te hoor en die blitse van die weerlig te sien. Dit laat 'n mens dink aan die verskyning van die HERE aan sy volk by Sinaï, toe Hy sy wet aan hulle gegee het. Daarvan lees ons in Ex. 19: "En op die derde dag . . . was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. . ." En dan lees ons in Ex. 20:19: "En hulle (die volk) het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons."

Dit was 'n gerommel en geratel en gekletter en daarby die gedreun van die swaar donderslae, tesame met die verblindende weerligflitse. Vir die elemente in die natuur sidder 'n mens alreeds in jou kleinheid – hoe sou jy nog staande kon bly wanneer jy iets van die heiligheid en krag van God aanskou? En dit is wat die grote God hier aan Johannes toon. Hy openbaar iets van sy mag en majesteit en Hy bring ook dit tuis dat Hy kom om die wêreld te oordeel. Hy kom om die sonde in sy werke te verstoor en met die vuur van sy oordele die werkers van die ongeregtigheid te verteer. . .

Mense kan só maklik sê: As daar 'n God van liefde is, sou Hy nie soveel ellende en nood op aarde toelaat nie. Ja, dit is vreeslik en soms is die gedagte 'n verskriklike aanvegting. Nie alleen storms en oorstromings en aardbewings tier op aarde nie. Selfs die verwoestingswapens van mense skeer oor die aarde en laat dood en ellende op hulle spoor. En die hemel bly geslote en die goeie God swyg – veraf en onbekend en stil . . .

Hier sien u die geheim agter al die dinge. Die Here laat die aarde skrik, want Hy beskik oor al die dinge. Hy werk met 'n mensdom, oud in sonde en ongeregtigheid, met sy toorn wat is soos 'n vuurgloed. En Hy ontsien selfs sy geliefde kinders nie – ook hulle gaan die water en die vuur in. (Jes. 43). Al verskil is dat Hy met hulle is, in die water, en hulle bewaar, in die vuur, – hulle gaan nooit verlore nie. En al die dinge is maar kinderspel teenoor dit wat kom, want God het 'n regmatige saak teen ons menslike geslag. "En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie." (Openb. 14:11).

Gelukkig kom daar ook 'n stem uit die hemel wat sê: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe." (Openb. 14) Só is die evangelie – die toorn van God word nie verdoesel nie, maar ook sy genade word voluit verkondig aan elkeen wat in die Here glo.

En dan staan elkeen wat glo sidderend voor Hom. Wie verdien immers dat die Here hom sou liefhê? Ons almal is voor sy aangesig brandhout – bestem vir die ewige vuur. En tog kan ons van Hom nie wegvlug nie. Ons soek na Hom en vra na Hom, omdat ons sy kinders is deur Jesus Christus, onse Here. Wat kan ons anders as om onsself met al ons sondes voor sy troon te lê: "0 God, wees my, sondaar, genadig!"

# 26 Maart: 'n See van glas

Joh. 13:1-10

". . . *en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal."* (Openb. 4:6)

Om te kan begryp waarom dit gaan by die see van glas, moet ons eers lees wat daaraan voorafgaan: ". . . en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand." Ons het al voorheen daarop gewys dat die sewe Geeste die Heilige Gees is. Die boek Openbaring praat van sewe Geeste omdat hy aansluit by die beeld van die tempel of tabernakel in die Ou Testament. Voor die allerheiligste van die tabernakel het die goue kandelaar met sy sewe lampe gestaan, wat die Heilige Gees en sy verligtende werksaamheid moes simboliseer.

En lees ons nou hiermee saam dat daar voor die troon ook 'n see van glas was, dan dink ons dadelik aan die wasvat in die voorhof van die tabernakel, wat ook in die Ou Testament 'n "see" genoem is (1 Kon. 7:23). Daarin moes die priesters hulle hande en voete was, voordat hulle hul dienswerk in die heilige verrig en offers vir die Here bring. Die wassing was 'n simboliese handeling wat die reiniging van sonde voorgestel het.

Só word dit vir ons duidelik wat die Here met hierdie see van glas aan ons wil sê. Soos die wasvat in die tabernakel in die Ou Testament vooruit gewys het na die bloed van Christus wat ons reinig van alle sondes, só wys hierdie see van glas ook op die bloed van die Lam van God. Dit staan in die hemel voor die troon van God. Is dit nie troosryk nie? God sien dit altyd – die see van glas. Hy sien altyd die bloed van Jesus Christus – die bloed waarin sy toorn teen ons sonde gestil is. Hy sien dit terwyl die weerlig en donder en stemme uit sy troon uitgaan. Dit is die bewys dat die gloed van sy toorn opgevang en afgeweer is in die bloed van Jesus, vir elkeen wat skuil agter sy kruisdood.

Hierdie see van glas lyk soos kristal – deurskynend en skitterend. Die blinkende en helder glansende kleur dui op reinheid en die reinigende werking van die bloed van die Here. Net so min as wat u en ek moeg kan word om ons in water te was; en altyd dankbaar is dat daar water is om in te was, net só min kan ons moeg word vir die evangelie van Jesus Christus, die Gekruisigde. Dit is ons saligheid. Dit is ook die wonder van God se geregtigheid. Eindelik sien ons dat dit helder en deursigtig is – in Hom is geen onreg nie. Elkeen sal dit erken – ook hulle wat verlore gaan.

Ons kan hoegenaamd op geen manier nader tot die Here, sonder dat ons gaan deur die bad van die bloed van Jesus Christus nie – anders sal ons gewis verteer word. Dit geld alreeds hier op aarde. Dit help nie om die Here te aanbid indien jy nie kom in die Naam van Jesus Christus nie. Alleen daarom mag ons nader en alleen ter wille van sy bloed word ons gebede verhoor.

Jesus het met sy bloed sondaars gereinig van hulle sondes. Sondaars? Ja, daarom moet 'n mens jou sondenood ken, anders kom jy nooit daar waar jou sondes afgewas word nie. 'n Mens wat in sy eie oë skoon is, vra nie na waswater nie.

Dink gerus hierby aan wat die Here Jesus self sê, toe Hy sy dissipels se voete gewas het: "Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein. . . ."(Joh. 13:10) Elkeen wat glo, is klaar gewas in sy bloed en is heeltemal rein. Tog moet sy voete nog daagliks gewas word. As deel van die daaglikse gebed, wat die Here ons leer, sê Hy ook aan ons voor: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." Solank ons hier op aarde is, loop ons nog van dag tot dag in die stof. Ons struikel nog in sonde. Gelukkig wag vir ons die heerlikheid om volkome rein te wees in die ewige heerlikheid.

# 27 Maart: Vier lewende wesens

Jes. 6:1-9

"... *en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens . . .*" (Openb. 4:6)

Hierdie vier wonderlike wesens voor die troon van God in die hemel, spreek tot ons in ryke simboliese taal. Waarskynlik was hulle in die middel van elk van die vier sykante van die troon. Ons kan aanneem dat hulle die voorstelling van alle lewende wesens in die skepping van God is. Die samestelling en afsonderlike gestalte van elke wese is só gekompliseerd dat 'n mens jou eintlik nie kan voorstel hoe hulle presies lyk nie. Hulle is bv. vol oë van voor en agter. Hulle is altyd wakker en sien altyd na alle kante. Een lyk soos 'n leeu, die tweede soos 'n kalf, die derde het die gesig van 'n mens en die vierde lyk soos 'n arend wat vlieg. Hulle het elkeen ses vlerke en roep, sonder ophou – dag en nag: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" 'n Mens dink hier ook aan die verskyning van die serafs in die roepingsvisioen in Jesaja 6. Ook in Eseg. 1 en 10 word die verskyning van sulke wesens beskrywe.

Hulle verteenwoordig al wat lewe in die skepping van God. Hulle spreek in hulle verskyning van moed en majesteit, krag en nuttigheid, redelike insig en heerskappy, vlugheid en waarneming. Só wil elke wese een of ander vorm van lewe voorstel: wilde diere deur die leeu, mak diere deur die kalf, en die arend is die verteenwoordiger van alle voëlsoorte. En ook die mens is daar. Wat sê die Here nou hiermee aan ons?

Die vier wesens roep dag en nag, sonder ophou: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" Dit beteken dat alle lewende wesens in die skepping dag en nag die heilige Naam van God prys. Dan alleen het die skepping sin en betekenis. Dit is geskape om God se eer en heerlikheid aan die lig te bring. Selfs die mees geharde ewolusionis, wat niks omgee vir God en sy eer nie en wat in alle vorme van lewe alleen maar die natuur met sy wette aan die werk sien, moet erken dat die ontstaan en voortbestaan van die lewe 'n ingewikkelde wonder bly. Soos weinig ander dinge vertel die lewende wesens dat hulle 'n Skepper het. Hulle oorsprong en voortbestaan is nie blote toeval nie. God het hulle gemaak! Hy is die Bron van al wat leef ...

Let ons verder op hierdie viertal dan het almal in gemeen dat hulle leef en roep tot eer van die Here. Almal besit die wonder van die lewe en almal sê elke dag en elke nag van hulle bestaan dat daar 'n God is. Maar tussen hulle is ook die mens. Die mens bestaan saam met die ander en deel in die lewe wat God aan alle lewende wesens gegee het. Die mens is egter anders as die ander. Hy is geskape na die beeld van God. Hy is 'n redelike wese met 'n verstand en onderskeidingsvermoë. Hy is 'n sedelike wese wat kan liefhê. Hy staan in 'n sedelike verhouding tot sy medemens. Hy is egter ook 'n godsdienstige wese, wat sy Maker kan ken en liefhê en dien. Hy kan nie alleen vertel van God nie, maar hy kan ook luister na God en aan Hom gehoorsaam wees.

Ongelukkig het die mens in die mag van die Bose geval en, in plaas dat hy sy Skepper prys, belaster hy Hom dikwels.

Vermanend roep hierdie visioen ons toe: Gee die eer aan jou Skepper – die eer wat Hom toekom!

Vertroostend sing hierdie visioen ook van die dag wat kom. Dit is die dag wanneer ook die mens, geskape na sy beeld, weer volkome sy eer sal verkondig. En dit sal ons heerlikheid wees! Hoor u die lewende wesens? Roep u dade en woorde ook: "Heilig, heilig, heilig is die HERE?"

# 28 Maart: Al wat leef prys die Here!

Jes. 6

*"En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit. . . val die vier-en-twintig ouderlinge neer . . . voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape."* (Openb. 4:9-11)

Ons het reeds vasgestel dat die vier-en-twintig ouderlinge die kerk uit die Ou- en Nuwe Testament verteenwoordig en die vier lewende wesens alles wat lewe simboliseer. En nou hoor ons as 't ware 'n beurtsang voor die troon van God in die hemel. Die vier lewende wesens is besig om sonder ophou, dag en nag, te sê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" Dit is die lied van die skepping by monde van al wat lewe. Daarop val ook die verloste volk van God in, by monde van die ouderlinge: "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape." Ook dit kan ons 'n skeppingslied noem. Ook die verloste kinders van die Here prys Hom hier as Skepper van alle dinge.

By die lewende wesens is daar geen sprake van dat hulle neerval of in aanbidding voor God buig nie. Hulle sê maar net gedurig, nag en dag; "Heilig, heilig, heilig is die Here." Die redelose skepping ken geen ander taak nie. Bloot die feit dat hulle daar is en elke dag in stand gehou word deur die almagtige Skepper is 'n voortdurende lofstem wat opstyg na die lewende God. Selfs die ongelowige mens gee, ondanks homself, ook lof aan die Here. As 'n mens dink aan die ontwikkeling van wetenskap en kultuur in al sy vorme – dan sien ons ook daarin 'n duidelike sprake tot lof van die Here. Die Here het die mens só geskape en soveel wonderlike gawes gegee, dat ons daarvoor versteld staan. Wonderlik is die werke van God in wat ons veral in die laaste dekades aanskou in die ontwikkeling op elke lewensterrein ...

Maar dan is daar ook hulle wat doelbewus voor die grote God buig en aan Hom die eer gee – sy kerk. Die vier-en-twintig ouderlinge val voor Hom neer en werp hulle krone op die grond en loof Hom vir sy werke in die natuur. Hier sing hulle nie van die Lam en die verlossing deur sy bloed nie. Hier gaan dit om God die Vader en ons skepping – die skepping van alle dinge. Hoe kan dit ook anders? Christus bring ons by die Vader en sy werke en dit is wonderlik.

Hulle is nie bloot Sondags-christene nie. Hulle ken Hom nie alleen in hulle gemoed of hart nie. Hulle ken Hom ook in sy werke met hulle verstand. Hulle sien dit en prys sy Naam. "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke en my siel weet dit alte goed. Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, O God! Hoe geweldig is hulle volle som nie!" (Ps. 139).

Dit het Johannes Calvyn suiwer raakgesien. Dit doen ons hom na. Ons prys die Here wat alles geskape het en oral en altyd soewerein die Heerser is. Buig voor Hom en gee aan Hom die eer! "Soli Deo Gloria!" Aan God alleen die eer!

# 29 Maart: God se raadsbesluit in die geskiedenis

Openb. 5

*"En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël."* (Openb. 5:1)

Die klem lê in hoofstuk 4 veral op God se werk as Skepper. Dit word besing. Nou betree ons die geskiedenis, die verloop van gebeure binne die skepping. Die geskiedenis is beskrywe in die boekrol wat Hy in sy regterhand hou. Kom ons kyk daarna.

"En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël." Die grote God sit op sy troon met die boekrol, wat Hy klaarblyklik aanbied aan enigeen wat dit sou kon neem. Dit is ook duidelik dat Hy beskik oor die boek. Hy het dit beskryf en dit is sy eiendom en Hy beheers die uitvoering van alles wat daarin beskryf is.

In hierdie rol is die ganse verdere inhoud van die boek Openbaring beskryf. Wanneer dit later oopgemaak word, gaan dit wat daarin beskryf is, voor die oë van Johannes in vervulling. Hier het ons die boek van God se raadbesluit oor die wêreld met sy geskiedenis en die van al die skepsele van alle eeue en tot in alle ewigheid. Dit blyk ook daaruit dat die boek van binne en van buite beskryf is. Die boek is vol geskryf. Dit het 'n omvattende inhoud, daarom moes hierdie rol ook op die buitekant beskryf word.

Die Bybel praat baie van die Raad van God. "Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag." (Ps. 33:11). Dit sê Dawid teenoor die raad van die volke wat die HERE vernietig. En in Ps. 73 kry dit 'n intieme persoonlike klank: "U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem." Die raad van God staan vas en dit gaan onverbiddelik in vervulling, maar dit is verborge vir die mense. Dit is egter die krag van die gelowige om te weet dat Hy gelei word deur die raad van die Here. Hy is daarom in veilige hoede.

Die verborgenheid van die raad van God word hier voorgestel deur die sewe seëls wat die boekrol verseël. Niemand kan dit oopmaak of daarin kyk en lees wat daarin staan nie. Dit is 'n geheim alleen aan God bekend. Sterrewiggelaars kan gerus maar hulle groot mond dighou – hulle praat oor dinge waarvan hulle nie weet nie. Ons toekoms en die toekoms van die hele wêreld is alleen in die hand van die Here.

Hier is egter meer betrokke as dat niemand in hierdie boek kan lees nie. Eers wanneer die seëls verbreek is en die boek oopgemaak is, begin die dinge, wat daarin beskrywe is, plaasvind. En waar dit gaan oor die geskiedenis van die mensdom is dit die voorreg en verantwoordelikheid van 'n mens om dit te doen. Maar wie kan dit doen? Dit bring ons by die mens Christus Jesus. Hy alleen kan.

Mense met groot monde praat maklik. Hulle roem op hulle dade en spog oor hulle mag. Hulle beskik oor mannekrag – in ekonomie en weermag, en wie is teen hulle opgewasse? Ons sal julle afslag! het die kommunistiese leier Kroestjev by geleentheid teenoor die Weste gespog. Sy woorde kan waar word – indien dit in die raad van God só beskik is.

Maar dan weet ons dat ons nie in die hande van die kommuniste val nie, maar nog steeds in die hand onse Here is. Hy gebruik die mes in Kroestjev se hand om ons te louter.

# 30 Maart: Wie is waardig?

Gen. 3:1-13

*"En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?"* (Openb. 5:2)

Die hoë God sit op sy troon in die hemel van die heerlikheid. In sy hand het Hy 'n boekrol – dit is die boek van sy ewige raadsbesluit. Daarin is die geskiedenis van die wêreld vasgelê. Die geskiedenis is verborge vir elkeen wat lewe. Meer nog, dit kan selfs nie in vervulling gaan sonder iemand wat as werktuig kan dien om dit uit te voer nie. Iemand wat waardig is, moet na vore tree en die boek uit die hand van God neem en die seëls, waarmee dit goed verseël is, een vir een breek. Dan lees hy in die boek en die geskiedenis rol soos 'n panorama af voor die oë van God en die mense.

Die voorstelling is asof God se ewige raadsbesluit in die war gestuur sou wees deur die duiwel, wat in die Bybel die owerste van hierdie wêreld genoem word. Dit lyk asof God die inisiatief verloor het. In die mensewêreld beleef ons 'n eindelose kringloop. Dit is die kringloop wat die Prediker waargeneem het. Dit noop hom daartoe om uit te roep: "Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind." (Pred. 1:14).

Aan die begin van die eeue staan die ongeskonde mens. Hy is geskape na die beeld van God, met die opdrag om oor alles te heers en die skepping van God te bewerk en te bewaak. Dit was 'n mooi en heerlike opdrag wat binne die mens se vermoë gelê het. God het hom immers vir die doel geskape. Hy was waardig om die boek te neem en die seëls te breek en daarin te kyk. Hy het trouens die eerste treë op die pad gedoen. Ongelukkig verskyn die duiwel toe op die toneel. Die ou Slang kom meng in met God se werke en slaan toe op die kroon van sy skepping – die mens en hy stort met sy hele nageslag die diepte van sondeverlorenheid in. Die mens het gefaal. . .

Intussen is die duiwel besig met sy heerskappy op aarde. Hy verslaaf die mensegeslag aan hom en aan sy werke. Hy doen dit op enige moontlike wyse. Selfs na die koms van Jesus Christus, waarin die duiwel in beginsel oorwin is, lyk dit asof alles nog maar bly soos dit was. In die allermooiste verhoudinge in die kerk van Jesus Christus sluip die listige adder binne en hy vergiftig alles. Daar is soms mooi hoogtepunte en blyke van groei – dink aan die kerkhervorming van die sestiende eeu, maar gou-gou agterhaal verval en verderf en selfs ondergang die kerke wat só mooi begin het. Dit is om wanhopig van te word.

Was Petrus en Paulus en Johannes dan nie waardig om die raadsbesluit van God uit te voer nie? en Luther en Calvyn en Zwingli en John Knox? Het die kerke wat hulle gestig het nie byna puinhope geword nie? In plaas van Christus-aanbidders word hulle geestelike nasate meer en meer Satanaanbidders. En nog is die proses nie gestuit nie. Die duiwel boekstaaf sy oorwinninge – een na die ander.

"Wie is waardig?"

Sal dit dan maar tot in die oneindigheid so aanhou? En sal die gemeente van Jesus Christus só voortsukkel? En sal die duiwel altyd daar wees om ons krag te ondermyn en ons geestelike groei af te takel?

Wie is waardig?

# 31 Maart: Niemand is waardig nie

Rom. 3:9-20

*"En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daar in kyk nie."* (Openb. 5:3)

Dit is droewig maar waar: niemand in die hemel of op die aarde of in die see kon die boek uit die hand van God neem en dit oopmaak of daarin kyk nie. Die engele in die hemel kan dit nie doen nie. Die mense op aarde staan ook verleë in hulle magteloosheid en onwaardigheid. En selfs die visse in die diepte van die see, kan die taak nie verrig nie. Niemand nie. Dit is die droewige konklusie.

Dreig die ewige raad van God dan om onvervuld te bly en as 'n mislukking in duie te stort? Het sy skepping misluk? Die Satan lag en God swyg en die mens sak weg in die put van die nihilis – hy stel sy vrae, maar hoor geen antwoord nie. En hyself weet nie. Daar was wel 'n tyd dat die mens sou lag vir die uitspraak in Openb. 5:3. Die humane mens met sy rede en goeie wil en vermoëns, met die strydkreet "excelsior" op die lippe, was besig om die bergtop van die menslike prestasies te nader. Sy vredesparadys op aarde was in sig. En met al die tegniese wondere, wat hy vir homself uitgevind het, wag die nirwana om die draai. Wat 'n vooruitsig! Hoe vér het die eertydse aap en aapmens teen die leer van beskawing en vooruitgang opgeklim! En voor sien hy al in sy verbeelding die supermens wat só bykans alles sal vermag!

Twee verwoestende wêreldoorloë het die menslike gees egter gebreek – sy vlerkies is geknak en hy fladder magteloos na benede. Deur sy mislukkinge heen kom daar ook die rou kreet uit sy diepste wese: "God is dood!" En dit is gewis nie meer 'n spotroep of oorwinningskreet van die supermens wat God ondergesit het nie. Nee, dit is die skreeu van die leë wanhoop, wat weet dat God dood is en wens dat dit nie só was nie. Hy weet dat hy nie kan red wat God nie kon nie. En hy wentel hom in sy wanhoop en vrae en vleeslike uitspattighede; en vroetel voort in die modder van die dieptes van die Satan en die donker word al beklemmender en die modderput al dieper. En vrae nogeens vrae vervul die lug. Al die tegniese heerlikhede flits dit dag na dag om die aarde en mense sien en hoor dit – onbeantwoorde vrae – en die mens bestaan maar lukraak voort. Ons kyk maar wat word. En intussen: "Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons!"

En die Satan het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. En niemand is waardig nie – selfs nie één nie om die heilige berg van God te bestyg en sy heilige tempel binne te gaan en voor Hom te staan en te sê: Hier is ek . . . Ek kan . . . Ek sal . . . Gee die boek vir my. En die wanhoop van die nihilis gryp die massas aan. Verslae en belangeloos kyk hulle na die televisie en sien die miljoene aardbewoners wegsink – al dieper en dieper in die poel van onwaardigheid. En ek? En jy? Hoe lank nog voordat ook ons die uitsig verloor en die dieptes instort?

Ween saam met Johannes! Ja, dit is wat Johannes doen. En ons het ook alle rede om oor ons en ons kinders en ons volk en ons wêreld te ween. Ons het byna geen rede meer om te lag nie. Ons onwaardigheid spreek met duisend tale en skreeu die leë ruimtes in. Indien dit van ons waardigheid sou afhang, het ons geen vooruitsig meer nie.

Gelukkig is elkeen wat uit hierdie ontsaglike diepte opkyk na die sterre – die helder sterrenagte van God se trouverbond.

# 1 April: Johannes in trane!

Ps. 51

*"En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie."* (Openb. 5:4)

God sit met die boek van sy raadsbesluit in sy hand op sy troon in die hemel. Hy soek iemand wat die vermoë en bevoegdheid het om die boek uit sy hand te neem en dit oop te maak en daarin te lees. Dan gaan sy alsiende oë oor die skepping en Hy sien en weeg almal – mense en diere en voëls en selfs engele. Sy bevinding is dat niemand die taak waardig is nie.

Dan bly die boek toe. En dan bly nie alleen Johannes se nuuskierigheid onbevredig nie. Nee, Johannes weet hier is veel meer op die spel. Dan bly die duiwel baas en die geskiedenis staan stil – dit draai dan altyd maar om die punt van die mislukking van elke menslike poging. God se raad kan dan nie tot uitvoering gebring word nie – sy raad waarin Hy alles lei tot die oorwinning. Die wederkoms van Christus bly dan uit en van die nuwe hemel en die nuwe aarde kom niks nie.

Daarom bars Johannes in trane uit. En hy hou aan met ween. Dit is ook nie maar stille trane nie, maar hy huil hardop. Ja, hy huil hardop in die hemel voor die troon van God. Hy is vanselfsprekend net in 'n visioenêre toestand in die hemel. Hy het nog nie self die heerlikheid beërwe nie. Hy sal mettertyd uit die toestand waarin hy is, ontwaak en hom weer op die eiland Patmos bevind. Daarom is dit nie vreemd dat hy in die hemel huil nie. Hy weet vir die kerk waaraan hy behoort en vir die wêreld waarin hy leef, is daar hoegenaamd geen toekoms, indien hierdie boek geslote bly nie.

Dit is God se bevinding dat niemand waardig is nie. Daar is 'n ondersoek gehou voordat Hy dit vasgestel het. En dit kom op 'n oordeel van God neer. Dit is asof Hy uitspraak gegee het en daarom skrik Johannes só groot – dan is alles verlore! – vandaar Johannes se groot droefheid.

Johannes besef duidelik dat elke mens en elke menslike poging 'n mislukking is en hy is genoeg van 'n mens om daaroor baie hartseer te wees. Die kerk deel in die tragiek van die mensdom. Die kerk word ook meegevoer op die pad van die mislukking van die wêreld, indien die Here nie keer nie. Dit is ook verre daarvandaan dat die gelowige en die kerk hom moet verlekker in die mislukking van 'n mensdom wat meer en meer wegsink in geestelike donkerheid en selfs stoflike ondergang. Ons mag ook nie koud en onbewoë toesien dat mense op die ewige verderf aanloop nie. Waarlik ons het alle rede om te ween oor die toestande en verwagtinge van die wêreld.

Ons droefheid en bewoënheid kan gerus maar gesien en gehoor word in die wêreld en voor die troon van God. Dan vervul die kerk ook sy priesterlike roeping – hy tree in met trane en voorbidding vir die wegsinkende wêreld.

Ja, Johannes het rede gehad om te ween. En tog moes hy geweet het, of het hy vergeet dat sy Here gesê het by sy hemelvaart: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde ...?"

# 2 April: Moenie ween nie!

Hand. 16:24-34

*"Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; . . ."* (Openb. 5:5)

Hierdie uitspraak laat 'n mens se gedagtes teruggaan na die treurendes rondom die graf van Jesus. Ons onthou hoe Maria Magdalena by die oop en leë graf van Jesus gestaan en bitterlik geween het. Eers sê die engele aan haar: "Vrou waarom ween jy?" 'n Vreemde vraag by 'n graf, nie waar nie? 'n Graf is tog die plek vir trane en droefheid. Ook die opgestane Heiland self sê aan Maria: "Vrou waarom ween jy? Wie soek jy?" Daar in die tuin van Josef van Arimathea was nog nie 'n verteenwoordiger van die kerk wat die treurende kerk kon troos nie. Die hele kerk was verslae met hulle ideale in skerwe.

Daarom is die droefheid van Johannes hier só vreemd. Hy self was tog 'n getuie van die oorwinning van Jesus oor die duiwel en die sonde en die dood. Hyself het uit sy mond gehoor: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." (Matt. 28:18). Hy moes tog begryp het, dat Jesus waardig is om die bomenslike taak uit te voer – om die boek uit die hand van God te neem en sy seëls te breek en Sy raad te laat afloop na die triomferende einde, waarin Hy alles in almal sal wees.

Ja, gelukkig staan Johannes hier in die hemel met sy groot menslike droefheid – gelukkig vir ons ook in ons onredelike droefheid. Ons staan ook só en ween by ons menslike puinhope – en veelal juis wanneer die Here sy oorwinnings boekstaaf. Sy oorwinningspad loop langs ons menslike mislukkings heen. Ons sien nie goed en weet nie wat goed is in die koninkryk van God nie. En ons ween juis wanneer ons 'n oorwinningslied moes sing. Ja, gelukkig vertel Johannes self aan ons hoe hy hier gestaan en huil het. En hy vergeet van die Leeu uit die stam van Juda. Hy moes eers aan hom uitgewys word in die Bybel. Só is ons ook maar. Ons sien berge voor ons verrys en sien nie die Lam van God raak, wat die berge tot 'n laagte gemaak het, toe Hy sy oorwinningspad daardeur gebaan het nie.

Maar gelukkig is hier nou 'n verteenwoordiger van die kerk wat kan sê: "Moenie ween nie!" Een van die ouderlinge rondom die troon van God, sê dit. En ons hoef hom nie alleen te sien as iemand uit die triomferende kerk – die gedeelte van die kerk wat alreeds oorwin het en die heerlikheid beërwe het nie. Nee, hy doen maar wat die kerk op aarde ook moet doen. Die strydende kerk moet vir sy eie lede sê: "Moenie ween nie!" Die kerk sê dit vir die kerk. God gebruik die kerk om die kerk self te vertroos. Só werk die Here met mense ten behoewe van sy mense.

As die kerk van alle eeue en alle plekke dit maar altyd goed begryp! Die kerk se taak is om vir die wêreld en vir homself die Middelaar aan te wys. Hy is die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid wat oorwin het. En Hy is ook die Lam van God wat geslag is. Dit beteken vir ons die saligheid en die triomf van God oor Satan en die dood. Sy raad loop af – dit gaan na die einde en die einde beteken oorwinning en heerlikheid, ook vir Johannes en vir ons!

# 3 April: Die leeu het oorwin

Gen. 49:1-12

*"Moenie ween nie; kyk, die leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."* (Openb. 5:5)

Johannes, jou trane is onvanpas in die hemel. Dit is te meer onvanpas omdat jy die Woord van God besit en dit behoort te ken. Lees Gen. 49:9, 10: "Juda is 'n jong leeu. . . Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees." Kyk verder na Jes. 11:10: "En in die dag sal die nasies vra na die wortel van Isaï. . ."

Dit is 'n ouderling – 'n verteenwoordiger van die kerk wat dit vir Johannes sê: ". . . die leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek." Hy wys Johannes op wat in die Bybel staan. Die Bybel weet van die leeu uit die stam van Juda en die wortel van Isaï. Die ouderling, wat duidelik verwys na Jes. 11:10 noem Hom egter nie die wortel van *Isaï* nie, maar die wortel van *Dawid.* Dit is nog maar dieselfde, want Dawid is die seun van Isaï. En tog is daar ook 'n verskil: Isaï was 'n eenvoudige boer van Bethlehem, terwyl sy seun Dawid die koning van Israel was. Die ouderling wil benadruk dat hierdie leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid, 'n magtige oorwinnaar is. Daarin was Dawid 'n skadubeeld van Hom wat gekom het uit sy nageslag. Hy het nie maar, soos Dawid, aardse vyande oorwin nie, maar Hy het die duiwel en die dood en die sonde oorwin. Hulle is ons werklike vyande.

Só verkondig die ouderling selfs in die hemel nog die Woord van God aan Johannes. Dit is die manier waarop God sy kerk troos en vermaan en leer – Hy doen dit met die Woord. Hy verkondig die evangelie. Hulle moet luister na Moses en die profete – dit is die Bybel. Hulle moet die Skrifte ondersoek, want daarin kry hulle die ewige lewe. En, dit is die Skrifte wat Jesus Christus verkondig as die Leeu uit die stam van Juda en die Wortel van Dawid, wat oorwin het. Daarom is Hy waardig. Hy kan die boek neem en sy sewe seëls breek.

Die ouderling sê nadruklik dat die Leeu uit die stam van Juda die boek kan oopmaak en sy sewe seëls breek. Hy sal die seëls een-vir-een breek tot die laaste een toe. Hy is dit ten volle waardig, want Hy het waarlik oorwin.

Hoe dikwels staan ons ook met betraande oë voor die skerwe van ons hoop en verwagtinge, omdat ons vergeet het wat in die Bybel staan! Die lig van die Woord van God moet skyn oor ons hele lewe. Ons oorwinninge en vreugde word daardeur belig as toegifte uit die hand van ons genadige Vader. Ons teleurstellinge en teëslae sien ons in die lig van God se Woord as sy gang met ons van krag tot krag, en van oorwinning tot oorwinning. Ons Heiland het oorwin, en is daar enige ding wat vir Hom te magtig sou wees?

# 4 April: 'n Lam asof hy geslag is

Ex. 12:1-13

*"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is"* (Openb. 5:6)

Dit is en bly vreemd dat Johannes die Lam nie in die eerste plek opgemerk het nie. Uit die beskrywing van sy staanplek blyk dat Hy voor die troon, tussen die ouderlinge en die vier lewende wesens, gestaan het. Johannes het vanself die lewende wesens en ouderlinge gesien en beskryf in hoofstuk 4. Het ons nie ook hier te doen met die groot waarheid dat die Lam aangewys wil wees deur die Woord nie? Ons het immers ook hier te doen met die simboliese karakter van die boek Openbaring. Johannes moes eers gestel word voor die magtelose verlorenheid van die mens, voordat Hy die Lam, die Verlosser, kon sien. Die Lam moes ook eers aan Hom verkondig of aangewys word.

Dit is 'n waarheid wat onder alle omstandighede geldig is. Geen mens wat nie eers kom tot die besef van sy eie sondigheid en verlorenheid en magteloosheid, het 'n oog vir die Lam nie. Hy het gekom om verlorenes te red en sondaars te verlos. Daarom sien alleen mense, wat hulle eie verlorenheid ken, Hom raak. Hulle ontdek Hom ook alleen wanneer Hy aangewys word in die Woord van God. En normaalweg gebeur dit as Hy verkondig word deur sy kerk. "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." (Hand. 16:31).

Gelukkig staan Hy voor die troon van God, met die ouderlinge agter Hom. Hy staan tussen hulle en die heilige God. Hy vang die gloed van God se ewige toorn teen die sonde van die ouderlinge, en daarmee van sy hele kerk, op. En Hy staan daar as 'n Lam, "asof Hy geslag is." Dit beteken nie dat Hy nie werklik geslag is nie – só asof sy slagting maar skyn was nie. Nee, Johannes sien die tekens van sy slagting nog aan Hom. Hy dra nog die letsels van sy dood, maar Hy staan lewend en kragtig voor die troon van God. Hy is geslag, maar Hy het opgestaan – Hy is nie meer dood nie. Sy dood was 'n volkome verbryseling. Hy het die offerdood gewillig ondergaan en sy slagting was nie bloot moord nie.

Dit was die offer wat Hyself vrywilliglik gebring het om aan die regmatige eise van God teen die mensdom te voldoen.

Dat die Lam van God nog steeds voor die troon van God staan, met die tekens van sy slagting in sy liggaam, beteken ook dat sy eenmalige offer voortdurend geldig bly. Hy is eenmaal geoffer en nou is daar hoegenaamd geen offer vir die sondes meer nodig nie. Hy het eenmaal gely en daarmee volkome betaal vir al die sondes van elkeen wat in Hom glo – tot in die allerlaaste geslag op aarde.

Só ken ons Hom, ons Here Jesus Christus, uit sy Woord. Só glo ons in Hom en só bely ons Hom in die wêreld. Kom dan na Hom toe. Geen sondaar is te groot en geen sonde te swart, of daar is by Hom genade – vergewing vir elkeen wat kom.

## 5 April: Sewe horings en sewe oë

Joh. 16:1-14

"*'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde."* (Openb. 5:6)

Johannes beskrywe verder die Lam wat voor die troon van God staan. Dit is duidelik dat ons hier te doen het met Jesus Christus, die Lam van God, wat vir ons sondeskuld geslag is. Hy het sewe horings en sewe oë. Vanselfsprekend is dit ook simbolies bedoel. Met die sewe horings en sewe oë wil Hy iets aan ons tuisbring van die wese en werk van die Lam. Hy het *sewe horings.* 'n Horing is in die Bybel simbool van sterkte en krag. Dit behoort aan Hom as sy regmatige vermoë of bevoegde heerskappy. Dit word ook uitgedruk in die getal *sewe* – die volmaakte getal. God het aan Hom inderdaad alle mag in hemel en op aarde gegee, omdat Hy dit verdien het. (Matt. 28:18). Hy heers oor die hele wêreld en oor al die skepsele omdat Hy Homself as 'n offerlam aan die kruis laat slag het, tot versoening van ons sondes.

Dit moet ons altyd onthou. Hy wat vir ons sondeskuld geslag is en in Wie ons vrede met God het, is ook die Almagtige heerser oor alles en almal. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie en niks kan ons van sy liefde skei nie. Daarom, wees nie bevrees nie, klein kuddetjie, selfs die hare van julle hoof is almal getel!

En dan het Hy ook *sewe oë.* Daarmee sê die Bybel aan ons dat ons Heiland ook alles sien en weet. En lees ons verder dat die sewe oë die sewe Geeste van God is, dan volg daaruit dat Hy ook vervul is met die Heilige Gees en al sy werkinge. Hy het die Gees nie met mate ontvang nie. "In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik." (Kol. 2:9).

Dit is merkwaardig dat die sewe Geeste in hoofstuk 4 as sewe vuurfakkels voor die troon van God gesien is. Hier is dieselfde sewe Geeste weer die sewe oë van die Lam. Ons kan dit alleen verklaar indien ons onthou dat ons hier te doen het met simboliek. Die getal sewe dui die volheid van die Gees en sy werkinge aan. Die Heilige Gees gaan uit van God die Vader en die Seun. Hy is immers ook die oë van die Lam "wat uitgestuur is oor die hele aarde." Hier sien ons weer iets van die onbegryplike wese en werking van God Drie-enig.

Hieruit kan ons die een afleiding maak: Jesus Christus sien alles en is oral teenwoordig in die Heilige Gees wat van Hom uitgaan. Daar is geen plekke op aarde wat vir Hom onbereikbaar of ontoeganklik is nie. Oral is die Heilige Gees besig om sy troosryke werk te doen. Hy bring mense tot geloof in Jesus Christus. Hy vernuut hulle meer en meer na sy ewebeeld. Hy bewaar hulle in die geloof en skenk hulle die krag om te volhard. Jesus Christus sien en weet en sy arm is nooit te kort om te red en te bewaar nie. En Hy is onse Here, wat vir ons sondeskuld geslag is.

# 6 April: Die Lam neem die Boek

Hand. 7:54-60

*"Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit."* (Openb. 5:7)

Hier het ons 'n simboliese voorstelling van die oorhandiging van die regeermag oor alle dinge aan Jesus Christus. Hy het aangekom in die heerlikheid na sy vernedering en lyding en dood en opstanding. En dan ontvang Hy wat Hom toekom. Die skrywer van die Markus-evangelie sê van sy hemelvaart: "Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God." (Mark. 16:19). Toe Stéfanus teregstaan voor die Joodse Raad, roep hy uit: "Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan." (Hand. 7:56).

Dat Jesus Christus aan die regterhand van God sit of staan, beteken nie alleen dat Hy geëer word nie, maar dat Hy ook die regeermag ontvang. God regeer oor alle dinge deur Hom. En dit is tog ook maar wat met hierdie simboliek in Openb. 5 aan ons voorgestel word. Hy kom na vore en neem die boek van die raadsbesluite van God uit sy hand. En dan gaan Hy, omdat Hy die mag en bevoegdheid daartoe besit, die seëls een vir een breek en die boekrol oopmaak en die geskiedenis rol soos 'n aanskoulike rolprent af voor die oë van Johannes. Jesus Christus, die Koning van die konings, regeer oor alle volke en tale en nasies. Hy voer die geskiedenis van die mensdom tot sy uiteindelike doel.

Dit is ook nie vreemd dat – soos ons lateraan sal sien, 'n beroering in die hemel plaasvind en liedere aangehef word deur die engele en die kerk en die lof selfs uitkring tot alle skepsele wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is nie. Dit is 'n oomblik wat in die raad van God en in die geskiedenis van die mensdom 'n keerpunt is. Die Seun van die mens kom aan in die hemel – en Hy het oorwin. Hy het gedoen wat Adam nie kon nie. Hy het Hom geopenbaar as die Oorwinnaar en die Verlosser en dan word Hy in hierdie simboliese handeling gekroon as die Koning van die heelal.

Hy kan en durf na vore tree, want Hy is waardig gekeur deur Hom wat op die troon sit. En Hy neem die boekrol uit die hand van God – sy mandaat dat Hy die Regeerder is. En sy werk gaan voort vanuit die hemel. Die leisels is in sy hande. Die toekoms van die wêreld is sy toekoms, want Hy regeer.

Hiermee saam sien ek ook die Satan wat uit die hemel neergewerp word en selfs gebind word vir 1 000 jaar lank (Openb. 12 en 20). Christus regeer op die aarde en Sy heerskappy strek oor alle dinge – ook oor die Satan wat in beginsel verslaan is. Dit is ons enigste anker in hierdie aardse jammerdal van moeite en verdriet. Ons Heiland is op die troon en niemand kan ons uit sy hand ruk nie. Amen!

# 7 April: Blye aanbidding

Openb. 8:1-6

"... *en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."* (Openb. 5:8)

Die Lam van God het pas na vore getree en die boek van God se raadsbesluite uit sy hand geneem. Dit is die uur van sy triomf. Hy ontvang die beloning op sy oorwinning en word gekroon as die Koning van die konings.

Onmiddellik is daar beweging rondom die troon van God. Die vier lewende wesens, wat die hele skepping verteenwoordig, val neer voor die Lam. Later (vers 14) hoor ons dan hulle hulde wanneer hulle "Amen" sê op die lied van alle skepsele. Ook die vier-en-twintig ouderlinge val voor die Lam neer, elkeen met 'n siter en 'n goue skaal vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is ...

Dit is duidelik dat die Lam hier Goddelike eer ontvang. Hy word aanbid deur al wat leef en in die Bybel word geen skepsel aanbid nie. Dit is 'n eer wat God alleen toekom. Daarom is die Lam van God, self God. En die ouderlinge het siters in hul hande. Die siter is die instrument om 'n lied van blykskap mee te speel of te begelei. Die ouderlinge gaan aanstons 'n nuwe lied sing, met begeleiding van hierdie siters. (Vers. 9).

Saam met die siters het die ouderlinge ook elkeen 'n goue skaal – dit is 'n redelike groot vlak skottel. Die goue skale is vol reukwerk – ja, hulle was heeltemal vol. Die simboliek van die reukwerk word ook verklaar. Dit is die gebede van die heiliges. En hier word gewis nie verwys na die "hoogheiliges" wat die Roomse kerk vereer en wat dan vir ons arme sondaars sou intree nie. Nee, hier gaan dit om die gebede van alle gelowiges wat geheilig is deur die bloed van die Lam. Elke sondaar wat vanuit sy sondeverlorenheid die oë gelowig ophef na die Lam en pleit om vergewing, is alreeds 'n heilige, want sy onreinheid is weg. Dit is vir ewig by God vergete, asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

By hierdie geleentheid is dit gepas om te aanbid en te dank. Rondom die gebeure van Jesus se oorwinning oor die Satan en die dood en die sonde en sy triomftog na die hemel en sy toetrede tot die troon van God om die regeermag te ontvang, het in die loop van die eeue baie dankgebede opgestyg. In blye aanbidding is die reukwerk van die gebede aangebied deur die kerk van alle tye. En daar sien ons dit voor die troon van God in dankbare huldebetoon neergelê aan die voete van die Lam, deur die vier-en-twintig ouderlinge, wat die kerk van alle eeue verteenwoordig.

Verloste volk van Jesus Christus, bring u dankbare hulde aan u Verlosser en u Koning!

# 8 April: 'n Nuwe lied

Rom. 11:33-36

*"Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie."* (Openb. 5:9)

Só sing die kerk by monde van hulle verteenwoordigers, die vier-en-twintig ouderlinge. Ja, hierdie nuwe lied is nie alleen die lied van die vier-en-twintig manne op hulle knieë voor die Lam van God nie. Nee, hier hoor ons die lied van verlossing van 'n blye en dankbare kerk wat deur die eeue heen op die aarde gesing het, en tot in ewigheid in die hemel sal sing.

"Sing nuwe sange, nuut gebore
uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore
moet danksê vir Gods nuwe guns." (Ps. 33:*2).*

Dit is 'n nuwe lied, want dit is die lied van die nuwe bedeling. Ons leef immers in die bedeling van die vervulling. Die Ou Testamentiese kerk het vooruit gesien na die vervulling van God se beloftes. In Christus is dit vervul – daarom kan die kerk die nuwe lied sing. Die nuwe lied sing ook van die geheel enige karakter van die verlossing wat deur die Here bewerk is. Nooit tevore het die Here só 'n wonderbare, heerlike en groot verlossing geskenk nie. Daarom, laat ook u hart en mond sing van die nuwe en onberekenbare vrymaking wat u in Christus ontvang het. Ons lewe moet 'n lied wees tot eer van Hom, ons Verlosser.

En die inhoud van die lied, is 'n samevatting van die hele evangelie van Jesus Christus. In die lied spreek die kerk die Lam van God self aan "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak." Oor die waardigheid van die Lam, wat ook die Leeu uit die stam van Juda is, kan die kerk nooit uitgesing raak nie. Hy het dit verdien om die boek van God se raadsbesluite te neem en die seëls oop te maak. Hy staan aan die roer van sake in die wêreldgeskiedenis. Hy het die vermoë en die bevoegdheid daartoe. Waarom?

"Want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie." Die gebeure by Golgotha, toe Jesus Christus, die Lam van God, vir ons sondeskuld geslag is, is van beslissende betekenis vir die mensdom. Hy het ons losgekoop en die losprys was sy bloed. Hy het nie alleen sy kudde losgekoop nie, maar Hy het hulle ook gereinig met sy bloed. Só is die volk van God in die Ou Testament met die bloed van die offerdiere besprinkel en geheilig; só is ons gewas in die bloed van Jesus Christus.

En nou tree hier na vore verlostes uit elke stam – mense wat deur afkoms en verwantskap aan mekaar verbonde is. Maar ook uit elke taal kom hulle – hulle wat dieselfde taal praat. En ook uit elke volk – die groepering van mense wat in politieke sin bymekaar hoort. Maar eindelik ook uit elke nasie – dit is mense met dieselfde leefwyse en gewoontes, wat hulle nasieskap bepaal. Die verskeidenheid bly – maar almal uit al die verskillende samelewingsverbande wat in Christus glo, is saam die volk van God. Verlos en nie verlore!

# 9 April: 'n Koninkryk van priesters

1 Petr. 2:1-10

"... *en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers."* (Openb. 5:11)

So sing die vier-en-twintig ouderlinge voor die troon van God in die hemel. Hulle verteenwoordig die kerk van verlede, hede en toekoms. Ons Here Jesus Christus, die Lam van God, is waardig en bevoeg om oor alles te regeer, daarom ontvang Hy die boek van God se raadsbesluit uit sy hand.

Hier sing die hele kerk, by wyse van hulle mondstuk die ouderlinge, dat Jesus gedoen het waartoe Hy gekom het. Hy het die koninkryk van God op aarde opgerig. Sy volgelinge is konings. Maar hulle is ook priesters, want hulle regeer nie alleen nie, maar dien die Here ook met hulle offers, soos dit priesters betaam. Jesus se volgelinge het die mag van konings en tog dien hulle Hom ook deur hulle hart ten offer op sy altaar te lê.

Hulle lied gaan voort: ". .. en ons sal as konings op die aarde heers." Oor die hele oppervlakte van die aarde geld die heerskappy van hierdie konings.

Maar kan dit waar wees? Waar op aarde regeer die gelowiges as konings? Hulle word veeleer uitgeskuif uit magsposisies en vertoon die gestalte van verknegdes en verslaafdes en is selfs dikwels die vervolgdes en martelare. In ons tyd is daar wel bepaalde denkrigtinge in die kerk wat deur mag en geweld wil regmaak wat verkeerd is. Hulle wil oor die aarde heers deur die loop van 'n geweer – of handgranaat en tydbom van die terroris, maar dit is nie die soort mag wat die kerk op aarde ontvang het nie. Die kerk regeer op 'n ander manier. Hulle het die Swaard van die Gees, dit is die Woord van God, ontvang om mee te regeer.

Die kerk regeer nie deur mag of geweld nie, maar deur die Woord en Gees van Christus op aarde. En al sien ons in die grote wêreld weinig van die heerskappy van die kerk, is en bly dit altyd waar: die werklike heersers op aarde is die mense wat in Jesus Christus glo. Hy sê selfs aan Simon Petrus, toe hy bely dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees; en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Die Woord van God is die sleutel waardeur die poorte van die hemelryk oop en toe gesluit word op aarde. En in die hemel is dit oop en toe vir mense, soos die kerk deur die eeue heen die Woord verkondig het.

Meer nog, daar is die één mag op aarde, wat die geskiedenis van die ganse mensdom beheers, en dit is die kerk van Jesus Christus. Die wêreldgeskiedenis loop soos hy loop ter wille van die kerk. "Die hele wêreldlewe en die ganse geskiedenis, beweeg om die gemeente van die Here; om die kerk te vorm, uit te brei, toe te berei en te dien tot sy welsyn." (S. Greijdanus). Die kerk sal nie alleen eendag in die verre toekoms – in die hemelse heerlikheid, regeer nie, maar heers nou alreeds oor die aarde.

Om te kan heers het die kerk die Woord van God ontvang om dit te hanteer. Daarom is elke gelowige geroepe om die Woord te ken en te gebruik. Só regeer ons in die Naam van onse Here.

# 10 April: Die Engele sing saam met die Kerk en die Skepping

Luk. 2:8-20

*"Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien-duisende van tienduisende en duisende van duisende."* (Openb. 5:11)

Ons kan soms groot kore saambring en dit klink oorweldigend in ons ore, wanneer duisende mense uit volle bors sing. Op die vleuels van hulle lofsange word 'n mens se gees opgehef en jy word meegevoer na byna bomenslike ontroering. Maar nêrens op aarde was daar ooit 'n koor soos hierdie wat Johannes sien en hoor nie. Ontelbare engele kom voeg hulle by die lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge en saam hef hulle hul loflied aan ter ere van die Lam by die aanvaarding van sy Koningskap uit die hand van God. Hier sou die drumpelposte van die hemelse tempel letterlik bewe. Dit is die grootste gebeurtenis denkbaar in die geskiedenis van die mensdom – en ook die engele en die hele skepping voeg hulle loflied by die van die kerk.

Ja, die engele antwoord eintlik op die lofstem van die kerk. Die kerk lig hulle as 't ware in oor wat nou hier gebeur. Mooi het die rolle omgekeer. Die gevalle mens is in sy toestand van sondeblindheid dikwels deur engele ingelig oor dinge wat hulle nie sien en weet nie. Nou is dit die voorreg van die kerk om by monde van hulle verteenwoordigers, die ouderlinge, aan die engele te sê wat hier gebeur. En die engele se reaksie is spontaan. Die duisende der duisende engele val in en sing saam van die Lam van God en die verlossing van sondaars en die eer en heerlikheid en mag wat sy deel geword het. Só hoort dit – ook die hemelbewoners moet hulle lof voeg by die aarde en aardse.

En dan sing hulle: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." Al wat uitnemend en begeerlik is, is saamgevat in die verhoogde Middelaar.

Hy besit die krag, die innerlike vermoë om sy wêreldomvattende taak uit te voer. Hy kan doen wat van Hom verwag word.

En die rykdom behoort aan die Lam. Hy besit alles en beskik oor alles op die aarde en in die hemel. Maar Hy het ook die innerlike harmonie tussen sy vermoë en uitwendige posisie – sy rykdomme is nie te magtig vir Hom nie, soos dit só dikwels by mense op aarde is.

En die wysheid is syne. Intuïtief en prakties het Hy die aanleg om sy krag en rykdomme te hanteer. Hy is die alwyse wat altyd weet wat reg en goed is en al die dinge en gebeure in hulle wese deurskou.

In Hom is ook die sterkte. Hy kan doen wat van Hom verwag word. Geen mag op aarde of in die hemel is teen Hom bestand nie.

Daarom ontvang Hy ook die eer en heerlikheid en lof wat Hom toekom. Só sing die engele. Só moet ook die kerk sing en hulle verbly in die Here, wat hulle verlos het en by wie hulle veilig is.

# 11 April: Die seëls word oopgemaak

Openb. 6:1-8

*"En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak . . .*" (Openb. 6:1)

In hierdie hoofstuk word aan ons beskrywe hoe die Lam van God die eerste ses seëls van die boek van God se raadsbesluit open. Wanneer Hy die seël breek, word 'n bepaalde gedeelte van die hoek ontsluit. Die merkwaardige is egter dat Hy dit dan nie lees nie, maar dat Johannes sien gebeur wat in die gedeelte beskrywe is. Telkens sê Johannes: "En ek het gesien." Dit word só voorgestel asof Johannes die dinge sien soos op 'n rolprentskerm – dit gebeur voor sy oë. Soos ons nou ook al geleer het om oor die televisie na die nuus te "kyk," terwyl die nuusaanbieder lees, sien jy die dinge gebeur.

Die Lam stel nie uit nie. Hy het die boek ontvang en dan begin Hy dadelik om die seëls te breek. En dan sien Johannes die geskiedenis voor hom afspeel. Só maak die Lam, wat niemand anders as Jesus Christus, ons Here, is nie, geskiedenis. Hy skryf nie die geskiedenis eers nadat dit gebeur het nie, maar Hy laat plaasvind wat alreeds geskryf is. Daarom is die geskiedenis uit die oogpunt van God besien, hoegenaamd nie onseker nie. Maar ook vir ons is dit nie onseker nie, want ons het hierdie boek Openbaring. En ons het selfs veel meer as dit. Ons het die Bybel as geheel en ons weet dat Jesus in hierdie wêreld, aan die begin van ons jaartelling opgetree het. Hy het in ons geskiedenis ingekom en nou skryf Hy dit verder. En ons weet wat Hy gedoen het – vir ons. Hy het gekom om vir ons op aarde te lewe, te ly en te sterwe. Hy het toe geskiedenis gemaak.

Maar Jesus Christus gaan uit die hemel voort om geskiedenis te maak. In die simboliese handeling waarin Hy die seëls een na die ander oopbreek, is Hy besig om te toon hoe Hy die gebeure op aarde laat verloop. En Hy wat dit doen, is ook Hy wat gely en gesterwe het vir ons. Daarom skryf Hy ook geskiedenis met die oog op sy kerk, wat Hy vir Homself losgekoop het.

En ons leef en werk en stry en sterwe binne die bedeling van die geskiedenis wat hier voor Johannes afspeel. In die wêreld het ons te doen met groot name – mense wat geskiedenis gemaak het. En dan dink ons aan name soos Napoleon en Josef Stalin en Mussolini en Hitler. Nader aan ons leef Mao Tse Tung en Bresjnev en die presidente van Amerika - magsfigure wat self sê dat hulle geskiedenis maak. Die kommuniste verklaar onomwonde dat die toekoms aan hulle behoort. Hulle skryf en sal alleen geskiedenis skryf. Hulle breek die seëls van die twintigste eeu oop en doen wat hulle vir hulself uitstippel. Hulle het selfs voorafopgestelde planne van wêreldverowering. En dit lyk angswekkend waar as ons om ons kyk.

En tog sit hierdie grotes ook binne-in hierdie boek en kom hulle eers na vore wanneer Jesus die seël breek – anders sou hulle nie eers kon bestaan nie. Hou dit vas wanneer dit donker word rondom u.

# 12 April: Ruiter op die wit perd – Die Oorwinnaar

Hand. 1:1-9

*"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin."* (Openb. 6:2)

Ons verheerlikte Middelaar, die Lam wat geslag is, maak die eerste seël van die boek van God se raadsbesluit oop. En dan sien Johannes 'n ruiter op 'n wit perd, met 'n boog in sy hand, uit trek. Hy trek die wêreldgeskiedenis in. So vér hy gaan tref die pyle uit sy boog. Hy dra alreeds die oorwinningskroon – ook die wit perd is die simbool van die oorwinnaar. Maar dan staan daar ook geskrywe in die boek: "en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin . . ."

Wie is hierdie simboliese ruiter op die wit perd? Dat hy iets voorstel is duidelik – ook as ons daarop let dat die simboliese karakter van die volgende ruiters duidelik afgelei kan word. Vir my is die mees logiese verklaring om in hom die personifikasie van die evangelie van Jesus Christus te sien. Soos o.a. proff. Greijdanus en J. H. Bavinck aanvaar.

Met sy hemelvaart het die Here Jesus aan sy apostels gesê: ". . . julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Hand. 1:8). So kring sy blik steeds wyer en wyer uit oor die aarde – tot aan die uiterste daarvan. En hier sien Johannes dit simbolies voorgestel. Die ruiter trek uit met sy pyl en boog. Oral waar die Woord van Jesus Christus verkondig word, word sy pyle afgeskiet en mense word in hulle harte getref. Hulle sterwe wel in hulleself, maar hulle staan op in die nuwe lewe – hulle lewe in Christus - Só gaan hy voort tot aan die uiterste van die aarde.

Ja, "hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin." Hy het nie maar een keer oorwin en dan tot stilstand gekom of op die vlug geslaan nie. Nee, dit was 'n voortgaande oorwinning en die uitslag was nooit twyfelagtig nie. Die ruiter beweeg altyd vooruit – van oorwinning tot oorwinning, tot die uiteindelike sege volledig en skitterend behaal is.

Bedienaars van die Woord en sendelinge skiet die pyle af. Bybelverspreiders span die boog en die pyle word vér en wyd gedra na alle volke en tale en nasies. In ons tyd gaan die Woord letterlik soos 'n pyl uit 'n boog, oor die radio en televisie na afgeleë mense en verre lande.

Ons mag nooit twyfel aan die trefkrag van die evangelie nie. Ons moet alleen sorg dat ons die evangelie suiwer en volledig uitdra in die wêreld. Só hou ons moed in ons teleurstellinge – in besonder as bedienaars van die Woord. Of die mense nou al luister of nie, hulle sal dan moet erken dat God sy profete gebruik het. En die Woord tref tot die lewe en tot die dood. Hulle wat die Woord verwerp, word deur dieselfde Woord verpletter. God bedoel dit dodelik ernstig met sy Woord.

# 13 April: Oorlog en bloedvergieting

Matt. 24:6-14

*"En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee."* (Openb. 6:4)

Die Lam wat geslag is gaan voort om die seëls van die boek van God se raadsbesluite oop te maak. Hy breek die tweede seël en daar verskyn weer 'n perderuiter. Die perd is vuurrooi – 'n kleur wat alreeds gloeiende toorn versinnebeeld. Die ruiter op die perd ontvang 'n groot swaard en die vermoë om die vrede van die aarde af weg te neem en dat die mense mekaar doodmaak.

Die nasies sluit vredesverdrae en bou vredespaleise. Aan die ander kant vul hulle hul wapenarsenale met die mees dodelike en verwoestende werktuie denkbaar. En dan gebruik hulle die argument dat hulle sterk gewapen moet wees om die vrede te bewaar. Ter wille van die magsewewig moet elkeen sorg dat hy in staat is om homself te beskerm teen die aanvalle van al die ander. Ons het in ons tyd die verwoesting van twee wêreldoorloë gesien en ons sidder vir die moontlikheid van 'n derde. Bloot een twintigste van die kernbomme wat nou al gereed lê, is genoeg om alle lewe op aarde uit te wis. En nog is dit die einde nie . . .

Hier sien ons dit in die verskriklike simboliek van die ruiter op die vuurrooi perd, met sy groot swaard wat dood en verwoesting saai. Hy ry die eeue deur en die geweld word steeds verskrikliker en omvangryker en dit groei meer en meer aan tot een totaal-oorlog waarin elke nasie op aarde betrokke sal wees. Wie sou al die ellende kon beskrywe?

En laat ons nou op 'n paar dinge let. Allereers is hierdie ruiter 'n agterryer van die ruiter op die wit perd. Hy dien die evangelie. Dit is ongelukkig waar dat 'n mens soms só doof is dat die dood en verwoesting van oorlogsgeweld eers jou ore oopmaak opdat jy kan luister na die Woord van God, waarin die ware lewe te vinde is. En, God het ook oorloë gebruik om nuwe wêrelddele vir die evangelie oop te maak.

In die tweede plek lees ons dat dit aan die ruiter *gegee* is om die vrede van die aarde weg te neem. Verder is ook aan hom 'n groot swaard *gegee.* Wie is die gewer van hierdie onheilsmagte aan die meedoënlose ruiter? Is dit die duiwel wat los is en eers gebind moet word, voordat vrede op aarde sal aanbreek? Nee!

"Ook die ontstaan, die verloop en die uitslag van die oorlog, het hulle grondslag in God se bestel, staan onder sy bestuur, en word deur Hom beskik en gelei . . ." (S. Greijdanus). God stuur sy gerigte die wêreld in deur nasies teen mekaar te gebruik om as tugroede in sy hand te dien. Daarin spaar Hy ook sy kerk nie – sy oordele begin by sy heiligdom. Sy ontroue en afvallige kerk kom eerste onder skoot.

Gelukkig verbreek Hy ook weer op sy tyd die swaard en slaan die spies stukkend. En al die namelose ellende gebruik Hy uiteindelik ten goede vir sy kinders. Geen oorlogsgeweld is vir Hom te magtig nie. Hy voer rustig sy raad uit en voer sy kerk deur vuur en bloed heen na sy bestemming – die vrederyk op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.

# 14 April: Hongersnood . . .

Amos 6

". . . *En ek het gesien en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie."* (Openb. 6:5, 6)

Op die spoor van oorlog kom die hongersnood. Oorlogsverwoesting bring ellende en sorge vir die mensdom. Maar ook in vredestyd hou die hongerdood nie op nie. In Asië sterf miljoene mense vanweë 'n gebrek aan voedsel. Ook in Afrika word die slagoffers van hongerdood by miljoene getel. Wetenskaplikes en staatsmanne skrik as hulle dink aan die toekoms – 'n wêreldbevolking wat binne 'n paar dekades verdubbel. Waar sal die kos vandaan kom? En die honger lei weer tot nuwe oorloë, want staatshoofde moet hulle onderdane aan die lewe hou en slaan toe op hulle bure, ter wille van die broodvraagstuk.

Die Lam maak die derde seël oop. 'n Swart perd kom te voorskyn en trek die eeue deur. Op sy rug sit 'n ruiter met 'n skaal in sy hand. Swart is die kleur van honger, kommer en dood. Daarom dra 'n mens swart klere in jou rou en bind 'n swart rouband om jou arm. En die ruiter met sy skaal vertel dieselfde verhaal – koring en gars word in rantsoene afgeweeg. Daar sien u die broodvraagstuk van die mensdom simbolies voorgestel.

En dan sê 'n stem: "'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning." In Matt. 20:2 word 'n arbeider se dagloon op 'n penning gestel. 'n Arbeider kan derhalwe alleen vir homself 'n efa koop met een dag se loon, indien hy koringbrood sou wil hê. Indien hy 'n vrou en een kind het, kan hulle darem aan die lewe bly met die minderwaardige garsbrood. Vir meer kan hy nie sorg nie. Dan moet hy sorg dat hy nie meer kinders het nie, is die raad van die moderne Westerling. In wat 'n verskriklike kringloop is die mensdom tog vasgevang!!

Maar die geheimsinnige stem is nog nie klaar nie: "en moenie die olie en die wyn beskadig nie." Te midde van die honger aan alle kante, is daar nog die rykes wat hulle liggame met olie moet salf en hulle skemerkelkies moet ledig. Hulle drink sorgeloos hulle wyn en bad hulle in hul weelde terwyl miljoene rondom hulle in ellende wegsink. Só is die lewe maar – soos keiser Heile Selassie sou sê: almal kan nie ryk wees nie, en hy bekommer hom nie oor die honger-ellende van sy onderdane nie.

"Wee die gerustes in Sion en die sorgelose op die berg van Samaria. Wat op bedde van ivoor lê en uitgestrek lê op hul rusbanke en die lammers van die kleinvee en die kalwers uit die stal eet. Wat uit offerkomme wyn drink en hulle met die beste soorte olie salf, maar hulle nie oor die verbreking van Josef bekommer nie." (Amos 6).

Is dit miskien ek, Here?

# 15 April: Sy Naam is die Dood

Sag. 1:7-17

*"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."* (Openb. 6:8)

Die dood kom aangery op sy vaal perd. Sy dodelike sens sny deur die akkers van die aarde en hy samel grimmig sy oes in. Daartoe gebruik hy oorlog en honger, maar ook die pes en die wilde diere van die aarde. Op sy pad is rou en droefheid. Die vredemakers wat die oorlog wil afweer, se beste pogings misluk keer op keer, omdat die dood van sonde en misdade in hulle harte woon en hulle vredemaakpogings selfsugtig gerig is op hulle eie voordeel. Ook die boeregemeenskap met hulle landbou en koöperasies en bemarkingswette, saam met die ministers van landbou in die wêreld, probeer die honger van die wêreldbevolking stil, maar die agterstand raak al groter, en die dood samel meer en meer sy oes in deur 'n hongerdood.

Die mediese wetenskap span hulle kragte saam om deur navorsing en eksperimente en operasies en medisyne, die dood in sy opmars te sluit. Wonderlike suksesse word geboekstaaf en mediese geskiedenis word keer op keer gemaak. Mense se leeftyd word verleng en die medici droom nou al van leeftye tot 140 en selfs 150 jaar. Moontlik wag daar in die verskiet nog leeftye soos voor die sondvloed. *En* tog bly dit waar: "Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat sy siel sal kan red uit die mag van die doderyk?" (Ps. 89:49).

Die ruiter op die vaal perd kom verby en jy is daar nie meer en jou plek ken jou nie meer nie. Jy sink weg in die diepte van die doderyk. Dit is hier asof die skrywer massagrafte aanskou waarin lyke by hope toegegooi word. Soos die eeue voortskrei, werk alle faktore daartoe mee om meer en meer dooies te sien en te begrawe of te verbrand. . .

Gelukkig staan ook hier weer: "aan hulle is mag gegee . . . om dood te maak." Ook wanneer die dood met sy verskriklike verwoesting oor die aarde trek, is dit God wat hom die mag daartoe gee. En by 'n bepaalde geleentheid ook net sover as wat God toelaat. Vandaar dat hier gepraat word oor 'n vierde deel van die aarde.

Die drie perderuiters – oorlog, honger en dood, is die uitbeelding van die werklikheid wat ons op aarde sien. Wat ons egter normaalweg nie sien nie, is dat die ruiter op die wit perd voor hulle uitry – die evangelie van Jesus Christus die Gekruisigde. Jesus het ook die dood ingegaan om dit te oorwin en aan ons, wat in hierdie aardse jammerdal leef, die lewe te verwerf en terug te gee. Daarom bly ons te midde van al die dreiginge nog veilig in sy almagtige hand.

En ons dood is selfs nie meer dood nie – dit is net die afsterwing van die sonde en die deurgang tot die ewige lewe. Hulle wat in Christus glo, lewe al het hulle gesterwe.

Dit is opmerklik dat die ruiters wat Johannes hier sien, verskil in volgorde van die ruiters in Sag. 1:8. Daar word die wit perd laaste genoem. Het die wit perd die ander ingehaal en verbygesteek? Dan toon dit aan ons die verandering wat ingetree het met die koms van die Here Jesus. Nou het die ander ruiters agterryers van sy evangelie geword.

# 16 April: Siele onder die altaar

Lev. 17:10-16

*"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het."* (Openb. 6:9)

Die ruiter op sy vaal perd het verbygegaan. Op sy spoor is bloed en lyke. Sy naam is die dood. En dan sien Johannes dat die Lam die vyfde seel oopmaak en hy weet dat die ruiter ook sy sens ingeslaan het onder die volgelinge van Jesus Christus. Onder die altaar sien hy hulle siele - die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.

Dit is die eerste keer dat Johannes praat van 'n altaar in die visioen. Wanneer hier verwys word na 'n altaar dink ons aan die tempel in Jerusalem. Daarin was twee altare: die brandofferaltaar en die reukofferaltaar. Die tempel in die hemel het egter net één, maar dit het 'n dubbele funksie. Hier tree die funksie van die brandofferaltaar op die voorgrond – in 8:3 dien die altaar weer as reukofferaltaar. Die bloed van die offerdiere is in die tempel by die brandofferaltaar uitgegooi. Volgens die Bybel is tussen die bloed van 'n slagoffer en sy siel 'n noue verband - "want die siel is in die bloed". (Deut. 12:23; Lev. 17:11, 14). Met die bloed word derhalwe die siel uitgestort.

Daarom sien Johannes die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het, onder die altaar. Hulle is bloedgetuies van die Here – die martelare wat in die loop van die eeue vir hulle geloof die hoogste prys betaal het. Hulle moes nie betaal vir hulle sondes nie – daarvoor het die Lam betaal, maar omdat hulle glo in die Woord en getrou gebly het aan die belydenis van Jesus as die Christus is hulle geslag, soos die offerdiere in die Ou Testament. Hulle het hulle bloed gebring as dankoffer vir die groot genade in die verlossing deur Jesus Christus. Hoewel bloed ons laat dink aan brandoffers, wat in die Ou Testament soenoffers is, bring hulle egter dankoffers. Só is die twee altare nou een.

Dit kan nie anders nie. Omdat die wêreld ons Heiland gehaat het, haat hy ook die belyders van sy Naam. Elke keer wanneer op aarde 'n martelaar onder die hande van die beuls val, is dit asof op die hemelse altaar 'n mens homself vrywillig as 'n offergawe aan God oorgee – sy bloed stroom teen die altaar af. Johannes sien nie die namelose nood en smarte van die mense op aarde nie – hy sien maar die resultaat daarvan in die hemel.

Die vier perderuiters het verbygegaan. Voorop ry die ruiter op die wit perd. Hy trek as oorwinnaar deur die wêreld. Hy is die evangelie van Jesus Christus, wat gehanteer word deur sy volgelinge. Hulle is mede-oorwinnaars en ry as 't ware saam op die wit perd – van oorwinning tot oorwinning. Ook hulle marteldood is 'n oorwinning oor die Satan en die wêreld. Dit is die paradoks van Christus en sy kerk – die aardse lyding en dood is 'n triomftog, want dit loop uit op die ewige heerlikheid.

Wees getrou tot die dood toe en jy sal die kroon van die lewe ontvang.

# 17 April: Gebed om wraak

Openb. 6:9-17

*"En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoelank, O heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie om bloed op die bewoners van die aarde nie?"* (Openb. 6:10)

Kan dit wees? 'n Gebed om wraak van die bloedgetuies van Jesus? Hulle is op aarde vervolg en doodgemaak ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. Op aarde mag hulle nie die swaard opneem nie. Hulle mag hulle lewe nie verdedig nie. As hulle op die regterwang geslaan word, moet hulle ook die linkerwang aanbied. Op aarde moet hulle vir hulle vyande bid. Hulle moet die sonde haat – ook in hulleself, maar hulle mag die sondaar nie haat nie.

En nou in die hemel roep hulle siele of hulle bloed met 'n harde stem: "Wreek ons bloed, Here!" Ja, bloed roep vanself om wraak. Bloed wat vergiet word deur geweld, hou as 't ware die beginsel van wraak in. Die eerste bloedgetuie van die Here was Abel. Omdat hy gelowig was, het sy broer Kain hom vermoor. Daarop lees ons dat die HERE aan Kain sê: "Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af." (Gen. 4:10). 'n Menselewe is vanself vir die Here kosbaar en Hy wreek die bloed van die onskuldige.

Daarom roep die siele onder die altaar om wraak. In die geval gaan dit ook nie om hulleself nie. Dit gaan om die heilige en waaragtige Heerser. Hulle is ter wille van Hom geslag soos skape en sy eer is daarmee gemoeid dat hulle bloed gewreek moet word. Die aardbewoners moet weet dat daar 'n God is. Hulle moet weet dat die Lam nou die heilige en waaragtige Heerser is, want Hy het oorwin. Hy is heilig en kan die kwaad nie verdra nie. Hy is ook waaragtig – Hy bly getrou aan sy woord. Daarom kan dit nie anders nie, die sonde moet gewreek word. Hy weet dit buitendien uit ervaring, want die sonde van die ganse mensdom is aan Hom gewreek, toe Hy soos 'n lam na die slagplek gelei is.

Die mense bid om die koms van die oordeelsdag – die dag wanneer Jesus op die wolke van die hemel kom om die lewende en die dooies te oordeel. Só roep die stem van die bloed van die martelare saam met die stem van die kerk op aarde: "Kom, Here Jesus!" Ja, kom gou! En só roep ook die Heilige Gees saam met die kerk: "Kom, Here Jesus!"

Die skuldiges het die bloed van hulle slagoffers aan hulle hande. En wie is hierdie moordenaars? Onder hulle was Romeinse keisers, soos Nero en Domitianus. Onder hulle tel ook die magtige pouse uit die tyd van die Hervorming van die 16de eeu. In ons tyd is dit die heersers in kommunistiese lande met groot mag en gewapen met die mees gesofistikeerde moordtuie wat 'n mens kan bedink. En tog – hulle is bloot bewoners van die aarde. Nietig, stoflik, verganklik is hierdie wesentjies wat hulle hand durf verhef teen die grote God.

Moet dan nie bang wees nie, klein kuddetjie! Selfs die hare van julle hoof is almal getel.

# 18 April: Wag op die Here!

Jes. 40:27-31

*"En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en vir hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moet rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog doodgemaak moet word soos hulle, voltallig sal wees,"* (Openb. 6:11)

Die Here tel die dae. Hy kom op die vasgestelde dag wat Hy alleen ken. Dit help nie om dit te probeer aanwys of bereken nie. Jy sal bedroë daarvan afkom.

Maar die Here tel ook sy mense. Hy kom nie voordat die getal van sy uitverkorenes vol is nie. Nie één mag ontbreek nie. Meer nog, Hy tel ook sy bloedgetuies. Ook hulle moet voltallig wees, voordat Hy kom. Daarom, wees geduldig en wag 'n bietjie.

Hierdie mense, wie se bloed vergiet is ter wille van hulle Here, word egter ryklik beloon. Aan elkeen van hulle is wit klere gegee. Die simboliek wil sê dat hulle volkome rein gemaak is. Dit hou ook in dat hulle, selfs al het hulle die hoogste tol betaal ter wille van hulle Here, tog op aarde nog met onreinheid besoedel was. Hulle ontvang in die hemel die mantel van Christus se geregtigheid en die kleed van sy heil. Dit gebeur by hulle sterwe soos met elke ander gelowige. Ons moet dit derhalwe in die visioen so voorstel, dat die mense by hulle sterwe of pas daarna roep na die Here om hulle bloed te wreek op die bewoners van die aarde, voordat hulle beklee is met die wit klere. Één ding is wel duidelik: die lyding van die teenwoordige tyd weeg nie op teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. (Rom. 8:18).

En selfs daarby word hulle nie gelaat nie. Iemand sê op bevel van God aan hulle dat hulle nog 'n klein tydjie moet rus totdat die getal van die bloedgetuies vol sal wees. Wat 'n verkwikking is die hemelse rus vir die mense wat dit op aarde só bitter moeilik gehad het! Wie weet hoe hulle gejaag en vervolg en doodmoeg ingehaal is? Wie weet hoe hulle sonder ophou, dag en nag gemartel is, sonder om 'n bietjie te kon rus? Maar nou is hulle in die hemel. Rus 'n bietjie! Die oorspronklike woord wat hier gebruik word, wil sê dat hulle die rus moet geniet – hulle moet uitrus en hulle verkwik. Die Here is goed vir syne. Hy berei vir hulle die ewige rus, só onbegryplik heerlik dat dit bloot met negatiewe terme beskrywe kan word – 'n heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.

En dan die opdrag om te wag totdat die Here sy program voltooi het. Al sy bloedgetuies moet nog geslag word – dan eers kom die dag van wraak. Die aardbewoners moet alle geleentheid kry om die Woord en getuienis uit die mond van die getuies te hoor. Hulle moenie kan sê dat hulle onwetend verlore gegaan het nie. Hulle moet ook die beker van hulle sonde en onreinheid en vervolgingsug vol maak. God kan wag, al word Hy gelaster en al val sy getuies by hulle duisende langs die pad. Hy wag op sy bestemde tyd.

En intussen geniet sy bloedgetuies hulle hemelse rus onder sy sorg.

# 19 April: Die dag breek aan!

2 Petr. 3:1-13

*"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het – kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom, wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit"* (Openb. 6:12-14)

Só loop die wêreldgeskiedenis ten einde. Petrus beskryf dieselfde gebeure: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Petr. 3:10). Hoor die gedruis van die alomvattende aardbewing. Kyk na die son en maan wat verduister, moontlik vanweë die rook van die vuurspuwende berge op aarde. En verderaf in die magtige heelal begin sterre beweeg en alle wetmatigheid word versteur. Dit toon die Here aan Johannes in die lig van die wêreldbeeld van daardie tyd – die sterre val op die aarde, soos navye wat afgeskud word van die bome. Ons moet onthou dat ons nie hier 'n aardrykskundeles ontvang nie, maar 'n openbaring van die eindgebeure wat Johannes moes sien en kon vertolk in die lig van die kennis tot sy beskikking. En die hemel word geskeur soos 'n groot boek en die geskeurde rol vou toe. En berge en eilande word van hulle plekke versit.

Vanuit die gesigspunt van die raadsbesluit van die Here, het die boek Openbaring ons nou die geskiedenis laat deurloop tot die einde toe. Die voleinding het aangebreek. Die dag van die oordeel en wraak van Christus oor die bloed van sy getroue getuies is daar. Hulle gebede word verhoor. Die voleinding is 'n omvattende gebeurtenis – die ganse heelal is daarby betrokke. Vanselfsprekend word dit beskrywe vanuit die oogpunt van 'n aardbewoner. Daarom kring die katastrofe steeds breër en verder uit voor die oë. Die aarde bewe, die son en maan verduister, die sterre breek weg uit hulle vaste bane en stort na benede en berge en eilande word van staanplek verander.

Onse God is magtig. Hy het alles in aansyn geroep. Ook in die ondergang van die teenswoordige wêreld sien ons sy alomvattende almag in werking. Dit is asof sy vaste hand, wat alles onderhou en bestuur, ineens alles loslaat. En as Hy loslaat, is daar niks wat standhou nie. Ons verwonder ons in die lig van die hedendaagse kennis in die onmeetlikheid van die heelal. Ons kyk met ons teleskope die ruimte in en duisel. Ons besef teenoor die grootheid van die heelal, ons eie kleinheid – soos 'n stoffie aan die weegskaal is die nasies (Jes. 40:15). Maar ons sien ook iets van die grootheid van die God wat alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou en regeer.

Gelukkig weet ons dat met die voleinding ook die sugte van die hele skepping, asof in barensnood, verby is. (Rom. 8.) God maak alles nuut – ook 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel, wat nooit weer verby sal gaan nie. Dan sal die hemel en die aarde juig en die eer van die Skepper eers waarlik verkondig.

# 20 April: Berge val op ons!

Hos. 10

*"... en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"* (Openb. 6:15-17)

Dit dring eindelik deur tot die bewoners van die aarde. Die dag waarmee hulle gespot het, het aangebreek. Daar is 'n God op die troon wat weet wie en wat ons is. En die Lam wat geslag is op Golgotha – die matte en magtelose Jesus se dag het aangebreek. Ja, die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? In die dag is Hy nie meer die bespotlike en magtelose Lam nie, maar Hy is in alle waarheid die Leeu uit die stam van Juda. Hy het oë soos 'n vuurvlam wat alles deurskou en Hy het voete van koper wat alles en elkeen plattrap.

Daarom, vlug! Maar waarheen? Na die berge en die spelonke? Maar die berge wankel en die spelonke tuimel ineen! Soos ons reeds lees in Hosea 10:8. Ag, wat maak dit ook saak! Val op ons berge en bedek ons rotse! Verpletter ons. Dit is veel beter as om te val in die hande van die God van wraak! Hy sit op sy troon en Hy is 'n ewige gloed en 'n verterende vuur. En die Lam, wie se liefde ons só lank verag en vertrap het, waar kan ons heenvlug vir sy toorn en ons verberg vir sy aangesig?

'n Groot tragedie is die groot vlug. Almal is nou broers in hulle magtelose nood. Konings en slawe vlug sy aan sy. Ministers en miljoenêrs en generaals en gewone burgers vlug saam met die konings en slawe – Na die berge! Berge val op ons! Rotse verberg ons! Só roep hulle in hulle vlug na nêrens ... As hulle tog maar betyds gevlug het! Gevlug het na die Lam wat geslag is en wie se bloed hulle sou bedek voor die toorn van Hom wat op die troon sit!

Maar hulle was te besig. Hulle moes die wêreld regeer. Hulle moes vir hulle eie bestaansbeveiliging werk en veg. Hulle het gejaag na besittings en die rykdomme opgestapel. Hulle het die Lam en sy kuddetjie swakkelinge, wat droom van 'n toekomstige paradys, uitgelag en bespot as die opium van die volk. "Hulle laat die mense droom van 'n toekomstige heerlikheid om hulle mak en magteloos te hou, sodat hulle nie kan meedoen aan die rewolusie van hierdie wêreld nie." Só het hulle geskel. En die stem van hulle gewete het hulle stilgemaak deur plesier en drank en onreinheid in al sy afskuwelike uitinge. En die stem van die getuies van Jesus het hulle in hul bloed gesmoor en daaroor gelag. Soms het hulle net lukraak van dag tot dag geleef soos diere wat eet en drink en paar.

Soms het hulle hul ernstig besig gehou met die probleme en vraagstukke van die mensdom en wysgerige en sielkundige teorieë ingeryg.

In één opsig het hulle almal ooreengekom. Hulle het vergeet van God en sy diens en hulle eie siele vermoor. En nou kan berge en rotse, helaas, hulle nie bedek voor God en die toorn van die Lam nie. Vreeslik!

# 21 April: Stormwinde in bedwang gehou

Openb. 7:1-8

*"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie."* (Openb. 7:1)

In wat Johannes hier sien, het ons nie 'n voortgang van gebeure wat ná die vorige in die geskiedenis plaasgevind het nie. Hy sien in der waarheid die vrug op die evangelieverkondiging deur die eeue heen, gedurende die tydperk waarin die eerste ses seëls geopen is. Die vorige hoofstuk laat ons die loop van die evangelie oor die hele aarde en deur alle eeue sien. Dit is die segeloop van die evangelie tot aan die einde van die wêreld, met alle middele en gebeure in die wêreldgeskiedenis wat meegewerk het om God se einddoel te bereik. Nou sien Johannes die gemeente wat deur die evangelie tot geloof gebring is. Hulle word wel deur die wêreld vervolg en bestry en selfs gedood, maar sal tog eindelik in hulle volheid voor die troon van God staan – nie één sal ontbreek nie.

Hier sien Johannes vier engele wat die vier winde van die aarde vashou. Hulle moet die winde in bedwang hou of beteuel. Die vier winde is die hoofwinde op die aarde en daarmee word bedoel dat alle winde verhinder word om te waai. Daar sou geen wind waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. Die engele sou sorg vir 'n algehele windstilte op die aarde. Wat beteken dit?

Wind is die beeld van krag en geweld. 'n Stormwind of orkaan vee alles voor hom plat en saai verwoesting sover dit trek. Later word uitdruklik gesê dat dit aan die engele gegee is om die aarde en die see te beskadig. Hierdie windstilte wil derhalwe te kenne gee dat geen skade op die aarde verrig sou word gedurende die windstilte nie. En dan gaan dit nie in die eerste plek daarom dat geen geweld sou plaasvind nie, maar dat bepaalde skade verhinder sou word. "En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig; en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie."

Die beeld van die engele wat die winde vashou wil aan ons sê dat God verhinder dat sy diensknegte enige skade ly, voordat hulle verseël is. Vir ons is dit van die grootste belang om te weet dat God deur hierdie engele sy mag oor die hele aarde laat geld om sy diensknegte te bewaar en te spaar. Wat 'n krag en troos vir elkeen wat die Here dien! Alles is in die hand van my hemelse Vader en geen mag ter wêreld kan roer of beweeg as Hy hulle verhinder nie. Die winde wat vasgehou word versinnebeeld elke mag wat in vyandskap gerig is teen die kinders van die Here.

Die duiwel met sy menigte volgelinge, wat daarop uit is om ons in ons geloofslewe te vernietig en uit die hand van onse Here te ruk, staan magteloos, want die engele hou hulle was. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie. Geen vyandelike mag kan selfs roer of beweeg sonder sy wil nie. Dit is nodig dat ons dit weet en altyd goed onthou, wanneer ons vrees vir die moontlikheid dat ons nie staande sal bly, wanneer die winde loei en die storms oor ons heengaan nie.

Dit is moontlik dat die simboliek agter die engele wat die winde vashou, sien op die dieselfde gebeure wat in hoofstuk 20:1-3 die binding van die Satan genoem word. Dit kan selfs beteken dat die engele vir eeue die winde vashou, soos Satan vir eeue verhinder is om sy bose doel lê bereik, om die nasies te verlei en hulle te versamel vir die oorlog teen die geliefde stad – die gemeente (20:7-9). So beskik die Here tyd en geleentheid vir sy gemeente om tot volheid te kom.

# 22 April: Die seël van die Lewende God

Eseg. 9

*"En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God. . .*" (Openb. 7:2)

Johannes sien in hierdie visioen hoe vier engele die vier winde van die aarde vashou. Daarmee wil die Here aan hom tuisbring dat Hy geweld op aarde in bedwang hou. Die gevare van nood en geweld is daar, maar dit word nog teëgehou. Dan sien hy uit die Ooste 'n ander engel opkom – hy kom geleidelik te voorskyn van agter die horison. Hy word nie gelyktydig met die dreigende gevare gesien nie, maar hy is tog dáár, agter die horison, en is besig om te kom. Die gevare kan wel dreig, sonder dat ons vooraf die engel sien wat die gevare afweer en ons beveilig of red uit die nood, maar hy is daar – agter die horison. Hy kom op soos die son na die donker van die nag, wanneer dit die Here behaag.

Die Here Jesus sê in Joh. 10:4 dat Hy voor sy skape uitloop. Hy loop vooruit na die kruis en die dood en die graf. Hy loop vooruit deur die wêreldgeskiedenis. Ons het immers gesien dat Hy die raadsbesluite van God uitvoer en oor alles regeer. Hy is ons derhalwe altyd voor. Ons sien dit egter nie altyd só nie. Ons ervaring is dat ons teen die golwe van die see en winde van die aarde vaskyk – veral as hulle orkaan-sterkte bereik, en ons sien nie die Here wat voor ons uittrek en die weë vir ons baan deur ruwe storms heen nie. Maar agterna beleef ons die werklikheid dat Hy bewaar in alle nood en verlos uit elke benoudheid. Sy bewarende engel kom op van agter die horison tot ons redding.

En die engel het die seël van die lewende God. 'n Seël is 'n tipiese Bybelse beeld (Eseg. 9:3, 4). Só word ook die doop en die nagmaal tekens en seëls genoem. 'n Seël is die teken van egtheid of waaragtigheid, maar dit is ook die versekering dat God sal bewaar in elke nood en elke dreigende gevaar. Die Bybel word nie moeg om dit weer en weer aan ons tuis te bring nie. God is getrou en Hy laat nie sy kind in doodsgevare aan homself oor nie.

My sekerheid, dat ek salig is en die ewige heerlikheid sal bereik, is nie geleë in my wisselvallige gemoed nie. Dit is ook nie afhanklik van my swakke menslike kragte nie. Dit is daarin geleë dat die Here my verseël het. Waarmee het Hy my verseël – met die doop? Ja, solank ek maar daaraan vashou dat dit nie gaan om die paar druppels water op my voorhoof of die bad water waarin ek ondergedompel is nie, maar om die werk van die Heilige Gees wat deur die doopwater afgebeeld word. Die Heilige Gees plaas die stempel van die lewende God op my en ek is behoue tot in ewigheid. Ons kan gerus die seël van God maar die wedergeboorte noem, wat die Heilige Gees in ons harte werk. 'n Wedergebore mens kan nie verlore gaan nie.

'n Kind van die Here kan op homself altyd toepas wat die Here Jesus in Joh. 10:28 sê: "En Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." Leer hierdie uitspraak van die Here gerus uit u kop en bewaar dit in u hart. 'n Gelowige mens leef nie in onsekerheid nie. Hy is verseël met die seël van die lewende God.

# 23 April: Op Voorhoofde Verseël

Deut. 6:1-9

*"Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voor dat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoof de verseël het nie."* (Openb. 7:3)

Johannes sien hoe die winde van die aarde deur vier engele vasgehou word. Dan sien hy 'n ander engel opkom van die opgange van die son, met die seël van die lewende God. Hy roep tot die ander vier engele: "Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie."

Hier word gepraat van diensknegte – eintlik slawe, van God. Hulle hoort met liggaam en siel aan die Here as sy volle eiendom en staan met alles wat hulle het ten volle in sy diens. Hulle onderskeidingsteken in die wêreld is dat hulle dien en altyd bereid is om te dien. Met alle kragte en in volle oorgawe, ken hulle geen groter vreugde en besieling op aarde nie, as om die Here te dien. Geen offer is vir hulle te groot wanneer dit gaan om die Here en sy kerk nie. Ons kan in hulle derhalwe wel moontlik 'n bepaalde groep gelowiges onderken wat hulle deur uitsonderlike diensbetoning aan die Here onderskei het. Dit kan egter ook 'n benaming wees van elkeen wat waarlik glo. In die amp van die gelowiges staan ons immers elke dag in die volle diens van die Here.

Die mense ontvang die seël van God op hulle voorhoofde. Ons lees later dat die antichris sy merkteken ook plaas op die voorhoof van sy diensknegte. Die Here merk syne op die voorhoof – waar elke mens dit kan sien. Hulle merkteken is nie weggesteek onder hulle klere nie. Dit is ook nie 'n seël wat alleen hulle hart raak nie. Dit is duidelik sigbaar – elkeen wat hulle teëkom sien dit dadelik raak en weet aan Wie hulle behoort, 'n Dienskneg van die Here steek nie sy christenskap onder stoele en tafels weg nie, maar dra dit op sy voorhoof. God ken hom en sy medegelowiges ken hom en die wêreld ken hom en ook die Satan ken hom. Hy leef volgens die Woord van God en dra die getuienis van die Here in die wêreld uit.

In die wêreld beteken dit dat alle mense die naam "Christen" op jou voorkop moet kan lees. Moontlik kan ons selfs hieruit ook aflei dat jou verstand – jou hoof, volkome in diens van jou Verlosser staan. Só praat God met die verloregaande wêreld. Mense lees sy seël op die voorhoof van sy knegte, al wil hulle die Bybel nie lees nie. Wat 'n voorreg en verantwoordelikheid het elke dienskneg van Jesus Christus!

Eers as hulle klaar verseël is, kan die stormwinde losgelaat word. Ons kan dit ook andersom stel: as hulle klaar verseël is, kan hulle die wêreld met sy storms en stryd en nood intrek en hulle getuienis lewer. In alle nood en vyandskap en vervolging word hulle vasgehou en bly hulle wat hulle is: verseëldes van hulle Here. Die Here bewapen ons vir ons roeping en Hy bewaar ons in die roeping. Trek dan uit, dienskneg van die Here, en laat jou seël gesien word, sodat die mense jou Vader in die hemel verheerlik.

Deur die eeue heen is die diensknegte van die Here verseël. Dit word egter spesiaal genoem hier tussen die opening van die sesde en sewende seël, omdat die *eindtyd* daar is. En die eindtyd is die tyd wanneer die Satan losgelaat word (Openb. 20). Dit is ook die tyd van die groot verdrukking. Die Here wil aan sy gemeente tuisbring dat Hy, met die oog op die vreeslike nood, besondere voorsorg neem om hulle te bewaar.

# 24 April: Honderd-vier-en-veertig-duisend

Ef. 1:1-14

*"En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertig-duisend verseëldes uit al die stamme van Israel."* (Openb. 7:4)

Sommige engele hou die winde van die aarde vas, sodat 'n ander engel en sy helpers al die uitverkorenes van die Here kan verseël op hulle voorhoofde, voordat die stormwinde oor hulle losbreek. Dan word die storms van aardse nood en duiwelse aanvegtinge oor hulle losgelaat, en tog word nie een gemis nie. In Openb. 14 sien ons hulle op die heilige Sionsberg in die hemel, terwyl hulle juig en hulle verbly in die Lam. Hulle is oorwinnaars, omdat die Here hulle verseël het.

Hulle getal, sê Johannes, het hy gehoor: honderd-vier-en-veertig-duisend. Die Getuies van Jehowa het glo hulle honderd-vier-en-veertig-duisend klaar afgetel. Hulle het die nommers klaar toegeken aan bepaalde uitstaande Getuies. Só gaan 'n mens egter nie te werk met die boek Openbaring nie. Kragtens sy profetiese aard moet hy ook hier simbolies verklaar word. En dan sê hierdie getal één ding aan ons: Ons het hier 'n volmaakte getal. 12 x 12 x 1 000 is tog duidelik in elke opsig 'n afgeronde en volmaakte voorstelling dat God 'n bepaalde getal mense uitverkies het en dat hulle verseël word en dat elkeen van hulle die Sionsberg in die heerlikheid sal bereik. "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom nooit uitwerp nie," sê Jesus in Joh. 6:37. En in Joh. 10:28 verklaar Hy: "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." Hierdie waarhede word afgebeeld in die honderd-vier-en-veertig-duisend verseëldes.

Hierdie getal vorm ook 'n eenheid. Ook dit word afgebeeld deur die volmaakte getal. Dit is 'n getal wat na alle kante simmetries saamgestel is. Dit is hoe die Here die eenheid van sy kerk sien en bewerk. Die Heilige algemene Christelike kerk is saamgesmee deur die band van die ware geloof en gebind deur die Heilige Gees tot 'n onverbreekbare eenheid in Christus. Oor volks- en taalverskille heen, bly die eenheid. Selfs al is daar uitwendige verskille en verskeurdheid vanweë die sonde, bly hulle één omdat elkeen gebind is aan hulle almal se Hoof, Jesus Christus. Almal behoort aan die ware Israel. Só moet ons "Israel" hier verstaan. Dit gaan nie om die volk Israel nie, maar dit geen om die ware gelowiges, wat die ware kinders van Abraham, die vader van die gelowiges, is. Die woord Israel dui ook die eenheid van die kerk in Ou en Nuwe Testament aan.

Tog is daar ook 'n verskeidenheid in die kerk. Hulle is nie net een stam nie, maar twaalf. Maar ook elke onderdeel is weer 'n geordende eenheid – twaalf duisend uit elke stam. Uit elke stam is behoue die presiese getal wat die Here uitverkies en verseël het. Dit is nie twaalf duisend persone nie, maar die afgeronde, volmaakte getal – soos God dit presies bepaal het. Só alleen doen ons reg aan die simboliek, anders sou ons nie kon uitkom nie en redeneer 'n mens jou vas indien jy bv. Israel of die getalle letterlik sou verklaar.

Vir ons sê dit: God ken hulle wat aan Hom behoort. Hulle is 'n verskeidenheid en 'n eenheid – en hulle sal almal, sonder uitsondering die heerlikheid beërwe. Dit is u en my troos. Ons grootste nood is egter dat ons nie altyd erns maak met ons roeping en verkiesing nie. Sommige verdraai en bespot die uitverkiesing tot hulle verderf. Andere slaap daarop – die slaap van die valse gerustes – ook tot hulle verderf.

Maak u roeping vas! Antwoord op die roepstem van die Here in sy Woord. Maak u verkiesing vas! Leef, soos 'n verseëlde van die Here behoort te leef.

# 25 April: 'n Naam ontbreek

Gen. 49:17-28

*"Uit die .stam van Juda twaalf duisend verseëldes . . ."* *(Dit word dan herhaal by die volgende name: Ruben, God, Aser, Naftali, Manasse, Simeon, Levi, Issaskar, Sébulon, Josef en Benjamin).* (Openb. 7:5-8)

Dit is opmerklik dat die twaalf stam nie nou nie gerangskik is in die volgorde van die ouderdomme van die seuns van Jakob nie. Ruben word nie eerste genoem nie, maar Juda, terwyl Ruben tog die eersgeborene van Jakob was. Ons kan dit daaruit verklaar dat die Here Jesus uit die stam van Juda gebore is. Daarom word hy eerste geplaas. Paulus noem Christus "die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping." Daarom word Juda hier eerste genoem. Dit is die stam waaruit die Eersgeborene van die hele skepping na die mens gebore is. Ons kan gerus maar elke menslike verhouding rangskik in die mate wat dit in verband staan met Christus Jesus, onse Here.

Naas Josef word ook sy seun Manasse genoem. Josef het inderdaad twee stamme geword: Efraïm en Manasse. Efraïm was ná Salomo se tyd, die hoofstam van die Tien-stammeryk wat ons ook ken as *Israel.* Hulle is soms ook *Efraïm* genoem. Hier word Efraïm se naam egter weggelaat, waarskynlik omdat Efraïm hom grootliks skuldig gemaak het aan selfverheffing en aanmatiging, sodat die tien stamme uiteindelik weggevoer is na Assirië en daarna onder die volkere verdwyn het. Die leidende stam, Efraïm, het die verleier geword en nou ag die Here dit nie die moeite werd om sy naam te noem nie, maar gryp terug na die naam van Josef – hoewel ons waarskynlik daaronder tog ook die stam Efraïm kan verstaan.

Veel ernstiger is die feit dat die stam Dan se naam hoegenaamd nie in die lys te vinde is nie. Dit lyk derhalwe asof Dan nie meer deur die Here gereken is as een van die twaalf stamme nie. Hy word nie beskou as 'n deel van die ware volk van God nie, al was hy een van die seuns van Jakob. 'n Mens dink aan die uitspraak van die Here Jesus oor Judas Iskariot: "Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel!" (Joh. 6:70). Dit is opmerklik dat Jakob op sy sterfbed alreeds van Dan gepraat het as 'n slang: "Laat Dan 'n slang wees op die weg, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiter agteroor val." (Gen. 49:17)

Só praat die Here met ons in die Bybel. Só bring Hy aan ons tuis dat dit nie genoeg is om as verbondskind gebore te wees nie. Dit is ook nie voldoende om 'n stam van Israel te wees nie. "Nie almal is Israel, wat uit Israel is nie." (Rom. 9). Waarop dit aankom is of jy 'n verseëlde van die Here is. En dit beteken nie alleen dat jy in jou hart 'n teken ontvang nie, maar jy dra dit op jou voorhoof. God en die mense sien dit. Js jy 'n verseëlde, dan word dit na buite getoon in jou lewe. Koester jy egter die slang in jou hart en byt jy jou medemens van agter aan die hakskeen, dan beteken jou uitwendige gemeenskap met Israel niks nie. Dan verdwyn jy uit die verbond. Jou naam word weggelaat, omdat jy jou uitwendige verbondenheid nie met jou lewe bevestig het nie.

Onse Here is genadig en barmhartig, maar Hy is ook heilig en waaragtig. Hy laat Hom nie bespot nie.

# 26 April: Ontelbare menigte

Openb. 7:9-17

*"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kan tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale . . .*" (Openb. 7:9)

Johannes het die engele gesien wat die vier winde vashou. Dan sien hy 'n ander engel opkom uit die Ooste met die seël van die lewende God. Daarop hoor hy dat die engel aan die ander vier sê om nie die stormwinde los te laat en skade te berokken voordat die diensknegte van God verseël is op hulle voorhoofde nie. Hierna skryf hy dat hy die getal van die verseëldes gehoor het; naamlik honderd-vier-en-veertig-duisend. Hy sê egter nie dat hy die getal verseëldes gesien het nie. . . Dan verskuif die toneel as 't ware en hy sien die groot menigte wat niemand kan tel nie. En die wyse waarop hy dit sê toon dat hy verras is – die toneel van die deinende skare in wit klere gryp hom aan . . .

Wie is hierdie groot menigte mense?" Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam." (vers 14). Sien ons dit nou in verband met wat van die 144,000 verseëldes gesê word, naamlik dat die winde vasgehou moet word, totdat hulle verseël is, dan kan ons aflei dat die verseëldes bestem was vir die groot verdrukking en met die oog daarop verseël is. Niks verhinder ons derhalwe om die verseëldes en die menigte wat niemand kan tel nie as presies dieselfde mense te sien nie. Die getal 144,000 is simbolies en die naam "Israel" ook – dit dui bloot aan dat die volle uitverkore getal verseël is en dat hulle geestelik die kinders van Abraham is. Johannes het vantevore gesê dat hy die getal van die verseëldes gehoor het en nou sien hy hulle – en hy is met reg verwonderd oor die menigte wat verlos is.

Aan die een kant is die verlostes van die Here 'n presies afgeronde, volmaakte getal – nie 'n enkele uitverkorene of verseëlde ontbreek in die heerlikheid nie. Aan die ander kant is hulle, uit menslike oogpunt besien, 'n menigte wat niemand kan tel nie. Gelukkig kán God, en het hy inderdaad sy kinders getel, en nie een gaan verlore nie. Daarom weerspreek die 144,000 en die ontelbare menigte mekaar nie.

Hulle kom uit alle nasies en stamme en volke en tale. Weer kom die eenheid en verskeidenheid van die verlostes van Jesus Christus duidelik aan die lig. Ons kan selfs hieruit aflei dat hulle nasieskap en volksverband en stamverbintenisse en taalgebruike nie juis opgehef is nie. God het die mensdom in sy verskeidenheid geskape en Hy hoef dit nie weer op te hef, om ons één in Christus te maak nie. Uit die hele menslike geslag, in sy byna oneindige verskeidenheid, behou die Here die kern – die ware mensheid word gered. Só voer Hy sy skeppingsdoel met die mens tot 'n triomfantlike voleinding.

Ons eie volk is ook één van die nasies. Om ons eie volk lief te hê en ons eie taal te praat, is daarom geen sonde nie. In die vyfde gebod is alreeds die beginsel, nie alleen van die ouerhuis nie, maar ook van stam- en volksverband vasgelê. Gelukkig is die gesin en die stam en die volk wie se God die Here is. Hulle wat deur die seël van die lewende God verseël is, sal gewis eendag in wit gewade voor die troon van die Lam staan.

# 27 April: Wit klere en palmtakke

Joh. 12:12-19

"... *hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande."* (Openb. 7:9)

Só sien Johannes die ontelbare menigte in die hemel. Hulle kom uit die groot verdrukking van aardse stryd en nood. Die duiwel en die wêreld het dit vir hulle moeilik gemaak. Menigeen is geslag en hulle bloed het teen die altaar voor die troon van God afgeloop. Na die dag van aardse stryd is hulle egter opgeneem in die heerlikheid. En nou staan die deinende skare in hulle wit klere voor die troon van God en voor die Lam. Hulle is rein gewas in die bloed van die Lam, daarom kan hulle nou voor die Heilige verskyn, sonder om verteer te word. Hulle kan selfs hulle dankbare hulde aan Hom betuig.

Die Lam van God het sy oes ingehaal. Daar staan hulle voor die troon in die hemel. Hulle is verlos en nie verlore nie, maar hulle is verlos tot diens. Hulle staan nie alleen daar om hulde te betoon nie, maar om te toon dat hulle gereed en bereid is om die hoë God te dien. Vir hulle is die hoogste diens voor die troon van God beskore en hulle leef voortaan in die nouste gemeenskap met Hom en met die Lam. Daarom beleef hulle die volle geluk of saligheid en heerlikheid, ná die groot verdrukking wat hulle op aarde moes verduur.

Lees 'n mens dit in die oorspronklike taal, dan is dit duidelik dat die glansende wit klere van die mense Johannes se oog gevange hou. Dit is 'n heerlikheid wat die balling op Patmos aangryp en sy oë boei – hierdie verlostes van die Lam het wit klere aan. Hulle klere is gewas in die bloed van Lam, daarom is hulle geregverdig en geheilig en staan in hulle reinheid voor hulle Verlosser. Ag, watter Christen ken nie die stryd teen die onreinheid in sy eie lewe nie? Wie se klere is nie vuil en strek tot sy oneer en tot oneer van sy hemelse Vader nie? En tog sien die Here elkeen wat glo, nou alreeds as gereinig in die bloed van die Lam, met die wit kleed van heiligheid aan. Ons sonde en onreinheid is so volkome bedek dat God dit nooit meer gedenk nie – asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

Die verlostes van Jesus Christus staan voor die troon van God met palmtakke in hulle hande. Ons dink aan die menigte wat met sy intog in Jerusalem, voor sy kruisdood, "palmtakke geneem en uitgegaan het Hom tegemoet en geroep het: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel!" (Joh. 12:13). Toe het die menigte skaars geweet wat hulle roep – hulle het in Hom 'n aardse Koning gesien. Nou eers staan hulle tereg met die palmtakke voor die troon van die Koning van die hemel en aarde. Nou is Hy in sy volle heerlikheid die Koning en die Verlosser. Daarom, hef die palmtakke, simbool van feesvreugde, omhoog! Loof Hom! Prys sy heilige Naam, o al sy gunstelinge!

Daarop wag ons en daartoe stry ons die goeie stryd. Eenmaal sal elke getroue volgeling van Jesus voor Hom staan, beklee met wit klere en palmtakke in die hande. Die fees het begin – 'n fees wat nooit versteur sal word en nimmer sal eindig nie.

# 28 April: Die redding behoort aan die Here!

Ef. 2:1-10

. . *en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam!"* (Openb. 7:10)

Die ontelbare menigte wat deur Johannes in die hemel gesien word, staande voor die troon van God en voor die Lam, roep hoorbaar en duidelik, onbeskroomd: "Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam!" Hier op aarde is die roep van die gelowiges soms bloot 'n fluistering. Die moed ontbreek só dikwels en mensevrees maak hulle stil. Die vervolgdes moet soms in skuilplekke vergader en durf nie eens hardop sing tot eer van hulle Verlosser nie. Hoe dikwels moet ons beskaamd die hoof buig, omdat ons te laf was om die getuienis oral en altyd duidelik en helder te laat hoor.

Gelukkig is die Here genadig en Hy bring desondanks sy verseëldes in die heerlikheid. Nou, in die hemelse heerlikheid, kan die verlostes nie anders as om luidkeels hulle stem te laat hoor en die eer aan God te gee nie. Onverdiend kom ons daar, maar dan is die dankbaarheid en blydskap des te groter! Onse God is goed! Eintlik roep die mense: "Die *verlossing,* of *redding,* behoort aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam!" Hy alleen is die volkome Redder of Saligmaker. Hy ruk ons soos brandhoute uit die vuur. Ons is brandbaar, want ons is sondaars, en die vlamme van God se toorn begin al aan ons lek. Dan gryp Hy in en skenk ons die volle verlossing as 'n volkome gawe uit sy hand, waartoe ons niks bygedra het of kan bydra nie.

O ja, die Here roep: "Bekeer jou!" En dring aan: "Kom na My toe!" En sy diensknegte preek: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word!" En mense kom tot bekering en werp hulle nood en ellende voor sy voete en glo in Jesus Christus en word gered. En tog, ook die feit dat ons kom en Hom aanroep en in Hom glo, is maar weer sy werk. I ly skenk ons die wedergeboorte en geloof en bekering – al lyk dit asof ons dit self doen. "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God." (Ef. 2:8). Dit is Hy wat deur die Heilige Gees in ons werk om te wil en te werk tot sy eer.

Op aarde verskil gelowiges dikwels oor die uitverkiesende genade van die Here. En tog weet elke ware kind van God dat hy alleen uit genade gered is – hy kon daar niks toe bydra nie. Alles, ja letterlik, alles hang alleen van God se genade af. Hy het alles gedoen wat my redding aanbetref. Daarom hang my saligheid alleen van sy welbehae af – en dit noem die Bybel uitverkiesing. "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom *uitverkies* het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees . . ." (Ef. 1:3, 4).

"Soli Deo gloria!" Aan God alleen die eer!

Waaraan weet 'n mens dat jy 'n verloste mens is? 'n Boom word geken aan sy vrugte. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. 'n Verloste mens glo en hou aan die Here vas en Hy het God en sy medemens lief. Só kom die werk van die Heilige Gees in ons lewe aan die lig.

# 29 April: Seëls en Basuine

Openb. 8:1-6

*"En toe Hy die sewende seël oopgemaak het. . . En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee."* (Openb. 8:1, 2)

Die Lam wat geslag is, is nog steeds besig om die seëls van die boek van God se raadsbesluite oop te maak. Die boek was met sewe seëls verseël. Toe die eerste seël oopgemaak is, het die ruiter op die wit perd uitgetrek. In hom sien ons die segeloop van die evangelie van Jesus Christus deur die eeue heen. Die ruiters wat hom volg, ry onderskeidelik op 'n rooi en 'n swart en 'n vaal perd. Die evangelie word gevolg deur oorlog, honger en dood. Ons kan ook sê dat die evangelie gehelp word in sy voortgang deur oorlog, honger en dood. By die vyfde seël sien Johannes die siele van die martelare onder die altaar. En met die sesde seël volg die voleinding in die laaste gedeelte van hoofstuk 6.

Sonder dat die sewende seël oopgemaak word, sien Johannes dan in hoofstuk 7 die honderd-vier-en-veertig-duisend verseëldes en die ontelbare menigte verlostes wat voor die troon van God staan. Eindelik kom ons nou by die sewende seël. En dan is dit asof ons weer terugblaai in die geskiedenis. Die geskiedenis word nou vanuit 'n ander hoek besien. Treffend is die samehang van die boek Openbaring. Die laaste seël ontsluit 'n nuwe reeks gesigte – die reeks van die sewe basuine. By die seëls is die wêreldgeskiedenis gesien in samehang en vanuit die oogpunt van die segeloop van die evangelie van Jesus Christus tot met die voleinding. By die sewe basuine sien Johannes dan dieselfde geskiedenis, maar vanuit die oogpunt dat die wêreldgeskiedenis telkemale soos 'n basuinstoot die oordele van God aankondig en die bewoners van die aarde tot bekering roep.

Die seëls en die basuine wil albei aan ons tuisbring dat die geskiedenis nie 'n sinlose samevoeging van gebeure is nie. God berei deur die geskiedenis van die mensdom die akker voor waarop sy evangelie as saad uitgestrooi word. Daartoe gebruik hy oorloë en hongersnood en selfs die dood in sy afgryslike en bleke werklikheid wat oor die aarde gaan.

Maar in die wêreldgeskiedenis gebruik God dieselfde middele om sy oordele of gerigte aan te kondig. Soos basuinstote weerklink die gerammel van oorlogsgeweld en die sterwenskrete van mense in hulle hongernood en die doodsengel in sy onheilsgang oor die aarde. Die basuine blaas. God se oordele kom oor die mensdom! Ja, die wêreldgeskiedenis is uit 'n bepaalde oogpunt besien, 'n wêreldgerig wat die lewende God oor die nasies uitoefen. God gebruik die een nasie om die ander een te straf. Maar in werklikheid is dit nog nie die finale oordeel nie. Dit is die basuine wat blaas dat onse God 'n lewende God is wat die kwaad en menslike ongeregtighede nie vir altyd sal verdra nie. Eindelik kom die dag van sy oordeel. Dan sal elke mens rekenskap moet gee.

Skrikwekkend is dit om te lees: "En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie." (Openb. 9:20, 21). Droewig! Dat 'n mens nie luister nie en selfs homself verhard, onder die tugtiging van die Here!

# 30 April: Stilte in die Hemel

Ps. 27

*"En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar 'n stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank."* (Openb. 8:1)

Die Lam maak die sewende seël oop. Ons sou verwag dat ons nou die finale afioop van die aardse geskiedenis gaan sien. Daar is egter 'n stilte in die hemel. Ja, Johannes sien engele gereed staan om die basuine te blaas, maar hulle wag. Daar is stilte vir 'n halfuur lank. Wag 'n bietjie. Moenie haastig word nie. Wag in stilte totdat die Here die teken gee.

Die stilte is des te meer opvallend omdat alles blykbaar in gereedheid is vir 'n nuwe reeks van magtige gebeurtenisse wat die voleinding sou voorafgaan. Die engele met die basuine staan gereed, maar hulle moet wag. Die halfuur stilte sê vir ons maar net dat dit vir 'n bepaalde tydperk sou duur. In die tydsduur moet iets nog eers gebeur voordat die engele begin om op hulle basuine te blaas. Dit blyk uit die volgende vers. Daarin lees ons van die engel wat aankom met die gebede van die heiliges – blykbaar vanaf 'n tog op aarde. Daarop wag die hemelinge.

In die afloop van die geskiedenis het die kerk op aarde sy aandeel en dit is 'n magtige opdrag. En nou wag die hemel op die aarde – die kerk moet nog op aarde sy werk afdaan. Die kerk op aarde is nog nie gereed nie. Die gebede van die kerk is nog nie kragtig en innig en ryp genoeg nie. Die kerk is nog te veel betrokke in die wêreldse dinge en kyk nog te veel vas teen die dinge wat in die wêreldgeskiedenis woel en gis. Die kerk is nog nie vry genoeg nie – nog nie genoeg gerig op die dinge van die eindtyd nie. Die roep van die bruid en die Gees moet nog dringender uit die hart kom: "Kom, Here Jesus; ja, kom gou!" Daar kom stilte, afwagting, vertraging in die hemel – die hemelinge wag op die heiliges.

Die kerk moet eers self weet waar hy staan en wat hy verwag. Die heiliges op aarde moet eers self bereid wees om die laaste verdrukkinge in te gaan met oorgegewe harte. Hulle moet te midde van die allergrootste nood, wat soos donker onweerswolke bo die horison begin saampak, met opgerigte hoofde hulle Heiland verwag. Daarom is daar stilte. Die engele in die hemel wag op die kerk van die Here. Die bruid moet gereed maak om haar bruidegom te ontmoet. Haar gebed, haar oorgawe aan God, haar getrouheid word ingeskakel in die afwikkeling van die laaste dinge.

Ja, die kerk raak maklik agter die tyd. Daarmee bedoel ons nie dat die kerk moet inval met die tyd wat die wêreldmens aangee nie. Die kerk moenie konformeer met die wêreld en sy permissiewe gees nie, maar God se volk moet inval met Hom in sy tempo na die einde. Die kerk moet leer om goed te luister na God se Woord en moet die geeste goed kan onderskei, om waarlik aan haar eie kinders en aan die wêreld te kan sê hoe laat dit is. En is die kerk nie ook agter met haar sendingtaak in die wêreld nie? En staan ook ons in Afrika nie miskien vér agter volgens die horlosie van God nie? Die hemel wag op ons en ons vind dit nog goed om te sluimer en tevrede in ons gewoonte te bly. Sien ons dan nie die afwagtende stilte in die hemel nie? En sien ons nie die koppe van die donderwolke opsteek op die horison nie? Die hemel wag en die basuine van God dreig... Wag die hemel ook op jou om jou moue op te rol?

# 1 Mei: Gebede gemeng met wierook

Ps. 17

"*En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê . . .*" (Openb. 8:3)

In die hemel is dit stil. Al die hemelinge wag met opgehoue asem as 't ware op wat kom. En dan kom daar 'n engel aan. Waarskynlik kom hy van die aarde af. Dit is asof hy die gebede van al die heiliges op aarde gaan insamel het en dit nou die hemel indra in 'n goue wierookbak. Daarmee gaan staan hy dan by die altaar – waarskynlik dieselfde altaar waaronder die siele van die martelare is. Dan word daar iets bygevoeg by die gebede, naamlik baie reukwerk, wat hy dan meng met die gebede van al die heiliges. Daarop keer hy dit om op die altaar.

Hier word aan ons sinnebeeldig voorgestel hoe dit verloop met ons gebede. Ons gebede kan nie sommer vanself in die hemel aankom nie. Dit word daarheen gedra deur 'n engel – nie asof hy as engel betrokke is in die heiliging van ons gebede nie. Hiermee wil die Here aan ons tuisbring dat Hy daarvoor sorg dat ons gebede hulle adres bereik. Die gebede het in hulleself geen krag om op te styg na die troon van God nie. Dit word deur onsigbare vleuels daarheen gedra. En dit gaan ook nie om die gebede van enkele heiliges wat uitsonderlike gebedsgawes besit nie. Nee, nadruklik staan hier dat dit die gebede van al die heiliges is. In daardie goue wierookbak is die woordelose sugte en doodskrete van die martelare en die kleintjies en die verdruktes. Daarin is ook die blye lofuitinge en dankgebede van elkeen wat uit die afgrond van sondenood geruk is deur die genadige hand van die Here.

Die engel gaan staan met die gebede van die heiliges by die altaar. Gelukkig is daar selfs in die hemel 'n altaar. En dan ontvang hy baie reukwerk – van wie word nie gesê nie. Natuurlik word dit aan hom gegee op bevel van God. Die reukwerk meng hy dan met die gebede van die heiliges.

Wat spreek uit hierdie simboliek tot ons? Dit sê allereers aan ons dat geen gebed, selfs nie van die allerheiligste op aarde, self kan deurdring tot die troon van God nie. Dit word nie alleen daarheen gedra nie, maar daar moet eers baie reukwerk bygevoeg word. Baie reukwerk, ja, want daar ontbreek nog só baie aan die gebede, voordat dit welbehaaglik is voor God. Geen heilige se gebed sou verhoor kon word sonder dat hierdie wierook eers daar bygevoeg word nie.

Wat versinnebeeld die reukwerk waarin ons gebede eers geheilig moet word, voordat God dit verhoor? Daarop kan ons maar één antwoord gee: die bloed van die Lam. Ons gebede word as 't ware ook gewas, gereinig van selfsugtige en God-onterende bestanddele wat daaraan kleef. In Nederland is 'n sekere Ds. H. J. Hegger wat vroeër 'n Roomse priester was. Hy vertel in sy boek: "My weg na die Lig" van sy kloosterlewe as monnik. By die lees daarvan kom 'n mens onder die indruk van die selfdissipline en inspanning wat die Roomse kerk van sy dienaars vereis, wanneer hulle bid. Hulle moet as 't ware self hulle gebede eers met hul eie wierook meng, voordat dit opgestuur word. Dit het Ds. Hegger, soos Maarten Luther en baie ander, as onmoontlik ingesien. Werp liewer jou skamele en onvolmaakte gebed geheel in die hande van Jesus en jy is seker dat dit gereinig voor die troon van God kom.

## 2 Mei: Stemme en donderslae en weerligte en aardbewing

**Ps. 98**

*"En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing."* (Openb. 8:5)

Voor die troon van God in die hemel is 'n engel besig om te demonstreer hoe ons gebede die aangesig van God bereik en dan weer terugkeer na die aarde in die verhoring daarvan. Die gebede word by die altaar gemeng met baie reukwerk. Daarmee word aan ons getoon hoe ons gebede geheilig word deur die soenlyde van Christus. Dan gaan die rook van die reukwerk saam met die gebede van die heiliges op na God. Dit is opmerklik dat die rook van die reukwerk eerste genoem word. Dit is in die eerste plek aangenaam vir God, ja, die versoeningswerk van Christus bring ons gebede waar dit hoort – by God op sy troon. Christus se offer dra ons gebede, geheilig en gereinig na God toe en dit is vir Hom aangenaam. Hy luister daarna en verhoor dit.

Daarop neem die engel weer die wierookbak en maak dit vol met vuur van die altaar en gooi dit uit op die aarde; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.

Ons moet dit vir ons só voorstel dat die wierookbak alreeds op die altaar uitgegooi was, nadat dit met reukwerk gemeng is. Daarom kon die rook daarvan opstyg na God. Die engel neem dan die leëwierookbak en vul dit met vuur vanaf die altaar. Die gebede gaan as 't ware saam met die bloed van Christus deur die altaarvuur heen. Christus het Homself op die altaar geoffer en moes die vuur van God se toorn ingaan. Dit het Hy gedoen toe Hy aan die kruis gesterf het. Hier sien ons hoe die gebede van die heiliges, ter wille van sy offer, gereken word as of hulle saam met Hom geoffer is. Dan eers verhoor God en kom sy antwoord terug na die aarde.

Ja, die gebede van die swakke gelowiges, wat op aarde geen ander wapen as die gebed teen alle lis en geweld van hulle doodsvyande het nie, kom nou terug na die aarde toe. Dit gaan deur die altaar en sy vuur heen na God toe en kom dan as vuur weer op die aarde te lande. En die aarde word *getref* met die verhoorde gebede.

Maar kan dit wees? Die uitwerking van die gebede is skrik en geweld en dood! "Daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing." 'n Vreemde soort gebedsverhoring, sou u sê. En tog is dit logies en presies in lyn met die aard en wese van onse God. Wat bid die heiliges? Tog allereers: "Laat u Naam geheilig word! Laat u koninkryk kom! Laat u wil geskied!" En dan weet ons dat juis die dinge nie op aarde gebeur nie. God se Naam word ontheilig. Die koms van sy koninkryk word verhinder en vertraag deur mense. Sy wil word verdraai en allermins uitgevoer deur die aardbewoners. Ja, hulle gebruik dikwels geweld en lis om die diensknegte van die Here tot swye te bring.

Daarom is dit logies dat God só antwoord. Ek wonder hoeveel van ons het al besef wat gebeur wanneer onse Vader die "Onse Vader" verhoor? As antwoord op die gebede trek die tekens van sy majesteit en toorn en oordele oor die aarde. Ja, só kom die Here! En bid die kerk dan nie: "Kom, Here Jesus! Ja kom gou!" nie?

# 3 Mei: Basuine gereed

Openb. 8:6-13

*"En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas."* (Openb. 8:6)

Die Lam het die sewende of laaste seël oopgemaak. Dan sien Johannes dadelik die sewe engele voor God staan. Aan hulle word sewe basuine gegee. Voordat hulle egter begin om op die basuine te blaas, kom 'n ander engel eers na vore met die goue wierookbak gevul met die gebede van die heiliges. Wat sondig en gebrekkig aan die gebede is, word eers weggedaan en versoen. En só word die gebede dan deur God verhoor en hulle uitwerking op aarde gesien in verskriklike oordele van God oor die wêreld. Die mense wil na God nie luister nie en verwerp sy evangelie en verag sy diens. Daarom kan die engele nou maar begin met die basuine. Verskriklik is dit vir die aarde en sy bewoners.

Johannes merk hoe die engele met die basuine waarskynlik na vore tree en die basuine opneem. Hulle gaan nou hulle werk doen. Net soos die seëls is hulle sewe in getal – die volmaakte getal. God rond sy werk af in sy volmaaktheid. Hy doen nie halwe werk nie. Waar die basuine oordele gaan ontketen, bly dit nog waarskuwinge tot die ongehoorsame mensdom. Die rampe wat gaan volg, roep nog die bewoners van die aarde tot bekering. En die Here gee alle geleentheid – daarom is daar sewe basuine. Hy waarsku tot die laaste toe om aan die mense geleentheid te gee om hulle te bekeer. Niemand sal die Here van oorhaastigheid en gebrek aan lankmoedigheid kan beskuldig nie. Só handel Hy met die wêreld in geheel en met onderskeie volke en selfs met die enkeling. Hy hou aan om te roep en te waarsku. Eindelik kom egter die uur van die laaste basuin en dan is die tyd van die genade verby . . .

Die oordele wat nou gaan volg kan ons in drie hoofgroepe verdeel. Die eerste vier basuine het betrekking op die natuur – dit veroorsaak natuurrampe. Met die vyfde basuin begin 'n tweede groep oordele. Dit is geestelike nood en pyniging en oorloë van verskriklike omvang wat ook onmenslik in aard is. In die benoudheid en rampe het die duiwel met sy trawante duidelik 'n hand. Die duiwel dryf die mensdom tot bose werke wat lei tot die ondergang van hulleself. 'n Derde groep oordele word net genoem, maar die aard daarvan nie verder omskrywe nie. In hoofstuk 10:4 hoor Johannes die stemme van die sewe donderslae en hy wou dit opskryf, maar 'n stem uit die hemel sê vir hom: "Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie." Dit is derhalwe oordele waarvan die karakter eers bekend sal word as dit werklik gebeur. Die Here alleen weet hoe die dinge sal wees, maar dit kom verseker – dit is opgeskryf in die boek van God se raadsbesluite . . .

Die toekoms van die mens en die aarde is gewis nie mooi nie. Selfs die mense van ons tyd besef dit meer en meer. Die bestaan en voortbestaan van die mens word allerweë bedreig deur oorbevolking, natuurbesoedeling, uitputting van aardse bronne, oorloë, veral as ons dink aan kernoorloë – om maar 'n paar dinge te noem.

Word u ook bang? Onthou dan dat die Here dit vir ons vooruit gesê het. Dit bewys dat sy Woord die waarheid is. Daarom is sy Woord ook in ander opsigte waar – wat ons verlossing en die ewige lewe betref. Ons kan op onse Here staatmaak in elke omstandigheid. Die priesters in die Ou Testament het ook die basuine geblaas met nuwe maan – om 'n nuwe tydperk aan te kondig. Daarom hou die basuine vir die volk of gemeente van die Here ook die belofte van 'n nuwe tydperk in. Wees bly, want die Here kom! In die basuin wat blaas, hoor ons die voetstappe van ons Heiland.

# 4 Mei: Hael en vuur met bloed gemeng

Ex. 9:22-36

*"En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En* 'n *derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand."* (Openb. 8:7)

In hoofstuk 7:3 het ons gehoor hoe die engel wat uit die Ooste opkom, roep tot die vier engele wat die winde van die aarde vashou: "Moenie die aarde of die see of die bome beskadig, voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Nadat hulle verseël is, word die winde nou losgelaat en die vernieling van die aarde neem 'n aanvang. In die storms wat kom, is die verseëldes veilig, al word hulle vervolg en selfs doodgemaak.

Die eerste basuin blaas en, 'n geweldige haelbui bars los oor die aarde. Dit gaan gepaard met donder en weerligte, sodat Johannes sê dat dit met vuur gemeng is. En daar is selfs soveel slagoffers aan mense en diere op die spoor van die haelbui dat hy verklaar dat dit ook met bloed gemeng is. Ons boere het hoofsaaklik met die soort rampe te doen. Ander mense staan gewoonlik redelik onverskillig daar teenoor, behalwe as 'n groot haelbui ook die stede tref en geboue verniel en vensters stukkend slaan.

Ons voorgeslag wat naby die Woord van God en naby die natuur geleef het, het in só 'n haelbui nog die vinger van God gesien. Die boer sou op sy verwoeste landerye ootmoedig sy hoof buig of selfs neerkniel en pleit om genade. Tans het dit anders geword. Landerye word teen haelskade verseker en versekeringsmaatskappye hou vliegtuie aan om wolke te bestrooi en dit te verhinder om hael te veroorsaak. En wie sien nog die vinger van God in 'n haelbui, of watter natuurramp ook al. Die mense droom selfs van die dag dat alle natuurrampe uitgeskakel sou kon word, deur menslike middele. Selfs die verharde Farao van Egipte het na die plaag van die hael nog aan Moses gesê: "Ek het die keer sonde gedoen. Die HERE is reg, maar ek en my volk het ongelyk." (Ex. 9:27). Die moderne mense sal egter sê dat Farao bygelowig was. Ons is dit nie meer nie – ons ken die natuur en sy wette nou te goed.

En ons vergeet Hom wat die lugstrome en die elemente beheer. En ons bekeer ons nie van ons bose werke nie.

Hierdie haelbui wat Johannes hier sien, is die tipe of verteenwoordiger van alle haelbuie en ander natuurrampe wat oor die aarde gaan. Die hael en vuur verwoes en verbrand en die oppervlakte van die aarde word vir 'n derde deel onvrugbaar – die bome sterwe. Ek wonder of ons nie gronderosie en lugbesoedeling ook hierby kan betrek nie. Die drakrag van die aarde word minder en minder deur natuurrampe en menslike vernielsug.

En wie sien nog raak dat God ook daarin met ons praat? Weet dit, dat die aarde sy bevolking sal uitspuug. Miljoene mense sterf vandag al van honger en hulle sal meer word – baie meer. Die aarde wreek hom op sy bewoners. Nee, God roep die aardbewoners tot bekering!

# 5 Mei: Vurige berg val in die see

Ps. 46

*"En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En* 'n *derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan."* (Openb. 8:8, 9)

Weer weerklink daar 'n basuinstoot oor die aarde. God roep die mensdom tot stilstand deur 'n groot en verskriklike gebeurtenis. 'n Voorwerp soos 'n brandende berg word in die see geslinger. Dit saai dood en verwoesting. Skepe sink en visse en seediere sterf, sodat die see rooi gekleur word van die bloed.

Prof. S. Greijdanus het in 1925 sy bekende kommentaar oor Openbaring geskryf. Hy meen dat hierdie ramp 'n samevatting is van alle rampe op see – rampe wat steeds groter en omvangryker word soos die menslike verkeer op see toeneem. Prof. Greijdanus het egter nog nie van kernwapens geweet nie. Nadat die atoombomme op twee Japanse stede, Nagasáki en Hirosjima, neergegooi is, kan ons selfs sê dat hierdie brandende berg wat in die see gewerp word, maklik deur mensehande self gegooi kan word. Wie kan sê hoeveel mensgemaakte satelliete alreeds om die aarde wentel? Wie weet wat in sommige van die satelliete versteek is? Die boek Openbaring kan benouend letterlik vervul word. Iemand kan êrens 'n knoppie druk en die vuurberg stort in die see, sodat 'n derde van die skepe en alle lewende wesens getref word. In die wapenarsenale van die wêreld is al genoeg kernbomme opgegaar om alle lewe op aarde meer as uit te wis. En die mens is 'n feilbare sondaar. Wie sê dat dit nie kan gebeur nie?

En die vurige berg – só groot is dit dat dit vir Johannes lyk soos 'n berg – dui die grootheid van die toorn van God aan. En dit val nie maar in die see nie. Dit word doelbewus daarin gegooi. Daaragter sit 'n bewuste daad en die gooier het beslis die doel om te tref en te vernietig.

Iemand mag 'n knoppie druk en een of meer kernbomme word in die see gegooi om bepaalde doelwitte te tref. 'n Geleide projektiel vind sy teiken, waar dit ook al in die wêreldseë mag wees. Wie die knoppie sal druk weet ons nie. Ons weet wél dat niemand dit sal kan druk voordat God se tyd daarvoor aangebreek het nie. Wanneer sy engel na vore tree en die basuin blaas, dan word die berg in die see geslinger en dood en verderf kleur die seewater soos bloed.

En die see wat Johannes hier sien hoef selfs nie die werklike see te wees nie. Dit kan ook 'n simboliese voorstelling wees van die volkeresee. Dan beteken dit dat een derde van die mensdom omkom.

Vreeslik is die moontlike bedreiginge vir ons bestaan op aarde. Ons troos is dat God sy kinders vooraf verseël het en dat Hy die wreedste moordtuie beheer, al het mense dit gemaak. En die dinge roep ons tot stilstand. God se basuine waarsku: Dink aan jou Skepper!

# 6 Mei: 'n Ster val uit die Hemel

Jes. 14:10-19

*"En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op* 'n *derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en* '» *derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het."* (Openb. 8:10, 11)

God se derde basuin galm oor die aarde. 'n Ster val uit die hemel – 'n groot ster. Groot is die toorn van God en groot is die verwoesting wat die ster aanrig. Dit lyk soos 'n vuurfakkel. Ook hierin word oordeel en verwoesting geteken – vuur verbrand en verteer tot as waar dit kom. Dit tref die riviere en waterbronne en dit word vergiftig. Ons weet wat waternood is in ons vaderland. Sonder water bly net die dood agter in 'n land. Daarmee word tuisgebring dat die bestaan van die mens op aarde bedreig word. Sy lewensbronne word vergiftig en baie mense sterwe. Die naam van die ster is Alsem, wat bitterheid beteken. Die mense se lewenstog en arbeid en genieting word vergal. Ook hier word weer 'n derde deel totaal onbruikbaar – dit word alsem, bitterheid en daarmee onbruikbaar.

Ook hier is ons geneig om te dink aan iets soos 'n kernbom wat die aarde tref. Ons weet al dat die radioaktiwiteit wat deur 'n kernontploffing veroorsaak word, dood en vergiftiging veroorsaak, sodat mense sterf. Radioaktiewe water is dodelik. Die letterlike vervulling van hierdie profesie is derhalwe ook moontlik, gesien in die lig van wat ons in die afgelope paar dekades geleer het om mee saam te lewe. Dit word egter selfs letterlik vervul in die groot omvang van waterbesoedeling op aarde, as gevolg van menslike industrieë.

Geleerdes en staatmanne en nyweraars kom al meer en meer onder die indruk van die ernstige bedreiginge. Alles word in werking gestel om 'n kernoorlog te voorkom en die besoedeling, wat ons voortbestaan op aarde bedreig, hand en tand te beveg. Aan die ander kant klink alarmkrete op oor die bevolkingsontploffing en met byna heilige ywer word geboortebeperking gepreek. Die "pil" word vryelik versprei, ook onder ongetroude dogters. Owerspel is geen sonde meer nie. Onreinheid en ontug is begrippe wat 'n grap geword het. Dit is tans nie onheilig om ontug te pleeg nie, maar onheilig om aan kinders geboorte te gee. Dit is die één ding wat meer en meer 'n sonde word in die oë van die wêreld – ja, 'n doodsonde!

En intussen vergeet ons van God en sy gebooie. Ons mense dink nie daaraan dat God ook in die groeiende nood roep om die hart van die mens nie. Hy wil behou en nie verdelg nie. Hy roep al dringender: Gee jou hart aan My en Ek sal jou bewaar! In my hand het jy waarlik 'n toekoms – 'n bestaansvooruitsig... En my koninkryk kom op aarde, wanneer die laaste uitverkorene gebore word. Moet hom nie vermoor voor sy geboorte nie.

En die kerk, die bruid van Christus besoedel ook haar klere. Ag Here, leer ons om op te sien en op U te bou! Bewaar ons wanneer u basuine oor die aarde weerklink. Ons het al so hardhorend, byna stokdoof geword!

# 7 Mei: Son en maan en sterre getref

Joël 2:28-32

*"En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat* 'n *derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so."* (Openb. 8:12)

Drie engele het alreeds op hulle basuine geblaas. Die waarskuwende rampe het die aarde getref. 'n Verwoestende haelbui wat vernietiging van plante en selfs die dood van mense en diere op sy spoor laat, trek verby. 'n Voorwerp soos 'n berg van vuur is in die see gegooi en weer volg verwoesting en dood. Daarop val 'n ster uit die hemel en tref die riviere en fonteine, sodat 'n derde deel van die water onbruikbaar word.

Wanneer die vierde engel sy basuin blaas, word ons egter verplaas na die hemelruim. 'n Derde van die son en maan en sterre word getref. En dan raak dit ook maar weer die aarde. Die aarde het een derde minder aan lig, vanweë die verduisteringe. Altyd kom dit maar weer daarop neer dat die mens geraak word. Die rampe is alles 'n spreke van God tot die mens. Daartoe gebruik Hy die natuur en versteuringe in die natuur.

Dit is nog nie algehele oordele nie, maar duidelike tekens wat tot nadenke en inkeer moet bring. Dat telkens daarvan gepraat word dat *een derde* getref word, wys op die groot omvang van die ramp of plaag. Dit kan nie anders nie. Die mense moet dit raaksien en skrik wanneer miljoene medemense omkom in die vreeslike rampe. Dit beteken egter nog nie volkome ondergang vir die mensdom nie. Daar is nog geleentheid tot nadenke en om tot bekering te kom.

As 'n mens dit ook bedink dat die tekens oor die loop van eeue kan plaasvind en elke keer maar weer 'n roepstem van God is, toon dit sy groot geduld en verdraagsaamheid. Hy laat niemand ongewaarsku die oordeel tegemoetgaan nie. Een of ander tyd kry elke mens 'n geleentheid om iets van die vinger van God te sien – in die natuur en die geskiedenis.

Dit is egter ook duidelik dat die omvang en intensiteit van die ramptekens toeneem, hoe nader ons aan die einde van die wêreld kom. Die soort kosmiese versteurings wat hier geteken word, het hulle voorlopers in son- en maansverduisteringe deur die eeue heen. Die gewone verduisteringe kan egter vooraf bepaal en verklaar word. Die teken van die eindtyd sal juis wees in die buitengewone van die verskynsels – mense sal daarop móét ag slaan. Dit sal vir die wetenskap onverklaarbaar wees. . .

Hier staan immers dat die son en maan en sterre *getref* word. Hulle word getref deur iets of Iemand van buite die heelal. God wil die mensdom skrikmaak – hulle wakkerskud! Hy is nog genadig en wil nog spaar, want Hy het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe. Waarom is ons tog só hardhorend dat die son en maan en sterre uiteindelik tot ons moet roep? Ons het immers die onfeilbare Woord van God, wat duidelik aan ons die ontfermende liefde van die Here verkondig!

# 8 Mei: Wee, Wee, Wee!

Mark. 13:14-23

*"En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas."* (Openb. 8:13)

Die basuine van die engele word onderbreek. Daar verskyn 'n engel in die middel van die hemel. Hy vlieg daar waar almal hom kan sien en hy roep met 'n groot stem: "Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog moet blaas."

Hierdie onderbreking dui ook op 'n onderskeiding tussen die basuine wat reeds geblaas het en die wat nog sal blaas. Daar is nog erger dinge in vooruitsig as dit wat verby is. Die onheile sal verskrikliker wees. In die voorafgaande onheile het die rampe die aarde en natuur as 't ware van buite af getref. Hael val van bo af op die aarde. Die vurige berg word van bo of buite die aarde op die see gewerp. 'n Ster word van bo af op die riviere en fonteine gegooi. En dan word ook die son en maan en sterre getref.

Hierna gaan dit egter om pyniging van mense deur duiwels en ander mense. Op sigself bring dit al mee dat groter nood ondervind word. Koning Dawid het al gepleit, toe hy gesondig het deur die volk te tel en die profeet Gad die straf van die Here aankondig: "Ek is baie benoud; laat ons tog val in die hand van die HERE, want sy barmhartighede is groot, maar laat my nie in die hand van mense val nie." Laat die HERE my liewer self straf en my en my volk tog nie oorgee aan ons vyande nie. Mense se barmhartigheid is wreed.

Sommige handskrifte het hier "arend" en nie "engel" nie. Die beste lesing is egter "engel." Die engel roep met 'n duidelike hoorbare stem, sodat almal hom kan hoor: "Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog moet blaas." Waarom word dit vooraf so duidelik en dringend vir die aardbewoners gesê? Om te waarsku en tot bekering te roep. Dit lê op dieselfde vlak as die waarskuwing van die profeet Jona tot die inwoners van Ninevé: "Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes!" Maar Ninevé se mense kom tot berou – dan spaar die HERE die stad. Ook hierdie engel se waarskuwing wil tot bekering roep en die mense geleentheid gee om die komende onheile te ontvlug.

Die "wee" word drie keer herhaal. Die drievoudige "wee" wil uitdruk dat die onheile wat kom verskriklik sal wees, maar dit is ook 'n volledige en genadige waarskuwing. God waarsku duidelik en volledig, sodat die verloregaande mensdom geen verskoning het en God nie van onbarmhartigheid kan beskuldig nie.

Wat wag is nie onheile wat die aarde tref nie, maar nou is die teiken die mense self. Die mense self gaan nou die vuur in. Daarom kom hierdie stem tot hulle as mense. Luister tog! Kom tog tot inkeer voordat dit te laat is!

# 9 Mei: 'n Ster val uit die Hemel

Job. 1:1-12

*"En toe die vyfde engel blaas, sien ek* 'n *ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee* ..." (Openb. 9:1)

Die vyfde basuin weerklink oor die aarde. Dan sien Johannes 'n ster op die aarde lê, wat uit die hemel geval het. Uit die oorspronklike taal is dit duidelik dat Johannes nie die ster gesien val het nie, maar hy sien dit toe dit alreeds geval het. Aan die ster word dan die sleutel van die put van die afgrond gegee. Die put van die afgrond is die benaming van die woonplek van die duiwels. Met die eindoordeel word die duiwels in die poel van vuur gewerp. Nou woon hulle in die put van die afgrond. Hierdie ster ontvang die sleutel en daarmee die mag en bevoegdheid om die put oop te sluit.

Wat of wie is hierdie ster? Dit is wel duidelik dat die ster iemand voorstel, want hy ontvang die sleutel en sluit die put van die afgrond oop. Dit lyk vir my of ons hier aan Satan, die owerste van die duiwels, moet dink. In Luk. 10:18 sê die Here Jesus: "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val." Ook in Openb. 12:9 lees ons: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." Ons moet onthou dat, kragtens die aard van die boek Openbaring, hoofstuk 12 nie in tydsorde ná hoofstuk 9 geplaas hoef te word nie – albei kan na dieselfde gebeure verwys. Indien hierdie ster 'n engel sou wees, soos sommige meen, dan is dit vreemd dat hy "op die aarde geval" het en nie gestuur is nie. Ook dit versterk die opvatting dat ons hier die duiwel sien.

Uit Job 1 en Sag. 3 leer ons dat die Satan vroeër wel toegang tot die hemel gehad het. Hy het Job en die hoëpriester Josua in die hemel by God aangekla. Uit Openb. 12 blyk dat die "aanklaer van ons broeders neergewerp" (is), "hy wat hulle aankla voor onse God dag en nag." Hierdie neerwerping van Satan moet ons sien in die lig van Christus se dood en opstanding en hemelvaart. Christus het Hom oorwin – daarom is daar in die hemel nie plek vir hulle altwee nie. Hy het in die hemel geen grond meer om die "broeders" aan te kla nie, want die Lam staan daar as die lewende getuie van hulle onskuld. Hy het hulle skild volkome betaal en alle grond vir enige aanklag volkome weggeneem.

Dit is ook nie in stryd met Openb. 20:1-3 waar ons lees dat die Satan vir duisend jaar gebind en in die put van die afgrond toegesluit is nie. Dat hier aan hom die sleutel van die put gegee word, vind sy bevestiging eerder daarin dat hy, volgens hoofstuk 20:7 ontbind word en mag kry om die nasies te verlei. Hier in ons teksgedeelte word nie gesê hoe lank sy neerwerping uit die hemel plaasgevind het, voordat die sleutel aan hom gegee is nie. Niks verhinder ons derhalwe om hierdie gebeure en sy loslating na die duisend jaar as dieselfde te sien nie. Dit is baie duidelik dat hy ook hier sy mag gebruik om die nasies te verlei. En dit was 'n verskriklike verleiding en dit het uitgeloop op 'n verskriklike menseslagting.

Só verklaar ons Skrif met Skrif. Die één ding wil die Here, uit verskillende gesigspunte aan ons tuisbring, dat die Satan neergewerp is en dat hy toegelaat word om verskriklike dinge te doen. Met hom mag 'n mens nie speel nie. Ons sal wel uit die volgende verse leer dat dit ook met die oog op die tyd waarin ons lewe, van aktuele belang is. Ons sien die dinge letterlik voor ons oë gebeur.

# 10 Mei: Die put van die afgrond word oopgemaak

Openb. 9:1-12

*"En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister."* (Openb. 9:2)

Die duiwel is neergewerp op die aarde. Hy kry die sleutel van die put van die afgrond. God gee aan hom die mag om sy ontelbare trawante los te laat op die aarde. Hulle styg op uit die put, soos 'n donker rookwolk wat die son verduister en die lug swart kleur. Die duiwel laat sy lugmag los op die aarde. "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." (Ef. 6:12). Die hel breek nou los op die aarde en verrig sy verderwende werk onder die mense. Rook verduister die uitsig en laat 'n mens snak na asem. Alle skoonheid verdwyn agter die swart rooknewels en 'n mens verstik in die duiwelse atmosfeer. Waar die duiwel heers verdwyn liefde en selfs alle humaniteit. Daar verstik die goeie en word die kwaad en leuen verheerlik as die goeie en die waarheid.

Is dit 'n wonder dat die engel in die middel van die hemel vooraf hard en duidelik geroep het: "Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas?" Hier gaan dit nie meer om die werklike son en die lugruim wat ons ken nie. Hier gaan dit om 'n simboliese voorstelling van gebeure op die vlak van die menslike gees.

Die son is die liggewer op aarde. Lig is die simbool van kennis. Ons mense praat van ons eeu as die verligte eeu, omdat menslike kennis só geweldig uitgebrei het. En tog word die son aan die hemel al meer en meer verduister. Die ware kennis, die lig uit die hemel, ontbreek. By die mensdom neem 'n helse verdwasing al meer en meer gestalte. Die waarheid word omgekeer in sy teendeel. Ons kan dit ten duidelikste illustreer met die valse propaganda van die gekombineerde nuusmedia van die wêreld. Hulle begunstig nie die goeie en reine nie, maar die lugubere en onreine – die walglike is nuus. In die stryd om die ideologieë is die gunsteling van die nuusmedia in die wêreld, die leuenatmosfeer van die kommunisme en nie die waarheid van die Christendom nie. Die mensdom leef meer en meer onder die ban van geestelike blindheid.

En in die verstikkende rook van ons tyd – 'n rookwolk wat in die naam van kennis en waarheid en kuns en wetenskap die aarde omhul, kan die kind van God skaars asemhaal. Die mens word in sy denke en optrede meer en meer in die boeie van die duisternis geslaan. God se Woord word verwerp; sy waarheid word begrawe; Hyself word as dood gebrandmerk; die duiwel word selfs geëer en aanbid; walglikheid en onreinheid verduister die onderlinge lewe van mens tot mens. Dit word donkerder en donkerder in die mens se innerlike en daar is geen uitsig op die toekoms nie. Geen enkele norm of beginsel waaraan moreel en geestelik vasgehou kan word, word nog as vas en seker beskou nie. Alles is vloeibaar en donker en uitsigloos en niksseggend. Nêrens is daar enige vasstaande antwoord op die miljoene vrae en vraagstukke wat oud en jonk se innerlike verteer en verskeur nie.

'n Donker rookwolk uit die put van die afgrond bedek meer en meer die oppervlakte van ons aarde.

# 11 Mei: Skerpioen-sprinkane

Ex. 10:1-7

*"En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het."* (Openb. 9:3)

Die put van afgrond is oopgemaak en duiwels uit die afgrond maak die aarde donker en vergiftig die atmosfeer. Die mensdom tas in die duister. Die lig van die Godsopenbaring word verdring en die diens van God verwissel met die diens van die Bose. Dit het benouende gevolge. Die regte insig in dinge verdwyn en dwalinge neem besit van die menslike gees. Dit sien Johannes in die gedaante van sprinkane met die mag van skerpioene.

Normaalweg eet sprinkane nie mensvleis nie, maar gras en plante, sodat die mense se lewenstog hulle ontneem word. Hierdie sprinkane is egter anders. Hulle eet nie gras en groente nie, maar pynig die mense met hulle skerpioensterte. Daarom is dit duidelik dat hierdie sprinkane simbolies na iets anders verwys. Die soort simboliek kan alleen geestelik verklaar word. Die sprinkane is die voorstelling van die kwaad wat die duiwels in die menslike gees aanrig. Helse dwalinge werk in op die menslike verstand en gemoed en ontneem hulle die ware lewensvreugde. In plaas van die vrede van God leef die mense in angste en frustrasies, wat die lewe smartlik en sinloos maak.

Ek het veertig jaar gelede as skoolseun 'n preek hieroor gehoor van Ds. C. W. M. du Toit – destyds nog 'n lid van die parlement. Dit het op my 'n groot indruk gemaak. Hy het al die trekke van die sprinkane toegepas op die kommunisme. Dit is seker daarom dat dit die één preek is wat ek uit my kinderdae onthou. Die predikers wat bepaalde profesieë letterlik op bepaalde gebeurtenisse kan toepas, is self gesogte profete – veral in sekere kringe. Hulle bevredig die nuuskierigheid van die mense en maak die prediking op die wyse "aktueel". Dit gryp die oppervlakkige gees van mense aan. Hulle is ook ten dele reg, soos die mense uit die tyd van die Hervorming ten dele reg was om die pous aan te wys as die Antichris. Gewoonlik sien 'n volgende geslag egter weer iets of iemand anders in die profesie in vervulling gaan. Só was dit maar deur die eeue heen.

Ons moet onthou dat profesie in wese altyd verkondiging van die evangelie is. En die evangelie het altyd twee kante – dit preek verlossing en oordeel. En dit sal ons, wanneer ons verder hierdie dubbelslagtige wesens bekyk, wel gou bemerk. In werklikheid openbaar elke verwerping van die waarheid van God die gevolge wat in hierdie sprinkane afgebeeld word. Wanneer die mense die waarheid van God verwerp en die duisternis lig noem, hou dit vir hulleself geen ware vreugde of lewensblyheid in nie. Dit veroorsaak altyd pyn en geestelike benouing.

Gelukkig lees ons hier: "... en aan hulle is *mag gegee* soos die skerpioene van die aarde mag het." Ook hulle kan nie meer doen en langer aanhou as wat God toelaat nie. Dit is die troosryke kant van hierdie profesie.

Één ding blyk egter telkens duidelik uit die Bybel. 'n Bepaalde verskynsel vind wel deur die eeue heen plaas, maar neem toe in intensiteit en omvang hoe nader ons aan die einde kom. Só word dit 'n "teken van die tyd" – 'n teken dat die koms van Christus voor die deur is.

Waak en bid!

# 12 Mei: Verseëlde mense gespaar

2 Thess. 2

*"En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie."* (Openb. 9:4)

Dit is wonderlike sprinkane hierdie. Dat hulle die gras en die bome nie beskadig nie, kan ons begryp, want hulle is 'n simboliese voorstelling van dinge wat op die terrein van die gees van die mens plaasvind. Dat bepaalde mense egter gespaar word, is tog vreemd. Gewoonlik deel die kinders van God in die plae en oordele wat die aardbewoners tref. Heel dikwels ly hulle selfs meer as andere, want hulle word ook vervolg en gehaat. Hulle word soms selfs die sondebok gemaak van bepaalde nood en plae. Die sprinkane, wat terselfdertyd ook skerpioene is, kry 'n opdrag.

Pynig die mense! Maak hulle seer totdat hulle wanhopig is! Maar hou julle angels weg van die verseëldes van God af! Laat hulle met rus! En hierdie opdrag sou hulle gewis nie ontvang van hulle owerste nie. Hy het daar 'n behae in om die verseëldes van God te pynig. Nee, die opdrag kom van God self. Hy stel paal en perk aan hulle begeerte om geestelik te moor.

Hoe moet ons hierdie onderskeid tussen mens en mens begryp? Hoe kan ons dit verstaan dat sommige mense – die verseëldes van God, die pyniging van die skerpioen-sprinkane vryspring, terwyl alle ander mense daaronder ly? Ons moet in gedagte hou dat ons hier te doen het met donkerheid op die terrein van die menslike gees. Die mense wat die lig van God se Woord verwerp, word oorval deur die duisternis – hulle is kinders van die nag. Die gelowiges of verseëldes is egter kinders van die lig en van die dag. (1 Thess. 5). Hulle besit die Woord van God as die lig op hulle pad en die lamp vir hulle voet. By elke tree skyn die lig op die pad wat hulle loop, al is hulle omring deur 'n nag só dubbel duister. Die hemel is altyd oop bo hulle, al word hulle ook liggaamlik gepynig. Hulle sien selfs in die donker, wat die aarde bedek, die waarheid van die Woord van God in vervulling gaan. Hulle het selfs rede om hulle te verbly, omdat hulle weet die dinge is tekens van die komende lente – die vyeboom bot en die somer is naby. Hulle Here en hulle Koning is duidelik in aantog. Hulle besit en behou die vrede van God – al word alle ander mense op sleeptou geneem deur die gees van die tyd of die wêreldmening – hoe u dit ook al wil noem.

Hierdie tyd van geestelike donker, wat afgebeeld word deur die skerpioen-sprinkane, kan ons gerus maar vereenselwig met die groot afval, waarvan ons elders lees. Voordat Christus op die wolke van die hemel kom vind dit plaas. "Want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word." (2 Thess. 2:3). Die "kerk" word afvallig. Kinders uit die verbond breek weg en laat die lig vaar en gryp die duisternis vas. "Daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo." (2 Thess. 2:11). Die mense meen dat hulle hul vrymaak van die knellende bande van die Woord van God, maar in werklikheid word hulle verkneg deur die bande van die hel. En dit beteken angs – vreeslike lewensangs.

Vreeslik is die nood en geestelike pyniging van die mense in ons tyd, wat die vrede met God verruil het vir die "lig" van hulle eie verduisterde verstand en donker drifte. Hulle ly letterlik op groot skaal aan 'n helse angsneurose.

Bewaar jou goeie pand! Maak erns met die waarheid van die Woord van God! Dit is ons enigste lig- en kragbron.

# 13 Mei: Vyf maande lank gepynig

Ps. 97

*"En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek."* (Openb. 9:5)

Dit is opmerklik hoe dikwels dit in hierdie hoofstuk gesê word dat dit "aan hulle gegee" is of "aan hulle gesê" is. Die Here wil duidelik aan ons tuisbring dat die duiwels uit die put van die afgrond nie vrymag het om te doen wat hulle wil nie. Hulle kan net gaan sover die Here hulle toelaat. Dit kom ooreen met wat Paulus sê: "Daarom sal God hulle die krag van dwaling stuur, om die leuen te glo." (2 Thess. 2:11). Ons kan dit ook anders stel. Die mense wou na die dringende roepstemme van die profete van God nie luister nie en nou het Hy hulle losgelaat om hulle koers te gaan. Hy beskerm nie meer teen die dwaalgeeste nie. Hy gee dit aan die sprinkane om hul te pynig.

Die vreeslike geestelike duisternis wat oor die aarde toesak, word hier in ons teksvers aan twee beperkinge onderwerp. Hulle mag die mense nie doodmaak nie – alleen vreeslik pynig, en hulle doen dit vir vyf maande lank.

Hoe graag sou die duiwel en sy trawante alle mense geestelik wou vermoor en liggaamlik in die hel wou sien? Dan sou hy bewys dat God se werk 'n volkome mislukking is. Hy kan dit egter nie doen nie. Hy kan, soos ons reeds gesien het, die verseëldes van God selfs nie eens bykom om ook hulle te pynig nie. Hy kan hulle vrede en lewensvreugde aan hulle nie ontneem nie, omdat God hom verhinder. Ons het dus tog altyd 'n beperking op die bose werk van die duiwel. Hy kan nie doen wat hy wil nie. Hy word altyd gebind en ingeperk – hier selfs in die pyniging van afvalliges en ongelowiges. Wanneer hy volgens Openb. 20:7, 8 ontbind word, nadat hy vir 1 000 jaar gebind was, is ook hierdie loslating met 'n bepaalde doel. Hy moet die nasies verlei tot die oorlog teen die volk van God, opdat die finale oordeel van die Here oor hom en die nasies uitgestort kan word. Wanneer ons te doen het met die *binding* en *ontbinding* van die Satan in die boek Openbaring kan ons nooit sê dat hier 'n beginselverskil intree wat sy posisie betref nie. Nee, dit bly altyd net 'n graadverskil. Hy kry soms geleenthede om meer intensief en op groter skaal te verlei as in ander tye. Hy is egter nooit absoluut vry of absoluut gebind nie – 'n bepaalde vryheid van optrede word altyd *aan hom gegee,* soos dit God behaag.

Hier het hy nou mag ontvang om die nasies vyf maande lank te pynig. Wat wil die tydperk van vyf maande aan ons sê? Dit is 'n bepaalde tydperk – 'n tydperk wat 'n begin en 'n einde het. Hoe lank dit presies sal duur, weet ons nie. Dit lyk vir my die beste is om die simboliek van die vyf maande te sien in verband met die duur van die somertyd in Palestina – ongeveer vyf maande. Normaalweg tree sprinkane in Palestina gedurende die somer op. In die winter verdwyn hulle. Só het ook hierdie skerpioen-sprinkane hulle somertyd – die tyd waarin hulle floreer, maar die wintertyd breek ook vir hulle aan – dan verdwyn hulle weer.

Wanneer sal hulle finaal verdwyn? Ja, wanneer is die vyf maande verby? Ook dit kan ons nie presies sê nie. Dit mag wees dat hulle pyniging sal voortduur tot in die tyd van die Antichris en dan eers beëindig word met die koms van die Here Jesus op die wolke van die hemel. Of ná hulle optrede nog 'n tydperk sal kom, waarin die waarheid van Jesus Christus op aarde weer die oorhand sal kry, is nie duidelik nie. Ons moet as gelowiges in elk geval só leef en werk asof ons nog weer só 'n tyd kan verwag. Nooit mag ons verslap in die ywer om Jesus Christus op elke lewensterrein te bely nie.

# 14 Mei: Verlang na die dood

Jes. 33:1-14

*"En in die dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug.''* (Openb. 9:6)

Die skerpioen-sprinkane neem hulle kans terdeë waar. Hulle pynig die mense met hulle giftige angels. Hulle het uitdruklik die opdrag om die mense nie dood te maak nie. En waar in die vorige vers gepraat is van vyf maande, sê die skrywer hier: "in die dae sal die mense die dood soek." In hulle pyniging en nood dink hulle nie in terme van maande nie, maar hulle leef en ly van dag tot dag. Hulle tel die dae af en sien elke dag uit na die, soos hulle dink, genadige verlossing van die dood. Maar die pyniging gaan dag na dag voort en lyk vir hulle sonder einde.

Johannes druk selfs twee keer die gedagte van die verlange na die dood uit, in gelykluidende parallelle sinne. Ook daardeur benadruk hy die groot benoudheid en moedeloosheid en terneergedruktheid van die mense. In 'n toestand van depressie is alle lewenslus hulle ontneem en daar leef maar een werklike begeerte in hulle harte – die verlange na die dood. Hulle wil nie meer lewe nie.

Sedert die tweede wêreldoorlog sien ons meer en meer hierdie lewenshouding tot uiting kom by die mense van ons tyd. Ons kan al iets van hierdie geestesgesteldheid verstaan, want ons sien dit voor ons oë. Die mens wat geskape is na siel en liggaam en wat nie bedoel is om alleen op die aarde aangewys te wees nie, is besig om sy siel te vermoor en word 'n egte aardgebonde materialis. En die materialisme is 'n harde en koue meester. Hy is immers nie iets met 'n lewende siel nie, maar in werklikheid alleen maar 'n *ding.* Daarom word die mens in ons masjien-eeu meer en meer self 'n siellose masjien. En dit spel die dood – koud, gevoelloos, onbetrokke in mekaar se wel en wee, beweeg die massamens soos koerslose diere bymekaar verby.

Die hooggewaande mens wat God en sy Woord ontgroei het, het sy ewige ankers losgemaak en nou is hy soos 'n wese wat in 'n lugleegte sweef – sonder herkoms, sonder koers, sonder bestemming. Dink hierby aan die koue oorlog of gewapende vrede – met die ontsetting van die kernbomme op die agtergrond – met geen geloof of verwagting in 'n God wat bestuur en waak en die bose magte kan beteuel nie. En daarby weet elke denkende mens dat hy op homself en die menslike insig en wysheid nie kan staatmaak nie. Dit het binne 'n menseleeftyd te duidelik gefaal. Wat bly oor? Nihilisme – die filosofie van die niks – alles is sinloos en niksseggend. Daarom groei daar meer en meer 'n koue lewensvrees om die harte van mense.

Hulle het geen ander raad daarmee nie as om te vlug. Vlug na plesier en geraas en drank en dwelms. Vlug na die medici en psigiaters. Uiteindelik groei die leë meedoënlose vreeskompleks aan tot 'n monster. En dan bly net oor die begeerte na die dood.

Ons dink aan Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus:

"Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

"Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus behoort." Omdat die moderne mens dit mis, het die lewe vir hom leeg en sinloos en vreeslik geword. As hulle tog maar wou luister!

# 15 Mei: Gekroonde perde met mensgesigte

Joh. 18:28-40

*"En die voorkoms van die sprinkane was soos die van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense."* (Openb. 9:7)

Hierdie skerpioen-sprinkane is 'n wonderlike verskynsel op die aarde. In hierdie vers en die volgende word in allerlei vreemde trekke vertel hoe hulle lyk. Dit is byna asof ons 'n moderne abstrakte skildery onder oë het. Hulle lyk soos perde met mensgesigte. En later word nog bygevoeg dat hulle vrouehare en leeutande en borsharnaste van yster en sterte soos skerpioene het. Geen mens kan jou voorstel hoe hulle nou eintlik gelyk het nie. Om nog 'n term te gebruik wat in die moderne kuns en literatuur bekend is: ons het hier iets wat ons as *absurd* kan beskrywe.

Ek dink ons kan ook maar gerus iets by die moderne uitinge van kunstenaars leer om hierdie beeld van die sprinkane enigsins tot ons te laat praat. Met die abstrakte skilderye word gepoog om die sogenaamde absurde en verwarde werklikheid voor te stel. Die kunstenaars wil aan ons sê dat die werklikheid waarin ons lewe verwarrend en onbegryplik is. Soms spot hulle met die bestaande dinge – die skepping van God en met God self, en soms gee hulle gestalte aan die gevoel van onmag en angs, omdat hulle vasgekeer is in 'n werklikheid wat vir hulle sinloos en ordeloos is. Daartoe dien die absurde en, vir die leek onbegryplike, beelde wat uit hulle verbeelding voortkom. Die groot boodskap van die moderne kuns is die boodskap van: *die vraag sonder antwoord.* Hulle vrae verdwyn in die leegte van die groot niks, sonder dat daar ooit 'n antwoord kom.

Die skerpioen-sprinkane wil aan ons die soort ervaring van die mensdom teken. Die mens word aangeval deur 'n magdom van geeste, wat hulle in allerlei gestaltes aan jou opdring. Dit pynig die innerlike – in die diepste wese van jou bestaan word jy deur die wesens aangeval en ontwrig en sonder enige anker of houvas gelaat. Eindelik bly alleen die koue en meedoënlose lewensangs oor, wat geboorte gee aan die een oorheersende begeerte om dood te gaan.

En dan wil hierdie beeld van die met-goud-gekroonde oorlogsperde nie aan ons 'n werklike leërmag teken nie, maar die ontsettende werklikheid dat die sprinkaanswerm die mensdom se gees totaal verower. Hulle is geharnas en hulle dra die kroon van die oorwinnaar. Die krag van die dwaling het die mensdom só in beslag geneem dat hulle die leuen glo en vir die waarheid hou. Ons het van die soort ding baie praktiese ervaring in hierdie na-oorlogse tyd. Alle bekende Christelike begrippe is byna al gelaai met 'n leuen-inhoud. In die kringe van die filosowe en kunstenaars word die begrip *waarheid* byvoorbeeld gelaai met die inhoud dat dit die *werklikheid* beteken – die leuen-werklikheid in sy mees afskuwelike verskyningsvorme en walglikste onreinhede. Die begrip *vrede* het bv. meer en meer die betekenis van die oorwinningvan die oorheersende mag van die kommunisme.

Die mensgesigte van die sprinkane sê maar net dit aan ons: Die menslike verstand en kundigheid en vermoëns op elke terrein, word gebruik deur die leërmag van Satan uit die afgrond, om die gees van die mensdom te verower en verslaaf. Satan gebruik mense as sy evangeliste om sy leuenpropaganda tuis te bring. Weet ons dit nie?

# 16 Mei: Vroulike skoonheid met leeutande

1 Tim. 2:9-15; 1 Tim. 4:1-5

*"En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos die van leeus."* (Openb. 9:8)

Die vreemdsoortige sprinkane is 'n wonderlike kombinasie. Aan die één kant is hulle 'n skrikwekkende leërmag bestaande uit geharnaste perde en het hulle leeutande en angels in hulle sterte wat pynig en moor. In die oorspronklike Grieks word soms selfs vroulike woorde gebruik met manlike bywoorde. Hier word gesê dat hulle vrouehare het, maar leeutande. Wat kan dit tog wees?

Ons moet maar weer onthou dat al die trekke van die sprinkane simbolies is van een of ander aktiwiteit van die bose geeste op die terrein van die menslike gees. Selfs hierdie afsigtelike wesens het ook iets van die vroulike skoonheid en aanloklikheid en sagtheid. Ons het hier te doen met die tipiese wolf in skaapsklere – hy probeer sy werklike afgryslike gestalte verberg agter vroulike skoonheid. Ons sou selfs verder kan gaan – die bose geeste gebruik die tipies vroulike aantreklikheid en skoonheid om hul bose doel te bereik. Selfs al sou die vrou haar vroulike eienskappe verag en verberg onder "unisex" klere, en om in haar strewe in die veldtog van vroue-emansipasie, alles te vermag wat die man ook al doen, bly sy tog nog vrou en 'n handige en beproefde middel in die hande van die leërskare van bose geeste.

In die hand van Satan is die vrou mooi en lelik tegelyk. Sy is verloklik in haar liggaamlike skoonheid en verleidelik in haar vroulike sagtheid. Verliefderig kan sy fluister: "Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker. Maar hy weet nie dat dáár skimme is, dat haar genooides in die diepte van die van die doderyk is nie." (Spr. 9:17, 18). Só sien die Spreukedigter die vrou – skoon en verleidelik, met wrede leeutande wat verskeur en verslind.

Vreeslik is dit wanneer die vrou die mooi gawes en liggaamlike skoonheid wat God haar gegee het, stel in diens van die bose. Ag, en vanselfsprekend word al die lelike en afgryslike dinge wat vroue bewerk, met mooi name betitel en met denkbeeldige vreugde en menslike vryheid in verband gebring. Die duiwel is mos nie onnosel nie. Hy ken ook sy sielkunde en hy weet ook hoe om die wêreldmening rondom die vrou en die seks uit te buit en aanvaarbaar te maak. Daartoe gebruik hy selfs sogenaamde teoloë en Bybeltekste. En dan weet hy ook om begrippe soos *mondigheid* en *volwassenheid* te gebruik om die mensdom se gedagtes en innerlike te bevuil met al wat liederlik is. Dink aan die bekende drogredenasie dat bepaalde intieme tonele in 'n toneelstuk of rolprent nie verkeerd is nie, as dit maar pas in die natuurlike verloop van die verhaal. Die duiwel is ook 'n kunstenaar en hy weet hoe om ons gevoel vir kuns en skoonheid tot 'n norm te maak van wat goed en edel en reg is. Solank dit maar kuns is, mag geen mens met sy vingers aan die heilige KUNS raak nie.

O, ons kan maar net bid dat die Here ons en ons nageslag in só 'n wêreld moet bewaar. Wie van ons ken nie die uitwerking van die begeertes wat geprikkel word nie? Gelukkig is daar nog mooi huwelike en is die kinders van God verseël. Al word hulle getal minder en minder – die Here hou sy hand oor syne. Maar ook in die opsig mag ons nie ons profetiese roeping onder stoele en banke wegsteek nie. Al staan jy alleen en word jy bespot, sê dit aan die wêreld dat jy aan God behoort en nie saamspeel met die Bose nie.

# 17 Mei: Oorweldigende mag wat opruk oor die aarde

Openb. 13:11-18

*"En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog."* (Openb. 9:9)

Die skerpioen-sprinkane is met ysterborsharnasse beskerm. Wanneer hulle opruk, is hulle onstuitbaar want geen wapen kan hulle borsharnasse deurdring nie. En dan hoor Johannes ook die gedruis van hulle vlerke en dit klink vir hom soos die gedreun van 'n magtige leërmag van strydwaens, getrek deur perde. Dit was destyds die mees gedugte aanvalswapen – eintlik die oorlogstenks van die ou tyd. Johannes het geen erger gedruis as dit geken nie. Hierdie beeld spreek van die ontsaglike getal van die aanstormende sprinkane. Oorweldigend is hulle meedoënlose aanslag op die mensdom. Alle aardbewoners word aangegryp en kom onder die indruk van hulle onkeerbare mag. . .

Só teken Johannes die aanslag van die bose geeste op die gees van die mense. Hulle neem stormenderhand die hart en verstand en wilslewe van die mense in besit. Die aardbewoners is magteloos vasgevang in die ystergreep van die geeste uit die afgrond. En nou weet ons dat die geveg om die gees van die mens nie altyd so duidelik aanwysbaar en met geraas plaasvind nie. Dit werk ook in die stilte soos suurdeeg in die binneste. Of dit word tussen die goeie koring gesaai soos wilde hawer, wat jy gewoonlik eers as onkruid uitken wanneer dit saad geskiet het. Ons weet wel in ons tyd van radio en televisie waaroor ons hoor en sien. Betogings en protesoptogte en terroriste-aanslae is by ons ook bekend. En, ons sien selfs die geweld oor die televisie en hoor die geraas van die gepeupel.

Die verandering in die innerlike van mense vind gewoonlik stilweg oor die loop van jare plaas. 'n Mens los nie maklik jou gewoontes en tradisies nie. Soms is daar wél hier en daar 'n ommeswaai in die menslike gees, wat verbasingwekkend is. Só het die leer van Jesus Christus redelik vinnig die mensdom van die ou tyd aangegryp en betreklik gou 'n wêreldgodsdiens geword. Maar dit lyk tog of die verandering van die innerlike van die mensdom, soos Johannes dit hier sien, ongeëwenaard in die geskiedenis is.

Ek dink dat elke denkende mens, wat die geskiedenis van die afgelope dertig-veertig jaar meegemaak het, sal moet erken dat daar in die wêreld 'n ongekende geestelike ommeswaai plaasgevind het. Dit is asof die mensdom gedwing word in 'n bepaalde denk- en lewensklimaat. Nie alleen het een derde van die bevolking van die wêreld weggesink in die greep van die kommunisme nie, maar ook in die ganse Westerse wêreld, het die denkbeelde van 'n kleine vyftig jaar gelede plek gemaak vir geheel nuwe opvattinge. Die eertydse Christendom het feitlik oornag verheidens. Dit lyk asof die geharnaste sprinkane stormenderhand die gees van die mensdom ingepalm het.

Al sou dit nog nie die finale sprinkaanplaag wees wat die gees van ons tyd verower het nie, dan het ons 'n duidelike aanduiding van hoe so iets bewerk kan word binne die verloop van een mensegeslag. Dit is asof die stormwaters alkante oor die walle stroom. Stryders vir die Here en sy koninkryk staan dikwels magteloos en verslae. Soms lyk dit selfs asof die leërmag van Christus lamgeslaan is. Dit is nodig dat ons onsself altyd rekenskap gee van ons roeping in só 'n wêreld. Al sou na ons nie geluister word nie, mag ons nie swyg nie.

## 18 Mei: Apóllion die Verderwer

Job: 28

*"En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond: sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.'"* (Openb. 9:11)

Die skerpioen-sprinkane het ook hulle koning of aanvoerder. Sy naam is in Hebreeus Abáddon en in Grieks Apóllion. Die naam beteken verderwer.

Ja, hoewel die bose magte uit die afgrond ordeloosheid en verwarring onder die mense saai, tree hulleself geordend en planmatig op. Hulle trek op onder die bevel van hulle koning. Sommige verklaarders bring sy naam Apollion in verband met die Griekse afgod Apollo. Vir my lyk dit egter of dit hier gaan om die betekenis van sy naam – *Verderwer.* Dit beskryf ook die karakter en doelstelling van sy geweldige leërmag. Hulle doel is om die innerlike van die mensdom te vergiftig en te ontwrig en in 'n magtelose verdorwe toestand te bring. Só val die bewoners van die aarde in 'n geestelike put van die afgrond, waaruit hulle nie weer kan kom nie. 'n Nag van wanhoop sak oor hulle toe.

Ons moet ons dit nie só voorstel dat die Verderwer se leër hulle aanslag só lewer dat dit deur die verduisterde verstand as van die mense verderflik onderken word nie. Nee, hulle veg 'n stryd om die gees van die mens en ken die reëls van die stryd! Die één groot wapen wat dwarsoor die linie met groot sukses aangewend word, is kennis. Ons ken slagspreuke soos die volgende: Kennis is mag! Onderwys sal nie alleen onkunde nie, maar ook misdaad bekamp! Neem weg die onkunde oor geslagtelike sake en ontug en allerlei geslagtelike frustrasies sal verdwyn! En só kan ons voortgaan . . .

Op sigself is kennis goed, maar nooit ongekwalifiseerd goed nie. Daar is baie soorte kennis wat letterlik die dood van die innerlike mens ten gevolge het. Adam en Eva se begeerte om "goed en kwaad te ken" het die dood in sy volle omvang in die wêreld gebring. Ons het in ons tyd letterlik te doen met 'n kennisontploffing. En selfs al sou ons maar net die wêreldtoestande oppervlakkig beoordeel, dan kan ons nie anders as om die morele verval van die ontwikkelde mense raak te sien nie. Op die spoor van die kennisontploffing volg misdaadontploffings – dikwels veral onder gegoede universiteitsstudente. Daarmee saam ontplof die seksbomme en dwelm- en drankstorms trek soos orkane oor die aarde...

En ten spyte van die V.V.O. en ander organisasies wat internasionale vrede en welwillendheid preek, leef die hele mensdom op die rand van 'n afgrond. Nooit vantevore het ons só 'n oordaad van kennis besit nie. Nog nooit het ons soveel tegniese vooruitgang belewe nie – ons word letterlik deur die tegniek as gevolg van die kennis gedra van ons wieg tot in ons graf. Ons ry of sweef deur die lewe op die rug van die tegniek-perd ... En tog kan ons saam met Job vra: "Maar die wysheid – waar word dit gevind? En waar is die plek van die verstand? Die mens ken nie die waarde daarvan nie." (Job. 28).

Wysheid beteken nie geleerdheid of die besit van tegniese kennis nie. Wysheid beteken lewensinsig – 'n deurskoue van lewensverhoudinge. En wysheid is gekoppel aan die vrese van die Here. "Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand." (Job. 28). En dit kan die Verderwer met sy leërmagte nie gee nie. Dit kan kennis op sigself ook nie gee nie. Dit gee die Here alleen in die wedergeboorte. Daarom word die mensdom gepynig deur die skerpioen-sprinkane. Dit borrel letterlik uit die put van die kennis. Die mensdom met sy groot skat van kennis, kan die wêreld en sy mense nie regeer nie, omdat die verkeerde bron oop is – die put van die afgrond is oop en die oog vir God en Woord het blind geword.

# 19 Mei: Stem uit die altaar

Openb. 9:13-21

*"En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor die troon van God is."* (Openb. 9:13)

Voor die troon van God in die hemel is 'n goue altaar. In hoofstuk 6:9, 10 lees ons van die siele van die martelare onder die altaar. Hulle het hardop geroep: "Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?" Ook in hoofstuk 8:3 sien Johannes die altaar – dan staan 'n engel by die altaar met die gebede van die heiliges in 'n goue wierookbak. Nadat die gebede dan gereinig en geheilig is, styg dit op voor God en daarna keer die verhoorde gebede terug na die aarde. Die uitwerking of verhoring van die gebede bring dan stemme en donderslae en weerligte en aardbewing.

Ons kan derhalwe vasstel dat hierdie stem uit die altaar maar die verenigde stem van al die gebede van die heiliges is. Dit kom gelyktydig uit al vier horings van die altaar. Hulle is *verenig* in die gebed en roep asof met één enkele stem. Al die sugte en smekinge en angskrete en lofsegginge groei saam tot één enkele uitroep: "Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat!"

In hoofstuk 8:1 lees ons: "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar 'n stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank." Die half-uur stilte dui 'n wagtyd aan. In die hemel word daar gewag op iets voordat die wêreldgeskiedenis voortrol na sy finale uiteinde. Gedurende die stilte verskyn dan die engel met die gebede van die heiliges in die wierookbak. Die hemel wag op die gebede van die heiliges – eers daarna volg die basuine. Dit is asof die Here wag op sy kerk om Hom te vra om verder sy raadsplan uit te voer. Dit is vanselfsprekend ook duidelik uit al die plekke dat ook die gebede in die raadsplan opgeneem is. Johannes sien hier gebeure, wat uit sy oogpunt beskou, nog versluier is in die onbekende toekoms. En ook die gebede van die heiliges is daar in die toekoms ingeskakel in die raad van die Here, wat alreeds van ewigheid af bestaan.

Dit maak ons verantwoordelikheid om te bid nie minder nie. Nee, dit benadruk dit juis. Die Here wil hê dat ons moet bid. Ek dink dat ons veels te min bid. Ons gebede is ook veelal net gewoontegebede en soms noodgebede. En dan is dit ook gans te veel gekonsentreer op ons persoonlike nood. Ek bid vir *my* betrekking, verlossing uit *my* siekte, bekering van *my* afgedwaalde kind, maar my gebed kom nie daartoe om my en alle mense te plaas in die hande van die Almagtige wie se wil alleen waarlik goed is nie. Dit gaan ten slotte tog om sy eer en sy heerlikheid – ja, om sy Naam alleen. Daarin bereik ons gebede uiteindelik sy saamtrekpunt. Dan word dit 'n verenigde gebed – wanneer ons gebedsoorgawe nie bloot 'n onderwerping aan die onvermydelike is nie, (in ons oog dikwels die *noodlot)* maar wanneer ons blymoedig aanvaar en dit selfs ons grootste vreugde is dat ons weet dat onse Here oor ons lewe beskik. En alles wat Hy beskik is goed vir sy kind. Juis daarom kan die skerpioen-sprinkane ons geen kwaad doen nie.

Eers wanneer die stem van die heiliges uit al vier horings van die altaar opklink voor die troon van God, soos een magtige dankoffer, rol die geskiedenis voort na sy einde. Maak die remme los, Here! Kom, Here Jesus, ja kom gou!

# 20 Mei: Laat los die Oorlog!

Jes. 64

"... *en die het aan die sesde engel gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat."* (Openb. 9:14)

Daar kom 'n stem uit die vier horings van die altaar. Die verenigde gebed van die heiliges word in die hemel gehoor. Die vyfde basuin het alreeds geblaas. Die mense op die aarde ondervind die gevolge van die mag van die dwaling en die uiteinde is eindelose pyn en frustrasie, wat die ganse mensdom plaas onder die ban van 'n verterende angsneurose en fanatieke doodsbegeerte. Uit hierdie toestand op aarde bereik die gebede van die heiliges die altaar voor die troon van God. Hulle is die verseëldes, wat die pyniging van die skerpioen-sprinkane nie ondergaan nie, omdat hulle te midde van die aardse wanhoop, die blye hoop op die ewige heerlikheid in hulle harte omdra.

Die heiliges of verseëldes op aarde beleef egter wél 'n bepaalde droefheid. Dit is die smart dat die Naam van hulle Here op die ganse aarde verag en vertrap en bespot word. En dit kan hulle nie verduur nie. Daarom word hulle roep nou een magtige gebed voor die troon van God: "Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat." En as die engele dan losgelaat word, kom daar 'n verskriklike leërmag te voorskyn en 'n oorlog breek los, waarin 'n derde van die bewoners van die aarde gedood word. Verskriklik is die uitwerking van die gebede.

Wat sal ons hiervan sê? Is dit dan nie beter om liewer nie meer te bid nie? Wie van ons begeer werklik die dood van ons medemense? Moet ons nie liewer bid dat die Here die wêreld moet spaar nie?

Dan sou ons 'n paar wesenselemente van ons gebede moet uitlaat. En dan vrees ek dat ons gebede geen gelowige gebede meer sou wees nie.

Eerstens sou ons moet ophou om te bid: "Laat u Naam geheilig word!" Dan sou ons ook maar moet leer om met die lastering van God se Naam saam te leef en ons mede skuldig te maak aan hierdie sonde. Ons moet goed onthou dat God se Naam ook gelaster word, wanneer Hy doodgeswyg word. En is ons nie alreeds in ons tyd getuies daarvan dat Hy op groot skaal op aarde verwerp word nie? Geen lastering teen Hom is meer te erg in die oë van die mensdom nie. Die stadium is reeds oor die algemeen in die Westerse wêreld bereik, waar mense hulle nie meer moeg maak met die vraag of God bestaan al dan nie. Dit is vir hulle nie eers meer die moeite werd om daaroor te redeneer nie.

Maar ons gebed sou ook nie meer kon inhou dat ons bid: "Laat u koninkryk kom!" nie. Die basuine van God – die wekroep tot bekering, moet dan ook swyg op die aarde. Want dit is waartoe die Here hierdie besondere gebeure op aarde bring.

Maar selfs die heiliges moet geoefen word om duidelik te sien en reg te bid. Daarom dien ook die gebeure in die wêreld en selfs in ons persoonlike lewe daartoe om ons ryp te maak, om steeds duideliker en met meer oorgawe te bid: "Laat u Naam geheilig word! Laat u koninkryk kom!" In die leerskool van God leer ook sy heiliges om te onderskei wat waarlik *nommer een* in ons gebede moet wees.

# 21 Mei: Die bestemde uur en dag en maand en jaar

Ps. 33

*"Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om* 'n *derde van die mense dood te maak."* (Openb. 9:15)

Vier engele is vasgemaak by die Eufraat-rivier. Hulle moes bepaalde magte in bedwang hou of, hulle is moontlik self 'n simboliese voorstelling van die magte. Die vraag is nou: Wat is die magte?

Die Eufraat-rivier word in die Bybel die grens van die beloofde land aan Abraham genoem. (Gen. 15:18). In Ps. 72:8 word van die Messias gesê: "En hy sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die eindes van die aarde." Ook hier word moontlik die Eufraat bedoel. Die Eufraat-rivier is ook in die wêrelddeel waarin Assirië en Babilonië geleë was. Dit was derhalwe die woonplek van die aartsvyande van die volk van God. In Openb. 16:12 word die Eufraat duidelik geteken as die grens tussen die nasies van die Ooste en die Weste. Ons kan derhalwe aflei dat die Eufraat in 'n bepaalde opsig die middelpunt van die bose en goddelose wêreld is. Dit kan ook selfs beteken dat hier 'n bepaalde grenslyn tussen Christendom en heidendom aangedui word.

Word die engele aan die Eufraat-rivier losgemaak, dan word vreeslike onheilsmagte losgelaat. En dit sal die hele aarde tref. Alle volke sal in die oorlog wat nou kom, betrokke wees. Niemand sal kan vrybly nie. Wanneer sal dit plaasvind? Op die uur en die dag en maand en jaar waarvoor hulle gereed gehou is. Dit is baie duidelike taal hierdie. In die kalender van God staan dit opgeteken; op 'n bepaalde uur van 'n bepaalde dag en maand en jaar, word hulle losgemaak. Voor die tyd kan die onheilsmagte maar woel en gis – hulle sal nie losgelaat word vir die groot slagting voordat die bepaalde uur bereik is nie.

Dit is een van die belangrike dinge wat aan 'n Christenmens krag en troos gee, Die Here regeer en Hy bepaal selfs wanneer menslike spanninge tot uitbarsting kom. Wapenarsenale kan tot barstens toe gevul wees en haat en tweedrag kan regeerders en nasies met vyandskap vervul; hulle bly vasgemaak tot op die bepaalde uur deur God bepaal. Hulle is ook selfs gereed gemaak vir die uur. Dit is die Here wat die mense in staat stel om die wondere en kragte van die aarde bloot te lê en die afgryslikste doodmaakwerktuie te fabriseer. Hy maak die nasies gereed om mekaar te slag, omdat hulle maat vol sal wees op die bepaalde uur.

En ons – wat word van ons verwag? Ons moet wag op die Here se uur. Ook ons moet ons gereed maak, sodat ons lampe die dag brandende is. En wanneer dit losbars bo ons hoofde en die aarde verdrink in die bloed van die mense, moet ons buig voor onse God, wat groot en goed is. Wanneer 'n derde van die wêreldbevolking sterwe voor die leërmagte van die aarde, sal die kerk van Jesus Christus nie gespaar word nie. Baie sal ook val voor die moordwapens van oorlogsgeweld. Gelukkig sal dit vir hulle ewige verlossing beteken.

Kyk op, kinders van die lig en van die dag! Rondom ons sien ons meer en meer die gestaltevorming van die engele wat vasgemaak is by die Eufraat-rivier. (Dit is moontlik selfs van belang dat die wêreld se vernaamste olievelde juis daar is, waar die Eufraat vloei.) Ons het genoeg rede om self gereed te maak vir die dag. Wie oë het, laat hom oplet!

# 22 Mei: Wêreldoorlog

Luk. 21:9-19

*"En so het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan . . . hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan."* (Openb. 9:17, 19)

Johannes is diep beïndruk deur wat hy sien. Daarom sê hy: ". . . en so het ek in hierdie gesig die perde gesien." Hy het hom verbaas. Sulke perde en sulke moordtuie het hy nog nooit gesien nie. Hier gaan dit nie om pyniging van die mense soos by die skerpioen-sprinkane nie. Nee, hier sien hy inderdaad 'n menseslagting. 'n Derde van die mense wat die aarde bewoon, kom om.

Die versoeking is groot om in die oorlogswerktuie 'n moderne leër te sien. Ons meen egter tog dat die Bybel alleen aan ons die omvang en wreedheid van oorlogvoering wil teken. Dit is 'n nood wat van alle kante af op die mensdom toesak. In Johannes se tyd was die ruitery van 'n leër die mees gedugte aanvalswapen. En hierdie simboliese ruitery se perde saai dood en verwoesting met hulle bekke en sterte. Die kleure van die harnasse – vuurrooi en blou en swawelgeel, maak die verskyning van die ruitery des te meer skrikwekkend. Die perde wat byt met hulle bekke en met hulle slangkoppige sterte dodelik pik, teken ook die ontsettende oorlogsgeweld wat die mensdom afmaai. Niemand kan die aanstormende geweld ontvlug nie. Mans en vroue en kinders kom om. Oud en jonk word platgetrap en vernietig.

Die Here Jesus self verwys ook na die verskynsel van oorloë as teken dat sy koms naby is. "En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë . . . Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander . . ." (Matt. 24:6, 7). 'n Mens kan sê dat oorloë altyd in die wêreld was – van die begin af. Toe Kain vir Abel doodslaan, het oorlog in die wêreld begin tussen mens en mens. Later was dit tussen volk en volk en nasie teen nasie. In ons tyd het dit "wêreldoorloë" geword van groepe nasies teen ander groepe nasies.

En dit is juis hoe die Bybel oorloë sien as 'n teken van die tyd. Elke oorlog wys heen na die einde. Oorloë neem egter toe in omvang en intensiteit en uiteindelik staan die hele aarde in vlamme en die hele mensdom is daarby betrokke. As gevolg van die nuwere wapens, word oorlogsverwoesting ook al ontsettender. Allerweë hoor die mensdom waarskuwende stemme dat 'n volgende wêreldbrand die einde van die bestaan van die mensdom op aarde kan beteken. Die moderne wapens is in staat om alle lewe op aarde uit te wis. . .

Só kry die Bybelse uitsprake vir ons 'n benouende klank van waarskuwende basuine. Die Bybel sien nie verniet oorloë en gerugte van oorloë as 'n teken dat die einde van die geskiedenis van die mensdom op aarde in sig is nie. Ons het al begin leer om met oorloë saam te lewe. Dan kan ons afleer om daarin ook die dringende roep van die Here te hoor: "Bekeer julle . . . Die tyd is naby . . ."

Vir die kinders van die dag wat op die Here wag, is dit egter 'n bevestiging van die waaragtigheid van die Woord van God. Dit roep ons toe om moed te hou en ons hoofde op te hef, want onse Here is besig om te kom. Die vyeboom bot – die somer is naby.

# 23 Mei: Onbekeerlikheid

Amos 7:1-9

*"En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer . . .*" (Openb. 9:20)

Nadat die sesde basuin geblaas het, maak die Here as 't ware 'n opname van die uitwerking daarvan op die mensdom. Een derde van die mensdom is dood. Die wat oorgebly het, het vreeslike dinge gesien en deurgemaak. Hulle het massas mense rondom hulle as slagoffers van die vreeslike slagting aanskou. Baie van hulle sou self gewond wees en moontlik as verminktes die lewe verder moet deurworstel.

En tog moet Johannes rapporteer: "hulle het hulle nie bekeer nie." Die vreeslike gebeure het hulle nie laat besef dat God regeer nie. Ja, moontlik het dit die teenoorgestelde uitwerking gehad. Hulle het hulle net meer verhard en selfs die vuis geskud teen die hemel. Dit kan ook *die uitwerking van nood wees. Het ons nie ná die* laaste *wêreldoorlog* juis só 'n reaksie by die mensdom gesien nie? In plaas van bekering, tree 'n groter afval en verharding by die mense in. Mense wat nie geleer het om te luister na die Woord van God nie, kom ook nie tot inkeer nie, al sou die Here in duidelike taal sy toorn openbaar oor die gruwels wat hulle doen. Daarom, maak tog erns met die evangelie van Jesus Christus, solank die geleentheid nog daar is!

En dan gee Johannes 'n opsomming van die sondes waarin hulle volhard. In die eerste plek noem hy al die afgode. Wonder u miskien of dit betrekking kan hê op die mensdom wat ons ken? Hulle aanbid tog nie meer al die afgode wat hier opgesom word nie! En tog . . . Iemand verklaar: "Dit is dikwels veronderstel dat, wanneer mense ophou om in God te glo, hulle in niks glo nie. Dit is helaas veel erger as dit. Wanneer hulle ophou om God te glo, glo hulle in enigiets." (Reader's Digest, May 1976.) Daarom noem Johannes hier ook maar die afgode van ons tyd op.

Allereers noem hy die sondes teen die eerste tafel van die Wet van die Here – die Tien Gebooie. Dit is sondes teen God self. Hulle aanbid ander gode. Duiwels word eerste genoem en ons weet dat duiwelaanbidders aangroei in hulle duisendtalle – juis na die afgelope oorlog. Dan praat hy van afgode van goud en silwer en koper en klip en hout - dit is stoflike dinge. En is die materialisme nie inderdaad die eintlike godsdiens van die twintigste eeu nie? By die kommunisme is die materialisme in werklikheid 'n godsdiens wat fanatiek deur sy aanhangers beoefen word. Maar ook by ons gaan dit maar om die stoflike dinge - groeikoerse en infiasie en inkomste en eiendomme en weelde en .. . ja, alles wat om die aardse en stoflike draai. Is dit 'n wonder dat die boek Openbaring só dikwels nie praat van *mense* nie, maar van *hulle wat op die aarde woon?* Dit is asof die mense hulle siel verloor het. Hulle sien en ken net hierdie aarde. Hulle weet net van eet en drink, en koop en verkoop, en trou en in die huwelik uitgee. Baie van hulle weet trouens nie meer van trou nie. So het hulle geword: *stofaanbidders . . .* net dit! Niks meer nie . . .

Vanself volg daaruit ook die sondes teen hulle medemense – moorde en towerye en hoerery en diefstalle. Hoef ek hieroor meer te sê? Moord en haat is maar dieselfde. Iemand sou my ook al wou vermoor met haar oë indien sy kon – só het hulle gesmeul! En towerye, okkultisme en sterrewiggelary en bygelowe – verbaas dit u van ontwikkelde mense? Vir my nie, want 'n god moet 'n mens hê. En hoerery – is dit nodig om die liederlike dinge van ons tyd te beskrywe? 'n Mens gru daarvan! En diefstalle – wie kan die sluipweë beskryf van ordentlike diefstalle onder die skyn van reg? Bekering? Die hemel vra dit!

# 24 Mei: Geopende boekie

Openb. 10

*"En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal. . . en hy het in sy hand 'n geopende boekie gehad*. . ." (Openb. 10:1, 2)

Soos ná die sesde seël, het ons ook hier ná die sesde basuin, eers weer 'n onderbreking. Johannes sien 'n ander sterk engel uit die hemel neerdaal. Hy was nie alleen 'n magtige verskyning nie, maar Johannes teken hom as iemand wat besondere heerlikheid besit. Sommige verklaarders meen selfs dat ons hier te doen het met Christus self. Hier is egter geen teken dat Johannes hom aanbid nie, wat hy seker sou doen indien die Here aan hom verskyn. Hy was bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land.

Ek glo dat ons hier niks meer in hoef te sien nie, as dat hier 'n engel verskyn wat 'n groot en magtige opdrag het en wat in die hemel 'n besondere plek inneem onder die engele. Alles spreek van sy grootheid en skittering, wat wys op sy posisie en sy werk. Sy opdrag en boodskap is bestem vir aarde en see – dit is, vir die hele wêreld, want hy sit een voet op die aarde en die ander een in die see.

Die engel het in sy hand 'n geopende boekie. Dit is opmerklik dat die verkleinwoordjie hier gebruik word. Dit is 'n *boekie.* Dit wil geensins sê dat die boekie van geringe betekenis is nie. Dit sal ons wel nog sien. Dit is in elk geval duidelik dat ons hier nie te doen het met die boek van God se raadsbesluit nie. Afgesien daarvan dat dit 'n klein boekie is was dit ook nie verseël nie. Dit was oop. Daarmee was dit duidelik dat die boodskap daarin vervat nie verborge moes bly nie, maar bekendgemaak moes word.

Hierdie boekie simboliseer nie die verborge raad van God nie, maar bevat sy geopenbaarde wil. Dit is bedoel om gelees te word deur alle aardbewoners. Die engel het neergedaal om dit as 't ware aan die aarde te gee. Hy gaan dit wel later aan Johannes gee, maar dit is nie bedoel om die eiendom van Johannes te bly nie. Dit is vir die mense van die wêreld bedoel. Die boekie is niks anders as die evangelie nie, wat Johannes moes verkondig.

Die woord van God is 'n oop boek. Dit is gegee vir elke mens wat dit wil lees. Die Here God steek sy Woord nie weg nie, maar bied dit oop aan die wêreld. Dit is asof Hy wil sê: "Vat en lees!"

Aan die ander kant is dit egter tog vreemd dat só baie mense wat die Bybel besit en dit behoort te ken, só weinig daaraan het. Die Bybel is letterlik vir miljoene Bybelbesitters en selfs "lesers" 'n geslote Boek. Baie maak dit wel oop en lees daarin, maar die saad val op 'n hardgetrapte pad en die voëltjies kom en pik dit op. Dit word nie 'n besit van hulle hart nie.

Ons kan ook nie genoeg beklemtoon, dat niemand tog ooit moet dink dat Bybellees en -ondersoek net die werk van predikante en teoloë is nie. Dit is 'n oop boek en bedoel vir elkeen wat dit maar wil lees. Ons moet alleen leer om daarmee erns te maak. Veral indien u tot hiertoe ons ondersoek van die boek Openbaring gevolg het, sal u besef hoe belangrik dit is om die Bybel te ken. Ken ons die Bybel, dan eers ken ons God en die wêreld en onsself. Dan eers word ons gevrywaar van die vreeslike angste wat die mensdom tref en nog sal tref.

# 25 Mei: Sewe donderslae

Deut. 29:22-29

*"En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het* 'n *stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie."* (Openb. 10:4)

Ja, selfs die boek Openbaring praat ook van verborge dinge. Verseël wat die donderslae gesê het. Maak dit toe! Teenoor die geopende boekie, is daar ook 'n geslote of verseëlde boek.

Daar het 'n sterk engel in groot heerlikheid aan Johannes verskyn, met die geopende boekie in sy hand. Die engel roep dan uit met 'n harde stem – sodat hy oral gehoor kan word – soos 'n leeu wat brul. In die stem is opgesluit iets wat onheilspellend is en die aardbewoners waarsku, soos die brullende leeu wat uitgaan om sy prooi te soek. Wat die engel in sy uitroep gesê het, word nie aan ons meegedeel nie. Johannes hoor egter as antwoord op die engel se roep die stemme van sewe donderslae. Hy roep die donderslae na vore.

Dit is duidelik dat die sewe donderslae nie alleen hoorbaar vir Johannes was nie, maar ook verstaanbaar. Dit blyk ook daaruit dat hy praat van hulle *stemme* en nie bloot van hul geluid nie. Donderslae hou vir ons die betekenis in van iets wat onheilspellend is. Wanneer God se stem met 'n donderslag vergelyk word, beteken dit dat Hy toornig is en sy oordele wil uitgiet. Dit sou bepaald ook die boodskap van hierdie donderslae wees. Johannes gryp dadelik na die pen om op te skrywe wat die donderslae gesê het. As getroue dienskneg van die Here, wie se vreugdevolle taak dit is om die evangelie te verkondig, is dit sy spontane reaksie. Dit moet hy opteken en deurgee sodat die mense dit kan weet tot hulle waarskuwing. Moontlik laat hulle hul tog nog waarsku. Wie weet? Johannes, die apostel van die liefde, kan nie anders as om na die pen te gryp nie.

Maar dan hoor hy 'n stem uit die hemel: "Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie." Ja, hier het Johannes iets gehoor, wat verborge moet bly. God wil dit nie aan die mense bekendmaak nie. Hoe nuuskierig ons ook al mag wees – ons sal nie weet wat dit is, voordat die dinge gebeur wat die donderslae gesê het nie. Ons kan wel aflei dat dit in verband met die toorn van die Here staan en onbeskryflike oordele oor die mensdom versinnebeeld. Maar wat dit presies sal wees, weet ons nie . . .

Die verborge dinge is vir die Here onse God. Ons het die geopende boekie, die evangelie, waarvan die boek Openbaring 'n deel is. Daarin is werklik genoeg gesê om die mensdom te waarsku. Dit is nie nodig dat hulle ook die inhoud van die donderslae weet nie. Hulle weet genoeg, as hulle maar daarna wil luister.

Hier word 'n belangrike beginsel aan ons geopenbaar. Ons moenie verseëlde dinge wil weet nie. Ons moet tevrede wees met die dinge wat die Here aan ons bekendgemaak het. Daar is dinge wat vir ons te hoog is, wat ons nie verstaan nie. Ons maak onsself net seer as ons daarin probeer krap. Laat dit gerus in die hand van die Here. Maar luister na wat Hy wél gesê het en wees daaraan gehoorsaam, dan hoef u nie die verborge dinge te vrees nie. U hoef byvoorbeeld nie eens te vra nie: Is ek uitverkies?, indien u antwoord op die roepstem van die evangelie: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." Indien jy die Here op sy Woord neem, is jy 'n uitverkore kind van die Here.

# 26 Mei: Die tyd is verby!

Sef. 3:1-8

*"En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie."* (Openb. 10:5, 6)

Die magtige engel het pas vantevore die sewe donderslae na vore geroep. Dit staan klaarblyklik in verband met die eindoordeel. Nou gaan hy daartoe oor om met 'n eed te verklaar dat daar geen tyd meer sal wees nie.

Die engel sweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Die eed en die manier waarop Hy God beskryf, wil benadruk dat hy verseker die waarheid praat, maar hiermee wil hy ook aan ons tuisbring dat dit hier gaan om 'n groot en ernstige saak. Dit is bedoel vir die mensdom – gee daarop ag. Daar kom dinge wat vir julle van beslissende belang is met die oog op die ewigheid. Luister tog! Die Here wil die erns daarvan aan elkeen van ons tuisbring met hierdie gewigtige eed.

En dan gaan die engel voort om in sy eed uit te brei op die werke van God as Skepper van alles wat bestaan en alles wat lewe. Groot is onse God – dink maar aan sy werke. Vir ons begrip is die aarde groot en die nasies van die wêreld só vreeslik baie en selfs belangrik vir ons bestaan en voortbestaan. Maar slaan 'n bietjie jou oë op na die hemel en dink aan die heelal en besef hoe nietig ons aarde is teenoor die oneindigheid van die hemele. En hoe nietig is die mensdom in die skepping? En hoe nietig is die skepping teenoor die Skepper wat alles in aansyn geroep het? En daarby is alles van Hom afhanklik vir hulle voortbestaan. Hoe ernstig is hierdie eed dan nie! En die waarskuwing wat daarin vervat is! Luister tog en laat jou waarsku!

Wat sweer die engel? Hy sweer dat daar geen tyd meer sal wees nie. In hoofstuk 6:11 is aan die siele van die martelare onder die altaar gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moet rus, totdat die getal van die martelare voltallig sal wees. In 8:1 word weer verhaal van 'n stilte vir 'n halfuur in die hemel – wat weer 'n wagtyd simboliseer. Nou is alle wagtye egter verby, sê die engel met 'n eed.

Die einde van die wêreld sal nou sonder verdere uitstel aanbreek. Dit beteken ook dat die vreeslike inhoud van die donderslae nou gaan plaasvind. God het klaar gepraat. Hy het klaar gewag. . . In sy spreke en die uitstel van die oordeel het Hy sy barmhartigheid oor die mensdom getoon. Hy wou nog altyd geleentheid gee vir die mense om tot bekering te kom, maar nou is die tyd verby.

Gelukkig is die mense wat die Woord van God besit en dit lees en dit verstaan. Salig is hulle wat die Here op sy Woord neem. Hulle is elke dag gereed vir die oomblik van die einde van alle dinge. Hulle leef immers uit Hom en wag op Hom. Hy kom nie vir hulle soos 'n dief in die nag nie. Vir hulle is die eed van die engel 'n bemoediging – veral as die pad al donkerder en eensamer word.

Maar die erns van die eed roep ook alle mense tot nadenke. "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie!" (Hebr. 4:7).

# 27 Mei: Die Verborgenheid van God volbring

Jes. 40:1-11

"... *maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete."* (Openb. 10:7)

Die sterk engel wat gesweer het dat die tyd verby is, gaan voort met sy verklaring, wat met 'n eed bevestig is. Die dae van die voleinding, wanneer die tyd verby is, is die dae van die stem van die sewende engel. Dit is nog die laaste basuin wat geblaas word om mense tot inkeer te roep. Waarlik God bly lankmoedig – solank 'n mens op aarde is en solank die aarde bestaan, is die tyd van genade nog nie verby nie.

Dan, gaan hy voort, is die verborgenheid van God volbring. Die dinge wat deur God verberg is, sal dan openbaar wees. "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is" (1. Kor. 13:12). Hierdie verborgenheid sluit ook die verborgenheid van die sewe donderslae in, wat volgens vers 4 verseël is. Ons kan dit egter veel wyer sien. Dit gaan oor die hele verborge raad van God. Alles wat verborge was, is dan vervul en kom aan die lig. Ja, God self tree dan na vore en kom maak woning by die mense. Alles wat vir ons duister in die raad van God is, sal dan gesien en begryp word.

Maar dan knoop die engel dit weer aan die Openbaring van God, sy blye tyding, die evangelie: ". . . soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete." Ons wat die blye tyding besit en dit glo, weet baie meer as die mense wat dit nie het nie. Daaruit ken ons God en sy genade en die Verlosser, Jesus Christus. Daaruit leer ons ook onsself waarlik ken – as verlore sondaars, maar ook as verloste sondaars, omdat ons glo in die Lam. Daaruit weet ons ook dat God leef en die Lam die wêreld, en alles wat daarin is, regeer. Ons weet dat die geskiedenis nie maar 'n eindelose, niksseggende kringloop is nie, maar dat dit uitloop op die bestemming wat God daarvoor berei het – in sy verborge raad . . . Ja, en weet ons dan nie ook van die blydskap en die vrede met God en die beginsel van die ewige vreugde, uit die blye tyding nie? Waarlik ons weet só baie, dat ons gerus maar blymoedig kan wag totdat God sy verborgenheid ten volle openbaar, soos Hy o.a. hier belowe! Ook die koms van onse Here om te oordeel, is 'n blye tyding. Dit is vir ons die vervulling van die belofte van sy wederkoms.

Die blye tyding het die Here self verkondig aan sy diensknegte, die profete. Die profete of diensknegte van die Here het ons daarvan vertel, want "die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim. 3:16). Elders sê die apostel Petrus: ". . . want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21).

En die profete, wat eintlik maar mense is wat na God luister en van Hom praat, het hulle roeping vervul. Daarom het ook ons die blye tyding ontvang. En nou is ons taak om die blye boodskap verder te dra. Vertel dit aan die mense. God die Here leef en Hy is goed en genadig. Hy regeer en Hy is besig om te kom om te oordeel die lewendes en die dooies. En Hy het sy eniggebore Seun gegee, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Klim op 'n hoë berg en roep dit uit op die dakke! Dit is die roeping van elke mondige Christen – en *mondig* beteken dat ons 'n *mond* ontvang het om mee te praat – nie van onsself nie, maar van Hom wat ons lief het.

# 28 Mei: Eet die Boekie

ESeg. 3:1-11

*"Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword."* (Openb. 10:10)

Johannes sien nog steeds die sterk engel staan met die geopende boekie in sy hand. Dan hoor hy 'n stem uit die hemel wat sê dat hy die boekie by die engel moet gaan neem. Toe hy dit neem kry hy opdrag om dit te eet, "en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning". As hy dan die boekie geneem en geëet het, is dit werklik sy ondervinding. Dit was soet toe hy dit eet, maar het in sy maag bitter geword.

In Eseg. 3 word iets soortgelyks aan ons vertel. Hy moes ook in 'n visioen 'n boekrol eet, wat in sy mond soet was, maar by hom word dit egter nie bitter in sy maag nie. Dit gaan hier by Johannes nie om sy eerste roeping tot profeet of ontvanger van die boek Openbaring nie. Moontlik moes hierdie visioen daartoe dien om hom opnuut te laat besef waarmee hy besig is, of het dit daarop gesien dat nuwe openbaringe vir hom wag.

Vir ons is eerstens van groot belang dat vooraf aan Johannes gesê is, wat die uitwerking van die boek sal wees, wanneer hy dit eet. Hy het geweet dat dit aangenaam in sy mond sal wees, maar die nagevolge sal bitter wees. Dit sou vir hom aangenaam wees om as dienskneg van die Here sy profetiese taak te vervul. Só was dit nie alleen vir hom nie, maar vir elkeen wat die Here roep om sy Woord te bedien. Geen bedienaar van die Woord het rede om te sug, omdat hy moet preek nie. Die evangelie is ryk en 'n verkwikking ook vir die bedienaar van die Woord, wat hom daarin verdiep om dit aan andere te verkondig. Wanneer dit vir 'n prediker 'n sieldodende las word om te profeteer, beteken dit dat daar 'n fout met sy eie aptyt is. Hy moet dan bid – en sy gemeente saam met hom, om te doen wat die Here aan Esegiël sê: "Mensekind, neem al my woorde wat Ek vir jou sal sê, in jou hart op, en hoor hulle met jou ore ... en gaan ... en spreek met hulle: Só spreek die Here HERE – of hulle al luister of nie" (Eseg. 3:10, 11).

By Esegiël was daar nie sprake van bitterheid in sy maag nie, maar hy sê later wél dat hy bitter in sy gees was. Dit is ook maar wat Johannes moes weet. Die gevolge of uitwerking van die prediking is dikwels bitter. Jy moet die toorn van die Here verkondig oor die onbekeerlikheid van die mense, wat nie maklik is nie. Jy staan baie keer verslae oor die onbekeerlikheid en dan praat ek nie eens van buitestaanders nie – ek dink maar aan my eie kerkmense. Ons is só dikwels vasgevang deur ons gewoontes, wat veelal 'n sleurgang geword het, dat ons horende doof is vir die Woord van God.

Johannes het ook die roeping om deur sy profetiese woord die toekoms te ontsluier. En wat 'n bitterheid is dit vir die kerk van die Here! Hy sien voor sy oë hoe die gelowiges die vure ingaan. Hy ken vooruit die lydenspad van die kerk en ook dit sou vir hom bitter wees. Daarom moet hy dit vooraf weet en proefondervindelik proe – die openbaringsboekie is soet in die mond maar bitter in die maag. Gelukkig vir ons het Johannes dit geëet. Gelukkig vir heidene en ongelowiges en afgedwaaldes en ook vir die bestaande kerk, is daar nog mense soos Johannes wat eet en die gevolge dra ter wille van hulle roeping. Daarom word die blye tyding nog in die wêreld gehoor.

# 29 Mei: Meet die Tempel van God

Sag. 2:1-10

*"En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid."* (Openb. 11:1)

Wanneer 'n mens begryp waarom dit in die boek Openbaring gaan, sukkel jy nie met datums en tydperke nie. Jy hoef nie te vra "wanneer?" nie, maar jy moet vra: Wat wil die Here hierin belig? Uit watter hoek sien Hy nou die geskiedenis van die wêreld en die kerk? In die geskiedenis van kerk en wêreld is daar soveel kante en jy moet die gebeure belig uit allerlei gesigspunte – en dit is presies wat hier gebeur. Die wêreldgeskiedenis is nou alreeds, vanaf hoofstuk 6, twee keer deurgeloop tot by die voleinding. In die opening van die seëls is dit gedoen vanuit die oogpunt van die gang van die evangelie deur die wêreld. Toe die basuine blaas is dit weer bekyk vanuit die hoek van waarskuwende oordele. Hier in hoofstuk 11 laat die Here die lig val op die stryd en lotgevalle van sy kerk in die wêreld deur al die eeue heen tot met die voleinding.

Johannes ontvang hier 'n maatstok om die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid te meet. Die tempel van God is nie die tempel in Jerusalem nie, maar die geestelike tempel – dit is die gemeente van God, die ware gelowiges. God woon in sy tempel en dit doen Hy deur in die gemeente te woon deur die Heilige Gees.

Van al die bybehore in die Ou Testamentiese tempel, word hier net die altaar genoem. Op die altaar word die offers gebring. Ons kan hieruit aflei dat die Here ook die offers in gedagte het. Die offers van die gemeente word gemeet. Sien 'n mens dit in die lig van wat later gesê word oor die vervolging van die kerk, dan is dit duidelik dat die volgelinge van die Here in die wêreld gedurig met die altaar te doen het. Daar by die altaar word jy gemeet. Die Here ken jou hart uit wat jy bereid is om te offer. Daarom sien Johannes die siele van die martelare onder die altaar (Openb. 6:9).

Uitdruklik word Johannes ook beveel om die mense, wat in die tempel aanbid, te meet. Uit die Griekse werkwoord spreek duidelik dat die mense nie slegs één keer of moontlik enkele kere aanbid nie, maar dat hulle daarmee aanhou – hulle volhard in die gebed. Paulus vermaan om sonder ophou te bid. En dit gaan hier ook nie alleen om 'n paar priesters nie, maar om alle ware aanbidders – dit sluit ook die eenvoudigste bidder in.

Dit moet Johannes nou meet. Dit beteken dat hy dit moet af baken en as 't ware die landmeterspenne van die Here daaromheen inslaan. Dit is die eiendom van die Here in die wêreld. Sy eiendom laat hy nie vervloei met die wêreld nie, maar Hy pen dit af en proklameer dit as sy gebied. Dit beteken nie dat gelowiges hulle uit die wêreld moet onttrek nie. Nee, hulle is in die wêreld, maar is onherroeplik die eiendom van die Here. En vanselfsprekend sien die wêreld dit – die afgebakende eiendom van God.

Waaraan ken die wêreld die tempel of woning van die Here? Uit al drie die dinge wat hier genoem word. Die Here woon in hulle, sy tempel. Hulle offer hulleself vir Hom en hulle aanbid Hom. Dit is drie onmiskenbare eienskappe van 'n ware gelowige. Hoe lyk dit met u, geagte leser? Blyk dit uit u lewe en werke dat u die afgebakende eiendom van die Here is?

# 30 Mei: Die voorhof is aan die heidene gegee

Matt. 13:24-30

*"Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap."* (Openb. 11:2)

Johannes moet die tempel van die Here meet, maar die voorhof buitekant die tempel moet hy nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee. Hier kan ons dink aan die tempel van Herodes in Jerusalem. Daaraan was 'n voorhof van die heidene verbonde wat deur 'n klipmuur afgeskei was van die ander voorhowe. Daarin is ook gekoop en verkoop en geld gewissel. Die beeldspraak wil nou aandui dat hierdie voorhof nie die eiendom van die Here is nie. Alleen hulle, binne die tempel, is sy eiendom en word deur Hom beskerm en bewaar. Die andere mag wél uitwendig meedoen aan die diens van die Here, maar hulle is in werklikheid nie sy eiendom nie. Hulle is die onkruid tussen die koring, waarvan die Here Jesus praat.

Die woordjie *uitlaat* wat hier gebruik word, beteken eintlik *uitwerp.* Letterlik staan hier: "Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitwerp." Hierdie mense mag wél met verskillende bande aan die diens van die Here verbonde wees, maar die Here het hulle verwerp. Hy ken hulle nie, maar reken hulle as heidene, "want dit is aan die heidene gegee". Hulle verbondenheid met die ware volk van die Here is blote skyn.

En nou word verder van hierdie voorhofmense gesê: "hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap." Die tempel en die heilige stad is albei beeldspraak om die ware volk van die Here aan te dui. Die meelopers of *voorhof-christene* sal die kerk of gemeente van die Here vertrap of oorheers en dit vir hulle benoud maak. Omdat hulle hart nie by die Here is nie, word hulle deur allerlei motiewe gelei wat tipies wêrelds is. Hulle oorheers en verlei die kerk en probeer die gelowiges bring tot wêreldgelykvormigheid. Hoef ons hulle aan te wys?

Elke gemeente en gemeentetjie het sy voorhof-christene. Maak maar u oë oop en kyk! En in die groot kerklike organisasies sit hulle in die besture en sleep die kerke en kerkies agter hulle aan – selfs op die pad van die sogenaamde Neo-Marxisme en rewolusie. Hulle deins selfs nie terug daarvoor om wapengeweld in te span teen hulle Christen-"broers en susters" nie. Ja, ons ken hulle. En die Here weet van lankal af van hulle.

En hierdie verdrukking van die heilige stad hou maar aan en aan vir twee-en-veertig maande lank. Dit is weer 'n sinnebeeldige getal. Dit is dieselfde as 1 260 dae of drie-en-'n-halwe jaar. En dit is die helfte van sewe jaar, wat die volheidsgetal is. Neem nou aan dat die hele duur van die geskiedenis van die wêreld, vanaf Adam tot die wederkoms van Christus op die wolke deur die getal sewe jaar versinnebeeld word. Christus se koms in die vlees sny duidelik die hele menslike geskiedenis in twee onderskeie tydperke; dan is hierdie twee-en-veertig maande die hele tyd van die nuwe bedeling – vanaf Christus se eerste tot sy tweede koms . . .

Van die begin af was die voorhof-christene daar. Paulus het in sy tyd met die sg. Judaïste in die kerk te kampe gehad, en die apostel Johannes weer met ander verleiers binne die gemeente. En só was dit deur die eeue. Dit het selfs in die Middeleeue so moeilik gegaan dat die Woord van God verdring is en die pous met sy priesters Christus se versoeningswerk oorgeneem het. Die ware gelowiges het dit toe bitter moeilik gehad. Só sal dit bly – nee, dit sal altyd erger en erger word, en nie ophou voordat die Here op die wolke verskyn nie.

Pasop vir die voorhof-christen! Ondersoek jouself! So maklik beland ons in die voorhof.

# 31 Mei: Die twee getuies met sakke beklee

Hand. 1:1-9

*"En Ek sal aan My twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-twee-honderd-en-sestig dae lank sal profeteer."* (Openb. 11:3)

Hier praat die engel nie meer nie, maar die Here Jesus self. Stel Hy dit nie pragtig nie? *"Ek* sal aan *My* twee getuies gee." Hy gee hulle, maar hulle bly sy eiendom – Hy gee hulle vir Homself. Eintlik bedoel die Here dat Hy aan hulle 'n taak of roeping gee in sy eie belang. Die twee getuies versinnebeeld die ampte en dienaars wat Hy aan die gemeente gee, deur wie Hy hulle lei en versorg. Hulle word spesifiek *getuies* genoem, omdat hulle werk in besonder is om van die Here te getuig. Hulle moet in die gemeente en teenoor die wêreld getuies bly van hulle Here en sy waarheid. Altyd en oral moet hulle bereid wees om die waarheid van die evangelie te verdedig teenoor dwalinge binne die kerk en die ongeloof van die heidene.

Hulle is *twee* getuies. Die getal *twee* wys op verskeidenheid en volkomenheid. Dit is nie maar een getuie nie, maar meer as een. Die een is met ander gawes en aanleg toegerus as die ander een. Wat die één nie kan vermag nie, kry die ander een reg en waar die één nie kan kom nie, bereik die ander een die mense. Maar twee getuies is in die Bybel ook die volkome getal: ". . . op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees" (Deut. 19:15). Dit is daarom dat die Joodse Raad in die verhoor van die Here Jesus so kliphard gesoek het na twee getuies wat saamstem oor een of ander klag. Die Here gee twee getuies, opdat hulle woord kan vasstaan. Niemand sal kan ontken dat hulle die ware getuienis gehoor het nie. Al sou hulle dit verwerp, dan nog staan dit vas.

Hierdie twee getuies tree op geklee met sakke. Dit is die beeld van rou of boetedoening of leed. Die Here Jesus *sê* aan die stede waarin Hy sy kragtige dade gedoen het: "Wee jou, Górasin, wee jou, Betsaida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as beklee het" (Matt. 11:21). Die mense sou lankal berou gehad het en hulle tot die Here bekeer het is die bedoeling: Hier sien u waarom die boekie wat Johannes moes eet in sy maag bitter was. Profete van die Here gaan in die rou vanweë die ongeloof van die mense en ook omdat hulle vervolg en gehaat word. Moet tog nooit daartoe bydra dat die dienskneg van die Here, wat sy getuienis vir u moet lewer, in droefheid van u moet weggaan omdat u die evangelie weerstaan nie.

Die profete tree op vir 1 260 dae lank. Dit is maar weer 42 maande of drie-en-halwe jaar, wat ons in die vorige vers verduidelik het. Hier sien ons nou simbolies voorgestel hoe die opdrag van die Here Jesus by sy hemelvaart deur die eeue heen uitgevoer is: ". . . en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Vanaf sy hemelvaart tot met die wederkoms loop sy profete in die wêreld, geklee met sakke, om die mense tot bekering te roep. Vanaf die begin moes hulle ly, vanweë die ongeloof van die mense, maar ook omdat hulle vervolg is. Paulus praat van sy groot droefheid en die smart vir sy hart vanweë die ongeloof van sy mede Jode (Rom. 9:2, 3).

Pasop vir die profete wat mense na die mond spreek en hulle in die gehoor wil steel, om vir hulleself naam te maak. Die ware profeet of getuie van die Here weet niks anders as om die evangelie van Jesus Christus, en Hom as die Gekruisigde, te verkondig nie. Luister na hulle!

# 1 Junie: Twee olyfbome en twee kandelaars

Sag. 4

*"Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan."* (Openb. 11:4)

Hier het ons 'n baie duidelike verwysing na Sag. 4. "Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud. Ook twee olyfbome langs hom, één aan die regterkant van die oliekan en één aan die linkerkant daarvan. Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan." (Sag. 4:2, 3, 14).

In die gesig van Sagaria het hy die goue kandelaar gesien, wat deur oliepype aan die olyfbome verbind is. Die gesig wou aan Serubbábel tuisbring dat hy die tempel van die Here sou voltooi ondanks al die struikelblokke. Die kandelaar sal gewis in die tempel brand. Waarom? "Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here." Let daarop dat die kandelaar aan die olyfbome verbind is. Olyfbome is die bron van olie, waarsonder die kandelaar nie kan brand nie. "Vanaf die olyfbome vloei die olie na die kandelaar en hou dit aan met brand.

Die twee getuies met sakke beklee, word nou die twee olyfbome genoem. Dit wil nie sê dat hulle uit hulleself olie voortbring om hulle lig te laat brand nie. Nee, die Heilige Gees woon in hulle en Hy sorg dat hulle lig altyd sal brand. Daarom is hulle terselfdertyd ook die kandelaars. Dit is nie in stryd daarmee dat die sewe goue kandelaars in Openb. 1:20 die sewe gemeentes genoem word nie. Die gemeente word in die wêreld in sy optrede gesien en geken in hulle wat die Woord verkondig. Die kerk as instelling in sy ampte reël die Woordverkondiging. Daarom word die getuies kandelaars genoem. Eintlik bedien die gemeente die Woord, by monde van die leraar en alle gelowiges.

En hierdie twee olyfbome of kandelaars staan voor die God van die aarde. Ook dit kom ooreen met Sag. 4:14 wat die olyfbome "die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan" noem. Ook by die uitspraak kom duidelik aan die lig dat hulle lewe en werk deur die krag van die Heilige Gees. 'n Gesalfde van die Here is gesalf deur die Heilige Gees tot 'n bepaalde diens en dan rus die Gees hom ook toe met die gawes wat vir sy diens nodig is.

Hulle krag is die krag van die Heilige Gees, maar ook die wete dat hulle in diens van die God van die aarde staan. Die aarde behoort aan Hom en Hy regeer oor die aarde. Hulle arbeidsveld is die hele aarde soos Jesus sy getuies stuur tot aan eindes van die aarde. (Hand. 1:8). En oral op die aarde is hulle in die hand van die God van die aarde.

Die getuies van die Here is nie arme wese wat geen Vader of tuiste het nie. Hulle behoort aan die Here aan wie die aarde behoort en hulle proklameer sy koninkryk oor die ganse aarde. En waar hulle ook al in die wêreld trek en watter ontberinge hulle ook al verduur, hulle is nooit en nêrens buite die grense van God se ryksgebied nie. Hulle het altyd en oral die reg daartoe om sy Woord te verkondig en sy koninkryk uit te roep. Al is hulle met sakke beklee, hulle bly Koningsgesante. God staan agter hulle.

Dit is ons krag as bedienaars van die Woord. Dit is ons inspirasie as diensknegte van die Here. Maar ook elke ware gelowige weet dit: agter my staan niemand minder as die God van die aarde nie en binne in my brand die vuur van die Heilige Gees. Daarom kan ek nie swyg nie. So bereik die evangelie alle volke en tale en nasies . . .

# 2 Junie: Vuur uit hulle mond

Jer. 5:14-24

*"En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word."* (Openb. 11:5)

Die twee getuies is heerlike stof vir menslike fantasieë. Baie is al gedoen om hulle aan te wys. Mense het selfs al letterlik met sakke geklee op straat verskyn en hulle *weë* uitgeroep oor die wêreld. Omdat ons hulle hele verskyning en optrede kragtens die aard van Openbaring as profetiese simboliek sien, verhinder niks ons om ook hierdie vers só te verklaar nie. Indien die skerpioen-sprinkane uit hoofstuk 9 simbolies is van bose invloede op die gees van mense, dan hoef ons ook nie die vuur uit die mond van hierdie getuies letterlik te verstaan nie. Nee, teen die agtergrond van die hele Bybel wil dit iets bepaalds aan ons tuisbring.

Ons het reeds uitgemaak dat die twee getuies die openbare bediening van die Woord deur die eeue heen versinnebeeld. Hulle profeteer, of verkondig die evangelie van Jesus Christus. Hulle is op aarde die mondstuk van Christus en sy gemeente. Vanselfsprekend kom hulle verset teë en selfs vyandskap. Die mense probeer om hulle tot swye te bring deur hulle te beskadig of dood te maak. Dit is maklik om aan te toon hoe verkondigers van die evangelie deur die eeue heen vervolg en doodgemaak is. Selfs in ons tyd sterf sulke mense vir Christus en die getuienis vir sy waarheid. Dink maar aan die vervolging van die kerk agter die ystergordyn.

Maar waar het ons dit ooit belewe dat vuur uit hulle mond uitgaan en hulle vyande verslind? En waar het 'n verkondiger van die evangelie al ooit daarin geslaag om die hemel te sluit, sodat geen reën val nie, of om water in bloed te verander en die aarde te tref met allerhande plae? (Vers 7).

Ons moet egter onthou dat die boek Openbaring dikwels werk met beelde uit die Ou Testament. Tot Jeremia het die Here gesê: ". . . kyk, Ek maak my woorde in jou mond 'n vuur en hierdie volk hout, en dit sal hulle verteer." (Jer. 5 ; 14). En nog in sy leeftyd gaan die volksbestaan van Juda op in die vuur van God se strawwende oordeel, omdat hulle nie luister na die prediking van Jeremia nie.

Só is die hemel letterlik gesluit volgens die profesie van Elia en vir drie jaar en ses maande was die land in die greep van 'n verterende droogte. (1 Kon. 17). En op die woord van Moses verander die water van die Nyl in bloed en tref allerhande plae die Egiptenaars. (Ex. 7 v.v.).

Net só werklik verteer die Evangelie mense nog, soos vuur uit die hemel. God praat nie verniet nie. Sy woord bring bekering en behoud en lewe. Of, dit bewerk oordeel en toorn en vuur oor die mense wat hulle nie bekeer nie. Buig 'n mens nie voor die Woord nie, dan word jy deur dieselfde Woord verpletter.

Onbekeerlikheid en verharding bring alreeds in hierdie lewe die oordele van God in beweging. En Hy begin by sy heiligdom – die kerkmense wat hoor en nie luister of gehoorsaam nie. Ons sal later sien (Hoofst. 17-19) dat Babilon die groot hoer, wat op die baie waters sit, nie 'n geheimsinnige wese in die Verskiet is nie, maar die afvallige kerk, die voormalige bruid van Christus, wat 'n hoerkerk geword het. En vreeslik sal haar ondergang wees.

God laat sy liefde nie vertrap nie. Hy bedoel dit ernstig – só ernstig dat Hy sy eniggebore Seu$_n$ oorgee aan kruisdood en hellesmart. En verwerp 'n mens sy liefde, dan tref die oordeel jouself.

# 3 Junie: Getuies doodgemaak

Rom. 8:31-39

*"En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak."* (Openb. 11:7)

Die Here laat Hom nie in sy werk versteur nie. Geen mag van buite kan dit onderbreek nie. Elke ding wat Hy doen, kom tot sy bestemde einde – dit word *voleindig.* So is dit ook met die werk van sy getuies. Ons sê soms dat 'n vroeggestorwe mens nog só baie gehad het om te doen. In die raad van die Here is dit. egter nooit só nie – Hy onderbreek 'n mens se lewenstaak nooit te vroeg nie.

Só is dit ook hier. Eers wanneer sy getuies hulle werk voleindig het, kry hulle vyande die mag om hulle dood te maak. Ons mag selfs miskien lankal gesê het: Waarom moet hulle só lank ly? Waarom is dit nodig om nog aan te hou? Die mense luister tog nie na hulle nie. Maar hulle moet uithou en aanhou, want die Here het nog vir hulle werk. Die laaste uitverkorene moet nog deur hulle getuienis toegebring word tot die volk van die Here; die laaste waarskuwing moet nog in die wêreld uitgesê word tot 'n getuienis teen die mense. Dan eers is hulle taak afgehandel. Só handel die Here eers sy program af, voordat Hy toelaat dat die dier uit die afgrond ingryp en sy openbare getuienis op aarde doodsmoor.

Ons handel later meer in besonderhede oor die dier. Hier is dit genoeg om te weet dat ons met die Antichris te doen het. (Openb. 13:3; 17:8 v.v. & 2 Thess. 2:3). Johannes noem hom, hoewel hy 'n mens is *die dier.* Die hoogontwikkelde mens is in die oë van God niks anders as 'n ongetemde dier nie. Hy en sy lesers weet alreeds dat die Antichris sal kom. Selfs die naam *Antichris* kry ons van Johannes uit sy eerste brief. (1 Joh. 2:18). Die Antichris voer oorlog teen die getuies van Jesus Christus.

Die duiwel het teen hierdie tyd al alles wat hy kon bedink, probeer om die kerk van Jesus Christus te breek. Daar was die verleiding van sy dissipels deur die rook uit die put van die afgrond, wat die son verduister het en die atmosfeer verstik het. Met sy skerpioen-sprinkane het hy hulle probeer aanval, maar hy kon die verseëldes van God selfs nie eens bykom om hulle te pynig nie. Vervolging van individuele gelowiges en ampsdraers kon die kerk ook nie tot swye bring nie.

Eindelik verskyn die Antichris – die alleenheerser op aarde. Alle mag is in sy hande saamgetrek. Hy kry die optrede van die kerk deur die openlike Woordverkondiging, gebreek. Die kerk word in die opsig 'n lyk. In die openbaar swyg die Woord, want die getuies van God is dood. Só iets sien ons alreeds in kommunistiese lande, waar die kerk in baie opsigte nie meer openlik mag optree in die verkondiging van die evangelie nie. Jesus se publieke getuies swyg en die kerk se mond word gesnoer.

Ons kan nie hieruit aflei dat alle gelowiges doodgemaak is en daar hoegenaamd geen belyder van Jesus meer is, wat van Hom getuig nie. Ons kan sê dat die kerk nog "ondergronds" sal voortbestaan totdat Jesus op die wolke kom. Dit is duidelik uit só 'n uitspraak: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." (1 Thess. 4:16, 17). Die belyders van Jesus sal dit egter in die dae moeilik hê. Hulle sal nie meer openlik die evangelie mag verkondig nie.

Mag ons dit tog waardeer dat die Here nog aan ons die geleentheid gee. Hy doen dit nie verniet nie.

# 4 Junie: Lyke in Sodom en Egipte

Openb. 11:3-14

*"... en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is."* (Openb. 11:8)

Eintlik word hier nie gepraat in die oorspronklike van "lyke" nie, maar van 'n "lyk." Johannes gebruik normaalweg selfs 'n ander Griekse woord om 'n dooie mens mee aan te dui, as hier. Hy het hier nie 'n letterlike menslike lyk in gedagte nie, maar die ruïne van die kerklike lewe, die verbreking van die gemeente in sy samestelling en openbare organisasie. Die kerklike liggaam het 'n lyk geword en kan sy mond nie meer gebruik as getuies van die Here nie. Daar is wel nog gelowiges en groepe van gelowiges, maar die kerk kan nie meer openlik optree in die wêreld nie. Daarom is die kerk in die wêreld 'n dooie liggaam.

En hierdie dood van die kerk sal nie 'n geheim wees nie. Dit lê op die straat. Dit is openbare kennis. Almal weet dit. Oor die radio en televisie en in koerante is dit 'n nuusberig waarin die ganse mensdom deel.

Dit lê op die straat van die groot stad wat geestelik Sodom en Egipte genoem word. Hier sê Johannes duidelik dat Sodom en Egipte simboliese name is van die groot stad. Die stad word elders Babilon genoem. Sodom simboliseer die grootste uitbarsting van sonde in sy mees afsigtelike uitinge wat 'n mens jou kan voorstel. Sodom is byvoorbeeld die stad waarvan die woord *sodomie* afgelei word – die soort sonde wat in ordentlike geselskap nie op die naam genoem word nie. Dat ons wêreld vinnig besig is om die perke van Sodom verby te steek, blyk juis daaruit dat hierdie soort onreinheid in ons tyd nie alleen hand-oor-hand toeneem nie, maar selfs goedgepraat word en aan die begrip "liefde" gekoppel word. En Egipte was die land wat die volk van God verkneg en hulle babatjies vermoor het. Dit is tipies wat in die antichristelike wêreldryk gebeur.

Dat ons hier te doen het met die wêreld wat in vyandskap teen God lewe, is baie duidelik, want die stad word ook aangedui as die plek waar onse Here gekruisig is. Hy is tog nie in Sodom of Egipte gekruisig nie, maar in Jerusalem. Die eertydse stad van God het hom egter in die kruisiging van Jesus presies gedra soos Sodom en Egipte – net soos die wêreld in die tyd van die Antichris. Later sal ons sien dat Jerusalem selfs Babilon, die ontugtige vrou, kan word.

Die Here Jesus sê vir sy dissipels: "Werk solank dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie." Hier word aan ons so 'n nagtoestand geteken vir die kerk op aarde. Die geleentheid om as openlike getuies vir die Here en sy waarheid op te tree in die wêreld is verby. En die wêreld weet dit en verbly hulle daaroor. Dit gaan hier vanselfsprekend nie om die afvallige of ontroue kerk nie – die is ook altyd in die wêreld. Die afvallige kerk sal moontlik juis in die tyd nog floreer, maar hy geniet vrede omdat hy geen pyn vir die mensdom veroorsaak nie. Hy is kleurloos en selfs 'n handlanger van die antichristelike magte. Dit beleef ons alreeds dat sogenaamde kerke meelopers van die mees antichristelike magte in die wêreld geword het.

Daarom, werk solank dit dag is. Die geleenthede gaan verby om die Here openlik in die wêreld te bely. Die duiwel weet dat hy min tyd het en die Here weet ook dat die tyd verbysnel, maar die kerk en kerklidmate lewe dikwels rustig voort, sonder die besielende besef dat ons die tyd moet uitkoop en doen wat ons hand vind om te doen, terwyl dit dag is.

# 5 Junie: Veels geluk!

Openb. 13:1-10

*"Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat die twee profete die bewoners van die aarde gepynig het."* (Openb. 11:10)

Volke en stamme en tale en nasies is bly. Die verskeidenheid van mense behoort nou eindelik aan één wêreldryk. Hulle heerser is die dier uit die afgrond – die Antichris. 'n Tiran het die gewoonte om iemand as sondebok aan te wys. Só word vertel dat keiser Nero van Rome self die groot stad Rome aan die brand gesteek het. Toe die gerug ontstaan dat hy dit gedoen het, is die aandag van homself afgeweer deur die Christene as sondebok aan te wys. Daar volg toe 'n slagting van Christene wat gepaard gaan met groot feeste. Só is dit maar.

Ook hier lees ons dat die nasies van die aarde bly en verheug is. Hulle stuur aan mekaar geskenke, waaraan bepaald kaartjies geheg sou wees: Veels geluk, buurman! Die gehate profete wat dit vir ons lastig gemaak het en ons gepynig het, is eindelik dood! Nou kan ons ongesteurd voortgaan met die fees! Skink vol die glasies! Laat die orkeste wegval! Die dans het begin – die vreugdedans van 'n mensdom verenig in die haat teen Christus en sy profete!

Hulle verheug hulle só uitermate oor die dood van die twee getuies gekleed in sak dat hulle hul lyke vir drie dae lank op die strate van die groot stad, wat geestelik Sodom en Egipte genoem word, laat lê. Hulle mag nie begrawe word nie. Hulle moet gesien word en mense moet sing en dans rondom hulle lyke.

Vir drie-en-'n-halwe dag lê die lyk van die kerk op die strate van die wêreldstad tot groot vermaak en vreugde van die mensdom. Vir drie-en-'n-half jaar kon die getuies hulle werk op aarde doen – wel nie sonder teëstand en vyandskap nie, maar hulle kon ten minste daarmee voortgaan. In Hand. 1 het Jesus sy getuies se opdrag gegee en in Hand. 2 is hulle toegerus met die krag van die Heilige Gees. Daarvandaan het die werk sy voortgang tot aan die uiterste van die aarde. En wanneer die werk voleindig is, word die kerk in sy getuies tot swye gebring. Dit duur vir drie-en-'n-half dag – 'n betreklike kort tyd teenoor die drie-en-'n-half jaar.

Hierdie tydperk kom ooreen met ander uitdrukkings om dieselfde tyd aan te dui, uit 'n ander oogpunt besien. In hoofstuk 20:3 word van die Satan gesê dat hy ná die 1 000 jaar vir 'n kort tydjie ontbind sal word. In die kort tydjie verlei hy die nasies om die *heilige en geliefde stad te omsingel* (Openb. 20:9). Hierdie uitspraak slaan bepaald op dieselfde gebeure as dit waaroor ons nou handel. In hoofstuk 11:11 word die drie-en-'n-half dag beëindig en die getuies van die Here word opgewek en in die hemel opgeneem. In 20:9 word die kort tydjie beëindig deur die eindoordeel oor die duiwel. Albei gebeure staan tog baie duidelik in verband met die koms van die Here op die wolke om die lewendes en dooies te oordeel. Dan vind immers ook die opstanding van die vlees plaas.

Dit weet ons, dat Christus se koms voor die deur is, wanneer sy kerk op aarde tot swye gedwing word. Ons kan selfs hierdie tyd ook sien i.v.m. die groot afval waarvan ons elders lees. (2 Thess. 2:3). Dit is deurgaans duidelik uit die Bybel dat die antichristelike magte vir 'n kort tydjie die oorhand sal hê – en dan kom die oordeel. Die kerk het amptelik klaar geroep tot die wêreld. Die oorblywende gelowiges roep dan des te dringender: "Kom, Here Jesus, ja kom gou!"

# 6 Junie: Die dooie profete staan op

1 Kor. 15:51-58

*"En ná drie-en-'n-halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hulle voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het."* (Openb. 11:11)

Die oorwinningsfees van die dier uit die put van die afgrond en sy miljoene onderdane word onverwags onderbreek. Daar kom 'n gees van God en gaan in die lyke van die twee profete en hulle staan op hulle voete. En die vreugdefees maak plek vir groot skrik en ontsetting.

Die oorwonne getuies van die Here oor die hele aarde is omgebring. Die kerk is tot swye gebring in sy sprekers en daar is letterlik groot getalle doodgemaak – só asof die hele kerk 'n lyk was. Dan kom die Here uit die hemel: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en só sal ons altyd by die Here wees." (1 Thess. 4:16, 17). "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wél nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." (1 Kor. 15:51, 52).

Hier lees ons dat 'n gees van die lewe uit God in hulle gegaan het. Dit sal só wees met alle gestorwe gelowiges – 'n gees van God is nodig om hulle lewend te maak. Hulle gaan staan op hulle voete – hoe kan dit ook anders? Die simboliese voorstelling is hier dat hulle lyke op die straat gelê het. Word hulle lewend, dan staan hulle lewend voor die verbaasde toeskouers.

"En groot vrees het *geval* op die wat dit aanskou het." Só skryf Johannes dit letterlik neer. Vrees, onsetting, skrik *val* soos 'n onverwagte valk of arend uit die lug op die mense. Dit oorweldig hulle geheel wanneer hulle die opwekking aanskou van die mense wat dood was. Waar ons weet, uit ander uitsprake van die Skrif, dat die opwekking gepaard gaan met die verskyning van Christus, kan ons die vrees nog beter begryp. "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!" (Openb. 1:7). Die gebeure kom soos 'n donderslag uit die bloue lug op die mense af, onverwags en skrikwekkend!

Hulle aanskou nie alleen 'n onverklaarbare gebeurtenis nie, maar met die woordjie *aanskou* gebruik Johannes 'n Griekse woord wat beteken dat hulle ook tot insig kom. Hulle sien in dat hulle hier werklik met 'n daad van die lewende God te doen het. "Die Godsdaad word na sy wese en heerlikheid en strekking verstaan." (S. Greijdanus). God ewe en Hy is getrou aan sy woord; wanneer en waar Hy ook al direk ingryp, skrik die mense. Selfs 'n man soos Jesaja het groot geskrik toe die Here in 'n gesig aan hom verskyn. (Jes. 6). Wanneer die insig tot 'n sondaarmens deurdring, dat Hy iets sien van die werking van die heilige God, dan omklem koue vrees sy hart.

Gelukkig is elke mens wat die vrees van die Here ken en wat met sy sondenood skuil agter die bloed van die Lam. Hy hoef selfs nie bang te wees vir hulle wat die liggaam doodmaak nie, want sy Here het die dood oorwin – kyk, daar staan dooie martelare op hulle voete.

# 7 Junie: Die hemelvaart van getuies

1 Thess. 4:13-18

*"En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hulle vyande het hulle aanskou."* (Openb. 11:12)

In die hele verloop van die opstanding en hemelvaart van die twee getuies sien ons 'n replika van die opstanding en hemelvaart van alle gelowiges. Dit word geteken in beeldspraak wat presies ooreenkom met wat die Bybel gebruik vir die algemene opstanding van die dooies en die feit dat alle gelowiges "in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en só sal ons altyd by die Here wees." (1 Thess. 4:16).

Dit lê derhalwe voor die hand dat ons hierdie visioen van Johannes moet verklaar in ooreenstemming met wat ons elders in die Bybel lees, anders beland ons in 'n eindelose spekulasie. Dit is immers die gewone manier om moeilike uitsprake in die Skrif te verklaar – verklaar dit in die lig van ander bekende uitsprake. Sommige sogenaamde profete mag byvoorbeeld in ons tyd, soos deur die eeue heen, hulle eie "ingegewe" of "geopenbaarde" openbaringe hieroor besit, wat gewoonlik op blote spekulasie of eie inbeelding berus. Dit is vir 'n Bybelgelowige nie eens die moeite werd om sulke dinge te bestudeer nie. In die Woord van God het ons die volle openbaring van die Here aan ons en ons kan ons nie verlaat op openbaringe buite of naas die Skrif nie. Wat ons moet weet is duidelik genoeg aan ons in die Bybel gegee.

Daarby moet ons steeds die aard van die profesieë in Openbaring in gedagte hou. Ons het dwarsdeur die boek baie duidelik met simboliek, beide in getalle en beelde te doen en daarom hoef ons nie in die twee getuies juis twee persone te sien nie. Ons hoef ook nie hier letterlik af te lei dat die mense se opstanding en opname in die hemel 'n spesiale gebeurtenis voor die algemene opstanding sal wees nie.

Uit ons teks is 'n paar dinge wél duidelik. Hulle is uitdruklik deur God self opgewek. 'n Gees van God uit die hemel gaan in hulle en hulle staan op hulle voete. Daarna hoor hulle 'n stem uit die hemel wat sê: "Kom op hierheen!" En dan word hulle opgeneem in 'n wolk voor die oë van die verbaasde toeskouers. Die opstanding van die dooies is geen onmoontlike saak nie. As dit nie moontlik is nie, dan is Christus se opstanding ook nie waar nie, sê Paulus in 1 Kor. 15. Glo ons dat die Here op die derde dag opgestaan het, dan hou dit vir ons geen probleem in om ook te glo dat hierdie mense en die gelowiges van alle eeue ook sal opstaan nie. Die almagtige God doen dit. Dit is sy verantwoordelikheid en sy werk, en sou daar één ding vir Hom onmoontlik wees?

En dan beërwe hulle – en alle gestorwe gelowiges, die ewige heerlikheid. God nooi hulle na Hom toe en hulle vaar in die wolk na die hemel. Saam met Paulus kan ons ons verbly: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie." (1 Kor. 15:55-58).

Hierdie mense se lewe was om vir die Here te werk. Dit is al waarvoor hulle gelewe het en ook daarom is hulle gedood soos slagskape. Nou weet hulle egter dat hulle arbeid in die Here nie tevergeefs was nie. Nou is hulle vir altyd by die Here in sy ewige heerlikheid.

# 8 Junie: Oordeel oor aardbewoners begin

Openb. 6:12-17

*"En in die uur het daar* 'n *groot aardbewing gekom, en* 'n *tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring."* (Openb. 11:13)

In die uur kom daar 'n aardbewing. Dit is die uur of tydstip toe die getuies van die Here in die hemel opgeneem is. Elders word die uitdrukking *uur* steeds in verband met die eindoordeel gebring. (Openb. 2:13; 9:6; 10:7). Ook hier word die aanvang van die eindoordeel geteken. Die koms van die aardbewing sê dit ook aan ons. (Openb. 6:12). Met die opwekking van die gelowiges en hulle hemelvaart vind geweldige gebeurtenisse op aarde plaas. Op aarde is daar angswekkende verwoesting en groot getalle mense kom om. Hier word gepraat van die verwoesting van 'n tiende van die stad – die stad wat ons kan sien as die magtige Babilon. Ook hierdie een tiende is simbolies en wys op die geweldige verwoesting.

Johannes voeg hierby: "En sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom." Dit klink in ons ore vreemd. 'n Tiende van die aarde word verwoes en maar sewe duisend mense sterwe. Daar staan egter in die oorspronklike Grieks nie sewe duisend *"mense"* nie, maar sewe duisend *"name".* Dit is mense met name – derhalwe wel bekende mense. Ons sou sê: *mense van naam.* Só gesien bied dit 'n ander beeld, want die ander dooies word nie bygetel nie. Hierbenewens het ons weer die simboliese getal *sewe duisend,* wat 'n volheidsgetal is. Daarom kan ons wel aanneem dat daar in werklikheid 'n baie groot getal mense omgekom het – hoeveel weet ons nie.

Presies in ooreenstemming met ander uitsprake word hier aan ons die begin van die eindoordeel geteken. Ook elders gaan dit gepaard met natuurrampe. Veral as ons let op die gebeure wanneer die sewende basuin blaas wat hierna volg, is dit duidelik. Dan is die oordeel klaar verby en sien ons die blydskap daaroor in die hemel. (Vers 15-19). Ons het hier 'n lewendige en aanskoulike voorstelling van snel opvolgende gebeurtenisse, waarin die eindoordeel aan ons geteken word, asof dit in verskillende stadia verloop.

Oorweldigend is die uitwerking van die begin van die oordeel op die mense wat nog op die aarde lewe: ". . . en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring." Die oorblywende mense erken eindelik dat daar 'n God in die hemel is. Koue vrees gryp hulle aan en sidderend erken hulle dat dit die werk van God is. Of dit waarlik kom tot skuldbelydenis en bekering kan ons nie hieruit aflei nie. Ook in hoofstuk 6:15-17 het die aardbewoners erken dat die oordeel van God aangebreek het en dan vlug hulle en sê vir die berge en die rotse: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"

Wanneer God se eindoordeel intree, is die tyd van genade verby. Ook hulle wat die Here deursteek het, sal Hom sien. Dit sal hulle tot angs en droefheid bring, maar hulle sal wegvlug en hulle voor Hom probeer verberg. Hulle het dit immers hulle lewe lank gedoen. 'n Mens moet liewer betyds vlug na die Lam en skuiling soek in sy bloed. Daar breek 'n tyd aan dat dit te laat sal wees – al sou hulle dan moet erken dat God lewe. Dan lewe Hy in sy toorn en sy vriendelike aangesig is vir hulle vir goed verberg.

# 9 Junie: Koning tot in alle ewigheid!

Openb. 11:15-19

*"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendomme van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid"* (Openb. 11:15)

Oppervlakkig besien lyk die boek Openbaring redelik verwarrend. En tog verloop die dinge nie lukraak nie. Dit is nie bloot 'n samevoeging van onsamehangende gesigte nie. Dit is in elk geval duidelik dat die reekse van sewe seëls en sewe basuine die hele wêreldgeskiedenis in oënskou neem en dan uitloop op die eindoordeel. In verse 12 en 13 van ons hoofstuk begin die oordeel, maar die hele afloop word nie aan ons geskilder nie. Dan blaas die sewende basuin en, moontlik moet ons daarby ook dink aan die verwerkliking van die sewe donderslae, waarvan ons in hoofstuk 10:4 gelees het. Van die donderslae is die inhoud onbekend want Johannes mog dit nie opskryf nie, maar dit moes verseël of verborge bly. In 10:7 word inderdaad gesê dat die verborgenheid van God volbring word, wanneer die sewende basuin blaas.

Daaruit kan ons wel aflei dat die eindoordeel volkome voltrek word, wanneer die sewende basuin blaas. En dit gebeur nou in ons teks – en tog lees ons weinig van die vreeslike wee of oordeel of donderslae wat die aarde tref. Ons hoor egter dadelik hoe 'n magtige hemelkoor sing van die oorwinning van God en sy Koningskap tot in alle ewigheid. In die hemel is daar 'n terugblik op wat verby is. Die hemelkore, waaronder die vier-en-twintig ouderlinge wat die kerk verteenwoordig, bring die hoogste lof aan die Here. Hy het die verderwers van die aarde verderf. (18). Sy oordeel oor die aardbewoners is voltrek. Van die werklike oordeel hoor ons eintlik net aan die einde van vers 19 waar sprake is van weerligte en donderslae en aardbewing en hael . . .

Aan die ander kant sing die hemelkoor van die heerlikheid en mag van die Here. Luister: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. . . dat U u groot mag aangeneem en as Koning geheers het. . . En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte. . ." So weergalm dit in die hemel. Daar word 'n oorwinningslied gesing.

En dan gebeur daar iets onvergelyklik in die hemel. "En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in die hemel gesien." Telkens kom ons maar weer terug by die simboliek van die tempel in die Ou Testament. Die verbondsark was in die allerheiligste en geen mens kon daarin gaan nie, behalwe die hoëpriester met die soenbloed van die offerdier om versoening te doen vir sy eie en sy volk se sondes. Oor die verbondsark het die Here met heilige jaloesie gewaak. Dit was sy woonplek of troon waar Hy in heerlikheid te midde van sy volk gewoon het. Nou gaan die hemel of die tempel oop en dit word blootgelê vir die oë van mense, waarskynlik ook vir Johannes, wat dit sien.

Dit beteken dat hier nou meer gesien word as die onbeskryflike: "Een wat op die troon sit." Nou sien die mense God in sy heerlikheid, waar Hy woon in die ontoeganklike lig. Nou maak die onbeskryflike heerlike God woning by die mense. Weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael word gesien en gehoor. Só oefen die heerlike God sy oordeel uit oor die aarde. En dan val die gordyn. Die reeks gesigte kom tot rus. Die laaste basuin het geblaas.

Salig is hulle wie se klere gewas is in die bloed van die Lam. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

# 10 Junie: Vrou met die son bekleed en die maan onder haar voete

Openb. 12:1-6

*"En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre."* (Openb. 12:1)

Prof. J. H. Bavinck skryf hierby: "Daar kom iets van 'n glimlag om jou lippe as jy dink aan die mens in die heelal! Hy mag deur sy rede uitsteek vér bo die grashalm en die eik, bo die leeu en die arend, hy mag dan in staat wees om aan die aarde sy sorgvuldig bewaarde geheime te ontdek, en hy mag die kragte van die wêreld aan hom onderwerp, en tog is hy ondanks dit alles nameloos nietig en onbeduidend. In die fabelagtige kragtespel van die heelal is hy nie meer as 'n wurmpie, wat elke oomblik verbrysel kan word nie."

En tog sien ons hier 'n mens, 'n vrou, beklee met die son en die maan onder haar voete en 'n stralekrans van sterre om haar hoof. Hier sien ons die mens geteken as die hart van die heelal. Op die mens is alles betrokke en gerig. Die aarde en die son en die maan en die sterre het alleen maar sin en betekenis omdat die mens daar is. 'n Mens staan versteld oor die wondere van die heelal, maar jy is veral verwonderd oor die mens wat 'n heelal in die kleine is. "Ek loof U, omdat ek só vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed." (Ps. 139:14).

Wat beteken hierdie teken in die hemel? Wat wil die Here aan ons sê met hierdie vrou?

Ons het in die vorige hoofstuk gekom tot by die eindoordeel. Die werklike uitvoering van die oordeel is egter nie aan ons getoon nie. Daaroor is as 't ware 'n sluier getrek. En dan open weer eers 'n nuwe reeks gesigte. En hier sal ons sien dat ons selfs verder terugkeer as tot by die hemelvaart van die Here Jesus, wat ons in hoofstuk 5 aanskou het. Nou gaan ons selfs terug tot by die geboorte van ons Heiland. En tog sien ons dan nie bloot 'n herhaling van wat ons tevore gesien het nie.

Nou volg hier 'n reeks gesigte wat die agtergrond van die voorgaande aan ons openbaar. Christus self en sy kerk word gesien teenoor die naakte werklikheid van die stryd teen die duiwel en sy trawante. In die gesig van die twee getuies gekleed in sak het ons as 't ware die buitekant van die stryd gesien – die stryd teen vlees en bloed, teen die vyandskap van die mense. Nou sien ons die stryd teen die duiwel en sy engele.

Teenoor die vrou, die mens, staan die vuurrooi draak. (3). Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug. Die vrou is die sinnebeeld van die Ou Testamentiese gestalte van die gemeente van die Here wat die Christus voortbring. Sy is swanger en roep in haar barensweë. En die draak staan voor haar om haar kind te verslind sodra Hy gebore word. En as Hy dan gebore is, word Hy weggeruk na God en sy troon. Dan vlug die vrou na die woestyn, om skuiling te soek teen die aanslae van die draak.

Dit is egter asof die draak die Kind agternasit na die hemel. Daar vind 'n veldslag plaas en die draak word neergewerp uit die hemel. Dan vervolg hy die vrou en haar kinders op die aarde. . .

Só verloop hierdie hoofstuk kortliks. Dit raak die kerk van die Here ten nouste – ook vir u en my. Ons gaan nou in besonderhede daarna kyk. Intussen moet ons in gedagte hou dat ons te doen het met magtige vyande. Die duiwel is wreed en meedoënloos. Aan die ander kant, hou die Here sy hand oor sy volk. Uiteindelik word die Bose volkome oorwin.

# 11 Junie: Die teken van die vrou

Luk. 1:26-38

*"En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre."* (Openb. 12:1)

Johannes sien 'n indrukwekkende en skitterende verskyning. Hy noem dit 'n *teken.* Dit wil sê dat die verskyning nie die werklikheid is nie, maar iets anders wil voorstel. Dit is 'n groot teken – oorweldigend en skitterend voor sy oë, maar ook die versinnebeelding van iets groots en heerlik. Die teken verskyn aan die hemel, maar daal neer na die aarde, want later word dieselfde vrou op die aarde gesien. Haar herkoms of oorsprong is hemels. Sy woon wel op die aarde, maar is 'n gawe of skepping van die Here in die hemel.

Ons sal sien dat sy swanger was en op die punt om geboorte te gee. Sommige verklaarders sien daarom in haar die moeder van Jesus, Maria. As ons egter let op haar latere wedervaringe, dan is dit duidelik dat ons nie hier met 'n bepaalde persoon te doen het nie. Nee, die beste verklaring is om in haar die verpersoonliking van die kerk van die eeue te sien. Sy is nie bloot die Nuwe Testamentiese kerk nie, maar selfs ook die kerk van die Ou Testament. Vanaf Adam en Eva loop die lyn van die kerk deur die hele menslike geskiedenis, tot met die wederkoms van die Here op die wolke. In die Ou Testamentiese tyd was die kerk die volk Israel en uit hulle het die Christus na die vlees voortgekom. (Rom. 9:5). Na die hemelvaart van Christus leef sy dan op aarde haar woestynlewe. (Vers 14).

Die vrou is bekleed met die son. Haar verskyning is so skitterend soos die son aan die hemel. Dit versinnebeeld haar hoogheid – sy is uit God gebore. Die maan onder haar voete is weer die simbool van haar heerskappy. Dit mag lyk asof die kerk op aarde nietig en onbelangrik is, maar in werklikheid regeer sy die wêreld deur die Woord en getuienis wat sy teenoor die mensdom uitdra. En agter haar staan die gesag van haar Here aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is.

En haar hare is omkrans met die oorwinningskroon wat bestaan uit twaalf sterre. Haar oorwinning is seker – al moes sy ook vir die draak vlug na die woestyn.

In die Heilige Skrif is die son en maan en sterre gestel om te heers oor die dag en die nag. Die hele wêreld lê altyd onder hulle heerskappy. Dit is die rykdom van die kerk van Jesus Christus. Ons is koningskinders, want wat is die kerk? Die heilige, algemene, Christelike kerk is die gemeente wat die Seun van God vir Hom tot die ewige lewe uitverkies het. Hy versamel hulle deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe. Hy beskerm en onderhou sy kerk. En van die kerk is ek 'n lewende lid. Geweldig!

Ons afkoms is van die Here. Ons is gebore uit die Heilige Gees. Ons leef in sy gemeenskap en ontvang van dag tot dag die skatte en gawes wat Hy vir ons verwerf het. En ons verwagting is die ewige heerlikheid, wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.

Verbly jou oor jou afkoms, kind van die Here!

# 12 Junie: Barensnood van die kerk

Jes. 7:1-14

". . . *en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood."* (Openb. 12:2)

Hierdie verwagtende vrou, weet ons nou al, is allereers die Ou Testamentiese kerk. Dit is net verbasend hoeveel die Here van die volk Israel verdra het. En ons kan selfs verder teruggaan as Israel of selfs Abraham. Dit begin in werklikheid al in die Paradys na die sondeval. Daar het die Here alreeds aan die slang gesê – en in werklikheid is hy dieselfde vuurrooi draak wat ons hier voor die vrou sien staan: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal Hom in die hakskeen byt." (Gen. 3:15).

Alreeds in Eva sien ons 'n beeld van die vrou wat verwag. Sy word nie alleen die moeder van alle mense nie, maar sy word in besonder die moeder van die betrokke Saad, waarvoor ons die draak nou hier sien staan en wag om Hom te gryp en te verslind! En kyk ons terug op die geskiedenis vanaf Eva tot by Maria, die moeder van Jesus Christus, die Saad van die vrou, ondervind die verwagtende kerk haar barensweë. Die Here het immers in die Paradys sy oorlogverklaring teen die slang gedoen: ". . . Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou . . ." En die draak het die uitdaging aanvaar. Die kerk van die Ou Verbond het terdeë ondervind dat hulle 'n vyand het in die duiwel. Hy het male sonder tal probeer om die moeder te vermoor, om die geboorte van die Kind te verhoed.

In Egipte het hy Farao gebruik in sy wrede verdrukking van Israel en sy moorddadige aanslag op die seuntjies wat gebore word. Dit is asof die Bose toe al probeer het om die betrokke verwagte Saad, wat sy kop sou vermorsel, by sy geboorte om die lewe te bring. Só was dit weer met die Babiloniese ballingskap. Die tien stamme of noordelike koninkryk, Israel, is alreeds weggevoer deur die Assiriërs, en het geheel verdwyn onder die nasies. Nou is ook die oorblywende Juda weg uit hulle land en hulle tempel is verwoes. Só erg was dit dat die volk gekerm het: "Die HERE het my verlaat, en die Here het my vergeet!" (Jes. 49:14).

Só het sy, die verwagtende kerk van die Here, uitgeroep in haar weë en barensnood. Gelukkig het haar Man, die Here self, getrou gebly, hoewel sy dikwels ontrou was. "Daarom kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek. En in die dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My Man . . ." (Hos. 2:13, 15). En sy het geleef, geval en opgestaan en voortgestruikel, met die belofte in haar skoot. "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy Naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID." (Jes. 23:5, 6).

Die belofte aan Eva word ook die belofte aan 'n vrou: "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n Seun baar en Hom Immanuel noem". (Jes. 7:14). Daarom is die bestaan en voortbestaan van die Joodse volk 'n wonder. Wat menslik onmoontlik sou wees, het hulle reggekry. Die klein volkie het geleef uit die belofte en na die belofte toe. Sy was die verwagtende moeder van die Christus. Helaas, die grootste deel van die volk het Hom nie herken, toe Hy gekom het nie! Die oorblyfsel, die ware Israel, is egter wel behou. "Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie." (Rom. 6). Dit verklaar Paulus met die oog daarop dat die grootste deel van sy eie volk die Here verwerp het.

# 13 Junie: Die vuurrooi draak

Gen. 3:14-24

*"En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone, en sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi."* (Openb. 12:3, 4)

Weer verskyn daar 'n teken aan die hemel. Johannes sien iets wat meer en meer sigbaar word. Moontlik is ook die teken aan die hemel of lugruim, om teenoor die vrou stelling te kan inneem, want ook sy het in die hemel verskyn. Dit is 'n skrikwekkende teken: 'n groot vuurrooi draak met sewe gekroonde koppe en tien horings. Hier word simbolies voorgestel wat ons later in vers 9 lees. Die groot draak is die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei. Dit is presies wat ons hier afgebeeld sien.

Die Satan is 'n magtige vors. Hy beskik oor 'n duistere mag van volgeling. 'n Derde van die sterre, of engele, volg hom. Ons het hulle in hoofstuk 9 gesien toe hulle as 'n donker rookwolk uit die put van die afgrond borrel en selfs die son verduister. Hy het geen gebrek aan mannekrag en wapens nie. Hy verpes die lug en verduister die lig van die waarheid en doen dit só slu en geraffineerd dat die hele mensdom verwonderd agter hom aangaan.

Sy sewe koppe en tien horings, albei volmaakte getalle, simboliseer sy algehele heerskappy op aarde. Hy is volledig baas in die wêreld. Daarom kon hy selfs die Middelaar, ons Here Jesus Christus, op 'n hoë berg neem en aan Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid toon en sê: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid." Die Here Jesus noem hom self die owerste van hierdie wêreld (Joh. 12:31). Daarom dra hy ook sewe krone – die teken van koninklike hoogheid en regeermag.

Satan is die owerste van hierdie wêreld (Joh. 12:31), omdat hy die heerserskroon van die mens afgeneem het. Toe God die mens geskape het na sy beeld en sy gelykenis, het Hy vir hom gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, *onderwerp dit* en *heers* oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Gen. 1:28). Daaraan word dan toegevoeg dat Hy die mens in die Paradys plaas om dit "te bewerk en te bewaak". (Gen. 2:15). En dan bewys die mens dat hy koning oor die skepping is deur aan al die diere name te gee. (Gen. 2:19, 20).

In beginsel handhaaf die Here die verantwoordelikheid van die mens. Hy onderwerp die aarde en heers oor alle skepsele. Hy gaan voort met sy kultuuropdrag om die aarde te bewerk. Sien ons nie duidelik in ons tyd wat die mens al met hierdie opdrag gemaak het nie? Ons lewe in 'n tyd van tegniese en kulturele hoogvlugte as gevolg van die menslike vermoëns. Uit alles wat ons vandag sien en belewe, kan ons duidelik sien, ondanks die sondeval, dat die mens geskape is om 'n koning te wees.

En tog het die mens, die koning van die skepping, die slaaf van die duiwel geword. Al die goeie gawes van God word misbruik en aangewend, nie om aan God die eer te gee nie, maar die Bose. Hy oefen die mag op aarde uit en oes die eer in. Al wat mooi en goed en edel is, word omgeskakel tot wat lelik en sleg en verfoeilik is. Die verstand van die grootste denkers staan tot beskikking van die Satan. Dit is opmerklik dat die eerste kultuurbouers – Jabal, die vader van die tentbewoners; Jubal, die vader van die siter- en fluitspelers; Tubal-Kain, die smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het, nakomelinge van die moordenaar Kain was. Satan regeer oor die wêreld deur sy slaaf – die mens, wat 'n koning moes wees en vandag die magtelose karikatuur daarvan geword het.

# 14 Junie: Draak wil die kind verslind

Matt. 2:13-18

*"En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het."* (Openb. 12:4)

Johannes sien hoe die draak stelling inneem voor die vrou. 'n Vrou is normaalweg 'n weerlose wese. Sy het die beskerming van die man nodig. Daarom lyk hierdie stryd só ontsettend ongelyk – 'n weerlose vrou teenoor 'n vuurrooi draak met sewe gekroonde koppe en tien horings. 'n Mens sien as 't ware hoe hy sy lippe aflek en hom by voorbaat daarin verlekker om die vrou se kind te verslind. Sy sou haar kind in elk geval nie kon beskerm nie. Weet ons nie dat die kerk op aarde 'n ongelyke stryd te stry het nie! Die kerk is dikwels soos die onskuldige vroue en kinders wat deur die versteekte tydbomme en wrede brandbomme van terroriste om die lewe gebring word. Onverwags en berekend en wreed is die aanslae van die Bose. Hy ken geen deernis of genade nie.

Vir die draak gaan dit nou nie om die vrou nie. Eintlik was dit maar só sedert die sondeval. Hy word verteer deur één brandende helse begeerte, en dit is om God na die kroon te steek. Hy wil God aantas, sy Naam verneder en belaster, en Hom uitskel en tot skande en neerlaag bring. Maar hy kan die almagtige God nie bykom nie.

Hierdie vrou se tyd het gekom. Sy gaan geboorte gee. Dit is vir die draak die kans van sy lewe. Daarom staan hy afwagtend voor die vrou. Sien nou maar in die vrou die gestalte van Maria, die jong meisie van Nasaret. Die dinge word nou konkreet. Die verwagtende kerk gaan nou geboorte gee. En Maria is die instrument wat die Here gebruik. Sy is die begenadigde vrou wat die groot voorreg smaak. Moontlik het sy self nie eens 'n besef gehad van die beroering onder die geeste in die lug, na die aankondiging van die engel Gabriël nie: "Jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." (Luk. 1:31, 35).

Die spioene van die duiwel was ook daar. Hulle het ook gehoor wat die engel Gabriël aan Maria sê. Satan sou spoedig deur sy inligtingsnetwerk verneem wat hier in Nasaret aan die gang is. En hy weet: nou of nooit! Hy kon God, wat woon in die ontoeganklike lig, nie bykom nie. Nou is sy kans. God word vlees. Hy neem die menslike natuur aan. Hy tree nou die gevegsterrein, wat Satan goed ken, binne. Sy slagveld lê op die terrein van die mense. Mense is sy instrumente en wanneer God as 'n Kindjie gebore word en die menslike natuur aanneem, is Hy wondbaar en verslindbaar.

God het lankal gesê dat die Saad van die vrou, die kop van die slang sou vermorsel. Satan kon dit nie, met alle middele tot sy beskikking, verhoed nie. Maar nou is die kans van sy lewe daar! Daarom neem hy stelling in voor die vrou. Die Kind mag nie lewe nie.

Sy instrumente word opgestel. Keiser Augustus in Rome is reg. Ook Herodes, die Grote, sluwe ou moordenaar van sy eie vroue en kinders, sit handig en strategies op die regte plek in Jerusalem op die troon. Satan het al die troewe in sy hand.

Daar is afwagting in die hemel. Die engele maak hulle gereed om hulle lied te gaan sing op die velde van Efrata.

Daar is ook angstige afwagting in die hel. Boodskappe snel deur die lug om elke moontlike versterking saam te trek vir die groot geleentheid. Na Bethlehem! Dit is die bevel in die ryk van die duisternis.

# 15 Junie: Die kind weggeruk na God en Sy troon

Luk. 24:36-53

*"En sy het* 'n *manlike Kind gebaar, wat al die nasies met 'n yster-septer sou regeer; en haar Kind is weggeruk na God en sy troon."* (Openb. 12:5)

Hier word aan ons 'n vlugtige oorsig gegee van Christus se geboorte, sy hemelvaart en sy regering vanuit die hemel. Satan kon die geboorte van Christus nie verhinder nie. Met al sy pogings kon hy dit nie regkry nie. Maria, uit die geslag van Dawid, die dogter van Eva, gee geboorte aan haar manlike Kind. Herodes se opset om die wyse manne uit die Ooste as boodskappers te gebruik om die Kindjie om die lewe te bring, slaag nie. Selfs sy kindermoord is te laat – Josef en Maria en die Kindjie was toe veilig in Egipte. Satan se aanslae op Christus self misluk ook. Die versoeking in die woestyn, weerstaan Hy. So ook die struikelblokke op sy pad na die kruis; dit hou Hom nie daar weg nie. Eindelik hoor ook Satan met siddering: "Dit is volbring!" uit die mond van die Lam van God. Ook die verseëlde graf is nie teen Hom bestand nie. Op die derde dag staan Hy op.

"En haar Kind is weggeruk na God en sy troon." Veertig dae na sy opstanding vaar Hy op na die hemel. En daar neem Hy plaas aan die regterhand van God op sy troon. Hy ontvang die boek van God se raadsbesluit en Hy breek die seëls een na die ander oop. En die nasies ondervind dat Hy regeer met 'n ystersepter.

Alle nasies is onder sy heerskappy. "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot." (Ps. 2:8, 9). Só gaan die Woord van God in vervulling.

Johannes sien, asof in 'n voëlvlug, die gebeure van Jesus se geboorte, sy stryd met die duiwel, sy oorwinning oor Hom, sy hemelvaart en sy regering oor die volke van die wêreld vanuit die hemel. Die weerlose vrou, met haar skynbaar hulpelose Kindjie, is op 'n geheimsinnige wyse beskerm. Die vuurrooi draak met sy grypende kloue en dreigende draketande, belewe hoe die manlike Kind weggeruk word na God en sy troon. Hy sien met ontsetting hoe die hemel van die hemele Hom ontvang. Hy hoor die huldeliedere in die hemel: "Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge: en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende ... En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is en wat op die see is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid." (Openb. 5:11-13).

Dit is die oorwinning van ons Here Jesus Christus. Dit is die nederlaag van die draak, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei.

En dit is ons krag en troos. Die vuurrooi draak wys nog sy tande in die wêreld. Hy tree op in allerlei gedaantes. Soms verskeur hy letterlik soos alleen 'n draak kan verskeur. Hy gebruik mense en, mense met duiwelse harte, verrig duiwelse dade. Dit beleef ons in die onmenslike wreedheid wat mense op aarde kan verrig. Dink aan die kommunisme se geraffineerde wreedheid in hulle helkampe en martelhole. En soms verskyn dieselfde slang in die gedaante van 'n engel van die lig en verlei ons met skynbare liefde en verdraagsaamheid tot wêreld-gelykvormigheid.

Waarlik ons sou nooit behoue kon bly, indien onse Here ons nie beskerm teen die draketande nie! Skuil by Hom en vlug vir die Bose.

# 16 Junie: Vrou se woestynlewe

Hebr. 4: 1-11

*"En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereedgemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-twee-honderd-en-sestig dae lank."* (Openb. 12:6)

Christus het opgevaar na die hemel. Die vrou is die simboliese voorstelling van die kerk van alle eeue. Nou vertoon sy haar Nuwe Testamentiese gestalte. Vanaf Pinkster brei die kerk uit na alle nasies en bly nie meer beperk tot die grense van die volk Israel nie. Die geskiedenis van Israel was egter ook 'n af beelding van wat met die kerk van die nuwe Bedeling plaasvind. Israel het vir veertig jaar in die woestyn rondgeswerf na die uittog uit Egipte. Dit is 'n tipiese voorbeeld van die toestand waaronder die kerk na Pinkster leef – hulle reis deur die woestyn na die beloofde land van die ewige heerlikheid. (Hebr. 4:1-13; 1 Kor. 10:1-13).

Die woestyn is onherbergsaam en daarom die beeld van ontberinge en stryd. Die vrou is voortdurend in gevaar en moet vlug vir Satan en die hel. Op aarde loer die gevare na liggaam en siel om elke hoek en ons staan in 'n stryd ten bloede toe teen ons doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie sondige harte. Die mense wat op aarde daaroor roem dat hulle verlos is van alle sondige neigings en bo die moontlikheid, om verlei te word en in sonde te val, uitgestyg het, mislei hulleself en hul medemens. Hulle sondebesef is oppervlakkig en hulle vertoon meer en meer die gestalte van die eiegeregtige Fariseër. Daarom kan hulle ook só skerp en donderend hulle oordele uitstort oor die sukkelende en worstelende kerk in die woestyn.

Dit word *die* woestyn genoem, omdat hiermee die één groot woestyn van hierdie aardse lewe bedoel word. Dit lê op die pad van elke gelowige en dit is ook die gebied waardeur die kerk van die eeue moet trek na haar eindbestemming – die hemelse Kanaän. Dit duur die volle 1 260 dae, of drie-en-'n-half jaar. Dit is presies dieselfde tydperk waarin die kerk se profete as twee getuies gekleed in sak in die wêreld optree. (Openb. 11:3). Dit is die periode tussen hemelvaart en wederkoms. [bl. 186] Mense droom dikwels van 'n vrederyk op aarde. Marxiste en Neo-Marxiste droom daarvan en span alle kragte in om dit te bereik. Chiliaste sien droombeelde van die ryk waarop die Jode in die tyd van die Here Jesus ook gehoop het – die vrederyk op aarde waarin die draak se tande uitgetrek is en die kerk die woestyn sal verlaat en saam met Christus vir 1 000 jaar vrede en vreugde sal geniet.

Hier sien ons egter 'n ander voorstelling van die bestaan van die kerk op aarde – dit beteken 'n barre en moeisame woestynlewe. En tog sien ons daarin ook die vrederyk. Luister: "En die vrou het na die woestyn gevlug waar *sy 'n plek het wat deur God gereedgemaak is."* Dit is wél 'n woestyn, met al die ontberinge en nood wat dit inhou, en tog is dit ook 'n vrederyk wat God vir sy kerk reggemaak het. Eintlik wil Johannes hier sê dat God vir die kerk haar plek op aarde toeberei deur andere. Mense en omstandighede word deur Hom gebruik om te dien tot beskerming en bewaring van sy bruidskerk.

En só word die kerk op aarde onderhou vir al die 1 260 dae, soos die profeet Elia deur die kraaie onderhou is. Elke dag beskik die Here dat sy beskerm en versorg word. En sy loop haar moeisame pad af – innerlik omgord met krag uit die hoogte en besiel met die vrede van God, want voor wink die ewige môre. Kyk gerus terug op die woestynreis van die kerk as geheel en verwonder u daaroor dat onse Here só goed is. Kyk ook terug op u eie woestyn-tog en buig in dankbaarheid voor Hom wat altyd bewaar en gesorg het. En stap met nuwe moed die toekoms in, ook vorentoe berei die Here u plek en u pad.

# 17 Junie: Oorlog in die Hemel

Matt. 12:22-32

*"En daar het oorlog in die hemel gekom: Michaél en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie."* (Openb. 12:7, 8)

Een ding is duidelik: die draak het 'n vegtersinstink soos min. Hy veg vir elke duim op aarde en bestorm selfs die hemel. Dit word hier voorgestel asof die draak Christus agtervolg met sy hemelvaart. Hy wou Hom selfs van die hemelse troon afruk. *In die hemel* beteken hier egter nie dat die duiwel die hemelse heerlikheid self kon binnedring nie. Ons het derhalwe as 't ware hier 'n luggeveg aan die poorte van die hemel. En wat 'n geveg van die geeste! Die duiwel monster sy ontelbare mede-duiwels en ruk op in gelid om die hemel te bestorm. Vroeër is hy wel toegelaat in die hemel. So lees ons in Job 2:1 dat hy saam met die engele voor die HERE in die hemel verskyn, om Job aan te kla, of verdag te maak. Ook in Sag. 3:1 sien die profeet hom aan die regterhand van God staan, met die doel om Josua die hoëpriester van Israel, wat voor die troon van God in die hemel staan, aan te kla. En nou wend hy 'n wanhopige poging aan om die plek te behou of te herower, nadat Christus, die Seun van die mens, as oorwinnaar daar aangekom het.

Die engele trek uit hom tegemoet, onder aanvoering van die aartsengel, Michaél. Van hierdie Michaél lees ons ook in Dan. 12:1 en Judas 9. Hy beklee 'n hoë en heerlike posisie onder die engele. Sy naam beteken dan ook: "Wie is soos God?" Tot twee keer word die uitdrukking "oorlog voer" herhaal. Dit moes 'n vreeslike geveg van engele teen duiwels, aan die poorte van die hemel gewees het. Dat die Satan selfs dit probeer, is die bewys van sy vreeslike waaghalsigheid en mag. In ons tyd word hy doodgeswyg of oor gelag, en dit is vir Hom sy grootste triomf op aarde. Daarom leef ons in 'n tyd waarin die rookwolke uit die put van die afgrond die son verduister en die lug só besoedel dat 'n mens skaars kan asemhaal. (Openb. 9).

Sy aanslag teen Christus in die hemel is egter afgeweer. "Die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie." Die hemel is skoongemaak. Vroeër kon hy nog daar verskyn om God se kinders aan te kla. En hy kon hom beroep op God se geregtigheid en hy kon wys op Job se gebreke en Josua, die hoëpriester, se vuil klere. (Job. 2 en Sag. 3). Honend sou hy kon sê: U is 'n regverdige Regter! Kyk na die vuile sondaar wat U in die hemel toelaat en op die aarde verdra! Doen reg en geregtigheid! Maar nou is die tyd verby . . . Waarom?

Nou het daar 'n mens in die hemel aangekom – die mens Jesus van Nasaret en Hy is onbevlek en rein. Hy kom nie daar aan met vuil klere, soos die eertydse hoëpriester van Israel nie. Hy is die heilige Kind van God. Teen Hom kan die duiwel niks meer inbring nie. Maar dit is nie al nie. Hy het in die hemel aangekom as die Lam wat geslag is. (Openb. 5). Hy is geslag as soenoffer vir die ganse volk van God. Daar by die troon van God is nie maar één regverdige mens nie, maar in Hom is almal, wat in Hom glo, onskuldig – só onskuldig asof hulle nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Ook daarom het die duiwel geen plek meer in die hemel nie . . .

En op aarde? Ja, hier maak hy dit moeilik vir die kinders van God. Hy kla ons aan en hy maak ons bang en hy wys op ons onreinhede – ons vuil klere. Maar gelukkig kan ons hom wys op die bloed van die Lam. *Hy het geen saak meer teen ons nie.*

# 18 Junie: Die draak is neergewerp

Openb. 12:7-12

*"En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp."* (Openb. 12:9)

Die draak is neergewerp. Tot drie keer word dit herhaal. En in die oorspronklike taal word die woord *neergewerp* só geplaas dat die nadruk daarop val. Eintlik staan hier: *neergewerp* is die draak ... Vir die hemelbewoners is dit iets groots. Dit is om oor verblyd te wees. Sy plek is in die hemel nie meer te vinde nie. Kom 'n gelowige tot sterwe, kan hy sê: "Een ding weet ek – hier bly die Satan agter!" Ja, dit is waar, want hy is neergewerp uit die hemel. Wat 'n vooruitsig vir die sterwende gelowige, wat op aarde sy helse aanvegtinge geken het!

En dan word duidelik gesê wie die draak is. Hy is in die eerste plek die vuurrooi draak. Daarom word hy ook elders beskryf as 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind. (1 Petr. 5:8). Hy is skrikaanjaend en gevaarlik – daarom, wees nugter en waaksaam!

Hy is egter ook die *ou slang,* wat vir Eva op sy listige manier in die Paradys verlei het. Slu is sy gange deur struik en gewas en hy is altyd so gevaarlik soos die blitsende dood van die mamba. Gee ag op jou gange deur die lewe – die slang peul onverwags uit sy verborge skuilplek en pik na jou hart om sy dodelike gif in jou lewensbloed te bring. Hy is die vader van die leuen, wat nie bloos wanneer hy onbeskaamd lieg om jou in sy mag te kry nie.

Hy word ook genoem *duiwel* – in Grieks is die naam *diabolos.* Dit is nie alleen die nááam van die draak nie, maar hy is ook diabolies in sy wese. Hy is die *beskuldiger* by uitnemendheid – gewoonlik die valse beskuldiger. Dit kwel hom nie, solank hy maar jou siel kan treiter met gewetenswroeging en beskuldigings van jou medemens. Hoe meer jy neergedruk word deur die beskuldigings, hoe lekkerder vir hom. Veral nou dat hy nie meer in die hemel kan verskyn met sy beskuldigings nie.

Maar daarmee is sy name selfs nog nie uitgeput nie. Hy is ook die Satan – hy is die *teëstander* van die Here en sy volk. Al sy eienskappe en liste kom daarby te pas. Juis omdat hy die teëstander van God is, is hy ook ons s'n. Hy kan God nie bykom nie, daarom staan hy ons teë. Kyk maar mooi na u lewe. U wil graag die goeie doen, maar daar is só oneindig baie struikelblokke – u werk en u huisgesin en u boerdery. Dit staan in u pad en verhinder u om te doen wat u moet doen. Wanneer dit tyd vir huisgodsdiens is, is hy baie bedrywig en daar gebeur 'n kleinigheid, waaraan u u anders nie sou steur nie, maar nou is dit só belangrik dat u vergeet om boeke te vat. U sou byvoorbeeld normaalweg vir u kuiermense sê: "Verskoon my, ek gaan werk toe." of selfs: "ek gaan gou iets in die kafee koop." Maar as dit kerktyd of boeke vat tyd is, steek die verskoning soos 'n knop in u keel vas. Ek kan tog nie onbeleefd wees nie. Hoef ek nog meer te sê? Hy volg u op u gange, of altans sy miljoene engele en hy wil verhinder dat u die eer gee aan u hemelse Vader. Onthou, hy sal ook lewensgroot voor u staan op u sterfbed. Of hy dan 'n saak het, hang net daarvan af of u betyds skuiling gesoek het agter die bloed van die Lam.

Sy bose begeerte is immers om die hele wêreld te verlei – ook vir jou en vir my. "Onse Vader . . . verlos ons van die Bose en lei ons nie in versoeking nie."

# 19 Junie: Oorwinningsjubel in die Hemel

Ef. 6:10-20

*"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aankla voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."* (Openb. 12:10, 11)

Johannes hoor 'n groot stem in die hemel. Wie is nou aan die woord? Dit lyk vir my asof ons hier moet dink aan die gesaligde gelowiges in die hemel. Afgesien van die 24 ouderlinge het lank voor Christus se hemelvaart alreeds gelowiges in die hemel aangekom. Abraham, Isak en Jakob is daar; en Dawid en al die profete; Moses en Elia gewis ook, want hulle het alreeds op aarde verskyn aan die Here Jesus op die berg van verheerliking. (Matt. 17). Nie alleen die engele sou hulle verheug oor die neerwerping van die Satan nie, maar ook die gesaligdes. Nou het daar in beginsel 'n groot verandering ingetree.

Die heil en die krag en die koningskap van God is nou duidelik die eiendom van die Here. Selfs die duiwel moet dit erken. Hy het geen toegang tot die hemel meer, om die arme strydende en struikelende gelowiges op aarde aan te kla nie. Eers verlei hy hulle tot sonde en dan beskuldig hy hulle weer by God oor dieselfde sonde. God is regverdig en Hy móét die sonde straf. Nou is die grond van aanklag hom ontneem, want die Lam wat geslag is, het in die hemel aangekom. Daarom is ook die mag van Christus, die Middelaar, ten volle geopenbaar. Hy het die duiwel geheel oorwin.

En dan gaan die oog van die triomferende kerk, die gelowiges in die hemel, as 't ware terug na die aardse stryd en hoe hulle "broeders' op aarde ook die Satan oorwin. Maar kan dit moontlik wees? Slaan die duiwel dan nie sy slag keer op keer nie? Dink daaraan hoe hy selfs vir Simon Petrus, die leier onder die apostels van Jesus, verlei het om sy Here tot drie maal toe smadelik te verloën. En tog is dit waar. Luister maar . ..

"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. Wie sê dat daar nie so iets as die volharding van die heiliges bestaan nie? Ons moet alleen maar ons verdedigingsskild ken en ons aanvalswapens reg hanteer – dan vlug ook die duiwel druipstert van ons af weg.

Hoe verdedig 'n sondaarmens jou teen die aanklaer? Jy wys hom en die wêreld en die stem van jou gewete op die bloed van die Lam. Moenie jou eie gemoed of jou eie heiligheid of vroomheid of werke, jou verdedigingskans maak nie! Dan verloor jy verseker. Die Satan slaan dit met sy pinkie plat. Nee, vlug na die veilige skans van Jesus se bloed. Daar alleen is jy veilig, want deur sy bloed het Hy die duiwel oorwin en in sy bloed alleen is al jou skulde voor God bedek. Dan het die duiwel geen vat op jou nie.

Maar het ons enige aanvalswapens? Ja, en dit is magtiger as enige aardse wapen. Dit vermag dinge waartoe kernbomme en dinamietladings nie in staat is nie. Dit is die woord van jou en my getuienis – die evangelie van Jesus Christus. Dit, sê Paulus, is 'n *krag van God tot* redding vir elkeen wat glo. (Rom. 1:16). En die Griekse woord wat Paulus daar vir *krag* gebruik, is die woord wat ons *dinamiet* noem. Waarlik as ons tog maar weet wat ons besit, dan sou ons baie minder ly onder die aanslae van die Bose!

Bly in Christus en gebruik sy Woord en u is veilig.

# 20 Junie: Verheug jou, Hemel! Wee jou, Aarde!

1 Petr. 5:1-9

*"Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."* (Openb. 12:12)

Wat 'n kontras spreek uit ons teks! Dit lyk asof die oorwinning van die Bose alleen vir die hemel en sy bewoners geld. Die aarde en aardbewoners sal van die duiwel nog erger nood en aanvalle en verleiding ondervind. Hierdie uitspraak is klaarblyklik 'n baie sterk argument vir die chiliaste dat die Satan sedert Pinkster letterlik op die aarde los is en eers in die toekoms vir duisend jaar gebind sou wees. Dit is tog duidelik dat die neerwerping van Satan uit die hemel plaasgevind het, toe Christus met sy hemelvaart in die hemel aangekom het. Daarom beleef die aarde sedertdien die toestand wat hier beskryf word – 'n woedende en losgelate duiwel wat weet dat hy min tyd het en daarom al sy drifte laat botvier.

En tog sien ons self hier in vers 14-16 hoe die duiwel wat die vrou of gemeente betref, aan bande gelê is. Hy kon haar in die woestyn nie bykom nie. Ons kan dit ook maar stel in terme van Openb. 20, waar ons lees van sy binding vir duisend jaar. Hy is gebind om die nasies nie te verlei om die vrou, die kerk, van die aarde uit te wis nie. Dwarsdeur die eeue is sy hele bose begeerte om Christus se kerk uit te roei, maar in die opsig kon hy nie slaag nie, omdat hy gebind is.

Dit is die wonderlike van die Woord van God. Ds. J. Overduin het eenkeer die uitdrukking gebruik: "Die Bybel is verruklik eensydig." Wanneer hy 'n saak wil benadruk stel hy dit voor in absolute terme. Aan die één kant benadruk die Bybel bv. die uitverkiesing absoluut. Wanneer hy dit behandel, word dit in absolute terme gestel. God is barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. (Rom. 9:18). Wanneer die Bybel weer handel oor die verantwoordelikheid van die mens om in die Woord van God te glo, stel Hy dit net só nadruklik: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." (Hand. 16:31). Daarom moet ons die Bybel in sy geheel lees en uitsprake met mekaar vergelyk. Dan eers kry ons balans en kan ons die bedoeling van die Woord na beide kante beoordeel.

Só is dit ook met die binding en loslating van die duiwel. Hy het vir goed die nederlaag gely. Hy is uit die hemel gewerp. Hy het ook werklik na die aarde neergedaal. Selfs hulle wat die 1 000 jaar van sg. vrede in sy mees absolute sin verstaan, moet toegee dat Satan se groot woede deur sy binding niks getemper is nie. Hy sou baie graag sy woede wou laat botvier, maar hy kan dit nie onbeperk doen nie.

Twee dinge is, volgens ons teks, wel vir die Satan duidelik. Hy is beperk tot die aarde en die aardbewoners. Dit is die enigste plek in die skepping van God waar hy nog kan optree. En verder weet hy dat sy oordeel in die helse vuur onafwendbaar is. Sy tyd is kort. Weldra is die kans om nog iets te doen, verby. Dan mag en kan hy nêrens meer vry beweeg nie. Skrik en woede oor dit wat vir hom wag, prikkel hom om des te meer te verniel en aan te val. Dit dryf hom tot die uiterste van sy sataniese boosheid en geweldigheid.

Niemand mag dit waag om hom lig te skat nie. Bly weg van hom en sy operasionele gebied! Sy begeerte is ook na u en my.

# 21 Junie: Die vrou vlieg na haar plek

Openb. 2:12-17

*"En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word,* 'n *tyd en tye en 'n halwe tyd."* (Openb. 12:13, 14)

Die draak is neergewerp. Hy is volkome verslaan, maar hy is nog nie in die poel van vuur gegooi nie. Hy is egter op die aarde met sy groot en magtelose woede. Dan bestorm hy die vrou wat aan die kindjie geboorte gegee het. Só koel hy ook sy haat teen God en Christus af. Ons weet nou al dat die vrou die kerk van die Here is. 'n Vrou bly maar 'n weerlose beeld om die kerk te teken. En ook 'n ware beeld – die kerk mag nie krag en geweld gebruik om haarself te verdedig of andere aan te val nie. Die kerk kan in haar nood maar net vlug – dit is al.

Dadelik na Pinkster is die draak by. Petrus en Johannes is kort na mekaar twee keer in die gevangenis. Stefanus sterf sommer baie gou as martelaar. En dan breek ook 'n algemene vervolging teen die gemeente in Jerusalem uit. En dan vlug die gemeente – hulle versprei tot sover as Antiochië in Sirië. Hierdie vlug beteken egter geen triomf vir die Bose nie, want sover hulle gaan verkondig hulle die evangelie en maak dissipels vir Jesus.

Só ontvang die vrou die twee vlerke van die arend en sy vlieg na haar plek in die woestyn. Verklaarders doen moeite om uit te maak wat die twee vlerke voorstel. Vir my is dit geen probleem nie. 'n Arend het twee vlerke nodig om te vlieg, en die Here gee aan sy kerk alle middele wat nodig is om te kan vlug. Só het die vrou soms één en soms honderd vlerke – altyd voldoende om te kom waar sy moet wees. Die Here voorsien. Ek dink dat ons nie meer as dit hoef af lei van die twee vlerke nie.

En dan vlug sy na haar plek toe. Die Here het vir haar 'n plek berei in die woestyn. Daar word sy gevoed of onderhou. Die kerk se plek is altyd by die Here. "Bly in My, soos Ek in julle," sê ons Here Jesus. (Joh. 15:4). En tog is die plek van die kerk op aarde in die woestyn. Sy mag nie soek na die eer en skatte en gebruik maak van die middele en metodes van die wêreld nie. Dan kom sy uit die woestyn uit en stel haar bloot aan die mag van die duiwel. Die kerk se toevlug en haar wapens is die Woord en die Heilige Gees – dit is al. (As die arend twee vlerke moet hê, lyk dit vir my asof die Woord en Gees daarvoor kwalifiseer). Leef ons as kerk volgens die Woord van God en bewaar ons die Woord in ons belydenis in die wêreld, dan openbaar ons ons woestyngestalte. Dan is die kerk op sy plek, maar dan is sy ook veilig onder die troue sorg en bewaring van die Heilige Gees. Daar is sy "buite die gesig van die slang" – hy kan haar nie bykom nie. Die doel van die duiwel is juis om die kerk en wêreld te amalgameer.

Daar word sy onderhou vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd. Weer het ons drie-en-'n-half jaar, wat ook die 42 maande of 1 260 dae van elders is, en die hele nuwe Bedeling voorstel. [bl. 186] Vanaf sy hemelvaart tot met sy wederkoms bewaar die Here Jesus sy kerk in die woestyn. Ons moet alleen maar sorg dat ons op ons plek bly. Ons kan maklik wêreldgelykvormig word – en dan verslind die draak ons baie gou. "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matt. 28:20)

Ons kan gerus maar die tyd, tye en 'n halwe tyd, sien in verband met die duisend jaar waarin die Satan gebind is, volgens hoofstuk 20. Die Satan is gebind, sodat hy die nasies nie kon verlei nie en, toe hy losgelaat word, verlei hy die nasies vir die oorlog teen die geliefde stad of gemeente. Dit sien op die tyd van die groot verdrukking aan die einde. Dan is hierdie tyd, tye en 'n halwe tyd ook verby. (Later meer hieroor).

# 22 Junie: Die rivier uit die bek van die slang

Joh. 15: 18-27

*"En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier."* (Openb. 12:15)

In sy magtelose woede sien die draak hoe die vrou wegvlug en buite sy bereik bly. Dan spuit daar 'n stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan, om haar weg te spoel. Waar die ou slang nie self die kerk kan bykom nie, gebruik hy ander dinge om haar ondergang te bewerk. Kan ons vasstel wat hierdie rivier sinnebeeldig voorstel?

Ek dink dat ons gerus maar kan aansluit by die gedagte dat die aardse lewe 'n stroom is. Ons praat self van die stroom van die lewe. Die waterstroom uit die bek van die draak versinnebeeld die aardse lewe. Dit is insiggewend om te let op wat die Here Jesus sien as beletsels vir die groei van die saad van die Woord in die hart van 'n mens, in die gelykenis van die saaier. As daar verdrukking of vervolging kom, ter wille van die Woord, struikel mense. By andere weer verstik die Woord deur die sorge van die wêreld en die verleiding van die rykdom. Dit is bepaalde aspekte van die lewensstroom.

Elke mens kom in een of ander opsig te lande in die stroom. Ons het te doen met die stroom van die arbeid waarin jy soos 'n rat in 'n masjien ingepas word, en jy kom nie daaruit los nie. En die masjien rol maar voort – dag vir dag en week na week, en jy beweeg saam met die masjien. Jy kan nie daar uitkom soos jy wil of wanneer jy wil nie. Die onverbiddelike fabrieks- of kantoorure is jou baas – jy is nou eenmaal in die stroom. By die stroom van die arbeid kan ons voeg die stroom van plesier en sport en ontspanning. Só gaan die lewenstroom selfs deur ons huise saam met die radio en televisie. Jou lewe word so in beslag geneem dat jy jou op elke gebied moet aanpas by die stroom.

'n Mens kan so vervul word van die aardse lewe dat, jou hart en sinne so verstik, dat jy geen oog en oor meer het vir die Here en sy diens nie. Is dit nie die algemene beswaar wat die Here en sy diensknegte hoor nie? Ek sou graag wou help, maar ek het nie tyd nie. Ek kan die eredienste Sondae nie bywoon nie, omdat ek werk. Sommige mense gaan natuurlik Sondag na Sondag kuier of visvang of êrens in die veld deurbring. Ds. H. Veldkamp sien selfs die ewigdurende geraas van radio en televisie as die tipe van die mens van ons tyd. Ons het bang geword vir die stilte – veral die stilte van binnekamer. Ons wil altyd die beweging van die stroom van die lewe sien en sy gedruis hoor om tog net die angs van die eensaamheid en die stilte te ontvlug.

En leef ons dan nie in 'n tyd waarin die lewe bruis en die mensdom vinnig beweeg nie? Mense bly aan die gang totdat hulle neerslaan aan 'n hart- of beroerte-aanval, sonder dat hulle ooit die geleentheid gehad het om na te dink oor hulle bestaan en vooruitsigte wat die wesenlike sy van die lewe betref. As gevolg van die golwende stroom uit die bek van die draak ly selfs kerkmense aan sielemaerte.

Wanneer 'n mens in 'n stroom beland, het jy geen vaste grond onder jou voete nie. Dit gaan lekker stroomaf – dit is immers die weg van die minste weerstand. Doen maar wat almal doen! Gelukkig is daar nog diegene wat weet dat hulle aan die Here behoort en daarom anders moet wees as die stroom in die wêreld. Hulle doen nie alles wat almal doen nie, omdat hulle die Here liefhet.

# 23 Junie: Die aarde kom die vrou te hulp

1 Sam. 23:19-28

*"En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het."* (Openb. 12:16)

Nie alleen die ou slang, die duiwel en die Satan, wat die mense verlei, het sy hulpmiddels of instrumente op die aarde nie. Die Here maak ook gebruik van die aarde en aardse middele om die vrou, sy kerk, te beskerm teen die aanslae van die Bose. Die woeste stroom uit die bek van die draak word deur die aarde opgesluk om die vrou te beskerm. Dink vir 'n oomblik aan wat ons lees in Openb. 6.

Vanuit die hemel regeer die Lam oor die wêreld. Wanneer Hy die sewe seëls van die boek van God se raadsbesluit oopbreek, gaan die geskiedenis in vervulling. Dit word deur Johannes gesien soos 'n rolprent op 'n doek. Johannes sien die stroom van die lewe voor hom verbyvloei. Hy sien die triomftog van die evangelie in die gestalte van die ruiter op die wit perd. Op sy hakke volg die ander ruiters, oorlog, honger en die dood. Vreeslik lyk dit op die aarde, wanneer die skrikwekkende ruiters oor die velde jaag. En tog bly die vrou in die lewe. Die stroom kan haar nie wegspoel nie. Deur bloed en vuur en rookdamp heen word sy bewaar en die dinge dra selfs daartoe by dat die kerk groei en uitbrei.

In die lewe van die mens op aarde is daar gebeurtenisse en omstandighede, wat die aanslae en bedoelinge van die slang teen die gemeente van die Here verydel. In 1 Sam. 23 word vertel hoe Saul op die punt is om Dawid, wat hy as sy aartsvyand beskou, te vang. Dan kom daar 'n bode by Saul aan, met die tyding dat die Filistyne die land binnegeval het. Saul trek inderhaas terug en Dawid is vry. So het die aarde vir Dawid, die man na God se hart beskerm. Die stroom waarin hy sou verdrink is opgesluk deur die aarde.

In die tyd van die groot Kerkhervorming in Europa, het die Protestante met magtige vyande te doen gehad. Die Roomse kerk het die staatsmasjinerie ingespan om die sogenaamde ketters te stuit en die Hervorming bloedig te onderdruk. Hulle sou dit seker kon regkry, indien die aarde die Protestante nie te hulp gesnel het nie. Die leidende staatshoofde aan Roomse kant, Karel V en Frans I, het gedurig stryd en rusie onder mekaar gehad. Só het die Here geleentheid aan die kerk gegee om in die lande van die twee konings behoorlik pos te vat en te groei.

Ons moet altyd onthou dat die Here regeer. Nooit is die vooruitsigte vir die gemeente van die Here op aarde te donker nie. Selfs in die kommunistiese lande, agter die Ystergordyn, bestaan die kerk voort in die sg., "Ondergrondse Kerk". Die Here sorg daarvoor. In ons tyd lyk dit donker vir die voortbestaan van die kerk. Ons leef nie alleen te midde van 'n grootskaalse vervlakking en afval in die kerk self nie, maar die wrede kommunisme word meer en meer die mag wat die toon aangee op aarde. En tog het ons geen rede om moedeloos te word nie. Ons toekoms is sekerder as die van al die vyande van die kerk op aarde, want ons toekoms is in die hand van onse Here.

Hy beskik oor die geskiedenis en aardse gebeure is die vervulling van sy raad. En solank dit Hom behaag, gebruik Hy die aarde om die stroom uit die bek van die draak op te sluk. Daartoe gebruik Hy ook die getuienis van sy Woord uit die mond van sy gemeente. Ons mag alleen maar nie ons lewe liefhê en dit wil behou in plaas dat ons getrou is tot die dood toe nie. Ons moet ondanks die vreeslike stroom van die lewe die Woord van God bewaar en sy Naam nie verloën nie.

# 24 Junie: Geloofsvervolging

Hand. 8:1-8

*"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou."* (Openb. 12:17)

Hier het ons weer 'n mooi bewys dat die Woord van God die balans hou. Sou 'n mens die vorige paar verse op sigself lees, dan sou jy werklik kan aflei dat die kerk van die Here op aarde sonder nood en vervolging in die woestyn lewe, Sy is veilig – die draak kan haar nie bykom nie. Sy word selfs "uit die gesig van die slang" onderhou, volgens vers 14. Dan sou ons ook, soos die chiliaste, moes wag op een of ander tydperk van 1 260 dae êrens in die verskiet, wanneer die kerk van alle sonde en verleiding en vervolging vry sou wees. Dan sou ons egter die Bybel eensydig lees, want in ons teks het ons nog te doen met dieselfde 1 260 dae en tog lees ons dat die draak sy tande wél slaan in die getroue volgelinge van Jesus.

Dat die vrou in die woestyn beskerm en onderhou word, wil maar net aan ons duidelik tuisbring dat die Satan die ware kerk hoegenaamd geen skade kan aandoen nie. Sy is selfs nog binne die woestynlewe, vol met ontberings en nood, soos 'n woestyn maar is, en tog is sy veilig, solank sy binne haar Godgegewe plek bly. Die kerk is veilig solank sy in alles getrou bly aan die gebooie van God en die getuienis van Jesus Christus. Dit is haar plek, haar woning en haar skuiling teen die draak.

Dat die duiwel nie die vrou kan bykom en vermoor nie, maak hom woedend. Hy kon die Kind van die vrou, Jesus Christus, nie gryp om Hom te verslind nie. Die vrou self, die kerk in haar geheel gesien, word in die woestyn beskerm en die aarde sluk selfs die rivier uit die bek van die slang op om haar te beskerm. Met al sy pogings bly die kerk as kerk voortbestaan. Waar hier nou sprake is van "haar ander nakomelinge", beteken dit dat die duiwel nou die onderskeie gelowiges vervolg – *hulle is ander nakomelinge, teenoor haar Kind, Jesus Christus.* En dan gaan dit hier nie om 'n paar verafwonende belyders buite die woestyn nie. Nee, dit gaan om elkeen wat "die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Johannes onderskei nie hier tussen die vrou in die woestyn en haar ander nakomelinge elders nie, maar tussen die *Kind,* wat weggeruk is na God en sy troon, en die *ander kinders* van die vrou. Daarom gaan dit maar nog om die vrou, want die vrou is die kerk, die beeld van al die gelowiges saamgevat in één liggaam. Die nadruk val nou alleen op individuele gelowiges.

Die gelowiges, wat hulle godsdiens in die praktyk bely en uitlewe, is altyd die skyf van die duiwel. Die gebooie van God is één vir één in hulle harte geskrywe. Met al die gebooie maak hulle heilige erns. En hulle het die getuienis van Jesus Christus. Eintlik kan ons dit selfs andersom stel: die getuienis van Jesus Christus het hulle. Die geloof in Jesus Christus het van hulle in hulle diepste wese besit geneem. Daarom is die getuienis van Jesus met hulle wese verweef. Hulle bestaan en leef en dink en praat nooit, sonder dat die getuienis van Jesus dit saam en deur hulle doen nie. Die mense het in hulleself gesterwe, opdat Jesus in hulle kan lewe, daarom is hulle bereid om blymoedig hulle lewe vir die Here te offer.

Vervolging op aarde is altyd die deel van die nakomelinge van die vrou. Soms is dit geraffineerd en bedek, soms is dit openlik en bloedig. Die duiwel is altyd besig met die oorlog teen hulle. Dit is soms 'n Guerrilla-oorlog en soms groot veldslae. Mag die Here jou en my tog maar vashou. Dat ons sy gebooie bewaar en die getuienis van Jesus Christus behou in ons oorwinning oor die draak en sy helse magte.

# 25 Junie: Johannes op die strand

Jes. 17:12-14

*"En ek het op die sand van die see gaan staan."* (Openb. 12:18)

Hierdie vers hoort eintlik by die volgende hoofstuk, hoewel die dinge wat Johannes nou gaan sien tog ook terugwys na wat pas verby is. Hy het pas afgesluit met die geskiedenis van die draak of slang, wat duiwel en Satan genoem word. Hy het getoon hoe hy uit die hemel neergewerp is en neergedaal het na die aarde met groot woede. Sy woede is veral gerig teen die kerk van die Here, voorgestel as 'n vrou. Dit gaan in hoofstuk 12 om die optrede en stryd van Satan in eie persoon.

Hierdie selfde stryd van die Bose word nou getoon vanuit sy instrumente. Hy maak van wêreldleiers en wêreldryke gebruik. Ook die wetenskap en tegniek en kultuur palm hy in om daarmee die Here in sy kerk te tref. In hoofstuk 13 word die dinge gesien in die gestalte van twee magtige diere. Die eerste een kom op uit die see en die ander een uit die aarde.

Johannes vertel nou hoe hy op die sand van die see gaan staan het. Hy gaan strand toe en staan en kyk oor die see. Vanselfsprekend is die see 'n simboliese voorstelling van iets anders. In die lig van wat ons elders in die Skrif lees, kan ons wél uitmaak wat die beeld van die see hier aan ons wil sê. In Ps. 65 sing die digter van die goedheid van die Here, "wat die gebruis van die seë stilmaak, die gebruis van hulle golwe en die rumoer van die *volke."* Ook Jesaja bring die see in verband met die volke en nasies: "Wee die gebruis van baie volke – soos die gebruis van die see, só bruis hulle! En die gedruis van nasies – soos die gedruis van geweldige waters, só maak hulle gedruis!" (Jes. 17:12).

Johannes staan aan die strand van die volkeresee. En dan sien hy die stormgeteisterde see, waar die golwe bruis en die winde raas. Soos by die digter van Ps. 65 en die profeet Jesaja, sien die Bybelskrywers gewoonlik die volkeresee – dit hou vir hulle onheilspellende dreiginge in. Die Israeliet sien die see gewoonlik nie as 'n vriend nie, maar as 'n dreigende vyand, daarom is die see 'n tipiese beeld om die volke in hulle vyandskap teen God en sy volk te teken.

Die meeste van ons sien die see net met vankansietye. Dan stap of staan ons op die seesand en verwonder ons oor die voortdurende beweging van die golwe, wat ry aan ry op die strand aangestorm kom en bruisend breek, sodat die wit skuim op die sand uitstoot en tot rus kom.

Johannes sou sy uitstappie na die strand nie geniet nie. Die woeling van die see hou vir hom dreiging en nood in. Hy weet dat uit die boesem van die woelende nasies van die wêreld onheilsmagte haas na vore sou tree, wat dit vir die gemeente van die Here op aarde baie, baie moeilik sou maak. Hier is dit nie maar die golwe wat breek op die wit sand van die eiland Patmos nie. Dit is die volkeresee met al die onheilsmagte wat daaruit voortkom.

Dit is goed om 'n slag op die strand te gaan staan – die strand van die volkeresee en die woeling van volke en nasies te bekyk. Soms bekruip 'n koue vrees 'n mens. Só was dit met my toe Rusland sy wapens en Kuba sy soldate by Angola ontskeep het. Die Russiese beer het ontstellend naby aan ons gekom. Wat wag vir ons en ons kinders? En wat is die toekoms van die kerk van die Here in die wêreld.

Só 'n besoekie aan die strand maak 'n mens weer klein en laat jou bid. Hoe weerloos is ons, die bruid van Jesus Christus op die aarde? Gelukkig is daar agter die horison Iemand wat die winde en seestrome beheer en ook die woelende wêreldsee kan nie buite sy grense breek nie.

# 26 Junie: Die dier uit die see

Openb. 13:1-10

*"En ek het 'n dier uit die see sien opkom . . ."* (Openb. 13:1)

Johannes staan aan die strand van die wêreldsee. Die see is vir hom die woeling van die nasies en volke. Dit hou vir die gemeente van die Here op aarde dreiging en nood in. Dan sien hy 'n dier uit die see opkom. Uit die beskrywing is dit duidelik dat hy sien hoe die dier uit die water verrys. Eers verskyn die horings, dan die koppe en uiteindelik beskryf hy sy liggaam.

Die vuurrooi draak wat die duiwel en die Satan is, het in die vorige hoofstuk verskeie pogings aangewend om die koms van die koninkryk van Christus te verhinder. Hy het probeer om die Kind wat gebore is uit die vrou, te verslind. Maar die Kind is weggeruk na die hemel, na die troon van God. Hy kon nie verhinder dat onse Here Jesus Christus sy werk op aarde volbring nie en moes aanskou hoe Hy opvaar na die hemel en plaas neem op die troon van God, as die Regeerder van die heelal.

Daarop bestorm hy die hemel om Christus uit die hemel neer te ruk. Ook dit misluk, want hyself word neergewerp uit die hemel en beland op aarde met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Dan storm hy af op die vrou, die gemeente van die Here om haar te verslind. Ook dit slaag nie, want sy vlug na die woestyn. Hy kon die kerk as kerk nie vernietig nie. Dan vervolg hy haar ander kinders, die gelowiges afsonderlik, en hy dood sommige van hulle. Dit dien egter net daartoe om die gemeente te laat groei. Die bloed van die martelare is die saad van die kerk en juis die vervolging dien ook daartoe dat die kerk uitbrei tot aan die eindes van die aarde.

Nou tree sy laaste poging aan die lig. Hy besluit om sy eie ryk op aarde te verwerklik. Hy wil God se raadsplan dwarsboom deur sy eie koninkryk op te rig in sy afskuwelike duiwelse gestalte. 'n Mens kan sê dat sy optrede tot dusver negatief was – hy het probeer om Christus en sy ryk te vernietig of af te breek. Nou wend hy 'n positiewe poging aan – indien die Satan positief kan wees en kom self in die vlees om sy koninkryk op te rig teenoor die ryk van Christus. Dit is asof hy nou alles ignoreer wat die almagtige God gedoen het en hy maak asof Christus nie gekom het nie en asof die kerk nie bestaan nie en gaan eenvoudig voort om sy koninkryk op aarde te vestig. Hy wil die Here as 't ware voorspring.

Dit is wat Johannes hier uit die see sien opkom in die afskuwelike en vreeslike ongedierte. Die dier preek nou 'n aardse paradys en hou dit aan die mense voor. Hy verkondig sy vrederyk, waarin alle nasies soos kamerade saam sal leef en floreer. Daartoe word die hemel op aarde uitgeskakel en alle geloof in iets of iemand bo-aards of transendent as onredelik en belaglik verwerp. God is dood, want die mens het Hom ontgroei. Hulle het mondig geword en is hulle eie baas. Daartoe word al wat goed en mooi en edel is afgetakel en eeue-oue strukture oorboord gegooi. Alles moet nuut op die puinhope van menslike mislukkings gebou word. En één van die "menslike" mislukkings is die godsdiens – die opium van die volk. Dit het die mensdom verdoof en verblind vir die heerlike vredesvooruitsig op die aarde. Alle grense tussen mens en mens en volk en volk moet platgerol word om tot die een magtige ryk te kom.

En uit die roering van die volke word dan die vleesgeworde Satan gebore. Sy naam? Hy word genoem die Antichris – die teëstander en teëbeeld van Christus. Satan het goed gekyk. As God dan uit 'n mens gebore kan word, waarom die duiwel nie ook nie? Na die voorbeeld van God verskyn die Messias uit die aarde in die gedaante van 'n verskeurende ongedierte. Sy gestalte kom al meer en meer te voorskyn uit die woeling van die nasies. "Wie 'n oor het, laat hom hoor!" (Vers 9).

# 27 Junie: Tien horings en sewe koppe

Dan. 7:17-25

*"En ek het* 'n *dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings* ..." (Openb. 13:1)

Die volgorde van *koppe* en *horings* is in die oorspronklike Griekse teks andersom. Daar staan in werklikheid: "Ek het uit die see 'n wilde dier sien opkom met tien horings en sewe koppe." Toe die dier homself uit die see opwikkel verskyn eerste sy horings bo die water, daarna sy koppe en uiteindelik sy lyf. Só beskryf Johannes dit. En dan lyk dit tog vir my of ons in die volgorde van die beskrywing ook iets van 'n aanduiding van die ontwikkeling van die Antichristelike ryk moet sien. Johannes sien nie dadelik die ryk in sy eenheid nie, maar in sy verskeidenheid. Eers word die horings en die koppe sigbaar en later eers kom dit aan die lig dat die tien horings en sewe koppe in werklikheid aan dieselfde dier behoort.

'n Mens mag in die verklaring van wat die dier voorstel nie nalaat om Daniël 7 te raadpleeg nie. Daar is sprake van vier diere en dan word van hulle gesê: "Hierdie diere wat vier is – vier *konings* sal uit die aarde opstaan." (Dan. 7:17). In Dan. 7:23 word dan van die vierde dier gesê: "Die vierde dier – die vierde *koninkryk* sal op die aarde wees." Die diere kan by Daniël beteken of 'n koning of 'n koninkryk of albei tegelyk. In Dan. 7:7, 8 word gesê dat die vierde dier tien horings het en later in vers 24 dat die vierde ryk tien konings sal hê. Die horings sien derhalwe by Daniël spesifiek op konings of regeerders van 'n ryk.

Ons kan ook hierdie tien horings van die dier só verklaar, alleen met die voorbehoud dat dit nie presies tien konings hoef te wees nie, want die boek Openbaring werk met simboliese getalle. Die sewe koppe moet ons dan in dieselfde lig verklaar. Ook sewe is 'n afgeronde of volmaakte getal. Of die sewe koppe dan ook konings of miskien ryke voorstel, maak in werklikheid nie verskil nie. Die tien horings en die sewe koppe wil één ding duidelik aan ons sê: Hierdie ryk, wat deur die dier versinnebeeld word, het nie alleen een koning of regeerder gehad nie en bestaan ook nie alleen uit een nasionale ryk nie. Tien en sewe is albei volheidsgetalle en dan is dit vir my duidelik dat ons hier aan 'n volledige wêreldryk moet dink. Of daar dan tien konings of regeerders agtermekaar aan bewind was en of hulle gelyktydig saamgeflans is in die één ryk, maak ook weinig verskil. Net so is dit vir my ook nie van belang of die sewe koppe agter mekaar of gelyktydig gesien moet word nie. In werklikheid kan ons albei gedagtes in die dier versinnebeeld sien.

Die uiteindelike Antichristelike ryk het immers sy voorlopers in agtereenvolgende ryke. Dink maar aan die ryke van die Assiriërs, Babiloniërs, Medies-Persiese ryk, die Griekse ryk van Alexander die Grote, die Romeinse ryk en opkomende wêreldryke in ons tyd. Hulle almal was en is tipes of voorbeelde van die uiteindelike ryk van die Antichris. Deur die eeue heen kom hy meer en meer tot gestalte. Die een horing na die ander en die een kop na die ander verskyn bo die golwe van die see. Uiteindelik word al die horings en koppe dan saamgevoeg in een ongedierte. Dan kry die Satan geleentheid om gestalte te neem in die dier.

Hy word vlees in één magtige regeerder of in één magtige wêreldryk.

Só sien ons in ons tyd horings verskyn – die simbool van krag en regeermag, want op die horings was selfs tien krone. Dit is ryke wat strewe na wêreldoorheersing, soos bv. die kommunisme van Rusland en Sjina. Dit mag wees dat ons ook al koppe sien van die afskuwelike dier. Één ding is duidelik – die Woord van God is waar. Wie oë het, sien dit in vervulling gaan.

# 28 Junie: 'n Naam van Godslastering

2 Thess. 2:1-10

". . . *en op sy koppe 'n naam van godslastering"* (Openb. 13:1)

Johannes sien 'n afsigtelike dier opkom uit die see. Eers verskyn tien gekroonde horings bokant die water en dan sewe koppe en dan lees hy op elke kop 'n naam. Dit is 'n vreeslike naam – 'n naam van godslastering. Of op elke kop dieselfde naam geskrywe was, word nie aan ons gesê nie. Ons weet egter dat godslastering baie name kan dra.

Godslastering beteken dat 'n mens laster teen God en sy grootheid. Sy Naam druk sy wese uit, daarom vertoorn Hy Hom só verskriklik oor die lastering van sy Naam. In Ex. 5:2 belaster Farao die HERE deur met smalende veragting te vra: "Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie, en sal Israel ook nie laat trek nie." Ook in die dae van Hiskia, die koning van Juda, belaster die boodskapper van koning Sanherib die HERE: "Hy het ook 'n brief geskryf om die HERE, die God van Israel, te smaad . ..: Soos die gode van die nasies . . . hulle volk uit my hand nie kon red nie, só sal die God van Jehiskia sy volk uit my hand nie red nie." Ons merk die smalende veragting van die hoë God. Ja, hoe is en word Hy nie in die wêreld gesmaad nie! In ons tyd word Hy meer en meer doodgeswyg. Vir die moderne mens bestaan Hy net nie en dit is nie die moeite werd om daaroor te redeneer nie.

Maar ons moet in hierdie uitspraak van Johannes selfs meer as dit sien. In 2 Thess. 2:3, 4 praat Paulus van "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy God is." Dit is die uiterste godslastering. Hiervan het die Jode die Here Jesus beskuldig en Hom daaroor veroordeel. Hy was in hulle oë 'n godslasteraar omdat Hy Homself aan God gelyk gestel het. Ook die Romeinse keisers het hulleself die "vererenswaardige" genoem. (Hand. 25:21, 25). Hulle het selfs sover gegaan om hulleself god te noem. (Openb. 2:13).

Dit is wat hierdie name beteken. Menslike heersers eis vir hulleself goddelike eer en gesag op. En dan dink ek dat ons in ons tyd al 'n hele paar heersers kan aanwys wat die naam van godslastering op hulle voorhoof dra. Kommunistiese heersers steek dit nie weg nie. Hulle verhef hulleself openlik bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is. Hulle belaster en verneder nie alleen die God van die hemel nie, maar is openlik en doelbewus daarop uit om die verering van sy Naam op aarde uit te wis. Waar hulle heers, mag geen ander God gedien word nie, as net die god van die materialisme of proletariaat, wat in werklikheid in die heerser sy uitdrukking of gestalte vind. Op sy voorkop staan die naam duidelik gegraveer: Ek is God en niemand meer.

Ons moet net onthou dat hierdie dier uit die see opkom. Hy is maar die uitdrukking of gestaltevorming van die wêreldmening. Hy word gekweek op die teelaarde van 'n ongelowige en godsdienslose mensdom. Ons lees later in vers 16 dat sy volgelinge ook 'n merkteken op hulle voorhoofde ontvang. Hulle word as 't ware gedoop in die naam van die ongedierte. Hulle dra sy naam op hulle voorkoppe. Kyk goed rondom u en u sien die voorkoppe met die name daarop. Hulle is die mense wie se verstand en werkkragte in die diens van die dier staan. Andersom gesê: dit is hulle wat nie hulle hoof en hand in die diens van die God, in Wie se hand hulle asem is, stel nie. Baie naamchristene loop ook met die naam van die dier op hulle voorkop. Is dit miskien ek?

# 29 Junie: Wrede mengsel van gediertes

Dan. 7:1-8

*"En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu."* (Openb. 13:2)

Die ongedierte wat Johannes uit die volkeresee sien opkom, staan eindelik op die strand en hy kan duidelik sien *hoe* hy van sy sewe koppe tot by sy pote daar uitsien. Daar staan 'n ding waarvan die lyf soos die van 'n luiperd lyk, maar hy het beerpote en 'n leeubek. Hy is gewis die produk van vergevorderde kruisteling of anders sou die dierkundiges hom 'n natuurfrats kon noem. Moontlik sou hy kon kwalifiseer as die oervader van luiperds en bere en leeus in die stamboom van die ewolusionisme.

Gelukkig word die soort teorieë ons gespaar, want hy is 'n simboliese voorstelling van iets anders. En by die ding wat hy tipeer, moet dan bepaalde eienskappe aanwesig wees wat die eienskappe van 'n luiperd en 'n beer en 'n leeu in één wese openbaar. Wat kan dit wees?

Ons kyk eers weer na Daniël se diere. Daniël sien in 'n gesig vier diere wat uit die see opklim. Die eerste was soos 'n leeu; die tweede soos 'n beer en die derde soos 'n luiperd. Daarna verskyn 'n vierde dier met ystertande wat verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap.

Hy was anders as die ander drie en hy het tien horings gehad. Ek dink dat ons hierdie onbeskryflike vierde dier van Daniël en die een wat Johannes sien as dieselfde kan beskou. In Dan. 7 word aangetoon dat die vierde ryk uitloop op die eindoordeel. Hy sal ook groot woorde spreek teen die Allerhoogste en heiliges van die Allerhoogste mishandel en eindelik sal die gereg sit en hy sal vir goed verdelg en vernietig word.

Johannes sien dan in die ryk van die Antichris die kenmerke van al drie die eerste diere of ryke wat Daniël teken. Die ryk van die Antichris word in die verbygegane wêreldryke afgebeeld. Nie een voorafgaande ryk kon heeltemal al die eienskappe van die eindryk van die Antichris dek nie. Daarom kry ons iets van al drie Daniël se diere, die leeu, die beer en die luiperd terug in die één dier wat Johannes sien.

Die katagtige gespikkelde luiperd is lenig en vinnig en kan sy prooi met groot spronge en kortom draaie maklik inhaal en oorweldig. Die pote van die beer is sterk en stel hom in staat om steiltes uit te klim en hy kan geluidloos beweeg. Soos die geheime polisie is hy ongemerk op sy prooi. Die leeu is die dier met die groot hart, wat vir niks terugdeins nie en kan met sy magtige brul vrees en skrik inboesem. Daarby is hy gewapen met sterk kake en genadelose tande om sy prooi dood te maak en te verslind.

So sien die ryk van die Antichris daar uit. Hy bou 'n ryk toegerus met die allerbeste metodes en middele om sy mag met geweld af te dwing. Sy gesag praat deur die loop van 'n geweer, soos Mao Tse Toeng sê. In sy ryk heers daar gehoorsaamheid of onderworpenheid gebore uit vrees. Die voorspel daarvan sien ons in die kommunistiese lande waar elkeen elke ander een wantrou en die dier meedoënloos toeslaan en miljoene mense koelbloedig likwideer. En dan noem hulle dit 'n vrederyk en praat van vryheid en kameraadskap. Ja, al die eienskappe van hierdie mengsel van ongediertes tree al skerper aan die lig in wat ons sien in ons wêreld.

Ongelukkig sien ons dit onbewoë en vergeet van ons broers en susters wat alreeds in die kloue van hierdie dier val en verskeur word. Mag die Here ons dit vergewe!

## 30 Junie: Skatte en gawes van die draak

Openb. 20:7-10

". . . *en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag."* (Openb. 13:2)

Hierdie dier is nie 'n skepping van die draak nie. Ook van die dier bly waar wat Paulus sê: ". . . want daar is geen mag behalwe van God nie." (Rom. 13:1). Dit sê hy van die owerheid in elke land op aarde. Hy verklaar selfs: "hy is 'n dienaar van God jou ten goede." God beskik owerhede en magte en hy gebruik hulle om 'n geordende en vreedsame lewe op aarde in stand te hou. Die owerheid dra selfs die swaard, sê Paulus, "as 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf."

Die draak of Satan het selfs nie hierdie dier uit die see laat opkom nie. Ons het in Openb. 5 gesien dat ons Here Jesus Christus die boek van God se raadsbesluit ontvang het en dat die wêreldgeskiedenis afrol wanneer Hy die seëls breek. Ook hierdie ongedierte sit vasgekeer in die boek totdat die Here Jesus Hom loslaat. Dan kom hy op uit die see. En selfs die gebede van die heiliges word in hoofstuk 8 en 9 te pas gebring by die koms van die einde. Roep die kerk met die Gees: "Kom, Here Jesus!" dan kom Hy, maar voordat Hy kom, kom die dier uit die see. Dink aan wat Paulus in 2 Thess. 2 sê van die koms van Christus: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom *en die mens van die sonde* geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God sal sit en voorgee dat hy God is." Hy kom derhalwe op uit die see op God se tyd en volgens God se raad. Die Here beskik dat hy bestaan.

Op sigself is geen owerheid of gesag uit die Bose nie. Die Bose is egter 'n dief en 'n rower. Hy beroof God van sy eer en hy steel ook die owerheid, wat God ingestel het as sy instrument om 'n ordelike samelewing op aarde in stand te hou, en maak daarvan die teendeel van wat God bedoel het. Hy verander die goeie owerheid in 'n ongedierte, en dit doen hy deur aan die eienskappe wat die Here aan die owerheid gegee het, 'n leueninhoud te skenk.

Elke owerheid het krag nodig – dit is innerlike bekwaamheid en sterkte. Elke owerheid het ook 'n troon – die teken van outoriteit of gesag om te regeer. 'n Regeerder moet ook mag hê, om sy seggenskap of heerskappy te kan uitoefen. Dit is die drie dinge wat die duiwel aan die dier gee – dieselfde wat God aan elke owerheid skenk. Daardeur maak hy van die dier sy instrument en die vleesgeworde Satan op aarde.

So probeer die duiwel om deur die owerheid, wat God ingestel het, sy koninkryk op aarde te vestig. En dan maak hy 'n karikatuur van wat die Here bedoel het met die krag en die troon en die mag van die owerheid. In plaas dat die samelewing georden en beskerm word, word die vermoëns gebruik om te ontwrig en te vernietig.

Hierdie insypeling van die duiwel in die owerheidstrukture is ook 'n eeu-oue spel. Daar was in die geskiedenis voorbeelde van anargiste en geweldenare op die troon wat, in niks anders as magswellus belanggestel het nie en, waar hulle regeer het, is menselewens vernietig en die samelewing gruwelik ontwrig. Nooit tevore kon hy dit egter regkry om die hele wêreld saam te voeg tot die één magtige ryk wat in hierdie dier uit die see aan ons geteken word nie. Ons wêreld bestaan alreeds uit 'n paar groot magsblokke en ons kan al tekens sien van die moontlikheid van 'n wêreldryk. Die wêreld het deur ons vervoermiddele en kommunikasiemedia klein geword. En op aarde loop al meer en meer "wêreldburgers" rond, wat geen nasionale ankers meer het nie.

Só rol die boek van God se raadsbesluit meer en meer oop voor ons oë.

# 1 Julie: Dodelike wond genees

Gen. 11:1-9

*"En ek het een van sy koppe gesien of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees."* (Openb. 13:3)

Die ryk van die Antichris is 'n wêreldryk, maar dit is 'n saamgeflanste eenheid van volke en nasies. Moontlik mag dit selfs 'n federasie van wêreldstate wees, met 'n regeerliggaam wat uit iets soos die V.V.O. mag voortkom. Die tien horings en sewe koppe veronderstel 'n verskeidenheid in die één ongedierte. Teen die agtergrond moet ons dink aan die één kop wat 'n dodelike wond ontvang het. Dit moes in een of ander stadium van die ontwikkeling van die dier gebeur het, of dit moes 'n onderdeel van die ryk wees, wat na die herstel alleenheerskappy verkry.

Johannes sien hoe een van die sewe koppe van die dier dodelik gewond word. Die dodelike wond word egter gesond. Dit mag wees dat die opkomende dier in sy gestalte as een of ander wêreldryk byna ondergaan, maar daarna uitgroei tot die eintlike ryk van die Antichris, wat al die eienskappe van die luiperd en beer en leeu besit. Nou probeer verklaarders om in die wêreldgeskiedenis só iets raak te sien. Greijdanus meen bv. dat dit die Romeinse ryk voorstel wat in die Weste in 476 en in die Ooste in 1 453 opgehou het om te bestaan. Sy gedagte is dat uit die reste van die Romeinse ryk die ryk van die Antichris uiteindelik sal voortkom.

Ds. H. Hoeksema meen dat dit sien op die tyd van die toringbou van Babel. Dit was die enigste geleentheid in die geskiedenis van die mens dat wêreldwye menslike eenheid 'n ideaal en ook 'n werklikheid kon wees God het dit egter versteur deur die verwarring van die taal, sodat hulle oor die aarde versprei en in nasionale volke ontwikkel het. Hierin lê vir my 'n element van waarheid opgesluit. Die Babelgedagte loop dwarsdeur die Bybel, wél normaalweg as aanduiding van die magte wat teen God en sy volk in vyandskap gerig is, maar is die wêreld-eenheids-begrip" nie ook gerig teen die wil van God nie? Dan sien ons die menslike pogings om in ons tyd allerlei wêreldorganisasies te stig, teen die agtergrond.

Die V.V.O. is begin as 'n organisasie wat poog om vrede op aarde te handhaaf. Dit moes die gevare van oorloë uitskakel. Veral in bepaalde kringe ontwikkel egter meer en meer die gedagte om daarvan 'n *wêreldparlement* of *wêreldregering* te maak. As 'n mens in gedagte hou watter politieke kragte hierdie gedagte steun en uitbuit, dan sien ons al duideliker die ongedierte van Openbaring 13. Uit die V.V.O. spruit allerlei ander wêreldorganisasies soos die wêreldvoedsel-, wêreldhandel-, wêreldgesondheids-organisasie en die talle agentskappe aan die V.V.O. verbonde.

Selfs die ekumeniese beweging op kerklike terrein word ook al gelei deur die gees van Babel. In die Wêreldraad van kerke sien ons hoe Bybelse waarhede losgelaat word, ter wille van uitwendige eenheid. Eintlik word die Wêreldraad van Kerke meer en meer 'n instrument om die Marxisme op aarde te bevorder. Indien hulle op die pad voortbeweeg gaan "kerke" gewis met blydskap ingehaal word in die ryk van die Antichris. Hulle sal heeltemal amalgameer met die dier en miskien nog een van sy koppe of 'n paar van sy horings word.

Waak en bid. Bid vir die kerk van Jesus Christus dat die gees van Babel hom nie verower nie. Dan is hy *geen kerk meer* nie.

# 2 Julie: Die hele wêreld volg die dier

Matt. 4:1-11

*"En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.''* (Openb. 13:3)

Uit hierdie uitspraak blyk dat die dier vir die mensdom in die algemeen nie 'n voorwerp van verskrikking was nie. Die Antichris, die Messias uit die aarde, *is vanuit die oogpunt van* God 'n afsigtelike *ongedierte.* Uit die oogpunt van die mensdom is hy egter 'n voorwerp van groot verwondering en verering. Die mense se verbeelding is aangegryp. In hom is hulle ideale verwesenlik en sien hulle die MENS op die toppunt van die leer van die ewolusie. In hom is versinnebeeld die hoogste uitdrukking van die supermens wat bykans alles vermag.

In die Antichris bestyg die mens op aarde die troon van God. Hy sit in die tempel van God en gee voor dat hy God is. En die mens, wie se hart 'n afkeer het aan die diens van die ware God, vind nou hier die geleentheid om uiting te gee aan sy inherente drang om te vereer en te aanbid. Eindelik is daar nou 'n mens wat alles vermag; wat die hoogste sport bereik het. Later in vers 18, word sy getal genoem: 666. Hy het byna die volmaakte bereik want sy getal is net onderkant die getal sewe of 777 – die getal van God.

Ons moet vir onsself geen illusies maak nie. Volgens ons eie sondige aard wil geen mens van nature die Here dien nie. Die diens van God beteken vir die natuurlike mens 'n inbreuk op sy vryheid. Hy ken nie die ware vryheid in Christus nie. In die dier en sy ryk ontvang hy nou dit waarna hy soek. Hy word vry – die bande met God is verbreek en die juk van Christus is volkome afgewerp. Dit is wel net 'n illusie, want nou is daar vir hom die knellende juk van die dwingelandy van die dier en die slawerny van die Bose. Die duiwel is egter slim genoeg en die dier ontvang van die duiwel genoeg van die slimmigheid om die mensdom in die waan te hou dat hulle nou eindelik in die paradys aangekom het.

Die mensdom plaas hulle toekoms met vreugde in die hande van die antichristelike stelsel en die regeerder of regeerders van die aarde. Hulle verwag van hom alle behoeftes vir die aardse lewe. Hulle wend hulle tot hom in hulle nood en moeilikhede. Hulle is dankbaar vir sy guns en gawes aan die mensdom. In hulle hart is daar bewondering en verering en liefde. Moontlik sal hulle dit nie só begryp nie, maar hulle aanbid hom selfs. Hulle dink miskien dat hulle in alle opsigte ateïste is, maar die vertroue en verering van hulle harte is gerig op die dier, en daarmee vereer hulle hom as hulle god.

Onse God is 'n jaloerse God. Hy kan dit nie verdra dat ons sy gawes of skepping aanbid nie. Die dier is ook 'n jaloerse god. Hy is egter nie jaloers daarop as die mense sy gawes aanbid en op die stof en die aardse besittings vertrou nie. Hy is net op één ding jaloers en dit is dat mense die ware God aanbid. Dit tas die wese van sy mag en aansien aan. Vir hom en vir Christus is daar nie altwee op aarde plek nie.

En die Satan lag. Hy is uit die hemel neergewerp, omdat daar vir die Lam, wat geslag is, en die draak nie altwee bestaansruimte in die hemel was nie. Nou werk hy Christus uit die aardse lewe uit. Christus word meer en meer 'n onbekende faktor in die lewe van die mense. Hulle gewete pla hulle nie eens meer as hulle doen wat die dier van hulle verwag nie. Hulle gewete is immers lankal losgemaak van die band met die wil van God. Hulle word nou geheel in besit geneem deur die gees van die duiwel, wat in die dier woon.

Selfs die blindes kan tas dat die dinge wat in die Woord van God aan ons voorspel is, waar is. Dit sê die Nederlandse Geloofsbelydenis en ons beleef dit al in baie opsigte. Of hoe?

# 3 Julie: Die dier het 'n groot mond

Ps. 73:1-12

*"En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen."* (Openb. 13:5)

"Aan hom is gegee." Só staan dit hier, soos só dikwels in die boek Openbaring. En dan weet ons dat die Gewer *wat gee* in werklikheid die Here is. Die ongedierte verhef hom teen God en tog het hy sy mond uit die hand van God ontvang. Die draak kan geen mensemond skep nie – hy kan alleen 'n mens verlei om sy mond verkeerd te gebruik, om dit in diens van die leuen te stel.

Deur middel van die radio en televisie het die mens 'n mond waarmee hy rondom die aarde kan praat. Hy kan nou sê: die mond het God nie gemaak nie. Die radio is 'n mensgemaakte mondstuk ... En tog is ook dit gegee. Dit is selfs die soort tegniese wondere wat al meer bewys dat die mens nie 'n afstammeling van die aap is nie. Hy is wonderlik geskape – na die beeld van God. Dit word bevestig deur wat ons ook in hierdie praatmasjiene van ons tyd sien. God het groot en heerlike gawes aan die mens gegee – ook aan die Antichris, omdat hy 'n *mens* is en geen dier nie.

Deur sy mond, van God ontvang om Hom, sy Skepper, daarmee te eer, vloek en laster hy egter die heilige God (Vers 6). Op sy voorkoppe staan nie alleen godslasterlike name nie, maar uit sy mond borrel 'n stroom van godslasterlike woorde, soos die rook uit die put van die afgrond. Iemand met 'n groot mond is, volgens die volksidioom, 'n grootprater. Dit is presies wat die dier doen. Rondom die aarde weergalm sy grootpraatpropaganda. Sy dissipels of voorlopers, in kommunistiese lande, laat maak van hulleself beelde en portrette so hoog soos wolkekrabbers en hulle stemme galm oor die eter. Hulle monde is des te groter vanweë die magtige propaganda-organisasie wat dit deur die hele wêreld dra.

Hierdie grootmonddier, wat lasterlike dinge op die aarde uitskreeu, doen dit vir twee-en-veertig maande lank. Maar is dit nou reg? Sou u vra. Ons het vroeër bepaal dat die 42 maande of 1 260 dae of drie-en-'n-half jaar, altyd sien op die hele tydperk sedert die hemelvaart van die Here Jesus tot met sy wederkoms. [bl. 186] Ja, ook hier verstaan ons dit só. Dit hou ook nie 'n probleem vir ons in nie. Sedert Christus se hemelvaart is die groot mond al besig om lasterlike dinge uit te sê in die wêreld.

In 1 Joh. 2:18, 19 praat Johannes van antichriste al in sy tyd Wanneer Paulus weer na hom verwys in 2 Thess. 2 sê hy: *"Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk,* net totdat hy wat hom (die Antichris) nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die *ongeregtige* geopenbaar word." In die tyd van Johannes en Paulus was hierdie groot mond al aan die werk. Hy is net al die tyd nog *weerhou* om nie tot die volle openbaring van sy mag te kom nie. Iemand of iets hou hom nog teë, sê Paulus. Maar hy is wel lankal besig met sy propagandaveldtog. Eintlik gebruik die duiwel die mens al sedert die Paradys om met 'n groot mond die Here te laster. Die boek Openbaring plaas hierdie 42 maande egter i.v.m. die tyd van Christus se werk vanuit die hemel – sedert sy hemelvaart.

Ons beleef dit egter wel duidelik in ons tyd dat die leuenmond groot en lasterlike dinge uitgalm. Dit oortref alles wat die mensdom gedurende die afgelope twintig eeue kon belewe. Die atmosfeer is donker van die verstikkende rook van die leuen. 'n Mens kan moeilik helder sien en dink, só word die uitsig deur die leuenpropaganda versper.

Ons het net één raad: bly in die Waarheid – dit is die Woord van God. Ondersoek en bestudeer dit en bewapen jou met die kennis van die waarheid om goed te kan onderskei.

# 4 Julie: Laster teen God

Jak. 3:1-12

*"En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon te laster."* (Openb. 13:6)

Die dier het 'n mond ontvang en hy gaan dit nou gebruik. Hier staan eintlik dat hy sy mond oopmaak en dit as 't ware oophou. Hy hou nie op om te praat nie. Die Here het die mens onderskei van die diere deur aan hom 'n verstand te gee en die vermoë om met God, sy Skepper, en met ander mense te praat. Die apostel sê van die tong: "Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die beeld van God gemaak is." (Jak. 3:9). Dit is, helaas waar, selfs van belyders van die Here. Nog erger is dit wanneer gesê word: elke tweede woord wat hy sê, is 'n vloekwoord. Dit is vreeslik hoe mense God kan laster, ook onder ons en dikwels hoor ons dit woordeloos aan, só asof die Here ons nie ook 'n mond gegee het om vir sy eer in die bresse te tree nie.

Sulke vloekers is ware dissipels van die dier. Hulle leerskool is die klaskamer van die draak en hy inspireer hulle om hulle monde oop te maak en te laster teen God. En hulle hou dan maar hulle monde oop en hou aan met laster, want hulle kan nie anders nie – hulle is te gewoond daaraan. Hulle is nie alleen volgelinge van die dier nie, maar ook sy voorlopers en medewerkers. Hulle weet God se Naam is vir Hom kosbaar. Dit is heilig want Hy is heilig. Sy Naam is die uitdrukking van sy wese en nie bloot 'n onderskeidingsteken soos by ons nie. Daarom is die lasteraar besig om te probeer om God in die hart te tref soos met 'n dolksteek.

Dit doen die dier, die Antichris nou met alle mag en sonder om op te hou. In sy hart brand daar 'n verterende vuur van haat, wat deur die duiwel, wat in hom woon, ingegee is, en die haat stort hy soos 'n stroom uit teen die heilige God. En dan gaan dit sommer om alles wat 'n mens aan God laat dink – God se woning en sy engele en sy gesaligdes in die hemel. Die lasterstroom borrel uit sy innerlike.

Wat die Antichris en sy baas, die Satan, só woedend maak, is dat hulle God nie kan bykom nie. Hulle lastering is 'n uiting van magtelose haat. Só is dit eintlik altyd – die lasteraar gee uiting aan sy magteloosheid. Hy wil God krenk, maar Hy kan Hom nie bykom nie en dan galm die magtelose vloeke deur die lug. Gelukkig is daar nog vir elke lasteraar genade, wanneer hy tot sondebesef en berou kom. Daarom kan ons hulle nog tot besinning roep en vir hulle bid. Hulle kan nog vlug na die bloed van die Lam.

Hierdie dier is egter só in besit geneem deur die Bose dat die tyd van genade vir hom verby is. Hy laster doelbewus en opsetlik en doen dit met volle oorgawe. Dit beteken nou nie meer bloot dat hy aan homself die eer van God wil toe-eien nie, maar hy spreek ook dinge uit wat die Wese van God wil aantas om Hom in sy grootheid en goedheid te smaad. By hom is daar die grootste mate van verharding en hy is nou ten volle die mondstuk van die duiwel op aarde. Dit is vreeslik dat 'n mens, geskape na die beeld van God, só deur die duiwel in beslag geneem kan word. In sy beeld sien ons derhalwe waartoe 'n mens in staat kan wees. Só loop die prototipes van die dier uit die see, tussen ons rond. Die see, die mensewêreld, is immers sy groeibodem.

Waak en bid! Die potensiële Antichris skuil in ons menslike natuur. Ons is immers almal van nature geneig om God te haat.

# 5 Julie: Oorlog teen die Heiliges

Matt. 24:15-22

*"Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie."* (Openb. 13:7)

Vreeslike tye breek aan vir die heiliges. Die heiliges is hulle wat in die Here glo en aan Hom vashou. Hulle geloof is nie alleen lippetaal nie, want dit sal nie maklik wees om in die dae nog in Jesus Christus te glo nie. Op aarde het dit stikdonker geword. Geestelik is die mensdom oorweldig deur geesdrif en verering vir die ongedierte. Almal loop agter hom aan en vereer hom. Die oorblywende Christene op aarde het geen bestaansreg meer nie. Hulle kan nie asem kry in die verstikkende atmosfeer nie. En hulle is letterlik voëlvry verklaar. Hulle is gebrandmerk en het geen reg om te lewe nie. Om 'n Christen om die lewe te bring, is geen moord nie, maar 'n prestasie.

Ja, daar is nog heiliges op aarde. Selfs in die donker tyd is daar nog die sewe duisend wat die knieë voor die dier nie sal buig nie. (Vers 8) Hulle dra op hulle voorhoof die seël van die lewende God. Hulle sal nie met wapengeweld in opstand kom teen die dier nie. Hulle sal egter weier om hom te vereer en vashou aan die soewereiniteit van die Almagtige en sy Christus in die dae. Hulle sal weier om hulle godsdiens te laat vaar en vashou aan die Woord van God en hulle Here bely, al kos dit vervolging en die dood. Daarom word hulle gehaat, soos hulle Here gesê het: "Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur alle nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar haat en mekaar doodmaak." (Matt. 24:9, 10.)

Vir die kerk self is dit 'n sifting soos nooit vantevore nie. Vir elke Christen sal dit helse aanvegtinge beteken. Die spotstem sal hulle smalend toeroep: Waar is julle God op wie julle vertrou? Daarom sal baie in die vreeslike dae van nood en vervolging struikel en hulle metgeselle verraai en familielede sal hulle eie mense haat en oorlewer aan die beuls.

"Maar wie volhard tot die einde toe, sal gered word." (Matt. 24:13). O ja, die getroues sal daar wees, want hulle Here is magtiger as die draak en sy ongedierte. Hulle is immers verseël met die seël van die Almagtige. Die Heilige Gees is nog op aarde en in staat om die belyders van Jesus Christus in hulle geloof te bewaar. Hulle is bereid om vir Hom te ly en te sterf. Gelukkig is hulle krag nie geleë in hulleself nie, maar hulle is geanker in die onoorwinlike krag van die Gees. "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." (John 10:28.)

Die tekens van die naderende storm is aan die lug. Die haat en vervolging word al ondervind – selfs in ons buurlande. Maar ons gaan dit tegemoet, nie in eie krag nie, maar met die wete dat onse Here getrou is en getrou bly.

En nog meer! Luister: *"Dit is aan hom gegee* om oorlog te voer teen die heiliges." Dit behaag die Here om aan die Antichris die mag en geleentheid te gee om sy haat uit te woed teen sy kinders op aarde. In sy magtelose haat teen God kan hy Hom alleen belaster. Hy kan God self nie aantas nie. En selfs in die belyders van die Naam van God, kan die dier Hom nie aantas nie. Hulle volhard en hou vas aan sy Naam en sterf as sy getuies. Ook dit bring aan hom nie oorwinnaarsvreugde nie. Dit beteken wél groter magtelose woede en nuwe vervolginge, maar dit is die haat van die wanhoop. En wanneer dit die Here behaag, dan kom Hy: "en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind." (Openb. 20:9.)

# 6 Julie: Wie 'n oor het, laat hom hoor

Matt. 12:10-17

*"As iemand 'n oor het, laat hom hoor."* (Openb. 13:9)

Johannes het in die gees op die strand van die see gestaan. Hy het gesien hoe 'n verskriklike ongedierte uit die see opkom. Hy het toegekyk hoe die nasies agter die dier aanloop. Hy was ook getuie – ooggetuie – van die vreeslike haat teen Christus en sy kerk. Hy het die noodkrete van martelare gehoor en die bloedgetuies van Jesus sien val. Dit alles vertel hy aan ons -- nee, nie Johannes nie, maar die Here deel dit aan ons mee. Ons hoor dit uit sy Woord.

Ja, ons staan ook dikwels op die strand en bekyk die woeling van die nasies en volke en tale. Ons sien hoe dit bruis en skok. Ons sien soms al iets van die vreeslike haat van die dier teen Christus en sy volgelinge en is ook al getuies daarvan dat sy belyders gemartel en gedood word. Hoe meer ons van die dinge sien, hoe duisterder word dit in ons oë. Die huidige wêreldtoestande is verwarrend, onbegryplik – in ons oë soms sinloos. Ons kan ook uitroep soos die Prediker: "Dit is alles tevergeefs!" Ons verstaan nie die wêreld nie. En die wêreld sal al minder verstaanbaar word. Die verwarring sal toeneem, want selfs blote medemenslikheid en redelikheid sal geheel met 'n betekenis gelaai word, wat vir ons duister is.

En wanneer dit só donker en onbegryplik swaar sal wees vir die belyder van Jesus Christus, soos in die voorafgaande verse geteken, dan het hulle hierdie boek as 'n kosbare kleinnood. En uit hierdie boek kom daar 'n stem tot hulle oor die eeue heen: Luister, en jy sal begryp! Luister, en daar is vir jou lig in die donker! Jy sal begryp wat jy sien en belewe!

In die tyd sal daar nie baie mense wees wat ore het om te hoor wat die Here sê nie. Die mense met ore sal yl gesaai wees ". .. As iemand 'n oor het," sê Johannes – so byna asof hy dit nie verwag nie. En tog wie 'n oor het, sal hoor wat die Here hier sê. En dan gaan dit veral om hierdie uitspraak: "En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie."*

Het jy 'n oor, dan hoor jy dit! Elkeen wie se naam geskrywe is in die boek van die lewe, het gewis 'n oor. Die Here sorg daarvoor dat elkeen wat Hy van ewigheid of uitverkies het as syne – dit is immers wat hier staan – 'n oor het. Hy sal hoor en Hy sal weet dat sy Here, wat vir hom as 'n Lam geslag is, hom daarvan bewaar om nie die dier te aanbid nie. Dit is my grootste vrees dat dit my mag oorkom. Dat ek in die krisisuur die Naam van my Here mag verloën. Maar die Here sê: dit sal nie gebeur nie . . . Nie omdat ek en jy só goed is en sulke wonderlike geloofshelde is nie, maar omdat Hy getrou is.

Maar het jy 'n oor, dan hoor jy nog meer. Jy hoor ook dat die Here, stil en swyend op die agtergrond, weet en sien en die bloed van sy martelare sal wreek: "As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word." God slaap nie. Die dag van sy oordeel kom en dan wreek Hy die bloed van sy getuies aan die dier en sy volgelinge. Hoor jy dit!

En dan is dit asof die Here goedkeurend glimlag en wys op sy volgelinge. Kyk gerus na hulle! Wat sien jy daar in die donker tyd! Jy sien daar die gelowiges as die lig van die wêreld, soos Jesus in Matt. 5 sê. Kyk gerus, vuurrooi draak! Kyk ongedierte uit die see! "Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges." Hulle volhard in die nood! Hulle behou die geloof! Daarom ontvang hulle die kroon van die lewe!

# 7 Julie: Die dier uit die aarde

Openb. 13:11-18

*"En ek het uit die aarde 'n ander dier sien opkom . . .*" (Openb. 13:11)

Johannes sien nog 'n dier voor hom verskyn. Hy rys op uit die aarde. Hy kom nie, soos die vorige dier, uit die see op nie. Hy is nie die produk van die gewoel van die volkere en die bruising van die nasies nie. Nee, hy kom uit die stille en vaste aarde. Hy lyk selfs aantreklik met sy twee horings net soos 'n lam.

Kom ons probeer eers vasstel wat sy oorsprong aan ons wil sê. Wat beteken dit dat hy uit die aarde opkom?

Ons lees in Gen. 1 dat God in die begin die hemel en die aarde geskape het. Die aarde word onderskei van die hemel. Ons kan derhalwe aflei dat hierdie dier heeltemal aards in wese is. Toe God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het, het Hy hom uit die stof van die aarde gemaak. Hy het dit egter nie daarby gelaat nie. Hy het ook die asem van die lewe in sy neus geblaas. Die mens het ook iets van hemelse oorsprong ontvang. Hy is geskape na die beeld en gelykenis van God. Daarom is die aardse mens, kragtens sy skepping, ook 'n hemelburger. Hierdie simboliese dier het egter niks in hom wat van hemelse oorsprong is nie. Hy is in sy hele wese heeltemal aards.

Omdat hy geheel en al aards is, is die dier ook nietig en gering teenoor die hemel en die hemelse wesens. Dink daaraan hoe nietig ons aarde in die heelal is. Hoe klein en nietig is die uit-en-uit aardse wese dan teenoor die Skepper van die heelal? "God is in die hemel, en jy op die aarde" waarsku die Prediker die hovaardige mens. (Pred. 5:1). "Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees." (Ps. 103:11).

Maar hier kom nog 'n ander element by. "Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal." (Joh. 3:31.) Hier wil Johannes die Doper, wat aan die woord is, nie alleen die hoogheid van Christus, wat van bo kom, benadruk nie. Nee, ook die ware en goeie kom van bo – alléén van bo. Alles wat bloot aards is, is onvolmaak en sondig. Die bloot aardse wese besit nooit volkome die wysheid nie, al praat hy gewoonlik met 'n groot mond. "Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; *hulle bedink aardse dinge.* (Filip. 3:19.)

Dit is opmerklik hoe dikwels ons in die boek Openbaring lees dat van die mense gepraat word as "bewoners van die aarde". (12:12). Die term wil ook aandui dat die mense nie alleen aardgebonde is nie, maar dat hulle aardsgesind is. Al hulle krag en wysheid en begeertes bly veranker aan die aarde en aardse bestaan. Wat hulle betref, is hulle maar net 'n hoë spesie van die dier.

Dit is die afkoms van hierdie dier uit die aarde. Hy groei uit die aarde en stel simbolies die aardsgesindheid van die mensdom voor. Hy is selfs die resultaat van die mens se kultuuraktiwiteite op aarde. Hy is uit die aarde gehaal deur die aardse mens. In sy kultuuropdrag het die mens 'n roeping ontvang om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Hy moes egter hierdie opdrag vervul om sy Skepper te verheerlik. Ons weet van die magtige kultuurprestasies van die mens met sy tegniek en kuns en wetenskap, maar dit is, helaas, aardgebonde en word ingespan tot oneer van die Skepper.

Geniet u aardse bestaan gerus. Maar geniet dit as 'n gawe van God en gee aan Hom die eer. Anders hoort u by hierdie dier.

# 8 Julie: Die lam met die stem van 'n draak

Matt. 23:13-26

*"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en gepraat soos 'n draak."* (Openb. 13:11)

Die dier uit die aarde is van oorsprong aards. Hy is uit die aarde gehaal. Ons kan sê dat hy saamgestel is uit aardse grondstowwe. En dan begin Johannes hom beskrywe. Hy het twee horings soos 'n lam. Sy horings simboliseer sy krag. Hy is 'n sterk man. Dat hy twee horings het en nie net één nie, dui daarop dat hy heeltemal genoeg krag het om opgewasse te wees vir sy taak.

Die aarde is deur die Skepper toegerus met wonderlike grondstowwe en die mens beskik in sy aardse bestaan oor onberekenbare vermoëns wat uit die aarde self voortkom. Daarby het die mens ook die vermoë, die verstand om al die middele te ontwikkel. Daartoe dra die natuurwetenskaplike metodes van die mens grootliks by. Ons aardse bestaan hang letterlik af van die vermoëns van die dier met sy lam-horings. Ons raak gewoon aan al die dinge, maar as iemand wat 'n eeu gelede geleef het, sou opstaan, sou hy versteld staan oor al die tegniese wondere.

En lyk alles wat ons sien en belewe as gevolg van die wetenskaplike ontwikkeling, dan nie vir ons soos 'n *redder* nie? 'n Lam laat ons mos dink aan *die Lam,* ons Here Jesus Christus. Hy is ons Redder uit Wie se hand ons lewe. En hierdie dier met sy lamhorings voldoen mos ook aan al ons behoeftes. Ons eet en drink uit sy hand. Ons ry op sy hande in ons motors en skepe en vliegtuie en hy verpleeg ons in die hospitaal en dryf die dood weg uit ons pad. Pragtig en mooi en goed is hy en daarby bekwaam en doeltreffend en hy verskaf ons genot en plesier in 'n oormaat. Al die dinge kom mos uit die aarde en is 'n gevolg van die kultuurbedrywighede van die mens met sy wonderlike verstand.

Maar Johannes hoor ook sy stem. Hy brul nie soos 'n leeu nie, brom nie soos 'n beer nie en huil ook nie soos 'n wolf nie. Nee, hy sis soos 'n slang – hy praat soos 'n draak. Jy kan wel hoor wat hy sê, want hy wil jou oorreed, soos die slang in die paradys vir Eva verlei het. Hy is die tipiese valse profeet – die wolf in skaapsklere. Alles wat die mens doen en ontdek en ontwikkel en in sy geesteswetenskappe aan die mens as wysheid voorsit, het iets wat waar en groots en goed is. Ons kan dit maar gerus aanvaar en ons oor al die dinge verwonder.

As al die dinge en kennis en wetenskap egter tot die aarde en die aardse beperk bly, is dit soos die slang – dit verlei die mens om agter die Antichris aan te loop en God te laster. Hy kom met mooi en aangrypende teorieë en dis dit vir die volle waarheid op. 'n Skrywer het êrens die opmerking gemaak dat Darwin sy ewolusieteorie ontwikkel het om 'n wetenskaplike grond te vind om sy ongeloof in God te regverdig. In die geleerde kringe bestaan haas nie meer so iets as om te bely dat daar 'n Skepper is van al die wonderlike dinge wat ons ontdek en kan gebruik nie. Ek weet van iemand wat 'n doktorstesis geskryf het waarin hy sy geloofstandpunt in die Skepper laat meespreek het, en dit is as "onwetenskaplik" verwerp. En dit was op die terrein van die sg. geesteswetenskappe.

Die slangestem hoor ons in die aksioma: Alles wat nie proefondervindelik bewys kan word nie, bestaan nie. Daarom bestaan die transendente God nie. Só praat die stem van die draak uit die bek van die lam. En hy maak miljoene slagoffers. Bid en waak oor u kinders en help hulle wanneer hulle wetenskaplike onderrig moet ontvang, uit die bek van hierdie lam.

# 9 Julie: Verleier soos min

1 Kor. 1:17-31

*"En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is."* (Openb. 13:12)

Wat Johannes hier sê, kan ons kortliks só saamvat: Die Antichris sal die wetenskap gebruik en die wetenskap sal daartoe dien om aan die Antichris eer toe te bring. Ek wil egter dadelik byvoeg dat die wetenskap as sodanig die eer van die Skepper verkondig. As hy net nie gepraat het soos die gesis van die slang nie! Soos met alle goeie dinge, gebruik die draak of die Satan ook die stem van die wetenskap om hom te dien en sy Messias uit die aarde groot te maak.

Die dier uit die aarde "oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë." Ons het vantevore gesien dat die Satan aan die eerste dier – beliggaam in die Antichris – sy vermoëns en sy troon en sy mag gegee het. (vers 2). Nou word die tweede dier – die lam met die slangestem – die instrument in die hand van die eerste dier om sy mag uit te oefen. En hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid – die dier wat van sy dodelike wond genees het.

Johannes verplaas ons hier na die tyd wanneer die Antichris sy volle magsopenbaring sal belewe. Hy het herstel van sy dodelike wond en het bereik wat die outydse Babelbewoners nie kon vermag nie. Die Babelse eenheidstrewe is verwerklik in die magtige wêreldryk van die Antichris. In die tyd sal die *aarde* die eer aan die dier gee. Nie alleen die mense op aarde nie, maar die aarde self, bring eer toe aan die Antichris. Dit beteken dat die tweemanskap – die Antichris en sy profeet, alles wat die aarde oplewer en wat saam met hulle op die aarde beweeg – alle ander lewende wesens, sal gebruik om aan die Antichris goddelike eer toe te bring.

Die Antichris gebruik die loop van die geweer of sy kernplofkoppe om sy mag af te dwing. En dit is beide produkte van die wetenskap. As gevolg van die leuenpropaganda gee die wetenskaplike mens ook 'n leuen-inhoud aan die werklikheid wat op aarde bestaan. Dink daaraan dat die kommunisme bv. rus op die filosofiese grondslag van die materialisme. Met ander woorde: alles op aarde is niks anders as stof of materie nie – die mens inkluis. Dit is die *gawe* van die valse wetenskap aan die ongedierte uit die aarde. En dit word só fanatiek geglo en gepropageer soos 'n godsdiens.

Só word die grondslae gelê vir die ryk van die Antichris en die mens opgevoed deur die wetenskap om te kom tot stofaanbidding. Darwin verlos die mens van sy onsterflike siel en maak van hom 'n super-aap. Freud verklaar alle menslike emosies en reaksies – ook die godsdiens – uit die twee belangrikste drifte: die seksdrif en die doodsdrif. Selfs deur die teologie word God, as Hy nog erken word, soms alleen tot die aarde beperk en godsdienstige norme en beginsels gerelativeer tot omstandigheidskeuses. Uiteindelik gaan dit maar net om die aarde en die wat daarop woon.

Daarom sal dit wees soos in die dae van Noag en Lot. Die mense sal eet en drink; koop en verkoop; trou en in die huwelik uitgee – of, sommer net saamleef. Punt! Niks meer nie. Hulle kon net sowel diere wees, wat ook eet en drink en paar en daarmee is dit uit. En die valse wetenskap gee aan só 'n bestaan 'n *wetenskaplike* grondslag. Natuurlik is die Antichris stewig op sy troon en word hy hartlik aanbid in só 'n tyd.

Kyk na bo, bruidskerk van Christus! Ons sien die vyeboom bot. Die mens van die sonde is vinnig in aantog en daarna – ons Bruidegom!

# 10 Julie: Wonders en tekens

Matt. 7:19-29

*"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense."* (Openb. 13:13)

In Openb. 19:20 word hierdie dier uit die aarde, "die valse profeet" genoem. 'n Profeet is iemand wat in opdrag en in belang van iemand anders optree. Só tree die profete van die Here op in sy Naam en verkondig sy Woord. Hulle het ook tekens en wonders gedoen in die Naam van die Here om hulle woord te bevestig. Dit doen die valse profeet ook nou. Hy tree op voor die aangesig van die dier uit die see – die Antichris. Hy verlei die bewoners van die aarde om die dier te volg en te eer of selfs te aanbid. En om dit te bekragtig doen hy tekens en wonders.

Van die valse profeet of profete het die Here Jesus al gesê: "Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." (Matt. 24:24). Ons hoef hier in Openbaring nie te dink aan één bepaalde persoon wat as profeet na vore sal kom nie. Die dier uit die aarde kan selfs 'n personifikasie van die godsdienstige en politieke en maatskaplik-morele grondslae van die ryk van die Antichris wees. Die doel van die valse profeet is dan om sy oorreding deur wetenskaplike kennis, te bekragtig met groot tekens. Die mensdom sien dit en het geen keuse as om te glo dat die valse profeet die waarheid praat nie.

Die profeet laat selfs vuur uit die hemel op die aarde neerdaal voor die oë van die mense. In ons kerneeu, met al sy tegniese wondere, is sulke toertjies wetenskaplik binne die bereik van die mens. Ons kan selfs nog baie groter wonders verwag binne die eeu waarin ons leef. As 'n mens dink aan die ontwikkelinge die afgelope twee-drie dekades dan lyk oorstelpende tekens deur mensehande nie onmoontlik nie.

Hierby moet ons in gedagte hou dat die duiwel ook sy hand in hierdie dinge het. Hy weet baie meer as ons en hy kan baie meer doen as ons. Hy kan nie alleen die valse profeet toerus met die beste sielkundige en filosofiese kennis en insig om die mensdom te mislei nie, maar selfs bepaalde buitengewone tekens deur mensehande bewerk. 'n Mens kan jou deur sogenaamde wetenskaplike waarhede, wat dikwels niks anders as teorieë is nie, laat mislei. Jy kan jou egter ook deur "vroom" wonderdoeners op die terrein van die godsdiens op sleeptou laat neem. Die draak beskik oor 'n legio middels en metodes. Geen wonder dat die Here Jesus só dringend waarsku teen misleidinge nie.

"En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens *wat hom gegee* is om voor die oë van die dier te doen." Ons kan gerus maar aanvaar dat die goeie Gewer ook aan hierdie profeet wonderlike begaafdheid gee, of hy nou al één bepaalde persoon is of nie. Hy maak die goeie egter vals, omdat hy dit gebruik om mense te verlei om die Antichris te aanbid. Hy maak selfs 'n beeld van die dier wat toegerus word met 'n gees en kan praat en kan bewerk dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. Dit is 'n tipiese kenteken van die afgod en die valse profeet. Hulle is baie vriendelik en probeer jou oorreed met allerlei mooi argumente en selfs wondertekens, maar hulle is meedoënloos onverdraagsaam as jy nie met hulle saamstem nie.

Selfs vandag al sien 'n mens hoe alles verdra en geduld word deur die sogenaamde "verligte" mens. Hy kan die diens van God egter nie verdra nie. Godsdienslose skole, waarin geen Christelike gebed gedoen mag word nie, is "neutraal" en "wetenskaplik" en "verlig" – al word die leuenpropaganda van die liberalisme en die kommunisme daarin as *wetenskaplik* opgedring aan Christen-kinders.

# 11 Julie: Die merkteken van die dier

Rom. 1:18-23

*"En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word."* (Openb. 13:16)

Die ryk van die Antichris is 'n totalitêre staat. Daarin beskik die owerheid geheel oor al die inwoners. Hulle moet almal inval met dieselfde politieke struktuur. Dit is 'n tipiese eenpartystaat. Almal is onderworpe aan dieselfde maatskaplike en morele gebruike en beginsels. En almal het dieselfde godsdiens – veral in die godsdiens, wat die innerlike van die mens ten diepste raak, mag niemand uit pas wees nie. Om hierdie eenheid te verkry en te handhaaf, ontvang elke mens wat dan op aarde leef, 'n merkteken op sy voorhoof òf op sy regterhand òf op beide.

Eintlik het ons hier 'n Griekse woord wat afgelei word van die begrip dat die merk in die vel gegrif of ingedruk word. Dit lyk asof dit moontlik 'n tatoeëermerk kan wees. Vir my is die hoofsaak dat ons moet uitmaak wat dit beteken dat die merk op die regterhand en die voorhoof aangebring word. Dan kan ons aflei waarop die simboliek van die merk wys.

Die regterhand is die hand waarmee 'n mens normaalweg werk. Dit is ook die hand van gemeenskap of kameraadskap. Dit kan derhalwe iets inhou van die werkkrag en is 'n eenheidsteken van alle aardbewoners. Op die voorhoof is 'n merk duidelik sigbaar vir elkeen. Ons kan derhalwe sê dat die merk van die dier 'n duidelik onderskeibare teken van samehorigheid is. Hoe die teken dan presies daar sal uitsien en of dit letterlik op die regterhand en voorhoof aangebring sal word, is van minder belang. Belangrik is dat almal presies en duidelik sal weet wie die aanhangers van die dier is. Eintlik moet ons dit andersom stel: die klein minderheid wat die dier en sy beeld nie wil aanbid nie, sal maklik uitgeken kan word.

In ons tyd van rekenoutomate is dit selfs moontlik dat so 'n masjien gevoer kan word met informasie van alle aardbewoners en dat alles omtrent elke mens onmiddellik vasgestel kan word deur bloot 'n paar syfers te draai – wie weet? Alle bevolkingsregisters word net saamgegooi in één masjien en die Antichris en sy profeet beheer elke mens op aarde. Die elektriese brein kom ook uit die aarde – die oorsprong van die dier uit die aarde en hy kan dit handig gebruik. Daar mag in die toekoms selfs nog baie meer en wonderliker middels ontwikkel word, sodat hierdie merkteken geen probleem vir die Antichris en sy profeet sal wees nie.

Só plaas die duiwel, die na-aper van God, sy seël op sy volgelinge, soos die Here ook syne verseël het. En dan kan hy toeslaan. Die heiliges of verseëldes van die Here word uitgeken en van elke moontlikheid om 'n bestaan op aarde te maak, uitgesluit. Niemand mag koop of verkoop as hy nie die merk van die dier dra nie. In ons tyd is allerlei geslote koöperasies vir my 'n treffende voorbeeld van hoe hierdie boikot teen die Christene toegepas kan word. Die ganse mensdom gaan immers een magtige wêreldkoöperasie wees. Die uitgeworpe Christene sterf dan 'n gewisse hongerdood.

"En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." (Matt. 24:22.)

# 12 Julie: Die getal 6-6-6

Job. 28

*"Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is ses-honderd-ses-en-sestig."* (Openb. 13:18)

Waar Johannes hier praat van wysheid en verstand, gaan dit nie om geleerdheid en groot verstandelike vermoëns nie. Nee, dit is die wysheid en verstand waarvan ons in Job 28 lees: "Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand." Die eenvoudigste Godvresende mens besit die ware wysheid en die geleerde en verstandelik begaafde mens het dit dikwels nie. "Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense." (1 Kor. 1:25.)

Om die getal te bereken is nie bloot 'n saak van nuuskierigheid nie. Dit is nie 'n saak van nuttelose, ydele bespiegeling nie, maar raak die tasbare werklikheid. Dit is noodsaaklik vir die bestaan en voortbestaan van die heiliges in die dae van die Antichris. Hulle moet dit weet om hom te ken en uit te ken as die dier uit die see. Uit die vorige vers is dit duidelik dat sy getal en sy naam en sy merk eintlik maar dieselfde is. Dit druk sy wese uit. Om hom te ken moet 'n mens sy getal ken. En die mense wat sy getal ken, weet dat hy nie die god is, wat hy voorgee om te wees nie. Daarom kan hulle hom nie aanbid nie. Hulle weet wie en wat hy in der waarheid is. Dit gaan vir hulle om lewe of dood. Hulle moet sy getal kan bereken om te kan vashou aan die Woord van God en die belydenis van sy heerlike Naam.

Wat sê sy getal 666 vir ons*?* Kan 'n mens, soos sommige spitsvondige "verklaarders", die syfers omskakel in letters en dan een of ander naam daarmee uitspel? Nee, dit sou van die Woord van God 'n orakel of towerspreukboek maak. *Só* hanteer 'n mens nie die heilige Woord van God nie. Buitendien werk die boek Openbaring, kragtens sy profetiese karakter, met simboliese getalle en beelde. Ook die getal 666 is simbolies.

Ons weet al dat *drie* die getal van God-Drie-enig is – 'n volmaakte getal. Daarom word die getal *ses* drie keer herhaal. Die getal *ses* stel die volheid van die geskapene voor. In *ses* dae het God die hemel en die aarde geskape. Op die sewende dag het Hy gerus en die sewende dag geheilig. Tereg praat ons van die sewende dag as die *dag van die Here.* Die Antichris bereik die volheid van die menslike of geskapene, maar sonder die Sabbat daarby. Die Goddelike rus ontwyk hom – dit bereik hy nimmer.

Daarom stel die getal 666, met sy drie sesse, die volheid van die ganse wêreld, in sy hoogste ontwikkeling en uiterste kragsinspanning voor. Die Antichris beheers die ganse wêreld met al sy bewoners en in sy volle kragsontplooiing. Hoër as dit kan die mens nie reik nie. Hy het die toppunt van die menslike leer bereik. Hy weet wat 'n mens maar kán weet en hy doen wat 'n mens kán doen. Alles en almal is ook tot sy beskikking. Is dit 'n wonder dat die aardbewoners verwonderd agter hom aangaan*?* Ook in die eenheid en samehorigheid van die mensdom is die aardse volheid bereik.

'n Mens sou God kon loof vir hierdie menslike prestasies. Ongelukkig staan alles in hierdie mooi en hoë ontwikkeling van die mens nie tot beskikking van God en word daarin nie sy eer gesoek nie. Nee, die mens bereik ook die volheid van die haat teen die heilige God. Daarmee het ook die Satan sy hoogste ideaal bereik. Hoër as dit kan hy nie. Hy is ingeperk tot die mens se beperkinge. Die Goddelike volmaaktheid bereik hy nie.

## 13 Julie: Die Lam en die 144 000

Openb. 14:1-5

*"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe."* (Openb. 14:1)

In die vorige hoofstukke (11-13) het ons die heftige stryd van die wêreld en hel teen die Here en sy gemeente gesien. Dit bereik sy hoogtepunt en eindpunt in die antichristelike wêreldryk. Tot troos en bemoediging van sy gemeente toon die Here nou die onsigbare kant van die werklikheid. Hoe gaan dit in die bitter swaar tye met sy gemeente? Kry Satan en sy instrumente die oorhand en hou die kerk op om te bestaan?

Hier sien u nou die keersy van die Sataniese woede. Vroeër in hoofstuk 7 het ons al gelees van die 144 000 verseëldes van die Here. Toe het Johannes gehoor hoe hulle verseël moes word, voordat die storms oor hulle losbars. Nou sien ons hulle nadat hulle deur die smeltkroes van die groot verdrukking van die duiwel heengegaan het. En nie één van hulle word gemis nie. Daar staan hulle almal by die Lam op die berg Sion in die heerlikheid. Die wat Hy gekoop en met sy merkteken op die voorhoof verseël het, het Hy ook deurgehelp en bewaar en in die heerlikheid gebring.

Ons sou selfs kon begryp dat Johannes, wat die vorige dinge gesien het, angstig en bekommerd sou wees. Ons as lesers kan ook nie anders as om met angs en onrus die dinge te lees nie – veral as ons ook rondom ons in die wêreld kyk en nou alreeds soveel voortekens sien van wat vir die kerk op aarde wag. Daarom is hierdie gesig byna vanselfsprekend 'n antwoord uit die hemel op die onrustige vrae in ons harte. Die Here skuiwe die gordyn weg om aan ons die oorwinnaars ná die aardse stryd te toon.

Johannes sien die Lam – die Lam wat geslag is, maar oorwin het. Hy is die geheim van ons verlossing en ons oorwinning. Hy het nie sy volk losgekoop met sy bloed om hulle weer prys te gee aan die Satan en die Antichris nie. Hy staan op die berg Sion. Sion is die plek waar die tempel van God op aarde gestaan het, en daarom hier die simbool van sy woonplek in die ewigheid. Die Lam staan derhalwe by of in die woning van God in die ewige heerlikheid. Met die Lam as die middelpunt staan die 144 000 gesaligdes rondom Hom, soos die skape rondom hulle Herder. Hulle is almal daar – nie één ontbreek nie.

Waarom ontbreek nie 'n enkele skaap van Jesus op die berg Sion in die heerlikheid, na die aardse stryd, nie? Omdat hulle gemerk is met die merkteken van God op hulle voorhoofde. Die Naam van die Lam en die Naam van sy Vader is op hulle voorhoofde geskrywe. Hulle is gemerk as die eiendom van God en Hy laat hulle nie los nie. "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by *jou naam* geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie." (Jes. 43:1, 2.) Daar sien u die bevestiging van die soort uitsprake in die Bybel. God is getrou en Hy is die Almagtige, daarom kan en sal Hy sy volk bewaar.

Die boodskap van die gesig wat Johannes hier sien, is: Verlos en nie verlore nie! Deur die geskiedenis heen en veral aan die eindtyd, sal dit lyk asof vlees en bloed nie bestand is teen die vreeslike aanslae van die Bose nie. Hier sien ons hoe lyk die mense wat in die smeltkroes van lyding en vervolging was. Hulle staan rondom die Lam – hulle Here – in die ewige heerlikheid op die berg Sion. "Halleluja! loof die HERE, o my siel!" (Ps. 146:1.)

# 14 Julie: Maagdelike reinheid

Hos. 2:11-22

*"Dit is hulle wat hulselfmet vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge van die Lam."* (Openb. 14:4)

Uit hierdie uitspraak lei verklaarders soms af dat ons hier 'n uitsonderlike groep Christene het. Dit lyk só asof hulle 'n keurbende is – die voortreflikstes uit al die volgelinge van die Lam van God. Sommige lei selfs hieruit af dat hulle nooit getrou het nie. Vir die Roomse kerk is dit dan ook 'n baie sterk argument vir die sogenaamde selibaat van hulle priesters – hulle mag nooit trou nie.

Dit sou gewis die "heilige huwelik" sterk in gedrang bring. Dan sou die apostel Petrus, wat getroud was, vér agterstaan by Paulus wat nooit getrou het nie. Nee, só 'n onderskeiding ken die Bybel nie. Die Bybel veroordeel nie geslagsomgang binne die huwelik nie – nêrens nie. Ons kan hoogstens hieruit, in die letterlike sin van die woord, aflei dat hulle hulself nie besoedel het met ontugtige vroue nie. Hulle het hulle nie skuldig gemaak aan hoerery nie.

Maar volgens die profetiese aard van die boek Openbaring, wat met simboliek werk, moet ons die verklaring van die uitspraak nie in die letterlike betekenis van die begrip soek nie. Ons kan maar net onthou dat die Here sy volk Israel beskuldig van owerspel, wanneer hulle die afgode dien. Dan verbreek hulle die heilige huwelik met die Here, hulle wettige Man, en besoedel hulleself met ander vroue, die afgode. Dan beteken dit dat hierdie mense – mans sowel as vroue – aan hulle Here getrou gebly het en nie die Antichris aanbid het, soos die ander mense nie. Hulle het nie van die Here *afgehoereer* nie. Dit geld van elke gelowige wat volhard in die geloof.

Dit versinnebeeld die kerk wat getrou bly onder die vreeslikste verdrukkinge en versoekinge op aarde. Hulle weier om toe te gee aan die fluistering van die dier uit die aarde met sy listige slangestem. Die verleiding van die vroulike skoonheid wat gerig is op die sterk sinlike begeertes van die man, is 'n baie gepaste beeld om die sluwe verleidinge mee aan te dui – verleidinge waarmee elke kind van die Here dag vir dag gekonfronteer word. En dan geld dit nie alleen hierdie bepaalde soort verleidinge nie – dit geld vir alles in die wêreld. Dink byvoorbeeld aan die greep van geld en besittings. Elkeen wat homself waarlik ken, weet van al hierdie dinge, waarteen ons elke dag in 'n bloedige stryd staan.

Só volg ons die Lam, oral waar Hy heengaan. Ons is bereid om, soos Hy, druk en nood en laster te verduur, om sy Naam ontwil. Ons bly getrou aan Hom, al sink die aarde onder ons voete weg en al donder die onweer oor ons hoofde en verblind die weerlig ons oë.

En dit is nie omdat ons 'n uitsonderlike getroue keurbende in die koninkryk van God is nie. Nee, "dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam". Die eerstelinge van die oes en die eerste lammers wat vir 'n skaapooi gebore is, was vir die Here bedoel. Dit was sy *eiendom* en geen Israeliet mog dit vir homself hou nie. Selfs sy eersgebore seun moes hy loskoop met 'n offergawe, want alles wat die moederskoot open, behoort aan die Here. Duidelik? Die eerstelinge vir God en die Lam, is sy kinders – almal wat Hy losgekoop het met die bloed van die Lam. Eerstelinge is verteenwoordigend van die hele oes.

Onthou dit altyd, kind van die Here! Die Here bewaak en behou sy eiendom tot in ewigheid.

# 15 Julie: Geen bedrog en sonder gebrek

Rom. 3:21-31

*"En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God."* (Openb. 14:5)

Ook hierdie uitspraak maak dit vir mense soms moeilik. Mense met 'n oppervlakkige sondebesef en 'n eiegeregtige inbors, kan nogal praat van volmaaktes op aarde. Hulle beskuldig selfs die Calvinistiese kerke van 'n gruwelike dwaling omdat ons bely: "ook die allerheiligste het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid, solank as hulle in hierdie lewe is." (Heidelbergse Kategismus, Sondag 44.) Ons staan egter baie gewis op die grondslag van die Bybel. "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie." (1 Joh. 1:8.) Dink ook aan die uitspraak van Paulus: "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, doen ek." (Rom. 7:19.)

Ons hoef egter nie te aanvaar dat die mense, in wie se mond geen bedrog gevind is nie, geheel geen sonde gehad het nie. Dit beteken egter wél dat hulle in die verhouding tot God en in sy heilige verbond altyd getrou gebly het. "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus." (Rom. 5:1.) Die mense het in die geloofsverhouding met God in Christus standvastig gebly. Dink aan die waarskuwing van die Here aan Simon Petrus: "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie." (Luk. 22:31, 32.) Simon Petrus sou val, en hy het geval, maar hy het nie *verval* nie, omdat hy die geloof behou het. En hy het die geloof behou, nie omdat hy só 'n sterk man was nie, maar omdat die Here vir Hom gebid het. En die Here bid vir elkeen van die 144 000 verseëldes. Hy sou juis in besonder bid vir hulle, wanneer die Antichris op die toppunt van sy mag is, en geen mens in eie krag kan volhard nie.

En omdat hulle in die geloof gebly het, is daar geen bedrog in hulle mond gevind nie. Hulle is eenvoudige en opregte strydende gelowiges. Hulle val wél, maar bly nie in die sonde lê nie. Soos Simon Petrus, ween hulle dikwels bitterlik oor hul eie swakhede, maar hulle hou aan die genade van die Here vas. Hulle kan van Hom nie loskom nie – die duiwel kan hulle nie uit die hand van hulle Meester ruk nie.

Daarom staan hulle nou sonder gebrek voor die troon van God. Niks – ook nie hulle eie sonde en struikeling – kon dit verhinder dat hulle in die ewige heerlikheid aankom nie. Die Here bring hulle daar – al sy uitverkorenes – die volle 144 000. Nie die geringste onder hulle ontbreek nie. Ons weet immers dat hierdie getal 144 000 'n volkome getal is, van alle kante besien. Die volmaakte getalle: 12 x 12 en 3 x 4 is hierby inbegrepe.

En hulle sing hulle nuwe lied. Hulle roem nie in eie krag nie en wys nie op eie werke nie, maar hulle sing alleen uit volle bors hulle hallelujas in die hemel tot eer van hulle hemelse Vader en die Lam. Wat hulle is en gebly het, ondanks die verskriklike storms wat hulle moes verduur, het hulle alleen aan sy genade en trou te danke.

Só kan ons ook ons stamelende loflied aanhef. Ons leef nog hier – met ons gebreke en ons struikelinge. Ons is tereg bang vir onsself, wanneer ons dink dat ook ons die vuur van vervolging sal kan binnegaan. Ons weet egter: onse Here is en bly dieselfde van ewigheid tot ewigheid. En hierdie gesig van die 144 000 op die berg Sion, voor die troon van God, is ook aan ons getoon om ons geloof te versterk.

# 16 Julie: 'n Ewige Evangelie

Jes. 53

*"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke."* (Openb. 14:6)

Nou sien Johannes in sy gesigte drie engele na mekaar optree. Die eerste engel verkondig nog die evangelie en die ander twee kondig die eindoordeel aan. Dit is die gewone volgorde dwarsdeur die Bybel en dwarsdeur die boek Openbaring. Die Here verkondig eers die evangelie, voordat Hy sy toorn uitstort. Hy oordeel nie sonder om te waarsku nie.

"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg . . ." Blykbaar bedoel Johannes hier dat hy 'n ander gesig gesien het van 'n engel. Die engel vlieg in die middel van die lug, waar almal hom kan sien. Sy boodskap moet duidelik wees – hy is sigbaar en sy evangelie is hoorbaar. Dit is die enige en ware evangelie, maar in 'n bepaalde sin is dit nou beperk, omdat dit gerig is op die einde. Reeds sedert die ou-ou tye wag en hoop die volk van die Here op sy koms. Nou gaan die belofte in vervulling, daarom is dit die ewige evangelie. Die evangelie is na sy inhoud 'n boodskap van heil en in sy verkondiging 'n vreugdetyding. Só is die evangelie tot in die laaste oomblik. Die deure van genade bly oop vir elkeen wat wil hoor.

En dit word verkondig aan alle nasies en stamme en tale en volke. Dit is gerig tot alle bewoners van die aarde. In die verband het nou reeds in vervulling gegaan wat die Here Jesus elders sê: "En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word." (Mark. 13:10.) Alle nasies hoor dit nou of het dit alreeds gehoor.

Van begin tot einde bly die inhoud van die evangelie Jesus Christus, die Gekruisigde. En deur die eeue heen dien dit tot die saligheid van mense wat glo en tot 'n oordeel vir die mense wat nie glo nie. Al is dit net 'n getuienis teen die ongehoorsame mensdom, dan nog moet die evangelie verkondig word. Dit is die taak van hierdie engel of boodskapper. Of ons hier werklik met 'n engel of met simboliek te doen het, maak eintlik geen verskil nie. Tot aan die einde van die eeue toe kan die getuies van Jesus Christus nie swyg nie.

In hoofstuk 6 trek die evangelie die eeue deur in die gestalte van die ruiter op die wit perd. In hoofstuk 11 word sy gang geteken deur die twee getuies in sakke geklee. Hier is 'n engel weer die draer daarvan.

Veral as 'n mens daaraan dink dat die leraars van die sewe gemeentes in Asië in hoofstuk 2 en 3 *engele* genoem is, dan is dit moontlik dat ons hier ook moet dink aan die gewone prediking van die Woord van God deur mense. Dit is deurgaans die normale manier waarop die Here sy boodskap aan die bewoners van die aarde oordra. Net só min sal die mense na 'n engel luister, as wat hulle sal luister na iemand wat uit die dode opstaan. Daarvan sê die Here Jesus in die gelykenis van Lasarus en die ryk man: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan." (Luk. 16:31.)

Ons moet erns maak met die evangelie wat aan ons verkondig word. Vir die Here is dit heilige erns. Ons predikers moet weet dat ons 'n heilige en verantwoordelike werk het en ons hoorders moet begryp dat dit vir ons gaan om die ewige lewe of die ewige verdoemenis. Hier sien ons hoe die roep vir laas kom ... en dan die oordeel.

# 17 Julie: Vrees God en gee Hom heerlikheid!

Openb. 14:6-13

*"En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het"* (Openb. 14:7)

Johannes sien 'n engel vlieg in die middel van die lug met 'n ewige evangelie om te verkondig aan alle nasies en stamme en volke en tale. Almal kan hom sien en almal kan hom hoor. Die inhoud van die evangelie wat hy verkondig, word dan hier in kort weergegee. En dan tref dit ons dat hier 'n besondere aksent op die ou-ou evangelie geplaas word. Die nadruk val nie op die Lam wat geslag is nie, maar op die Skepper wat alle dinge gemaak het.

Op die aarde word baie stemme gehoor. Die mensdom is lankal by die stadium verby dat hy nog dink aan 'n Verlosser. Sy *verlosser,* die Antichris, het sy aardse paradys verwerklik. En hy het sy ryk gebou op die puinhope van die verbygegane orde. Die ou strukture is afgebreek – ook die struktuur van die Christelike gemeente op aarde. Hier en daar word nog die stem van die evangelie gehoor, in die getuienis van die oorblywende gelowiges. . . Die mensdom in die algemeen weet egter nie meer van God die Skepper nie. Hulle "wetenskap" het hulle daartoe gebring om te glo dat al die bestaande dinge – die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine maar toevallig ontstaan het. Op die voetspoor van Darwin en sy dissipels is die idee van 'n Skepper lankal as absurd en ondenkbaar verwerp.

Dit is daarom dat die evangelie van die eindtyd in die besondere gestalte ingeklee word. Die mense moet weer by die grondbegrip van die bestaan van alle dinge en hulle eie bestaan kom. Hulle moet weer geplaas word voor die wonderlike en geheimnisvolle ontstaan en voortbestaan van alle dinge. Die Antichris en sy medewerkers kan wel gebruik maak van wat voor hande is. Hulle kan egter niks tot stand bring wat voorheen nie bestaan het nie. Alles wat die Antichris en sy wonderlike profeet vermag, is afhanklik van grondstowwe en geheime kragte wat die almagtige Skepper in sy maaksel gelê het. Selfs die verstandelike vermoëns van die mens kom van die Skepper. Die mense steel die eer van die Skepper en skryf dit aan die Antichris en sy profeet toe.

In die tyd het die mensdom só ver afgewyk dat hulle weer die eerste beginsels van die ABC moet leer. Hulle moet heel voor begin – daar waar die Here begin het met sy Woord: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." In die tyd van Paulus het hy met die geleerde Grieke van Athene ook by die Skepper begin. Die verskil was alleen maar dat die Grieke nog geglo het in 'n skepper, maar die ware Skepper nie geken het nie . . .

Nou glo die mense egter nie meer in 'n Skepper nie. Hulle glo in die absurde opvatting dat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine toevallig op een of ander wyse ontwikkel het. Hulle glo selfs dat die wonder van die lewe toevallig êrens in die oerverlede ontstaan het, en dat die miljarde verskillende vorme van lewe uit een oervorm ontwikkel het. Hulle meen ook dat die mens die uiteindelike produk van 'n lang en moeisame ewolusie deur die eeue heen is – die produk van 'n dierevoorgeslag.

Vrees God en gee Hom heerlikheid. Erken en bely Hom as die almagtige Skepper. Dit is eindevangelie. Vir laas weerklink dit nog oor die aarde. Die uur van sy oordeel is daar en dan sal elke tong Hom bely, maar dan is dit te laat. Ons moenie dink dat ons die Here met ons gemoed kan dien en met ons verstand kan verwerp nie. Hy verwag van ons die vrees van die Here met hart en siel en verstand en alle kragte.

# 18 Julie: Geval het Babilon!

Hos. 9:1-7

*"En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery."* (Openb. 14:8)

Die oordeel van God neem 'n aanvang. Dit begin by Babel die aartsvyand van God. Dit is die simboliese naam van die middelpunt van die antichristelike ryk. Babel of Babilon was die ryk wat Jerusalem en die tempel van God verwoes het, en sy volk in ballingskap weggevoer het. Hierdie ryk het 'n einde gemaak aan die selfstandige bestaan van die volk van God. Hy het 'n einde gemaak aan die ryk van koning Dawid, wat in die Bybel die tipiese voorbeeld of skadubeeld van die ryk van Christus was. Deur die eeue heen was Babel altyd daar, maar in die ryk van die Antichris bereik hy sy hoogtepunt. Dan oorheers hy die hele wêreld en rig die kerk van Christus ten gronde.

Geval, geval het Babilon! In hoofstuk 17-19 word hierdie val van Babilon meer in besonderhede beskrywe. Hier word dit alleen maar aangekondig en só voorgestel asof dit alreeds gebeur het. In die raad van God staan dit in elk geval vas, daarom sal dit vir seker gebeur. Nou gaan finaal in vervulling wat Jesaja alreeds voorspel het: "Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van sy gode verbrysel teen die grond. O my getrapte en gedorste volk, wat ek gehoor het van die HERE van die leërskare, die God van Israel, het ek julle bekend gemaak." (Jes. 21:9, 10.)

Waarom tref die oordeel van die Here die groot stad Babilon? "Omdat sy die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery." Dit mag wees dat Babilon, die wêreldstad die middelpunt is van die gruwelike sonde van onreinheid. Dan gaan dit letterlik om die oortreding van die sewende gebod. Dit is egter onwaarskynlik dat ons dit hier só moet sien.

Dit lyk asof ons hier te doen het met geestelike hoerery. Só het die HERE in die Ou Testament sy volk dikwels oor die sonde bestraf. "Wees nie bly met gejuig, o Israel, soos die volke nie, want jy het gehoereer van jou God af weg; jy het hoereloon liefgehad op al die koringdorsvloere . . . Want kyk, hulle gaan heen weens die verwoesting: Egipte sal hulle versamel, Memfis hulle begrawe; onkruid sal hulle skat van silwergoed in besit neem, dorings in hulle tente wees." (Hos. 9:1, 6.)

Babilon, die groot stad, is klaarblyklik die simbool van die afvallige bruid van Christus. Dit is die versamelnaam van almal wat eertyds tot die stad van God, Jerusalem behoort het, maar ontrou geword het. Later in hoofstuk 17-19 staan ons meer in besonderhede hierby stil. Die eertydse verbondsgeslag en selfs kerke, het hulle deur die wêreld laat inneem. Hulle het weggebreek van die Here en sy Woord verwerp en sy Naam verloën. Dan word hulle selfs vyande van God en sy ware aanbidders. Hulle is in elk geval daarop uit om die getroues ook te verlei met die wyn van die grimmigheid van hulle hoerery.

Babilon vertoon enersyds die beeld van die tipiese wêreldstad met losse sedes wat daarop uit is om haarself met aardse weelde te verryk. Die kerk en wêreld is nou aan mekaar verbonde. Sy kan egter selfs vroom lyk en met woorde van menslike wysheid, wat dwaasheid by God is, andere ook verlei om te deel in haar afvalligheid of geestelike owerspel. Dit kos genade en wysheid om staande te bly teenoor die verleidinge van Babilon in sy verskillende nuanses.

Bewaar jou pand en hou jou klere rein. Bly in die Here en laat sy Woord nie los nie, anders val jy ook in die oordeel van Babilon.

# 19 Julie: Drank uit die beker van God se Toorn

Luk. 22:39-46

*"sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn . . .*" (Openb. 14:10)

Twee engele het nou al voor Johannes verskyn in die middel van die lug. Nou sien en hoor hy 'n derde engel, wat nie alleen die oordeel aankondig nie, maar dit ook beskrywe. Hy vertel duidelik wat vir die verloregaandes wag. In die beskrywing van die smarte van die verloregaande mense gebruik hy beelde wat aansluit by ander uitsprake in die Bybel.

Die mense, wat die dier en sy beeld aanbid en sy merkteken op hulle voorhoof en regterhand ontvang, drink die wyn van die grimmigheid van Babilon se hoerery. Hulle is as gevolg daarvan blind vir die groot dade van God en doof vir sy roepstemme tot bekering. Nou sê die Here dat Hy hulle ook gaan dronk maak van die bedwelming van die wyn van sy grimmigheid, wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn. Onse Here Jesus het een keer gebid: "Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil." (Mark. 14:36.) God die Vader het die wyn van sy grimmigheid vir sy eie Kind aangebied, en Hy het dit leeg gedrink. Daarmee het Hy die helse smarte gedra vir die ganse mensdom. En dan bied die Vader sy genade vir die hele wêreld aan. Hulle klap sy hand van genade egter opsy en vertrap die bloed van die Lam. Daarmee toon die mensdom – die aanbidders van die dier – dat hulle die *vleesgeworde draak* verkies bo die *vleesgeworde Woord.*

Daarom moet hulle nou self die beker van God se grimmigheid leeg drink. Die wyn van sy toorn word ongemeng aan hulle voorgesit. Daar kom nie 'n druppel water by om hulle smarte te verlig nie. Elkeen wat hom verlustig in die wyn van Babilon, sal gewis ook drink van die wyn van God se grimmigheid. Die beker van die toorn van God staan gereed. En die toorn van God word nie getemper nie. Hy het dit immers met Christus ook nie gedoen nie, maar sal dit in sy volle verskriklikheid oor al die haters van God uitstort.

Hulle sal gepynig word met vuur en swawel. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie. Die mense bly in sterwensangs en pyn tot in alle ewigheid. Christus het intensief in die tyd gely en kon dit doen, alleen omdat Hy meer as 'n mens was – Hy is ook die Seun van God. Die mense kry nooit klaar met die lyding nie. Hulle het dag en nag nooit rus nie. Die verloste mens gaan die ewige rus in na die dag van aardse stryd en lyding. Die ongelowige mens soek sy rus op aarde in wat die aarde bied en hy beërf dan die ewige onrus. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God!

En die ewige straf ondergaan die verloregaande mens "voor die heilige engele en voor die Lam". Die engele was deur die eeue heen getuie van baie aan onreg en verdrukking oor die volgelinge van die Lam. Hulle moes ook hoor en sien hoe die nietige mens hulle God belaster en haat en onteer. Nou sien hulle dat God regverdig is. Ook die Lam, ons Here Jesus wat ondervind het hoe Hy self deur mensehande gegesel en gekruisig is, sien nou hoe sy bloed aan die bewoners van die aarde gewreek word . . .

Maar dit sal ook vir die verloregaandes vreeslike selfverwyt en magtelose spyt beteken, wanneer hulle die Lam sien en besef dat hulle Hom as Saligmaker verwerp het. Dit is te laat – vir ewig te laat!

# 20 Julie: Lydsaamheid en Geloof

Ps. 84

*"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."* (Openb. 14:12)

Dit is nie duidelik of hierdie woorde deur die engel of deur Johannes self uitgespreek is nie. Op grond van wat volg, lyk dit asof Johannes self hier aan die woord is. Dit lyk ook asof dit 'n vanselfsprekende aanmoediging of versugting van die skrywer kan wees. Hy is self betrokke by wat hy sien. Hy self besef wat dit vir die kerk van die laaste dae, tydens die heerskappy van die Antichris, sal beteken. Alles in die wêreld sal dit vir hulle moeilik maak om te volhard.

Johannes het pas die waarskuwing van die engel teen die verleiding van Babilon meegedeel. Geestelik sal dit 'n benoude tyd wees vir die diensknegte van die Here. Hy dink ook aan die wrede ongedierte uit die see en sy profeet, die dier uit die aarde. Hy weet dat elke gelowige moeilik sal kan sien en onderskei wat reg is. Daarby weet hy ook dat hulle vervolg en gehaat sal word. Hulle volharding sal tot die uiterste beproef word.

Johannes, die apostel van die liefde, is ontroer en met deernis vervul. Daarom kom die bange waarskuwende roep uit sy innerlike. Hou tog vol, gelowiges! Moenie beswyk nie! Hou vas aan die gebooie van God. "Hier is die lydsaamheid van die gelowiges". *Lydsaamheid* is die vermoë om te kan volhard onder druk en vervolging. Hou tog uit en hou tog aan, gelowiges! Moenie beswyk nie!

Die lydsaamheid of volharding kom daarin aan die lig dat ons die gebooie van God bewaar. Elke kind van God weet dat hy uit genade gered word. Hy dra hoegenaamd niks by tot sy verlossing nie. Christus het alles gedoen, wat gedoen moes word. Maar 'n gelowige is 'n verloste sondaar en daarom is hy anders as ander sondaars. Sy lewensbeginsel is om na die gebooie van God te lewe. Hy kan nie anders as om vrugte van dankbaarheid voort te bring nie. Daarom word die mense, wanneer Christus kom om te oordeel, volgens hulle werke geoordeel. Hy kan dit gerus maar doen, want 'n ware geloof sonder die werke, is ondenkbaar

Die onderhouding van die gebooie van die Here is en bly verbind aan die lewe uit die geloof in Jesus Christus. Daarom moedig Johannes ons ook aan om die geloof in Jesus te bewaar. Die geloof is die kosbaarste skat wat 'n mens op aarde kan besit. Aan die één kant weet ons dat dit onverliesbaar is, omdat dit 'n gawe van God is. Ef. 2:8: "Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie; dit is die gawe van God." Geloof is die hand wat die Here aan ons gee om aan Hom vas te hou. Nee, dit is selfs meer as dit, dit beteken dat die Here self ons vashou.

Aan die ander kant kom die geloof tot uiting in die openbaar deurdat ons die geloof bewaar. Só werk die Here. Dit is nie alleen Paulus en Silas wat, gemartel en vasgeskroef in 'n blok in die binneste deel van die gevangenis van Filippi, nog in die nag kon sing en bid nie. Nee, sulke singende martelare sal daar altyd wees – tot die einde toe. Hou maar net vas wat jy het. Bewaar die geloof in Jesus Christus, die Lam van God, wat vir jou sondeskuld geslag is.

Dan sal die kinders van God bid – soos nooit tevore nie! Daarom sal die Here hulle ook nooit in die steek laat nie!

# 21 Julie: Salig is die dode!

Joh. 10:22-30

*"En ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Skryf- salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle."* (Openb. 14:13)

Johannes is onder die indruk van die vreeslike nood van die kerk en die verskriklike oordeel oor die aanbidders van die Antichris. Oor die dinge het hy só pas duidelike openbaringe ontvang. Hy aanskou alleen maar ellende en ongeluk waar hy kyk. Voor sy geestesoog is niks anders as donkerheid, wanneer hy dink aan die laaste dae van hierdie aarde nie. Ook by ons is dit só. Ons hoop selfs heimlik of openlik dat ons die dae nie mag belewe nie.

Vandaar hierdie stem uit die hemel. Dit is nodig dat bepaalde dinge vir ons uit die hemel gesê word, anders sou ons dit nooit dink of verwag nie. Ons kyk alleen teen die aardse nood vas en ons betreur die dode. Ja, ons bejammer hulle. En onsself is bang en huiwer voor die naderende dood. Die dood is vir ons 'n onbekende en grimmige vyand. Dit moet vir ons uit die hemel gesê word dat die dode, wat in die Here sterwe, nie dood is nie, maar lewe. Ons moet uit die hemel hoor dat hulle nie te bejammer is nie, maar gelukkig – salig – is.

Eintlik kom van hierdie stem uit die hemel selfs 'n sagte verwyt tot ons. 'n Mens vra jou af wat beteken "van nou af"? Luister: "Salig is *van nou af* die dode wat in die Here sterwe." Sien dit alleen op die tyd van die Antichris of geld dit ook vir ons? Ja, ons kan gerus maar aanvaar dat dit geld vir elke Christen. Elkeen wat weet dat Jesus Christus die dood oorwin het, weet onomwonde en duidelik dat die dode wat in Christus sterwe, salig is. Hy het die dood oorwin – dit weet ons uit die Bybel. Dit deel die stem uit die hemel aan ons mee. Die gelowiges in die tyd van die Ou Testament kon miskien nog daaroor bedenkinge gehad het. Ons het daartoe geen rede meer nie, want ons weet dat onse Here die dood oorwin het.

En dan voeg die stem uit die hemel iets daarby wat só 'n troos en heerlike bemoediging is, dat ons dit nooit op aarde naastenby sal kan begryp nie. "Ja, sê die Gees sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle". Hulle gaan die ewige rus is. Soos die vermoeide reisiger kom hulle eindelik tuis – in die Vaderhuis met sy baie woninge. Hulle *rus van hulle arbeid* beteken nie dat werk normaalweg vermoeiend is nie, maar die *moeitevolle,* frustrerende, die vloek-element, maak 'n mens moeg tot die dood toe. Daarvan is die dode verlos, wat in die Here sterwe. In die heerlikheid dien die gesaligdes die Here dag en nag, sonder om ooit moeg te word. Dit is hulle lewensvreugde. . . En dan moet ons tog ook erken dat arbeid in diens van die Here en tot eer van sy Naam, ook al hier op aarde aan ons die grootste lewensvreugde gee wat 'n mens kan bedink. Beproef dit maar.

Dit word hier bevestig deur die Heilige Gees. Hy beaam wat die stem uit die hemel sê. En Hy voeg nog by: "en hulle werke volg met hulle." Pragtig! Gelukkig gaan ons werke nie voor ons uit om die hemelpoort vir ons oop te sluit nie. Dit doen Christus alleen uit genade. Ons gaan die hemel in deur die geloof in Hom alleen en nie volgens die verdienste van ons werke nie. En tog kom ons werke, wat in die Here gedoen is, ook daar. Hulle kom agterna en dra in die ewigheid vrugte. Ons kan ons selfs daar verbly in wat ons hier op aarde in die koninkryk van God gedoen het.

Gelukkig is elke sterwende vir wie daar in die hemel mense wag of sal kom aan wie hy die weg na Christus gewys het. Ons beker van geluk sal oorloop! Sulke mense is die lewende vrug op ons swakke arbeid.

## 22 Julie: Die Menseseun op die wit wolk

Dan. 7:9-14

*"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos ii Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel."* (Openb. 14:14)

Sedert die begin van hoofstuk 13 het Johannes geweldige dinge gesien. Hy het gesien hoe die Satan sy ryk op aarde vestig in die koms van die Antichris en sy profeet. In die dier uit die see het die Satan 'n mens op die politieke troon op aarde geplaas en in die dier uit die aarde het hy die mensdom geïndoktrineer met valse godsdiens en valse filosofieë. Daarna sien hy die Lam met die 144 000 op die berg Sion. Teenoor die mag van die Bose op aarde, toon die Here aan hom dat Hy nog steeds regeer deur die Lam, en sy verseëldes nie prysgee aan die duiwelse geweld of liste nie. Daarna verskyn die drie engele in die middel van die lug met die boodskap van die naderende oordeel van God.

Nou loop die bepaalde gesig ten einde. Waarskynlik staan Johannes nog altyd aan die strand van die see – ook nou toe hy hierdie wonderlike gesig aan die hemel sien: 'n Spierwit wolk – op die wolk die gestalte van 'n Menseseun met 'n kroon op sy hoof en 'n skerp sekel in sy hand.

Ons kan nie anders as om hierdie Menseseun te herken nie. Ons weet dat die Here Jesus Homself altyd die "Seun van die mens" genoem het. Ons weet ook dat Hy daarmee bedoel het om Homself te vereenselwig met die Menseseun van Dan. 7:13:"... met die wolke van die hemel het Één gekom soos die Seun van 'n mens." Ook in Openb. 1:13 praat Johannes alreeds van Hom as "Een soos die Seun van die mens."

En dat ons Here Jesus Christus hier op 'n wit wolk verskyn, sê ook aan ons watter geleentheid hier deur Johannes gesien word. Dit gaan hier om niks anders as die eindoordeel nie. Hy kom as Regter om te oordeel die lewende en die dode. Alreeds Daniël sê dat aan Hom heerskappy en koningskap gegee is oor alle volke en tale en nasies en dit is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie. Jesus self verklaar in Mark. 13:26: "En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid. En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel."

Hy het 'n kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. Só kom Hy om sy oes in te samel. Wonderlik is sy majesteit en rus. Die Antichris en sy profeet doen groot en lasterlike dinge op aarde. Die duiwel het neergedaal met groot woede en sy heerskappy op aarde is wreed en gewelddadig. Teenoor al die rumoer en oorlogsgeweld van die mensdom op aarde, verskyn onse Here, rustig sittende op 'n wit wolk. Rustig in kalme hoogheid verskyn Hy, die Heilige en Almagtige. Voor Hom is die nasies soos 'n stoffie aan die weegskaal.

Die uur van sy oordeel het gekom. Ja, die oes is ryp. Daarom is sy sekel in sy hand. "Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode? Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker, wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem". (Heidelbergse Kategismus, Sondag 19.)

# 23 Julie: Slaan u sekel in en maai!

Matt. 13:36-43

*"En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met* 'n *groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het."* (Openb. 14:15)

Die Here Jesus kom op 'n wit wolk. Hy openbaar Homself as Koning. 'n Koning het normaalweg 'n hofhouding met sy bediendes en gesante en boodskappers. Gewoonlik tree 'n koning nie self tot die stryd toe nie. Hy gebruik sy strydmagte om die werk te doen. Hy gee alleen die bevele.

Teen die agtergrond moet ons die verloop van sake, soos hier aan ons voorgestel, verstaan. Die Koning is gereed. Hy sit op sy troon en Hy wag op die regte oomblik wat moet aanbreek. In die tempel of woning van God, sit God die Vader op sy hoë en verhewe troon. Hy bepaal die tyd of oomblik van die gerig. Toe die Here Jesus nog op aarde was, het Hy verklaar: "Maar van daardie dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader." (Mark. 13:32.) Of die Here Jesus na sy hemelvaart en verheerliking nog nie die dag en die uur ken nie, weet ons nie. Op aarde kan ons sê dat Hy na sy menslike natuur nie geweet het nie. Hy was immers 'n ware mens en tegelykertyd waaragtige God in één Persoon. Ons het vanselfsprekend met 'n geheimenis te doen wanneer ons dink aan sy twee nature. Ons weet ook dat sy menslike natuur nie vergoddelik is na sy hemelvaart nie. Wanneer Hy kom op die wolke van die hemel, is Hy nog die Menseseun – die tweede Adam. Hy, die Menseseun in sy heerlikheid, is dieselfde Persoon as die Lam wat geslag is. Dit is ons groot en ryke troos.

Eindelik verskyn die engel, die boodskapper, uit die tempel. Hy roep hardop, klaarblyklik van vér af. Sy boodskap is dringend en hy is haastig om dit oor te dra. Vir die engel self sou dit 'n dag van groot vreugde wees en hy bring sy boodskap met graagte en blydskap: "Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het." Ja, die koringlande is wit vir die oes. Dit het inderdaad droogryp geword.

Dit sal veral vir die engel 'n vreugdeboodskap wees omdat die oes hier sien op die *koringoes* wat ingehaal moet word. Dit gaan hier om die uitverkorenes van die Here. Hulle is nou voltallig – almal is daar – nie één ontbreek nie. Ook daarom is dit nou tyd – die uur het gekom.

Toe Hy gevange geneem is in Jerusalem het die Here Jesus verklaar: "Maar dit is julle uur en die mag van die duisternis." (Luk. 22:53.) Daardie nag in Getsémané was dit die uur van die Bose. Nou het die uur vir Jesus gekom. Hy kom pluk nou die vrugte van die moeitevolle arbeid van sy siel. Dan laat Hy sy sekel oor die aarde gaan en samel sy oes in. Die graanoes is ingehaal. Dit is en bly 'n pragtige simboliek dat die Here Jesus by die graanoes sy eie sekel gebruik. Hier is sy liefdevolle hart mede-werksaam. Dit is asof Hy persoonlik sy hand uitsteek en sy geliefde kudde versamel in die ewige heerlikheid. Die taak om die trosse van die wingerd in te samel en te werp in die wynpars van God se grimmigheid, word oorgelaat aan 'n engel. Dit word ook gedoen, eers nadat sy geliefde koring veilig in die skuur is.

## 24 Julie: Die wynoes

Gen. 18:20-33

*"En* Vi *ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met*'« *groot stem na hom geroep wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword."* (Openb. 14:17, 18)

Nadat die Menseseun sy oes ingesamel het, kom 'n ander engel uit die tempel wat in die hemel is. Hy volg op die engel wat tot die Menseseun, onse Here Jesus Christus, geroep het dat Hy sy oes moet insamel, want sy graan is ryp. Ook hierdie engel is duidelik gestuur deur die hoë God – hy kom direk uit sy teenwoordigheid en hy het ook, soos die Menseseun, 'n skerp sekel in sy hand. Hy kom kennelik ook om 'n oes in te samel.

Op hom volg weer 'n engel, die keer uit die altaar. Dan dink ons aan die siele onder die altaar wat om wraak, op hulle bloed oor die bewoners van die aarde, gebid het. (Openb. 8:3-5.) Die engel is nou eindelik die antwoord op hulle gebede. Die dag van die wraak oor die bloed van die martelare van Christus het nou aangebreek. Die engel het mag oor die vuur, lees ons. Die vuur van God se wraak kom nou in werking. Nou gaan die aardbewoners ondervind wat die sondaars in Sion in die tyd van Jesaja al uitgeroep het: "Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?" (Jes. 33:14.)

En dan roep hierdie engel wat uit die altaar kom tot die ander een met die skerp sekel: "Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword!" Telkens val die nadruk daarop dat die sekel skerp is. Die Here sorg dat sy sekel geslyp is om sy oordeelswerk behoorlik te doen. Die bewoners van die aarde word nou die wingerdstok of druiwe van die aarde genoem. Die druiwe is ryp, ten volle ryp. Dit het die hoogtepunt van hulle ontwikkeling bereik. Dit kan geen oomblik langer wag nie.

'n Mens groei en word ryp ook wat die sonde betref. Die sonde-ontwikkeling bereik sy hoogtepunt en dan is die oordeel onafwendbaar. Só is dit keer op keer by die enkeling wat hom verhard teen die roepstemme van God. Só is dit ook met die mensdom as geheel. In die ryk van die Antichris kom die mens tot sy hoogste ontplooiing in die getal 6-6-6. Maar dit is ook die hoogste ontplooiing in goddeloosheid en ongeregtigheid. Hy bereik byna die volheid van wat 'n mens *duiwels* kan noem. Hy is só deurtrek van die sonde soos 'n druiwetros wat die volheid van sy sappigheid en rypheid bereik het. Hy móét nou gepluk word.

Hier op aarde kom daar in die ontwikkeling van 'n mens se innerlike nooit stilstand nie. Die gelowige groei in die goeie en word meer en meer gelykvormig aan die beeld van Christus. Daarvoor sorg die Heilige Gees. Dit kom aan die lig in die volharding in die goeie stryd van die geloof.

Net so groei die goddelose ook in goddeloosheid. Kies hy koers op die pad van die Bose dan sorg die duiwel dat hy nooit tot stilstand kom nie. Hy ontwikkel en groei en neem toe in kwaad en bedrog en onreinheid en geweld. Die sataniese kry meer en meer die oorhand in sy lewe en só word hy ryp vir die oordeel.

Só is dit ook met die wêreld as geheel. Wanneer die maat van die sonde vol is en die aarde bedek is deur die duisternis, dan is die druiweoes ryp en dan kom die oordeel.

Waak en bid! Laat elkeen wat ore het, hoor!

# 25 Julie: Die parskuip van die grimmigheid van God

Jes. 63:1-6

*"En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl vér."* (Openb. 14:19, 20)

Die skerp sekel, van die engel wat gestuur is om die bewoners van die aarde in te samel vir die oordeel, sny oor die aarde en oes nie alleen die druiwetrosse nie, maar sny selfs die wingerdstok af. Hy word uitgeroei sodat hy nooit weer kan uitgroei en vrugte dra nie. Dit is finaal verby met die voortbestaan van die sondige menslike geslag op aarde.

Die simboliek van die druiwe-oes word dan voortgesit. Die druiwe word gedra na die parskuip van die grimmigheid van God. Die tyd van genade is vir ewig verby. Alleen die toorn of grimmigheid van God bly oor vir die mense wat sy genade in Jesus Christus verwerp. Hulle beland in sy parskuip buite die stad. Eens was ons Here Jesus ook 'n uitgeworpene toe Hy buite die stad gekruisig is, soos die afval van die offerdiere ook buite die laer of die stad verbrand moes word. Nou word die voorwerpe van God se toorn of vervloeking weggedra na die parskuip buite die hemelse Jerusalem. Nou het die tyd van skeiding gekom. Met die oestyd word die koring in die skuur versamel en die onkruid in bondels gebind en verbrand, sê Jesus elders. Hier gebeur dit nou – die parskuip is buite die stad – geskei van die heerlikheid – vir ewig.

En wanneer die parskuip van God se grimmigheid getrap word, kom daar nie wyn uit die druiwe voort nie, maar bloed. Die bloed stroom oor die aarde. In ons Bybel staan 200 myl ver – dit is die omrekening van 1 600 stadia in die oorspronklike taal. Dit gaan egter beslis nie om die werklike afstand nie, maar om die getal 1 600, wat blykbaar weer 'n volheidsgetal is – *'n aardse volheidsgetal:* 1 600 = 4x4x10x10. Daaruit spreek die volkome en onherstelbare vernietiging of dood van die mensdom. Getalle in Openbaring het gewoonlik 'n simboliese betekenis.

Johannes gebruik nog 'n verdere beeld. Hy sê dat die bloed gekom het tot aan die tooms van die perde wat ons ook kry by Joël 3:13. 'n Mens vra jou af of hier dan ook perde teenwoordig was? Moontlik is dit maar 'n vergelyking, hoewel ons tog ook hieruit kan aflei dat Johannes in die parskuip ook iets anders sien – naamlik 'n veldslag. Perde en mensebloed sien gewoonlik op oorlogsgeweld. Elders word ook na die eindoordeel verwys as 'n groot veldslag. "Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God." (Openb. 16:14.) "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit en teen sy leër." (19:19 – sien verder: 20:7.) Só kom Johannes se reeks gesigte, wat met hoofstuk 13:1 begin het, tot 'n einde. Die ontplooiing van die mag van die mens van die sonde, die dier uit die see, of Antichris, het gekom tot sy menslike en goddelose volheid. Dan kom die Here op die wolke om te oordeel. Hy samel sy oes van gelowiges in – die graanoes. En Hy oefen sy oordeel uit oor die Antichris en sy aanbidders – hulle kom te lande in die parskuip van die toorn van God. Soos meermale aangetoon deurloop die dinge wat Johannes sien, die geskiedenis uit 'n bepaalde oogpunt tot by die voleinding.

# 26 Julie: Die sewe laaste plae

Openb. 15

*"En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig."* (Openb. 15:1)

Indien die boek Openbaring die eindgebeure in tydsorde sou beskrywe, is 'n mens hier gewis in die moeilikheid. Die hele Nuwe Testament sien die koms van die Here Jesus op die wolke van die hemel as die finale einde. In hoofstuk 14:14 het Hy verskyn en is sy oes ingesamel en sy toorn uitgegiet oor die volke van die aarde. En tog gaan die gesigte voort. Daarom kan ons dit nie anders verklaar nie, as dat hier nou weer 'n nuwe reeks gesigte kom, waarin die geskiedenis, en in besonder die afloop van die geskiedenis, uit 'n nuwe gesigspunt benader word.

Ons het nie bloot die verloop van die geskiedenis tot met die voleinding, waarin één gebeurtenis ná die ander aan ons geskilder word nie, maar iets wat 'n mens herinner aan 'n legkaart. Eers wanneer jy al die bepaalde gesigte oorsigtelik en in verband met mekaar sien, kry jy 'n beeld van wat die geheel aan ons wil sê. 'n Belangrike sleutel om te onderskei wanneer ons weer met 'n nuwe reeks gesigte te doen het, is die getal *sewe.* Die skema van die boek word beheers deur die getal: Sewe gemeentes; sewe seëls; sewe basuine; sewe donderslae en nou die sewe laaste plae. Die sewende seël ontsluit bv. die sewe basuine (8:1, 2). Volgens hoofstuk 10:4-7 lyk dit of die blaas van die sewende basuin (11:15-19) ook die verborgenheid van die sewe donderslae vervul. Vanaf hoofstuk 12 volg dan die reeks gesigte wat uitloop op die magsopenbaring van die Antichris en die vernietiging van sy ryk in die koms van die Menseseun op die wolke.

In die hele gang van die Openbaring by wyse van die reekse gesigte, kry ons egter tog 'n bepaalde voortgang. Dit is egter nie 'n voortgang in die tydsverloop van die geskiedenis nie – nee, dit is 'n voortgang in intensiteit. Dit is asof die Here God steeds harder en duideliker praat om die mensdom tot besinning te roep. In die opening van die *seëls* het ons die geskiedenis sien afrol teen die agtergrond van die koms van die koninkryk van God op aarde. Die gang van die segeloop van die evangelie word aan ons getoon, met die gebeure in die geskiedenis wat die Here gebruik ten behoewe van die evangelie. Die *basuine* teken weer die wêreldgebeure as waarskuwinge uit die hemel, dat die mensdom bedug moet wees op die komende oordeel van God en tot bekering kom. In die laaste plae is God dan besig om sy toorn op die mensdom wat nie wou luister na sy evangelie nie en ook nie ag geslaan het op sy basuinstote in die vreeslike wêreldgebeure nie, uit te giet.

Met die sewe laaste plae gaan ons nou finaal die afloop van die geskiedenis sien. Johannes sien 'n ander groot en wonderlike teken in die hemel. Dit gryp hom aan omdat die teken ook sien op die groot en wonderlike dinge wat kom. Die teken wat hy sien is die sewe engele met die sewe laaste plae van die grimmigheid van God. Daar kom nou gewis oordele – die finale straf van God oor die mensdom in sy volle maat. Dit is die laaste plae waarin die toorn van God ononderbroke en ongetemperd, in sy volle hitte brand. Wanneer die sewende engel sy skaal op die aarde omkeer, tree die ewige toorn van God in werking en is alles voleindig.

Salig is elkeen wat die boek lees en dit begryp en dit toepas in sy lewe. God openbaar nooit verniet nie. Hy preek ook in die boek tot ons troos en om tot bekering te roep.

# 27 Julie: Die see van glas

Ex. 14:21-31

*"En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur."* (Openb. 15:2)

Ook hier moet ons as gelowiges met dankbaarheid die genade van die Here raaksien. Die sewe engele met die sewe laaste plae staan gereed. Die verskriklike oordele van God gaan nou losbars oor die aarde en sy bewoners. En dan verdwyn die engele vir 'n wyle op die agtergrond en iets anders skuif na vore. Die Here weet dat ook ons groot benoudheid en ontsettende vrees sal ondervind by die aanskoue van wat kom. 'n Ou vader het op sy sterfbed gesê: Kinders die dood is nie maklik nie – selfs nie vir 'n gelowige nie. Pyn en smart en bloed en vuur en rookdamp sak toe oor die aarde – en wie sal nie sidder nie? Daarom sien Johannes eers hierdie gesig van die see van glas gemeng met vuur, voordat die sewe laaste plae op die aarde losgelaat word. Moet tog nie dink dat God se liefde en die oorwinning van sy uitverkorenes in die weegskaal is, wanneer die ontsetting van die laaste plae losbars nie!

Johannes sien nie werklik 'n see nie, maar iets soos 'n see van glas. In die troongesig in die geopende hemel, waarvan hy vertel in hoofstuk 4:6 was daar ook sprake van die see van glas. Hierdie see is nie die dreigende see van die volkerewêreld waaruit die dier of Antichris opgekom het nie. (Hoofstuk 13). Nee, ons moet eerder dink aan die Rooi See waardeur Israel droogvoets gelei is. Daar sing hulle hul danklied van verlossing – die lied van Moses, waarvan ons hier in die volgende vers lees. Die see is gemeng met vuur wat die toorn van die Here versinnebeeld. Dit spreek van God se heilige regverdigheid, waardeur hy sy vyande neerslaan en oordeel. Dit het in werklikheid gebeur met koning Farao van Egipte en sy manskappe wat agter Israel aan die Rooi See ingestorm het en toe in die water omgekom het. (Ex. 15.) 'n See van glas is ook deursigtig. God se oordeel is nie duister en onverklaarbaar nie.

Die Here verlos sy volk deur reg en geregtigheid. Nie alleen Farao en sy manskappe wat Israel wou verslaaf en verdruk, is neergeslaan deur die regverdige oordeel van God nie. Ook die Satan en die Antichris sal nog ondervind dat die Here regverdig is en sy oordele kom – al stel Hy dit nog uit. En soos by Egipte is dit ook hier – die uitverkorenes van die Here sal op die ewige strand van die see van glas hulle lied van verlossing sing. Die oordeel van die wêreld en die duiwel beteken die bevryding van die bruid van Christus van alle nood en verdrukking.

Hierdie see van glas, gemeng met vuur, is ook 'n baie treffende sirnboliek om aan ons tuis te bring wat op Golgotha gebeur het. Daar het die Here beide sy geregtigheid en sy barmhartigheid getoon. Hy het inderdaad op Golgotha sy volk verlos deur reg. Hy het sy reg laat geld en, liewer as om die sonde ongestraf te laat bly, dit gestraf aan sy eniggebore Seun, Jesus Christus. Daarom alleen kan ons, wat in Hom glo en wie se klere gewas is in die bloed van die Lam, ons bevrydingslied sing.

Só kan ons die eindtyd tegemoetsien. Verdrukking en vervolging wag gewis vir die kerk – gelukkig is dit vir elkeen wat glo, 'n see van glas. Ons moet die see in, maar word deur die see heen gered.

# 28 Julie: Siters van God

1 Kor. 10:1-13

*"En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God."* (Openb. 15:2)

Hier praat Johannes van oorwinnaars. Op aarde het dit gelyk of hulle die verloorders sou wees. Die Here lei sy volk Israel met 'n sterk hand uit die slawehuis van Egipte. Pas het hulle egter Egipteland verlaat, of daar storm Farao en sy strydwaens agter hulle aan om hulle weer te verslaaf. Die Here Jesus verskyn op aarde as die Lam van God. Aan die kruis behaal Hy die oorwinning oor die draak en by sy hemelvaart word die ou slang uit die hemel gewerp. Maar dan storm hy met groot woede agter die kerk en haar kinders aan om hulle te vervolg. Hy gaan rond as 'n leeu wat brul en soek wie hy kan verslind. Veral wanneer sy mag op aarde ten hoogste ontplooi word in die ryk van die Antichris, word aan hom mag gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin. (13:7.) Ja, die wêreld lag en die duiwel brul vanweë sy oorwinninge oor die belyders van Jesus Christus.

En tog is hulle oorwinnaars. Waarom? Omdat hulle die dier en sy beeld en sy teken en die getal van sy naam oorwin het. Die dier self is die magtige Antichris, die politieke heerser op aarde. Sy beeld is die Iewende en pratende beeld wat sy valse profeet, die groot wonderdoener op aarde van hom gemaak het. (13:14, 15.) Die teken van die dier is die teken wat mense op hulle voorhoofde en regterhande ontvang het, sodat die wat nie die teken dra nie, nie mag koop en verkoop nie en uitgeroei word op die aarde. En sy getal is die getal 6-6-6, wat sy heerlikheid en mag en aansien as die supermens versinnebeeld. Verskriklik is die vyande van die volgelinge van Jesus. Die duiwel het alle aardse magte teen hulle gemonster. Hulle staan dikwels weerloos en durf nie in die openbaar verskyn nie. En tog word hulle *oorwinnaars* genoem. Hoe het hulle dan oorwin? Hulle het oorwin deur vas te hou aan die Woord van God en het sy Naam nie verloën nie. "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie." (12:11.) In sy "Screwtape Letters" beskryf C. S. Lewis in sy briewe uit die hel, die teleurstelling van die opperduiwel toe die ondergeskikte duiwel toelaat dat sy prooi doodgaan, terwyl hy nog vashou aan die belydenis van Jesus Christus.

Die oorwinning van die vervolgde en gejaagde kerk bestaan daarin dat hulle as oorwinnaars die dood ingaan. Dan is hulle buite bereik van die Satan en sy Antichris. Dit is tipies van die taktiek van die Bose dat hy agter die ystergordyn mense martel en hulle in sielsiekegestigte plaas, om hulle met elke moontlike middel daartoe te probeer bring om hulle Here te verloën. Hy hou hulle so lank moontlik aan die lewe, want elkeen wat as belydende Christen sterf, is vir hom 'n neerlaag.

Hulle is gereed om hulle oorwinningslied te sing. Hulle staan met die siters van God in hulle hande. God self gee aan hulle die musiekinstrumente. Hy is die Maker van die siters en Hy is selfs die Inspireerder van die lied wat hulle gaan sing. Sonder die genade van God sou hulle nooit hierdie oorwinningslied kon sing nie. Hulle sou nooit getrou kon bly in die vervolgingsvuur, indien Hy hulle nie in Jesus Christus vasgehou het nie. Hulle sou selfs nooit kon sing, indien die Here hulle nie self tot sy eiendomsvolk gemaak het en daarin bewaar het nie.

En omdat ons dit weet, kan ons ook die lied van Moses en die Lam sing. Ons is ook deur die Rooi See heen verlos van die magte wat ons bedreig. En ons is ook vasgehou deur die Lam wat geslag is, anders sou ons nooit kon volhard nie. Sing gerus u oorwinningslied, wat ook al wag. Ons Here is getrou en waaragtig.

# 29 Julie: Die lied van Moses en van die Lam

Ex. 15:1-13

*"En hulle het die lied gesing van Moses en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!"* (Openb. 15:3)

Die oorwinnaars oor die dier wat uit die druk en vervolging gekom het, staan aan die strand van die see van glas. Soos Israel van ouds op die strand van die Rooi See gestaan het, sing hulle die oorwinningslied. Johannes noem dit die lied van Moses en die lied van die Lam.

Dit wil nie sê dat hierdie triomferende skare twee verskillende liedere sing nie, nee, dieselfde lied is op dieselfde oomblik beide die lied van Moses en die lied van die Lam. Die geskiedenis herhaal homself. Één gebeure in die Bybel is 'n afbeelding van die volgende. Die verlossing van Israel, wat droogvoets deur die Rooi See trek en aanskou hoe hulle vyande, wat hulle lewe soek, in die golwe verdwyn en verdrink, is 'n voorbeeld van die verlossing van die gelowiges van later tye tot in die bittere eindtyd van die Antichris. Hulle staan op die ewige strand en sing van die verlossing deur die Lam van God uit die vervolgingsvuur. Die Lam het ons nie alleen aan die kruis van ons sondes verlos nie, maar Hy dra ons die eeue deur en bring ons veilig op die strand van die see van glas. En agter ons verdwyn die grypende vyande in die vuur van God se oordeel. Die uiteindelike verlossing van die volk van die Here uit die aardse nood, is terselfdertyd die ondergang van hulle vyande.

En dan sing hulle – en die lied van die verlostes van alle eeue vloei saam in één magtige melodie en word uitgejubel in dieselfde woorde. Die verlossing bly altyd maar dieselfde in wese en daarom bly die tema van die lied dieselfde.

Die lied kan ons ook nou alreeds sing! Luister: "Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige! Regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!"

In die lied is daar niks van die mens nie. Hier op aarde het ons nog te kampe met ons eie eersug en menslike hoogmoed. Dit is ons groot stryd om onsself te verloën en waarlik klein te wees voor God. Dit is selfs só dat mense hoogmoedig is op hulle nederigheid en daarop roem. Dit is daarom ook dat die poort só nou is en die pad só smal en ons só bloedig hard moet stry om in te gaan. Waarlik ons grootste nood is nie liggaamlike vervolging en die haat van die wêreld nie! Nee, dit is onsself, wat maar nie wil sterf in onsself nie. Vir die mens wat om Christus wille in homself gesterf het, is dit nie moeilik om vir Christus te ly en te sterwe nie . . .

Gelukkig is die oorwinnaars daarvan verlos. Hulle gee volkome die eer alleen aan hulle Here. Dit kan ook nie anders nie, want die mense lewe nou nie meer uit die geloof nie, maar hulle sien nou die heerlikheid van God. Dan kan jy nie anders as om in jouself klein te wees en alleen die eer aan die Here te gee nie. En hoe nietig is die duiwel en die Antichris en al die helse magte nou teenoor wat hulle aanskou! "Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige!"

Eindelik belewe die oorwinnaars die vervulling van al die beloftes van die Here. Sy Woord is waar! Hy is aan sy beloftes getrou! Daarom weerklink hulle oorwinningslied – die oorwinningslied van die hoë God – in die hemelse heerlikheid.

Sing gerus saam met hulle, al is u lied gebrekkig en u woorde stamelend, omdat soveel teen u getuig en u vyande nog op en wakker is. Sing, want God se trou hou stand tot in ewigheid!

# 30 Julie: Geopende tempel

Matt. 27:50-56

"*En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen.*" (Openb. 15:5)

Nadat Johannes 'n blik gehad het agter die sigbare gebeurtenisse op aarde, gaan hy nou sien hoe die sewe laaste plae op die aarde uitgestort word. Ons moet dit só verstaan dat die oorwinnaars by die see van glas (vers 2-4) gesien word asof die sewe laaste plae alreeds verby is. Die Here wil sy gemeente op aarde vooraf verkwik deur die gesig op die toekomstige heerlikheid, sodat hulle kan moedhou in die donker tye wat nou oor die aarde toesak in die sewe laaste plae.

Voordat die eindoordele losbreek, toon die Here eers aan Johannes die oorsprong daarvan. Die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen. Dit klink in ons ore vreemd, só asof hier enigsins 'n verwarring is tussen die begrippe *tempel* en *tent van die getuienis.* Dit lyk asof die skrywer enersyds dink aan die tempel, miskien van Salomo, en andersyds aan die tabernakel of tent van samekoms in die woestyn. Die woord *tempel* dui die eintlike woonplek van God aan. Hy het in die allerheiligste van die tempel of tabernakel sy heerlikheid geopenbaar. Die tempel is sy woning en van daaruit is Hy 'n verterende vuur vir sy vyande.

Die *tent* of *tabernakel van getuienis* dui eintlik hier op die maatstaf waarvolgens die Here gaan oordeel. Die allerheiligste was nie alleen sy troon nie, maar daarin is ook sy heilige Wet van die tien gebooie of getuienis bewaar. Die aardse tempel is dan die simboliek van die woonplek van die Here in die hemelse heerlikheid. Hier sien Johannes nou inderdaad dat die Here se hemelse tempel geopen word. Dit word nie geopen om mense se nuuskierigheid te bevredig nie. Hier gaan dit ook nie daarom dat sy kinders nou vryelik toegang het tot sy troon nie. Dit is al op aarde afgebeeld toe die voorhangsel van die tempel in Jerusalem geskeur het, toe die Here Jesus aan die kruis gesterf het.

Hier word die Here se tempel egter geopen om aan ons te toon dat die oorsprong van die sewe laaste plae direk van Hom – sy woonplek, afkomstig is. Tot dusver het Hy nog as 't ware vanuit die verborgenheid van sy heilige troon gewerk. Dit is asof die toorn van die Here nog nie duidelik kenbaar was as iets wat direk van Hom afkomstig is nie. Mense kon nog maar natuurlike oorsake vir die rampe op aarde aanwys. God was nog altyd vir die mensdom as geheel verborge en onaanwysbaar. Die gelowige het wel geweet en gesien – hoewel ook maar deur 'n spieël in 'n raaisel. Nou is dit asof die Here sy aangesig ontbloot vir die mensdom en dan, helaas, nie sy vriendelike aangesig nie, maar in sy naakte toorn oor die goddeloosheid op aarde. Hy gaan Homself nou direk en duidelik aan die mensdom toon as die God van wraak . . .

God se heilige wet, wat mense misken en vertrap, deurdat selfs blote humaniteit van die aarde verdwyn het, gaan nou sy wrekende geregtigheid oefen op aarde. Vantevore het ons alreeds die oordeel se uitwerking gesien toe die mense tot die berge en rotse gesê het: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam." Hier word in werklikheid dieselfde oordeel beskryf, maar dit sal nog duideliker blyk dat dit die direkte toorn van God is.

As 'n mens nie buig voor die wet en daardeur tot sondebesef en berou gebring word, sodat jy jou sonde voor Christus bely nie, dan word die wet in sy werking die verskriklike openbaring van God se wrekende geregtigheid.

# 31 Julie: Sewe engele kom uit die tempel

Ps. 98

*"En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels."* (Openb. 15:6)

Johannes het die sewe engele al vantevore gesien. (Vers 1). "En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig." God se raad is vervul en die wêreldgeskiedenis gaan nou ten einde loop – en dit is 'n einde in die grimmigheid van God. Lank genoeg is sy oordeel uitgestel.

Die tempel is nou geopen, so asof God self nou in sy wrekende geregtigheid gaan uittrek. En dan verskyn sy sewe engele. Soos die sewe seëls en basuine is dit weer sewe. Die Here se werk is volkome. Sewe is die volmaakte getal. 'n Engel is normaalweg God se boodskapper, maar hier tree hulle op as voltrekkers van sy grimmigheid. Die wyse waarop dit hier gestel word: "die sewe engele met die sewe plae" wil eintlik aandui dat die plae spesifiek aan hulle verbonde is. Dit is hulle besondere taak, só asof hulle daarvoor bestem en daarop gewag het. Die besondere taak kon nie net so goed deur ander engele verrig word nie – dit is hulle besondere opdrag.

Hulle kom uit die geopende tempel. Hulle is uitgestuur vanuit die allerheiligste waar die heilige God self in sy heerlikheid troon. Hulle is bekleed met rein, blink linne. Hulle dra die tipiese priestergewaad – 'n lang wit kleed, wat skitterblink is. Hulle tree na vore soos heilige priesters om aan God 'n besondere offer te bring. 'n Mens wonder waarom die priestergestalte nou hier versinnebeeld word waar dit om God se grimmigheid by die eindoordeel gaan. Om iets daarvan te begryp kan ons gerus dink aan ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, se offer op Golgotha. Toe Hy Homself as offer aanbied, gaan Hy die vuur van God se grimmigheid binne. Hy brand inderdaad in die helse vuur om die mensdom daarvan te red. Maar die wêreld het sy soenoffer verwerp en moet nou self geoffer word in die gloed van God se ewige toorn. Daarom tree die engele nou in die gestalte van priesters na vore om die offer te voltrek. In die oordeel word God verheerlik en kom sy geregtigheid aan die lig.

Die mensdom word nou met die vloek van God getref, omdat hulle Jesus Christus, wat as 'n vervloekte aan 'n hout gehang het, verwerp het.

Die engele is egter ook om die bors omgord met goue gordels. Dit versinnebeeld koninklike waardigheid en hoogheid. Die Antichris, die mens in sy hoogste magsopenbaring, spog *met* sewe koppe en tien horings wat krone dra. Maar wat beteken dit teenoor hierdie koninklike gestaltes wat na vore tree uit die tempel van God in die hemel? Dit beteken nie maar dat die sewe engele konings onder die engele was nie, maar dat hulle kom in die Naam en deur die krag van die Koning van die heelal. Hy het reg en aanspraak op die hele aarde met al sy bewoners. Hy is hulle Koning aan Wie hulle hulde en gehoorsaamheid moes betoon.

> "Hy kom, die Regter van die volke,
> omstraal deur reg en majesteit;
> Hy span sy vierskaar in die wolke
> en oordeel in regmatigheid." (Ps. 98).

# 1 Augustus: Goue skale van die grimmigheid van God

Nahum. 3:1-11

*"En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid.* (Openb. 15:7)

Hier tree nou een van die vier lewende wesens na vore. Van hulle lees ons die eerste keer in hoofstuk 4:6-8. Daar het Johannes die hemel geopend gesien en God, onbeskryflik in sy heerlikheid, op sy troon sien sit... "en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter." Hulle het onderskeidelik soos 'n leeu en 'n kalf en 'n arend gelyk, terwyl een 'n gesig gehad het soos 'n mens. Die simboliek agter die lewende wesens is dat hulle die hele skepping verteenwoordig. In hulle is die ganse skepping as 't ware rondom die troon van God saamgetrek om aan Hom heerlikheid toe te bring. Hulle het sonder ophou dag en nag geroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom." Daartoe het die Here alle dinge geskape." Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. (Ps. 19).

Nou kom een van die lewende wesens na vore en gee aan die sewe engele sewe goue skale, of vlak skottels, vol van die grimmigheid van God. Waarom tree hier nou een van die lewende wesens na vore om die besondere taak te verrig*?* Ons kan hieruit aflei dat die hele skepping betrokke is by wat die engele gaan doen. Deur die sewe laaste plae, wat nou gaan volg, word die hele skepping geraak. Die aarde gaan waggel en die son en maan en sterre gaan getref word. Alles wat op die aarde roer en beweeg sal in die oordele betrek word. "Maar die dag sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand." (2 Petr. 3:10).

God se oordeel tref die heelal – dit is kosmies van aard. Ons kan selfs verwag dat bepaalde natuurkragte daarin betrek sal word, sodat die skepping mede-werksaam is in die ondergang van die skepping. Dink maar aan wat die mens blootgelê het aan, wat 'n onbeheerbare kettingreaksie kan ontketen in die atoomsplitsing, waaruit kernkrag voortkom.

Maar dan is daar gelukkig ook die keersy. Die skepping gaan nie alleen met gedruis op in die vlamme van God se oordeel nie, maar daar kom 'n nuwe skepping voort – 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." (Rom. 8:19-22).

Die eindoordeel van God verlos ook die skepping van die vloek van die verganklikheid. "Vervloek is die aarde om jou ontwil", het die HERE vir Adam gesê na die sondeval. Daarom verrig hierdie lewende wese sy taak met blymoedigheid. God se heerlikheid is gemoeid met die oordeel – ook wat die redelose skepping betref.

Die goue skottels is vol, ja, hoogvol van die grimmigheid van God. Die maat van die sonde van die mensdom het vol geword. Verdere uitstel is onmoontlik en God gaan die volle maat van sy grimmigheid uitgiet. Hy is die God wat leef tot in alle ewigheid. Sommige van die Griekse handskrifte voeg hieraan toe: "Amen!" Ons kan dit gerus ook maar doen. Amen! Dit sal waar en seker wees!

## 2 Augustus: Die tempel vol rook

Ex. 19:16-25

*"En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie."* (Openb. 15:8)

Rookwolke vervul die tempel van God. Sy heerlike troon verdwyn agter die newels. Niemand durf daar ingaan nie. "Die dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag. (Sef. 1:15). Só teken die profeet Sefánja die dag van die wraak van God. Ook toe die HERE sy wet op Sinaï aan sy volk gee, lees ons: "En die hele berg Sinaï het gerook, omdat die HERE in 'n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe." (Ex. 19:18).

Die rookvervulde tempel is die sinnebeeld van die volle werking van God se heiligheid en wraak. Die Here verberg Hom nou agter 'n rookwolk. Niks van sy ontferming en sy guns word gesien of ondervind nie. Die mensdom, wat leef in die sonskyn van God se goedheid, wat die aarde in standhou en reën en oorvloed laat neerdaal op alle mense, het sy goedheid nie waardeer nie. Daarom sak daar die duisternis van die ewige nag op hulle toe. Waar sy goedheid en guns geheel verdwyn, bly alleen die hel oor. Daar brand sy toorn ongetemperd. Dan is dit nag – ewige nag.

Die rook, sê Johannes, kom voort uit die heerlikheid van God en uit sy krag. Sy majesteit en Goddelike grootheid straal hier sy grimmigheid uit. Dit kom ook voort uit sy almag of krag wat in werking kom in sy oordeel. Die Here openbaar nou dat Hy God is en niemand meer. Die Antichris en sy hele goddelose ryk gaan nou onder, voor die heerlikheid en krag van die almagtige God.

En niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig is nie. Toe Israel dit by die berg Sinaï nie kon uithou om self te luister na die stem van God nie, het hulle Moses gevra om as hulle tussenganger op te tree. Hy bestyg dan die berg en verdwyn in die rookwolk. Hy hoor nie alleen wat die HERE vir die volk te sê het nie, maar hy tree ook vir hulle in as voorbidder – selfs toe die HERE hulle van die aarde wou uitdelg, omdat hulle die goue kalf gedien het.

Hier mag niemand egter ingaan nie. Niemand kon ingaan om nog vir die mensdom te bid nie. Niemand sou kon pleit vir versagting van die oordeel nie. Daar is geen appèl moontlik nie. Dit is onafwendbaar, al mag dit nog daartoe dien om enkele mense tot bekering te bring, terwyl dit gaandeweg in vervulling gaan. Die genadetyd is verby. Hy het in sy toorn sy barmhartighede toegesluit. (Ps. 77:10).

Paulus sê van sy eie volk, die Jode, in 2 Thess. 2:16:"... deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, *sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die toorn het oor hulle gekom tot die einde toe."* Hier kan ons die uitspraak nou toepas op die hele wêreld. Die maat van hulle sondes het vol geword en niemand mag meer vir hulle bid nie.

As 'n mens die dinge só lees, moet dit jou met bewoënheid en weemoed vervul. Ons moet des te dringender bid, terwyl die tyd van genade nog nie verby is nie. Die oordeel van God is verskriklik en die hel is 'n vreeslike plek. 'n Mens mag nie jou grootste vyand ongewaarsku die toorn van God tegemoet laat gaan nie. Ons voorreg is om nog te bid en te werk. Doen dit solank dit dag is – die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Die tyd van genade is nog nie verby nie.

# 3 Augustus: Die opdrag

Ex. 7:1-13

*"En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit."* (Openb. 16:1)

'n Groot stem, majestueus en verhewe, kom uit die tempel. Uit die skryfwyse blyk duidelik dat die stem en die klank daarvan Johannes op buitengewone wyse tref. Dit is God se eie stem. Die besonder indrukwekkende klank van God se stem maak 'n groot indruk op Johannes.

Die stem gee opdrag aan die sewe engele: "Gaan, gooi die skale van God se grimmigheid op die aarde uit. Gaan voort met die taak wat julle opgelê is. En hou daarmee aan totdat alles volbring is. "Die aarde word nou die teiken van God se aanhoudende bombardement.

Alreeds in die vorige hoofstuk het ons beelde en woorde gesien wat heenwys na die verlossing van Israel uit Egipte. Daar (15:2-4) staan die verlostes aan die strand van die see van glas en sing die lied van Moses en die lied van die Lam. Dit herinner duidelik aan die deurtog deur die Rooi See. Hier word die ooreenkoms met die verlossing uit Egipte voortgesit. Voordat Farao die volk laat trek het, is hy en sy volk en sy land getref deur allerhande plae. Hierdie sewe laaste plae toon 'n groot ooreenkoms met die plae in Egipte.

Ons het derhalwe alreeds in die verdrukking van Israel in Egipte 'n voorbeeld van hoe die gemeente van die Here in die ryk van die Antichris verdruk sal word. Maar in die plae oor die Egiptenaars sien ons ook 'n voorbeeld van die plae wat kom oor die inwoners van die antichristelik ryk. Dit benadruk die eenheid van die Woord van God – wat in Egipte gebeur het, werp lig op wat hier oor die toekoms gesê word. Dit openbaar ook dat die stryd van die Satan teen God en sy volk prinsipieel dieselfde bly. Dit word alleen maar in hierdie sewe laaste plae tot 'n hoogtepunt en eindpunt gevoer.

In werklikheid het ons in Openb. 8 en 9 toe die eerste ses basuine blaas, soortgelyke gebeurtenisse gesien. Sommige verklaarders meen dat ons hier alleen 'n meer uitgebreide herhaling het, van wat ons by die basuine vind. En tog is daar 'n belangrike verskil. By die basuine is die oordele nog grootliks beperk tot waarskuwende roepstemme tot bekering. Daar kom selfs die meer algemene strekking by dat dit nie spesifiek op die eindtyd hoef te sien nie. Hier is die tyd van die genade egter verby en die plae kom om finaal die grimmigheid van God op die aarde uit te giet.

Daarom ook is hierdie plae geweldiger as die in hoofstuk 8 en 9. Dáár is byvoorbeeld net sprake daarvan dat 'n derde deel getref word – van die see en die riviere en die bome en die groen gras en van die mense. Hier is die beperking nou opgehef. Nou word dit plae wat die hele aarde met al sy inwoners pynig. So neem die rampe op aarde toe in intensiteit en dit verander ook van karakter. Seëls gaan oor in basuine en basuine in die laaste plae.

Dit is 'n belangrike rede waarom ons moet oppas om bepaalde gebeurtenisse op aarde aan bepaalde profesieë te bind. Gedurende die verloop van die geskiedenis is dikwels die fout gemaak dat gepraat is asof die dag van die Here al hier is, op grond van sekere gebeurtenisse. "Moenie julle verstand verloor nie," sê Paulus. Maar leef soos kinders van die lig en die dag, dan sal die dag van die Here julle nie oorval nie.

# 4 Augustus: Mense vol bose swere

Ex. 9:8-12

*"Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het."* (Openb. 16:2)

Ons moet in die verklaring van hierdie teks en ook die wat volg, duidelik onderskei tussen wat simbolies verstaan moet word en wat ons as letterlik moet beskou. Dit is duidelik dat ons nie letterlik moet verwag om 'n engel na vore te sien kom, met 'n goue skottel, vol van die grimmigheid van God, wat hy dan op die aarde omkeer nie. Hier kan ons gerus maar aanvaar dat die mensdom die *bose swere* sal sien uitbreek en allerlei natuurlike oorsake daarvoor soek. Hulle sal probeer om die virus, wat die siekte veroorsaak, te isoleer en teëmiddele te berei.

Die verskyning van die engel met die goue skaal en die feit dat hy dit op die aarde uitgooi, sê één ding baie duidelik aan ons. Die nood wat oor die aarde gaan, kom van God. Hy beskik dit. Die Griekse vorm van die werkwoord wil ook tuisbring dat die engel oor 'n tydsverloop aanhou om die inhoud van die skaal op die aarde uit te gooi.

Die *aarde* moet ons hier ook sien in onderskeiding van die see en riviere. Dit gaan hier om die aarde waarop die mense woon en waaruit hulle lewe. Die mense vertrou op die aarde en haal hulle voedsel en gesondheid uit die aarde. Dit is egter asof die aarde siek word. Hy tas sy bewoners aan en hulleself word siek.

Dit is egter 'n verskynsel van één of meer vorme van aantasting van die menslike liggaam, wat wydverspreid oor die hele aarde voorkom. Ondanks al die mediese kennis en middele sal die mensdom magteloos staan teenoor die plaag. Hier is nie sprake daarvan dat mense sterwe nie, hoewel dit 'n vreeslike plaag sal wees.

In vers 11 word terugverwys na die *swere:* ". . . en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle *swere* en hulle het hul nie bekeer van hul werke nie." Die mense kom wél agter dat die plaag 'n bonatuurlike oorsprong het. Het God dan nie sy tempel en die tent van die getuienis in die hemel geopen nie? (15:5). God se wrekende toorn word sigbaar vir die mense. Die God wat hulle dood gewaan het, leef en wys dit aan die mense. Hulle herken sy hand in die plaag en kom daarom, in woedende opstand en verbittering daartoe om Hom te laster.

Die plaag is 'n duidelike antwoord van God op die aanbidding van die dier of Antichris: ". . . bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het." Dit lyk nie vir my of ons letterlik moet verstaan dat geen getroue volgeling van Jesus ook die plaag kon opdoen nie. Die Here benadruk dat Hy nou gerig uitoefen om hulle wat die merkteken van die dier gehad het en sy beeld aanbid

het, te straf.

Sien 'n mens die stryd teen besoedeling en gebrek aan voedsel, dan lyk sulke universele plae moontlik. Dink ook aan radioaktiwiteit van atoombomme en vergeet nie allerlei medisynes en selfs plaag- en kiemdoders, wat op die ou end vir die mensdom bose gevolge mag hê nie.

In "To The Point" van 27 Augustus 1976 verklaar Prof. Jack N. P. Davies, professor in patalogie van die "Abany Medical College" in New York: "Ek dink dat die voorafgaande oorsake van groot pessiektes nou alreeds opbou in die wêreld en nie die minste in Afrika nie." Hy noem as oorsake oorbevolking, die armoedige bestaan van miljoene mense in plakkerskampe sonder behoorlike higiëne. "As dit waar is van bekende oorsake, wat van die onbekendes?" vra hy. "Wie weet watter uiters giftige organismes besig is om rondom ons op te bou – selfs onder ons voete, op ons dakke, of in die woude en struike rondom ons?" Oor Afrika hang die donker skaduwee van hongersnood – honger word gewoonlik gevolg deur pessiektes. En dan praat lande van Afrika gedurig van oorlog. "Met oorlog kom hongersnood, en met hongersnood kom pessiektes, en daar is nog te veel

bestaande oorsake van pestilensie om dit nie moedswillig uit te lok nie."

Selfs uit 'n bloot menslike oogpunt besien, kan ons nooit gerus wees met die gedagte dat ons mediese kundigheid by magte is om alle bose swere gesond te dokter nie. Die Here kan bloot 'n natuurlike aanloop neem om sy plaag op die mensdom uit te stort.

# 5 Augustus: Die see word bloed

Ex. 7:14-25

*"En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe."* (Openb. 16:3)

Die tweede engel se plaag tref die see en dit word bloed soos van 'n dooie. Eintlik kan ons dit so omskrywe dat die water van die see soos gestolde bloed word, wat ons dooie bloed noem. Dan kan 'n mens wél begryp dat geen vis of seedier daarin kan lewe nie. In Egipte het hierdie plaag sy voorloper gehad: "So spreek die HERE: Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is. Kyk, ek sal met die staf wat in my hand is, op die water slaan wat in die Nyl is, en dit sal in bloed verander word. En die visse in die Nyl sal doodgaan sodat die Nyl sal stink. En die Egiptenaars sal vergeefs trag om die water uit die Nyl te drink." (Ex. 7:17, 18). Ook in Openb. 8 lees ons: "En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan."

Hier word nou die hele see getref en alle lewe in die see uitgewis. Ons weet dat die see al noodsaakliker word as voedselbron vir die mens. Dit word met die tweede plaag uitgeskakel. Wanneer die aarde siek word en nie meer kan dien as bron van krag vir die mens nie, kan hy hom nou ook nie meer tot die see wend nie. Só 'n verrotte see, wat soos 'n poel dooie bloed geword het, versprei ook nog verder die pestilensie op aarde onder die mense. Handelsvlote kom tot stilstand en hawens is nutteloos. Sonder die see word die bestaan van die mens op aarde ondenkbaar. Reënwolke verdwyn uit die lug en die aarde word een uitgestrekte woestyn.

Of die plaag in 'n kort tyd plaasvind of moontlik oor 'n langer periode geleidelik ontstaan, is eintlik van minder belang. Die groot saak is dat die Here die mens op aarde tref in sy lewenstog en voortbestaan. En dan kan ons in die opsig wys op allerlei onrusbarende ontwikkelinge in die wêreld. Die kommer word al meer gelug dat die visse van die see mettertyd as voedselbron uitgeput sal raak. Regerings brei hulle gebiedswaters aan die kuste uit om die uitputting van visbronne te probeer voorkom. Daar mag ook net 'n bepaalde aantal walvisse per seisoen gevang word.

Hierby groei die gevaar van besoedeling aan, om nie eens te praat van die moontlikheid dat kernbomme in die see mag beland en die seelewe op groot skaal vernietig nie. Ons begin meer en meer besef dat die bestaansvooruitsigte vir die mens op aarde beperk is. Die mens self dra grootliks daartoe by dat kosbare skatte, wat die Here aan die see toevertrou het, vermors en verniel word. Dit mag selfs só vér ontwikkel dat mensbereide chemikalieë uiteindelik die oseane só vergiftig dat alle lewe in die see uitgewis word en dit in werklikheid 'n poel van dooie bloed sal wees.

Ons tegniese wondere begin alreeds hulle glans verloor en meer en meer dring die besef deur dat die paradys op aarde waarvan mense droom, nie só maklik verwesenlik sal word nie. Die klaslose wêreldstaat het die aarde en die see nodig vir sy bestaan en voortbestaan. Dit baat nie dat almal hulle knieval doen voor die supermens, met sy wondere en prestasies, as hulle nie kos het om te eet nie.

So kan dit moontlik plaasvind. Dit kan egter ook ineens oor ons toesak, omdat God inderdaad direk kan ingryp en in één dag die see in bloed verander. Die aardse bestaan moet beëindig word, wanneer die maat van die sonde vol is, en onse Here beskik oor onbeperkte middele.

# 6 Augustus: Die bloed van die profete gewreek

Openb. 16:1-6

*"En ek het die engel van die waters hoor sê: 'Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloedgegee om te drink, want hulle het dit verdien.'"* (Openb. 16:5, 6)

Die derde engel het sy plaag omgekeer op die riviere en die waterfonteine en dit het bloed geword. In hoofstuk 8:11 word ook vertel dat die riviere getref is, maar die water het toe bitter geword – hier is dit bloed. By die plaag in Egipte kon die mense nog langs die Nyl putte grawe om drinkwater te kry (Ex. 7:24), maar nou is dit selfs nie meer moontlik nie. Die water van die see is bloed en die riviere is bloedstrome en die fonteine bring bloed voort. Nêrens is nou meer drinkwater te vinde nie. Die mense moet nou die afsigtelike vloeistof drink. Die water is universeel besoedel – moontlik selfs as gevolg van die mense se eie nywerhede. Dit is in elk geval duidelik dat die lewe op aarde onmoontlik geword het. Die mens, wat die natuur tot sy beskikking het vir sy voortbestaan, word deur die natuur uitgespuug. Die natuur sterwe.

Die engel wat verantwoordelik is vir die besoedeling van die water, roep dan uit: "Regverdig, Here, is U wat is en wat was omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink."

Gewoonlik word die Here só aangespreek: "U wat is en wat was en wat *kom."* Hier word nie meer gesê dat Hy *hom* nie, omdat sy koms nou feitlik afgeloop is. Met die laaste plae is sy koms daar – die goddelose mensdom besef dit alreeds. Daarom laster hulle Hom oor hulle pyne en bekeer hulle hul selfs nog nie. Hulle verharding is só voldonge dat hulle God se hand sien en Hom nogtans vloek . . .

Deur die eeue heen is die bloed van baie Christene vergiet. Dit sal egter nooit só erg wees as in die eindtyd nie. "Want in daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie." (Mark. 13:19). Die getroues moet egter altyd onthou dat onse Here 'n God is wat sien. Hy sien die smarte van sy kinders en Hy hoor hulle angskrete, al vertoef Hy opdat die maat van die sondes van die wêreld vol moet word. Ja, Hy wag ook dat die getal van sy bloedgetuies vol moet word. Hy meet en tel en Hy doen dit volmaaktelik. Hy onthou die smartvolle lyding van sy getroues en Hy onthou ook die wrede vervolgsug deur hulle beuls.

Regverdig is U, Here, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het. Die mense het die bloed van u heiliges en profete vergiet in hulle onversadigbare bloeddors. Nou word hulle in eie munt terugbetaal. Nou kan hulle hul bloeddors les deur die bloed wat in hulle riviere afvloei na die bloedige see en die bloed wat uit hulle fonteine uitborrel. Laat hulle dit drink want hulle het dit verdien. Hulle het die aarde laat drink van die bloed van u getroue getuies! Hulle eie bloeddors boemerang op hulleself. Hou moed, klein kuddetjie, want selfs die hare van julle hoof is almal getel. God sien en die tyd sal kom dat Hy die vyandskap en haat van die wêreld gaan wreek.

# 7 Augustus: Die son skroei die mense

Luk. 23:33-43

*"En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie:'* (Openb. 16:8, 9)

Sonder die son is geen lewe op aarde moontlik nie. Ek het een keer gelees van 'n wetenskaplike wat 'n aantal redes noem waarom hy glo in die bestaan van die Skepper. Hy het o.a. gesê dat as die aarde 'n bietjie nader aan die son was, sou alles op aarde verbrand. Sou die aarde weer 'n bietjie verder van die son af wees, sou alles op aarde verys. Dan sou hier geen lewe moontlik wees nie. Dit bewys aan hom dat God ook daarin sy hand het. (Hy noem nog heelwat ander verskynsels, wat nou nie ter sake is nie).

Gaan daar iets verkeerd met die son, dan word alle aardse lewe in hulle energiebron aangetas. En dit spel die dood vir alle lewe – plante en diere en mense. Hier word die nadruk gelê op die ekstra hitte wat die son sal uitstraal wanneer die engel se plaag dit tref. Ons weet wel hoe plante in droogtetye deur die hitte van die son verskroei. Só sal dit gaan met die mense. Dit sal veel erger wees as die hittegolwe wat in die loop van die geskiedenis mense en diere doodgebrand het.

Die bestaan op aarde word al moeiliker. Die aarde is vergiftig en plae gryp die mense aan soos 'n pestilensie. Die see en die riviere is só besoedel dat dit bloed geword het. Boonop brand die sonstrale op die mense neer soos 'n skroeiende vuur.

By die ander plae kon die mensdom nog self probeer om uit hulle moeilikhede te kom. Hulle kon die bose swere probeer genees en besoedeling van die see en riviere bestry. Hier staan hulle geheel magteloos. Daarom word hulle reaksie eers hier by die vierde plaag beskryf. Nou eers breek die besef by hulle deur dat hulle hier nie alleen magteloos staan nie, maar dat die oordele van die Skepper af kom.

Hulle erken en bely Hom egter nie en daar is hoegenaamd geen sprake van bekering nie. Die bekende lasterlike uitinge sal nou oor die aarde weergalm: As daar 'n God is, waarom is daar soveel nood op die aarde? Hy is mos sogenaamd die Almagtige, waarom laat Hy dit toe dat die son ons só brand? Laat Hom nou optree en die natuur regstel, dan sal ons glo . . . Só het die één kwaaddoener aan die kruis ook die Here Jesus gelaster: "As U die Christus is, verlos Uself en ons." (Luk. 23:39). Gedurende een van die swaar en langdurige droogtes in ons land, het 'n bepaalde boer die volgende kennisgewing aan sy plaashek vasgemaak: "Toegang verbode vir God en smouse."

Só is en bly dit. Vir die mens wat God nie ken nie, word Hy, indien Hy bestaan, as 'n tiran gesien. Soos die nood toeneem word die mens harder en bitterder en opstandiger en hy vloek die onsigbare God.

Gelukkig is ook die ander kant waar. Die mens wat glo, word sagter en kleiner voor die hoë God. Spurgeon het gesê dat 'n mens was wat gesmelt is na jou sin kan vorm, soos 'n mens wat – sag geword het in die vuur van beproewinge. Gelukkig is die mens wat geleer het om in die geloof te sien – ook wanneer die bestaansmoontlikhede op die aarde beëindig word. Daarby leef diep in ons harte die oortuiging dat die Woord van God waar is. Ons sien alreeds baie dinge duidelik gebeur, wat in die boek Openbaring gesê word.

# 8 Augustus: Die troon van die dier getref

Ex. 10:21-29

*"En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hulle werke nie."* (Openb. 16:10, 11)

Nou begin God direk optree teen die Antichris en sy ryk. Wat hier begin, loop uit op die finale slag van Armagéddon, waarvan ons lees in vers 16 en ook in hoofstuk 20:7-10. In werklikheid het ons hier 'n herhaling van wat ons alreeds in hoofstuk 14 van die graan- en wynoes gesien het. Daar was alreeds sprake van bloed tot by die tooms van die perde. Verder terug in hoofstuk 11:19 en 6:12-17 word ook na die gebeure verwys. Telkens het die geskiedenis, uit verskillende oogpunte besien, soos die golwe van die see, gebreek op die strand van die ewigheid. Elke keer het die Here egter nog iets gehad om aan ons mee te deel. Dan beweeg ons weer weg van die strand af en kom met 'n ander roete weer daar aan. Uiteindelik het die Here nou genoeg aan ons getoon en die boek Openbaring beweeg na sy einde.

Die Antichris is die aardse god van die mense. Hulle loop verwonderd agter hom aan. Hy het uitgegroei tot die supermens – sy getal is 6-6-6. Hy, met sy valse profeet aan sy sy, kon sowat alles vermag. Hy is geër en op die hande gedra. En nou*?* Teëspoed en nood sak oor die aarde toe. Die mensdom is siek en kou hulle tonge van pyn. Die son brand en die aarde is uitgeput en kan nie meer in hulle elementêre behoeftes voorsien nie. Die mediese wetenskap staan magteloos. Hulle laster God en vloek teen die hemel. Maar God in die hemel is vér – wie kan Hom bykom? Die "god" op die troon op aarde is egter binne bereik van die magtelose en wanhopige mensdom en hy moet dit nou ontgeld.

Duisternis sak dan oor die ééns só magtige wêreldryk toe. Sy gesag is daarmee heen, want mense sien sy magteloosheid. Hy boesem nie meer vrees in nie en sy pratende beeld imponeer hulle nie meer nie. Op hom word geskel en aan hom word onmoontlike eise gestel. Wanneer wanhoop van die mensdom besit neem, vrees hulle nie meer die mag van die dier nie. Ondergang en ellende staar hulle tog in die oë. Die skerpioen-sprinkane in Openb. 9, wat die mense geestelik gepynig en vervul het met één groot angsneurose, kon miskien nog daartoe bydra om die Antichris op sy troon te bring. Hy sal dit gewis uitbuit om deur sataniese lis die mag oor die mensdom te bekom. Nou is só 'n moontlikheid selfs uitgesluit. Hy het sy kans gehad om te bewys waartoe hy in staat is, en het misluk. Daarom sak duisternis toe oor sy troon.

Ag, indien die moontlikheid tog maar nog daar was dat die mense nou, selfs in die laat uur, hulle tot die ware God sou wend! Die moontlikheid is egter verby – hulle is te goed geïndoktrineer. Hulle Satan-geïnspireerde kaartehuis stort in duie en hulle is op die einde van die pad. Hulle is net van één ding bewus en dit is die ondraaglike pyne wat aan hulle vreet. ". . . en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en hulle het hul nie bekeer van hul werke nie." 'n Mens sien hulle voortstrompel en sit en lê – oordek met die pynlike sere. En van bo brand die son só dat hulle nie rus kry nie. Hulle vloek en laster maar – dit is die enigste moontlike uiting nog vir die wanhoop wat hulle verteer.

Só is die einde van die heerskappy van Satan op aarde. Hy het die mensdom gebring tot by die put van die afgrond, waar hy woon in die ewige duisternis. Die ewige nag is nou in sig. Gelukkig breek ook die ewige môre dan aan.

# 9 Augustus: Die Eufraat droog op

Openb. 9:13-21

*"En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat . . .*" (Openb. 16:12)

Hier is die versoeking sterk om eietydse geskiedenis te skryf. Gebeure van ons tyd dien in elk geval as 'n baie duidelike illustrasie van wat kán gebeur, indien dit nie al werklik besig is om plaas te vind nie. Maar daarop kom ons later terug. Ons kyk eers van naderby na wat die *Eufraatrivier* beteken. Ons kan wél duidelik aflei dat dit 'n simboliese voorstelling van iets anders is. Die riviere in die algemeen is immers al vantevore met die derde plaag getref, en het bloed geword.

Dit is opmerklik dat die sesde basuin, net soos die sesde plaag hier, ook met die Eufraat te doen het. "En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en die het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by *die* groot rivier, die Eufraat." (9:*13, 14).* Daarop vind 'n groot veldslag plaas. Ook hier is dit só – hoewel die omvang van die oorlog nou veel groter is.

Ons verneem die eerste keer van die rivier in Gen. 2:14, waar dit *Frat* genoem is – een van die vier riviere wat deur die Tuin van Eden of die Paradys gevloei het. Ook in Gen. 15:18 lees ons van die Frat. Later is dit dan bekend as die Eufraat. Dit is 'n lang rivier van ongeveer 1 900 km, waaraan in die ou tyd baie groot stede gelê het. Ook Babel of Babilon het aan die oewers van die Eufraat gelê.

Simbolies kan 'n mens die Eufraat uit twee oogpunte bekyk. Dit mag gesien word as die middelpunt of hartaar van die Babiloniese wêreldryk. Só kan ons dit verstaan in Openb. 9:13, 14. Wanneer die vier engele by die Eufraat losgemaak word, kom daar 'n vreeslike woeling binne die wêreldryke. Dit lei tot 'n bloedige slagting, sodat 'n derde van die mensdom sterwe. Ons sien iets daarvan in die afgelope wêreldoorloë en besef dat 'n oorlog met moderne wapens baie maklik 'n derde van die bewoners van die aarde kan uitroei.

Aan die ander kant is die Eufraat ook die skeiding tussen die Weste en die Ooste, gesien vanuit die gesigspunt van die bewoners van Palestina. Anderkant die Eufraat hou die wêreld eintlik vir die Israeliet op Dit is die onbekende verre Ooste. Vér anderkant die Eufraat, in die geval in die verre Noorde, woon byvoorbeeld ook die Gog en die Magog (Eseg. 38:2; 39:1). Ook van die Gog en Magog lees ons in Openbaring. "En hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog." (20:8).

Oorgeplaas op ons tyd of die eindtyd, is die Eufraat derhalwe die skeiding of grens tussen die Weste en die Ooste. Ons is gewoon om van Westerse en Oosterse nasies te praat. Tussen die twee groepe lê dan 'n bepaalde skeiding, wat byvoorbeeld in ons spraakgebruik bekend is as die Midde-Ooste. Die staat Israel is vandag duidelik 'n voorposstaat van die Weste. Oos-Europa sou ons ook só kon klassifiseer as tussen Oos en Wes. Groot dele van Rusland is in werklikheid Oosters in die volle betekenis van die woord.

Maar ook Suid-Afrika lê op die grens tussen Oos en Wes. Om die Kaap gaan die belangrike verbindingsroete tussen Oos en Wes. Soos die toestande vandag is, lyk dit dan of hierdie sesde engel se plaag ons ook kan tref.

# 10 Augustus: Die pad vir ooste reggemaak

Jer. 1:13-19

*"En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste afkom, reggemaak kon word."* (Openb. 16:12)

Ons het nou reeds vasgestel dat die Eufraatrivier 'n simboliese voorstelling is van die skeiding tussen die Ooste en die Weste. Wanneer die sesde engel sy goue skottel se inhoud omkeer op die rivier, droog hy op en die pad is reg vir die Oosterse magte om die Westerse volke te oorstroom.

Wat staan nog in die pad van die konings van die Ooste in ons tyd? Elkeen, wat iets weet van ons eietydse geskiedenis, is daarvan bewus dat die Ooste vir die afgelope eeue oorheers is deur die Weste. Dit het egter binne enkele jare geheel-en-al verander. Die winde van verandering het gewaai oor Asië en Afrika. Die woord dékolonisasie het 'n modewoord geword. Die Westerlinge het hulle oorheersing vinnig, baie vinnig beëindig. Die Westerlinge ly selfs aan só 'n skuldbesef dat hulle na die pype van die Oosterlinge dans en steeds aan hulle toegee. Dit maak die Ooste, waarby Afrika en die kommunistiese lande ingesluit is, al hoe uitdagender. Die Weste het willoos en passief geword – eintlik asof die wil en vermoë om nog hulle nasionale belange te beskerm, verdwyn het

Dit is asof ons sien hoe die onsigbare engel sy skaal omgekeer het. Die pad van die Oosterse magte is reggemaak. Die Westerse nasies se innerlike weerstand is afgetakel. Byna die enigste wat nog in die pad van die konings van die Ooste staan is die state van Israel en Suid-Afrika.

Teen die agtergrond is daar nog iets waaraan ons nou aandag moet gee. Ons praat van die Weste gewoonlik as die Christelike nasies. Maar is hulle dit nog? Ons lewe in elk geval te midde in die groot afval. Die Weste het in baie opsigte antichristelik geword. Kan ons nog beweer dat die Weste die Christendom verteenwoordig? Vertoon die volke van die Weste nie meer en meer die beeld van die dier nie? Sommige meen byvoorbeeld dat die eintlike ryk van die Antichris sy setel in die Weste sal hê, wat heeltemal moontlik is. Dit groei dan op die wortel van die afvallige kerk of kerklidmate. Die Woord van God het in elk geval nie meer 'n sê in die groot samelewing se kultuur en wetenskap en staatkunde nie.

Ook dit gooi die poorte oop vir die Ooste. In vele opsigte is die beweging nie meer die van die evangelie van Jesus Christus na die Ooste nie, maar die van die Oosterse kultuur en godsdienste na die Weste. In die Westerse kunsprodukte sien ons dit lankal. Westerlinge skaam hulle vir hulle beskawing en probeer elke spoor daarvan uitwis. Hulle beskawing, wat gegroei het uit hulle Christelike erfenis, is meer en meer verwerplik in die oë van Westerse kultuurleiers.

Wat vir ons wag, weet die Here alleen. Dit lyk egter asof die Eufraat vinnig besig is om op te droog. Nie alleen Londen en Amsterdam en ander Europese stede sit meer en meer met Oosterse kleurprobleme in hulle midde nie. Hulle is ook gevul met 'n verlamde, futlose en ontkerstende wit bevolking, wat hulle krag en ideale verloën, omdat God vir hulle dood is. Wie en wat hulle vereer en aanbid, hang maar net daarvan af wie die meeste sosiale voordele bied.

## 11 Augustus: Onreine geeste soos paddas

Openb. 16:13-21

*"En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom."* (Openb. 16:13)

Die draak en die dier en die valse profeet, is alreeds aan ons bekend uit hoofstuk 12 en 13. Die draak of die ou slang is die duiwel en die Satan. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde." (12:9). Die *dier* is die dier wat uit die see opkom – die dier met sewe koppe en tien horings wat soos 'n luiperd lyk, 'n beer se pote het en 'n leeubek. In hom sien ons die sameflansing van politieke magte in die ryk van die Antichris. Hy is as 't ware die vleesgeworde Satan of die mens van die sonde, wat in die tempel van God sal sit en voorgee dat hy god is. (13:1-10). Die valse profeet weer is die dier uit die aarde, wat twee horings het soos 'n lam en praat soos 'n draak. (13:11). In hom sien ons die samevoeging van die menslike wetenskap en kuns en kultuur wat aangewend word om die leuen oor die waarheid te laat seëvier. Hy staan in diens van die Antichris.

Uit die bekke van hierdie onheilige drie-eenheid kom nou drie onreine geeste voort wat soos paddas lyk. In die wêreld vat nou 'n gees pos wat deur en deur duiwels of satanies is. Dit is 'n onheilige gees wat deur die duiwel self die wêreld ingestuur is. Hy, die duiwel, het na die aarde neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. (12:12). Hier word ook in ander woorde gesê, waarvan ons lees in 20:7, 8: "En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog . . ."

Die tweede afsigtelike onreine paddagees kom voort uit die politieke mag van die Antichris. Hy is polities geïnspireerd en gebruik die owerheidsmag om sy doel te bereik. Die loop van 'n geweer is sy instrument om mense voor sy onheilige wil te laat buig. Sy doel is duidelik om met mag en geweld die Christendom nou finaal ouder te ploeg. "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings .. . Hulle het één gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer." (17:12-14).

Die derde padda-gees kom uit die mond van die valse profeet. Hy gebruik sy mag op die terrein van die geeste om sy doel te bereik. Hy indoktrineer die mensdom se innerlike met sy valse propaganda om die waarheid te verwerp en die leuen te glo. Op elke terrein van die menslike lewe vat dit onreine en onheilige lewensopvatting pos. Dit word wél met mooi name genoem, soos *wysheid* en *vrede* en *volwassenheid* of *mondigheid,* maar in werklikheid onderwerp hy die mensdom aan hulle eie onreine innerlike. Paulus sien die blinde heidendom al wegsink in die poel van onheiligheid in sy tyd: "maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hulle onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere". Hulle het hul liggame onder mekaar onteer . . . Hulle het die waarheid van God verruil vir die leuen en die skepsel vereer en gedien bo die Skepper wat geprys moet word *tot* in ewigheid. (Rom. 1:21-25).

Is dit 'n wonder dat die Here Jesus nou self gaan uitroep? "Kyk, Ek kom soos 'n dief! Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie." (Vers 15). Die mens word geestelik kaalgestroop en loop naak voor aller oë. Daarom gee hy nie om om sy liggaamlike naaktheid te vertoon vir wie maar wil kyk nie.

# 12 Augustus: Daardie groot dag van God

Joël 2:11-17

*Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God."* (Openb. 16:14)

Die onreine geeste, wat soos paddas lyk en wat kom uit die bekke van die draak en die dier en die valse profeet, word nou verder beskrywe. Hier word uitdruklik verklaar dat hulle geeste van duiwels is. Geeste kom uit die hel op en vaar onder die mensdom in. Hulle verlei die aardbewoners om onreinheid en onheiligheid tot in die perverse te versin en te vertoon. Die goddelose onheiligheid is doelbewus ingestel op die verwoesting van al wat 'n skyn van Christelikheid op die aarde openbaar. Niks wat van die Here is, mag meer gehoor en gesien word nie. Die duiwel wil alle lig van die aarde uitwis en dit heeltemal laat versink in die nagdonker van die hel. Daartoe gebruik hy geraffineerde lis om die mensdom te verlei, maar hy stuit ook nie vir politieke mag en geweld om die Christendom uit te roei nie. Hy veg nou met oop visier teen God en Christus.

Die doel van die onreine geeste is duidelik. Hulle versamel alle heersers van die aarde, maar ook die hele wêreld – dit is alle inwoners van die wêreld – vir die oorlog teen die gemeente van Christus. Die hele mensdom kom in beweging om slag te lewer teen die gehate Christendom. Hulle is nou lank genoeg gepynig deur God en sy Woord. Hulle is nou keelvol vir die getuienis van die Christene en gaan nou eens en vir altyd 'n einde maak aan die laaste sweem van Christelikheid. Hulle wil nou eindelik die helse paradys op aarde vestig.

Min weet die bewoners van die aarde egter dat die hand van God self hier agter verskuil is. Die paddageeste versamel die konings of heersers van die aarde, met al hul volgelinge, "vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God."

Die dag van God of die dag van die HERE is 'n bekende uitdrukking in die ou Testament. "Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra? ... Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom." (Joël: 2:11, 31). Dit sien duidelik op die dag van die eindoordeel, wanneer Christus kom op die wolke van die hemel. Daarom sê Hy onmiddellik hierna: "Kyk, Ek kom soos 'n dief." Dieselfde groot dag van die almagtige God word in Openb. 20:9 beskryf: "En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind."

Die groot dag van die almagtige God is die dag van die finale skeiding. Die Here ken ons innerlike. Hy weet wat in 'n mens se binneste omgaan. Voor sy alsiende oë is die mensdom van die begin af onderskei in twee groepe: die saad van die vrou en die saad van die slang. (Gen. 3:15). Deur die eeue heen was die twee groepe egter altyd vermeng – die koring en die onkruid staan saam op die land van die boer. Hier by die groot dag van die Here kom die onderskeid nou duidelik aan die lig. Mense kies openlik kant vir die draak teen God en voeg hulle by die gevegsmagte van die dier. Dit kom nou aan die lig waar elkeen staan en in die hart van die ongelowiges is nou geen deernis of ontferming meer vir enigeen wat nog die moed het om sy Christenskap te bely nie.

Voorwaar 'n donker tyd! En ons sien die donker skaduwees alreeds onheilspellend nadersluip.

# 13 Augustus: "Ek kom soos 'n dief"

1 Thess. 5:1-11

*"Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is Hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie."* (Openb. 16:15)

Die Here Jesus sien in hierdie donker tyd neer op sy vervolgde en verslae gemeente. In 'n nag so dubbel duister, loop hulle die gevaar om moed te verloor. Dit lyk asof die lig van God se genade op aarde uitgedoof is. Menigeen sal ook, soos Israel in die Babiloniese ballingskap, die gedagte koester en selfs uitspreek: "Die HERE het my verlaat, en die HERE het my vergeet!" (Jes. 49:14) Hulle mag miskien selfs die indruk kry dat dit die beste is om maar hulle belydenis weg te steek of te kompromitteer met die wêreld, sodat dit darem vir hulle leefbaar op die aarde is. Hulle kan miskien ook van hulle klere begin uittrek en deel in die naaktheid van die wêreld.

Die Here het sy volgelinge beklee. Hulle is behoorlik aangetrek, sodat hulle skaamte of die skande van hulle naaktheid bedek is. Ons sonde en ongeregtighede word bedek deur die bloed van die Lam. Hy is die kleed van ons geregtigheid. Só alleen kan ons voor God bestaan. Verloën ons Hom en breek ons met sy Woord en hou ons op om Sy getuies te wees, dan trek ons ons klere uit. Ons klere raak nie alleen besoedel nie, maar ons geregtigheid voor God verdwyn. Ons loop naak rond voor God en die mense. Daar is niks wat ons skaamte voor sy heilige oë bedek nie.

O, dit word al moeiliker om in die wêreld 'n Christen te wees wat jou klere behou! Van alle kan te word ons aangeval en afgetakel. In sy verleidinge kom die duiwel selfs op ons af soos 'n engel van die lig. Só maklik praat ons saam met die valse profeet en ons stemme word selfs die gesis van die slang wat mense laat struikel. Christen-ouers en geleerdes en kunstenaars en kultuurleiers en regeerders dra 'n dubbele verantwoordelikheid. Pas julle klere op! Die kunste en die wetenskappe kom mooi en onskuldig voor, maar dit asem dikwels die gees van die afgrond. Die atmosfeer raak geestelik só besoedel dat die suiwer waarheid nie meer uitgeken kan word nie.

Vanselfsprekend hou die handhawing van jou Christelike belydenis ook vir jou vernedering en vervolging in, veral wanneer die padda-geeste die nasies van die wêreld versamel vir die totaal-oorlog teen Christus en sy gemeente. Die vreeslikste moontlikheid lê op elkeen se pad en die ontsettende vraag is: Sal ek volhard tot die einde toe?

Daarom praat die Here hier. Hy weet sy kerk het dit nodig: "Kyk, Ek kom soos 'n dief!" Wanneer hy duidelik let op die tekens van die tye, dan weet die kind van die Here dit. Hy leef altyd in die besef dat die Here kom. Veral in die stikduister van die eindtyd weet elkeen, wat die Woord van God ernstig opneem, dat sy koms voor die deur is. In die wêreld sal daar egter nie só 'n verwagting leef nie. Die geestelike klimaat van die wêreld sal ingestel wees op die bestendige "vrederyk" van die Satan op aarde. Die gees kan maklik ook die kinders van die lig en die kinders van die dag se uitsig versluier. Daarom is hierdie woorde van die Here vir ons 'n waarskuwing om wakker en waaksaam te bly.

Maar dit is ook 'n troos in die donker dae. Ja, dit is ons enigste troos. Die koms van die Here is voor die deur. Die vyeboom se tak word sag sy botsels beur na buite – die lente is hier! "Ek kom soos 'n dief!" Onverwags vir die ongelowige wêreld . . . Vir hulle wat hulle klere bewaar en volhard tot die einde toe, breek dan die ewige lente aan.

# 14 Augustus: Armagéddon

Eseg. 39:1-11

*"En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon".* (Openb. 16:16)

Die naam Armagéddon kom alleen hier in die Bybel voor. Volgens die aard van Openbaring moet ons die naam as simbolies beskou. Om die simboliek te verstaan, moet ons egter probeer aflei waar hierdie Hebreeuse woord vandaan kom en wat dit beteken. Die naam is eintlik: "Har Magéddon" wat beteken *berg of heuwel van Magéddon.* Die meeste verklaarders bring dit in verband met Megiddo, in die omgewing van die berg Karmel in Palestina. By Megiddo was 'n baie belangrike bergpas op die groot kuspad tussen Egipte en die Noorde. In oorlogstye het die pas strategies 'n belangrike plek ingeneem en hier het verskeie groot veldslae plaasgevind. Daar het Bárak en Debóra in die Rigtertyd die Kanaäniet Jabin verslaan. Later het Josia, die godvrugtige koning van Juda, probeer om Farao Nego se leër hier te stuit en is hy gedood (Rigt. 5:19; 2 Kon. 23:29, 30).

Ons kan derhalwe uit die naam aflei dat dit simbolies dui op 'n slagveld waar die volk van die Here betrokke sal wees. Daar het die volk van die Here, in die tyd van Debóra en Bárak, hulle vyande oorwin. Aan die ander kant is die volk van God in die tyd van Josia hier weer diep verneder, toe hulle jong koning gesneuwel het. Ons moet hierby ook dink aan Eseg. 39:2, 4: "En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die Noorde en jou laat kom op die *berge van Israel. . . Op die berge* van Israel sal jy val, jy en jou leërs en die volke wat saam met jou is. . ." Dit is duidelik dat ons dit ook moet sien in verband met Openb. 20:7-9: Die Satan word naamlik losgelaat om die nasies te verlei – ook die Gog en die Magog van Eseg. 38, 39, en hulle omsingel die laer van die heiliges en die geliefde stad.

Armagéddon kan 'n bepaalde geografiese plek wees. Dit kan ook alleen die simboliese voorstelling van die godsdienstige vervolging van die eindtyd wees. Waar die gemeente van die Here ook al op aarde mag wees, sal hulle met die vyandskap van die wêreld te doen hê. Die doel en strewe van die hele wêreld is om die gelowiges op aarde uit te roei – tot die laaste een toe. Die gelowiges gaan hulleself nie in slagordes opstel om hulleself te verdedig nie. Hulle stry nie met mag en geweld nie, maar deur die Gees van die Here. Hulle skild is die geloof en hulle swaard is die Woord van God. Dit sou egter vreemd wees vir die magtige wêreldryk of ryke, om die weerlose Christene op één bepaalde plek saam te jaag om hulle uit te moor.

Hier is geen grond vir die gedagte dat die gelowiges juis in Jerusalem saamgetrek sal word of dat dit sien op die huidige staat Israel nie. Die laer van die heiliges en die geliefde stad is 'n simboliese naam vir die gelowiges of heiliges. Dwarsdeur die Bybel het dit dikwels die besondere betekenis. Wanneer ons lees dat die menigtes versamel by Armagéddon, beteken dit dat hulle eenheid van doel en opset in die haat teen Christus duidelik aan die lig kom. Die vyandskap teen die Here en sy gemeente bereik dan sy kulminasiepunt, só asof die mensdom op een bepaalde plek saamgetrek is om nou uiting te gee aan hulle diepgewortelde vyandskap teen God en sy gemeente. Die wêreld is nou één en die eenheidsband, wat hulle saambind, is die haat teen die Here.

Gelukkig is Armagéddon uiteindelik ook die plek van die groot verlossing uit die aardse nood. As wêreldtoestande só geword het, is onse Here se koms voor die deur.

## 15 Augustus: "Dit is verby!"

Openb. 21:1-8

*"En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!"* (Openb. 16:17)

Die laaste van die sewe engele kom na vore. Die sewe engele het elkeen 'n goue skaal ontvang, wat gevul is met die grimmigheid van God. Een vir een het hulle hul skale omgekeer en groot nood in die vorm van siektes en rampe het die aarde getref. Die sewende engel gooi sy skaal uit in die lug. Sonder lug kan geen lewende wese bestaan nie. Daarmee tref die omvangrykste plaag die mensdom – die mense kan nie meer asemhaal nie.

Daarop kom daar 'n luide stem uit die tempel in die hemel, van die troon van God af, wat roep: "Dit is verby!" Dit is duidelik dat hierdie stem van God self of van Christus afkomstig is. Dit mag wél wees dat dit hier Jesus Christus se stem is. Hy regeer immers oor alles en Hy is besig om die boek van God se raadsbesluit uit te voer. Hy het die boek uit God se hand ontvang en die seëls een vir een oopgebreek. Met die oopbreek van die sewende seël het die sewe basuine gevolg en uit die sewende basuin volg weer die sewe laaste plae. Met die sewende of laaste plaag kom dan die uitvoering van God se raadsbesluite oor die aarde en sy bewoners tot 'n einde. Dit mag egter wees dat God die Vader nou self aankondig dat die Seun van die mens sy regeertaak tot aan die einde afgehandel het.

"Dit is verby!" Éénmaal, aan die kruis, het die Lam uitgeroep: "Dit is volbring!" Daarmee het Hy alles volbring wat Adam moes volbring, maar waarin hy gefaal het. Hy was volkome gehoorsaam en het die wil van sy Vader tot die einde toe volbring. Hy het ook al die beloftes en profesieë volbring. Ook die offers en seremonies in die Ou Testament is in Hom vervul. Daarmee het Hy ook die Satan in beginsel oorwin en vir die sondes van die mensdom betaal.

En tog was alles daarmee nog nie verby nie. Christus se koninkryk moes nog oor die ganse aarde kom. Sy volgelinge dien as sy gesante om sy evangelie te verkondig. Intussen regeer Hy vanuit die hemel. Sy kerk wag en die wêreld wag op sy wederkoms. Sy gemeente word voltallig en ryp vir die oes en die wêreld word ryp vir die oordeel. Eindelik is die tyd daar – die groot dag van God het gekom en die laaste engel keer sy plaag om en die atmosfeer van die aarde word vergiftig. Dan kom die stem uit die tempel in die hemel, wat triomfantlik roep: "Dit is verby!"

Die aardse geskiedenis word afgesluit. Ons moet in gedagte hou dat die boek Openbaring nog nie klaar is met die geskiedenis nie. Daar volg nog besonderhede oor hoe die afloop voltrek word. En dan word selfs weer 'n keer, soos vroeër herhaaldelik gebeur het, 'n terugblik op die afgelope geskiedenis gewerp.

Toe onse Here op Golgotha uitgeroep het: "Dit is volbring!" het die hemele gejuig en die hel gesidder. Só sal dit ook wees by hierdie laaste roep: "Dit is verby!" Eindelik kom die heerlikheid van die hoë God in die hemel en op die aarde ten volle tot openbaring. Alle stryd en nood en struikeling en sonde en die dood is verby. Alles kom tot 'n einde. Nou wag alleen die rus wat alle verstand te bowe gaan.

# 16 Augustus: Oordeel oor die hele aarde

Openb. 6:12-17

*"En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom . . . En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En alle eilande het gevlug . . . en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster . . .*" (Openb. 16:18-21)

Die tekens van God se majesteit en hoogheid word nog gehoor en gesien. Weerligte flits en stemme en donderslae word gehoor – soos Israel gesien en gehoor het by die verskyning van God op Sinaï. (Ex. 19:6 v.v.). 'n Wêreldomvattende aardbewing skud die aarde uit sy voeë. Die groot stad, Babilon, die middelpunt van die wêreldryk van die Antichris, of die afvallige Christendom, word oopgeskeur in drie dele. Eilande verdwyn soos vlugtende gedaantes in die see en berge in die skeure van die aarde. En dan word die verwoeste aarde nog geteister deur 'n groot haelbui wat dood en verwoesting saai.

Só moet die mensdom die beker van die grimmigheid van die toorn van God leegdrink. Só kom die groot dag van God en tref die mensdom. En die reaksie van die mense is om, tussen die gedruis van die elemente, hulle lastering uit te galm teen die hemel en die almagtige God. Dit is al wat hulle nog kan doen, want die tyd van genade is verby. Hulle hel het op aarde begin.

In hoofstuk 6:12-17 kry ons 'n soortgelyke beskrywing van die oordeel. Ook in 8:5 lees ons van stemme en donderslae en weerligte en aardbewing. In hoofstuk 11:18 lees ons: ". . . en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word." Ons het verder in 14:14-20 'n beskrywing van die eindoordeel in die graanoes en die wynoes. Later in 19:20, 21 is weer sprake van die oordeel oor die dier of Antichris en sy valse profeet, wat lewend gewerp is in die vuurpoel wat met swawel brand. En dan kry ons eindelik in hoofstuk 20:7-15 die beskrywing van die oordeel oor die duiwel en die opstanding van die dooies en die finale oordeel oor die mensdom. Minstens sewe keer kom die boek Openbaring derhalwe uit by die eindoordeel. Dit lyk selfs of die eerste beskrywing in hoofstuk 6:12-17 die omvattendste is. Daar word die son en die maan en die sterre ook betrek in die beskrywing.

Hieruit is één ding duidelik: 'n mens kan nie die verloop van die gesigte in die boek Openbaring in volgorde ná mekaar in die tyd sien gebeur nie. Ons het eerder te doen met bepaalde siklusse – elke keer word ons in die geskiedenis teruggeneem en sien die gebeure uit 'n nuwe oogpunt en kom dan eindelik weer by die eindoordeel uit. Die Here belig die verloop van die geskiedenis uit allerlei oogpunte om die dinge aan ons tuis te bring.

Aan die één kant is dit nodig ter wille van ons eie stompsinnigheid. Dit is nodig dat ons meermale moet hoor en sien om behoorlik onder die besef van die werke van God te kom. Ons leer gewoonlik maar stadig.

Dit is egter ook 'n bewys van die groot lankmoedigheid van die Here. Omdat Hy wil spaar en alle geleentheid wil gee om duidelik te sien en te hoor, sodat daar bekering mag kom, toon Hy telkens weer 'n ander kant van die geskiedenis in die lig van sy openbaring. As ons tog maar duidelik, sien en hoor en skuil agter die bloed van die Lam!

## 17 Augustus: Kom hierheen!

Ps. 131

*"En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit. . .*" (Openb. 17:1)

Die sewe engele, wat die sewe laaste plae op die aarde uitgegooi het, is die beste in staat om die dinge wat hulle gedoen het, te beskrywe. Daarom sê een van hulle nou aan Johannes: "Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit." Hy gaan nou aan Johannes toon dat die mooi vrou die oordeel na reg verdien. Hy kan ook die wese van die oordeel duidelik aantoon en die beste inligting gee oor die omvang daarvan. Hy is immers op hoogte van wat hyself gedoen het. Ons kry derhalwe nou 'n kykie agter die skerms van wat al klaar gebeur het.

Vir Johannes en ook vir ons, sy lesers, is dit nodig om 'n dieper insig te kry in wat plaasgevind het. "Kom hierheen, ek sal jou toon." Vanwaar Johannes staan, kon hy nie sien of begryp nie. Ons ook nie. Uit aardse en menslike oogpunt kyk ons teen newels vas. Ons sien maar die gebeure in die wêreld rondom ons. Ons sien die woeling van die nasies en die opkoms en ondergang van wêreldryke, maar ons begryp nie wat daaragter verskuil is nie. Daartoe moet ons van staanplek verander. Ons moet die dinge bekyk in die lig van God se openbaring, anders sou dit altyd vir ons 'n onbegryplike raaisel bly. Die dinge kom nie voort uit Johannes se innerlike nie. Dit is ook nie, soos sommige verklaarders reken, bepaalde beelde waarin Johannes die gebeure van sy eie tyd beskrywe nie. Dit is selfs nie soos hyself, met sy besondere insig, die dinge vooruit gesien het nie. Nee, dit is verborge dinge, wat God alleen openbaar. Dan eers sien hy dit, afgesien daarvan of hyself dit ooit begryp het. Ek glo dit in der waarheid nie. Vir hom was dit maar net só onbegryplik, soos dit vir ons sou wees, voordat ons bepaalde dinge sien plaasvind. Dink gerus hierby aan Johannes die Doper. Hyself wys die Here Jesus aan met die woorde: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29). En tog stuur dieselfde Johannes die Doper later, toe hy in die koue tronk sit, twee van sy dissipels na die Here met die vraag: "Is U die Één wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" (Matt. 11:3). Ons moet nooit dink dat die profete, wat gesigte gesien het, altyd begryp het wat hulle gesien het nie. Dit geld ook van die skrywer van die boek Openbaring. Aan hom is dinge getoon in visioene, wat hyself nie kon verklaar nie. Hy vertel alleen wat hy gesien het.

In ons persoonlike lewe en in die wêreld, het ons ook dikwels te doen met onverstaanbare en soms selfs pynlike gebeurtenisse, wat ons nie begryp nie. Ons moet onthou dat ons uitsig beperk en ons verstand verduister is. Ons moet 'n ander staanplek kry. "Kom hierheen, Ek sal vir jou wys!" sê die Here vir ons in sy Woord. En selfs dan wys Hy ons nie alles nie. Hy wys meesal aan ons maar net dat ons ons krag by Hom moet soek. Ons moenie antwoorde wil hê op nuuskierige vrae nie. Sy genade is vir ons genoeg, sy krag word in swakheid volbring. Leer dit gerus van Dawid:

> "My hart is nie hoogmoedig, HEER!
> My oog nie trots nie; ek verkeer,
> Ek wandel nie in wat te groot,
> te diep is vir U gunsgenoot." (Ps. 131:1).

# 18 Augustus: Die groot hoer op die baie waters

Eseg. 16:20-32

". . . *ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit. .* ." (Openb. 17:1)

Een van die sewe engele, wat die sewe laaste plae op die aarde uitgegooi het, gaan nou aan Johannes iets wys: ". . . die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit." Wie is hierdie ontugtige vrou? Ook hier het ons te doen met beeldspraak, wat selfs nie moeilik is om uit te maak nie, omdat ons al vantevore van haar gelees het. Luister: "Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid *van haar hoerery."* (14:8). Ook later in hierdie selfde hoofstuk lees ons: "En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde." (17:18).

Die baie waters, waarop sy sit, is ook nie moeilik te verklaar nie. Ons ontvang daarvan die verklaring uit die mond van die engel self: "Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale." (17:15). Dit is dieselfde waters wat Johannes vroeër in hoofstuk 12:18 gesien het, toe hy op die sand van die see gaan staan het. Daaruit het die dier met die sewe koppe en tien horings opgekom.

God stel owerhede en magte in. Hy doen dit om die lewe vir die mense op aarde moontlik te maak. Owerhede is daar om "wet en orde" te handhaaf, anders sou alles op aarde versink in chaos en anargie. Elkeen sal maak soos hy wil en alle bestaansmoontlikhede op aarde verdwyn. Daarom word dit só gevaarlik wanneer mense die gesag van die aardse regering ondermyn of verwerp. Dit kan lei tot anargie. Dit is egter net so verkeerd om die owerheid te vereer of aanbid.

Hierdie vrou, wat ook Babilon genoem word, is egter nie self die owerheid nie. Die wêreldheerser is die dier uit die see, met sewe koppe en tien horings. (13:1, 2). Die vrou sit egter bo op die dier, lees ons in die volgende vers. Behalwe die dier en die valse profeet het ons hier met 'n derde mag te doen. Sy word selfs later volgens vers 16 deur die dier gehaat en vernietig. Dit lyk asof sy aan die dier verbonde was en tog uiteindelik deur hom vermoor is.

'n Mens dink onwillekeurig aan die simboliek van 'n ander stad wat ook 'n vrou is. Dan kom die beeld van die kerk van die Here in ons gedagte. Die verbondsvolk is alreeds in die Ou Testament as die vrou van God geteken. In die Nuwe Testament word die gemeente die bruid van Christus genoem. Maar die Bybel ken ook die verbondsvolk as die stad Jerusalem of Sion. Só is die *geliefde stad* (Openb. 20:9) ook weer die gemeente van die Here Jesus. Dit lyk asof ons die verklaring van die vrou op die baie waters, wat terselfdertyd Babilon genoem word, ook as so iets moet sien.

Sou ons dan kan sê dat die Antichris, net soos Christus, ook 'n bruid het? Ja, in 'n bepaalde opsig wél, alleen met die verskil dat hy haar afgerokkel het van haar ware Bruidegom. Sy is klaarblyklik die eertydse kerk van Christus – behalwe die oorblywende getroues. Sy heul met die dier en pleeg owerspel met hom en verlei die bewoners van die aarde ook daartoe. Daarop kom ons later terug. Één ding *moet ons* egter weet: om uitwendig aan die kerk te behoort is nie genoeg nie. Jy moet ook inwendig aan Christus gebonde wees, anders is jy besig om met die dier gemeenskap te hê.

# 19 Augustus: Die vrou in die woestyn

Eseg. 16:33-40

*"En hy het my in die gees weggevoer na die woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings."* (Openb. 17:3)

In sy visioen word Johannes verplaas na die woestyn. En dan sien hy die vrou van wie die engel gepraat het. Sy sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. Wat maak sy in die woestyn?

In hoofstuk 12 lees ons van die vrou, vir wie die Kind, ons Here Jesus Christus gebore is, dat sy na die woestyn gevlug het. Daar in die woestyn is vir haar 'n plek reggemaak en daar kon sy buite die gesig van die draak onderhou word. Die vrou, weet ons al, is die simboliese voorstelling van die gemeente van die Here. Die normale lewe van die kerk van die Here op aarde is 'n woestynlewe. Dit beteken ontberinge en stryd vir die gemeente.

Nou sien Johannes hierdie vrou, die bruid van die dier, ook in die woestyn. Het die woestyn nou hier 'n ander betekenis? Moontlik wil dit aandui dat sy van God verlate is en lewe onder die vloek van die Here. Ons kan dit só vertolk. Ons kan egter ook aflei dat ons met dieselfde vrou van vroeër te doen het, wat nou anders geword het. Sy was die bruid van Christus, maar sy het 'n owerspelige vrou geword. Sy het met die konings van die aarde gehoereer en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. (Vers 2). In Eseg. 16 word die verbondsvolk van die Here ook só geteken. Daar praat die HERE nadruklik met *Jerusalem* en sê van haar: "O die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem. Hulle gee geskenke aan al die hoere, maar jy het jou geskenke aan al jou minnaars gegee en hulle gifte aangebied om van alle kan te na jou te kom in jou hoereryе." (Eseg. 16:32, 33).

En sy sit op die skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. Ons weet al uit hoofstuk 13 wie die dier is. Hy is die Antichris of mens van die sonde. Het die gemeente van Jesus Christus Hom nou verlaat en die liefde van haar hart gegee aan die dier? Ons kan dit hier wél só aflei. Kyk ons na die geskiedenis dan sien ons ook hoe maklik dit kan gebeur.

Die Roomse kerk het in die Middeleeue gegryp na aardse weelde en mag. Die pous het selfs konings en keisers aangestel en afgesit. Daar het die kerk baie duidelik met die konings van die aarde gehoereer. Sy het bo op die aardse regerings haar plek gaan inneem. Sy het ook van mag en geweld gebruik gemaak om eenvoudige gelowiges, wat aan die Here en sy Woord getrou wou bly, tot onderworpenheid te dwing. Die kenteken van 'n lidmaat van die Roomse Kerk was nie meer om te buig voor sy Koning, Jesus Christus, nie, maar om aan die Pous en sy ordinansies getrou te bly.

In ons tyd is daar weer kerke en teoloë wat selfs heul met die Marxisme. Hulle preek rewolusie en geweld en hulle uitgangspunt is wêreld-eenheid – al is dit sonder Christus en sy Woord. Weer openbaar kerke en kerklidmate duidelik hierdie gestalte. Ons kan dit selfs van naderby aantoon. In ons eie geledere gebruik kerke soms die mag en invloed van die owerheid om hulle eie institute te bevoordeel. Dit is moeilik om altyd getrou te bly aan ons enigste Koning, Jesus Christus.

Daarby is daar binne die kerke, selfs waar die Evangelie nog die suiwerste verkondig word, baie aanhangers van die owerspelige vrou.

# 20 Augustus: Goue beker vol gruwels

Eseg. 16: 11-19

*"En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery."* (Openb. 17:4)

Hierdie vrou is oordadig opgesmuk en mooigemaak. Sy is die teëhanger van die bruid van die Lam. Die bruid van Christus, soos die Christen-vrou, moet met innerlike deugde versier wees. "So moet ook die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie, maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke." (1 Tim. 2:9, 10). En die bruid van die Lam word só geteken: "En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges." (Openb. 19:8). Haar skoonheid is haar regverdige dade. Sy is versier met goeie werke of vrugte van dankbaarheid ...

Hierdie vrou, wat ons ook die bruid van die dier kan noem, is presies die teendeel van die bruid van Christus. Sy is na die uitwendige oorlaai met fraaiïghede – beklee met purper en skarlaken en versier met goud en kosbare stene en pêrels. Alles op aarde, wat maar enigsins skitter, hang sy om haar. Dit is die kosbaarste klere en goue oorbelle en diamantringe en pêrelhalsnoere. Sy is in één woord die beeld van die wulpse en verleidelike skepsel, wat alles moontlik aanwend om te toon wat haar bedryf is.

Wanneer 'n mens hierdie dinge lees, dan sien jy voor jou geestesoog dieselfde dinge waarvan die Here Jerusalem in Eseg. 16 en ander plekke in die Ou Testament beskuldig. Die afvallige vrou, word 'n verleidster. Haar uiterlike verskyning mag selfs aanloklik wees. Mense hou graag gemeenskap met haar, want sy praat mense na die mond. Ons hoor in ons tyd selfs dat die Woord van die Here oorgeskryf en aangepas moet word by die sogenaamde mondige mens. Die mense glo nie meer in wonders nie. Die geboorte van Jesus Christus is 'n mite, sê teoloë en kerke. Sy opstanding het nie werklik plaasgevind nie, maar die ou Christelike kerk het die storie uitgedink om sy gedagtenis te laat voortlewe. Verder terug was Adam en Eva nie waarlik mense nie, maar ook dit is een of ander simboliese voorstelling. Die aap is maar die mens se voorgeslag.

Dink ons hierby ook daaraan dat kerke in Wes-Europa, selfs Gereformeerde kerke, hulle sogenaamd *identifiseer* met sogenaamde "vryheidsvegters" wat met geweld rewolusie verkondig en bewerk. Met kommunistiese wapens en manskappe, wat deur kommuniste opgelei is, bereik hulle dit. Dit is asof wêreldkerke geblinddoek is vir die gruwels in Rusland en ander kommunistiese lande, waar die Bruid van Christus bloedig vervolg word. Selfs nadat Mosambiek sogenaamd bevry is, met die hulp van kerke, en aan die anargie van 'n kommunistiese regering oorgegee is, hoor 'n mens nie 'n woord van protes uit die kringe van die Wêreldraad van Kerke teen die vervolging van Christene aldaar nie.

Het Christelike kerke nie meer en meer die bruid van die dier begin word nie? Sy sit op die rug van die skarlakenrooi dier. En sy maak ook die bewoners van die aarde dronk van die wyn van haar hoerery. Ek is egter altyd baie bang daarvoor dat ons van onsself sal wegkyk. Die duiwel is listig. Beskou kerkmense in Suid-Afrika nie ook dikwels alles vir Christelik wat, in ons oë, in belang van die voortbestaan van ons volk is nie, terwyl ons die eer van die Here vergeet?

# 21 Augustus: Verborgenheid!

Eseg. 23:12-19

. . *en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde."* (Openb. 17:5)

Op die vrou se voorhoof is 'n naam geskrywe. Dit is opmerklik hoe dikwels die beeldspraak in Openbaring gebruik word – 'n naam of merkteken of seël op die voorhoof. Op die voorhoof kan die naam duidelik gelees word. Die naam is in die Skrif gewoonlik die uitdrukking van die wese van 'n persoon. Dit kan ons veral aanvaar in 'n boek soos hierdie, waar ons deurgaans te doen het met simboliek. Ook hierdie naam is simbolies, soos die vrou self iets anders voorstel...

Op haar voorkop staan dan allereers: *Verborgenheid.* Die woord is eintlik nie 'n deel van haar naam nie, maar dui juis aan dat hier geen sprake is van haar eie naam nie, maar dat sy 'n naam met sinnebeeldige betekenis het. In vers 7 sê die engel dan ook aan Johannes: "Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel." Hy sal aan hom vertel wat sy en haar naam voorstel.

Haar naam is dan: *"Die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.'"* Dit is 'n vreeslike naam. Die groot Babilon is aan ons al goed bekend. Babilon is soms die verpersoonliking van die bose magte in die wêreld wat daarop uit is om God se Naam te onteer en sy belyders te verdruk en uit te roei. Sedert die Babel van ouds, wat probeer het om 'n toring op te rig as simbool van hulle menslike eenheid, tot aan die einde van die wêreld, het ons te doen met hierdie wêreldmag. Treffend word dit in ons tyd geopenbaar in die sogenaamde "wêreldmening", wat meer en meer tot uiting kom in 'n eensgesinde rewolusiestem.

Hier in Openbaring word die afvallige of valse kerk só één met die gees van die wêreld, in sy vyandigheid teenoor God en sy volk, dat sy Babilon die hoer of afvallige word. Paulus het alreeds gewaarsku: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." (Rom. 12:2). 'n Kerk kan die gees van die wêreld die kerk binnebring – dan word dit wêreldgelykvormig. Selfs al sou 'n kerk nog die suiwere belydenis formeel bewaar en die Woord nie verwerp nie, kan só 'n kerk uit en uit wêreldgelykvormig wees. Sy lidmate leef soos die mense van die wêreld en die kerk in sy ampte maak gebruik van wêreldse strydmiddele en diplomasie. Dan vertoon die kerk meer en meer die beeld van Babilon.

Die beeld van Babilon word 'n skrikwekkende werklikheid wanneer die amptelike kerk in sy prediking en sinodebesluite nie meer die Woord van die Here as rigsnoer handhaaf nie, maar die *wêreldmening.* Dit is selfs opmerklik dat sogenaamde kerke van Jesus Christus in baie opsigte een is met die rooigetinte wêreldmening, wat die rooi kommunisme begunstig. En die kommunisme is juis die ideologie wat daarop uit is om die Naam van ons Here Jesus van die aardbol te verban.

Kerk en wêreld raak al meer verstrengel en leef al meer uit een beginsel – die beginsel van die rewolusie. Christus word selfs "'n rewolusionêr" genoem. So gaan dit van kwaad tot erger totdat uiteindelik die onheilige huwelik tussen die dier en sy bruid – Babilon – volkome gesmee is. Dit sal egter vir die ware bruid van Christus 'n donker tyd wees. Dit is trouens in ons tyd al nie meer maklik nie. Ag, wanneer was dit ooit maklik om getrou te bly*?*

# 22 Augustus: Johannes verwonder hom uitermate

Openb. 17:1-9

*"En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien."* (Openb. 17:6)

Die vrou het haar nie alleen skuldig gemaak deur mense tot afgodery te verlei nie. Sy het ook hulle bloed gedrink, sodat sy selfs dronk is van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus. Só was dit deur die eeue heen. Babel of Babilon, die groot stad, het in sy onderskeie gestaltes die heiliges en die getuies van Jesus bloedig vervolg. Dit begin vanaf die dood van Abel, die eerste martelaar, tot vandag toe. Die Jode in die tyd van die Here Jesus het hulle selfs openbaar as Babilon toe hulle die getuies van Jesus bloedig vervolg het. In hoofstuk 11:8 word Jerusalem selfs die groot stad Egipte en Sodom genoem, "waar ook onse Here gekruisig is." Só het die Rooms-Katolieke kerk saamgespan met wêreldse owerhede om die getuies van Jesus dood te maak, veral gedurende die vervolging in die 16de eeu.

Daar is baie magte in die wêreld aan die werk wat die mense verlei en Christene vervolg. Die afvallige kerk en die wêreldmagte span saam en uiteindelik tree hulle as één op in die haat teen Christus en sy getroues. Daarom word die afvallige kerk of skyngelowiges ook saam met die wêreld veroordeel.

Die vrou is dronk van die bloed van die heiliges en getuies van Jesus. Sy is soos 'n besope mens wat te veel bloed gedrink het. Deur die eeue heen is gelowiges doodgemaak, maar dit sal veral aan die einde die geval wees. Dit sal só erg wees dat dit 'n veldslag – die slag van Armagéddon – genoem word. Die Here Jesus praat ook daarvan: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie." (Matt. 24:21). Dit is geen wonder dat die vervolgde Protestante in die tyd van die Hervorming die Roomse Kerk as Antichris aangewys het nie. Toe het letterlik duisende gelowiges gesterwe. Dink aan die St. Bartolomeus-nag in Frankryk.

Mense wat Jesus bely en Hom dien, die heiliges word om die lewe gebring. Bloot die feit dat iemand 'n Christen is en sy kinders opvoed in die vrese van die Here, is vandag in kommunistiese lande 'n oortreding wat die dood verdien. Nog veel erger is dit wanneer hulle dit sou waag om openlik getuies van Jesus te wees en sy Woord openlik in hulle dade en woorde verkondig.

Johannes verklaar: "Ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien." Hy begryp die visioen van hierdie vrou nie. Wat 'n skouspel! 'n Mens of mense wat so bloeddorstig is dat hulle dronk is van die bloed van ander mense! Hy is verbaas en ontroer oor wat hy sien. Sy innerlike is met afsku vervul en hy kyk na die simboliese gestalte met huiwering. Vir die apostel van die liefde is dit onbegryplik dat 'n menslike wese só besiel kan wees met haat dat sy nie genoeg kry aan die wrede slagting van die volgelinge van Jesus nie.

Moontlik het Johannes hom só uitermate verwonder ook omdat hy in die gestalte van die vrou selfs die eertydse bruid van Jesus herken. Die Here Jesus was ook ontroer oor Jerusalem wat die profete doodmaak en hulle Heiland kruisig. Gelukkig het Hy aan sy volgelinge gesê dat hulle in die tyd, wat Johannes hier beskryf, die oë moet ophef en weet dat sy koms op die wolke voor die deur is. Die maat van die mens van die sonde word vol en die getal van die martelare word vol – dan Kom Hy.

## 23 Augustus: Die dier wat was en nie is nie

Openb. 8:8-18

*"Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde . . . sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is."* (Openb. 17:8)

Die engel wat met Johannes praat, het gesê dat hy aan hom die oordeel van die groot hoer, wat op die baie waters sit, sal wys. Toe Johannes die vreemde wese sien, was hy uitermate verwonderd. Die engel merk dit en sê dan: "Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra." En dan begin hy eers vertel wie die dier is, waarop die vrou sit. Vreemd klink dit in ons ore: "Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom." Johannes sou weet van die drie diere in Dan. 7 en van die onbeskryflike vierde dier wat verskeur en verwoes. Hy sou ook weet dat Daniël se profesie in die eerste plek sien op Antiochus Epifanes in die tyd voor die Makkabeërs. Hierdie Antiochus is die tipiese voorloper van die Antichris. In hom was die dier alreeds op die aarde. 'n Mens kan selfs sê dat hy in die tyd van die eerste christen-vervolging in Jerusalem deur die Jode en later deur die Romeine onder keiser Néro, ook al daar was. In die tyd van die Hervorming tree hy weer op in die gestalte van die Roomse kerk. Ook in ons tyd is daar bloedige vervolginge. Só was die dier alreeds daar.

Daarom kon hierdie selfde Johannes aan die gemeente in sy tyd skrywe: "Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is." (1 Joh. 2:18). Hy was derhalwe reeds in die verlede daar. Hy het opgetree, maar sy mag het weer skuil gegaan. Hy het as 't ware onsigbaar geword. "Hy was en is nie." In die geskiedenis is daar tye dat hy in sy verskrikking nie gesien word nie. Daar was lang tye waarin die gelowiges in betreklike rus en vrede kon lewe en die kerk vreedsaam die evangelie kon verkondig.

En tog sê die engel later: "alhoewel hy is." Die Antichris is altyd in een of ander vorm aanwesig en werksaam. Die duiwel worstel steeds om aan sy aardse ryk op aarde gestalte te gee in die mens van die sonde. Hy word alleen maar weerhou of is gebind en kan nie tot volle deurbraak kom nie. Maar die tyd kom dat die dier in sy volle verskrikking uit die afgrond sal opkom. Hy is nie Satan self, wat uit die afgrond opkom nie, maar hy word geïnspireer deur die gees uit die afgrond. Daarom sê die engel dat hy uit die afgrond opkom. Dit is die tyd wanneer die vrou wat op sy rug sit, dronk sal wees van die bloed van die heiliges en die getuies van Jesus.

En die bewoners van die aarde sal hulle verwonder oor die verskyning. Hulle sal hom vereer en aanbid. Sy getal is immers 6-6-6. In hom sien die mense hulle hoogste verwagtinge en ideale verwesenlik. Hy vestig, na hulle insig, die paradys op aarde, waarna die mensdom strewe. Alleen die mense, wie se name van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is, sal nie aan hierdie verering van die dier meedoen nie.

Maar, sê die engel, hy sal na die verderf vaar. Die oordeel van God sal hom tref, wanneer Christus op die wolke van die hemel kom. "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin." (Vers 14). Uiteindelik is die dier gevange geneem en lewend in die vuurpoel, wat met swael brand, gewerp." (19:20).

Wag op die Here, al sy kinders!

# 24 Augustus: Verstand wat wysheid het

Spr. 8:1-21

*"Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas."* (Openb. 17:9)

Die engel, wat aan Johannes verduidelik wie die vrou en die dier, waarop sy sit, is, gaan voort: "Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas." Die verstand en wysheid is dieselfde waarvan ons in 13:18 lees: "Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is ses-honderd-ses-en-sestig." Ook waar die engel hier praat van verstand en wysheid, gaan dit om die verklaring van dieselfde dinge as in hoofstuk 13.

Dit gaan hier by *verstand* nie om 'n slim mens – iemand met 'n groot verstand nie. Nee, die verstand word nader aangedui as *wysheid.* En wysheid is insig of begrip van die lewe of van 'n bepaalde verskynsel. Dit gaan daarom dat 'n mens die wese van die dinge begryp. Jy weet wat hier op die spel is.

Die manier waarop die engel dit stel, kom daarop neer dat insig of wysheid hier noodsaaklik is. Hy spoor ons daartoe aan om moeite te doen om te begryp waaroor dit gaan. Kennis of insig word in die wêreld altyd hoog waardeer. Dit word selfs as só belangrik beskou, en dit is selfs 'n wydverspreide opvatting, dat alle probleme op aarde met kennis en begrip uitgestryk kan word. Indien mense maar alles van hulle probleme af weet, sal frustrasies verdwyn en hulle 'n gebalanseerde lewe kan lei. Ons weet wél dat dit op sy beste 'n halwe waarheid is. Die Satan, die vader van die leuen, het dit alreeds aan Eva in die Paradys wysgemaak. Hy het gesê: "God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur *goed en kwaad te ken."* En die arme vrou bekyk die aanloklike vrugte van die boom; "ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om *verstand te verkry."* (Gen. 3:6.)

Só het die mens uitgevind dat alle kennis nie goed is nie. Daar is bepaalde soorte kennis wat 'n mens tot afval en verwildering bring. Ondanks al die kennis van die geslagslewe in ons tyd, het die lewe in die opsig meer en meer 'n modderpoel geword. Mans en vroue, jongmans en jongmeisies en miljoene kinders betaal die tol daarvoor in namelose lyding en frustrasies. Só gaan mensegeslagte verlore as gevolg van verkeerde kennis. Die mense wat kennis as die sleutel van alle geluk sien, vergeet dat 'n mens se hart geneig is tot die kwaad en bepaalde soorte kennis prikkel en verlei tot sonde.

Die soort noodsaaklike kennis, waarvan die engel hier praat, is gans iets anders. Dit is die insig wat gewortel is in die vrees van die Here. Dit sal veral in die tyd, wanneer die dier en die vrou op die hoogtepunt van hulle mag verkeer, dringend nodig wees. Anders sou 'n mens hulle nie uitken en gewaarsku wees nie. Jy sal ook saam met die menigtes agter hulle aanloop en hulle vereer. "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis." (Hosea 4:6).

Dit beteken dat 'n mens die kennis en verstand moet hê om die wese van die wêreldtoestande te ken. Jy moet egter ook die insig in die Openbaring van God besit om die wêreldtoestande te kan toets aan die Bybel. Dit is moeilik en word al moeiliker om duidelik te onderskei in ons wêreld. Ons moet die Skrif in alle erns bestudeer. Ook die boek Openbaring moet ons leer ken om nie ook meegevoer te word deur die groot afval, wat vinnig besig is om momentum te kry in die wêreld nie.

Hier gaan 'n mensdom verlore vanweë 'n gebrek aan kennis, hoewel dieselfde wêreld leef in 'n tydperk van kennisontploffing soos nooit tevore nie. Die ware kennis en insig ontbreek, omdat die Woord van God nie bestudeer word nie.

# 25 Augustus: Sewe berge

Dan. 7:1-7

*"Die sewe koppe is. sewe berge waar die vrou op sit."* (Openb. 17:9)

Die engel wat met Johannes praat, gaan nog voort om te verduidelik wie die dier en die vrou is. Die dier (13:1, 2; 17:3) het sewe koppe en tien horings. Hier sê hy dat die sewe koppe sewe berge is, waarop die vrou sit. Maar dan voeg hy dadelik daaraan toe: "hulle is sewe konings."

Die sewe berge verwys waarskynlik na die sewe berge waarop Rome, die hoofstad van die Romeinse ryk, gebou is. Rome was in die tyd van Johannes die hoofstad van die wêreldryk. Die Romeinse keiser het regeer oor die hele bekende wêreld. Waar hier nou sprake is van sewe berge en dan weer van sewe konings, kan ons aflei dat Rome 'n tipe of voorbeeld is van wat die eintlike antichristelike ryk sal wees.

Die keiser van Rome is selfs as goddelik vereer. Mense moes vir hom wierook brand. Indien Christene geweier het om dit te doen, is dit selfs beskou as ontrou teenoor die owerheid of as hoogverraad. Dit kon 'n man jou lewe kos. Só sal dit ook wees in die tyd van die eintlike Antichris.

Ons moet in die opsig ook onthou dat van die dier gesê is in vers 8, dat die bewoners van die aarde hulle sal verwonder oor die dier "wat was en nie is nie, alhoewel hy is." Só was daar voorbeelde van wat die Antichris sou wees en só is daar soms as 't ware niks van hom te sien nie, maar tog is hy altyd daar. Die geeste uit die afgrond is altyd besig om te timmer aan sy beeld, totdat hy eindelik eenmaal in sy volle glorie verskyn.

Ons hoef nie by Rome, wat op sewe berge gebou is, te bly staan nie. Ons moet ook onthou dat die getal *sewe* 'n simboliese getal is. Wanneer ons in vers 10 lees: "En hulle is sewe konings: vyf het geval en één is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly . . ." is ek hoegenaamd nie begaan daaroor wie die besondere konings is nie. Ek gaan ook nie eens probeer om hulle aan te wys nie. Indien 'n mens dit sou probeer, is jy besig om jou verbeelding te gebruik. Ons bly maar by wat seker en duidelik is. Ons weet dat konings en koninkryke kom en gaan in die wêreldgeskiedenis. Ons weet ook dat dit alles uiteindelik uitloop op die één groot vyandige mag wat hom teen God en Christus monster.

Treffend lees ons dit in vers 11: "En die dier wat was en nie is nie (vers 8), is self ook die agste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf." Wanneer die opperheerskappy van die magtige dier uit die see aanbreek, is hy maar die voortsetting van wat die Romeinse ryk al in beginsel was. En hy en die sewe berge of sewe koppe of sewe konings en die tien horings, wat in vers 12 ook tien konings genoem word, val maar almal in dieselfde kategorie. Hulle praat uit een mond en strewe na dieselfde ideaal. Luister: "Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier." (Vers 13).

Uit die chaos van die eeue groei uiteindelik die één magtige ryk van die Antichris. Daarin is alle magte, wat in vyandskap teen Christus en sy kerk staan, saamgetrek. Ook die afvalliges uit die kerk sluit by hulle aan. Dit is selfs moontlik dat eertydse verbondskinders en kerklike leiers aan die voorpunt van hierdie bose haatveldtog teen Christus sal staan. Dit is in ons tyd nie meer vreemd om 'n nuwe soort sinkretisme te sien nie. Christendom en heidendom en kommunisme en Mohammedanisme word meer en meer één op die basis van sogenaamde *medemenslikheid* en *wêreldburgerskap, geïnspireer deur die wêreldmening.*

Wie oë het, laat hom oplet!

# 26 Augustus: Die Lam sal hulle oorwin

Ps. 2

*"Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings* -." (Openb. 17:14)

Die verslae en vervolgde Christene sal dit moeilik hê. In die verlede het hulle dit dikwels moeilik gehad en selfs vandag sit daar van hulle in donker kommunistiese tronkselle en in kranksinnigegestigte opgesluit. Hulle word mishandel en gemartel en as gek bestempel en met kranksinnigmakende middele ingespuit. Hulle verduur onbeskryflike ellende. Indien dit moontlik is, sal dit nog erger word. Moet tog nooit vergeet om hulle te gedenk in u gebede nie! Só help u dra aan die namelose nood van medestryders in die koninkryk van die hemele.

Daarom juis kom die uitspraak só herhaaldelik voor in die boek Openbaring. Die Lam sal hulle oorwin. Armagéddon-toestande gaan haas oor die wêreld posvat. Hou dan tog goeie moed, klein kuddetjie. Selfs die hare van julle hoof is almal getel. En julle Here kom om hulle te oorwin. Dit is gewis en seker – al lyk dit asof Hy stil en verborge is en jy alleen staan in jou stryd teen die magte van die hel en die wêreld. Hy kom!

En Wie is Hy? Hy is die Here van die here en die Koning van die konings. In ons dag word fortuine bestee aan bewapening. Die vreeslikste moordwapens word reggemaak – kernslagdoppe, oorlogskepe, atoomvoortgedrewe duikbote, bomwerpers, vegvliegtuie en missiele en miljoene manskappe in die weermagte van die wêreldgrotes en kleintjies. Dit is die opeenhoping van duiselingwekkende magsmiddele. Dit is genoeg om alle lewe op aarde in 'n paar oomblikke uit te wis. Ons verstaan al iets van die getal 6-6-6 as ons al die dinge in oënskou neem.

Daarom is dit nodig om te weet dat onse Here, die Here van die here en die Koning van die konings is. Hulle besit mag uit die aarde. Hulle het die aarde en die geheime van die aardse dinge na vore gebring met hulle aardse verstand en vermoëns. En hulle het die aarde omgebou tot 'n reusagtige wapenarsenaal. Hulle het egter vergeet van die Here in Wie se hand hulle asem is. Hy het die aarde aan hulle gegee om te bewerk en te bewaak. Hulle maak van sy opdrag en die gawes uit sy hand magsmiddele om mense te verdruk en te verslaaf. Hulle gebruik dit selfs om die Here openlik uit te daag en te bespot. Weet sy volgelinge dit nie? Sy heilige Naam word doodgeswyg en selfs belaster en ontluister deur menslike name en eer en prestasies.

Maar ondanks alles bly hulle aards en aardgebonde. Menige tiran het dit al ondervind dat sy aardse glorie verbygaande en kortstondig van duur is. Die Here van die here en die Koning van die konings alleen is die Almagtige. Teenoor Hom is die nasies soos 'n stoffie aan die weegskaal. Daarom staan dit in hierdie uitspraak só, asof die Woord van God dit eintlik bespotlik vind, dat die mense hulle kragte inspan in 'n oorlog teen die Lam. Verbeel jou, nietige mensies meet kragte teen die almagtige God.

Hy sal hulle oorwin – finaal oorwin. Dan is dit vir ewig met hulle verby. Hulle gaan saam na die verderf. Die Here wag, maar Hy kom gewis! Hy kom op sy tyd! Laat die nasies maar bruis en koninkryke raas. Die uiteindelike oorwinning behoort aan die Lam. Intussen is daar nog tyd – tyd van genade – tyd om tot bekering te kom. Soek die Here, terwyl Hy nog te vinde is! Roep Hom aan, terwyl Hy naby is!

# 27 Augustus: Geroepe – Uitverkore – Getrou

Hebr. 12:1-14

". . . *en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."* (Openb. 17:14)

Die engel wat met Johannes praat, sê aan hom dat die Lam in die oorlog teen die dier en al sy kornuite sal oorwin. Hy is die enigste Oorwinnaar. Alleen deur sy almag, word al die bose magte verslaan en in die verderf gewerp. Maar dan kom daar tog 'n verrassende wending: ". . . en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou." Die wyse waarop dit hier staan wil benadruk dat die mense deel in die oorwinning, maar dat die Lam eintlik alleen die stryd gevoer het. Dat hulle saam met die Lam genoem word en saam in die heerlikheid aan sy sy staan, is alleen genade.

Dink ons aan die mense op aarde aan wie die Here sy wapenrusting toevertrou, dan lyk dit op 'n dobbelspel. Hoe sou hulle tot iets in staat wees en werklik die swaard van die Gees kan hanteer, en daarin volhard, as 'n mens bedink wie hulle is? Hulle is swakke sondaars en daarby staan hulle teen die oormag van die duiwel en sy medewerkers op aarde. Hulle teëstanders besit eintlik alle middele om hulle maklik en gou onder te ploeg. Veral wanneer geweld en vervolging oor hulle losbreek, dan sidder 'n mens as jy daaraan dink. Indien die oorwinning van die Lam van jou en my afhang, dan het Hy geen kans nie.

En tog sluit Hy ons in by sy stryd en oorwinning en Hy laat ons deel in die vreugde van die ewige triomf. En selfs vir ons, met al ons swakhede, is die uitslag nie onseker nie. Waarom nie? Ons vastigheid lê opgesluit in die drie name waarby Hy sy volgelinge hier noem: *geroepenes* en *uitverkorenes* en *getroues.* Dit is die hoedanighede van die mense wat saam met Hom in sy oorwinning sal deel.

Elke volgeling van Jesus word geroep. In elke opsig kan ons, wat ons geloofsekerheid en gehoorsaamheid betref, maar daar begin. Moet u nie in die eerste plek daaroor kwel of u uitverkies is nie, maar antwoord op die roepstem van die Here. Hy sê: "My skape luister na my stem en hulle volg My." Doen dit – luister na sy stem. Glo in Hom wat u deur sy Woord roep: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Elke oorwinnaar in die ewige heerlikheid, het daar begin. *Hy is geroep en hy het geantwoord.*

Maar hulle is ook uitverkorenes. En elkeen van ons, wat die Bybel enigsins ken, weet dat die uitverkiesing aan die roeping voorafgaan.

"Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom . . ." (Joh. 6). Die Vader gee eers en dan kom ons na die Here toe op sy roepstem. Uit ons oogpunt besien kan ons dit egter andersom stel: Is ek geroep en het ek geantwoord deur in die Here te glo, dan is ek gewis uitverkies. Dan sal ek nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. En dit is die geheim van ons ewige oorwinning. Hy het uitverkies en daarom gaan ek nie verlore nie.

En dit blyk dan daaruit dat 'n mens getrou is en bly. Jy besit die vermoë om aan te hou en uit te hou – selfs onder die swaarste druk en aanvegtinge. Jy is getrou omdat die Here uitverkies en jou geroep het en daarom ook bewaar. Só kan ons elke nood en die grootste vervolging tegemoetsien. Ons volharding en getrouheid hang nie van onsself af nie. Nee, ons volhard, omdat die Here wat ons geroep het, ons ook uitverkies het. In die lig van hoofstuk 7 kan ons sê dat Hy ons verseël het, voor die storms losbars, en daarom sal ons getrou bly, ondanks eie swakheid.

Loof die Here, o my siel!

# 28 Augustus: Die dier vermoor sy bruid

Eseg. 16:35-43

*"En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuurverbrand. Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde."* (Openb. 17:15-18)

Is die vrou wat op die skarlakenrooi dier sit, die ontroue kerk van die Here, dan word hier aan ons die verbondswraak van die Here geteken. Dat sy op die baie waters sit, beteken dat sy daarna gestrewe het en dit selfs reggekry het om volkere-menigtes aan haar sin en wil te onderwerp. Die afvallige kerk sou moontlik daarop kan roem dat die hele wêreld nou *Christene* is. Hulle is egter skynchristene soos sy die skynbruid van die Lam is. Só is die Westerse Christendom, waarvan ons 'n deel is, tot 'n baie groot mate nie meer Christene nie. Die wêreld hou nog daarvan dat 'n mens sê dat jy 'n Christen is, maar as jy werklik lewe soos 'n Christen behoort te lewe, is jy gewis nie bemind nie. Die offisiële kerk in Rusland werk saam met die owerheid om die ware Christene te vervolg. Dit sal mettertyd oor die hele wêreld gebeur.

Die Here gryp egter in en Hy doen dit deur dit in die harte van die eertydse vriende van die vrou te gee om haar te haat en haar verlate en naak te maak. Daarop eet hulle haar vleis en verbrand haar met vuur.

Wat het geval toe Babilon geval het? Sien ons Babilon as die afvallige kerk, dan lyk dit asof die antichristelike magte haar nou genoeg gebruik het en haar van hulle wegwerp en vernietig. Sy sit nie meer bo-op die skarlakenrooi dier nie, maar word deur hom afgegooi en vertrap en verskeur. Ons praat in ons tyd van oortuigde kommuniste en sg. meelopers. Só was Babilon 'n *meeloper* van die dier en sy volgelinge. Sy gee nog voor dat sy die mondstuk van Christus is, maar is in werklikheid besig om vir die dier en sy ryk propaganda te maak. In kommunistiese Rusland word die offisiële Russies Ortodokse Kerk nog geduld deur die owerheid, omdat sy 'n handige propaganda-instrument is. Wanneer die kerk egter nie meer vir die dier – in die geval die kommunisme – van nut is nie, word sy "gelikwideer".

Dit is moeilik om te onderskei tussen kerk en wêreld in ons tyd. In die groeiende vyandskap van die kommunisme en die volke van die sg. Derde Wêreld teen die Weste, sien ons ook groeiende haat teen die kerk van Christus. Dit gaan egter nie alleen teen die ware kerk nie, maar teen alles wat nog 'n sweem van iets wat Christelik is, openbaar. Die tyd mag kom en dit is selfs moontlik vlak voor die deur dat dit vir Babilon nie meer moontlik sal wees om op twee stoele te probeer sit nie. 'n Mens kan nie Christus en Mammon tegelyk dien nie. 'n Kerk kan ook nie aanhou om voor te gee dat sy 'n kerk van Christus is, wanneer sy die beeld van Babilon, die hoer, vertoon nie.

Die Westerse kwasie-christendom van ons tyd kan ook spoedig uitvind dat beide Christus en die dier hulle verwerp. Dit kan selfs die ondergang van alle Westerse nasies beteken – die nasies wat nog die naam dra dat hulle *Christelike nasies* is, terwyl hulle dit nie meer is nie. Dit is ook vir ons volk 'n benouende moontlikheid – en helaas, 'n verdiende moontlikheid! Waar lê die liefde van ons harte?

# 29 Augustus: Geval, geval het die groot Babilon

Jes. 21:1-10

*"Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword'« woonplek van duiwels en versamelplek van allerhande onreine geeste* . . ." (Openb. 18:2)

Wat in die vorige hoofstuk aan Johannes beskryf is, word nou in meer besonderhede aan hom getoon. 'n Magtige engel daal neer uit die hemel. Hy kom direk as gesant van God. Sy glans en heerlikheid verlig selfs die aarde. Dan weerklink sy sterk stem: "Geval, geval het die groot Babilon." Dieselfde roep het die profeet Jesaja ook al gehoor oor die Babel van ouds." "Geval, geval het Babel . . ." (Jes. 21:9). Ook in Openb. 14:8 is dieselfde roep al gehoor. Dit staan vas, Babilon die groot stad, wat terselfdertyd die owerspelige vrou is, sal val en vernietig word.

Daarop word die eertydse stad die woonplek van duiwels en allerhande onreine geeste. Dit is 'n beeld van verwoesting en verlatenheid. Hier word ook bygevoeg dat dit 'n versamelplek van allerlei onreine en haatlike voëls geword het. Só is ook die eertydse Babel gedreig. (Jes. 13:21, 22). Ons kan selfs hier dink aan die vreeslikheid en verlatenheid van die hel – die plek waar die duiwels en onreine geeste inderdaad woon. Met die paar trekke teken die engel die helse ontberinge en verskrikkinge, wat die deel word van die haters van God en die verbrekers van sy verbond. Geestelik en liggaamlik wag daar niks anders as die uiterste ellende en benoudheid en vrees aan alle kante nie. Verskriklik!

Dit is die verdiende loon van hierdie wese wat die nasies verlei het tot owerspel. Sy het hulle afvallig gemaak van hulle Here en Meester. Selfs konings en magtiges het getel onder haar minnaars. En die handelaars van die wêreld het ryk geword deur die mag van haar weelderigheid. Sy is tegelykertyd die ontugtige vrou, wat haar wettige Bruidegom verwerp en haar ophou met ander minnaars, en die groot wêreldstad waarin die handelaars van die wêreld hulle goedere verhandel en rykdomme insamel. Sy het vergeet van die skat in die hemel en haar fortuin op aarde gesoek. Wie is die afvallige kerk? Is dit nie vandag die Westerse sogenaamde Christendom nie?

Die magtige versoekinge waarvoor die vrou beswyk het, kom op elke kerk en elke gelowige se pad. Hulle is trouens altyd daar. Wêreldse eer en mag en invloed is magtige lokstemme waarvoor 'n mens maklik swig. 'n Kerk wil ook graag invloed in die wêreld uitoefen en kan maklik moeg word vir die woestynpad van selfverloëning. Dan gryp só 'n instituut na wêreldse metodes en middele om 'n staanplek in die wêreld te verower. En op die weg verlaat hy die waarheid van die Woord van God. Dit klink soms vroom en eg Bybels, soos die *eenheids-strewe* waar die waarheid vergeet word. Die Here Jesus bid selfs in Joh. 17 vir kerklike eenheid. Ongelukkig verlaat 'n mens die Here self, indien jy sy waarheid verloën ter wille van menslike eenheid. Dit bly moeilik om te glo in 'n eenheid in Christus wat 'n mens nie sien nie.

Net só magtig is die begeerte om aardse goedere te besit. Daarom waarsku die Here só dringend: Julle kan nie God en Mammon tegelyk dien nie. En dan gaan dit weer nie alleen om die enkeling nie, maar ook om die gemeente in sy geheel. Dit is aangenaam om oor die middele te beskik om dinge te doen. Dan word dikwels onregverdige winste gemaak met die gedagte dat die doel die middele heilig. Só speel 'n mens in die hande van Mammon. Hy is en bly 'n harde meester.

Dink aan die oordeel oor hierdie vrou. Onthou dat haar groot sonde is, dat sy die vertroue van haar hart van die Here afgetrek het en op aardse dinge gevestig het.

# 30 Augustus: Gaan uit haar uit, my volk

Openb. 18:1-8

*"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie."* (Openb. 18:4)

Die val van Babilon die groot stad is aangekondig. Babilon is ook die ontugtige vrou – die bruid van die dier uit die see. Sy is die afvallige bruid van Jesus Christus. Daarom is haar ondergang seker en smartlik. En dan hoor Johannes 'n stem uit die hemel. Dit is die stem van die Here self wat roep: "Gaan uit haar uit, my volk ..."

Die meervoudsvorm van die werkwoord in Grieks dui daarop dat die Here nie sy gemeente in haar eenheidsgestalte aanspreek nie, maar elke lid afsonderlik. Die oproep kom tot enkelinge. Dit spreek elkeen aan wat aan die volk van die Here behoort. Elkeen is persoonlik verantwoordelik om daarop ag te gee. Hier kan ek nie sê dat ek wag om te sien wat my kerkraad of sinode besluit nie. Hier word ek persoonlik aangespreek. Ek self moet rekenskap gee van waar ek staan in my verhouding tot die afvallige kerk. Ons kan ook goed begryp waarom die Here sy gelowiges op die wyse persoonlik aanspreek. Hulle is moontlik lidmate van 'n kerk of kerkverband wat uit en uit 'n ontugtige vrou geword het, wat daarop uit is om één te word met die wêreldse gees en haar eie lidmate te verlei. Daarom mag hulle in haar nie bly nie.

Dit is ook ons sterk argument teen die eenheids-strewe van kerke in ons tyd. Die Wêreldraad van Kerke se eenheidsgrondslag is só wyd dat enige denkbare rigting by hulle welkom is. Die waarheid van Christus kan maar verloën word, solank almal maar uitwending één is. Dit mag beslis nie. 'n Kerk wat wegskuif van die grondslag van die waarheid van God, het 'n Babilon geword. Daarin mag die volk van die Here nie bly nie. Waarom nie?

"Sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Waar daar 'n geloofseenheid in Christus is, leef ons in gemeenskap met die heiliges. Dit is vir die Here 'n behae. Maar waar lede van die ware geloofsgemeenskap bande smee met die afvallige wat die Naam van God verloën en die waarheid van sy Woord verwerp of minag, oefen hulle gemeenskap met die onheiliges. Hulle is in werklikheid besig om hulle tot geestelike hoerery te laat verlei. Hulle mag hulle dan verlustig in die eenheid, met almal wat die naam het dat hulle lewe, maar hulle is in werklikheid lidmate van 'n liggaam wat dood is. Hulle het deel aan die sondes van Babilon en word ook getref met die plae wat oor haar uitgegiet word.

Vanselfsprekend geld hierdie uitspraak ook wanneer ons saamwerk en saamspan met mense in die algemeen. Ons mag met geen mens of organisasie meewerk wat mense verlei en hulle geloof ondermyn nie. Ons moet daar uitgaan, anders deel ons in hulle sondes. In ons tyd van ontkerstening moet 'n Christen se oë oop wees. Ook hier kom die wysheid en verstand te pas. Ons moet die wêreld ken en die Woord van God ken. Geen Godonterende kuns of wetenskap of vermaak mag ons goedpraat bloot omdat dit aan die wêreldse standaarde beantwoord nie. Ons as Christene het die dure roeping om alles te toets aan die belydenis van God se heilige Woord.

Ons kan egter nie uit die wêreld uitgaan nie. Hier moet ons bly en ons roeping vervul om getuies van Jesus Christus en sy waarheid te wees. In die roeping moet ons altyd getrou wees. Dan sal ons wél hoor: "Mooi só, goeie en getroue dienskneg! Oor weinig was jy getrou; oor baie sal Ek jou aanstel."

# 31 Augustus: Wee, wee die groot stad ...

Openb. 18:9-19

*"Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in één uur het jou oordeel gekom!"* (Openb. 18:10)

Ons hoor hier 'n drievoudige klaagsang oor die veroordeelde Babilon. Die konings van die aarde betreur haar ondergang en die handelaars van die wêreld voeg hulle droefheid daaraan toe en ten slotte kla ook die seevaarders oor die verlies wat hulle ly as gevolg van haar verwoesting.

Die konings van die aarde, Babilon se eertydse minnaars, staan van vér af en toekyk. Hulle sien en beskryf die algehele verwoesting van die groot en weelderige stad. "Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in één uur het jou oordeel gekom!" Kan ons in Babilon, die afvallige kerk, nie moontlik hoofsaaklik die sogenaamde Westerse Christendom sien nie? Dan is die tien horings van die dier, wat ook tien konings is, die leiers van die nasies wat vanuit die Ooste opruk, toe die Eufraatrivier opdroog. Hulle rol oor die eertyds magtige Weste en slaan alles plat. Daarmee is Babilon vernietig, maar ook die Westerse talente en kundigheid en skatte. Daarom staan dieselfde konings nou en treur. Die Westerse organisasie- en wetenskaplike en tegniese vermoëns is daarmee heen.

Ook die handelaars treur oor die verdwyning van die bron van hulle rykdomme. Só het die Oosterse oliestate in ons tyd die Weste 'n harde knou toegedien met hulle olieboikot en groot verhogings in oliepryse. Sou hulle egter die Weste op die knieë dwing, dan is ook hulle rykdomme daarmee heen. Hulle verbruiksgoedere en selfs voedsel kom van die Weste af. Dan hoor ons ook hulle klag: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in één uur soveel rykdom verwoes is.

Dat die seeliede en skeepsrederye hierby inval, is begryplik. Ook hulle rykdomme is daarmee heen. Dink maar vir 'n oomblik wat sou oorbly indien Europa en Noord-Amerika verwoes is – moontlik deur 'n kernoorlog. Die mensdom sou versink in armoede. Daarom die algemene weeklag: "Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe het, deur haar kostelike skatte ryk geword het!"

Hoewel hulle dit nie wil erken nie, hou selfs die dekolonisasie vir die Ooste, of die sogenaamde "Derde Wêreld", weinig voordele in. Dit het in werklikheid in baie gevalle anargie en honger gebring. Miljoene mense sterf 'n gewelddadige dood en miljoene meer kom om weens gebrek aan kos. Die Weste word steeds beskuldig dat hulle die kolonies uitgebuit het, hoewel hulle tog ook ontwikkeling en vooruitgang gebring het. Vanweë 'n gebrek aan tegniese ervaring en ondernemingsgees en die wil om te werk, sink die Derde Wêreld terug in chaos. Almal roep om sogenaamde ontwikkelingshulp. Miljarde word ingepomp vanuit die Weste en die Ooste en dit verdwyn in 'n bodemlose put. Van ontwikkeling is daar weinig sprake. Alleen die heerserskliek vul hulle sakke.

Ons kan derhalwe goed begryp hoe dit in die wêreld sal lyk wanneer Babilon, wat die Westerse afvallige Christendom kan versinnebeeld, verdwyn. Vandaar hierdie wêreldwye weeklag. Dit is des te bitterder, omdat die armsalige wenendes eintlik self die bewerkers van Babilon se ondergang was.

# 1 September: Blydskap vir die Hemel en die Apostels en Profete

Openb. 18:19-24

*"Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het."* (Openb. 18:20)

Babilon, die groot stad, wat ook die ontugtige bruid van die dier is, het geval. Die Here het haar eie vriende gebruik om haar onder te ploeg. Die konings van die aarde en die koopmanne en die seevaarders het hulle dodemis gesing. "Wee, wee die groot stad Babilon het geval!" Ons sien in ons tyd moontlike voorbeelde van wat eenmaal finaal sal gebeur. Ons het geen rede om op ons louere te rus nie. Die tekens van die tyd is duidelik en sprekend aan die lug. Waak omdat julle nie weet op watter uur die Seun van die mens kom nie!! Waarlik niemand het rede om rustig te vertrou op die ekonomiese en militêre en verstandelike vermoëns van die sogenaamde "Vrye Weste" nie! Die Weste is nie meer vry nie, maar eertydse Christelike nasies, is verslaaf aan die Satan. Daarom het die "Vrye Weste" geen toekoms meer nie.

Ons lei mense op – mans en vroue – om weerbaar te wees. Ons sal onsself verdedig en ons wil "paraat" wees om elke noodtoestand die hoof te bied, behalwe dat ons dikwels geestelik die slaap van die valse gerustes slaap. Die één ding wat nodig is, laat ons hoofsaaklik links lê. Ons sluit die Here en sy diens byna geheel uit ons aktiwiteite – ons is te besig met ander dinge. Só bou ons selfs aan die hoervrou en ons vergeet die bruid van Christus. Dit is immers waar ons roeping lê.

Daarom mag die hemel selfs van blydskap sing wanneer die gewaande Christenvolke in die Weste en aan die Suidpunt van Afrika ondergaan, omdat hulle hul roeping verloën. het. Ons is besig om die swart volkere te kersten maar doen ons dit reg, deur hulle deur woord en voorbeeld aan die Here te bind?

En die heilige apostels en profete, vir wie dit alleen gegaan het om Christus en sy heerlikheid, sal saamsing. Hulle weet immers dat 'n magtige struikelblok, wat die koms van Christus op die wolke teëhou, uit die weg geruim is. Hulle weet die heerlikheid van hulle Here en sy koninkryk gaan nou duidelik skitter. Die "skynbruid" van Christus is dood – vir ewig – en die ware bruid, beklee met haar rein en wit klere, staan gereed om Hom tegemoet te tree. Ja, sy mag nou die vervolgde wees en 'n veragte en verkrampte gestalte vertoon, maar sy is in die oë van die Here kosbaar.

Sien 'n mens die afval en verbroedering met die wêreld, ook onder jou eie mense met versnelde pas plaasvind, dan omklem kommer jou hart. Dink jy daaraan dat jou eie land en volk, wat jy liefhet, se aardse toekoms op die spel is, dan het jy dit benoud in jou innerlike. Een ding word meer en meer duidelik. Ons vestig ons hoop te veel op die aardse verwagtinge. Ons is nie alleen bewoners van die aarde nie, maar ons moet ook pelgrims wees wat op reis is na 'n ander vaderland. Besiel met die liefde vir ons Koning moet ons onder sy vaandel voorttrek en voortstry om eenmaal saam met die oorwinnaars te kan sing:

"Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!" God se oordeel is "julle oordeel." Julle, apostels en profete, se bloed is aan haar gewreek.

# 2 September: Halleluja!

Openb. 19:1-6

*"En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God."* (Openb. 19:1)

Hier dink 'n mens aan die "Halleluja" van die komponis Georg Händel, in sy bekende "Messias". In die eerste ses verse van die hoofstuk word "Halleluja!" vier keer uitgeroep deur verskillende groepe sangers. Dit klink soos 'n aanswellende fuga waarin die tema herhaal word, maar terselfdertyd uitgroei tot 'n allesoorweldigende jubel, wat die hemelse heerlikheid vul.

Die deurlopende tema van die "Hallelujas" is die val van die groot stad Babilon. Op aarde is daar geween oor haar ondergang – die aardbewoners treur oor haar skatte. Die hemelbewoners ken egter ander skatte, wat die mot en roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie. Babilon, wat die bruid van Christus moes wees, het die bruid van die dier geword. Sy het haar Here met 'n verdeelde hart wou dien. Sy wou aan God en Mammon tegelyk vashou. Ons weet alreeds wat van haar geword het.

Saam met haar sou seker ook baie getroue volgelinge van Jesus Christus beswyk het. Hulle sing egter nou saam in die hemel as verlostes. Hulle trane is afgevee en hulle "Hallelujas" klink op, want hulle is verlos en nie verlore nie. "Halleluja" beteken: "loof die Here!" Dit kan nou met volle reg en in volle vrymoedigheid gesing word. Alles wat God se mag bestry en sy heerlikheid verduister, is nou uit die weg geruim. Alles wat verhinder dat sy verlostes volkome hulle redding en saligheid kon geniet, is nou platgeslaan. Nou deel Hy sy heil in volle mate uit.

Só sing die menigte van engele. Die vier-en-twintig ouderlinge neem die tema oor en bou dit verder uit in hulle "halleluja!" Hulle verteenwoordig die gemeente van Jesus Christus van alle tye en plekke – in die hemel en op die aarde. Saam met hulle val ook die vier lewende wesens in – verteenwoordigers van die ganse skepping. En dan is dit selfs asof daar 'n dirigent na vore tree en die menigtes aanmoedig: "En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!" (Vers 5).

Dan klim die lied as 't ware op tot 'n klimaks: "En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar!" (Vers 6). Dit is asof die Here nou sigbaar sy troon bestyg het, want alle opstand en teëstand en struikelblokke is oorwin. Hy regeer in volle heerlikheid.

Hierna is dit asof teerheid en innigheid die donderende akkoorde vervang, in die afsluiting van die hemelse lied: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak." (Vers 7). Nou dat die hoervrou Babilon uit die weg geruim is, kom die wonderskone bruid van die Lam na vore. Sy is bekleed met rein en blink fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges versinnebeeld. Die kwasi-bruid is uitgeken en uitgewys en uitgewerp as die ontugtige. Die ware bruid is egter deur die nood heen bewaar en word nou met eer binnegehaal. Sy is die getroue belyders van Jesus Christus, wat volhard het tot die einde toe.

## 3 September: Die Bruid van die Lam

Openb. 19:6-10

". . . *want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges."* (Openb. 19:7, 8)

Só word die bruid van Christus aan ons voorgestel. In hoofstuk 12 het ons haar gesien as die vrou wat met die son bekleed is, met die maan onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre. Toe het sy geboorte gegee aan 'n manlike Kind – die Kind wat die draak wou verslind, maar wat weggeruk is na die troon van God. Die vrou was derhalwe die moeder van Christus. Ons het toe reeds uitgemaak dat sy die simboliese beeld van die kerk is. Uit haar Ou Testamentiese gedaante is die Christus na die vlees gebore. (Rom. 9:5). In haar Nuwe Testamentiese gestalte vlug sy na die woestyn waar sy vir 1 260 dae lank onderhou is. Dit is 42 maande of drie-en-'n-half jaar – die hele tyd van die Nuwe Bedeling. [Sien bl. 186] Ons weet nou al dat die grootste gedeelte van die eertydse bruid van Christus ontaard het tot die bruid van die dier. Die ware bruid of ware gelowiges wat ook die verseëldes van God is, het egter volhard. Eindelik kom hulle nou na vore in die gedaante van die bruid van Christus.

Die gemeente as die bruid van Christus is nie 'n vreemde beeld nie. Johannes die Doper sê alreeds, toe die mense na Jesus begin stroom en hom, Johannes, begin verlaat: "Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat Ek voor Hom uitgestuur is. *Hy wat die bruid het, is die bruidegom,* maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom." (Joh. 3:28, 29). Dit het Paulus duidelik gesê in Ef. 5: "Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente. Manne julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad het. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente."

Die bruid van Christus is in die wêreld. Oral waar die gemeente is, is sy. Sy is en word deur die wêreld en die afvallige kerk verneder en vervolg – ja, haar Bruidegom self word dag na dag op aarde gelaster en onteer deur 'n bose en vyandige mensdom. En tog gryp die Here nie in nie. Hy wag totdat sy gereed gemaak is. Die laaste uitverkorene moes nog gebore of toegebring word. Die laaste martelaar moes nog sterf – dit is ook nog bydrae tot haar kleed van rein en blink fyn linne. Haar kleed is geweef uit die regverdige dade van die heiliges, waarvan die marteldood seker nie die geringste is nie.

'n Mens kan jou die gang van die wêreldgeskiedenis voorstel as 'n bootreis. Op die skip is 'n menigte lasteraars wat die Bruidegom van hierdie vrou vloek en belaster. Ook sy bruid moet dit ontgeld. Hy staan op die ewige strand en wag op die aankoms van die boot met sy bruid. Hy hoor hoe die mensdom teen Hom te kere gaan en Hy kan maklik die skip kelder en al die lasteraars uitwis. Hy doen dit egter nie, omdat sy bruid ook op die skip is en die boot nog nie sy bestemming bereik het nie. Eers wanneer die raad van die Here afgeloop is, en die boot van die wêreldgeskiedenis die ewige hawe bereik, en die bruid ingehaal is deur haar Bruidegeom, eers dan word die boot gekelder. Dan gaan die wêreld onder en versink in die see van vuur en swawel, waar hulle dag en nag geen rus het, tot in alle ewigheid nie.

Maar dan het ook die bruilof van die Lam gekom. Luister hoe Totius 1 Joh. 3 berym, wat hiervan sing:

"Wat die Heer nog meer vervul het,
bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het
van die eew'ge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom,
dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning
Hom aanskou in sy verskyning."

# 4 September: Die kleed van die bruid

1 Petr. 1:13-25

*"En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.'"* (Openb. 19:8)

Ons staan nog 'n bietjie stil by die kleed van die bruid van Christus. Sy is die gemeente van die Here. Sy is al die uitverkorenes of verseëldes van die Here – al die ware gelowiges. Almal is in haar opgeneem en almal in betrokke by haar heerlikheid, maar almal is ook besig om te weef aan haar kleed, "want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges."

Maar, voordat u miskien moedeloos raak, moet ons daarop let dat dit aan haar *gegee* is om bekleed te wees met rein en blink fyn linne. Ja, dit is aan haar gegee en tog is die kleed ook haar eie werke. Dit is die vreemde paradoks van die evangelie van Jesus Christus. Hy doen alles en tog doen sy volgelinge ook alles. Hy doen dit en tog hou Hy ons verantwoordelik en skryf dit aan ons toe. Ja, só is dit: julle is losgekoop "deur die kosbare bloed van Christus . . . julle moet mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart . . . want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly . . ." (1 Petr. 1:18-23). Is 'n mens losgekoop deur die bloed van Christus en is jy wedergebore deur die werking van die Heilige Gees, dan het jy jou medemens lief uit 'n rein hart. Die goeie boom dra goeie vrugte. Die werke wat ons doen, die regverdige dade van die heiliges is vrugte van die Gees en tog ook ons werke. Aan die een kant word dit aan ons gegee en aan die ander kant word ons opgeroep om dit te doen. Die Here praat met ons deur sy lewende Woord – daardeur roep Hy ons tot geloof maar ook tot bekering. Só werk die Heilige Gees sy werke in ons. Hy maak ons gehoorsaam aan die Woord.

Só kom die spinwiel en die weefstoel aan die gang en die rein, blink fyn linne word geweef. Die bruid van Christus word geklee – anders sou sy naak wees. Hier het masjiene nog nie oorgeneem nie. Die Here is tevrede om sy arbeiders met die hand te laat werk. Hulle doen liefdeswerk – dit kom uit hulle harte wat oorloop van dankbaarheid. Hulle kan selfs nie anders nie, want dit is onmoontlik dat 'n ware geloof nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.

En wanneer die Here kom, bekyk Hy die kleed van sy bruid en Hy weet dadelik hoe dit met haar hart gesteld is. Die geloof word uit die dade van die heiliges geken en hulle hoor: "Gaan in die vreugde van julle Here. Want Ek het honger gehad en julle het My iets gegee om te eet. . . Ek was dors en julle het My te drinke gegee . . . Siek en in die gevangenis was Ek, en julle het My besoek." Pragtig skitter die kleed van rein en blink fyn linne en die bruid word ingehaal in die paleis van haar Koning-bruidegom. Sy deel in die ewige vreugde.

Waarom? Omdat sy glo? Ja! Omdat sy uitverkies is? Ja! Maar sy kan nie waarlik glo en is ook nie uitverkies, as sy nog nakend en arm en blind voor haar Bruidegom sou staan nie. Die Here het haar ook beklee met die regverdige dade van die heiliges. Sy het haar deur die Here laat gebruik. Sy was gewillig om haar geloof te versier met heilige dade. Dit het bloed en trane gekos. Sy moes haarself elke dag verloën. Sy moes haar Here elke dag volg – ook langs paaie van kruis en lyding en vervolging en selfs die marteldood. En sy ken haar mislukkings en treur selfs daaroor. Dikwels het sy bitterlik geween toe die haan kraai en haar daaraan herinner dat sy haar Here verloën het. Sy moes in haarself sterwe om in Christus op te staan in 'n nuwe lewe.

Gelukkig het die Here vasgehou. Hy het haar daar gebring ondanks haarself. En ek is van haar 'n lewende lid en sal dit vir ewig bly!

# 5 September: Salig is die genooides na die bruilofsmaal

Matt. 22:1-14

*"Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam."* (Openb. 19:9)

Die engel, wat aan Johannes die bruid getoon het, sê nou aan hom: "Skryf!" Dit mag Johannes nie vergeet nie. Dit wat hy nou gaan sê, moet deur die eeue heen op die aarde gesê word. Die mense moet dit hoor en weet. Wat moet Johannes skryf?

"Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam!" Waarom is hierdie uitspraak só belangrik? Omdat daar tye sal wees, wanneer dit vir die genooides sal lyk asof hulle nooit die bruilofsmaal sal bereik nie. Hulle doodsvyande, die duiwel en die wêreld en hulle eie sondige harte, wat nie ophou om hulle aan te val nie, sal dit donker en moeilik maak. Die pad is dikwels onbegaanbaar en die nagdonkerte sak toe en die genooides weet haas nie meer hoe hulle die bruilofsmaal ooit sal haal nie. Dan staan hierdie uitspraak, en soveel andere in die Bybel, daar as 'n ligbaken. Gryp dit vas en hou dit vas – jy sal dit gewis nodig kry!

Dit hou egter ook 'n waarskuwing in. In Matt. 22 vertel Jesus die gelykenis van die bruilof. 'n Koning het 'n bruilof vir sy seun berei. Toe stuur hy sy knegte uit om die mense, wat vantevore al genooi is, aan te sê om nou te kom. Alles is gereed. Kom na die bruilof! Maar hulle wou nie kom nie. Hulle gaan weg – één na sy eie stuk land en 'n ander na sy handelsaak. Die origes gryp die knegte van die koning en mishandel hulle en maak hulle selfs dood. Sulke genooides is daar ook. Daarom skryf dit neer! Daar is mense wat hulle saligheid ligskat – hulle eie stuk land of hulle handelsaak is belangriker. Hulle is wél genooi, maar hulle is dit nie werd nie. In werklikheid is hulle nie lidmate van die bruidskerk van Christus nie, maar van die skynkerk – Babilon die groot hoer. Hulle hoereer met hulle stuk land en hulle handelsaak – wat dit ook al in elke besondere geval mag wees. Die Here is jaloers en wil die liefde van ons hele hart hê.

Skryf dit neer, sê die engel: "Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam!" Sien u hoe dit hier geskrywe staan? Hier staan nie: "hulle sal salig wees" nie – nee, hulle *is* salig!" Ons hoef dit ook nie prolepties te verstaan nie, dit wil sê, só asof die engel in die teenwoordige tyd praat, terwyl dit in werklikheid nog in die toekoms lê nie. Elke ware genooide van die Lam weet dit. Hy sal nie alleen eenmaal aansit aan die bruilofsmaal van die Lam in die ewige heerlikheid nie. Hy deel nou al in die feesvreugde. Dit is wél nou nog net in beginsel en sal eers daar in die heerlikheid in volle blydskap geniet kan word. Die Here maak egter hierdie lewe al 'n fees vir elke genooide. Vir die ware gelowige is die aardse lewe alreeds 'n fees.

Dit is feesvreugde om te weet dat ek verlos is en vrede met God het in Christus Jesus onse Here. Dit is 'n fees om elke oomblik voor die oë en uit die hand van my dierbare hemelse Vader te lewe. Dit is 'n fees om besig te wees om te weef aan die kosbare kleed van die bruid van die Lam. Elke ding wat ek doen in die Naam van my Here en tot sy eer en volgens sy wil, beteken innerlike vreugde – rus vir my siel. Só is dit vir my 'n fees om hierdie boek te skryf. Ek hoop van harte dat dit vir u 'n fees sal wees om dit te lees.

Toe ek die eerste keer vir Richard Wurmbrand, die martelaar uit kommunistiese Roemenië, gesien en gehoor het, was ek jaloers op sy innerlike krag en blydskap. Hy is vir veertien jaar gemartel in kommunistiese tronke en het daardeur nie bitter en wanhopig geword nie, maar 'n gelouterde mens wat sy innerlike vreugde uitstraal. "Salig is die genooides . . ."

# 6 September: Die waaragtige woorde van God

2 Petr. 1:10-21

*"En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God."* (Openb. 19:9)

Die engel wat met Johannes praat, is aangegryp deur wat hy só pas gesê het: "Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam!" Dit is woorde wat nie uit homself kom nie. Hy besef dit as 't ware onmiddellik en dan is dit asof hy 'n oomblik nadink. Hy moet nou oppas vir moontlike misverstande. Mense mag sê dat die uitspraak 'n gedagtespinsel van 'n engel is.

Hieruit is twee dinge vir ons duidelik. Die woorde is nie 'n engele-boodskap nie. Dit is 'n Godsboodskap. Die engel het dit maar uitgespreek in opdrag en in die Naam van God. Daarom is dit 'n deel van die onfeilbare Woord van God – die Bybel. "Die hele Skrif is deur God ingegee." (2 Tim. 3:16). Die Heilige Skrif het sy oorsprong uit God. Dit is Hy wat Homself en sy genade daarin openbaar. "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Petr. 1:21).

Daarom kan ons gerus aanvaar en dit vashou dat die woorde waar is. God kan nie lieg nie. Christus is die weg en die waarheid en die lewe. O dit is in ons tyd – die tyd van die sogenaamde mondige mense – só dringend nodig dat ons dit goed onthou. Laat 'n mens dit los, los hy die woorde van die ewige lewe en is hy letterlik soos 'n ankerlose bootjie in die stormsee. Wat het ons op aarde wat bestendig en standvastig en waaragtig is*?* Watter mens of skepsel kan aan ons iets gee wat onfeilbaar is? Dit het ons alleen in die Woord van God. Los ons dit, dan sink ons weg in die ruwe golwe van 'n bruisende see. Die Here weet dat die mense wat aan die waarheid van sy Woord torring of dit ligskat, met vuur speel. Só baan hulle die weg vir hulleself en andere na die ewige ondergang. Daarom kan ons dit die eerste kenteken noem van die afvallige kerk – Babilon, die groot hoer, wat op die baie waters sit. Dit maak van 'n kerk die moeder van die hoere en die oorsprong van al die gruwels op aarde. 'n Mens sidder as jy dink aan die aanmatiging en die vreeslike verantwoordelikheid wat nietige mense – al is hulle geleerde teoloë – op hulle neem deur die Woord van die lewende God twyfelagtig te maak en selfs te ondermyn. "Gaan uit haar uit, my volk . . ."

Aan die ander kant kan ons juis daarom met sekerheid en vertroue vashou aan hierdie woorde. Wanneer die duiwel ons beskuldig en ons omring met helse aanvegtinge, weet ons: "Daar staan geskrywe . . .", soos die Here Jesus dikwels gesê het. Vir Hom was dit die einde van alle teëspraak – vir u en vir my ook. Hy sê self:... die Skrif kan nie gebreek word nie. (Joh. 10:35). Moenie toelaat dat die duiwel u wysmaak dat u eie insig of die lig van mense, wat in hulle verstand verduister is, van meer belang is as dit wat geskrywe is nie. Alleen die Heilige Skrif is waaragtig en betroubaar. Dit weet die duiwel ook. Daarom doen hy soveel moeite om die woorde van die Skrif te verdraai of twyfelagtig te maak.

Geen moderne teoloog wat die gesag van die Skrif bevraagteken, is ons lig op die pad nie, maar: "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." By die bestudering van die boek Openbaring het dit weer opnuut tot ons deurgedring. Die Here se Woord is waar! Kyk maar hoe gaan dit rondom en in ons in vervulling!

# 7 September: Aanbid God!

Deut. 6:1-15

*"Toe het ek voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God!"* (Openb. 19:10)

Johannes moes in die heerlike verskyning van hierdie engel iets van Christus gesien het. Moontlik het die vorige uitspraak daartoe bygedra, toe die engel gesê het: "Dit is die waaragtige woorde van God." Dit is asof dit tot Johannes deurdring dat hy met sy Here self te doen het. Ons sou dit seker ook maar gedoen het, indien ons in Johannes se skoene sou gestaan het. Daarom bly hy nie staan nie, maar val neer op sy knieë om hom te aanbid.

Die reaksie van die engel is dadelik en spontaan: "Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God!" Die engel se innerlike verontrusting, sy skrik en verontwaardiging, kom uit in die kort afgebroke uitroep: "Moenie!" In die oë van die engel maak Johannes 'n vreeslike fout. 'n Mens wonder waarom mense in die Roomse kerk nie ook skrik wanneer hulle neerkniel voor moeder Maria en die legio heiliges nie. Ongelukkig kan die oorlede moeder en die gestorwe heiliges hulle nie self toeroep: Moenie! nie. Hulle is dood en kan nie hoor en sien nie.

Waarom moet Johannes die heerlike verskyning nie aanbid nie? Omdat hy 'n mededienskneg van Johannes en sy broeders is. Hy is maar 'n skepsel en 'n dienskneg of slaaf van God. Hy moet maar net uitvoer wat God hom beveel. Dit is die heilige "St. Johannes" ook maar – hy was maar 'n dienskneg of slaaf van God. Hy en sy mede-apostels en Maria, die moeder van Jesus, is geen aanbidding waardig nie. 'n Mens aanbid tog nie 'n skepsel nie.

Daarom wys die engel hom skerp en dringend tereg: "Aanbid God!" Ja, God alleen kan en mag aanbid word en geen skepsel nie – al is hy 'n engel wat beklee is met groot heerlikheid en mag. U het seker ook al twee boodskappers (engele) by u voordeur aangetref, wanneer u die deur op 'n klop oopmaak. Hulle boodskap is toevallig ook: "Aanbid God!" Maar hulle het of sal aan u vertel dat mense wat die Drie-eenheid, wat hulle selfs 'n "driekoppige monster" noem, aanbid, besig is met afgodery. Jesus, sê hulle, is nie God nie. Hy is maar die eerste van die skepsele. Daarom noem hulle hulself o.a. nie getuies van Jesus Christus nie, maar getuies van Jehowa. U ken hulle seker al.

Die sogenaamde "skepsel" Jesus, waarvan hulle praat, staan egter vér agter by hierdie engel indien ons hulle sou glo. Toe mense voor Hom neerval en Hom aanbid, swyg Hy. Hy aanvaar die aanbidding stilswyend. Hy het klaarblyklik, volgens hierdie sogenaamde getuies van Jehowa, maar voorgegee dat Hy God is, terwyl Hy dit nie is nie. "En die elf het na Galilea gegaan, na die berg waar Jesus hulle bestel het. En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid; maar sommige het getwyfel." (Matt. 28:16, 17). Ons kan selfs hieruit aflei dat Matthéüs die twyfelaars kwalik neem dat hulle nie saam gebid het nie. Op die opstandingsmôre lees ons ook van die vroue: "Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom" (Matt. 28:9). Wél, òf die getuies van Jehowa praat nie die waarheid nie, òf Jesus Christus is "'n bedrieër," wat Goddelike eer ontvang, waarop Hy nie geregtig is nie. Ons is egter van harte bereid om Jesus se optrede as waaragtig te aanvaar en bely dat Hy God uit God en Lig uit Lig is. Daarom aanbid ons Hom graag soos Thomas: "My Here, en my God!"

Aanbid God! Moenie alleen met smeekgebede sy aangesig soek nie! Moenie alleen in dankgebede u offers aan Hom bring nie! Aanbid Hom! Gee aan Hom die eer, wat aan Hom as God toekom!

# 8 September: Christus oordeel die dier en sy profeet

Openb. 19:11-21

*"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daar op sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid . . ."* (Openb. 19:11-21)

Nou sien Johannes weer 'n keer die eindoordeel. Soos herhaaldelik aangetoon is, kom ons telkemale by die eindoordeel uit en besien dit vanuit 'n ander gesigspunt. Nou sien ons hoe die oordeel voltrek word oor die dier of Antichris en sy valse profeet, ook die dier uit die aarde genoem. Dit word beskryf vanaf vers 11-21. Dit is in werklikheid net 'n beskrywing in meer besonderhede van die uitstorting van die sewende skaal of plaag in hoofstuk 16:17-21. Toe alreeds het 'n stem uit die hemel geroep: "Dit is verby!"

In die voltrekking van die oordeel lê die nadruk nou daarop dat Jesus Christus self optree in die oordeel teen sy groot teëstander, die dier uit die see of die Antichris. In die koms van die Antichris het die Satan, as die na-aper van Christus, feitlik self vlees geword. Hy het hierdie mens só in besit geneem dat hy by uitnemendheid die mens van die sonde genoem word. (2 Thess. 2). Daarom is dit geen wonder dat die vleesgeworde Woord nou self optree nie. Hy word genoem: *Getrou* en *Waaragtig* (vers 11); *Die Woord van God* (Vers 13); die *Koning van die konings en die Here van die here* (Vers 16). Al die name ken ons alreeds uit vorige gedeeltes.

Christus trek uit op sy wit perd, gevolg deur 'n magtige hemelse leër agter Hom. Die geveg is maar dieselfde as die slag van Armagéddon. (16:12-16 en 20:8, 9). Dit sien hoegenaamd nie op een of ander tussen-stadium van die eindgebeure nie. "En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan." (Vers 15). Van die swaard lees ons alreeds in hoofstuk 1. Dit is vir onse Here nie nodig om sy swaard letterlik te gebruik nie. Die woorde uit sy mond vernietig sy vyande. Hy is immers die Woord van God. "En Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer .. ." So word sy heerskappy versinnebeeld – sy heerskappy in toorn oor sy vyande. "En Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige." Hier kry ons die beeld terug wat alreeds in 14:19, 20 van die oordeel gebruik is.

In vers 19 sien Johannes die leërmag van die dier. "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die wit perd sit, en teen sy leër." Dit is dieselfde leërs waarvan ons in 16:14 lees: "Want dit is geeste van die duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God." In 20:8 word dieselfde gesê van die Satan, wanneer hy losgelaat word: "en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die God en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see."

Daarop volg dan 'n lewendige tekening van die oordeel. "En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees." (Vers. 20, 21). Die beeld van die voëls wat die lyke eet, is maar 'n beeld uit die eertydse oorloë. Almal is na die ewige verderf . . .

# 9 September: Verbond met Israel

[Kyk by Inleiding: "Die Chiliasme" voordat u die volgende oordenkings lees.]

Openb. 20:1-6

*"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.'"* (Gen. 17:7)

U sal wél gou begryp waarom ek nou hier by Openb. 20 teruggryp na die Ou Testament. Die voorstanders van die aardse *vrederyk,* wat met Openbaring 20 in verband gebring word, knoop dit vas aan die geskiedenis van Israel. En hulle uitgangspunt is dat die Here sy verbond met Israel nie kan verbreek nie. Hy bly getrou en ondanks alles gebonde aan die vleeslike Israel. Die Here sê immers hier aan Abraham dat hy 'n ewige verbond oprig met hom en sy nageslag.

Israel se toekomsverwagtinge word op hierdie verbond gebou. Die verbond dra 'n ewige karakter en kan nie deur die ontrou van die mens ongedaan gemaak word nie. Reeds in sy wet betuig die Here herhaaldelik dat Hy sy volk sal straf vir hulle oortredinge, maar daarna sal Hy hulle tog weer genadig wees. Dit blyk dat Israel selfs onder die volke van die aarde verstrooi sal word, vanweë hulle sonde. Tog sou die Here dit nie daarby laat nie. Hy sal ander volke aanneem om Israel jaloers te maak, om hulle tot inkeer te bring. Hy sal hulle terugbring na hulle land en hulle seën met allerlei geestelike en stoflike seëninge en Hom oor hulle vyande wreek.

"En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat Ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, *en jou tot die HERE jou God bekeer* en na sy stem luister net soos Ek jou vandag beveel, jy en jou kinders met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem. En die *HERE jou God sal jou hart besny* en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe." (Deut. 30:1-10).

Volgens die belofte aan die huis van Dawid, dat sy heerskappy vas en bestendig sal wees tot in ewigheid, kry die bekering en herstel van Israel meer en meer die gedagte dat dit bewerk sal word deur die Messias. Hy is die Gesalfde uit die geslag van Dawid. By die profete word die gedagte sterker ontwikkel en kry dit steeds vaster vorm.

Johannes die Doper sluit duidelik by die profesieë aan in sy prediking. "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom." (Matt. 3:2). Daarmee lê hy nadruk op wat die profete altyd duidelik verkondig het: ". . . en as jy dit ter harte neem onder al die nasies ... en jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister, dan sal die HERE jou God jou lot verander." (Deut. 30).

Die Here bly getrou aan sy verbond. Hy vertoorn Hom egter oor die verbondsbreker en wreek hom op sy volk. Kom die volk tot berou en bekering is die Here egter altyd weer genadig. Dit is en bly waar, anders sou ook ons as Nuwe Testamentiese kerk, lankal nie meer bestaan het nie. Daarvan is Israel se verwerping en die feit dat hulle oor die aarde verstrooi is, vir ons 'n waarskuwende voorbeeld. Hulle het die Messias, die Christus, verwerp. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (Hand. 4:12). Om gered te word, moet elke mens – ook Israel – tot geloof in Jesus Christus kom.

## 10 September: Israel en die dag van die Here

(Openb. 20) Amos 5:12-27

*"Wee die wat na die dag van die HERE verlang. Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie."* (Amos 5:18)

In die Ou Testamentiese verwagtinge vir die toekoms van Israel neem die *"dag van die HERE"* 'n besondere plek in. Amos sê hier dat sommige van die Israeliete na die dag verlang. Hy waarsku egter: "Wee hulle wat na die dag van die HERE verlang." Dit sal vir *"julle"* sê hy, 'n dag van duisternis en nie van lig wees nie.

Die dag van die HERE is sy dag van oordeel en wraak. Hy tree dan in die gerig; met wie? Die volk self meen dat die HERE, op die dag hulle vyande sal platslaan en hulleself verlos. Die profete het egter heeltemal 'n ander opvatting van die dag. Amos sê dat dit vir "julle" – die volk self – 'n dag van duisternis sal wees. "Blaas die basuin op Sion, en blaas die alarm op my heilige berg. Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby – 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag." (Joël 2:1,2). Volgens Sefanja kom die dag van die HERE oor die wat van die HERE afvallig word en wat die HERE nie soek nie en Hom nie raadpleeg nie. "Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie haastig. Die dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs." (Sef. 1:1-18).

Die dag van die HERE, soos aangekondig deur die profete voor die Babiloniese ballingskap, het in vervulling gegaan met die ballingskap. Vir die noordelike tien stamme, wat destyds bekend was as Israel, het dit reeds vroeër gebeur, toe hulle na Assirië weggevoer is. Hulle het toe as volk verdwyn onder die heidennasies en nie weer teruggekeer na Palestina nie. Juda is deur koning Nebukadneser weggevoer na Babel. Hulle stad en tempel is verwoes. Daarmee is één van hulle sterk uitwendige verwagtinge, naamlik dat die HERE Jerusalem en die tempel nie sal laat vernietig nie, aan hulle ontneem. "Vertrou nie op bedrieglike woorde nie – wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!" (Jer. 7:4). "Maar as julle na hierdie woorde nie luister nie, dan sweer Ek by Myself, spreek die HERE, dat hierdie huis 'n puinhoop sal word." (Jer. 22:5). Dit het gebeur in die jaar 586 v.C. toe die stad en tempel verwoes is en die volk weggevoer is na Babel.

Daarmee is nie alleen 'n aanvanklike droom van Israel platgeslaan nie, maar het ook 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind om die verbondsverhouding van God tot sy volk te verklaar. Dit is geen uitwendige volksverhouding gebind aan die uitwendige tempel nie, maar dit gaan om die innerlike gesteldheid van die hart. Ons weet dat die Babiloniese ballingskap vir 'n *oorblyfsel* van die volk net tydelik was, maar hier word die opvatting dat die HERE tot in ewigheid aan die volk Israel, uitwendig verstaan, gebonde is, weggeneem. Die HERE spaar niks, selfs nie die tempel nie waarin Hy onder sy volk woon, indien hulle hul nie bekeer nie.

Israel se aardse toekoms is nie van belang nie. *Hulle verhouding met die HERE is van belang.* Die verhouding het hulle verbreek, toe hulle die Christus verwerp het. Kom hulle in die opsig tot bekering, dan is daar vir hulle hoop. Anders is die terugkeer van Israel na Palestina niks meer as 'n menslike poging om te herstel wat God ongedaan gemaak het nie.

Hierdie dinge is net so op die Christendom van toepassing. Ons mag nie op uitwendige verbondsverhoudinge staatmaak nie. Ons moet sorg dat ons verhouding met God in Christus reg is. Anders gaan ons "Jerusalem" en ons "tempel", wat in werklikheid onsself is, ook ten onder Dink maar aan die val van die groot Babilon. (Openb. 17, 18).

# 11 September: Die vervalle hut van Dawid

(Openb. 20) Amos 9

*"In die dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig...*" (Amos 9:11)

*"Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig . . .*" (Hand. 15:16)

Die HERE vertoorn Hom oor die sondes van sy volk en straf hulle. Die straftyd gaan egter verby en dan dink Hy weer in genade aan hulle. Vir die profeet Hoséa is dit net 'n paar dae of 'n kort tyd. (Hos. 3:3; 6:2). Jeremia praat van sewentig jaar. (Jer. 25:12; 29:10). Volgens Eseg. 4:4-6 is dit 390 jaar vir Israel en nog 40 jaar vir Juda. Hoe lank dit presies sou duur is nie van groot belang nie, maar dat die HERE sy volk liefhet met 'n ewige liefde en Hom daarom weer oor hulle ontferm, is die saak waarom dit gaan. Hy dink aan sy verbond en stuur die Messias om sy volk te verlos. En Hy sal kom uit die nageslag van Dawid.

Dit is wat Amos bedoel wanneer hy sê: "In die dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd." In ander woorde sê die engel Gabriël dieselfde dinge aan Maria, toe hy die geboorte van Jesus aankondig: "En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom *die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid,* en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie." (Luk. 1:31-33). Dit word ook bevestig deur Jakobus, wat in Hand. 15 aan die woord is: "En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die *oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is,* spreek die Here wat al hierdie dinge doen". (Hand. 15:15, 16). Ja, ook by Amos het dit nie alleen gegaan om die herstel of verlossing van Israel nie, maar hy voeg daaraan toe: "sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is." (Amos 9:12).

Dat Hy derhalwe, volgens die engel Gabriël (Luk. 1:33) Koning sal wees oor die huis van Jakob, beteken dat die "huis van Jakob" ook die heidene insluit. Lees ons nou hierby saam wat Paulus sê, dan kry dit nog 'n ryker inhoud. Luister: "En hy (Abraham) het die teken van die besnydenis ontvang as 'n teken van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat *hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is,* sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook 'n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar *ook wandel in die voetstappe van die geloof* van ons vader Abraham toe hy onbesnede was." (Rom. 4).

Wie is vir Paulus die nageslag van Abraham, die vader van die gelowiges? *Onbesnedenes (heidene), wat glo soos Abraham geglo* het en *besnedenes (Jode), wat ook glo soos Abraham geglo het, voordat hy besny is.* Dit gaan derhalwe nie om besnede mense of die vleeslike nageslag van Abraham nie, *maar almal wat glo, soos Abraham geglo het, is sy ware nageslag.*

Eers wanneer die Jode voor Christus buig en één in die geloof met die Christene, die ware geestelike nageslag van Abraham is, ontvang hulle die geregtigheid van die geloof. Intussen is hulle buite die genade verbond. God se verbond is nie gegrond op die vleeslike afkoms en gebind aan die besnydenis nie, maar gebind aan die ware geloof. En dit geld van alle mense. Ook naam-christene kan nie op hulle afkoms van Christelike voorouers vertrou nie. Hulle moet leef uit die geloof in Christus.

## 12 September: Alle beloftes in Christus ja en Amen

(Openb. 20) 2 Kor. 1:12-20

" *Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."* (2 Kor. 1:20)

In hierdie gedeelte skryf Paulus aan die Korinthiërs oor wat hy tot hulle gepreek het. Alreeds in sy vorige brief, aan dieselfde gemeente, het hy gesê: ". . . want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." Nou wil hy benadruk dat sy evangelie aan die gemeente nie twyfelagtig is nie. Dit is só waar en werklik as die Woord van God maar kan wees. "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen."

Hierdie beloftes waarna hy verwys, sien nie op beloftes wat die Here Jesus self uitgespreek het, terwyl Hy op aarde was, en wat nog in die toekoms lê nie. Dit gaan om die beloftes van die Ou Testament. Deurdat die Here Jesus al die beloftes van die Ou Testament vervul het, het Hy daarop "ja" gesê en dit waar gemaak. In die vervulling van al die beloftes, sê Hy "amen" daarop. Buite Hom is geen belofte waar nie. Daarom is ook niemand buite Hom salig nie. Hy is die Inhoud en Testamentmaker van die nuwe verbond of testament. "En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die eerste erfenis kan ontvang." (Hebr. 9:15).

Sommige "Chiliaste" gaan uit van die gedagte dat daar twee aparte verbonde is – die met Israel en die met die heidene. Hulle sien dan in werklikheid die verbond met Israel as *die blywende en ewige verbond en die met die heidene as 'n tussenfase.* Die Nuwe Testament sien dit egter andersom. Die ou verbond met sy beloftes – hoeveel beloftes van God daar ook mag wees – is in Christus vervul. Daarom skryf Paulus ook aan die voormalige heidene in Efese: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees." (Ef. 2:19-22).

In Christus is die beloftes van die ou verbond vervul en in Hom is die skaduwees in beloftes en seremonies werklikheid. Daarom het die ou verbond verbygegaan, of oorgegaan in die nuwe. "Kyk daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met die vaders gemaak het nie. Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." (Hebr. 8:8-10) Hier word aangehaal uit Jer. 31:31-34. Dan voeg die Hebreërbrief hierby: "As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning." (Hebr. 8:13). In Christus is die ou verbond vervul en verdiep.

Ons kan selfs beweer dat die verbond met Israel en die bewaring van Israel as volk, geleë was in die feit dat die Christus uit hulle sou voortkom. Ter wille van Hom was hulle kosbaar in die oë van die Here. Toe hulle Christus egter verwerp, word hulle selfs "'n sinagoge van die Satan" genoem. (Openb. 2:9). Dat Israel vandag nog bestaan as 'n volk, wat nie in ander volke opgeneem kan word nie, mag selfs 'n waarskuwende teken wees vir ons – die volk van die nuwe verbond of testament. Die verbond met die vleeslike Israel het verbygegaan. Die ewige karakter daarvan is alleen behou in Jesus Christus en almal wat in Hom glo – of hulle nou al oorspronklik Jode of heidene was. Vir u en my geld die waarskuwing van Paulus: "Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees." (Rom. 11:20). Die verwerping van die Jode is 'n voorbeeld waarvoor ons moet skrik.

# 13 September: Só sal die hele Israel gered word

(Openb. 20) Rom. 11:13-27

*"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en só sal die hele Israel gered word."* (Rom. 11:25, 26)

In Rom. 9-11 handel Paulus oor Israel se verhouding tot Christus. Dit is vir hom 'n groot droefheid en 'n onophoudelike smart van sy hart dat hulle Christus verwerp. "Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; *want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie."* (Rom. 9:6). Hy toon dan aan dat die ware nageslag van Abraham *die kinders van die belofte, of uitverkorenes is.* (Rom. 9:7 v.v.) "En Jesaja roep selfs uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, *net die oorblyfsel sal gered word."* (9:27). "Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin." (11:1). Hy verwys ook na wat die Here tot Elia sê: "Ek het vir Myself sewe duisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.

Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n *oorblyfsel,* ooreenkomstig die verkiesing van die genade." (11:4, 5.)

Eindelik gebruik hy dan die beeld van die olyfboom om die verbond van God met Israel te verduidelik. Hoewel van die olyfboom se takke afgekap word, bly die boom voortbestaan. Al verwerp die grootste deel van die volk hulle Messias, tog word die boom of volk as sodanig behou. Wat meer is, die heidene word dan ingeënt as takke op die wortel van Israel. Hy waarsku dan die Christene uit die heidene om hulleself nie teenoor Israel te verhef nie. Hulle kan ook weer van die stam verwyder word. Buitendien leef hulle uit die vettigheid van die wortel van die verbond met Israel. Christus in wie alle beloftes ja en amen is, is die wortel waaruit ook die gelowiges in die Ou Testament geleef het. (Hebr. 11:26;Gal. 3:7-9).

Maar dan kyk Paulus ook na die toekoms van Israel en dan spreek hy die verborgenheid of geheimenis uit: "Dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en só sal die hele Israel gered word." Hieruit kan ons aflei dat Paulus verwag dat die Jode in die toekoms in groter getalle gelowig sal word. Ons kan aan die één kant nie aflei dat die *volheid van die heidene* beteken dat die heidene hoof vir hoof gered sal word nie. Nee, heidenvolke word wél gered in hulle kern deur die mense wat gelowig word. Daarom kan ons ook nie verwag dat die *hele Israel,* die ganse getal van die volk beteken nie. Die uitspraak doel egter duidelik op groter getalle teenoor die weiniges in die tyd van Paulus. Só kan ons dit gerus aanvaar en die Here daarvoor dank.

Maar al sou die *hele Israel* maar net sien op die *oorblyfsel,* want almal is nie Israel wat uit Israel is nie, dan sou die Here nog sy belofte nie verbreek nie. Die *hele Israel* beteken ook al die ware gelowiges of uitverkorenes uit die geslag van Abraham. "Dit wil sê, nie hulle is kinders wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag." (Rom. 9:8). Verder moet ons in gedagte hou dat nie hier nie, en ook nie elders in die Nuwe Testament enige bewysgrond is, dat Israel weer na die beloofde land sal terugkeer en dat die slag van Armagéddon juis daar sal plaasvind nie. Die uitwendige herstel van Israel, waarmee ons in die Ou Testament te doen het, het die Nuwe Testament op die gemeente van die Here Jesus toegepas – hier op aarde of in die ewige heerlikheid.

Ons moet net goed onthou: net só min as wat 'n Jood op sy af koms van Abraham kan staatmaak, mag ons vertrou op ons uitwendige lidmaatskap van die kerk. Alleen die regte geloofsverhouding tot Christus, is die ware verbondsverhouding.

# 14 September: Satan duisend jaar gebind

Openb. 12:7-17

*"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank."* (Openb. 20:1, 2)

Hierdie hoofstuk is 'n omstrede gedeelte in die boek Openbaring. Dit word deur sommige mense in verband gebring *met "die duisend-jarige vrederyk".* Hieraan wil ek graag breër aandag gee. Daarom het ons vooraf ook 'n aantal uitsprake buite die boek Openbaring behandel, wat betrekking het op sake wat die opvattings van die "Chiliaste" raak. Nou kyk ons eers hoe ons 20:1, 2 moet benader.

Die eerste vraag, waarvoor ons staan, is of Johannes hier 'n geskiedkundige letterlike gebeurtenis sien en of dit 'n visioen is. In die lig van wat ons uit die hele boek leer, is dit duidelik dat Johannes 'n visioen sien, net soos hy bv. in 13:1 'n dier met sewe koppe en tien horings uit die see sien opkom. Dit kan ons tog nooit letterlik wil verklaar nie. Die visioen van die engel met die sleutel van die afgrond en 'n ketting in sy hand, wat die draak gryp en hom bind vir duisend jaar, is nie dinge wat hy letterlik in die geskiedenis sien gebeur nie, maar 'n visioen wat as sodanig verklaar moet word. Anders sou ons die profetiese karakter van die boek Openbaring skaad.

Die visioen kan ook nie só vertolk word asof dit 'n direkte voorspelling is van hoe dinge in die geskiedenis sal gebeur nie. Ons moet uitmaak wat die sentrale gedagte van die visioen is? Watter feit sien Johannes hier in die simboliese voorstelling? In die lig van ander uitsprake in die Bybel kan ons dan probeer om te bepaal watter gebeurtenis of feit die Here hier simbolies voorstel in die visioen. Dan kan 'n mens nie anders as om te dink aan ander uitsprake wat sien op die inperking van Satan nie. Die Satan is gebind deur die besluite van God *om* nie sy bose planne gedurende 'n bepaalde tydperk uit te voer nie. Meer kan ons nie hieruit aflei nie.

Wat het bv. in Openb. 12:13, 14 gebeur? "En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd." Waar op aarde is daar 'n woestyn waar die gemeente "buite die gesig van die draak" onderhou kan word? Dit sê presies ook maar net aan ons dat die Satan verhinder is om sy bose bedoelinge uit te voer. Die Here het hom ingeperk.

Wat die inperking of binding van die Satan beteken, blyk baie duidelik uit wat hy doen toe hy losgelaat is. (Vers 7-9). Hy gaan uit om die nasies te verlei tot die oorlog teen die geliefde stad – die gemeente van die Here. Dit kom weer ooreen met die groot verdrukking waarvan die Here Jesus praat in sy profetiese rede. "Want daar sal 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie." (Matt. 24:21).

Die één ding wat vir ons van belang is, is dat die duiwel nie kan maak wat hy wil nie. Hy is gebind. Daarom kon die gemeente deur die eeue heen voortbestaan en groei en haar roeping in die wêreld vervul, tot aan die eindes van die aarde. En wanneer hy losgelaat word en die afval en die vyandskap en die vervolging losbreek, weet ons dat die koms van onse Here voor die deur is. Die vyeboom bot. Die Here kom!

## 15 September: Die sleutel van die afgrond

Luk. 8:26-39

*"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand."* (Openb. 20:1)

Vanaf hoofstuk 12 hoor ons al van die draak, of ou slang, wat die duiwel en Satan genoem word. In hoofstuk 13 word vertel van, wat ons kan noem, die vleeswording van die Satan in die dier uit die see. Die dier uit die see het ook 'n profeet, wat die dier uit die aarde genoem word. Later kom ook die groot stad of hoer, Babilon, op die toneel. Alreeds in hoofstuk 14:8 word geroep: "Geval, geval het Babilon, die groot stad . . ." Haar geskiedenis en haar oordeel word egter eers in besonderhede in hoofstuk 17 en 18 vertel. In hoofstuk 20:1 ná die beskrywing van die oordeel oor die dier en sy profeet, kry ons nou die aanloop tot die oordeel oor die Satan, wat dan in vers 10 in die poel van vuur en swawel gewerp word. Om daar te kom, word ons eers weer teruggeneem in die geskiedenis, soos dit herhaaldelik in Openbaring gebeur. Hoofstuk 20 volg derhalwe nie in die tyd op die oordeel in hoofstuk 19 nie. Dit bekyk dieselfde gebeure net vanuit die oogpunt van die oordeel oor die Satan.

Die soort behandeling van die eindgebeure is hoegenaamd nie vreemd nie. Ons behandel ook maar 'n historiese gebeurtenis uit verskillende oogpunte en gebruik dan ook geskiedkundige aanloop om bv. politieke, maatskaplike en ekonomiese konsekwensies eers vanuit hulle geskiedkundige verloop te bekyk. Só teken die Here ook by wyse van visioene aan ons die eindgebeure en sy aanloop uit verskillende gesigspunte.

Hier daal 'n engel neer uit die hemel, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. 'n Spesiale Godgesant kom uit die hemel met 'n besondere opdrag. Hy het die sleutel van die afgrond. Dit is dieselfde plek as die put van die afgrond, waarvan ons in hoofstuk 9:1 lees. Ook in Luk. 8:31 lees ons van hierdie plek: "En hulle (die duiwels) het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die *onderwêreld* af te vaar nie." Die *afgrond* of *onderwêreld* is die verblyfplek van die duiwels of voorlopige plek van straf oor die verloregaande gestorwenes. Later word dit verwissel met die poel van vuur en swawel. (Vers 10). Tussen die afgrond of onderwêreld en die mense op aarde, kan daar verkeer van die duiwel wees. Die Here laat die Satan en sy volgelinge toe op die aarde of kan hulle verwys na die afgrond. (Luk. 8:31). Die sleutel wat die engel in sy hand het, is die simboliese voorstelling van die mag van die Here oor die onderwêreld of afgrond. Die Satan en sy leërmagte van duiwels kan nie te kere gaan soos hulle wil nie.

Die engel het ook 'n groot ketting in sy hand. Dit dui aan dat die Satan 'n magtige vyand is. Hy kan nie maklik gebind word nie. Die duiwelbesetene van Gádara was deur die Satan gebind, en van hom lees ons: ". . . want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie." (Mark. 5:4). Dit is duidelik dat die evangelieskrywer die krag van die man aan die duiwel toeskryf.

Daar is mense wat met die duiwel wil speel. Hulle meen dat hulle maar versoekings kan trotseer en plekke van versoeking kan opsoek. Hulle is "volwasse" in hulle eie oë. Die mense speel in die hand van die duiwel. Geen mens is teen hom bestand nie.

# 16 September: Die Satan gebind

Luk. 22:31-34

*"En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind . . .*" (Openb. 20:2)

Die engel van God gryp die draak en oormeester hom en hou hom in sy mag. Ook in hoofstuk 12:7-9 lees ons van 'n geveg tussen engele van die Here en die ou draak. Tóé is hy neergewerp uit die hemel. Nou word hy selfs op aarde oorweldig en gebind. In hoofstuk 12 word gesê, nadat hy neergewerp is op die aarde: "wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." Dan vervolg hy die vrou, wat die gemeente van die Here simboliseer, maar sy vlug na die woestyn, "waar sy buite die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd tye en 'n halwe tyd."

Die duiwel het na sy neerwerping op die aarde, sy toorn en woede op die vrou of die kerk gerig. Hy is egter gou aan bande gelê. In hoofstuk 12 word dit beskryf soos vanuit die oogpunt van die gemeente besien. Die gemeente vlug na die woestyn en word dan buite die gesig van die slang onderhou. Hier word in hoofstuk 20 dieselfde gebeure besien vanuit die gesigspunt dat die Here die Satan bind, sodat hy nie die nasies kon gebruik om die vrou te vervolg nie. Aan die begin het die owerheid, die destydse Romeinse keisers, aan wie goddelike eer toegebring is, die gemeente bloedig vervolg.

Die één ding wat wél duidelik is, is dat die Satan ingeperk is. Ons lees dit in vers 3 meer uitvoerig: ". .. en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël." Aan die één kant benadruk dit die geweldige mag van die Bose. Hy moet met 'n groot ketting geboei word en boonop in die afgrond toegesluit en verseël word, om hom aan bande te lê. Aan die ander kant vertolk hierdie simboliek ook aan ons die almag van die Here. Hy kán die Satan inperk en hy is onderworpe aan die mag van die Here.

Daarom alleen kan die Here Jesus sê: "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." Alreeds in die mees algemene betekenis van die woord, is die Satan onderworpe aan die almag van Christus. Hy kan geen volgeling van Jesus uit sy hand ruk nie, hoe graag hy dit ook al wil doen. Hy begeer nog altyd om ons soos koring te sif, maar, soos vir Simon Petrus, het die Here ook vir ons gebid, dat ons geloof nie ophou nie. Simon Petrus sóü val en hy het geval, maar hy het nie verval nie, omdat Jesus vir hom gebid het. Die Here trek as 't ware 'n streep voor die voete van die Bose en sê vir hom: Tot hiertoe en nie verder nie! En die Bose se vlerke is geknip. Ondanks sy vurige begeerte en groot woede, ruk hy magteloos aan die kettings van die raad van die Here.

Hoe sou Paulus anders kon roem? "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (Rom. 8:38).

Dit is die algemene boodskap uit ons teks. Ek glo dat daar ook iets besonders aan verbonde is, maar daaroor later. Intussen weet ons dit: Die duiwel en sy bondgenote is magtig en hulle kan dit vir ons bitter moeilik en donker maak. Soms is dit só donker – ook in ons sonde-struikelinge – dat dit lyk asof die hemel gesluit is en ons aan die mag van die Bose oorgegee is. Onthou dan hierdie ketting en put en die verseëlde deksel daarop. Ons durf nie met hom speel nie, maar hy kan ook nie met onse Here speel nie. Ons moet vir hom vlug – doen dit altyd – maar ons vlug nie na nêrens nie. Ons weet Wie ons krag is. Daarom is ek sterk as ek swak is. Dan soek ek my krag by die Here.

# 17 September: Duisend jaar gebind

Openb. 19:11-21

*". . . en hy het hom gebind duisend jaar lank, . . . sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word."* (Openb. 20:3)

Ek wil nou met u probeer uitmaak *hoe lank* en *waartoe* die Satan gebind is.

By die duisend jaar hoef ons nie lank stil te staan nie. Ons weet dat hierdie boek, Openbaring, vol van simboliese getalle is. Daarom hoef ons nie letterlik te dink aan 'n *"duisendjarige* vrederyk" nie. Die getal stel wél 'n tydperk voor – dit kan enige tydperk wees. Één ding is duidelik: dit is 'n afgeronde volheidsgetal: 10 x 10 x 10. In alle rigtinge is dit afgerond. Dit is iets soos die 144 000 – 12 x 12 x 1 000. Dit is egter 'n tydperk met 'n begin en 'n einde. Dit begin op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis en dit eindig op 'n bepaalde tydstip.

Om uit te maak watter tydperk dit in die geskiedenis is, moet ons eers daarop let *waartoe* die Satan gebind is. Hy is gebind "sodat hy nie meer die nasies sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie." En wanneer hy ontbind word vir 'n kort tydjie, nadat die tydperk van binding verby is, sal "hy uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog ..." en hulle sal "die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel."

Wat kan ons hieruit aflei? Ons kan duidelik sien dat die losgelate Satan die nasies versamel om oorlog te maak teen die gemeente van die Here. Uit wat ons elders lees, sien dit op die groot verdrukking of vervolging van die kerk in die eindtyd. Dit sê aan ons dat die Satan die dier of Antichris gebruik om die kerk van die Here op aarde te probeer uitwis. Dit lees ons ook in 19:19: "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die wit perd sit, en teen sy leër." (19:19). Ook in 16:13, 14 lees ons daarvan: "En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van die duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God." Dan word in vers 16 gepraat van Armagéddon, waar die slag sal plaasvind. Die Here Jesus self praat ook van die groot verdrukking. (Matt. 24:21).

Ons hoef nie verder te soek nie. Die Satan se duisend jaar van binding hou op wanneer die groot verdrukking aan die einde van die eeue begin. Hy versamel die konings of regeerders van die wêreld met hulle volgelinge teen die kerk. Hy gaan die kerk bloedig vervolg. Hy is derhalwe nie gebind om mense daarvan te weerhou om sonde te doen nie. Nee, hy kon alleen maar nie die staatsgesag inspan om gewelddadig op die kerk toe te slaan nie. Wanneer Paulus in 2 Thess. 2:4 sê: "En nou, julle weet wat hom (die Antichris) teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word", is die mees aanneemlike verklaring vir my ook dat die staatsgesag, wat wet en orde handhaaf en menselewens beskerm, o.a. die Antichris weerhou.

Ons kan selfs aflei dat Satan in die begin, na sy neerwerping uit die hemel, ook vir 'n tyd die owerheid ingespan het om die kerk te vervolg – soos die Romeinse keisers inderdaad gedoen het. Dit is egter gou beëindig en die gemeente kon, wat die *owerheid betref,* ongehinderd sy werk doen vir baie eeue. Die sogenaamde "godsdiensvryheid" is gehandhaaf. Waardeer die voorreg om die Here vryelik te kan dien, solank u dit nog besit.

## 18 September: Trone in die Hemel

Matt. 20:17-28

*"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; En ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus . . ."* (Openb. 20:4)

Johannes het in die voorafgaande verse, toe die Satan gebind is vir duisend jaar lank, dinge gesien wat plaasvind in die geestelike, onsienlike wêreld. Daar het ons nie dinge gesien wat voor ons oë plaasvind nie, maar die worsteling in die wêreld van die geeste. Die uitwerking daarvan is egter waargeneem op die aarde. Satan is nie alleen gebind nie, maar ook sy instrumente is aan bande gelê.

Nou gaan Johannes voort met sy visioen van wat, agter die gordyn in die onsigbare wêreld, plaasvind. Hy sien trone en ongenoemde persone gaan daarop sit. 'n Troon is bedoel vir 'n koning of 'n heerser. Mense wat op trone sit, regeer oor andere. Aan hulle word ook die oordeel gegee. Hulle ontvang van die Here die reg en die mag om die vonnis te vel. In die oorspronklike Grieks word nie, soos in die vertaling in Afrikaans, gepraat van *die* oordeel nie, maar alleen van *oordeel.* Dit gaan hier nie om die eindoordeel nie, maar om "oordeel."

Dan gaan Johannes voort om die persone op die trone nader aan te dui: "en ek het die *siele* gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God." Ook in hoofstuk 6:9 lees ons van hierdie siele: "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep: Hoelank, o heilige en waaragtige Heerser, wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?" Toe is aan hulle wit klere gegee en aan hulle gesê om nog 'n klein rukkie te wag totdat die getal van die martelare vol sal wees. Ons het, by die behandeling van hoofstuk 6, daarop gewys dat die offerbloed by die altaar uitgegooi word en dat gestorte bloed normaalweg roep om wraak. Só het die bloed van die vermoorde Abel tot die Here geroep van die aarde af. (Gen. 4).

In hoofstuk 8:3-5 is wéér sprake van die altaar. Toe word die gebede van die heiliges met baie reukwerk gemeng en op die altaar gelê. Daarna word dit op die aarde omgekeer en dan kom daar stemme en donderslae en weerligte en aardbewing. Ook in 9:13 kom daar 'n stem uit die vier horings van die altaar wat roep om die vier engele wat gebind is by die Eufraat, los te maak en dan volg daar 'n geweldige slagting op die aarde. Die één stem uit die vier horings van die altaar, is die verenigde gebed van die heiliges, wat sy uitwerking op aarde het.

In hoofstuk 5 sing die vier-en-twintig ouderlinge, verteenwoordigers van die kerk van alle eeue: "U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers." (5:9, 10). Uit al die uitsprake blyk dat die gelowiges 'n bepaalde regeermag besit. Deur hulle getuienis op aarde regeer hulle deur die swaard van die Gees – dit is die Woord van God. Volgens die Woord sal die Here oordeel. Deur hulle gebede, wat deur die Here verhoor word, kom ook die wêreld in beweging.

En hier sien Johannes nou dat hulle, nadat hulle onthoof is, ook vanuit die hemel, saam met Christus regeer. Sedert sy hemelvaart regeer Christus oor die wêreld – dit het ons duidelik gesien in hoofstuk 5, waar Hy die boek van God se raadsbesluit ontvang het. En dit is die heerlikheid van martelare om saam met Hom vanuit die hemel te regeer.

# 19 September: Hulle het geleef

1 Kor. 15:50-58

". . . *en ek het die siele gesien van die wat onthoof is . . . en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank."* (Openb. 20:4, 5)

"Chiliaste" sê dat ons hier met 'n eerste "wederkoms" van Christus te doen het, wanneer die heiliges of gelowiges liggaamlik opgewek word en daarna vir duisend jaar saam met Christus op aarde regeer. Hulle haal 1 Thess. 4:16 hierby as bewysgrond: "... en die wat in Christus gesterf het, sal *eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug;* en só sal ons altyd by die Here wees." Hierop kom ek weer terug. Laat ons eers kyk na wat in ons teks gesê word.

Hier word gepraat van *"die siele."* Beteken dit hier *persone,* soos dit elders verstaan kan word? Só lees ons in Hand. 27:37: "En ons was in die skip altesaam tweehonderd-ses-en-sewentig *siele,"* waar dit duidelik *persone* beteken. Wanneer die woord *siel* só gebruik word, kom gewoonlik die telwoord by. Ons praat dan bv. van tien of twintig siele. In Openb. 20 word egter alleen van *siele* gepraat sonder enige telwoord. Verder kan ons dit duidelik in verband bring met die siele onder die altaar waarvan ons in 6:9 lees. Dink ons nog hierby daaraan dat ons hier uitdruklik lees dat dit die siele is van *die wat onthoof is,* dan het ons uit die teks self hoegenaamd geen aanduiding dat dit gaan om persone wat liggaamlik opgewek is nie. In hierdie gedeelte staan ook niks van 'n koms van Christus nie. Ons lees alleen dat hulle geleef het en saam met Christus geregeer het, die duisend jaar lank.

Ons het al vantevore uitgemaak dat die duisend jaar op 'n periode sien waarin die Satan gebind is, sodat hy die nasies nie kon verlei om die gemeente liggaamlik te vervolg nie. In die tyd regeer Christus saam met die siele van die martelare. Sou ons die simboliese tydperk, wat as duisend jaar voorgestel is, nader kon aandui? Moontlik kan ons hierby ook daaraan dink dat die Satan die owerheid of staatsgesag daartoe verlei om voor te gee dat hy god is. Dit het die Romeinse keisers gedoen en dit sal die Antichris ook doen – indien hy nie alreeds in ons tyd daarmee besig is nie. Die "goddelike" keiser en die "goddelike" dier uit die see, kan nie verdra dat 'n "ander God" vereer word nie, en gebruik dan hulle aardse mag om die gemeente van die Here uit te roei. Só begin en eindig die duisend jaar.

Die gedagte van 'n aardse *vrederyk* kom uit allerlei wysiginge wat die latere Jodendom aan die profesieë van die Ou Testament maak. Israel sou, daarvolgens, eendag op grond van hulle wettiese geregtigheid, deur die Messias tot heerskappy oor alle volke gebring word. Veral in die apokriewe boeke, soos die Openbaring van Baruch en die vierde boek van Esra, word geleer dat die Messiaanse vrederyk op aarde ná 'n bepaalde periode beëindig sal word, en sal oorgaan in die hemelse saligheid. Die Joodse Talmud bereken dan die periode van die *aardse vrederyk* as 400 of 1 000 jaar. Die Chiliasme is eintlik nie van Christelike of selfs Bybelse oorsprong nie, maar kom uit die buite-Bybelse Joodse geskrifte. (H. Bavinck: Geref. Dogmatiek IV bl. 636). Wanneer die Ou Testamentiese profete praat in terme van iets wat in die rigting dui, gaan dit om wat Christus in sy verlossing aan die kruis bewerk het, of om beelde wat die ewige heerlikheid uitbeeld.

## 20 September: "Die Wegraping?"

1 Thess. 4:13-18

*"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en só sal ons altyd by die Here wees."* (1 Thess. 4:16)

Sommige "Chiliaste" praat, wanneer hulle verwys na hierdie uitspraak, van die *wegraping.* Hulle sê dat hierdie gedeelte duidelik leer dat daar 'n eerste en tweede wederkoms van Christus sal wees. Waar ons hier lees: "en die wat in Christus gesterf het, sal *eerste* opstaan", meen hulle dat die regverdiges of heiliges eerste sal opstaan en dan liggaamlik vir duisend jaar met Christus op die aarde regeer. Dit sou dan sien op die *eerste opstanding waarvan* ons in Openb. 20:5 lees.

Waar Paulus dan verder verklaar: "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en só sal ons altyd by die Here wees", is dit dan, volgens die "Chiliaste" die tweede opstanding. Dit sou dan ooreenkom met Openb. 20:5: "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie." Die vraag is egter of Paulus hier 'n eerste en tweede wederkoms leer. Kom ons ondersoek dit.

Waaroor gaan dit hier by Paulus? "Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook só die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus ontslaap het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam *met* hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug."

Dit gaan vir Paulus om die kommer van gemeentelede oor hulle gestorwe dierbares. Al wat Paulus wil sê is dat, wanneer Christus op die wolke verskyn om die lewende en die dode te oordeel, die opstanding van die dooies, wat in die Here ontslaap het, eers plaasvind. Maar daar sal dan nog gelowiges wees, wat in die lewe is, wat nog nie dood is of dan al gesterf het nie. Elders verklaar hy dat ons in 'n oogwink verander sal word. (1 Kor. 15:51, 52). Dan vaar hulle saam met die opgestane gelowiges die Here tegemoet in die lug. Meer kan ons hieruit nie aflei nie.

"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wél nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die *dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.* Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word . . ." (1 Kor. 15:51-53). Hier het u die gelykluidende gebeure wat in 1 Thess. 4:16 beskryf word en nie in Openb. 20 nie. Die wederkoms van onse Here is net één gebeurtenis. Daar is nêrens in die Nuwe Testament sprake van 'n eerste en tweede wederkoms nie. Die opwekking van die ontslape heiliges en die verandering van die wat nog lewe – wanneer hulle sterflikheid *in 'n oogwink* met onsterflikheid beklee word, lê nie 1 000 jaar uitmekaar nie. Nee, dit vind plaas in dieselfde uur.

## 21 September: Die eerste opstanding

Luk. 23:33-43

"*... en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus . . .*" (Openb. 20:4)

*"Dit is die eerste opstanding . . .*" (Openb. 20:5)

Soos ons reeds aangetoon het, het "Chiliaste" die wederkoms van Jesus in twee wederkomste verdeel. Hulle verklaar dan hierdie "eerste opstanding" as die opstanding van die gelowiges aan die begin van die duisend jaar van vrede, en die tweede opstanding is dan die uitspraak in vers 5: "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie." Dit val dan saam met die tweede koms of eindoordeel, volgens hulle.

Hiervoor is in 1 Thess. 4:16 in elk geval geen grond nie. In Openb. 20 gaan dit om die siele van gelowiges, teenoor die ander dode – die ongelowiges of verlorenes. In 1 Thess. 4 gaan dit weer om gestorwe gelowiges, wat by die wederkoms van Christus opgewek word, teenoor die ander gelowiges wat op die tydstip nog lewe. Indien 1 Thess. 4 te doen sou hê met 'n tweërlei koms van Christus, beteken dit dat die mense wat nog lewe, die ander dode van Openb. 20 is, en dit sê Paulus nie.

Waar ons hier in Openb. 20 lees van die *eerste opstanding,* kan ons nie anders as om dit te sien in verband met die *siele van die martelare wat onthoof is nie.* Hulle siele lewe in die heerlikheid en regeer saam met Christus vir duisend jaar. "Dit is die eerste opstanding." Hulle is egter nie opgewek uit die liggaamlike dood, soos ons lees in 1 Thess. 4 nie. Hulle bly maar net siele van mense wat liggaamlik dood is. Hulle siele is egter nie dood nie, maar lewe. ". . . en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank." Hulle liggame rus nog in die graf, maar hulle siele leef met die Here in die hemel. Ons het hier selfs nie alleen te doen met die siele van martelare nie, want hier word bygevoeg: "En die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en hulle hand nie ontvang het nie." Dit gaan derhalwe hier om almal wat die goeie stryd gestry het en die geloof behou het en daarom die heerlikheid beërwe.

Hulle *leef,* want hulle dood is alleen 'n deurgang tot die ewige lewe. *"Die opstanding is die eerste."* So staan dit daar in die Grieks. Teenoor die ander dode, wie se siele in die onderwêreld of afgrond in smarte verkeer – wat die begin van die tweede of ewige dood is – leef die siele van die gelowiges. Met die eerste opstanding word derhalwe nie gedoel op die liggaamlike opstanding by die wederkoms van Christus nie. Dit sien, uit die verband, duidelik daarop dat die siele van die mense opgeneem is in die hemelse heerlikheid en by Christus hulle Saligmaker is. Wanneer die liggaamlike dood intree en 'n einde maak aan ons aardse lewe, sterf ons siele nie, maar deel in die ewige heerlikheid.

Daarmee is hulle lot vir ewig beslis. Hoewel die oordeel van die Here kom, wanneer Hy op die jongste dag op die wolke van die hemel verskyn, sal dit hierdie siele nie raak nie. "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding: oor hom het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank." (Vers 6). Die dood se angel is vir hulle verwyder en die hel het oor hulle geen mag nie!

In die gelykenis van Lasarus en die ryk man, vertel Jesus, dat die engele hom, of sy siel, gedra het na die boesem van Abraham, toe hy sterwe. Hy is salig want hy het deel aan die eerste opstanding.

## 22 September: Die tweede dood

Openb. 20: 11-15

*"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie . . .*" (Openb. 20:5, 6)

Hulle wat in Christus glo, lewe al het hulle gesterwe. Hulle word hier die mense genoem wat onthoof is ter wille van die getuienis van Jesus en oor die woord van God. Saam met hierdie martelare word ook genoem die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie en sy merkteken op hulle voorhoofde en hulle regterhand nie ontvang het nie. Dit is al die ware gelowiges, wat in die geloof volhard het en nie geswig het onder die druk van die antichristelike wêreld en die verleidinge van die Bose nie. Hulle siele lewe in die hemel en hulle regeer saam met Christus, die Koning van die konings en die Here van die here. Die ander dode het nie herlewe nie. Eintlik staan daar in die oorspronklike Grieks: "die ander dode het nie geleef nie." Wanneer die dood op aarde vir hulle kom, kom hulle nie in die ewige lewe nie, maar in die ewige dood. Hulle is die mense wat nie in Christus glo nie en Hom nie wil dien nie. Onder hulle is vanselfsprekend ook mense wat die volgelinge van Jesus gehaat en selfs vervolg het. Andere het maar net geleef asof God en Christus nie bestaan nie. Sommige het miskien selfmoord gepleeg om die aardse ellende te ontvlug en tot *rus* te kom. Maar hulle dood is geen *rus* nie. Dit is die plek van smarte waarin hulle beland het.

En tog staan hier: "hulle het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig is nie." Ja, hulle is in die toestand van die dood totdat die duisend jaar voleindig is. En wanneer die duisend jaar voleindig is, kom die Here Jesus, nadat die Satan vir 'n klein tydjie losgelaat is. Dan kom die algemene opstanding van die vlees en die eindoordeel.

"En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was en hulle is geoordeel, elkeen volgens hulle werke." (20:12, 13).

Ja, dan herlewe hierdie dode. Hulle staan liggaamlik op. En dan is hulle eindbestemming *"die poel van vuur. Dit is die tweede dood."* (20:14).

Maar wat dan van die ander wat deel het aan die eerste opstanding – hulle wat nie neergedaal het na die onderwêreld nie, maar wie se siele opgeneem is in die hemel*?* Hulle dood was nie *dood* nie, maar die deurgang tot die lewe. Wat van hulle*?*

Oor hulle het die tweede dood geen mag nie. Hulle is klaar veilig by hulle Here en wanneer hulle liggaamlik opstaan, beërf hulle na liggaam en siel die ewige heerlikheid op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Só dikwels word die rolle omgekeer – die verdruktes en vervolgdes op aarde betree die ewige heerlikheid. Hulle wat bereid was om in hulleself te sterwe ter wille van Christus, het alreeds op aarde opgestaan in 'n nuwe lewe. Daarom kan die eerste dood hulle liggaam wél doodkry, maar hulle siele lewe. En die tweede dood, die ewige straf in die helse vuur, het hoegenaamd geen vat op hulle nie.

Hou maar net vas wat jy het en jy sal die kroon van die lewe ontvang.

# 23 September: Die Satan ontbind

2 Thess. 2:1-12

*"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word."* (Openb. 20:7)

'n Verskriklike tyd het aangebreek . . . Die Satan is los! God laat hom op die aarde los! Ja, hy breek nie los nie! Hy word losgelaat! Hy ontvang die geleentheid om te doen, waarna hy al vir soveel eeue smag. Anders sou hy dit nie kon doen nie. Selfs wanneer hy mense verlei, bly hy daarin afhanklik van die feit dat die Here hom toelaat om dit te doen. "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (12:12). Toe, daar aan die begin van ons jaartelling, het hy reg op sy doel afgepeil. Hy sou Christus tref in sy gemeente. Hy sou die "vrou" en haar nakomelinge op aarde uitroei. Daartoe het hy sy instrumente gereed gehad. Die "goddelike" keiser in Rome – al was hy 'n dierlike wreedaard soos Nero – is maklik daartoe ingespan. Vir bykans drie eeue het hy sporadies sy sin gekry, maar toe is hy gebind. Die keiser word 'n Christen en godsdiensvryheid word in 323 nC. geproklameer.

Ons moet ons dit egter nie só voorstel asof die Bose daarna niks kon doen nie. Hy het gewerk aan sy eie ryk en eindelik het die Antichris op die troon gekom. Só werk die Here in sy raad. Hy laat die Satan toe om sy aanvoorwerk te doen en die wêreld ryp te maak vir die groot dag – die dag van die mag van die duisternis. Daartoe het hy die mensdom se innerlike besoedel en sy saad in die nag gesaai tussen die koring. Dit groei saam met die koring tot met die oestyd. Hy het ondergronds en bogronds gespook om sy doel te bereik. In die sestiende eeu het dit gelyk of die deurbraak gekom het. Die swaard van die owerheid is ingespan om die bloed van "ketters" te laat vloei. Dit was egter nog nie sy tyd nie. Die Here bring weer uitwendige vrede vir sy kerk. Die evangelie moes nog sy loop voltooi. Dit moes nog verkondig word aan alle nasies.

Dit is opmerklik dat juis tydens en ná die Reformasie van die 16de eeu, die tydperk van kolonisasie van die onbekende wêrelddele plaasgevind het. En saam met goewerneurs en beamptes vanuit Christelike Wes-Europa, reis ook sendelinge met die Woord van God tot in veraf lande – ook na Afrika. Die evangelie word verkondig aan meer en meer nasies – soms met groot welslae – soms is daar bykans geen roering nie. Ja, die duiwel kon nog nie die swaard met mening gryp en inspring om die gehate gemeente van Jesus Christus se getuienis in hulle bloed te smoor nie. Die tyd was nog nie daar om "die laer van die heiliges en die geliefde stad te omsingel" nie. (Vers 9).

En is dit nie ook vir u asof die Satan uiteindelik in die Marxisme sy deurbraak bereik nie? Ons kan dit ook andersom stel: word hy nie in ons tyd meer en meer toegelaat om nasies te verlei om die gemeente van die Here te vervolg nie? In die Marxisme of kommunisme het ons 'n ideologie wat uit beginsel die Christendom wil uitroei. Waar die kommunisme die oorhand kry, verdwyn menslike vryhede – veral godsdiensvryheid.

"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word". Dan is daar selfs in die woestyn nie meer 'n plek waar die vrou of gemeente buite die gesig van die draak onderhou kan word nie. (12:14). Die skarlakenrooi dier en die valse profeet en Babilon die groot hoer, wat op die baie waters sit, is dan op die toppunt van hulle mag. "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen: en wie vuil is, laat hom nog vuiler word . . . Laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word." (22:11).

# 24 September: Neergewerp – Gebind – Losgelaat

Openb. 12:12-17; 20:7-10

*"En die groot draak is neergewerp . . .*" (Openb. 12:9)

*"En hy het die draak gegryp . . .en hy het hom gebind.*. ." (Openb. 20:2)

"... *sal die Satan ontbind word. . .*" (Openb. 20:7)

Kom ons probeer nou om 'n paar uitsprake bymekaar te plaas, waar van die gang van die Satan na sy ondergang sprake is. Ons onthou daarby: die boek Openbaring spreek simbolies deur visioene en dat hy die geskiedenis nie kronologies vertel nie.

***Die Satan is neergewerp:***

"En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." (Openb. 12:9). Hierby kom ook die volgende uitsprake te pas: "Toe sê Hy (Jesus) vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val" En: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die *owerste van hierdie wêreld buitentoe* gedryf word." (Luk. 10:18 en Joh. 12:31). Die neerwerping van Satan kan ons derhalwe sien as gebeure rondom die kruis en opstanding en hemelvaart van die Here Jesus.

***Die Satan is gebind:***

"En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank." Maar ons lees ook: "En toe die draak sien dat hy neergewerp is, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het." (12:13). Lees hiermee saam Hand. 4:3: "En hulle het die hande aan hulle geslaan en hulle in die gevangenis gesit. . ." En Hand. 7:58: "En hulle het hom (Stefanus) buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig." En onthou hierby dat Johannes, die skrywer van die boek Openbaring getuie van die vervolging van die gemeente deur keisers en goewerneurs was. Hy het gelewe toe die gemeente in Rome deur die wrede Nero op onmenslike wyse gemartel en vervolg is. Hy het derhalwe gesien en belewe hoe die vrou of gemeente vervolg is.

Maar dan word die Satan gebind. Luister: ". . . maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek kon vlieg, *waar sy uit die gesig van die slang onderhou word,* 'n tyd, tye en 'n halwe tyd." (12:14). En Paulus praat van die Antichris of mens van die sonde, van wie hy sê: "En nou *julle weet wat hom teëhou,* sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word." (2 Thess. 2:6). Die Satan is gebind en die Antichris word teëgehou. Hy kan die gemeente nie bykom soos hy wil nie en hy kan ook sy ryk nie oprig soos hy wil nie.

***Die Satan is losgelaat:***

"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei... en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel." (Openb. 20:7-9). Dink ook hieraan: "En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings *. . . en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag."* (13:1,2). Hoe kan 'n Satan wat gebind is dit regkry*?* Hier is hy dus weer losgelaat. "En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en *gepraat soos 'n draak."* (13:11). Die duiwel gebruik die valse profeet as sy mondstuk. Hy is los en openbaar sy mag ook in die wêreld van die menslike gees. En uiteindelik sit Babilon, die afvallige kerk bo op die rug van die dier en sy is dronk van die bloed van die heiliges (17:6).

Só sien ons 'n verband in die verskillende uitsprake en in die verband ook die verloop van die geskiedenis. Hiermee meen ek nie dat die laaste woord gespreek is nie, maar dit mag wél vir sommige lesers van hulp wees.

# 25 September: Die nasies verlei

Eseg. 38:1-12

"... *en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see."* (Openb. 20:8)

Die duiwel is na verloop van die duisend jaar losgelaat. Dan gaan hy uit om te doen wat hy só graag wil doen. Hy gaan uit om die nasies – die skrywer bedoel eintlik *heidense nasies* – te verlei. Vervalle in afgodediens en bygeloof, het hierdie nasies tog maar al die eeue onder die heerskappy van die Bose gestaan. Ook daarom kon hy nie gebind gewees het om geen mens tot sonde te verlei nie. Waar sou die heidenvolke dan nog aan die einde van die duisend jaar vandaan kom*?*

Ja, die duiwel is soos 'n losgelate misdadiger. Al die jare van opsluiting het hom nie verander nie. Dit het hom net woedender en meer meedoënloos gemaak. Hy sou ruk aan sy boeie en met geweld die slot van sy gevangenisdeur wou oopbeur. En dan kom die verrassing van sy lewe. Hy word losgelaat. Die Here het sy eie taak afgehandel. Nou kry die Satan as 't ware sy kans. Vir hom is dit egter die begin van sy ewige ondergang. Só werk God in sy onbegryplike raadbesluite.

En dan vind daar 'n massa-verleiding plaas. Ek kan dit nie beter verduidelik as met 'n term aan ons só bekend nie. Ons mense praat van die *wêreldmening.* Die wêreldmening het die massas op dreef, wat die onbepaalbare geheimsinnige wêreldmening ook al mag wees. Dit is in baie opsigte 'n "vroom" mening en het veral te doen met 'n ander modewoord: "menseregte". Die wêreldmening word egter al hoe onheilspellender. Teen Suid-Afrika waar elke mens die reg en vryheid het om die Here te dien, maar almal nie stemreg het nie, is die wêreldmening billik ontstoke. Niks wat ons doen, is goed in die oë van die wêreldmening nie en selfs ons bloedbroers en susterkerke in Nederland en elders, staan saam met anargiste en kommuniste en terroriste om ons te breek. Ons groot sonde is dat ons glo in die voortbestaan van afsonderlike volke en dat ons klompie witmense in Suid-Afrika nie met oop oë selfmoord wil pleeg nie.

In Rusland en China en Oos-Europa en Kuba en kommunistiese lande in Afrika – ook in Mosambiek wat met die hulp van die "bruidskerk' van Christus bevry is van die onderdrukking deur die Portugese – ja, in al die lande is geen gewetensvryheid of godsdiensvryheid nie. Daar is ook hoegenaamd geen algemene stemreg nie. Die bevolking word deur 'n ysterhand regeer en 'n menselewe is daar nie 'n sikspens werd nie. En tog swyg die sg. "wêreldmening" soos die graf of piep fluisterend onderlangs – die "bruidskerk" van Christus in die Weste inkluis, al word die lede van die "bruidskerk" vervolg en gemartel en vermoor. Intussen bespiegel hulle liewer oor die verskuilde waarhede in die leuen van die Marxisme.

Hierdie verleiding bereik selfs die Gog en die Magog – die volke op die vier hoeke van die aarde. Ook hulle, wat deur die eeue heen geslaap het in hulle primitiwiteite, kom onder die bekoring van die wêreldmening. Hulle word ingeskakel by die stroom en begin saam skreeu en gou-gou ook saam jag. En hul jagtogte is nie gerig op diere nie – ook nie bloot op mense in die algemeen nie. Dit mag lyk asof hulle besiel is met haat teen die eertydse koloniale Weste. Uiteindelik word dit 'n haat teen Christene. Gedurende die duisend jaar, toe die Satan gebind was, het die kerk van Christus baie goeie en mooi menslike gawes aan die Weste gegee. Daarom weg met alles wat na 'n Christen lyk.

## 26 September: Die Gog en die Magog

Eseg. 38:18-23

*"en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see."* (Openb. 20:8)

Die geheimsinnige Gog en Magog was al die oorsaak van baie spekulasies en fantasieë. Daarom wil ek graag 'n bietjie in besonder kyk na hulle. Wie kan hulle tog wees?

In Gen. 10:2 lees ons: "Die seuns van Jafet was: Gomer en Magog en Madai en Jawan en Tubal en Meseg en Tiras." In die volgende verse word dan net gepraat van die nageslag van Gomer en Jawan. "Uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte in hulle nasies." In Eseg. 38 en 39 kom die name weer voor. "Mensekind, rig jou aangesig teen Gog, in die land Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal, en profeteer teen hom." (Eseg. 38:2). "Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal. En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die Noorde en jou laat kom op die berge van Israel."

Hieruit blyk duidelik dat ons Gog en Magog êrens in die agterhoeke van die Noorde moet soek. Die verleiding is dan ook groot om op die klank af te dink aan *"Moskou"* en *"Rus"* – "Meseg en Ros". Ons kan egter nie die Bybel só hanteer nie. En daarmee wil ek nie sê dat ons hier nie selfs met Rusland en Moskou te doen mag hê nie, maar dan moet ander faktore as die klank van die name die deurslag gee. Die Bybel is geen orakelboek nie. Al wat ons kán bepaal, is dat die volke uit die nageslag van Jafet, êrens op die grens van die wêreld, wat aan Israel bekend was, gewoon het. Dit was as 't ware buite hulle gesigsveld.

In ooreenstemming met Esegiël word hierdie name in Openbaring gebruik om volke aan te dui, wat vér van die Christendom af woon. En dan nie alleen die volke wat ons as heidene ken nie, maar selfs alle nie-christelike volke – soos die Mohammedane. Die twee name Gog en Magog omvat al die volke. Hierdie verklaring haal ek uit die kommentaar van Prof. Greijdanus en sy boek is in 1925 uitgegee. Dat dit klaarblyklik in die kol is, blyk uit wat ons vandag belewe – veral in die lig van die ontwikkelinge sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Ons praat in ons tyd van die sogenaamde "Derde Wêreld". Dit is 'n groep volkere wat in die wêreldpolitiek 'n "blok" vorm. In die V.V.O. en op elke denkbare terrein stem hulle in 'n blok. Selfs sportboikotte pas hulle gesamentlik toe. Op politieke terrein slaan die smeulende haat teen die Westerse "Christendom" telkens deur. Hulle verdra selfs die sogenaamde terrorisme, wat onskuldige mense vermoor en as gyselaars aanhou, om hulle sin te kry, omdat die terrorisme gerig is teen hulle aartsvyand – die Weste. Hulle is selfs bereid om ellende en honger en ekonomiese skade te ly, solank hulle die Weste maar kan verneder en skade berokken. Hulle gryp na die skatte, wat die Westerse skuldbesef in hulpprogramme uitdeel, maar dank en geneentheid bly uit. Hulle bly verenig in hulle haat teen alles wat 'n skyn van die Christendom vertoon. Ek dink ons sien vandag voor ons oë die opmars van Gog en Magog. "Die nasies wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, word versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see." Openbaring het selfs ook geweet van die bevolkingsontploffing in die wêreld. Die getalle-oorwig is aan die kant van die "Derde Wêreld." Hulle sal bloot deur hulle honger miljoene, afgesien nog van hulle haat, gedryf word tot die aanslag teen die Weste. Dink vir 'n oomblik aan China se miljard inwoners. Die vyeboom bot!

## 27 September: Die geliefde stad

Eseg. 39:1-13

*"En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel. . .*" (Openb. 20:9)

Hier kruis ons weë weer met die van die Chiliaste. Dit gaan hier om die Gog en die Magog en "die geliefde stad" – Jerusalem en "die berge van Israel". Eseg. 38:2: "En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die Noorde en jou laat kom op die berge van Israel." Hier in Openb. is dit die duiwel wat die Gog en die Magog gaan haal en verlei. In Esegiël sê die HERE dat Hyself dit doen. Só werk die Here maar in sy raad. Hy gebruik selfs die duiwel, wanneer dit Hom behaag, om sy doel te bereik. Só het Hy die Satan gebruik om die Jode op te stook om hulle Christus te kruisig, opdat die Here sy kinders kon verlos deur die kruisdood van sy eniggebore Seun. Die Here het nog altyd die leisels in die hande. Dit sal baie gou duidelik word.

"Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is... En Ek sal my heilige Naam bekend maak onder my volk Israel en Ek sal my heilige Naam nie meer laat ontheilig nie .. . En die inwoners van die stede van Israel sal uitgaan en vuur maak en stook met die wapens ... en hulle sal plunder die wat geplunder het ... En die nasies sal weet dat die huis van Israel vanweë hulle ongeregtigheid in ballingskap gegaan het. Daarom, so sê die HERE: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel... As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande . . . hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie." (Eseg. 39:4 vv.) Só teken Esegiël die ondergang van Gog en Magog en die herstel van Israel ...

Openbaring 20:8 en 9 sluit duidelik aan by hierdie profesie van Esegiël. Hy teken ook die ondergang van Gog en Magog. Waar Esegiël sê dat die volke optrek "na die berge van Israel", waar hulle verslaan word, sê Openbaring dat hulle "die geliefde stad" omsingel. Die geliefde stad, kan nét één stad wees: Jerusalem die stad waar die HERE woon in sy heilige tempel, wat in Palestina geleë is.

Volgens die standpunt van die Chiliasme vind die verlossing en herstel van Israel, wat hier in Eseg. 39 geteken word, voor die sogenaamde "duisendjarige vrederyk" plaas en die boek Openbaring plaas dit ná die duisend jaar, waarin Satan gebind was. Vir ons is dit egter geen probleem nie. Beide Esegiël en Openbaring beskryf die aanloop tot die eindoordeel en die oordeel self. In Esegiël word dit voorgestel in beelde, wat baie herinner aan die vuur uit die hemel, waarvan Openbaring praat: "En Ek sal 'n vuur slinger in Magog . . ." (Eseg. 38:6). Na die oordeel gaan Openbaring dan oor om die hemelse heerlikheid van die "nuwe Jerusalem" te beskryf. Esegiël doen dit ook in die aardse beelde van die "herstel van Israel" of die verlossing van Israel uit die ballingskap. Esegiël skryf in beelde wat sy volk in sy tyd verstaan. In hoofstuk 40 beskryf hy selfs 'n wonderlike tempel, wat deur geen mensehande gebou kan word nie, om die heerlikheid af te beeld.

Ons het alreeds daarop gewys dat ons Jerusalem, of die geliefde stad, hier simbolies verstaan. Dit kan ons gerus doen in ooreenstemming met die aard van Openbaring. Hoewel die slag teen die geliefde stad, wat ook die slag van Armagéddon is, moontlik êrens op aarde mag plaasvind, kan dit selfs oral op aarde gebeur. Waar die gemeente van Jesus Christus is, is ook die geliefde stad. En waar die gemeente vervolg word, word die geliefde stad omsingel.

# 28 September: Die geliefde stad en Babilon die hoer

Openb. 18:1-8

". . . *en hulle het die laer van God en die geliefde stad omsingel. .* . (Openb. 20:9)

*"En die groot stad is in drie dele verdeel. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn."* (Openb. 16:19)

Ons het alreeds gehandel oor die val van die groot stad Babilon, wat ook genoem is: die groot hoer wat op die baie waters sit. In haar het ons die beeld van die afvallige bruid van Christus gesien. Sy kry dan uiteindelik waarskynlik gestalte in die sogenaamde Christen-volkere van die Weste, wat die wêreld oorheers en haar Christenskap verloën. Haar ondergang staan i.v.m. die slag van Armagéddon, waarvan ons in 16:16 lees. Dit vind plaas nadat die Eufraatrivier, die skeiding tussen Oos en Wes, opdroog en die pad van die konings van die Ooste reggemaak is.

Ons het hier in Openb. 20 met dieselfde gebeure te doen. Die Gog en die Magog en die konings van die Ooste is maar dieselfde menigte wat opruk teen die Weste. Uit hulle oogpunt besien huisves die Westerse afvallige Christendom "die geliefde stad". En die geliefde stad is Jerusalem, die woonplek van die Here. In Nuwe Testamentiese taal is dit nie meer 'n bepaalde stad nie, maar die volk van die Here of die ware gelowiges. Of die oordeel oor Babilon en die vervolging van die gemeente van die Here, in verskillende fases verloop, maak wesenlik geen verskil nie.

Die dinge gaan eintlik hand aan hand. Wanneer die sogenaamde Christelike Weste of Babilon oorrompel word, is die ware bruid van Christus daarby betrokke. Sy woon immers in dieselfde lande. Sy is in die wêreld, hoewel sy nie van die wêreld is nie. In die wêreld, wat gesien word in Babilon die groot stad, wat terselfdertyd die hoervrou is, woon ook die getroue volgelinge van Jesus. Hulle doen nie mee aan die afvallige gedrag van die hoervrou nie. Hulle gaan uit haar uit: 18:4: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Hulle skei hulle af van die afvallige kerk en bly ondanks smaad en vernedering en vervolging getrou aan hulle Here.

Die ongeluk is egter dat die ware bruid van Christus en valse bruid of Babilon, deur die heidennasies as dieselfde wese aangesien word. Die oorheersing en tirannie van die Weste, word aan die Christene en selfs aan Christus toegedig. Mahatma Ghandi, die bekende Indiese vryheidsheld, het gesê dat die Christendom 'n pragtige leer het, maar dat hy die dade van die Christendom verfoei. Daarom is die vyandskap teen die Weste terselfdertyd die vyandskap teen die ware bruid van Christus. Dieselfde dinge wat die Here gebruik om die groot stad Babilon te oordeel, word ook gesien as die haat teen sy geliefde stad – Jerusalem.

Voorlopig moet ons net maar onthou dat oorloë en rampe en nood, soms deur God gebruik word om sy grimmigheid uit te giet op sy vyande en terselfdertyd, om sy getroue volgelinge te louter en te heilig. Hier op aarde is en bly dit 'n groot waarheid waaraan ons moet vashou. Die vyandskap teen ons volk is, enersyds 'n dringende roepstem tot bekering, anders volg die oordeel. Andersyds is dit 'n beproewing van die geloof van die getroues. Hulle moet standvastig bly en op hulle Here vertrou en van Hom alleen die redding verwag.

Daarom kan Babilon, die hoerstad, en Jerusalem, die geliefde stad van die Here, dieselfde vuur binnegaan met 'n tweërlei bedoelingvan God en 'n tweërlei uitwerking. Die één gaan verlore en die ander één word behou.

# 29 September: Die geliefde stad omsingel

Eseg. 38:9-16

"... *en hulle het die geliefde stad omsingel. . .*" (Openb. 20:9)

"Die geliefde stad . . ." In hoofstuk 3:12 sê die Here van sy getroue volgeling: ". . . en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam." En in 21:2 lees ons: "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is."

Dit is duidelik dat die geliefde stad en die nuwe Jerusalem maar dieselfde stad is. Dit is egter nie 'n werklike stad nie, maar die simbool van iets anders. Johannes sien werklik "die laer van die heiliges en die geliefde stad." Maar hy sien 'n visioen en indien jy hierin die herboude aardse Jerusalem sien, dan hou jy nie rekening met die reëls waarvolgens 'n mens die Bybel uitlê nie. Hier is hoegenaamd nie sprake daarvan dat Jerusalem herbou sal word en Christus daar, in die aardse Jerusalem, met sy opgestane heiliges vir duisend jaar sal regeer en dat die Gog en Magog daarna sal optrek en hulle beleër nie. Openbaring is 'n profetiese boek wat werk met visioene en moet as sodanig vertolk word.

Ons het alreeds hierbo verwys na wat Openbaring self van Jerusalem sê. Ook die res van die Nuwe Testament werp lig op die vraag wat die visioen voorstel. "Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal." (Gal. 4:26). "Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is." (Hebr. 11:10). "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele." (Hebr. 12:22). Ook hier simboliseer die stad Jerusalem iets anders.

Ons het hier te doen met 'n voorstelling van die gemeente van Jesus Christus – sy bruidskerk – die stad wat toeberei is soos 'n bruid vir haar man. (Openb. 21:2). Alreeds in die Ou Testament is die name Jerusalem en Sion gebruik om die volk self aan te dui. Dit is daarom voor-die-hand-liggend dat ons dit hier ook só kan vertolk.

Wanneer die "geliefde stad" omsingel is, hoef ons derhalwe nie na Palestina te reis om dit te sien nie. Waar die getroue belyders van Jesus ook al sal wees, sal hulle omsingel word. Gemeentes en gelowiges afsonderlik sal aan alle kante ingesluit wees deur hulle vyande. Die nasies voer oorlog teen Christus en sy gemeente. Dit sal 'n totaal-oorlog wees. Op Christene sal letterlik jag gemaak word. "Want dan sal daar 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie." (Matt. 24:21). "Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam." (Matt. 24:9).

Ons sien die tekens. Die haat gaan soos 'n skroeiende vuur oor die aarde. In bepaalde lande bestaan die gemeente van Jesus Christus nog alleen *ondergronds.* Openlik mag Hy nie meer bely word nie. Foto's wat uit die wêrelddele gesmokkel word, toon mense wat littekens en lyne van smart op hulle gesigte dra. Jy kan dit haas nie aansien nie. Om 'n martelaar te wees, is nie maklik nie. Christene sal roep om genade en verlang na die dood. En dan sal ook die roep van die bruid en die Gees helder en duidelik die hemel bereik: "Kom, Here Jesus! Ja, kom gou!"

# 30 September: Roem in verdrukkinge

Rom. 5:1-11

"... *en hulle het die geliefde stad omsingel . . .*" (Openb. 20:9)

*"En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge . . .*" (Rom. 5:3)

Wanneer die geliefde stad omsingel is, is die gemeente van Jesus Christus in die groot verdrukking. Geen mens hou daarvan om verdruk te word nie. Daarom kan ons aanneem dat dit nie maklik sal wees nie. Om vooraf daaroor te bespiegel en dit van vér af te bekyk is nie só moeilik nie, maar om dit te belewe beteken letterlik bloed en trane.

Toe Paulus aan die gemeente van Rome geskryf het, was dit in baie opsigte nie maklik om 'n Christen te wees nie. Toe hy sy brief aan die gemeente rig, was keiser Nero alreeds op die troon in dieselfde Rome. Hy was verantwoordelik vir 'n onmenslike bloedbad onder die Christene, wat gepaard gegaan het met die wreedste marteling denkbaar. Dit was waarskynlik maar 'n paar jaar nadat hierdie brief geskryf is. Die mense moes in die dae 'n moeilike keuse doen. Dit kon jou lewensbestaan kos en boonop is jy blootgestel aan die moontlikheid dat jy jou lewe kan verloor. Om Christus te bely, was nie goedkoop nie.

Paulus het die verdrukking ook aan eie lyf ondervind. Hy het geweet wat dit beteken om die geselslae oor jou kaal rug te voel. Hy het die kerker van binne geken met sy voete vasgeskroef in 'n blok. Hy is selfs gestenig en vir dood laat lê. En tog sê hy: "Ons roem in die verdrukkinge." Dit was ook nie ydele woorde uit die mond van Paulus nie. Hy en Silas was in die tronk in Filippi. "En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister." (Hand. 16:25).

Paulus kon sing, allereers, omdat hy vrygemaak is van homself en aan sy Here behoort. "Omdat ons dan in die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus." (Rom. 5:1). Vanuit die ontvange vryheid en vrede met God bekyk hy die verdrukkinge. Dan beteken dit dat hy in lewe en in sterwe in die hand van die Here is. Maar uit die standpunt sien 'n mens ook dat die verdrukkinge jou in werklikheid goed doen – dit werk die lydsaamheid en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop. "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is." (Rom. 8:28).

Uit ons oogpunt besien, is verdrukkinge vir ons goed. Wurmbrand, die christen-martelaar uit Oos-Europa, sê dit herhaaldelik dat hy terugverlang na die ondergrondse kerk, omdat hy daar kon deel in die ware geloofslewe en Christelike liefde, wat in die sg. Vrye Weste haas verdwyn het. Onder druk en vervolging kom in die kerk die mooiste en skoonste skatte wat die Here aan haar gegee het tot openbaring. Aardse voorspoed en vrede in die wêreld moet ons gebruik. Dit gee die Here ook aan ons om sy koninkryk uit te brei. Ons kort egter dikwels die slae van sy tugroede om weer tot bloei en lewe, na die innerlike mens, te kom.

En dan roem ons ook in die verdrukkinge, omdat ons weet en ondervind dat die verdrukking lydsaamheid werk. Dit is die vermoë om te volhard ondanks die druk. En die lydsaamheid werk beproefdheid. Dit beteken dat ons aan die smeltkroes prysgegee is om getoets en gesuiwer te word. En die beproefdheid werk die hoop – ook die hoop dat die Here ons die genade sal gee om te volhard tot die einde toe. Daarom kan mense soos Paulus en Silas, in die koue gevangenis met hulle voete in die blok, lofliedere sing en die Here dank. Só moet ons die groot verdrukking tegemoetgaan.

# 1 Oktober: Die Heerlikheid van God

Job 39:34-38; 42:1-6

". . . *en hulle het die geliefde stad omsingel."* (Openb. 20:9)

*"En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees?"* (Job 1:9)

Ons moet altyd goed onthou dat daar agter ons lewe en stryd en verdrukking op aarde, 'n ander stryd in die wêreld van die geeste woed. Dit is die stryd van Satan teen God. In die boek Job tree bepaalde trekke van die stryd aan die lig. Toe kon die Satan nog as aanklaer in die hemel verskyn en ons broeders aankla. (Openb. 12:10). Só verskyn hy voor God, saam met die engele. Die HERE vra vir Satan: "Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad."

Dit is maklik te verklaar, meen die Satan. Die HERE het hom en sy huis rondom – aan alle kante – geseën. Hy is geseënd met 'n mooi gesin en baie rykdomme. En in alles wat hy doen, is hy voorspoedig. "Is dit verniet dat Job God vrees?" skimp die Bose smalend. Dit is vir Job betalend om God te vrees. Tas 'n bietjie sy besittings aan. Maak hom 'n keer arm en kyk wat gebeur. En toe dit gebeur en Job nog getrou bly en die heerlike belydenis uitspreek: "Die HERE het gegee en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd?" Toe is die Satan se verweer dat Job self nog gesond is. Tas sy liggaam aan. Goed, gaan jou gang. Spaar net sy lewe, is die antwoord van die HERE.

Ook in die loslating van die Satan en in die groot verdrukking aan die einde van ons geskiedenis, sien ons hierdie stryd van Satan teen God. Hy word losgelaat en kry die geleentheid om die nasies te verlei om die gemeente van die Here te verdruk en te vervolg, met die oogmerk om hulle uit te roei. Die Here gee hom sy kans. Waarom?

Die Here openbaar sy heerlikheid en krag in sy verdrukte gemeente, teenoor die Bose. Soos Job, word die bruid van Christus oorgegee in die hand van die Bose. Dit is asof die Here wil sê: Maak met hulle wat jy wil. Hy kon dit met Job doen sonder dat hy by magte was om hom uit die hand van die HERE te ruk. Nie dat dit vir Job maklik was nie. Hy het ook sy bitterheid, soos Asaf in Ps. 73, geken. Hy het selfs sy geboortedag vervloek en die Here beskuldig dat Hy hom veronreg. Maar hy het volhard. Hy het die geloof behou en dit was vir homself goed.

Maar dit was ook vir Satan 'n vernedering. Job het teenoor sy aanslae staande gebly. Ons kan sê dat hy die einde van sy lydensgeskiedenis bereik het – nie sonder letsel nie, maar met 'n baie beter insig. En Satan sou dit in magtelose woede aanskou. Só sal dit ook teen die eindtyd wees. Die getroues sal volhard – nie deur eie krag nie, maar deur die genade van die Here. Vir die laaste keer span Satan al sy kragte en alle moontlike middele in, om sy doel te bereik. Hy wil God en Christus tref in die gemeente.

Só word die Naam van onse Here groot gemaak. Hy word in sy gemeente verheerlik. Sy werke word in hulle geopenbaar. En dit is mos die allereerste begeerte van elke kind van die Here, om sy Vader se Naam te eer! Dit is ook die skerpste klag uit ons verslae harte dat ons só dikwels sy Naam ontheilig. Daarom ken die ware kerk die droefheid volgens die wil van God. Daaroor is Paulus bly en die Here ook: "Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot verlossing." (2 Kor. 7:10).

En die Here verbly Hom in die lydsaamheid van sy kinders.

# 2 Oktober: Glo!

Joh. 13:21-14:1

". . . *en hulle het die geliefde stad omsingel."* (Openb. 20:9)

*"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."* (Joh. 14:1)

Wanneer die verdrukking van die eindtyd op sy hoogtepunt is, sal die bruid van Christus, na die uitwendige, niks kan sien nie. Dit sal stikdonker in die wêreld wees. En tog het die volgelinge van Jesus ook dan nog die grootste skat wat 'n mens op aarde kan besit: *die geloof.* Dan sal die uitspraak van hulle Here 'n ligbaken in die donker wees: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."

In daardie verskriklike nag in die paassaal het Jesus vir sy dissipels in alle erns 'n paar dinge gesê, wat hulle harte ontstel het. Dit het hulle innerlik en verslae en onseker gelaat. Dink daaraan wat Hy gesê het: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai." Verskriklik – een van die twaalf vertrouelinge om die tafel, is 'n verraaier. Luister verder: "My kinders, nog 'n klein tydjie is Ek by julle . . . Julle sal My soek . . . Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie . . ." Hoe sou hulle hul die lewe kon indink sonder die Here? Hulle het inderdaad alle skepe agter hulle verbrand. Geen terugtog was moontlik nie ... en Hy sê dat Hy weggaan. Maar dit was nog nie die einde van die ontstellende dinge nie: Hy sê vir Petrus: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie." Simon Petrus, die leidende dissipel sal in hierdie nag drie maal ontken dat hy Jesus ken!

'n Mens sou die onsteltenis van hulle hart op hulle gesigte kon lees. En Jesus lees dit in hulle oë en in hulle harte. En dan sê Hy: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My." Glo ... Dit is die één anker wat die Here aan hulle en ons almal, wat aan Hom behoort, gee. Dit is die één en enigste anker. Wanneer jy nie weet of selfs kan sien nie, kan jy nog glo. Waarom is die geloof só 'n vaste anker? Omdat die Here dit self aan ons gee: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God." (Ef. 2:8). God gee die geloof. Dáárom is die geloof só seker soos God self.

Glo u dat God die wêreld regeer? Glo u dat sy Woord waar is? Sien u hoe Hy geskiedenis skryf – ook wanneer u die boek Openbaring ter hand neem? Verwag u, saam met alle ware belyders van die Naam van die Here, die groot verdrukking wat kom? Sien u ook die tekens aan die lug van die volkerewêreld en groei die onrus en vrees in u innerlike? Is u ontstel in u hart omdat die woorde van die Here in vervulling gaan en u en ek daarby betrokke is? Is u bang dat u moontlik die Here sal verraai? Skrik u as u daaraan dink dat u Hom moontlik sal verloën in die donker vervolgingsnag?

Die dinge staan lewensgroot voor u en voor my en op die pad van elke Christen. 'n Ware gelowige is nie 'n mens wat in sy eie kragte kan roem nie. Hy weet maar te goed hoe maklik hy struikel en hoe klein van kragte hy is. En tog het ons die anker – *ons glo.* En dit is nie uit onsself nie – dit is 'n gawe van God. Dit beteken ten slotte nie dat ek aan God vashou nie, maar dat Hy my vashou. *Hy het my gegryp – daarom glo ek.*

Al wat u en ek moet doen is om te gebruik wat aan ons gegee is: *Glo . . .* Beoefen jou geloof. . . Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom en Hy sal dit uitvoer. Miskien lê die nag vir die gemeente van die Here hier binne ons leeftyd. Moontlik gebeur dit binne 'n jaar of wat. Dan sien ons die geliefde stad omsingel. Weet dan wat u het en beoefen dit: *Glo in God.* Glo in Jesus Christus.

# 3 Oktober: Vuur van God

Eseg. 38:17-23

". . . *en vuur van God het uit die hemel neergedaal en hulle verslind."* (Openb. 20:9)

Ons het vroeër daarop gewys hoe Openb. 20 en Esegiël se profesieë oor die Gog en Magog hier bymekaar aansluit. "En Ek sal met hom deur die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs wat saam met hom is." (Eseg. 38:22). "En Ek sal vuur slinger in Magog en onder hulle wat in die kuslande veilig woon." (Eseg. 39:6). Só sluit Openbaring ook in die oordeel, oor die menigtes wat Satan versamel het om die laer van die heiliges en die geliefde stad te omsingel, aan by Esegiël. Ook daaruit is duidelik dat ons geen duisendjarige *vrederyk,* met Israel as middelpunt, kan verwag nie. Ook volgens Esegiël breek die *vrederyk* eers aan nadat die eindoordeel plaasgevind het, op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Hy gebruik net maar aardse beelde om dit te beskryf.

Wanneer die gemeente van Jesus Christus vasgekeer is en die verdrukking en vervolging op sy hewigste is, dan kom die Here om te oordeel. Hier word dit voorgestel as vuur wat van God uit die hemel reën. In 16:21 sien ons die oordeel in die gedaante van groot haelstene wat op die mense val. In 19:21 word hulle weer gedood deur die swaard wat uit die mond van die Here Jesus uitgaan. Die hoofsaak is dat al die goddelose mense gedood word, sodat hulle geoordeel kan word. Die tyd vir die oordeel het ryp geword.

Die ironie van die oordeel oor die nasies van die wêreld is dat dit plaasvind in die uur van hulle oorwinning. Hulle is nou op die punt om die gehate Christene tot die laaste man uit te wis, toe kom die vuur uit die hemel en hulle word verteer. Ja, die oordeel kom soos 'n dief in die nag, wanneer dit nie verwag word nie. Wanneer hulle roep: "vrede en veiligheid!" is die oordeel op hulle. Die oordeel is lank uitgestel. Die Here is baie lankmoedig. Selfs hierdie Gog en Magog wat in die vier hoeke van die aarde woon, moes ook al iets van Hom gehoor het. Hulle weet in elk geval genoeg van Hom om sy boodskappers te vermoor, want hul getuienis word in hulle bloed gesmoor. Daarom het selfs Gog en Magog geen verskoning nie. Ja, Hy kom in die uur van hulle bloed-dronkenheid en galgevreugde oor Christene wat kerm en pleit voor hulle beuls. Hulle bloed roep na die hemel van die aarde af en die hemel antwoord deur vuur op die aarde te laat reën ...

Vir hulle, die vervolgdes en verdruktes, kom die oordeel egter nie soos 'n dief in die nag nie. Hulle is immers kinders van die lig en van die dag. Dit is juis daarom dat die vors van die duisternis hulle nie kan uitstaan nie. Dit is ook daarom dat die mense hulle haat. Hulle getuienis van Jesus en hulle lig-lewe stel te duidelik die werkers van die duisternis se werke in perspektief. Hulle voorbeeld en hulle woorde is één skreeuende aanklag teen die goddelose mensdom. Omdat hulle nie wil kompromitteer nie, kan hulle nie uitgestaan word nie. Die wêreld preek graag verdraagsaamheid, maar kan niemand verdra wat die sonde nie kan verdra nie.

Gelukkig is hulle wat gereed is om hulle Here te ontmoet. Hulle sal verander word – in 'n oomblik, in 'n oogwink, wanneer die laaste basuin blaas. En hulle aardse ellende is verby! Hulle gaan hulle Here tegemoet op die wolke en sal vir ewig by Hom wees. Kom, Here Jesus!

# 4 Oktober: Vuur uit die Hemel

2Petr. 3:1-12

". . . *en vuur van God het uit die hemel neergedaal en hulle verslind."* (Openb. 20:9)

Dit is die oordeelsdag. In die dag is al die profesieë oor die "dag van die Here" vervul. In die dag bereik al die voorlopige "dae van die Here" hulle klimaks. Vir die aarde en sy bewoners sal dit 'n katastrofe wees. Nie alleen die aarde nie – ook die sterrehemel is hierby betrokke. Die apostel Petrus sê van die dag: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal verbrand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand". Hy verwys na die gemeente as: "julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt." (2 Petr. 3:10, 12).

Vuur het van God uit die hemel neergedaal. Die Here God self gryp vanaf die hemel in. Vir Hom gaan dit in die dag om sy oordeel oor die goddelose menigte, wat besig is om sy geliefde stad te omsingel. Sy mense is op aarde normaalweg skynbaar weerloos voor die haat en geweld van die wêreld. Maar in die vuur is Hy met hulle en bewaar hulle in die geloof en gee innerlik die krag om staande te bly. Nou is die maat van die goddelose egter vol en Hy gryp in. Die oordeel oor die nasies is ook die finale redding van sy volk. Hy gryp in om hulle letterlik uit die vuur te ruk en te beveilig in die ewige heerlikheid.

Dit moet ons steeds in gedagte hou wanneer ons dink oor die oordeelsdag. Vanselfsprekend is dit vir ons aardgebonde mense 'n gebeurtenis wat selfs met droefheid en skrik tegemoet gesien kan word. Ons bekende wêreld, waarin ons gebore is en opgegroei en ons vreugde en verdriet belewe het, gaan verby. Ons is vas aan die aarde. Die aarde dra ons van die wieg tot die graf. Die Here het die aarde aan ons gegee om te bewerk en te bewaak en Hy gun ons die aardse lewe in sy vreugde en genietinge. Ons lewe ook op aarde uit sy hand en onder sy Vaderoog. Die gelowige is nie 'n mens wat volgens die beginsel lewe: raak nie, smaak nie en roer nie aan nie. Ook die aardse lewe met sy skoonheid en kuns en musiek kan ons as 'n gawe uit die hand van die Here geniet en Hom daarvoor dank. Ons moet net altyd onthou dat ons Vader dit aan ons gee en dat Hy van ons rekenskap eis hoe ons dit geniet. Dit mag nie tot sy oneer geskied nie en beslis nie afgode in ons lewe word nie. Dan is ons op die pad van Babilon die groot hoer.

Dit is moeilik om in die opsig altyd met afwagting en blydskap uit te sien na die dag -, selfs vir 'n gelowige. Net so is 'n gelowige ook 'n mens wat doodsvrees ken. Sy krag en troos is egter dat hy elke dag leef uit genade. En as hy moet ly, gee die Here ook sy genade daartoe. En wanneer hy moet sterwe ontvang hy ook sterwensgenade. Daarom roep hy, soms ondanks homself: "Kom, Here Jesus!" Die Here sal egter die roep dringend uit die harte laat kom in die groot verdrukking – ja, dan sal hulle van harte roep, ook omdat die aardse lewe dan één groot en angstige lydensweg sal wees vir elke belyder van Christus.

Só gaan ons die dag tegemoet. Ons ken ons swakhede en ons moet daagliks roep: "Ek glo Here, kom my ongeloof tot hulp!" Ons krag is egter dat ons saligheid buite onsself in Christus geanker is. Dink daaraan dat ons Here Jesus mededoë het met die kleintjies en swakkes. "Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie." (Jes. 42:3). Wees maar net klein en ootmoedig voor die Here en die dag sal vir u nie kom soos 'n dief in die nag nie. U sal nie verskrik wegvlug nie, maar u Here met vreugde tegemoetgaan in die lug.

# 5 Oktober: Satan bereik sy bestemming

Judas 3-13

*"En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in ewigheid."* (Openb. 20:10)

Hier bly die duiwel agter! het 'n ou vader op sy sterfbed gesê. En hy was reg. Die duiwel se operasionele gebied is hierdie wêreld. Sy terrein is die mense duskant die graf. Daarom was die duiwel in C. S. Lewis se boek: "The Screwtape Letters" só teleurgesteld toe sy prooi gelowig te sterwe kom. Hy weet dat só 'n mens dan buite sy bereik is. Só 'n mens se siel is gedra na Christus in die hemel en daar is hy buite bereik van die Bose.

Wat weet ons eintlik van die duiwel af? Vir die meeste mense bestaan hy selfs nie. Hy is hoogstens 'n mitiese spookgedaante om kinders en ou vrouens mee bang te maak. Die nugter en volwasse moderne mens hoef jy nie met sulke "fabels" oploop te probeer jaag nie.

En tog sien ons die werke van die Bose duidelik! Om dit te kan sien het 'n mens egter 'n bril nodig – die bril van God se heilige Woord. Het jy die bril nie, dan sien jy maar die ellende en haat en geestelike blindheid as groeipyne van die voortbeurende spesie "homo sapiens". En jy is verwonderd dat die "nakomeling" van die aap dit al sover gebring het. Eendag sal hy nog die volmaakte supermens word.

Sien jy hom egter in die lig van die Woord van God, dan weet jy dat die mens geweldig baie kan vermag op alle lewensterreine. Hy bring kultuurskatte voort en bereik wonderlike tegniese hoogvlugte. (Pas gister het die ruimtetuig van die Amerikaners op Mars geland. Wonderlik!) En tog, die wysheid om in vrede saam te leef, ontbreek. Geen wonder dat die Marxisme gryp na diktature om hulle welsynstaat of vredesparadys op aarde te verwesenlik nie. So nimmer as te nooit sal die mensdom vrywillig daartoe instem om almal "kamerade" te wees nie. Daarvoor sorg die duiwel. Hy pomp die menslike gees vol met sy leuens, sodat die ware kennis of wysheid van die aarde verdring word.

In die boek Openbaring sien ons duidelik die spoor van die duiwel deur die eeue heen. Daar is selfs geleerdes wat meen dat God nie kan bestaan sonder dat hy iets soos die duiwel het as sy teenpool nie. Die lig het die duisternis nodig om tot sy reg as lig te kan kom. Dit leer die Bybel ons egter nie. Die duiwel, of teëstander van God, word deur die Almagtige gestuur na sy ewige bestemming. En hier lees ons nou dat hy daar aangekom het. Hy is gewerp in die poel van vuur en swawel en sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. Die algenoegsame Vader het geen behoefte aan die duiwel om in sy volmaakte heerlikheid Hom in sy werke te kan verbly nie.

Omdat hy die groot teëstander van God en die oorsprong van alle kwaad is, word sy finale oordeel beskrywe ná die oordeel oor die dier en sy profeet. In die oordeelsdag kom hy egter maar saam met die dier en die valse profeet, al sy volgsame duiwels en al die verloregaande mense aan in die poel van vuur. Die beskrywing van sy oordeel in hierdie hoofstuk belig nou net in besonderhede hoe ook hy sy bestemming, wat in sy ewige ondergang bestaan, bereik.

Nou word alles waarlik nuut. Die nuwe aarde onder die nuwe hemel, het geen duiwel meer nie. Kan ons, terwyl ons nog hier elke oomblik blootstaan aan sy verleidinge en te kampe het met sy aanvegtinge, ons dit ooit voorstel?

Die Here is goed. Hy maak ons waarlik vry.

# 6 Oktober: Die poel van vuur en swawel

Openb. 14:6-13

*"En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp."* (Openb. 20:10)

Die poel van vuur en swawel is die uiteindelike bestemming van die duiwel en sy engele. Ook alle verloregaande mense kom daar te lande. "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie . . ." (14:9-11). Hier het ons een van die mees uitvoerige beskrywinge van die hel in die Bybel. Hoe moet ons die plek vir onsself voorstel? Is dit 'n bepaalde plek of is dit net 'n toestand van wroeging?

Ons het allereers in die beskrywing te doen met die toestand van wroeging. Vuur en swawel versinnebeeld pyn en benoudheid. Vuur veroorsaak die pynlikste lyding wat 'n mens jou kan voorstel. Swawel vergiftig die atmosfeer en laat 'n mens verstik, sodat jy nie asem kan kry nie. Dit is 'n beeld van geestelike bangheid, benouing, skrik en wroeging. Hierdie toestand duur onverminderd, sonder verposing, voort tot in alle ewigheid. Die vuur brand altyd ewe hoog en fel. Dit is die plek waar die vuur nie uitgeblus word en die wurm nie sterf nie. Die rookwolke of swaweldampe borrel onophoudelik uit die plek op. Altyd duur die toestand voort. Daar kom nimmer 'n einde aan nie. Daarom word dit ook die tweede of ewige dood genoem. Die mense is vir ewig in sterwensnood. Nimmer word hulle daaruit verlos nie.

Hier op aarde is daar in die bitterste lyding nog soms 'n tydjie van rus of verposing – selfs al bestaan dit net daarin dat 'n mens genadiglik jou bewussyn verloor en jy gevoelloos word. Die hel beteken egter dat 'n mens altyd in jou volle bewussyn die lyding sal moet dra. Ook die hardste sondaar op aarde is nie só hard dat hy nie soms iets van mededoë openbaar nie. Geen mens is geheel 'n duiwel nie. Daar bly nog 'n vonkie van die beeld van God in hom nagloei. Dit is nog iets van God se goedheid. Hier op aarde is nog iets van sy ewige krag en Goddelikheid te bespeur en Hy praat nog in die gewete, wat beskuldig of verontskuldig. (Rom. 1:18-20; 2:14, 15).

In die hel is die verloregaande egter geheel en al van God en sy mededoë geskei. Daarom het Christus daadwerklik die helse pyn en smarte gedra toe Hy van God verlate was aan die kruis. Toe Hy uitroep: "My God, my God waarom het U My verlaat?" het Hy in die tyd, intensief, die helse verlatenheid ondervind. Dit is ten diepste wat die helse smarte beteken. Op aarde leef mense nog onder God se son en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. In die hel word egter niks – hoegenaamd niks – van die goedheid van God gesien of ondervind nie. Hier op aarde word God se goedheid vertrap en sy goeie gawes misbruik, daarom sal hulle eenmaal geheel van alle blyke van sy goedheid geskei wees.

Waar is die plek van verskrikking? Ek weet eerlik nie. Die Bybel sien dit as *onder* – benede. Dit staan teenoor die hoë en heerlike waar die Here se troon is. Hy woon in die hoogte en heilige plek. (Jes. 47). Die plek van verskrikking is só verskriklik omdat die Here Hom vertoorn oor die sonde en gruwels wat die mens doen. Dit is des te vreesliker omdat mense sy genade in Christus verag, sy liefde verwerp en die bloed van Christus vertrap. Dit is waarlik nie 'n plek om mee te spot nie. Dit doen 'n mens net tot jou eie verderf. Al begryp ons dit nie, dan weet ons wél dat dit só is, omdat die Here dit sê.

Gelukkig het onse Here Jesus dit vir elkeen wat in Hom glo, gedra. Skuil agter sy soenbloed! Doen dit nou!

# 7 Oktober: 'n Groot wit troon

Ps. 11

*"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit . . .*" (Openb. 20:11)

Die wêreldgeskiedenis is verby. Alles wat moes gebeur, het plaasgevind. Die raad van die Here het afgeloop. Die boekrol, wat die Lam uit die hand van God ontvang het, wat met sewe seëls verseël was, se seëls is gebreek en volledig vervul. (Openb. 5) Die dag van afrekening het aangebreek vir die menslike geslag. Die Here verskyn op sy troon. Alle dooies staan op en verskyn voor die troon. Tussen mens en mens tree nou die groot skeiding, wat hier op aarde dikwels nog verborge was, duidelik in al sy gevolge aan die lig.

Johannes sien die groot wit troon. God is groot. Hy woon in die hoogte en die heilige plek. "Die HERE is in sy heilige paleis; die troon van die HERE is in die hemel; sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders." (Ps. 11:4). Ook Jesaja sien Hom sit op sy hoë en verhewe troon. (Jes. 6:1). "So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete." (Jes. 66:1). Van Hom kan ons nie groot genoeg dink nie en van onsself nie klein genoeg nie. Ons moet ons diep verneder voor Hom, want ons is nie alleen nietige skepsele nie, maar daarby ook sondaars. Wanneer Jesaja Hom in sy roepingsvisioen op sy troon sien sit, roep hy uit: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien." (Jes. 6:5).

Die kleur van die troon is wit. God is heilig en regverdig, wil die wit troon aan ons tuisbring. In die beskrywing van die troon in hoofstuk 4, was daar ook sprake van kleure. "En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag." Die kleure het toe nie alleen van heiligheid en geregtigheid gespreek nie, maar ook van genade. Nou is die tyd van genade egter verby. Nou verskyn die hoë God op 'n wit troon. Hy is heilig en kan niks wat onheilig is, verdra nie. Hy is regverdig en oordeel in regmatigheid. In Hom is geen sweem van onreg nie.

Weer, soos in hoofstuk 4, beskryf Johannes nie hoe God lyk nie. Hy praat bloot van "Hom wat daarop sit." Die "Iemand" op die troon is onbeskryflik. Hy kan nie in beelde of terme, wat ons ken, beskryf word nie. Ons kry wél bepaalde "mensvormige" beelde of voorstelling in die Bybel, maar niemand weet hoe die Hoë en Verhewene, wat in die ewigheid woon, lyk nie. Normaalweg stel die Skrif Hom op 'n bepaalde manier voor om daarmee een of ander van sy eienskappe of deugde aan ons tuis te bring. Ons dink en sien kreatuurlik en mensvormig en kan ons nie indink hoe die "transendente" God daar uitsien nie. Hy sê aan Moses "EK IS WAT EK IS." (Ex. 3). "God is Gees, en die wat Hom aanbid moet Hom in gees en waarheid aanbid." (Joh. 4:24). Ons mag van die hemelse majesteit van God nie aards dink nie.

Dit is goed om by die geleentheid te dink aan hoe ons Hom bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis – artikel 1: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is." Dit is Hy wat op die troon sit. Dit sien Daniël ook en beskryf dit só: "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu ... sy troon was vuurvlamme . . . 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uitgegaan." (Dan. 7:9, 10).

Só kom Hy om te oordeel. Salig is hy wie se klere gewas is in die bloed van die Lam.

# 8 Oktober: Die aarde en hemel vlug weg

Rom. 8:18-27

". . . *voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie."* (Openb. 20:11)

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En dan lees ons: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed." (Gen. 1:31). Met hemel en aarde, word hier die dinge bedoel wat ons as die heelal beskrywe – die sienlike dinge of sigbare skepping. Dat die dinge goed geskape is, blyk uit die pragtige harmonie en wetmatigheid wat nog heers in natuurwette bv. die beweging van hemelliggame. Hy het alles só gemaak dat die aarde, uit geestelike oogpunt besien, die middelpunt van sy skeppingswerk is. Die aarde is presies só geplaas in sy baan om die son dat lewe op aarde moontlik sou wees. Verder is die aarde toegerus met water en 'n atmosfeer en al die noodsaaklike elemente om hier vir die lewende wesens 'n woonplek te formeer. En op die aarde plaas die Here dan die kroon van sy skepping – die mens geskape na sy beeld en gelykenis. Anders as die dier is die mens 'n redelike, sedelike en godsdienstige wese. Aan hom word die heerskappy en bewerking van die aarde toevertrou.

En God het die mens geseën en vir hom gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Gen. 1:28). "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak." (Gen. 2:15).

Pragtig is die vooruitsigte vir die aarde en die hemel. Maar dan kom die duiwel op die pad van die mens. Hy weet goed wie sy skyf op aarde moet wees – die kroon van God se skepping. En nie alleen die mens stort die diepte in nie, maar die Here spreek sy oordeel ook oor die aarde uit: ". . . vervloek is die aarde om jou ontwil", sê Hy vir die mens. Hiervan praat Paulus ook: "Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe . . . Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." (Rom. 8:20, 22).

En nou verskyn God op sy hoë en heilige troon. Hy kom om die mense te oordeel, maar selfs die aarde en die hemel is daarby betrokke. En niks wat onrein is en belaai is met die vloek, kan dan voor Hom staande bly nie. Voor sy volmaakte heiligheid en majesteit vlug die aarde en die hemel weg; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. Die apostel Petrus stel dit só: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemel met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, verbrand." (2 Petr. 3:10).

Dit kan selfs nie anders nie. Die Here se "aangesig" verskyn. En nie alleen die sondige mens nie, maar selfs die skepping wat met vloek belaai is, kan nie staande bly nie. Johannes beskryf dit as 'n vlug voor die heilige God weg – weg ná wie weet waar. Daar is geen plek vir hulle gevind nie. Die ordelikheid en wetmatigheid word versteur in die heelal. Sterre mag bots en hemelliggame mekaar in hulle verwarde dronkemansgang uit hulle vaste bane slinger.

Gelukkig voeg Petrus daaraan toe: "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde, waarin geregtigheid woon." (2 Petr. 3:13). En Johannes teken net hierna in hoofstuk 21 die nuwe hemel en die nuwe aarde. Ja, die Here maak alles nuut. Soos die pottebakker sy stuk klei opnuut brei en 'n ander voorwerp daaruit vorm, kom die nuwe skepping te voorskyn uit die oue wat vergaan het. Sy gesaligdes moet immers 'n woonplek hê. Gelukkig is die Satan nou vir ewig in die poel van vuur en daarom sal die nuwe hemel en die nuwe aarde nimmer verbygaan nie.

# 9 Oktober: Opstanding van die dode

1 Kor. 15:1-21

*"En ek het die dode, groot en klein, voor God sien staan ...*" (Openb. 20:12)

Eindelik sien Johannes die "wederopstanding van die vlees", wat ons elke Sondag in die kerk bely, wanneer die Twaalf Artikels gelees word. Hier verskyn alle mense voor God. Almal het nou opgestaan uit die graf - groot en klein. Met "groot en klein" moet ons bepaald dink aan aansienlikes en geringes. Die groot saak is dat ons moet onthou dat dit hier gaan om alle mense. "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf." (11:18).

Dat ons hier met alle dode – goed en sleg – gelowig en ongelowig, te doen het, blyk duidelik daaruit dat die boeke geopen is. "En 'n ander boek, die boek van die lewe is geopen. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." Die boek van die lewe is ook ter sprake, waarin die name van die gesaligdes opgeskryf is. Hulle is derhalwe nie, soos die Chiliaste wil voorgee, al duisend jaar gelede opgewek nie. Al die dode staan by een enkele geleentheid op en verskyn dan voor die troon van God.

'n Mens kan jou afvra of dit nie beter sou wees, indien die verloregaandes maar in die graf gebly het nie. Die opstanding is immers vir hulle geen voorreg nie. "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." (Dan. 12:3). Dit sou ons gevoel van jammerte bevredig indien die mense maar liewer dood sou bly.

In die beantwoording van die vraag mag ons gevoel of verstand nie die deurslag gee nie, maar die geregtigheid en heiligheid van God en ons moet ons neerlê by wat Hy in sy Woord aan ons openbaar. Ja, ook die liggaamlike opstanding van die verloregaande mense, is alleen moontlik omdat Christus eers self uit die dood opgestaan het. Ook hulle verrysenes toon sy Middelaarsoorwinning oor die dood. Hulle kom nie weg van Hom nie, al verwerp hulle Hom. Hy haal hulle uit die graf en stel hulle voor sy regterstoel. Hy spreek die oordeel oor hulle uit – nie net oor hulle siele nie, maar oor hulle as mense na liggaam en siel. Al laat hulle hul lyke veras, nogtans sal hulle liggaamlik voor Hom staan in die oordeel. Die oordeel van God gaan oor die hele mens – soos Hy hulle geskape het – met liggaam en siel. Anders sou God se geregtigheid nie tot sy reg kom nie.

Die mense het ook die duiwel met liggaam en siel gedien. Op aarde is die liggaam die woonplek van ons siel, waardeur ons bestaan en ons ons werke doen – goed of sleg. 'n Mens kan nie die werking van jou siel losmaak van jou liggaam nie. Daarom gaan die mens, wat Christus verwerp, ook met sy liggaam die ewige dood of helse vuur binne. Ja, dat die verloregaande mense ook liggaamlik opstaan, beteken dat dit tot in ewigheid die teken sal wees van Christus se oorwinning oor die dood. Christus die Koning oor die graf en die dood, se heerlikheid skitter ook daarin.

As belyders van Christus kan ons ons daarin verbly dat nie alleen ons siel by ons sterwe dadelik na Christus in die hemelse heerlikheid gaan nie. Nee, ook ons liggame sal opstaan. Hoe dit sal wees? "Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek." (1 Kor. 15:42-44).

# 10 Oktober: Die boeke is geopen

Ps. 139

". . . *en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."* (Openb. 20:12)

Daar is in ons lewensboek baie dinge opgeskryf wat ons graag verborge wil hou. Aan die ander kant is daar weer allerlei dinge wat ons graag openbaar sou wou hê. Ter wille van jou naam en jou eer wil jy die dinge, wat nie tot jou voordeel strek nie, graag geheim hou. Ander dinge wat jou eer sou bevorder, sou jy weer in die wêreld bekend wou maak. Dit is lekker wanneer 'n mens se naam in die koerant verskyn, behalwe as dit gaan om jou skande of vernedering.

Die boeke is geopen. Daniël sê: "Die gereg het gaan sit en die boeke is geopen." (7:10). Die uitspraak in Openbaring wys terug na wat Daniël gesien het. Dit is asof die Here 'n hofsitting hou en die getuienis teen mekaar opweeg. In die geval verskyn daar egter nie getuies om te verklaar wat hulle van die beskuldigde weet nie. Sy *rekord* word alleen maar nagegaan. Dit is normaalweg nie 'n goeie ding vir 'n aangeklaagde as hy 'n *"misdaadrekord"* het nie. Dit beteken daar was vorige skuldigbevindinge.

In die opsig het ons almal maar 'n "rekord". Sagaria sien in 'n gesig die hoëpriester van sy volk, Josua, voor die troon van God in die hemel staan. En hy het vuil klere aan. Hy dra die getuienis van sy skuld aan sy klere, want die regverdige word in die hemel met wit klere beklee. As ons daarby van hierdie hoëpriester in Sag. 3 onthou dat hy sy volk verteenwoordig, dan skrik ons éérs. Voor God verskyn ons almal met vuil klere of 'n "rekord" van oortredinge.

Die tyd om weg te kruip of jou verlede te verberg, is vir ewig verby. Die Here haal almal uit die grafte en almal staan voor Hom. "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!" As mense dit tog maar altyd in hierdie aardse bestaan weet! "U deurvors my gaan en my lê . . . Want daar is nog geen woord op my tong nie – of U, HERE, U ken dit geheel en al." (Ps. 139). Die geheime dinge word uitgegrawe en uitgestal en jy staan voor God as 't ware met jou binneste na buite gekeer.

Die boeke word geopen . . . Watter boeke? Noem dit maar die boeke van jou eie gewete. Wat jy voor die mense weggesteek het, staan in naakte verskriklikheid voor jou – die verborge sondes. Alle verskonings val weg. Niks beskerm jou meer teen die vuur van jou gewete nie. Moontlik is dit ook die vuur wat jou in die poel van vuur en swawel sal verteer – dag en nag, sonder einde – tot in alle ewigheid.

Die boeke word geopen. Ja, daar is ook die boek van God se alwetendheid. Hy weet en onthou. Dit is só goed asof dit opgeskrywe is in 'n onverganklike boek. Met die boeke geopen kan niemand sê dat hy onregverdig beoordeel word nie. Hy stem dit heelhartig toe. God oordeel in reg en geregtigheid. "En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."

Volgens hulle werke – ja! En die werke omsluit die hele lewe. Dit gaan ook om die gesteldheid van die hart en die begeertes. Ook die wil en die verstand is daarby betrokke. Hier word niks uitgesluit nie. Wat in die boeke geskryf staan, bepaal jou ewige bestemming – die ewige dood of die ewige lewe. Die werke maak ook uit wat ons verhouding met Christus is, want 'n goeie boom dra goeie vrugte en 'n slegte boom slegte vrugte. Aan die vrugte word die boom geken ...

# 11 Oktober: Die boek van die lewe

Rom. 9:6-16

". . . *en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen."* (Openb. 20:12)

Die boeke word geopen – ook die boek van my gewete. En my gewete kla my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en geeneen daarvan gehou het nie – ja, dat ek nog tot alle boosheid geneig is. Maar jy is mos geregverdig deur die geloof en het vrede met God deur Christus Jesus! Maar my geloof – daaragter plaas ek dikwels 'n vraagteken. My geloof is klein en soms wonder ek of ek 'n ware gelowige is. Is ek nie miskien maar 'n huigelaar nie? My gebedslewe laat soveel te wense oor. Ek skrik wanneer ek hoor van mense wat nagte deur kan bid. Ek het soveel moeite met myself. Ek is bang vir die dood en die toekoms. Ek swyg wanneer ek moet praat en ek praat as ek moet swyg. Ek laat só baie geleenthede verbygaan om die getuienis van Jesus Christus uit te dra. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Wie sal gered word? Wie sal kan staande bly voor die heilige God, wanneer die boeke geopen word – ook die boek van sy alwetendheid?

Gelukkig word hier nog 'n ander boek geopen – die boek van die lewe. Wat beteken dit? Dit beteken dieselfde as wat Paulus sê in 2 Tim. 2:19: "Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is." En in Openb. 7:3 hoor ek: "Moenie die aarde of die see of die bome beskadig, voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Ook in 13:8, wanneer die hele wêreld agter die dier aanloop en hom aanbid, staan daar: "En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die *grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie."*

Moet liewer nie spot of kwaad word wanneer u hoor van hierdie boek nie. Moet God nie beskuldig van onreg of, belyders van die uitverkiesing belaster as eiegeregtige mense nie. God is juis barmhartig. Daarom het Hy só 'n boek, wat al in die ewigheid, voor die grondlegging van die wêreld geskrywe is. En die mense wat waarlik daaraan vashou en dit as hulle enigste anker beskou, is die kleinstes van die kleintjies voor God. Hulle het niks in hulleself om aan te bied, wanneer hulle voor hulle eie gewete en die wil van die heilige God staan nie. Dat huigelaars en goddelose mense die leer van die uitverkiesing tot hulle eie verderf verdraai, maak geen verskil daaraan nie. Ek weet dat ek in myself niks – letterlik niks – het om by te dra nie. My geloof? As dit uit myself sou wees, sou ek dit nimmer gehad het of behou nie. Miskien sou ek dan nog vir die skyn aanhou, maar ek weet verseker dat ek dan verlore sou wees. Dan sou dit in elk geval geen ware geloof wees nie.

Sonder hierdie boek van die lewe, sou ek beslis na die hel verwys word. As u dink dat u beter as ek is, het u alle rede om onrustig te wees. "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? *Of wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word?* Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." (Rom. 11:33-36).

Vir u was die roepstem: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word!" En u was gehoorsaam en het geglo. Kyk nou terug en bely: Dit is nie uit myself nie, dit is die gawe van God." (Ef. 2:8). Sonder dat u en my naam in die boek van die lewe verskyn, is ons verlore. Maar elkeen wat waarlik glo, kan juig en bly wees, want die goeie, uitverkore boom dra goeie vrugte.

# 12 Oktober: Volgens hulle werke

Matt. 25:31-46

*"En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke"* (Openb. 20:12)

Ons het gister só afgesluit: Maar elkeen wat waarlik glo, kan juig en bly wees, want die goeie, uitverkore boom dra goeie vrugte. Daarom kan hier staan – onheilspellend en tog ook genadig:" En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." Die Here kán en dúrf die boeke oopmaak en Hy kán op grond daarvan sy verdeling maak. Hy kan kyk na die werke – die dade, die hele lewe, die vrugte van die bome.

In Matt. 25 vertel die Here Jesus by wyse van 'n gelykenis van sy wederkoms. Dan skei Hy die skape en bokke van mekaar. En dan hoor die skape: "Kom julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee. . ."

Daarteenoor sê Hy aan die bokke: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie . . . ens." Hier baseer die Here Jesus sy oordeel baie duidelik op die werke. Hy kyk na wat mense gedoen het en oordeel daarvolgens.

By die eindoordeel kom egter ook 'n baie groot misverstand van mense aan die lig. Daar is mense wat hulle werke goed ken en dit met groot gebaar uitstal en baie goed elke daad van barmhartigheid onthou. Hulle sal selfs sê: "Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?" Hulle kan skouspelagtige dinge aanwys en selfs roem op besondere gawes. Hulle profeteer en dryf duiwels uit en doen groot kragte soos genesingswonders en die spreke in tale ens. . . En tog sê die Here: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"(Matt. 7:22, 23).

Daarteenoor vra die skape in die voorafgaande gelykenis.' "Here, wanneer het ons U honger gesien, en gevoed; of dors en te drinke gegee . . .?" Ja, die mense onthou nie eens hulle "werke" nie. 'n Goeie boom vra homself nie af of hy goeie vrugte dra nie. Hy tel ook nie sy vrugte nie. Hy kan net nie anders nie. Hy dra goeie vrugte omdat dit sy aard is. Só is dit met die ware gelowige. Hy leef maar elke dag uit die wortel van die wedergeboorte. En, hoe gebrekkig ook al, sy hart en hand gaan uit na sy Here in die hemel en na sy medemens wat op sy pad kom. En daarby leef daar in sy hart die verwyt – ek het tog so weinig gedoen op aarde om die eer van my Here te soek. En ek het sóvér tekort geskied in werke van liefde en selfverloëning en offers vir God en my medemens. Sy gewete kla hom elke dag aan.

Op die dag wanneer die boeke geopen word, kom die groot verrassing na sy twee kante, aan die lig. Mense wat ons in die heerlikheid verwag sal daar nie wees nie. Hulle was miskien oorvloedig in 'n skyn van goeie werke, maar dit het nie gekom uit die wortel nie. Hulle het maar al die tyd hulleself gesoek. Andere van wie smalend gesê word dat hulle koud en afsydig en klein en veragtelik is – wie ken die hart behalwe die Here – sal skitter in die ewige heerlikheid. Die geknakte riet en die dowwe lamppit sal daar wees, terwyl "sterk seders" en "helder ligte" in die buitenste duisternis vergaan.

God, die Kenner van harte, ken ook ons werke.

# 13 Oktober: Die tweede dood

Openb. 14:6-13

*"En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood."* (Openb. 20:14)

Hoe het die dood in die wêreld gekom? Die antwoord hierop vind ons aan die begin van die openbaringsgeskiedenis – in die Paradys. En die Here het aan die mens bevel gegee en gesê: ". . . van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." (Gen. 1:17). En toe die mens verlei word tot ongehoorsaamheid, kom die sterflikheid in die wêreld. Geestelik was hy dadelik in die toestand van dood in sonde en misdade (Ef. 2:5), en liggaamlik was hy besig om te sterwe. Sy lewe was 'n gestadige dood. Ons lees allereers van Abel, wat gewelddadig deur sy broer Kain gedood word. Later het ook Adam en Eva gesterf en sedertdien loop alle mense se aardse lewe uit op die dood.

Toe vuur van God uit die hemel neerdaal op die menigtes van Gog en Magog, kom die laaste massagraf. Saam met die gebeure moet ons ook die opstanding uit die dode sien. Die oorblywende mense word in 'n oogwink verander en die sterflike beklee met onsterflikheid. Aangesien ook die verloregaandes liggaamlik opstaan, moet ons verwag dat ook hulle wat nog lewe onsterflik word om na liggaam en siel voor die troon van God te kan verskyn. Hierdie oorwinning van die dood, is die gevolg van die Here Jesus se opstanding. Wat Hy alreeds bereik het met sy opstanding, toe Hy op die derde dag uit die graf verrys, word nou die deel van alle mense.

Daarop word die dood en die doderyk in die poel van vuur gewerp. Die dood self, soos hy op aarde geheers het, is dan geheel en al tot niet gemaak. Die dood bestaan nie meer nie. Die doderyk of verblyfplek van die dode, kan ons hier verstaan as die graf of plek waar die liggaam bewaar word. Ons kan dit ook omskryf as *die toestand van dood,* wanneer 'n mens liggaamlik nie meer leef nie. Die doderyk het egter ook die betekenis as die plek waar die verloregaande mense se siele bewaar word vir die oordeel. Dan beteken dit dieselfde as die afgrond of onderwêreld, waar die duiwel en sy engele tans hulle verblyf het. In watter betekenis ons *doderyk* hier ook al verstaan, dit is nou heeltemal op 'n end. Daar sal nie meer só 'n toestand of só 'n plek wees nie. Op die nuwe aarde, sal geen begrafnisse gehou word nie en dit sal ook nie meer nodig wees om mense se siele in die onderwêreld te bewaar nie, want die oordeelsdag het gekom. Die siel en liggaam van alle mense sal nooit meer skei nie.

Omdat die dood en die doderyk vyande van God is, wat op aarde deur Christus oorwin moes word, word dit dan só voorgestel dat ook hulle die pad loop van alle vyande van God. Hulle word in die poel van vuur en swawel gewerp. Hulle is eindelik geheel oorwin en hulle bestaan is vir altyd beëindig. Wanneer die nuwe Jerusalem neerdaal uit die hemel, lees ons: "en daar sal geen dood meer wees nie." (Openb. 21:4).

Ons staan altyd maar weer rondom die sterfbed en by die graf. Ons harte is seer en ons trane vloei. Ons self kom ook op ons bestemde tyd daar. Die laaste stryd op aarde is vir ons die sterwenstryd, met alles wat dit kan inhou. Pyn en angs en worsteling met helse aanvegtinge – die meeste van ons ken dit nog nie. Ons kan selfs nog maklik dink en praat oor die dood. Gelukkig weet ons: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe." (14:13). Nog saliger is die vooruitsig wat hier aan ons voorgehou word – die dood en die doderyk bestaan nie meer nie. Die dood het sy Moses teëgekom en self gesterf.

# 14 Oktober: Eerste hemel en aarde verby

Jes. 51:1-16

*"die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan".* (Openb. 21:1)

"Die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan". Maar het die grote God Hom dan misreken en het sy werk misluk? Kom dit nie daarop neer wanneer Hy sy eie handewerk vernietig nie? Die Bybel spreek dit in krasse woorde uit. In Ps. 102:27 sê die digter van die hemel en die aarde: "Hulle sal vergaan, maar U sal bly." Jesaja sê: ". . . want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos 'n kleed verslyt." (51:7). En die Here Jesus verklaar: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie". (Matt. 24:35). "Maar die dag van die Here kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal verbrand en vergaan . . ." (2 Petr. 3:10).

Dink aan die uitspraak van 'n Bybelkenner: "Die Bybel is verruklik eensydig. Wanneer hy 'n saak wil beklemtoon doen hy dit absoluut. Ons moet dan net onthou dat ons sulke uitsprake saam met ander i.v.m. dieselfde saak moet lees." Ook in die geval is dit só. Dink daaraan dat van ons eie wedergeboorte gesê word dat ons in onsself moet sterwe om op te staan in 'n nuwe lewe. In werklikheid bly die wedergebore mens dieselfde persoon, maar hy is tog ook 'n nuwe mens. Só is dit ook met die hemel en die aarde. Dat die wêreld vergaan, beteken nie dat dit vernietig word nie. Die oue en verganklike en vervloekte is verby. God maak dieselfde hemel en dieselfde aarde nuut. "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." (Rom. 8:19-22).

Wanneer die Here Jesus dink aan die eindoordeel, praat Hyself daarvan as die *wedergeboorte:* "Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die *wedergeboorte* wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme sal oordeel." (Matt. 19:28). Nee, die Here laat nie die werk van sy hande vaar nie. Dit is nie die ou skeppingswerk as *sodanig* wat verbygaan nie, maar daar vind alleen 'n loutering plaas. Die skepping gaan deur die vuur heen om vernuut as die nuwe hemel en die nuwe aarde te voorskyn te kom. "En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid." (1 Joh. 2:17).

Of die atoomsplitsing, en wat daarmee in verband staan, in die wêreldbrand mede-werksaam sal wees, kan nie met sekerheid gesê word nie. Één ding is egter wél in die ontketening van kernkrag geopenbaar: dat daar in die skepping self verborge kragte gelê is, wat selfs in staat is om die hele skepping te omskep in 'n verterende vuur. Al sou die mens dan ook daartoe meehelp of as instrument dien, dan bly dit egter nog steeds God wat ingryp en 'n einde maak aan die hemel en aarde soos ons dit ken. 'n Onverantwoordelike mens mag moontlik êrens op aarde 'n knoppie druk en 'n kernoorlog aan die gang sit, met al sy ontsettende en onvoorspelbare gevolge, maar dan is dit in werklikheid God wat toelaat dat die knoppie gedruk word. Só gaan sy raad in vervulling.

Ook hierdie ontwikkelinge op wetenskaplike terrein is tekens wat roep: "Waak, want julle weet nie in watter uur julle Here kom nie!"

# 15 Oktober: Die nuwe hemel en die nuwe aarde

Ps. 19

*"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien."* (Openb. 21:1)

*Soos* die *ou mens sterwe en 'n nuwe mens opstaan 'm die wedergeboorte* van 'n mens, só sien Johannes ook nou 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, ná die *wedergeboorte* van die skepping. Nog is dit die hemel en die aarde wat ons ken, maar dit lyk tog onherkenbaar anders. Dit is nie meer aan die nietigheid onderworpe nie en dit is vrygemaak van die slawerny van die verganklikheid en dit deel in die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. (Rom. 8:19 v.v.) "Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." (Rom. 8:22). *Barensnood* is die beeld van groot en bittere lyding. Dit hou egter ook die belofte van 'n nuwe lewe in. Só sou Paulus dit ook in Rom. 8 bedoel het.

Die vervulling het ook vir die hemel en die aarde gekom. Hulle het nie tevergeefs gewag en uitgesien in hulle barensnood nie. Die nuwe hemel en die nuwe aarde sien Johannes nou. Dat die hemel en die aarde weggevlug het en daar *geen* plek vir hulle gevind is, toe God op sy groot wit troon verskyn, beteken nie dat ook die boustof of materie van die hemel en aarde verdwyn het nie. God roep nie die nuwe hemel en aarde uit niks te voorskyn, soos Hy in die oorspronklike skepping in Gen. 1 gedoen het nie. Hier is slegs sprake van vormverandering en van nuwe verhoudinge. Daarna verwys Petrus in Hand. 3:21: "Hom wat die hemel moet ontvang tot op *die tye van die wederoprigting van alle dinge.*"

Die gedaante van die hemel en die aarde, hulle voorkoms en onderlinge verhoudinge is anders en nuut en heerlik. As 'n mens maar daaraan dink hoe ons ons in die skoonheid van die natuur kan verbly en verkwik, dan is dit vir ons onvoorstelbaar hoe dit daar sal uitsien, wanneer alles nuut is. Die hemel wat vertel van die eer van God en die uitspansel wat sy werke openbaar, sal dit dan nie gebroke of versluierd doen nie, maar in volmaaktheid. In ons tyd, waarin ons as mense se verstand en insig en skoonheidsgevoel nog onvolmaak en verduister is vanweë die sonde, kan selfs die mens wat die allerhelderste in die geloof sien, nog maar stamel van wat hy deur 'n spieël in 'n raaisel aanskou. En daarby sien die grootste deel van die mensdom al die heerlikhede van die skepping, soos hy vandag daar uitsien, en herken daarin niks van die heerlikheid van die Skepper nie.

Op die nuwe aarde sal so iets nie meer moontlik wees nie. Die mense wat die heerlikheid mag belewe, sal nooit ophou om die Here te loof, ook vir sy werke in die natuur nie. Die nuwe hemel en die nuwe aarde sal onbelemmerd die volle heerlikheid van die Skepper uitstraal. En die ononderbroke woordelose lofsang van die hemel en aarde sal voortduur tot in alle ewigheid. Dan eers sal ons verstaan en waarlik waardeer wat die uitspraak van Ps. 19 werklik inhou: "Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die één nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem . . ." (Ps. 19).

Ons ou aarde met sy woestyne en stormseë en aardbewings en orkane en haelstorms is dan iets van die verlede. Ook die peste en plae en dorings en distels is verby. Alles wat herinner aan die vloek van die sonde en die bande van die verganklikheid, is vir ewig weg.

Dan gaan ook in vervulling wat die Here Jesus gesê het: "Salig is die sagmoediges want hulle sal die aarde beërwe." (Mat. 5:5). Daarom is die verwagting vir ons van soveel betekenis. Die gelowige wat elke dag uit die hand van sy hemelse Vader lewe – nou alreeds – het altyd rede om Hom te dank. Hy gun ons die aardse bestaan, maar Hy berei vir sy kinders 'n veel ryker erfenis voor: 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. Laat ons dan nou al ons verbly in ons aardse bestaan en nou en hier ons roeping, as geroepenes van die Vader, in alle getrouheid vervul.

# 16 Oktober: Hoe sien die Ou Testament die nuwe aarde?

Jes. 66:15-24

*"En ek het...*'« *nuwe aarde gesien."* (Openb. 21:1)

*"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My aangesig sal bestaan, spreek die HERE, só sal julle nageslag en julle naam bestendig wees."* (Jes. 66:22)

Hierdie profesie van Jesaja kom baie duidelik ooreen met die wat in Openb. 20 en 21 beskrywe word. Jesaja eindig met sy profesieë ook op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. 'n Paar grepe toon verdere ooreenkomste: "Want met vuur en met sy swaard sal die HERE strafgerig hou oor alle vlees." (Vers 16). "En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die vér kuslande wat my tyding nie gehoor het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig." (Vers 19). Só sien Jesaja die verkondiging van die evangelie aan alle volke – tot in die verste lande. Dit klink Nuwe-Testamenties, as 'n mens dit só lees.

"En hulle sal *julle broers* bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE, op perde en op waens en in draagstoele en op muilesels en op kamele na my heilige berg, na Jerusalem, sê die HERE, net soos die kinders van Israel die spysoffer in 'n rein voorwerp bring na die huis van die HERE. En ook sal Ek uit hulle priesters en Leviete neem, spreek die HERE." Boodskappers gaan uit oor die hele aarde en bring die broers van Israel na Jerusalem. Uit hierdie menigte uit die nasies word selfs priesters en Leviete aangestel – só is hulle één met Israel. Soos Paulus skryf aan voormalige heidene, wat tot die geloof in Christus gekom het: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar mede-burgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook *saam opgebou* is tot 'n woning van God in die Gees." (Ef. 2:19-22).

Dan praat die HERE in Jes. 66:22, van die nuwe hemel en nuwe aarde en dat die nageslag van Israel bestendig sal wees. En luister dan verder: "En elke maand op die nuwe maan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE. En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het: want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees." En dan sak die gordyn oor die profesieë van Jesaja.

En ons weet dat hierdie profesieë in verskillende stadia vervul is. En waar Jesaja en die ander profete in hulle profetiese vergesigte speur tot in die ewigheid van die nuwe hemel en die nuwe aarde, teken hulle dit nog altyd in aardse beelde. Die nasies kom na Jerusalem – terwyl die Nuwe Testament Jerusalem na die nasies laat gaan. Sy is immers die toebereide bruid van Christus – die gemeente uit alle volke en tale en stamme en nasies. Uiteindelik kom almal uit Israel en uit die ander nasies egter op die nuwe aarde woon en die profete teken die heerlike *vrederyk* op die nuwe aarde in beelde uit die huidige aardse lewe geneem.

Ons hoef hierdie beelde ook nie te vergeestelik nie. By die Ou Testamentiese profesie is geen twyfel moontlik dat hulle die saligheid as 'n aardse (saligheid) beskryf nie. Hulle verwag dat die volk van God na die groot dag van die oordeel in veiligheid en vrede in Palestina sal woon en deur die heidense nasies omring en gedien sal word . . . Dit laat ook die Nuwe Testamentiese verwagting tot sy reg kom. Ons sal in die ewige heerlikheid op hierdie aarde woon, wat alleen maar weergebore of vernuut is.

# 17 Oktober: Die Nuwe Jerusalem

Jes. 40:1-11

*"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos* 'n *bruid wat vir haar man versier is."* (Openb. 21:2)

Johannes sien 'n stad wat besig is om uit die hemel neer te daal, maar hy noem dit terselfdertyd 'n bruid. In vers 9 sê 'n engel vir hom: "Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam." En dan sien hy nie 'n vrou nie, maar die heilige Jerusalem van God uit die hemel neerdaal. Wat is hierdie nuwe Jerusalem?

Ons het hier te doen met die gemeente van die Here. "O Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie!" (Jes. 40:9). Só vereenselwig Jesaja alreeds die volk van die HERE met Jerusalem. Maar veral hier is dit duidelik dat ons nie te doen het met die woonplek van die gemeente nie, maar met die gemeente self. Die nuwe Jerusalem en die bruid van Christus is maar dieselfde. Jerusalem is wel die verdrukte en vertrapte "geliefde stad" waarteen Gog en Magog opruk, maar is uiteindelik die volmaak verheerlikte bruid van die Lam.

Daarom is die stad nie bloot Jerusalem nie, maar die *nuwe* Jerusalem. In die eertydse Jerusalem, die hoofstad van die land Kanaän, het God onder sy volk in sy heilige tempel gewoon. Vanuit Jerusalem oefen Hy gemeenskap met sy volk en Hy seën hulle en regeer oor hulle. Die stad was egter 'n stad van klip en stene. Dit is waar dat God onder sy volk gewoon het, maar Hy het nie *in* hulle gewoon nie. God se heerlikheid het ook nie die hele stad vervul nie, maar alleen die tempel. Die ou Jerusalem was derhalwe alleen 'n tipe of voorbeeld van die nuwe Jerusalem.

In die Nuwe Testament verdwyn die ou Jerusalem in die vorm uit die openbaringsgeskiedenis. Toe Christus aan die kruis sterwe, skeur die voorhangsel in die tempel aan twee. En dan is Jerusalem nie bloot die ou stad wat herbou sou word nie, maar is die verwerkliking van wat die ou stad afgebeeld het. Dit is die vervulling van die profesieë en die verwerkliking van die hoop van die heiliges in die Ou Testament. Dit word in beginsel vervul in die gemeente van die nuwe bedeling na Pinkster. Dit verskil van die ou Jerusalem daarin dat dit nie meer 'n stad van klip en stene is nie, maar die gelowiges self word die woonplek van God deur die Heilige Gees. Nou woon God nie bloot tussen sy mense nie, maar Hy woon in hulle. "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3:16). Die Here woon in hulle en seën hulle en regeer oor hulle van binne.

Maar selfs nou is die stad nog nie waarlik *nuut* nie. Die gemeente is nog onvolmaak. Die allerheiligste se beste werke is nog vol sonde en gebreke. Die Heilige Gees word nog bedroef.

Johannes sien die stad neerdaal uit die hemel. Hoewel die nuwe Jerusalem in die Nuwe Testamentiese gemeente, sy gestalte op die aarde het, is sy oorsprong in die hemel. Die Here Jesus bou sy stad vanuit die hemel deur sy Woord en Gees. Op Pinkster is die Heilige Gees uitgestort op die aarde en werk deur die evangelie van Jesus Christus aan die heerlike nuwe Jerusalem.

Eindelik sal hierdie selfde stad in die ewige heerlikheid op die nuwe aarde die volmaakte woning van God wees. Dan woon Hy tot in ewigheid by die mense – sy stad of die bruid van Christus. Dan is die tyd verby dat 'n mens – ook u en ek wat glo in Jesus Christus – moet uitroep: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!" (Luk. 5:8).

# 18 Oktober: Die Tabernakel van God

Ex. 40:31-38

*"En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is bv die mense, en Hy sal by hulle woon . . .*" (Openb. 21:3)

Johannes het die nuwe hemel en die nuwe aarde gesien. Dit is 'n mooi hemel en aarde, wat onverduisterd die heerlikheid van die Skepper uitstraal. Die gevaar bestaan dat 'n mens, wanneer jy dink aan die toekomstige heerlikheid, in die eerste plek aan al die mooi dinge sal dink. Hoe aangenaam sal dit wees om op die nuwe aarde te woon en die natuur rondom jou en die hemelruim bo jou te bekyk! Alles is sonder gebrek en volmaak – in volle harmonie. Só dink ons ook, wanneer ons aan die hemel dink, gewoonlik in die eerste plek aan ons dierbares wat ons vooruitgegaan het, wat ons weer sal sien.

Vanselfsprekend sal die dinge 'n deel van die ewige saligheid wees. Dit sal egter nie die hoofsaak wees nie. Vir ons is die hoofsaak die nuwe Jerusalem met die woning of tabernakel van God daar binne-in. In die ou Jerusalem was daar 'n tempel, waarin die verbondsark was. Daar het die Here in sy heerlikheid by sy volk gewoon. Vroeër, toe daar nog geen tempel van klip en stene gebou was nie, was die verbondsark in die tabernakel of tent van samekoms.

Nou hoor Johannes hier 'n groot stem uit die hemel wat sê: "Kyk, die *tabernakel* van God is by die mense, en Hy sal by hulle *woon."* Só sluit die ewige heerlikheid aan by wat op aarde afgebeeld is in die sigbare tempel of tabernakel – die woning van God onder sy volk. Die verskil is net dat die stad en tempel of tabernakel nou nie meer dooie klip of steen of seildoek is nie, maar lewende mense. Die nuwe Jerusalem is die nuwe mense, wat na liggaam en siel die volmaakte heerlikheid beërwe. Hulle is nie alleen toeberei om die bruid van die Lam te wees nie, maar is ook die woning van God. Dit gee die digste nabyheid, die volste gemeenskap en die innigste omgang tussen God en sy volk te kenne. Groter en heerliker en ryker kan dit nimmer wees nie.

Dat die Here by sy volk woon, beteken dat Hy vir altyd by hulle sal bly. Hy vertrek nimmermeer, of Hy trek Hom nooit terug van hierdie saamwoon nie. Op die nuwe aarde sal niemand ooit nodig hê om te roep: waarom verberg U U aangesig vir my? nie. Almal sal altyd ten volle bewus wees van die nabyheid en heerlikheid van God. Alles wat vroeër skeiding tussen ons en onse Here gemaak het, is nou ten volle verwyder. Op die nuwe aarde sal elke gesaligde die volle omgang met God elke dag ondervind.

Die koningin van Skeba het gehoor van die wysheid van koning Salomo. Sy reis toe na Jerusalem om met hom te gaan kennis maak. Daarop het sy opgemerk: "kyk, die helfte van u buitengewone wysheid is my nie meegedeel nie." (2 Kron. 9:6). Dit sal ook elkeen se ervaring wees wat die nuwe aarde betree. Hier word aan ons in aardse beelde vertel en voorgestel die dinge wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie.

Ons wat gelowig na die Here kom, of wat as verbondskinders van kleins af grootgemaak is in sy vrese en die Here van harte ken, weet ook van alles wat ons wil aftrek van sy diens en ons die geloof wil ontneem. Soms lyk die Here en sy goedheid vir ons vér en onwerklik. Dikwels is ons geloof klein en kyk ons teen die wolke vas en ons gebede kaats terug vanaf ons kamermure. Is dit waar? Glo ek werklik of jaag ek skimme na? En tog word ons nie losgelaat nie en hou vas, hoewel ons nie sien nie. Ons hou aan, hoewel ons swak is. Ja, gelukkig hou die Here ons vas in die donker ondanks onsself, totdat ons voete eenmaal in Sion staan. Dan sal ons vir altyd in die volle bewussyn sien en ondervind bo wat ons nou ooit kon dink of verwag.

# 19 Oktober: Alle trane afgevee

Matt. 5:1-12

*"En God sal al die trane van hulle oë afvee."* (Openb. 21:4)

"Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word!" Wat die Here Jesus hier sê, is al op aarde in 'n baie groot mate waar. Ons ken en ondervind die waarheid van die uitspraak van die HERE in Jes. 40:1: "Troos, troos my volk, sê julle God!" Ons enigste troos is immers dat ons in lewe en in sterwe nie aan onsself behoort nie, maar aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus, wat met sy dierbare bloed vir al ons sondes betaal het. Hy het ons ook vrygekoop van die mag van die Bose en die dood vir ons oorwin. En is dit nie die oorsake van al ons trane nie? Die dood, die duiwel en ons eie sonde laat ons oë dikwels swem in trane, omdat ons harte baie seer is.

Soos die mensdom langs die pad van die wêreldgeskiedenis voortbeweeg, lê daar grafte – ononderbroke. En grafte beteken trane, want die dood bring trane. Trane kom voort uit die smart van ons harte. En tog is trane ook soms weldadig – 'n uitlaatklep vir die opgekropte pyn in jou binneste. Elkeen wat al by die graf van 'n man of 'n vrou of 'n kind of 'n vader of 'n moeder gestaan het, het al in die gemis en verlange en pyn en eensaamheid verligting gevind in die trane wat vryelik kon vloei. By die opstanding van die Here Jesus uit die dood, kon die engele en die Here self vir Maria Magdalena sê: "Vrou, waarom ween jy?" Sy het toe geen rede gehad om te ween nie, want haar Here was nie meer in die graf nie – Hy het opgestaan uit die dood.

En ons? Ag, ons weet goed dat ons nie moet ween nie, wanneer ons gelowig sien op die opstanding van Jesus Christus. Gelukkig sê die apostel darem nie dat ons nie mag treur nie. Hy sê wél dat ons nie hoef te treur soos hulle wat geen hoop het nie. Ons kan en mag treur, maar ons moet *gelowig* treur, want ons Here het die dood oorwin. En in sy opstanding deel elkeen wat in Hom glo: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo sal lewe, al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." (Joh. 11:25, 26).

Ons kan treur en ons mag treur, maar ons moet gelowig treur. Dit het koning Dawid ook gedoen. Hy was toe waarskynlik al 'n redelike ou man. Ons lees daarvan in Ps. 131:2: "Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my." Dawid, die groot man en die waardige koning van Israel, skroom nie om te vertel van sy droefheid toe hy onbedaard moes gehuil het nie. Hy skroom ook nie dat hy soos 'n kleutertjie sy smart of angs of berou uitgesnik het nie. En nog meer – hy dink aan homself soos die kleutertjie wat huilend die handjies uitsteek na sy moeder en opgetel word en aan haar hart vasgedruk word en die liefdevolle vertroude stem fluisterend in sy oor hoor: Toemaar my kindjie. Stil nou maar. Dit is nou alles verby.

Al verskil is dat Dawid se "moeder" sy getroue Verbondsgod was. "Wag op die HERE . . ." sluit hy sy lied van smart en berusting af. Daarom, ween soos 'n kind. Vlug na die Here soos 'n kind na sy moeder. En word stil aan die hart van u hemelse Vader, soos die kleuter stil word aan die hart van sy moeder. Dan treur u gelowig en vind gelowig berusting. "Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word."

Maar selfs dit is nog maar in beginsel. Die troos is eg en waar, maar dit is nog nie ten volle nie. Tot aan die einde van ons aardse bestaan bly die trane. En in die dae van die dier uit die afgrond en die leërmagte van die Gog en Magog; wanneer die gemeente van die Lam verdrukking en nood en smarte sal ken wat ons nie kan beskryf nie, sal baie trane op die aarde val. Daarom is dit die eerste wat God aan ons doen op die nuwe aarde: "God sal al die trane van hulle oë afvee."

# 20 Oktober: Trane oor onsself

2Kor. 7:1-11

*"En God sal al die trane van hulle oë afvee.'"* (Openb. 21:4)

*"Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot verlossing, maar die droefheid van die wêreld werk die dood."* (2 Kor. 7:10)

Ons is nog nie op die nuwe aarde nie. Ons leef en werk en stry en treur nog op hierdie aardse jammerdal. Daarom staan ons nog 'n bietjie stil by ons trane. Ons het naamlik ook te doen met sonde-droefheid. Ons eie sonde is ook vir onsself 'n groot oorsaak tot trane. I die verband onderskei Paulus egter in 2 Kor. 7:10 'n tweërlei soort droefheid. En dan kan ek maar by voorbaat sê dat, by één van die twee soorte droefheid, God die trane nie sal afvee nie. Daarom moet 'n mens goed met jouself en die Here uitmaak, waarom jy bedroef is.

Wanneer 'n mens sonde doen, gaan jy gewis een of ander tyd huil daaroor. Elke mens sal dit vroeër of later ondervind, al is hy so hard soos 'n klip. Dit is só omdat sonde vrugte dra en dit is smartlike vrugte. Dink maar daaraan hoe die sonde van huwelikstwiste en egskeidings bose vrugte dra in die lewe van duisende der duisende kinders. 'n Mens sondig nooit goedkoop nie. Dit boemerang op jouself. Dit kom terug na die dader en lê jou voor en keer jou vas en laat jou huil. En altyd is die trane te laat. Gedane sake het geen keer. Wat jy met jou sonde stukkend geslaan het, kan jy nie weer heelmaak nie. Hoe kan 'n mens jou eie of iemand anders se innerlike regmaak? Dit kan jy nie doen nie! Jy kan maar net by die skerwe van 'n verbroude lewe staan en huil.

Só is dit met alle droefheid – ook die droefheid van die wêreld. Harde, goddelose, sluwe wêreldmense ken die trane. Selfs Judas Iskariot het gehuil toe hy die gevolge van sy verraad sien. En soos Judas het baie, baie mense hulleself maar in hulle wanhopige droefheid om die lewe gaan bring. Maar hoe kan ons die droefheid van die wêreld, wat die dood werk, tipeer? Dit is die soort droefheid wat spyt is omdat die sondaar skade en skande verduur as gevolg van sy sonde. Indien die gevolge sou uitbly, sou hulle nooit weer aan die sonde gedink het nie. Hulle sou vrolik voortlewe sonder dat die stem van hulle gewete hulle tot droefheid en berou bring, maar wanneer dit hulle vaskeer, huil hulle. Dit bring hulle egter nog nie daartoe om te erken dat hulle teen die Here gesondig het en dat sy eer daarmee gemoeid is nie. Dit bring veeleer bitterheid of wanhoop en verharding.

En die droefheid volgens die wil van God? Koning Dawid sit op die dak van sy paleis en sien 'n mooi vrou bad in 'n naburige binneplaas. Hy laat haar haal. Daarna probeer hy sy sonde op allerlei slinkse maniere bedek hou. Uiteindelik laat hy selfs haar man vermoor en neem haar in sy huis as sy vrou. 'n Kind word gebore en nog lees ons niks van droefheid oor die sonde nie. Uiteindelik staan die profeet Natan voor hom en wys die vinger op hom in die Naam van God: "TJ is die man!" En dan laat Dawid nie ook die profeet vermoor nie. Nee, dan buig hy voor God en bely: "Ek het gesondig teen die Here". Daarna lees ons van sy droefheid – 'n droefheid volgens die wil van God in Ps. 51: "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë. Skep vir my 'n rein hart, o God. Verwerp my nie van u aangesig nie."

Dit is die droefheid volgens die wil van God. Dit is die droefheid dat ek die Naam van my Here onteer het. Dan vlug ek nie weg van Hom af nie, maar vlug met my sondenood na Hom toe en bely dit van harte. En ek pleit om vergewing en ek bid dat die Here my tog moet bewaar, want ek is só swak en die duiwel is só magtig en my eie begeertes dryf soos 'n vuur in my binneste. O, en dit werk 'n onberoulike bekering tot verlossing. En só 'n mens sal op die nuwe aarde ondervind dat al die trane van sy oë afgevee word – deur God self. Vir altyd is alle sondedroefheid op 'n end.

# 21 Oktober: "Ek maak alles nuut"

Jes. 64:17-25

*"En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het vir my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar."* (Openb. 21:5)

Die Here God, wat op sy troon sit, vind dit nodig om nou 'n verklaring te doen. Hy verklaar: "kyk, Ek maak alles nuut." Wanneer daar bygevoeg word: "En Hy het vir my gesê", is waarskynlik 'n engel aan die woord. Dit is asof die engel aan Johannes wil tuisbring dat hy reg gehoor het. Dit is inderdaad wat God gesê het en hy moet dit opskryf, want die woorde is waaragtig en betroubaar. Hoe kan dit ook anders? Dit is woorde uit die mond van God self.

"Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër . . . want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan." (Ps. 33:6, 9). Só het Hy aan die begin alles gemaak deur sy skeppingswoord. Só sal dit ook by die herskepping wees. Hy doen dit deur sy Woord. Hy sal net spreek, en dit is; Hy sal gebied en dit staan. By alles wat ons nou alreeds belewe en sien van die hemel en die aarde, van al sy werke – groot en klein – is dit tog duidelik dat ons met 'n almagtige Skepper te doen het. "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid." (Rom. 1:20).

Daarom hoef ons ons nie daaroor te kwel hoe die Here 'n mens, wat tot stof vergaan het, weer lewend kan maak nie. Hy maak nie alleen dooie mense lewendig nie, maar Hy maak alles nuut. Die nuwe aarde is waarlik nuut – sonder woestyne en gevare en plae en siektekieme en die dood. Letterlik alles wat verganklik is, is verby. Alles is nuut. En die hemel sal skitter met nuwe glans.

Die woorde van die Here moet Johannes opskryf. Dit moet bewaar word vir die kerk en komende geslagte. Veral aan die eindtyd, wanneer die mens wetenskaplik en tegnies sy wonderdade verrig, maar innerlik áán die tirannie van die Bose uitgelewer is, sal dit nodig wees om hierdie woorde te onthou. Aan die één kant sal ons leef – moontlik nou alreeds – in 'n tyd waarin die mens byna alles kan vermag en God nie meer nodig het nie. Aan die ander kant sal hy nog dieper as vandag wegsink in 'n modderpoel van magtelose onreinheid en wanhoop. En dit maak dat die gemeente van die Here in die wêreld net donkerheid sien en geestelik nie asem kan kry nie. Die doodsluier trek verstikkend toe oor die wêreld.

Daarom: "Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar". Die mens meen dat hy die aarde nuut sal maak deur sy laboratoriums en navorsingsinstitute. Maar hy put die aarde en sy hulpbronne al meer uit en skrik as hy dink aan die bevolkingsaanwas teen 'n steeds sneller tempo. Waar gaan al die monde kos kry? Nee, God alleen kan alles nuut maak – ook die aarde, sodat daar geen honger mense meer sal wees nie. En ook die mens na sy innerlike, maak Hy nuut sodat haat en agterdog en oorloë verdwyn.

Die woorde van God is waaragtig en betroubaar. Aan die woord van die allerbeste mens kan ons nog twyfel – aan die woorde van God nimmer. Sy woorde is só betroubaar soos Hyself. Dit is 'n anker vir die siel.

Só gaan ons lewe voort in 'n gebroke wêreld. Dit is asof die wêreld wankel in die wortels van sy bestaan. Dit is die wêreld van die mens. "Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van HERE daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras! Die gras verdor, die blom verwelk; *maar die woord van onse God hou stand in ewigheid."* (Jes. 40:7, 8). Die woorde is waaragtig en betroubaar. Hou daaraan vas, wanneer die nag kom!

# 22 Oktober: Die fontein van die water van die lewe

Joh. 7:37-43

*"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."* (Openb. 21:6)

Die Here gaan voort om direk met Johannes te praat. "Dit is verby!" Die woordjie in Grieks sou ek liewer hier só wou vertaal: "Dit is voltooi!", want daar staan eintlik: "Dit het geword!" Hy maak alles nuut en dit alles het nou klaar gebeur. Alles is nou klaar nuut. En dan sê Hy verder, wat ons aan die begin in hoofstuk 1:8 alreeds gehoor het: "Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde." Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Dit is nou ten volle geopenbaar – noudat Hy alles nuut gemaak het. Hy is die bron of oorsprong van alles en Hy is die doel van alles. En alle geskape dinge toon nou duidelik wat hulle oorsprong is en waartoe hulle gemaak is. Die magtige lied van die hele skepping sing nou sy volle lof en heerlikheid. Alles wat voorheen sy heerlikheid verberg het, is nou volkome weggeneem.

"Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet." Hoe kan dit ook anders. Hy is self die fontein van die lewende water? Daar sal geen dorstiges meer op die nuwe aarde wees nie.

Liggaamlike dors is ontsettend. As 'n mens in die woestyn verdwaal, sou jy vir dae en weke sonder voedsel kon uithou, indien jy water sou hê. Het jy egter 'n vrag aan voedsel, sonder water, dan kan jy nie leef nie. Daarom is dit só 'n geliefde beeld in die Bybel – mense wat dors het en beswyk van dors. En dan maak mense die fout om hulle dors te probeer les in gebarste drinkbakke. Hulle jaag lugspieëlinge na en sien dit vir water aan. Hulle probeer om hulle dors na God te les, deur aardse middele. Hulle vind in die najaag van kennis of die beoefening van kuns of in geldmaak hulle bevrediging – en hulle vergeet God. Hulle is soos die mens wat aan drank of dwelms verslaaf is. Hy drink om sy dors weg te neem en hoe meer hy drink, hoe groter is sy dors. Die man wat sy dors na God wil verdrink in geld en goed, kry nooit genoeg nie en sy dors word altyd groter. En eindelik sterf hy brandarm, want sy dors duur voort in die ewigheid. In die gelykenis van Lasarus en die ryk man, het die ryk man in die hel gesmeek om 'n druppel water om sy brandende dors te verlig.

Gelukkig is elkeen wat die uitnodiging van Jesus gehoor en ernstig opgeneem het: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink." Hulle wat gekom het, het die water van die lewe alreeds in hierdie lewe ontvang, verniet – sonder geld en sonder prys. Hulle het ondervind wat Dawid sê: "Vertrou op die HERE en doen wat goed is;... en *verlustig 'ou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."* (Ps. 37:3, 4). Is die Here jou bron van verlustiging, dan is jou begeertes – jou brandende dors – bevredig. Dan het jy niks meer nodig nie. Jy is gelukkig – salig.

Hierdie verlustiging in die Here as die Fontein van die water van die lewe, is die antwoord op al ons dors op aarde. Juis omdat Hy sê: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God" – juis daarom is hulle dors vir ewig gelés. Hulle drink daagliks uit die fontein van die water van die lewe. Hulle innerlike lewe word gevoed en hulle ken die volle vreugde en vrede uit die Here – elke dag. Dit alles ontvang hulle vryelik as 'n gawe van hulle Here.

# 23 Oktober: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe"

Rom. 8:31-39

*"Hy wat oorwin, sal alles beërwe."* (Openb. 21:7)

Hy wat oorwin is die oorwinnaar wat klaar oorwin het en vir altyd oorwinnaar bly. Die stryd is verby en die oorwinningsfees duur voort tot in ewigheid. Hy beërwe alles wat sy Vader aan skatte besit.

'n Oorwinnaar kyk terug op die stryd. Ook hier is dit nodig om terug te kyk na wat dan oorwin is. Ons staan nog in die stryd en ons twyfel soms aan die uitslag. Sal ons as oorwinnaars voor die troon van God staan? Sal ons op die nuwe aarde as oorwinnaars die kroon van die oorwinning ontvang? Is dit ook vrae wat u ontstel? Dit maak 'n mens bang – veral as jy dink wat kan voorlê.

Wanneer Paulus praat van die dinge waaronder ons lewe, vra hy: "Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?" Daar is die lyding van die teenwoordige tyd. Ons het ook te kampe met beskuldiginge van ons gewete en van mense en van die duiwel. Ons word selfs veroordeel. En soms lyk dit asof ons geskei is van die liefde van Christus. Op ons pad is verdrukking en benoudheid en vervolging en honger en naaktheid en gevaar en die swaard van die geweldenaar.

En tog sê Paulus – ja, hy sê dit jubelend: "Maar in al hierdie dinge is ons *meer as oorwinnaars . . .*" Wie kan dit waag om hom dit na te sê? Kom ons kyk nog 'n bietjie na wat Paulus sê: "As God vir ons is, wie kan teen ons wees?" dit beteken: as God vir ons is, wie kan iets teen ons vermag? Alles wat op aarde teen ons is, weeg nie op teen die één ding dat God vir ons is nie. Die bewys dat God vir ons is? "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" En wat is die *alles* wat ons in Christus toevloei? Luister: Wie kan beskuldig? "God is dit wat regverdig maak." Die Satan, jou medemens en jou gewete beskuldig! God verontskuldig jou. Hy verklaar jou onskuldig. Daarom kan niemand jou veroordeel nie. Christus het gesterf en opgestaan en opgevaar en sit aan die regterhand van God en bid vir jou. Daarom kan niemand jou skei van sy liefde nie. In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

Dink jy vir 'n oomblik dat God die offer van sy Seun verniet gebring het? Dink jy dat Hy jou na Hom toe roep en aan jou die geloof gee en jou dan weer los? Hy verspeel nie sy liefde op jou nie. Hy gee dit in alle erns en dit omring jou oral en altyd, ook al struikel jy en al is jou geloof klein en al beskuldig jou gewete jou. Van God se liefde kom jy nie los nie.

Daarom kan die duiwel met sy hordes maar kom. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Van al die mooi dinge wat Totius geskryf het, is vir my een van die allerkosbaarste sy beryming van hierdie lied van Paulus uit Rom. 8. Hy noem dit Paastriomf. Ek haal enkele reëls aan:

> "Wie kan ons voor die Regter daag?
> Gods uitverkore kind verklaag?
> ........................................
> Wie sal ons van die skuldstraf vry,
> van Christus en sy liefde skei?
> Verdrukking of vervolgingsnag?
> Benoudheid wat ons hier nog wag?
> Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
> deur Hom vir wie ons leef en ly.
> Ja 'k weet gewis, geen lewe-of dood,
> geen eng'le mag, bomenslik groot . . .
> niks kan ons van Gods liefde skei
> wat ewig vas in Christus bly."

"Hy wat oorwin, sal alles beërwe . . ."

## 24 Oktober: "My Vader" – "my seun"

1 Joh. 3:1-10

*"...en Ek sal vir Hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."* (Openb. 21:7)

Hy wat oorwin, sal alles beërwe. Wat is ons erfenis? Dit is dat ons tot in alle ewigheid kinders van God is. Kan u uself dit indink? Ons almal is of was verlore seuns en dogters. "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie; daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie." (Rom. 3:10-12).

En tog was die oë van onse Vader, soos die vader van die verlore seun, dag vir dag op die pad. Hy is op die uitkyk en wag op die terugkeer van sy verlore seuns en dogters. Ja, Hy het sy eie lief. "Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). God het sy Seun lief. Tussen Hom en sy Seun bestaan van ewigheid af die liefdesband. Hulle liefde gaan uit tot mekaar. In die verhouding Vader-Seun sien ons die ware Vader-Kind verhouding, waarvan ons verhouding op aarde maar 'n swakke afbeelding is. My aardse vader het my nie volmaak lief nie en ek hom ook nie. Hoe ellendig tog! Dit kan ons nie sê van God die Vader en God die Seun nie – volmaak, ewig, onbegryplik is die liefde.

En in die Seun kom die liefde van die Vader ook tot ons. Hy het die wêreld lief – sien dit maar breed en omvattend. Dit is sy wêreld, sy skepsele, sy kinders wat Hom verlaat het. Hy gee sy wêreld nie prys nie. Sy hart gaan uit tot hulle. Daartoe stuur Hy sy eniggebore Seun. Hy stuur Hom selfs die dood en die hel in, om sy verlore seuns en dogters daaruit te haal. En dan is ons ook weer kinders van God – ons wat glo. Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem, as ons tog ook kinders van God is? Omdat Christus alleen die ewige, natuurlike Seun van God is, terwyl ons om sy ontwil tot kinders van God aangeneem is." (Só verklaar ons kosbare leerboekie, die Heidelbergse Kategismus.)" Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word." (1 Joh. 3:1).

En dan bereik ons gewis die nuwe aarde. God sorg dat sy kinders daar kom. Hy het hulle vrygekoop met die bloed van sy eniggebore Seun en Hy bring hulle op hul bestemming. En dan beleef ons ryk en heerlik dat ons kinders van God is. Ons is wél aangenome kinders, maar geen stiefkinders nie. Hy behandel ons soos Hy sy eniggebore Seun behandel. Sy liefde vir ons, is soos sy liefde vir Hom. In Christus word ons alles toegereken en ons ontvang ook alles. Ons roep nou al deur die Gees – in die geloof – "Abba, Vader!" (Rom. 8:15). Die woordjie "Abba" het die Joodse kind sy vader toegeroep. Vir ons hou dit die aanspreekvorm "pappie" in. Dit kan 'n kind alleen tot sy bloedeie vader sê. Die Here Jesus is die eerste mens wat God só aangespreek het. Daarin het die Jode tereg gesien dat Hy sy verhouding tot God anders sien, as hulle wat hulleself ook beskou het as kinders van God. Dit was vir hulle lasterlik om God só aan te spreek.

Gelukkig sê Paulus in Rom. 8 dit die Here ná. Dit het hy geleer van die Heilige Gees, sê hy. En ons durf dit ook sê. Één ding is egter seker: ons sal dit nie waarlik begryp voordat ons eenmaal op die nuwe aarde, saam met ons Vader in sy tabernakel woon nie. Dan tree ten volle in die lig ons kindskap van God en God se Vaderskap oor ons. "Ek sal vir hom 'n God wees, en Hy sal vir My 'n seun wees."

En ons is nou alreeds só ryk. Ons word nou al omring deur die liefde van onse Vader. Ons leef elke dag uit sy hand. Ons sondes word ons nie toegereken nie. Hoe ryk sal ons dan op die nuwe aarde wees? Onbegryplik heerlik!

# 25 Oktober: Die vreesagtiges

Luk. 22:31-34; 54-62

*"Maar wat die vreesagtiges aangaan . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

Die vreesagtiges gaan hel toe. Maar wie sal dan gered word? Gelukkig kan ek hierop verwys na 'n antwoord van die Here Jesus: "By die mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik." (Mark. 10:27).

Eenmaal het 'n vroutjie, klein en maer en ook klein en beskeie in haarself vir my gevra oor hierdie uitspraak van die Here, oor die vreesagtiges wat hel toe gaan. Ek is só bang vir die teks, want ek is self 'n vreesagtige. Ek dink ook aan die jong man, wat moord gepleeg het en die hoogste tol aan die galg moes betaal. Ons twee sit vir sy laaste halfuur saam in die kamer langsaam die galg. Ek het alreeds vir hom gelees en gebid. Ek ken hom vir die afgelope agt maande. Hy het selfs in die dodesel tot belydenis van die geloof gekom. Die oggend het hy die trappe na die galg singend opgeloop. Sy laaste woorde aan my, toe hy weggeneem is, was: Ek gaan as oorwinnaar. Sê aan my familie dat hulle naby God moet bly. En tog . . . Die versugtende belydenis kom uit sy hart: Ek het partykeer só 'n verskriklike koue vrees in my binneste."

Wie is die vreesagtiges? S. Greijdanus verklaar die teks só: *Die vreesagtiges is hulle wat ter wille van mense, en van te verwagte gevare, die Here en sy diens verloën.* Dan is dit voorwaar 'n uitspraak om voor te skrik. As één gelowige mens sou beweer dat hy nog nooit sy Here verloën het uit mensevrees nie, dan glo ek nie dat hy eerlik is nie. Hier slaan ons almal die oë neer in skaamte. Ons staan gewis skuldig aan vreesagtigheid.

Ons moeilikheid is dat ons op die aarde lewe. Ons het ook te doen – elke dag – met ons doodsvyande. Simon Petrus het verklaar dat hy sy lewe vir die Here sou gee. Hy het dit selfs bewys toe hy in die tuin van Getsémané sy swaard trek en die slaaf van die hoëpriester se kop probeer oopkloof. Hy was bereid om vir die Here te sterwe, toe die geleentheid en omstandighede by sy vegtersinstink gepas het. Later in die paleis van die hoëpriester was hy egter in, vir hom, buitengewone omstandighede. Toe lieg hy drie keer voor slawe en diensmeisies en sweer selfs dat hy sy Here nie ken nie. Die duiwel het hom toe op sy terrein gehad. Die plek en omstandighede is deur die Bose uitgebuit.

Ja, Petrus was beslis skuldig aan growwe vreesagtigheid. Hy het homself oorskat en sy verleier onderskat, ondanks die waarskuwing van die Here. Hy het, soos Greijdanus sê, ter wille van mense en van te verwagte gevare, die Here en sy diens verloën. Daarom is Petrus se geskiedenis vir ons almal bedoel en vir ons almal 'n waarskuwing en 'n troos. Pasop vir jouself en die Bose! En wanneer jy deur vrees tot struikel gebring word en jou Here verloën, onthou Petrus dan ook. Hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween. Maar hy kon van sy Here nie loskom nie. Hy het selfs na sy kruisdood en begrafnis nog vasgehou aan Hom. Toe was sy geloof en moed seker baie, baie min. Dit was 'n donker naweek vir hom.

Hou vas aan die Here in jou vrees, ook wanneer jy Hom uit vrees verloën het. En onthou – wat Simon Petrus toe seker ook moes onthou het – dat die Here saam met sy waarskuwing gesê het: "maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie."

"Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie . . . vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp . . ." (Luk. 12:4, 5). Moenie die mense vrees nie, maar vrees die Here. Dit beteken kinderlike vrees. Dit laat ons nie in koue vrees wegvlug van Hom nie, maar soos 'n kind na sy vader gaan, kom ons ook na ons hemelse Vader – soms met vrees en bewing, omdat ons sondaars is. Ons kan egter nie van Hom af wegbly nie. Ons vlug met ons sonde en al, ja, ook met ons vreesagtigheid na Hom toe. Hy vang ons op en gee ons krag en vertroue, ook wanneer ons bang is vir mense en vir die dood.

# 26 Oktober: Die ongelowiges

Jak. 2:14-26

*"Maar die ongelowiges . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

"Ongelowiges!" Dit is duidelik sou u sê. Sê die Here Jesus dan nie? "Hy wat glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie." (Joh. 3:18). Paulus sê ook aan die tronkbewaarder van Filippi: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." (Hand. 16:31). En ook in Rom. 5:1 en baie ander plekke, word dieselfde waarheid aan ons voorgehou: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus." Ons weet derhalwe baie goed dat 'n ongelowige mens bestem is vir die hel. Dit is 'n uitgemaakte saak. Daarom kan ons nie anders as om ons familie en vriende en bure en vir elkeen wat op ons pad kom, en wat nie glo nie, dringend en met die liefde van ons harte te sê: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." Geen lewende gelowige sien graag 'n medemens hel toe gaan nie. En omdat sovele van ons, wat sê dat ons glo, of selfs maar sommer net stilweg aanneem dat ons gelowiges is, omdat ons gedoop is en uitwendig aan die verbond behoort, juis in die opsig ontrou is, kom hierdie uitspraak vlak voor ons staan. Dit konfronteer ons met Christus en ook met sy oordeel.

Ja, want die Griekse woordjie *ongelowiges* kan ook beteken *ontroues.* En dit is hoogwaarskynlik dat ons dit só behoort te begryp in ons teks. Dan is dit presies in ooreenstemming met wat Jakobus sê: "Net so is die geloof ook, as dit geen werke het nie, in sigself dood." (Jak. 2:17). Ons kan gerus onthou dat geloof 'n lewende geloof is, anders is dit geen geloof nie, maar 'n skyngeloof. Dit is in sigself dood, soos Jakobus sê. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. 'n Ontroue "gelowige", wat in sy ontrou volhard, is geen ware gelowige nie. Hy leef nog onder die oordeel van God.

Dit is my groot kommer oor die kerk van ons tyd. Die gemeentelike lewe het in die algemeen in 'n dooie gewoonte verval. Dit het 'n sleur geword en die meeste lidmate van die kerk word letterlik op sleeptou geneem. Ons weet wél nog wat dit beteken om te organiseer. Ons begryp egter tot 'n groot mate nie meer wat dit beteken om te *reformeer* nie. Reformasie beteken vir die kerk as geheel en vir elke afsonderlike gelowiges niks anders as die Bybelse woord *bekeer* nie. Kom tot jouself, soos die verlore seun! Dink wat jy was en wat jy nou is! Kom tot insig van jou toestand van louheid en breek met die sieldodende sleurgang!

"Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke." (Openb. 2:4, 5). Ja, die ontroues se bestemming is die poel wat brand met vuur en swawel.

Die profeet Daniël was 'n getroue dienskneg van die Here. Hy het nie geskroom om vir die konings van Babel die waarheid in die Naam van die Here te sê nie. Hy het ook aangehou om te bid, selfs toe sy lewe as gevolg daarvan bedreig is. Hy is dan ook in die leeukuil gegooi en die Here het hom tussen die leeus beskerm, omdat hy nie 'n ontroue was nie. Onthou net altyd waar Daniël se geloofstrou begin het. Dit het begin by 'n bord kos. Hy het geweier om van die koning se kos te eet, wat volgens die wet van God onrein was. Nietig né! Wat het dit nou eintlik met geloof te doen? Daar het Daniël sy voet gesit op die pad na die leeukuil. Hy was as kind reeds 'n geloofsheld, omdat hy in die klein dingetjies getrou was. Daarom kon hy ook in die grotegetrou bly. Leer dit van Daniël, anders is u gewis op pad na die hel. Wanneer die groot toets kom, sal u dan nie staande bly nie.

# 27 Oktober: Die gruwelikes

Eseg. 9

*"Maar die gruwelikes . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

Wie is die *gruwelikes?* Hulle is die mense wat hulle deur allerlei sondes tot 'n afsku gemaak het. In 'n gemeenskap wat bestaan uit gruwelikes sal hulle vanselfsprekend nie as gruwelik beskou word nie. In kommunistiese lande word gruwelikes selfs as helde vereer. Dit is juis die grootste nood van die wêreld – 'n nood wat al groter word – dat gruwelikheid vir hulle mooi is. Die wêreld se geldmagnate word ryk uit gruwelikheid en die wêreld se bevolking vermaak hulleself met die gruwelikheid van ander mense – en hulle eie.

Die profeet Esegiël sien in sy tyd in 'n gesig ses manne wat die stadspoort van Jerusalem binnekom, elkeen met sy wapen in sy hand om mee te verbrysel. Hulle gaan 'n slagting aanrig in Jerusalem, die stad van God. Onder hulle was een man met 'n linnekleed aan, met 'n skrywer se inkpot aan sy heupe. Aan die skrywer sê die HERE: "Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem, en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne *wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word.* Maar aan die ander sê Hy voor my ore: Trek agter hom aan deur die stad, en slaan dood; laat julle oog nie verskoon nie, en moet nie spaar nie; slaan dood grysaards en jong dogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en *begin by my heiligdom."* (Eseg. 9:6).

Die Here se oordeel oor die gruwelikes begin by sy heiligdom. Hy begin daar waar hy in besonder geëer en geheilig moet word. In ons taal oorgesit beteken dit: *begin by my gemeente.* Begin by die mense wat Sondag na Sondag in die kerk sit, maar nie sug en steun oor die gruwels wat in die lewe van volk en kerk aan die gang is nie. Begin by die kerke en kerkmense wat hulle identifiseer met die gruwels en gruwelikhede, deur dit te verdra en selfs goed te praat. Begin by die sogenaamde Neo-Marxiste wat hulle nog Christene noem, terwyl hulle hulself identifiseer met die gruwels van die kommunisme.

Begin by die kerke en kerkmense wat hulleself vereenselwig met terroriste en hulle gruwels en moorde op onskuldige mense goedkeur en, agterna, swyg oor die vervolging van Christene in die lande wat hulle sogenaamd bevry het van kolonialisme.

Begin by kerke en kerkmense wat meesing en saampraat met die sogenaamde vryheidsnorme, waarvolgens die godsdiens en die sedes 'n willekeurige spel van menslike drifte en begeertes word; wat alles goedpraat solank aan die menslike goddelose begeertes maar vrye teuels gegee word.

Begin by kerke en kerkmense wat alles verdra en daaraan meedoen, wanneer op die terrein van die kuns en vermaak gruwels uitgebeeld en aangebied word in die naam van die kuns.

Begin by kerke en kerkmense wat tugloos geword het en die wêreld, met sy afgodiese gees en praktyke, die kerk binnehaal, of oogluikend toelaat en verdra.

Begin by die heiligdom wat ontheilig word deur 'n mensewoord, waar mense na die mond gepraat word ter wille van die getalle, en waar hulle weier om die ou suurdeeg uit te suiwer.

Begin daar waar die Woord van God verdraai en verag en ontmitologiseer word, ter wille van die sogenaamde mondige mense wat nie meer kan glo in wonders nie. En helaas, die oordeel begin ook by hulle wat gruwelikhede in koerant en tydskrif en fliek en op die verhoog en in 'n kunswerk geniet en in die hart koester, sonder om te sug en te steun en te waarsku en tot bekering te roep.

Esegiël teken maar die eindoordeel. Die gruwelikes beland in die poel van vuur en swawel.

# 28 Oktober: Die moordenaars

Matt. 5:17-26

*"Maar die . . . moordenaars . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

Wie is die moordenaars of "doodslaners" wie se toekoms die poel van vuur en swawel is? Die Tien Gebooie noem ook die sonde by die naam in die sesde gebod: "Jy mag nie doodslaan nie." En op die vraag wat doodslag nou eintlik is, antwoord die Heidelbergse Kategismus soos volg: "Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander, mag onteer, haat, wond of doodmaak nie; maar dat ek alle wraakgierigheid moet aflê; ook myself nie mag wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie; daarom dra die owerheid die swaard om die doodslag te weer."

Só gesien is daar weer haas geen mens – Christene ingesluit – wat nie een of ander tyd hierdie sonde gepleeg het nie. En het 'n mens dit een keer oortree, dan is jy 'n moordenaar – of hoe? Indien jy jou naaste onteer of haat, pleeg jy klaar moord. "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! Moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur." (Matt. 5:22).

En al sê jy nie so iets nie, maar loop jy met wraakgierige gedagtes, dan nog is jy 'n moordenaar. Wie kan dan gered word? Gelukkig is ook die sonde – selfs daadwerklike moord – nie 'n onvergeeflike sonde nie. Dit het die kwaaddoener aan die kruis en miljoene andere ondervind. Dink ook aan 'n man soos Paulus – die latere apostel van die heidene – wat gehelp het om Stéfanus buite Jerusalem te vermoor. Hy was selfs die hoof van die bende klipgooiers. Dit het Paulus wél bygebly en nederig gehou. Hy kon altyd, teenoor sy oorvloedige werk in die koninkryk van Christus, nie vergeet dat hy die vernaamste van die sondaars is nie, omdat hy die gemeente van die Here vervolg het.

Daarom moet ons tog nooit vergeet om soos Dawid te bid nie: "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!" (Ps. 139:23, 24). Dawid, die man na God se hart, het ook nie alleen wraakgedagtes gekoester nie, maar inderdaad die man van sy gesteelde vrou, Batséba, vermoor. Geen wonder dat hy só kon bid nie! Hy het geweet dat sy hart onrein is en sy gedagtes omgesit word in bose begeertes, wat selfs tot moord in staat is.

Daarom is manne soos Paulus en Dawid gered. Hulle het nie in die poel wat brand met vuur en swawel beland nie, omdat hulle gebid het. Dawid bid in Ps. 51 ná die gruwelike sonde en Paulus bid in Hand. 9. Laat ons ook ons moordgedagtes voor die hoë God bely! Laat ons in ootmoed voor Hom buig. Hy vergewe menigvuldiglik. En breek daarmee. Lê af die haat en wraakgedagtes en vervul jou hart en lewe met die liefde van Christus.

Dan het 'n mens eerbied vir die lewe van jou medemens. Jy sien hom positief, ook wanneer hy jou haat en belaster en selfs vervolg, as 'n mens in groot nood. En jy bid vir sy behoud in plaas dat jy hom verwens. Ons moet dit ook toepas in ons verhouding tot ander volke – ook binne ons vaderland. Liefde is die eerste vrug van die Heilige Gees. Liefde is selfs sterker as die vrees vir die dood.

## 29 Oktober: Die hoereerders

Matt. 5:27-38

*"Maar . . . die hoereerders* ... *– hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel*..." (Openb. 21:8)

Hier het ons te doen met die oortreders van die sewende gebod: "Jy mag nie egbreek nie." Die Heidelbergse Kategismus verklaar die sewende gebod soos volg: "Dat alle onkuisheid deur God vervloek is, en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees en kuis en ingetoë moet lewe, in die heilige huwelikstaat of daarbuite." Dit word selfs só uitgebrei: "Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei."

In die opsig het die duiwel baie suiwer Christelike skanse afgebreek en groot bresse geslaan. Die woord *permissiwiteit* sien byna geheel op die sogenaamde seksuele *vryhede,* wat mense hulle in ons tyd veroorloof. Onder blankes in Suid-Afrika het ons die hoogste egskeidingsyfer ter wêreld. En as 'n man sogenaamd sy vrou *nie meer liefhet nie,* of die vrou haar man, dan los hulle mekaar goedsmoeds en bedink een of ander wetlike grond om 'n egskeiding te verkry. En dan volg gewoonlik een eksperiment na die ander, sonder dat die mense ooit werklik huweliksgeluk en seksuele rus vind.

Die begrip *liefde* is hoofsaaklik vervlak tot die erotiese en bly eintlik beperk tot geslagtelike saamlewe. En ons oes alreeds in groot getalle die vrugte van die losbandige lewe van ouers by kinders – die duisende ouerlose kinders wat innerlik ontwrig en versteur is. En soos met elke kwaad is ook die sonde se gevolge 'n uitkringende bose sweer soos 'n omloop. Dit brei steeds uit en eis meer en meer slagoffers. Dit word ook steeds meer uitdagend en kring uit, sodat selfs die homoseksuele omgang tussen mense, deesdae "homofilie" (liefde vir dieselfde geslag) genoem word. Só het die Christelike liefde plek gemaak vir die surrogaat daarvan, wat voortkom uit die perverse innerlike van 'n mensdom, wat homself oorgegee het aan die stroom van seksuele losbandigheid.

Met die voorbehoedmiddels tot ons mense se beskikking en die algemene opvatting dat geboortebeperking meer en meer die *heilige* roeping van verantwoordelike mense is, om die *bevolkingsontploffing* te voorkom, word hierdie losbandigheid letterlik 'n pes wat nie alleen in die donker wandel nie. Dit is opmerklik dat die sg. *satanaanbidders* seksuele perversiteite tot hulle kenteken maak.

Aan die ander kant is seksuele vryhede ook 'n vereiste wat steeds met groter aandrang in die kringe van bepaalde moderne teologiese rigtings in die buiteland verkondig word. Jy mag die mens in sy vryheid, om te doen wat hy wil nie belemmer of beperk nie, *dan is jy onchristelik,* leer hierdie profete.

Hoe vér het ook ons afgewyk van die groot beginsel van die Heilige Skrif dat jou liggaam en siel 'n tempel is van die Heilige Gees? En wat begryp die deursnee mens van ons tyd nog van die Bybelse opvatting dat ons van nature geneig is tot alle boosheid? Daarom het ons nie alleen te kampe met die groeiende menslike nood, wat meer en meer wegsink in 'n modderput nie, maar ons dra hoe langer hoe meer die merkteken van God se vloek op die vertrapping van wat Hy as heilig beskou.

Huweliksgeluk en huweliksvreugde is verkwansel vir die surrogaat daarvan – geslagsvryhede. In plaas dat biddend gewerk word vir die bewaring van jou heilige huwelik, word jy meer en meer op die pad 'n opdrifsel wat deur die onreine stroom meegevoer word na die ewige afgrond. En die afgrond is die poel wat brand met vuur en swawel.

## 30 Oktober: Die towenaars

Lev. 20:1-8

*"Maar . . . die towenaars . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel..*." (Openb. 21:8)

Towenaars? In die tyd van Johannes was die soort mense volop. 'n Mens kan jouself wél afvra of dit nog van belang is om oor towenaars te praat in ons verligte tyd. Veral as gevolg van die ontwikkeling van die sielkunde in die afgelope eeu, het die soort duistere kunste vrywel uit ons samelewing verdwyn. Die towenaar is die beoefenaar van die magiese kunste. Dit is nie bloot 'n soort geloof of 'n deeltjie van die mens se intellektuele vermoëns nie, maar dit is 'n kuns waarin die teorie of geloof stap vir stap in aksie gestel word. Dit gaan om alledaagse praktiese sake en dit is gerig op die voordeel van die mens. En dan gaan dit uit van die gedagte, om die bonatuurlike kragte in te span om jou eie selfsugtige doel te bereik. Die verloop van die natuur of bepaalde lewensomstandighede moet dan in belang van 'n bepaalde persoon of volk verander word.

Die towerkuns knoop aan by die geloof in die bestaan van 'n bonatuurlike wese of bonatuurlike kragte. Die aanspraak van die towenaar is dan dat hy hierdie wese of kragte kan inspan tot sy eie voordeel of van die mens wat hulp soek by die bonatuurlike.

God is vir baie mense 'n onbestemde veraf en duistere mag. Hy word liefs nie by die Naam genoem nie, maar van Hom word gepraat as "die Voorsienigheid" of selfs as "die Noodlot". En dan word godsdiens verlaag tot die vlak van die magiese kunste. Jy moet God probeer beïnvloed om jou in jou selfsugtige doeleindes te laat slaag. Daarom kom jy nog so nou en dan in die kerk. Jy laat jou kinders doop – daar gaan dit immers om 'n uitwendige teken, wat in die wêreld van die towenaars van groot belang is. Daar word ook selfs 'n formule by uitgespreek, soos die towenaars ook maar doen. Die opvoeding van die kind in die vrees van die Here is van minder belang. Die towermiddel en towerspreuk is nou oor hom in 'n seremonie in werking gestel. Verder moet 'n mens ook erns maak met die Nagmaal. Ook daar is weer uitwendige tekens en 'n seremonie by betrokke. Die gewone eredienste is dan van minder belang.

Só is God dan gunstig gestem en kan jy maar gerus lewe, sonder om Hom elke dag te eer en sy heilige wil oral en altyd te doen. Jy hoef nie vir God te leef nie, maar Hy bestaan alleen vér op die agtergrond as jou beskermer of begunstiger. Om sy guns te behou moet jy dan minstens 'n paar seremonies nakom.

Selfs mense wat geheel van die kerk vervreem is, kom na die kerk met die versoek om hulle dierbare te begrawe, en dan is die oorledene na alle praktiese oorwegings 'n volslae heiden. Predikante moet ook meedoen aan die heidense seremonie om lyke te verás. In die agterkop van die mense leef nog die bygelowige gedagte dat die begrafnisseremonie van die kerk vir die afgestorwe iets goeds inhou.

En dan is daar nog die groeiende stroom van bygelowige mense in ons tyd, wat hulle gelukbringers dra of hulle sterrebeelde goed ken. Die mens het die ware God losgelaat, maar besef dat hulle nie sonder bonatuurlike hulp of gunste die lewe en die dood kan aandurf nie.

Die mense jaag 'n hersenskim na, want buite die geloof in Jesus Christus het geen mens enige hoop op saligheid nie. Hulle deel is die poel wat brand met vuur en swawel.

# 31 Oktober: Die afgodedienaars

Jes. 44:9-23

*"Maar . .. die afgodedienaars .. . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

Vir die bewussyn van die Christen is 'n afgodedienaar gewis verlore. Hy aanbid nie die ware God nie, hoewel daar in bepaalde teologiese kringe hiervan ook al weer afgewyk word. Volgens hulle gaan dit nie om watter God of gode jy dien nie, maar of jy medemenslikheid beoefen. Dan bereik jy gewis, volgens hulle, die paradys – watter paradys dit dan ook al mag wees. Vir die meeste van hulle bestaan dit maar in 'n vrederyk onder heerskappy van die beginsels van Karl Marx.

En tog is daar baie afgode in die wêreld – ook vandag. En in die kerk is daar baie afgodedienaars, al lyk die afgode nie soos die van die primitiewe heidene nie. Ons kan maar net weer kyk na wat afgodediens is, volgens die Heidelbergse Kategismus. Dan sal ons ook baie gou sien dat ons naas die outydse afgodedienaars staan en nie só maklik die vinger op hulle rig en onsself verontskuldig nie.

Die Kategismus verklaar: "Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel." Ja, so is die mens maar. Indien hy nie iets het waarop hy vertrou nie, soos sy besittings of sy verstand ens. dan versin hy iets. Die menslike verbeelding kan baie dinge voorttower – selfs afgode van formaat. Dink aan wat die geleerde wysgere al vir ons deur die eeue heen opgedis het en waarop die mensdom sy vertroue stel en sy verwagtinge bou!

Ongelukkig is die mens van nature só dat hy liewer op 'n afgod bou as op die ware God. Hy soek selfs allerlei verskonings om weg te kom van die ware God – só lief is hy vir sy afgode. Daarom is dit die moeite werd om jou lewe behoorlik na te gaan en jou innerlike goed in oënskou te neem. Bring jy nie miskien maar net lippehulde aan die ware God, terwyl die vertroue van jou hart aan jou afgode verpand is nie?

'n Mens kan die geestelike peil van 'n volk aan sy stoflike welvaart ken, al dan nie. En dan gaan dit gewoonlik beter, wanneer dit op stoflike terrein slegter gaan. Ons het in ons land sedert die Tweede Wêreldoorlog voorspoed en voortuitgang beleef. Ons mense het oornag ryk geword. Daarteenoor het ons geestelik arm geword. Ons het as 't ware die Here onse God ontgroei, want ons vertrou op ons stoflike welvaart. En omdat die Here ons goed ken, weet Hy ook wat tot ons welsyn strek. Daarom bring Hy weer moeiliker tye, sodat ons afgode verdwyn en ons met leë hande voor die Almagtige staan.

Babilon die groot hoer wat op die baie waters sit, het ook maar só begin. Sy was oorspronklik die bruid van Jesus Christus – Jerusalem – maar sy het die vertroue van haar hart aan hierdie wêreld met sy geld en goed en kultuur en kuns gegee. Toe het sy haar ware Bruidegom vergeet en die bruid van die dier uit die see geword. Uiteindelik beland sy dan in die poel wat brand met vuur en swawel.

Waak oor u eie hart! Pasop vir die begeerlikhede van hierdie wêreld. Só maklik groei hulle tot afgode in u innerlike. En afgode kan u nie verlos in die dag van die toorn van die Here nie.

# 1 November: Die leuenaars

Gen. 12

*"Maar . . . die leuenaars . . . hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel."* (Openb. 21:8)

Dit is goed om te onthou dat alle sonde op aarde, lelik en mooi, hulle oorsprong het in 'n leuen. Dit is die leuen wat Satan in die Paradys vir Eva vertel het. Daarmee het Satan die vader van die leuen geword en word leuenaars kinders van die duiwel genoem. En jy en ek moet alle lieg en bedrieg vermy, as die eie werke van die duiwel, tensy dat ons die sware toorn van God op ons wil laai.

Niks is makliker as 'n wit leuentjie nie – veral as 'n mens se veiligheid of eer daarmee gemoeid is. Sê maar gou nee, as jy ja moes sê of andersom. Draai iemand 'n rat voor die oë om daar uit te kom of van iets af te kom – iets wat skaaf of kwel. Woorde rol gemaklik oor die lippe en die gevaar is verby. Met woorde kan 'n mens elke soort spel speel. Jy kan ook speel met die waarheid.

Juis daarom is die sonde van die leuenaar so gemeen en só lafhartig. Hy is nie in staat om die gevolge van sy dade te dra nie – en lieg hom daaruit. Soms is hy sommer net nydig en moedswillig en vertel leuenstories oor sy medemens. Dan kom hy duidelik op dieselfde golflengte as die duiwel. Satan weet goed wat dit is om te lieg. Wanneer hy lieg is hy in sy element. En sy volgelinge lieg agter hom aan. Lieg en bedrieg is naderhand só 'n deel van hulle bestaan dat hulle hulself glo, wanneer hulle 'n leuen vertel. "Ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek." (Jes. 28:15). Dit probeer baie mense doen – tevergeefs!

Één leuen lei gewoonlik tot nog één en naderhand word dit 'n warnet waarin jy vasgevang is. Eintlik is dit gelukkig indien die leuenaar hom vaslieg. Dit mag daartoe lei dat sy oë betyds oopgaan vir sy leuenlewe. Só het Abraham, die vader van die gelowiges, se leuens hom vasgetrek toe hy in Egipte vir koning Farao gelieg het oor sy mooi vrou, Sara. (Gen. 12:13) Die Here het genadiglik sy hand oor Abraham en sy vrou gehou en hulle beskerm. Uit vrees vir sy lewe het Abraham naamlik vir Sara gesê dat sy in Egipte moes vertel dat sy nie sy vrou nie, maar sy suster is. Volgens die sedes van daardie tyd het Farao die mooi vrou laat haal, maar die Here het ingegryp. Hy beskerm Abraham se vrou en sy nageslag, omdat hulle aan Hom behoort.

Gelukkig is die mense wat gegryp en losgeruk word uit die greep van die vader van die leuen. Dit kos genade – groot genade – om te breek met 'n leuenlewe. Dit is onder bepaalde omstandighede veel makliker om te lieg as om die waarheid te praat. Dit sal ook veral in die tyd van die heerskappy van die dier en Babilon en die valse profeet, moontlik 'n mens se lewe kos, indien jy die waarheid liefhet. Daarom raoet ons altyd onder alle omstandighede die waarheid liefhê, anders sal die leuenpad vir ons te maklik wees – die pad wat lei na die poel wat brand met vmir en swawel.

Ja, die leuenaar word uiteindelik ontmasker. Hy is by uitnemendheid die mens wat 'n skynlewe kan lei. Hy ken die kuns om voor te gee dat hy is wat hy nie is nie. Voor die alwetende God val die skyn egter weg en die waarheid seëvier. Gelukkig is elkeen wat Jesus Christus ken, as die Weg en die Waarheid en die Lewe. Hy sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. Maar dan sal sy lewe ook versier word met die vrugte van die waar-heid.

# 2 November: Onder een noemer

Rom. 2:1-16

*"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."* (Openb. 21:8)

In hierdie sin word al die sondaars onder één lidwoord as één groep saamgevat. Hulle het één bestemming – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."

In ons wêreld is sonde nuus. Die koerante en nuusmedia delf in die sensasiewekkende en grusame en volg die nagweë van die mens. Dit wat die meeste skok, is die beste nuus. In die vermaaklikheidswêreld is die mees perverse slegtigheid op die silwerdoek of verhoog die grootste geldmaker. Die mensdom vermaak hulleself deur deelgenote te word van hierdie aller-skokkendste dade en gebeurtenisse uit die lewe van die vervalle medemens. Alles denkbaar word oopgekrap en uitgestal in die openbaar, alleen met die één voorbehoud: dit moet sleg en grusaam en skokkend wees.

Waarom is 'n mens tog so? Daarvoor kan baie redes aangevoer word. Ek wil by 'n paar daarvan stilstaan en dan uitkom by ons teks wat maar net één lidwoord gebruik om almal saam in één bondel te sien. Hulle is voëls van enerse vere.

En tog is één rede waarom mense hulle só verlustig in andere se slegtigheid hulle eie selfregverdiging. Dit is lekker om te dink dat "ek" tog nie só sleg soos al die ander slegtes is nie. My dade is in die oë van my medemens nie so skokkend soos die van soveel andere, byvoorbeeld die moordenaars of seksmaniakke of rowers nie. Ek is miskien maar 'n *ongelowige* of *vreesagtige* en dit kan tog nie só erg wees nie. In werklikheid het ek baie om op trots te wees.

Maar daar is nog 'n rede waarom die lelike en uitspattende sondes van andere vir mense so aantreklik is. Dit is omdat hulle verwant is aan die soort gruwelikes. Selfs die gelowige bely dat hy nog tot alle boosheid geneig is. Juis daarom is hy bang om mee te doen aan die soort vermaak. Hy is bang vir homself en bang vir die duiwel. Hy vermy die dinge en plekke wat sy sluimerende begeertes kan wakkermaak. Daarom waak hy ook oor sy kinders se leesstof en vermaak en vriende. Daar sal gewis 'n tyd kom dat 'n getroue gelowige nie meer die gangbare dagblad en tydskrif in sy huis sal kan toelaat nie. Daarmee sal ook die vuilheidvan die perverse mens in jou eie en jou kinders se innerlike geplant kan word.

Daarom staan alle verloregaandes onder één noemer en almal gaan in één bondel in dieselfde oordeel. Die één is nie beter as die ander één nie. Niemand kan op die ander neersien en homself bo hulle verhef nie. Almal is ewe skuldig, want almal, sonder uitsondering, staan skuldig aan die wortelsonde – *hulle is ongehoorsaam aan God.* Die oordeel van God rus op die mensdom omdat hulle sondaars is en nie maar omdat hulle 'n paar sondes gedoen het – in hulle eie oë maar gering – nie.

Elke gelowige weet dit maar te goed: Ek verdien die oordeel in die poel wat brand met vuur en swawel, want ek is 'n sondaar wat elke dag nog blootstaan aan oortredinge en is selfs nog tot alle boosheid geneig. As die Here my nie bewaar nie, sal ek die heerlikheid nooit bereik nie. Daarom bid ons vir medesondaars wat die verlossing in Christus nog nie ken nie. Ons beste vriend is miskien 'n goeie ongelowige. As u hom werklik liefhet, doen dan iets daaraan. Sy bestemming is ewige ondergang en dit is geen kleinigheid nie.

# 3 November: Die vrou van die lam

Ef. 5:22-33

*"En een van die sewe engele wat die sewe laaste skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam."* (Openb. 21:9)

Johannes het die eindoordeel gesien. Hy was getuie van die oordeel oor Babilon die groot stad, wat terselfdertyd die hoer is, wat op die baie waters sit. Hy het ook gesien hoe die dier, die mens van die sonde of die Antichris, en sy valse profeet in die poel van vuur en swawel gewerp word. Hy kon verder ook vertel van die ewige oordeel oor die draak, wat ook die duiwel en die Satan is. Ook die oordeel oor al die mense – die lewendes en die dode – verhaal hy. Daarop het hy die nuwe hemel en die nuwe aarde gesien en die nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal. . .

Nou gaan hy die nuwe Jerusalem in besonderhede beskrywe. En tog sien ons ook nou weer 'n teruggang in die geskiedenis. Dit blyk al dadelik uit ons teksvers dat hy nog op hierdie aarde is en na 'n hoë berg geneem word, vanwaar hy dan 'n visioen sien van die nuwe Jerusalem. Só is die boek Openbaring maar. Selfs hier, ná die eindoordeel, word Johannes se blik weer gerig op die geskiedenis wat uitloop op die ewige heerlikheid. Ons sal selfs sien dat rekening gehou word met die wêreldse toestande, waarin ons nog leef.

Eén van die sewe engele wat die sewe laaste plae op die aarde sal uitgiet, tree na vore. Hy gaan nou aan Johannes die heerlike nuwe Jerusalem wys. Die engel het nog sy skaal in sy hand en dit lyk asof dit nog nie uitgegiet is nie. Só het een van hulle vroeër ook die groot stad Babilon aan Johannes getoon. Teenoor Babilon, die afvallige bruid, gaan Johannes nou die ware bruid sien.

Vir Johannes en vir ons gaan die skoonheid van die bruid van Jesus Christus verborge agter haar aardse onvolmaaktheid en die vernederende omstandighede waaronder sy leef en stry. Ons leef byvoorbeeld onder die indruk van die verbrokkeling en gebrek aan sigbare eenheid van die gemeente van die Here op aarde. Jy kan die ware kerk selfs moeilik identifiseer, omdat in die gemeente wat ons sien, ook baie skyngelowiges aanwesig is. Ons almal het een of ander tyd al moontlik 'n ware lid van die bruid van Christus gekrenk of selfs veroordeel en uitgemaak as 'n afgedwaalde. Aan die ander kant laat ons skynvromes rustig in hulle toestand voortlewe, omdat ons in hulle harte nie kan sien nie en selfs handig van hulle dienste gebruik maak.

Dit is nodig vir die siener van Patmos, en vir ons om 'n keer op die hoë berg te gaan staan en vanuit die oogpunt die bruid of stad van God te sien. Ons het visioene nodig om te kan moedhou – ook wat die gemeente van die Here betref. Toegewyde en besielde werkers in die koninkryk van God word soms moedeloos oor wat hulle sien en ondervind van die bruid van Christus. Indien 'n bedienaar van die evangelie die vrug op sy arbeid sou meet aan menslike standaarde, sou hy moontlik lankal 'n ander beroep gekies het.

Kom derhalwe gerus saam met Johannes om te sien wat die Here aan ons wil toon. Laat ons die stad van God – die bruid van die Lam – bekyk vanuit hemelse oogpunt, sodat ons nuwe moed kan kry en nie alleen sien hoe sy eenmaal sal wees nie, maar hoe sy nou alreeds is. Hierdie visioen toon haar soos Christus self haar sien, in die ewige raad van God.

# 4 November: Die Heilige Jerusalem

Ps. 87

*"En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal."* (Openb. 21:10)

Johannes word deur die engel in die gees weggevoer na 'n groot en hoë berg. Vanaf die groot en hoë berg sien hy dan weer die groot stad, die heilige Jerusalem, wat hy vroeër gesien het. Tog sien hy die stad nou vanaf 'n ander plek en in 'n ander verhouding. Aan die een kant kry die nuwe Jerusalem nou al reeds gestalte in die wêreld, wél nog onvolmaak en onvolkome, want die stad is nog nie volledig in al sy stene of lidmate opgebou nie. Aan die ander kant daal die stad volkome en volmaak van God neer uit die hemel op die aarde. Die Jerusalem is die gemeente van die Here en van die stad sê Paulus in Gal 4:26: "Maar Jerusalem *daarbo* is vry; en dit is die moeder van ons almal." Dit sê hy nou alreeds van haar. Volgens die oorspronklike taal sien Johannes die nuwe Jerusalem, *wat besig is om neer te daal.*

Hoewel die gemeente van die Here hier op aarde ontstaan en bestaan, is haar oorsprong in die hemel. Daartoe het Jesus Christus na die aarde gekom en daartoe is die Heilige Gees uitgestort. Alreeds in die Ou Testament word die heilige Jerusalem só besing: "Sy grondvesting is op heilige berge. Die HERE het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob. Heerlike dinge word van u gesê, o stad van God!... Man vir man is daarin gebore, en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand." (Ps. 87). Van die heil en saligheid en nuwe lewe deur die Gees en in Christus is hier op aarde reeds baie sigbaar.

In die nuwe Jerusalem word die koninkryk van God alreeds op aarde geopenbaar. Ons moet ons egter in die gees bo die aardse dinge verhef om haar ryke skoonheid te sien en waardeer. Die stad word hier die "heilige Jerusalem" genoem. Daarmee tree die verhouding tot God na vore.

Die nuwe Jerusalem word die heilige gemeente van Jesus Christus genoem. Paulus skryf "aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges." (1 Kor. 1:2). In Christus is die gemeente geheilig of afgesonder as die eiendom van die Here. Sien God sy gemeente op aarde, dan sien hy hulle as heiliges omdat hulle deur die bloed van Christus geheilig is en ook omdat Hy hulle op sy hart dra. Hulle is sy vrygekoopte eiendom wat vir Hom afgesonder is. Daarom is die gemeente ook geroepe om heilig te wees. Hulle moet op aarde lewe soos die bruid van Christus móét lewe. Hulle is nie meer 'n stad wat gebou is met klip en steen nie, maar mense wat deur die geloof in Hom ingelyf is en deur die Heilige Gees in die goeie stryd bewaar word.

Heerlik is ons voorreg om te kan glo en bely dat ons bestaan en voortbestaan op aarde van hemelse oorsprong is. Daarom volhard ons ondanks onsself. Ons is deur die Here self ingelyf in sy heilige gemeente of *heilige Jerusalem.* In alle stryd en nood bly dit ons anker: ons behoort in lewe en in sterwe aan die Here. Omdat sy gemeente sy heilige stad is, sal ons ook die ewige heerlikheid beërwe, want die Here is immers besig om vir Homself die stad gereed te maak as sy ewige woning. En wat Hy begin voer Hy tot sy einde.

Só kan ons voortstry – nou alreeds omring deur die goedheid van ons Here, wat sy eiendom liefhet. Ons kan ook hoop en wag op wat die Here vir sy bruid berei in die onverganklike heerlikheid. Dan sal ons deel wees van die ewige en volmaakte, heilige stad van God.

Kom Here Jesus!

# 5 November: Ligdraer van God

Jes. 60:1-11

". . . *en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen."* (Openb. 21:11)

Vanaf 'n hoë berg, waarheen Johannes in die gees weggevoer is, sien hy

die bruid van die Lam, die heilige Jerusalem. Nou begin hy om haar te

beskrywe.

Dit het die heerlikheid van God gehad. Later lees ons: "En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig." (23). Die Here self verlig die stad of bruid van die Lam. Só het Jesaja die Jerusalem van ouds alreeds toegeroep: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op!" (Jes. 60:1). Dit geld alreeds ten dele van die gemeente of bruid van die Here, soos ons dit vandag ken: "En terwyl ons almal met ontsluierde gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is." (2 Kor. 3:18). Só bemoedig die apostel Petrus ook die verdrukte gemeente: "As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus." (1 Petr. 4:14).

Onder druk en vervolging vertoon die gemeente die heerlikheid van God op sy skoonste hier op aarde. In die getrouheid en volharding in die geloof, straal die heerlikheid van God uit die gemeente in die wêreld. Dit is alreeds 'n swakke afskynsel van wat dit sal wees in die ewige heerlikheid. Daarom hoop en wag ons daarop met volharding. Dit wat nou alreeds gesien word is die beginsel van die volle heerlikheid wat vir ons weggelê is.

Die heerlikheid word uitgestraal in die lig wat die gemeente na die innerlike ontvang het en na buite gesien word. "Sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen." In hoofstuk 4 word van God self gesê dat Hy in sy voorkoms gelyk het soos die steen jaspis. Nou openbaar ook die gemeente dieselfde eienskap. Dit straal 'n lig uit soos die kristalhelder jaspissteen. Die woordjie *lig* is eintlik volgens die oorspronklike taal: *liggewer* of *ligdraer.* Dit sê Paulus ook van die gemeente in die teenwoordige bedeling: ". . . sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie *julle skyn soos ligte in die wêreld."* (Filip. 2:15). Ons is ligdraers van God. "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." (Matt. 5:16).

Ons het alreeds die ewige lewe in beginsel ontvang. Ons het die lig, want *die* Heilige *Gees woon in ons en maak van ons ligdraers. Hierdie* kenteken besit elke gelowige, anders leef hy nie uit die geloof nie of, wat veel erger is, hy het nie die ware lig van die Gees nie. Die innerlike lig moet uitstraal na buite. Jy kan dit nie in jou hart wegbêre, sodat niemand dit sien nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken.

Maar die dowwe lamppit van hierdie aardse bedeling, word in die ewige heerlikheid 'n ligdraer waaruit helder en skitterend die heerlikheid van God sal uitstraal. Daar is geen sonde of gebrek wat dit nog kan verduister nie. Die aardse nuwe Jerusalem word in die ewige heerlikheid, die verheerlikte Jerusalem, want die hoë God woon met sy volle glans in haar – die bruid van die Lam.

Dit wag op elkeen wat deel het aan die genade van Christus.

# 6 November: Muur en poorte

Sag. 2

*"En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik die van die twaalf stamme van die kinders van Israel."* (Openb. 21:12)

Is dit dan nog nodig dat die nuwe Jerusalem, in die ewige heerlikheid op die nuwe aarde, 'n muur rondom moet hê? 'n Stadsmuur is tog bedoel om die stad teen vyandige aanslae te beskerm, en al die vyande van die bruid van Christus is dan mos in die poel wat brand met vuur en swawel.

Allereers moet ons onthou dat Johannes 'n visioen sien. Hy sien "n stad, soos hy 'n stad ken en hy ken geen stad sonder 'n muur nie. Dit simboliseer in die visioen dat die stad vir ewig beveilig is teen alle vyande. Hier sal geeneen van ons doodsvyande ooit binnekom om ons te verlei of openlik aan te val nie. Alle stryd en lyding is vir ewig verby. "Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte mense en vee daar binne-in. En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in." (Sag. 2:4, 5).

Ons kan egter ook hieruit aflei dat Johannes, in hierdie gesig van die tempel vanaf die hoë berg, 'n visioen sien wat ook terugwys op wat alreeds hier op aarde bestaan. Ondanks die vyande waarmee ons te kampe het, is Jerusalem tog veilig, want die Here is inderdaad soos 'n vurige muur rondom ons. Dit sal nie alleen eenmaal in die heerlikheid waar wees nie. "Rondom Jerusalem is berge; só is die HERE rondom sy volk van nou af tot in ewigheid." (Ps. 125:2). Wees dan nie bang nie, klein kuddetjie, want selfs die hare van julle hoof is almal getel. Dit is ons krag hier, en daarby die vooruitsig op die volmaakte heerlikheid wat wag.

Die stad het twaalf poorte, waarop die name van die stamme van Israel geskrywe is. Later in vers 14 lees ons dat die name van die twaalf apostels op die fondamente van die stad geskryf is. Die simboliek is duidelik – die Here vergader sy gemeente uit Israel en uit die heidene. Die bruid van die Lam is beide die Ou Testamentiese en die Nuwe Testamentiese gelowiges. Die gelowiges uit Israel en die nuwe verbond is egter één – hulle is saam die heilige, algemene, Christelike kerk. Treffend sien ons elke keer die eenheid tussen die Ou- en Nuwe Testament.

Die gelowiges uit die twaalf stamme sal derhalwe ook in die heerlikheid die stad bewoon. Maar die twaalf stamme is terselfdertyd ook die uitdrukking van alle ware gelowiges – die 144 000 van wie ons in hoofstuk 7 lees, want hulle almal glo soos die vader van Israel en die gelowiges, Abraham, geglo het. Ook hierdie eienskap besit die stad nou alreeds in beginsel.

By elke stadspoort is daar 'n engel om wag te hou. Ja, dit is waar. Soos by die eertydse Paradys engele aan die oostekant van die tuin geplaas is, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak (Gen. 3:24), só sien Johannes in hierdie visioen ook 'n engel op wag by elke poort. Aan die één kant het ons ook hier weer 'n verwysing na die huidige toedrag van sake. Hier op aarde waak die Here, sodat niemand wat in sy ondankbare, goddelose lewe volhard en hom nie bekeer nie, die stad mag binnekom nie. Liggaamlik mag baie sodanige mense binne die kerkmure gevind word, maar hulle is gewis nie 'n deel van die ware Jerusalem nie.

Ja, die poort is nou. Niemand wat homself wil bly sal in der ewigheid daar ingaan nie. "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." (Matt. 16:24. Só gaan sondaars in deur die poorte – alleen deur die geloof in Jesus Christus.

# 7 November: Twaalf poorte

Matt. 11:25-30

*"Aan die oostekant was daar drie poorte, en aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte."* (Openb. 21:13)

Die heilige Jerusalem, wat van God uit die hemel neerdaal, het twaalf poorte. Dit sluit aan by die twaalf stamme van Israel. Dit is egter ook 'n simboliese getal – 12 = 3 x 4. Drie is die getal van God – die volmaakte getal en vier sien weer op die vier windstreke van die aarde: Noord, Suid, Oos en Wes.

Die twaalf poorte sê derhalwe allereers aan ons dat geen mens sal kan sê dat daar vir hom nie 'n ingang was nie. Van alle kante kan die mense maar kom – voor hulle is drie poorte waardeur hulle kan ingaan. Die Here nooi ruim en wyd uit om na Hom toe te kom. "Kom na My toe, *almal* wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11:28). Elkeen wat sy sondenood sien en ken en daardeur uitgeput en moeg gemaak is, kan maar kom – die poorte staan vir hom wawyd oop. Elkeen wat in sy gewete belas is, met watter vrag van skuld en oortredinge ook al, is welkom om te kom en gaan in deur die poorte. En dáár binne die stadsmure is veiligheid en rus en vrede – die vrede met God.

Hierdie stadspoorte wys simbolies ook na al die rigtinge op die aarde. Volke van die Ooste en Weste en van die Suide en Noorde vind poorte in hulle rigting om deur in te gaan. So teken Totius dit in sy beryming van hierdie vers:

> "Lokkend staan die poorte oop,
> oop na al die wêreldoorde,
> dat die nasies toe kan loop:
> van die suide en van die noorde."

Mooi is die simboliek alreeds vir ons in hierdie bedeling. Die Here se blik kring uit oor die hele aarde. "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van *alle* nasies." (Matt. 28:18, 19). Dieselfde gedagte spreek Hy uit in Hand. 1:8: ". . . maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria *en tot aan die uiterste van die aarde."*

Die twaalf poorte van die nuwe Jerusalem verkondig derhalwe aan ons ons roeping om die evangelie te verkondig aan alle volke en tale en nasies. Ons mag nêrens 'n streep trek nie. Ons mag nie poorte sluit wat God oop wil hê nie. My evangeliese roeping hou nie op by die grens van my gesin of my kerk of my volk nie. Dit moet uitkring oor die hele aarde. Voordat die Here nie kom op die wolke van die hemel nie, mag ons nie ophou om in alle erns en met alle ywer ons sendingroeping te vervul nie.

Sien ons dit só, dan is dit ook duidelik dat Johannes nou terugkyk in die geskiedenis – die geskiedenis wat hy nog belewe en waarby ons ook nog betrokke is. Die simboliek van die twaalf poorte open vir ons evangeliese vergesigte. Ons persoonlik hoef geen oomblik te twyfel dat ons welkom is nie. Die poorte staan ook voor ons uitnodigend oop. God is só genadig en lankmoedig dat Hy nie ophou om uit te nooi en daartoe ook die poorte oop te hou nie.

Ons moet ook onthou dat die heilige Jerusalem 'n simboliese voorstelling van die bruid van die Lam is. In ons werk in die koninkryk van onse Here, is ons besig om te dien as instrumente in sy hand om sy heilige stad te bou. Só word sy Woord vervul en só kom sy koninkryk in sy volheid.

Elkeen wat die Here verwag op die wolke van die hemel, werk ook hard en getrou aan die opbou van sy stad.

# 8 November: Twaalf fondamente

Matt. 16:13-21

*"En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam."* (Openb. 21:14)

By die beskrywing van die nuwe Jerusalem het Johannes gesê dat die stad twaalf poorte het. Dit sou die stadsmuur in twaalf dele verdeel – vandaar dat die stad twaalf fondamente het, soos hy sê. Op elk van die twaalf dele van die fondament is dan die naam van één van die twaalf apostels van die Lam geskrywe.

Vir ons doel is dit allereers noodsaaklik om weer die aandag te vestig op die getal twaalf. Dit is die volkome getal en dui op die volkomenheid van die werk van die Here aan sy kerk deur die diens van die apostels. Ons kan selfs hieruit aflei dat die apostelamp by die twaalf afgesluit is. Hulle is nie maar twaalf uit 'n menigte nie, maar *die* twaalf apostels. Ons hoef ons egter nie besig te hou met die vraag wie se name daadwerklik hier op die fondamente geskryf is nie. Dit word gelukkig ook nie vir ons gesê nie. Die Here wil die hoofsaak aandui in die getal twaalf en daarmee tuisbring dat sy werk volkome en afgerond is.

Die name van die apostels is geskrywe op die fondamente van die muur van die stad. Wanneer Paulus in Ef. 2:19-22 praat oor die *heilige tempel* van die Here, is dit maar dieselfde wat hier en elders deur *die heilige stad* voorgestel word – die bruid van die Lam of die gemeente van Jesus Christus. Die heilige tempel, sê Paulus, is gebou op die *fondament van die apostels* en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is. 'n Mens dink selfs aan die uitspraak van die Here Jesus in Matt. 16:18: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

Die Here bou sy heilige stad, wat sy gemeente is, op die fondament van die apostels. En dan weet ons dat die apostels self eintlik nie die fondament is nie. Die apostel Paulus sê: "Volgens die genade van wat God aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê ... Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is *Jesus Christus."* (1 Kor. 3:10, 11). Petrus en die ander apostels bely Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God. Die getuienis of belydenis van die apostels is die fondament van die kerk. Só is die belydende Petrus die rots waarop die gemeente gebou word. Dit gaan nie om Petrus as persoon of selfs om sy amp nie, maar om hom as die belydende mens en die inhoud van sy belydenis.

Die apostels was getuies van Jesus se optrede sedert "die doop van Johannes tot op die dag dat Hy opgeneem is." (Hand. 1:22). Daartoe is hulle uitverkies en toegerus en uiteindelik die wêreld ingestuur. Só is hulle met hulle belydenis van Jesus Christus, die fondament van die kerk. Op die belydenis of getuienis van die apostels rys die nuwe Jerusalem se mure na bo.

Hulle is die twaalf apostels van die *Lam.* Hy het hulle uitgekies en uitgestuur as sy gesante. Hulle het in Hom geglo as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem en, soos hulle geglo het, só het hulle gepreek. Sonder die Lam sou hulle hoegenaamd nie die fondament van die heilige Jerusalem kon wees nie.

Só glo en bely elke lid van die gemeente van Jesus Christus. Daarsonder is ons van die fondament af en sal ons in ons sondes sterwe. Niemand mag 'n ander fondament lê as wat gelê is nie. Dan is só 'n mens besig met 'n ander gebou. Dan bou hy nie aan die gemeente van Jesus Christus nie. Dit moet ons altyd vashou.

# 9 November: Mate van die stad

Sag. 2

*"En hy wat my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet."* (Openb. 21:15)

Die engel wat Johannes na die hoë berg genooi het om die heilige Jerusalem aan hom te toon, kom nou na vore met 'n goue maatstok in sy hand. Dit is duidelik: hy gaan nou opmetings maak van die stad. "En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte.

En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyfhonderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat ook die maat van 'n engel is."

Indien Johannes hier letterlik 'n stad beskrywe, sou hy op 'n ontsaglik hoë berg moes staan om die stad in sy geheel te sien. Hy sou eintlik die uitsig moes hê van 'n maanreisiger vanuit sy ruimtetuig. Die stad was 'n volmaakte kubus – sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En dan vertel Johannes rustig verder dat sy hoogte honderd-vier-en-veertig el was, terwyl hy pas gesê het dat sy hoogte 1 500 myl was. Het ons hier nou 'n fout in die Bybel?

Ek dink dat ons Bybelvertalers hier nie die simboliek in gedagte gehou het, toe hulle vertaal het nie. In die oorspronklik Grieks lees ons in vers 16: "En hy het die stad met die meetroede gemeet op twaalf duisend stadia." Dan word dit duidelik waarom dit gaan. Hy wou die geweldige grootte van die stad benadruk, maar om dit te doen gebruik hy weer die getal 12 x 1 000, wat 'n afgeronde of volheidsgetal is. Dan is dit duidelik dat ons nie hier aan die werklike mate hoef te dink nie, maar die simboliese getalle in ag moet neem. Daarom word dit ook só voorgestel dat die stad se hoogte en lengte en breedte gelyk was. Dit het 'n volmaakte kubus gevorm. 'n Kubus is inderdaad die uitdrukking van volmaaktheid. Daarom gaan dit in die voorstelling en nie om 1 500 myl - die letterlike afmetings nie.

Volkome afgerond en volmaak is die stad van God. Nie één enkele steen te min of te veel is ingemessel nie. Die stad is immers die bruid of gemeente van die Lam. En die getal van die gemeente is presies 144 000 - ook die afgeronde volheidsgetal. Van watter kant jy dit ook al bekyk, jy sien niks anders as die volmaakte bouwerk van God nie. Onthou dit gerus wanneer u die gebroke en verskeurde sigbare kerk op aarde met kommer en onrus sien. Agter die sigbare is die onsigbare gebou van God – in elke opsig 'n volmaakte eenheid.

Maar die stad is ook geen kerker waarin sy inwoners opgesluit is nie. Hulle het ruimte en uitsig. Daarom sê Johannes rustig in die daaropvolgende vers: "En hy het sy muur gemeet op 144 el." Dan is dit nie meer 'n kubus nie, maar 'n gewone stad, met 'n stadsmuur om hom te beskerm, maar waaroor 'n mens ook 'n uitsig het. Die stad word immers bewoon deur vrygemaakte mense. Hulle het selfs geen muur nodig nie, want God self is rondom sy volk om hulle te beskerm en te behou. Dit is ook al wat die muur, 144 el hoog, vir ons wil sê. Wees nie bang nie, want julle word beskerm deur julle Here. Niemand kan julle uit sy hand ruk nie. Niks kan julle van sy liefde in Christus skei nie. Moet dan nie bang wees nie, al gaan julle deur waters en deur vuur. Die Here is altyd daar om julle volkome te beskerm. Daarom sal julle hoegenaamd geen skade ly nie.

Weer spreek hierdie visioen van die gemeente wat vandag nog in die wêreld is. Ons put ons troos en krag daaruit in ons stryd en helse aanvegtinge. Maar dit hou ook die heerlike toekoms aan ons in vooruitsig. Eenmaal sal ons dit sien en self daarin deel – die volmaakte heerlikheid in die volmaakte stad van God.

# 10 November: Boustowwe

1 Kor. 3:9-23

*"En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud, soos suiwer glas . . . En die fondamente . . . was versierd met allerhande edelgesteentes . . . En die tvjaalf poorte was twaalf pêrels . . . en die straat . . . was suiwer goud soos deurskynende glas . . ."* (Openb. 21:18-21)

Die almagtige Skepper van alle skoonheid en kosbaarhede in die wêreld, beskryf sy stad in beelde van uitwendige skoonheid wat ons begryp. Ek sou nie elke soort edelsteen wat hier genoem word, in verband met 'n bepaalde eienskap van die gemeente van die Lam probeer bring nie. Ek wil net 'n paar algemene trekke benadruk. Ek dink ook dat dit in ooreenstemming met die begrip van die visioen is. Die hele visioen wil 'n paar sentrale eienskappe van die gemeente benadruk. 'n Mens kan ook maklik in spekulasie en verbeeldingsvlugte verval, indien jy op grond van bv. die kleure van bepaalde edelstene besondere betekenisse daarvan aflei. Uit die boustowwe en versierings van die stad is dit duidelik dat alles helder, gelouter en volkome heerlik is.

Die Here bou nie met klatergoud of kunsstowwe nie, maar hy gebruik egte edelgesteentes en suiwer goud. Die stad was suiwer goud soos suiwer glas. Die fondamente was versier met egte edelgesteentes wat almal by die naam genoem word: jaspis, saffier, chalcédon, smarag, sardóniks, sardius, chrisoliet, beril, topaas, chrisopraas, hiasint, ametis. En die twaalf poorte was twaalf pêrels. En die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.

Wanneer die Here sy stad of gemeente bou, het Hy 'n afkeer aan alles wat nie eg is nie. Hy walg van Israel se offers, omdat hulle hart nie daarby is nie. Hy verfoei die Fariseërs wat die buitekant van die skottel skoonmaak, terwyl hulle van binne roofsugtige wolwe is. Hy verwys die mense na die poel van vuur en swawel, wat in sy Naam profeteer en duiwels uitdryf en kragte doen, terwyl hulle nie die wil van sy Vader doen nie.

Ja, die Here kán die valse hart verander tot 'n opregte hart. Hy doen dit deur sy Woord en Gees oral waar mense waaragtig glo in Hom as die Lam wat vir hulle sondeskuld geslag is. Ons moet altyd die voorbeeld van Babilon, die hoervrou onthou. Sy was bekleed met die mooiste klere en het in haar hand 'n kosbare goue beker, maar die beker was vol van die gruwels van haar hoerery. Kom voor Hom in opregtheid en met 'n volkome hart, dan verneder jy jouself, maar dan alleen ontvang jy sy genade.

Saam met die egte of waaragtige eienskappe van die gemeente, gaan ook die heldere of deurskynende trekke. Ons lees van "suiwer goud, soos suiwer glas" of "deurskynende glas". Die gelowige mens hoef nie te praat van sy werke nie. Hy kan maar net elke dag leef soos 'n egte kind van die Here moet leef, want hy is deursigtig. Dwarsdeur hom skyn die suiwere goud van God se werk deur die Heilige Gees. Ons moet die waarheid van God verdedig en verkondig. Ons moet sy getuienis bring en sy Naam bely – vroeg en laat – tydig en ontydig. Ons hoef egter nooit die egtheid van ons kindskap te verdedig deur te wys op ons werke nie. Die werke wys vanself dat hulle uit suiwer goud bestaan.

Dit is juis die mens wat voorgee om te wees wat hy nie is nie, wat vroeg en laat "getuig" van SY werke. Pas maar op vir jouself – jou eie-ek sterf nie maklik nie. Wees klein en leef naby die Here, dan sal jy nooit behoefte daaraan hê om jouself met jou mond te adverteer nie. Die Here sorg wél daarvoor dat mense jou deursien, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie. "Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is." (Joh. 3:21).

Bouers in die koninkryk van God kan bou "met goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom" – (1 Kor. 3:12, 13). Hoe bou u in u huis en in u gemeente?

# 11 November: Geen tempel

Joh. 4:19-29

*"En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam."* (Openb. 21:22)

Johannes sien in 'n visioen die heilige Jerusalem. Hy het die aardse Jerusalem van sy tyd geken. Hy het self in sy jonger dae gereeld die tempel besoek in die destydse stad. Daar was hy ook dikwels saam met die Here Jesus, toe Hy op aarde was. En nou merk Johannes op dat hierdie nuwe Jerusalem geen tempel het nie.

Die tempel is die plek waar die Here sy woning gemaak het onder sy volk in die ou bedeling. Die tempel as gebou, deur mensehande gemaak, was 'n skaduwee of voorbeeld van die tempel, wat nie met hande gemaak is nie. Die tempel sal as plek van aanbidding verdwyn: "... daar kom 'n uur dat julle nie . . . in Jerusalem die Vader sal aanbid nie . . . wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid." (Joh. 4:21-24).

Toe Jesus aan die kruis sterwe, het die tempel sy taak as voorbeeld van ander dinge vervul. "Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee. En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder." (Matt. 27:51). Die ware aanbidders tree nou self die allerheiligste binne met hulle gebede. Hulle aanbid die Vader in gees en waarheid en kan dit met vrymoedigheid doen in die Naam van Christus. Die gemeenskap met God is nou regstreeks en onbemiddeld deur 'n aardse priester. Die gelowiges is self priesters wat ononderbroke hulle priesterdiens vervul. En hulle leef in volle gemeenskap met hulle Here in die hemel.

Dit wat in die ewige heerlikheid in volmaaktheid ondervind sal word, word hier al in beginsel gesmaak. "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie." (1 Kor. 6:19). Juis daarom, sê Paulus: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." (1 Kor. 6:20).

Die tempel is die plek van die offerdiens van die ou Israel. Alle bloedige offers is vervul in die soenoffer van ons Here Jesus toe Hy Homself vir ons aan die kruis geoffer het. "Want só 'n hoëpriester is vir ons gepas . . . wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir die van die volk nie. Want Hy het dit net eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het." (Hebr. 7:26, 27). Maar dan maak Hy ook van ons almal priesters, nie om nog soenoffers te bring nie, maar dat ons ons dank aan Hom sal betaal – dank vir sy verlossing. "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens." (Rom. 12:1).

Ja, in beginsel het ons reeds die vrye omgang met die Here. In beginsel verkondig ons lewe hier op aarde al sy lof en heerlikheid – hoe gebroke ook al. En, soos die priesters wat aan die tempel van ouds verbonde was, tree ons ook met ons voorbidding vir ander priesterlik voor die troon van God. Wanneer die heilige stad van God volmaak in die ewige heerlikheid gesien word, is al hierdie voorregte volkome, onophoudelik en ewig 'n werklikheid. "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." (21:3).

Só kom ons eenmaal tuis by ons Vader en Hy neem ons onder sy dak. Niks sal daar meer wees wat die vrye en heerlike omgang tussen Hom en sy volk verhinder nie. Die heerlikheid is verwerf en word verwerklik deur ons Middelaar, die Lam. Deur Hom vloei die heerlikheid sy volk toe tot in alle ewigheid.

## 12 November: God is sy lig en die Lam is sy Iamp

Joh. 8:12-24

*"En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp."* (Openb. 21:23)

In die heilige Jerusalem, wat van God uit die hemel neerdaal, het alle duisternis verdwyn. Ondanks die son wat bedags en die maan wat snags skyn, lê daar tans nog oor die aarde en die mensdom 'n groot donkerheid. Dit is die donkerheid van die heerskappy van die vors van die duisternis en die newels van die sonde, wat ons uitsig belemmer en ons asemhaling verstik. Dit sal op die nuwe aarde hoegenaamd nie meer bestaan nie, want die Satan en sy aanhangers is in die poel van vuur en swawel gewerp.

Maar ook dit beleef ons nou al in beginsel. "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." (Joh. 8:12). Dit is een van die "Ek is" uitsprake van Jesus. Hy wys nie maar *die pad* na die lig nie en is nie maar *soos* die lig nie, maar Hy *is die lig.* Hy deel in die lig van die heerlikheid van God, omdat Hyself God is. Daarom kan Hy sê: *"Ek is . . .*" soos God in Ex. 3 van Homself sê: "EK IS WAT EK IS." Hy het die lig, nie omdat Hy dit ontvang het nie, maar omdat Hy daarin deel vanweë sy eenheid met God die Vader.

Daarom staan hier van die nuwe Jerusalem: ". . . die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp." Die Lam is die lamp waardeur die heerlikheid van God skyn in die stad en dit geheel verlig. Die Lam sit sy werk as lig van die wêreld voort in die ewige heerlikheid.

Die son kom in die môre op en skyn oor die aarde. Die nagdonker wyk voor die lig van die dag. Met volmaan is selfs die nag verlig. Ons kan met ons elektriese ligte ons moeilik indink in die toestande toe mense snags hulle pad in die donker moes voel. Daarom is die lig van die maan só hoog waardeer. Maar selfs die son- en maanlig is nie volmaak nie – vanweë wolke en newels wat die lig demp. Daarby verdryf die lig van die natuurlike ligbronne nie die geestelike duisternis waarin die mensdom probeer om voort te strompel nie. Hulle tas letterlik met hulle hande om te probeer om 'n pad te vind deur al die vraagstukke en en misverstande en geestelike en liggaamlike ellende heen.

Alleen die mense, wat glo in die lig van die wêreld, het nou alreeds die ware lig vir hulle pad en lamp vir hulle voet. Die lig skyn in hulle innerlike en lê hulle eie sonde-dwaasheid bloot. Dit dryf hulle na Jesus Christus, die Lig van die wêreld, waar hulle gereinig en vernuut word. Dan leef hulle in die lig, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Dan weet hulle waarheen hulle op pad is. Hulle weet ook dat dit geen onsekere pad is nie, maar uitloop op die ewige onverganklike ligstad in die heerlikheid.

Daarin lê die prediking van ons teksvers. Ons hoef ons nie daaroor te kwel of die son en die maan nog sal bestaan nie. Ons moet alleen weet dat ons op weg is na die volkome geestelike lig wat ons uit Jesus toevloei. En intussen moet ons as kinders van die lig op Hom wag. Hoe wag ons dan op Hom? Luister na Paulus: "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag . . . Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees." (1 Thess. 5:4-6).

Met die verdere woorde van Paulus roep ek u toe: "Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen." Omring deur sonde-duisternis het ons mekaar se bemoediging dringend nodig. Wag op die ewige lig!

# 13 November: Nasies en konings in die stad

Jes. 60:1-13

*"En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid daarin."* (Openb. 21:24)

In die gewone spraakgebruik van die tyd van Johannes moes ons eintlik hier lees: *"en die heidenvolke van die wat gered word."* Die nuwe Jerusalem word aan ons beskrywe na sy geestelike wese, soos hy nou alreeds bestaan in die gemeente van die Here in hierdie bedeling. Dit word egter ook beskrywe in die volkome heerlikheid op die nuwe aarde. Hier kom die twee kante van die beskrywing duidelik aan die lig. In die ewige heerlikheid sal daar immers geen heidenvolke meer wees wat tot bekering kom en die nuwe Jerusalem binnegaan nie. Dan is al die gesaligdes reeds daar.

Dit moet ons altyd goed in gedagte hou by die verklaring van hierdie hoofstuk. Johannes sien ook trekke in die visioen wat duidelik terugwys na die tyd toe alles nog nie volmaak in die heerlikheid bestaan het nie. Heidenvolke word gered en konings kom tot bekering. Hulle gaan die stad binne, soos hy tans daar uitsien. Daarom sal hulle ook die ewige heerlikheid beërwe.

Johannes het vroeër in die boek Openbaring dikwels die volke, of heidenvolke gesien. Die uitdrukking is dan gereeld gebruik om die mense te teken as die teëstanders van God en sy gemeente. Hulle omsingel die heilige stad op aarde en vervolg die gemeente. Die duiwel regeer oor hulle deur sy instrumente: die Antichris en sy valse profeet en Babilon, die ontroue verleidster, wat eintlik die bruid van die dier word. Nou sien Johannes egter ook die keersy. Die volke kom ook in die nuwe Jerusalem. Daarin word die profesieë uit die Ou Testament ten volle vervul. "En die nasies sal trek najou lig, en konings najou stralende opgang.. . Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan najou toe oor, die skatte van die nasies kom najou toe ... En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om najou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog." (Jes. 60:3, 5, 11).

Hier word nie gesê dat ná die eindoordeel in die ewige heerlikheid nog heidennasies en aardse koninkryke sal bestaan nie. Nee, in die huidige bedeling kom die mense tot bekering en trek die poorte van die stad binne. Daar in die heerlikheid is elke gesaligde 'n koning. Sy koningskap kom dan ten volle aan die lig. Hy is nie meer iemand wat nog met 'n goeie gewete teen die duiwel, die wêreld en sy eie sondige hart stry nie, rnaar hy regeer tot in alle ewigheid met Christus.

Wanneer die heilige Jerusalem, wat in sy volle heerlikheid openbaar word, op die nuwe aarde gesien word, is daarin nie alleen Israel na die vlees nie; maar alle volke en tale en nasies "van die wat gered word" is daar. Daar is ook mense wat op aarde magtige posisies beklee het, maar wat in hulleself klein geword het voor Christus en behoue is tot in ewigheid.

En dit is ons roeping om hulle met blydskap in te haal. Ons taak is om aan hulle die ware rykdom in Christus te verkondig en hulle na die stad te lei – uit die duisternis na die wonderbare lig. Die liefde van ons Here dring ons daartoe en ook die liefde vir ons medemense, wat op pad is na die ewige duisternis, laat ons nie rus nie.

Roep hulle tot bekering!

# 14 November: Geen nag meer nie

Ef. 2:11-22

*"En bedags – want nag sal daar nie meer wees nie – sal sy poorte nooit gesluit word nie."* (Openb. 21:25)

In die nuwe Jerusalem sal daar geen nag meer wees nie. Daarom bly die poorte oop, want gedurende die nag sluip die vyande in die donker na die stadsmure en sou die poorte binnedring, indien dit oop sou wees. Dit is hoe die mense in die tyd van Johannes die toestand sou opsom. Stadspoorte word in die aande gesluit om gevare buite te hou. Waar dit in hierdie bedeling om die gemeente in 'n vyandige wêreld gaan, mag ons tog ook nie maar die poorte sluit nie. Elkeen wat antwoord op die roepstem van Christus is welkom om binne te kom – dag en nag. Nooit mag 'n mens verhinder word om die Here te dien nie. Dit is dan ook die groot klag van ander teen ons landsbeleid, dat kerke se deure gesluit word vir gelowiges van ander rasse. Die aanklag is jammer, want ons weet dat die ontwikkelingspeil en taal- en kultuurverskille tussen die verskillende volksgroepe só groot is, dat dit beter is om afsonderlike gemeentes vir die onderskeie volke te hê. Met die oog op ons voortbestaan as volk, kan ons blykbaar ook nie anders nie. Dit maak die verantwoordelikheid van ons kant egter des te groter om, met besieling en ywer, ook aan ons minderbevoorregte medegelowiges alle geleenthede te gee om nie buite die stad te bly nie. Die verantwoordelikheid maak my as Christen dikwels bang, veral as ek dink aan die gebrek aan begrip en ywer vir die sending. Selfs waar ons as Christene andere in ons diens het en in ons huise laat werk, vergeet ons dikwels van hulle geestelike behoeftes. Juis omdat ons in 'n land woon waar afsonderlike ontwikkeling die landsbeleid is, moet ons ywer, om die poorte oop te hou, verdubbel word. Geen mens in ons vaderland mag die geleentheid ontsê word om die Woord te hoor en tot geloof in Jesus Christus te kom nie. Dit moet dan ten minste in hulle woongebiede weerklink, sodat die poorte ook vir hulle dag en nag oop mag wees.

Hier op aarde bedreig die nag-gevare nog die bestaan en voortbestaan van die kerk. Die poorte moet oop wees vir almal wat wil kom. Die poorte moet egter gesluit wees vir die ryk van die duisternis. Die duiwel mag nie 'n vastrapplek binne die stad kry nie. Die gees van die wêreld mag ons nie op sleeptou neem nie. Die gemeente is *in* die wêreld en nie *van* die wêreld nie. Wêreldgelykvormigheid is een van die magtigste wapens wat die Bose tot sy beskikking het.

Eindelik sal die dag aanbreek wanneer die nag vir ewig verby is. Die duiwel en sy engele en hulle volgelinge is dan in die ewige nag. Die nuwe aarde, waar die heilige Jerusalem sal wees, is geheel-en-al gesuiwer van alles wat donker en gevaarlik en verleidelik is. Alle nasies tree toe. "En hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring." Ja, ook alle skeidslyne wat op aarde bestaan het, val in die heerlikheid weg. Die bruid van die Lam is dan één in die ware sin van die woord.

Beteken dit dan dat, ook in die letterlike natuurlike betekenis van die woord, dit altyd dag sal bly en ons nooit weer 'n sonsondergang sal aanskou nie? In die lig daarvan dat ons met 'n visioen te doen het en, dat ons die dinge simbolies moet verklaar, meen ek dat ons dit nie só hoef te sien nie. "Jou son sal nie meer ondergaan nie en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig." (Jes. 60:20). Só teken Jesaja die heerlikheid in sy profetiese taal.

# 15 November: Die rivier van die lewe

Eseg. 47

*"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam."* (Openb. 22:1)

Nou begin Johannes in sy gesig die lewe in die heilige Jerusalem beskryf. Dit bring 'n nuwe wending in wat hy beskryf. Die lewensheerlikheid en saligheid kom nou aan die beurt. Ons deel nou alreeds ten dele daarin en sal ten volle die heerlikheid in die ewigheid belewe.

Die engel gaan voort om aan Johannes al die eienskappe van die stad te toon. Hy wys nou op die lewensvolheid en heilsgenieting. Ons hoor nou van die paradys-weelde wat die van die tuin Eden, waar Adam en Eva gewoon het, by verre oortref. In Adam se woonplek was daar ook 'n rivier wat later in vier lope verdeel is. Hierdie rivier in die heilige Jerusalem bevat *lewenswater,* helder soos kristal en stroom uit die troon van God en van die Lam.

'n Rivier van lopende water is die beeld van lewe – dit is lewende water. Staande water is gewoonlik onbruikbaar en ongesond. Ook die profeet Esegiël sien 'n soortgelyke rivier. Nadat hy die wonderlike tempel beskryf het, wat ook heenwys na die toekomstige heerlikheid, vertel hy van waters wat uitstroom onder die drumpel van die huis uit. Daarna sien hy hoe dit uit Jerusalem vloei en Ooswaarts na die Dooie See koers kies. Hoe verder dit vloei, hoe dieper word die stroom. Toe hy terugdraai, merk hy dat 'n menigte bome aan die oewers van die stroom groei. Daarna verneem hy van 'n engel dat die waters in die Dooie See vloei om die waters daarvan gesond te maak ". . . en die waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom." (Eseg. 47:9)

So teken Esegiël die stroom – eintlik maar dieselfde stroom wat Johannes ook sien in die heilige stad. Die stroom vloei nou alreeds onder die troon van God en die Lam uit. Dit is die stroom van die lewe wat gebring word waar die Heilige Gees en die Woord van God wat die nuwe lewe wek. Woestyne word omgeskep in tuine met vrugtebome wat hulle vrugte dra op hulle tyd. God is nou alreeds besig om sy stad te bou en sy tuin te plant. Daartoe stuur hy die stroom van lewende water die wêreld in. Die stroom word al dieper hoe verder dit vloei.

En die wonder is dat die Here mense – sondige mense – inspan om die stroom te laat vloei. Die Here Jesus sê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink. Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." (Joh. 7:37, 38). Ons les ons innerlike dors uit die stroom van die water van die lewe en daarmee kry ons nooit meer dors nie. "... elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." (Joh. 4:14)

Hierdie heerlike waarheid ken ons ten dele, want ons kry nog maar dors. Ons is nog onderhewig aan val en struikeling en ons probeer nog om ons dors elders te les. Eenmaal in die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde, sal dit egter nooit weer gebeur nie. Alle dors is vir ewig geles. Ons leef dan ten volle uit die stroom van lewende water. Dit kom van God en van die Lam, wat eertyds vir ons sondeskuld geslag is. Hy was dors, opdat ons nooit weer dors sal kry nie.

Esegiël praat egter ook van die poele en kuile wat nie gesond word nie. Die water daarin is sieklik en onwelriekend. Onthou dit! Meen u dat u die water van die lewe ontvang het, maar dam u dit in u eie innerlike op? Dan baar dit die dood. Dit moet vloei – na ander dorstiges toe.

# 16 November: Die boom van die lewe

Openb. 22:1-5

*"In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalfmaal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies."* (Openb. 22:2)

Só gaan Johannes voort om die paradys-weelde in die nuwe Jerusalem te beskrywe. Die stad het net een straat. In die middel van die straat vloei die rivier van die water van die lewe. Weerskante van die rivier sien Johannes die boom van die lewe. Dat hier gepraat word van *die boom* en nie van *bome* nie, kan ons as 'n kollektiewe enkelvoud beskryf – so iets as 'n bos of woud of boord. Dit kan egter ook beteken dat daar maar één boom van die lewe is wat 'n bepaalde simboliese betekenis inhou. Dan verwys dit net na één moontlik wese, naamlik die Lam, wat vir ons sondeskuld geslag is en vir ons die lewe gee.

Die voorstelling wys hier duidelik heen na die boom van die lewe wat in die tuin, Eden gestaan het. "En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin." (Gen. 2:9). Die bedoeling is dat die boom van die lewe dieselfde soort lewe gee as die water van die lewe. En die boom dra onophoudelik, die hele jaar lank, elke maand, sy vrugte. Ook dit hou weer die gedagte in dat die mense nimmer honger sal ken nie.

Sal die wonderboom alleen maar in die ewige heerlikheid groei en nie nou ook al nie? Lees ons verder dan is dit duidelik dat die boom nou alreeds bestaan. ". . . en die blare van die boom is tot genesing van die nasies." Ja, die boom is in die volle sin van die woord *lewensboom,*want selfs sy blare dien tot genesing. Maar in die ewige heerlikheid is daar geen heidennasies wat nog genesing nodig het nie. Daar is almal volmaak en heerlik en sonder gebrek of siekte of nood. Daarom sien hierdie beeld duidelik ook op ons bedeling. Dit dien nou alreeds tot genesing van die nasies.

Daartoe het ons Here Jesus Christus in die wêreld gekom. Hy het nie alleen gekom om Israel te genees nie, maar ook die heidenvolke. Hulle ontvang ook genade en die ewige lewe. Die ware of ewige lewe is die deel van almal wat ingaan in die nuwe Jerusalem – deur watter poort ook al. Die poorte staan oop na al die wêreldoorde; sodat die nasies toe kan loop, van die suide en van die noorde. So kom hulle deur die eeue heen en word genees . . .

Deur sy sonde het Adam die voorreg verloor om die vrugte van die boom van die lewe te eet. "Só het Hy dan die mens weggedrywe en gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak." (Gen. 3:24). Die boom van die lewe in die tuin van Eden het egter geprofeteer van 'n nuwe boom van die lewe. Hy, die Lam van God, het gekom en gely en gesterwe en vir ons die lewe verwerf. Sy dood maak van Hom die ware boom van die lewe en die geloof in Hom dien tot genesing van die nasies.

Waar die evangelie van Jesus Christus ook al verkondig word, kom daar genesing. Die evangelie het altyd 'n heilsame uitwerking – selfs in die geringste kennismaking daarmee. Vergeet tog nooit om te praat van die ware boom van die lewe nie. 'n Enkele woordjie kan dien tot genesing van 'n swakke en sondige mens.

En in die ewige heerlikheid sal ons nooit weer siekte ken of honger wees nie. Dan leef ons in die volle gemeenskap met die Lam.

# 17 November: Geen vervloeking meer

Gal. 3:1-34

*"En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie . . .*" (Openb. 22:3)

Dit is nie aangenaam as iemand jou verwens of vervloek nie. Hy spreek dan die wens uit dat jy deur een of ander ramp of oordeel getref mag word, wat jou sal verneder of selfs vernietig. Vreeslik is dit om mense na die hel te verwens. Vir ons Westerlinge het só 'n vervloeking egter dikwels geen betekenis meer nie. Ons steur ons nie daaraan nie en vergeet dit met 'n skouerophaling. Vir die Oosterse volke was dit in die Bybelse tyd veel ernstiger, indien iemand 'n vloek oor jou uitspreek. Vir die Jood was dit nog ernstiger wanneer 'n vloek uitgespreek word in die Naam van die HERE. Dan is dit nie bloot die klank van woorde wat jou tref nie, maar jy word werklik daardeur aktief geraak. God se vloekwoord werk verterend en oordelend en die uiteinde is die ewige verderf.

Daarom, sê Johannes, dat daar in die heilige Jerusalem geen enkele vervloeking meer sal wees nie. Daartoe bestaan daar geen rede meer nie. Alle sondigheid wat die toorn en oordeel van die Here na vore roep, is weggeneem. Dit is die aller-duidelikste bewys dat alles nuut gemaak is. Eindelik het die toorn van die Here tot rus gekom. Die Satan en sy volgelinge is vir ewig in die poel wat brand met vuur en swawel. Die nuwe aarde is skoon van alle onreinheid en sondigheid.

Ook hierdie uitspraak is al waar vir die nuwe Jerusalem of bruid van die Lam in hierdie aardse bedeling waarin ons leef. Vanselfsprekend rus die vloek van die Here nog op almal wat nie in Christus glo nie. Teenoor die vloek staan die seën van die Here. Paulus sê dat God aan Abraham die evangelie verkondig het met die woorde: "In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham. Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie . . ." Hy voeg dan hieraan toe: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang." (Gal. 3:10)

Christus het die aktiewe en oordelende vloek van God oor ons as sondaars vir ons gedra aan die kruis. Daarom was sy lyde nie maar dieselfde soort lyde wat mense gewoonweg ondervind nie. Daar is gewis baie mense – ook volgelinge van Jesus – wat liggaamlike pyn soos Hy of selfs erger moes verduur. Dit was egter 'n andersoortige lyde, omdat Jesus die vervloeking van die toorn van God oor ons sonde moes dra. Dit maak van Hom die *Lyder* op aarde, omdat Hy die *Vervloekte* was. Sy lyding was gelaai met die angel van God se ewige toorn oor ons sonde.

Daarom is elkeen wat in Hom glo nou al verlos van die vervloeking en vervul met die seën van God in Jesus Christus onse Here. Wat 'n verlossing en wat 'n onbegryplike genade het ons tog ontvang! Ons leef nie meer onder die vloek van die Here nie – 'n vloek wat soos 'n verterende vuur en 'n ewige gloed werk. Nee ons leef voor sy vriendelike aangesig, omdat Hy ons aansien in die Lam wat vir ons geslag is.

En tog, omdat ons sondaars bly, wat steeds struikel, het ons die ervaring van die seën van die Here nog nie volkome nie. Ons ken nog onrus en vrees – soms selfs helse aanvegtinge, as ons dink aan die ewige toorn van die Here. Maar in die heilige stad op die nuwe aarde, sal dit volkome weg wees. Daar is geen enkele vervloeking meer nie. Ook die waarheid word aan ons gesê om rus en vrede te bring in ons onrustige gemoed.

# 18 November: Hofhouding van God

Ps. 100

". . . *en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien."* (Openb. 22:3)

In die heilige stad wat van God uit die hemel neerdaal vestig Hyself ook sy troon op die nuwe aarde. Die heilige Jerusalem is dan die plek waar Hy in sy volle heerlikheid tussen sy onderdane woon. Saam met God op die troon is ook die Lam. As God uit God en Lig uit Lig hoort Hy daar. Hy deel in die Goddelike wese. Maar Hy is ook daar na sy menslike natuur, want Hy is die tweede Adam. Só is die mens in Hom verheerlik om te deel in die regeermag oor alle dinge tot in alle ewigheid. Die troon is immers sinnebeeld van God se volle heerlikheidsopenbaring en regering.

Daarom moet ons nou al buig voor God en die Lam. Ook die Lam moet ons aanbid soos sy volgelinge na sy opstanding gedoen het. Ook Hom moet ons bely soos Thomas: "My Here, en my God!" En nou alreeds moet ons God en die Lam dien. Ja, sy diens op aarde is ons ware vreugde en verlustiging. Dit gee aan ons die rus vir ons siele, omdat ons, geskape na sy beeld en gelykenis, hier alreeds in beginsel herskep is na sy beeld. Adam en Eva is geskape na die beeld van God om Hom te kan dien. Dit is waarom hulle bestaan het. Dit is hulle lewensdoel en bestemming. Daarom is dit ook die hoogste lewensvreugde vir 'n mens op aarde om aan Hom gehoorsaam te wees en Hom altyddeur te dien. Onrus en gewetenswroeging tree ons lewe binne wanneer ons aan Hom ongehoorsaam en traag is in sy diens. Die ongelowige mense het nooit die ware vreugde of rus vir hulle siele nie. Ja, daarom het hulle in die ewige verderf dag en nag geen rus nie.

Iemand het êrens geskrywe dat baie mense, wat graag in die hemel wil kom, daar nie tuis sal voel nie. Waarom nie? Omdat hulle hier op aarde traag is om die Here te dien, terwyl die gesaligdes Hom altyd sal dien – nag en dag. Dit is ons erenaam op aarde: *diensknegte van God.* Die benaming in Grieks is eintlik: *slawe van God.* 'n Slaaf behoort aan sy meester – só behoort ons aan die Here, want die Lam het ons tot sy eiendom gekoop met sy kosbare bloed.

Gelukkig is hierdie diens nie slawediens nie. Die aardse slaaf is immers nie vrywillig die eiendom van sy besitter nie. Die slaaf dien ook nie sy meester met sy hart nie, omdat hy gedwonge diens teen sy sin moet verrig. Dit is só hartverskeurend dat baie mense wat aan die kerk behoort, die Here met 'n slawe-mentaliteit dien. Hulle doen dit met onwillige harte en trae hande en slappe knieë – al sugtend en soms selfs met bitterheid en opstand. Sulke mense moet hulleself ernstig ondersoek of hulle in die geloof is. Hulle moet hulleself afvra of hulle nie nog maar slawe van die duiwel of van hulle eie-ek is nie. Hulle moet hulle in elk geval van hierdie sonde van traagheid bekeer – hoe gouer hoe beter. God het 'n blymoedige dienskneg lief.

Ons almal staan skuldig aan hierdie soort gedwonge diens. Ons almal moet ook gedurig opgeskerp word tot getrouheid. Daarmee ly onsself alreeds hier op aarde baie skade. Ons leef nie uit die ware vryheid waarmee Christus ons vrygekoop het nie. Gelukkig is hulle wat hulleself daaroor kwel, met alle mag teen die sonde stry en begeer om die Here hoe langer hoe meer gehoorsaam te wees!

En, ja, gelukkig sal ons ook van die sonde geheel verlos wees in die heerlike nuwe Jerusalem op die nuwe aarde. Dan sal ons met volle oorgawe en volle vreugde gehoorsaam wees aan elke wenk van onse Here.

# 19 November: Hulle sien sy aangesig

Hebr. 11:1-10

*"En hulle sal sy aangesig sien."* (Openb. 22:4)

In die heerlikheid wat ons te wagte is, sal wonderlike dinge gebeur. Ons sal God se aangesig sien en Hy sal ook in ons gesigte gesien word – op ons voorhoofde. Selfs dit is ook al in beginsel op aarde ons deel.

Hoe is dit moontlik? Het die HERE dan nie aan Moses gesê nie: "Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie?" (Ex. 33:20). Ja, dit is waar; 'n sondige mens kan God nie sien en bly lewe nie. Sy aangesig is soos 'n ewige gloed en 'n verterende vuur. Dit verteer alles wat onrein en sondig is. Met die heilige God mag 'n mens nie speel of spot nie. Hy laat selfs sy genade nie vertrap nie en wreek Hom op elkeen wat die bloed van sy eniggebore Seun verag.

En tog sê Job: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien." (Job. 42:5). Sy oog het God gesien. Hy verwys daarmee na die verskyning van die HERE in 'n storm. Vanselfsprekend was dit 'n versluierde verskyning, maar genoeg om Job tot berou in stof en as te bring. Daarom kan ons aflei dat Job die HERE gewis nie gesien het soos die gesaligdes Hom sal sien nie. Job het selfs nog in die geloof gesien. En dit het ons ook in beginsel. Ons sien God se aangesig ook in die geloof. Die geloof is "'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebr. 11:1). Job se ervaring was egter 'n werklike aanskoue – hy het dit ervaar. Hy het God gesien in wat met hom gebeur het. Op die wyse leer ons ook om te sien. Ons sien sy genade en sy krag en sy trou in wat ons ondervind. Dan sien ons iets van sy vriendelike aangesig, maar dit is nog verre daarvan dat ons Hom sien soos die gesaligdes Hom, in die heilige Jerusalem op die nuwe aarde, sal sien. Dit is nog, soos Paulus sê: "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig." (1 Kor. 13:12).

Maar wat dan van wat die Here Jesus sê: "As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en *het julle Hom gesien* ?" En dan staan ons ook verwonderd naas Filippus met die vraag: "Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg." Ja, Here doen dit, dan sal alle stryd en twyfel eens en vir altyd uit ons lewe verdwyn! En dan antwoord die Here Jesus asof in verwondering – dat sy dissipels nog só weinig geleer het: "Ek is só lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien? Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?" (Joh. 14:9)

"Glo jy nie?" Daar het ons dit weer: glo en jy *sien.* En in Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het, *sien* ons die aangesig van ons hemelse Vader, *indien ons glo.* En waar sien ons Hom op sy beste? Toe sy eniggebore Seun aan die kruis uitroep: "My God, my God waarom het U My verlaat?" Toe sien ons die vriendelike aangesig van die Vader na ons gekeer. Daarom versink sy eniggebore Seun in die helse benoudheid en pyn. Dit is die hoogste en heerlikste aanskouing van die aangesig van God op aarde. Meer as dit kan ons hier nie sien nie. Maar dit is waarlik vir ons genoeg om altyddeur voor sy aangesig ons lied van verlossing en vrede te sing.

Maar veel meer sal ons sien wanneer ons die straat van die nuwe Jerusalem in die heerlikheid bewandel. Dan is alle sluiers weg en alle raaisels opgelos en ons lewe elke dag voor sy aangesig, waarin ons lees van sy welbehae en grondelose liefde.

## 20 November: Sy naam op hul voorhoofde

Rom. 8:1-17

". . . en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." (Openb. 22:4)

Die Here voer sy beloftes uit. "Wie oorwin . . . Ek sal op hom die Naam van my God skrywe." (3:12). Hiervan lees ons ook in 14:1: "En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertig-duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe." Dit is dieselfde honderd-vier-en-veertig-duisend van wie ons lees in hoofstuk 7. Daar is hulle op hulle voorhoofde verseël, voordat hulle die beproewings-storms binnegaan. Agterna staan hulle dan as oorwinnaars op die berg Sion met die Naam van God op hulle voorhoofde. Daaruit kan ons aflei dat die seël op die voorhoof eintlik maar die wyse is waarop die Here sy Naam op hulle voorhoofde afdruk. Hulle dra derhalwe al in die lewe die Naam van God op hulle voorhoofde, hoewel dit nog nie so duidelik leesbaar is vanweë die sonde nie.

Die voorhoof van 'n mens is oop en duidelik sigbaar. Die Naam van God kan derhalwe duidelik op elkeen se voorhoof gelees word. In die ewige heerlikheid sal dit helder en duidelik leesbaar wees vir elkeen wat ons teëkom dat ons aan die Here behoort. Ons dra sy Naam as merkteken op ons voorhoof. Die dier uit die see, die Antichris – het ook sy diensknegte op die voorhoof gemerk. Elkeen word duidelik uitgeken as die eiendom van die Here, of van die dier.

Dit is nou alreeds in beginsel waar. Ons is immers alreeds in sy Naam verseël op die voorhoof. Ons dra al sy Naam. Ons is kinders van God: "Kyk, wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem word." (1 Joh. 3:1). 'n Kind vertoon die gelaatstrekke en karaktereienskappe van sy ouer. Só ontvang ons ook karaktertrekke wat aan die wêreld toon dat ons kinders van God is. Wanneer ons dink aan die eienskappe of deugde van God, onderskei ons tussen mededeelbare en onmededeelbare deugde. Dinge soos sy almag en alwetendheid en alomteenwoordigheid dra Hy nie oor aan 'n skepsel nie. Dit onderskei Hom van alle skepsele. Ons ontvang egter wél uit sy hand die vrugte van die Gees: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Gal. 5:22). Dit sien die mense in die lewe van die kinders van God – so asof hulle sy stempel of Naam op ons voorhoof geskrywe sien.

Ons dra ook die Naam van Christus. Ook dit beteken dat ons, net soos Hy, gesalf is met die Heilige Gees. Daarom is ons profete, wat sy Naam voor die mense bely. Ons is priesters wat gewillig en met dankbaarheid onsself as lewende, heilige, aan God welgevallige offers, aan Hom toewy. En ons is konings wat met 'n goeie en vrye gewete teen die duiwel en die wêreld en ons eie sondige natuur stry. Leef ons, soos 'n gesalfde van Christus moet leef, dan lees die wêreld sy Naam op ons voorhoofde. Hulle weet met wie hulle te doen het, wanneer hulle ons ontmoet. Ons is nie kleurloos en futloos nie, maar dra die merk van ons Heiland op ons voorhoofde.

Ons kan selfs hieruit aflei dat die kind van die Here ook sy hoof- verstandelike vermoëns – in diens van die Here gebruik. Hy dien nie die Here met sy gemoed en die ongeloof met sy verstand nie. Nee, hy is altyd en oral 'n kind van die Here – ook wanneer hy met sy wetenskapsbeoefening besig is.

Nou sien ons dit nog nie duidelik nie. Ons is nog gebrekkig en sondig. Op die nuwe aarde sal alle beletsels, om die Naam van die Here duidelik op ons voorhoofde te lees, weg wees.

# 21 November: Konings tot in alle ewigheid

Ps. 8

". . . *en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.'"* (Openb. 22:5)

Die mens is geskape om 'n koning te wees. "En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip." (Gen. 1:26). Só begin die geskiedenis van die menslike geslag. Hulle is geskape na die beeld van God en is anders as die diere. Die mens is die enigste lewende wese op aarde wat geskape is as 'n redelik, sedelik en godsdienstige wese. Hy is riie maar 'n ontwikkelde dier nie.

Ondanks die sondeval staan 'n mens, veral in ons tyd, verbaas oor die verstandelike vermoëns wat ons geslag ontvang het. As ons dink aan die tegniese wondere wat deur die menslike vernuf ontwikkel is, is dit duidelik dat hy nie van die aap kan afstam nie. 'n Nakomeling van die aap sou waarlik nie in staat wees om hom tegnies uit te lig, selfs bo sy aardse gebondenheid nie. Ruimtetuie, kernkragontwikkeling, rekenoutomate, mediese wonders, soos hartoorplantings – om maar 'n paar voorbeelde te noem – is die bewys van die waarheid dat die mens na die beeld van God geskape is en bedoel is om die koning van die aarde te wees.

Ongelukkig het dieselfde mens 'n slaaf geword en sy koningskap verloor. Ondanks sy tegniese hoogvlugte is hy, wat sy geestelike vermoëns betref, geknak. Deurdat Adam aan die duiwel gehoorsaam was en God se woord verwerp het, word die Satan die heerser op aarde. Hy verslaaf die mens. Selfs in sy verstandelike vermoëns word hy verduister, want hy glo liewer die leuen as die waarheid. Hy is innerlik ontluister en selfs dood in misdade en sondes. Hy het nog kennis en verstand en insig, maar sy uitsig is verdonker en sy vermoëns, om die goeie te doen, het hy verloor. So strompel hy voort in die donker van geestelike nood en verslawing. Die koning het 'n slaaf geword. Van nature is hy geneig tot die kwaad. Hy haat God en sy medemens en die liefde verdwyn uit die samelewing tussen mense en volke en nasies.

En tog sien ons op aarde weer iets van die ware koningskap waar die Here ingryp en mense weer gebore word deur die Heilige Gees. Maar dit bly op aarde nog 'n stryd – 'n geveg ten bloede toe – teen die duiwel, die wêreld en ons eie sonde. Die gees van die koning het egter weer ontwaak en ons stry – en struikel en val en staan deur die krag van die Gees weer op ... En hou aan en hou uit tot die dood toe, want die Here gee die genade om te volhard.

En wanneer die dood kom ? Dikwels is dit 'n marteldood omdat die koningskind nie wil buig voor die afgode van die wêreld nie. Dan gaan die siele na die hemel toe, waar Christus ons Koning is, en regeer vanuit die hemel saam met Hom – "vir duisend jaar." (Openb. 20). Dit is egter nog nie die finale koningskap nie. Dit kom eers in die heilige Jerusalem, nadat die tussentydse regering van die siele van die wat gedood is, beëindig is met die wederkoms van Christus en die eindoordeel.

Dit sien Johannes nou hier. Nou is die mense, wat volhard het tot die einde toe vir ewig konings en regeer saam met hulle Here oor alle dinge.

Hoe sal dit dan wees? Dit sal ons eenmaal sien – die van ons wat daar kom. Die heerlikheid het geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom nie.

## 22 November: Die woorde is betroubaar en waaragtig

Openb. 1:1-3; 17-19

*"En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig."* (Openb. 22:6)

Ons het nou aan die einde gekom van die eintlike Openbaring. Nou volg, wat ons kan noem, die slotopmerkings. Dit is egter nie vir ons van minder belang nie. Die Here wil dit nogeens benadruk dat alles wat in die boek beskryf is, die waarheid is. En Hy dring nog vir laas daarop aan om die profesieë tog ernstig op te neem en dit te bewaar.

"En Hy het vir my gesê . . ." Wie is nou aan die woord? Dit is klaarblyklik nou die Here self wat persoonlik hier na vore tree en spreek. Al sou die engel, wat in die vorige gedeelte vir Johannes die stad gewys en beskrywe het, nou nog praat, het ons hier tog die eintlike woorde van God self. Die engel is bloot die mondstuk van God. Net in die volgende vers praat die Here Jesus in die eerste persoon.

..En Hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig." Hierdie versekering geld nie alleen vir wat nou verderaan gesê gaan word nie, maar sien op die hele boek Openbaring. Dit is inderdaad die Woord van God – net soos die Ou Testament. Die Here het self die dinge geopenbaar en daarom is dit betroubaar en waaragtig. Dit is nie maar iets wat uit Johannes se innerlike opgekom het nie. Dit is nie sy eie gedagtes nie, maar dit kom van God self.

Daarom moet ons dit ernstig opneem en glo dat dit betroubaar is. Ek persoonlik het selfs stryd en angs belewe toe ek sien hoe waaragtig en betroubaar die woorde is, in die lig van die wêreldgebeure van ons tyd. Ek vrees vir myself en my dierbares as ek sien hoe die huidige wêreldtoestande duidelik pas in wat in die boek gesê word. Indien u saam met my tot hier gekom het, sal u begryp waarom dit gaan. 'n Gelowige mag nooit sy verwagtinge op die aarde en aardse dinge vestig nie. Hy moet weet dat hy hier alleen maar 'n pelgrim is – op reis na sy ewige tuiste. En tog is dit nie vir ons maklik om ons volk en vaderland en die wêreld waarin ons woon, te sien wegsink in die greep van die verslawing van die antichristelike magte nie. Dit maak ons bang – veral as ons ons eie swakheid ken.

Aan die ander kant is dit ook ons krag. Ons geloof in die Woord van God word bekragtig deur wat ons voor ons oë sien gebeur. Ook dit bevestig dat hierdie woorde betroubaar en waaragtig is. Wat die boek Openbaring betref, kan ons gerus ons belydenis nasê: "En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk dit aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat dit van God is; en omdat dit ook die bewys daarvan in sigself het, *aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."* (N.G.B. art 5).

Daarom kan ons die toekoms, wat na alle menslike berekeninge donker is, tegemoetgaan. Omdat die Here se Woord betroubaar en waaragtig is, is Hy dit ook. Hy bewys sy waaragtigheid en betroubaarheid in die vervulling van die profesieë voor ons oë. Daarom kan ons ook staatmaak op sy ander woorde – sy beloftes dat Hy ons sal bewaar en aan ons die ewige heerlikheid sal gee. En ontvang ons dan nie die krag wat alle verstand te bowe gaan nie?

Die wete laat ook die geloofsroep in ons harte ontwaak en steeds sterker groei: "Kom, Here Jesus – ja, kom gou!"

# 23 November: Die God van die Heilige Profete

Openb. 22:6-10

*"En Hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur."* (Openb. 22:6)

Ons het alreeds stilgestaan by die uitspraak dat die woorde van hierdie boek betroubaar en waaragtig is, op grond daarvan dat die profesieë in die geskiedenis bewaarheid word. Ons sien dit voor ons oë gebeur. Dit is egter nie al rede waarom dit betroubaar en waaragtig is nie. Dit is selfs nie die belangrikste rede nie. Die Here self noem dit nie eens hier as 'n rede daarvoor nie – hoewel Hy dit elders wél doen. Dink maar daaraan hoe dikwels ons in die Nuwe Testament lees dat 'n bepaalde gebeurtenis in die lewe van Jesus, of 'n bepaalde optrede van Hom, plaasvind "sodat die Skrif vervul sou word."

Luister wat sê die Here self: ". . . en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur." Ons kan derhalwe sê dat die woorde betroubaar en waaragtig is, omdat dit van God self kom. Dit is al. Dan hoef ons nie daaroor te redeneer of selfs bewyse in die geskiedenis te soek om te bepaal of dit in vervulling gaan nie. Omdat God self so gesê het, is dit betroubaar en waaragtig. Dit is vir ons die einde van alle teëspraak. Omdat die Here sê dat dit van Homself afkomstig is, is dit die Woord van God. Ook van die boek Openbaring geld wat vir die hele Bybel geld: "Die hele Skrif is deur God ingegee." (2 Tim. 3:16). ". . . want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Petr. 1:21).

Wanneer die Here Homself "die God van die heilige profete" noem, wil hy juis benadruk dat die boek Openbaring gelyk gestel moet word aan die ander Bybelboeke wat deur die profete geskryf is. Hy wys daarmee aan dat Hy die bron van alle ware profesieë is. Ook die Ou Testamentiese profete was geheel van Hom afhanklik en hulle woorde kom van Hom.

Ons kan allerlei "bewyse" aanvoer op grond waarvan ons die Bybel as betroubaar en waaragtig beskou. Daar is egter vir ons net één onwankelbare bewys en dit is dat die Bybel self sê dat hy die Woord van God is. Per slot van sake is ons alleen daarop aangewys. Dit is wat ons die *selfgetuienis* van die Skrif noem. Die bewys van sy Goddelike oorsprong het die Skrif in homself. Ons kan selfs die betroubaarheid van die Bybel nie buite sy selfgetuienis om bewys nie. Ons kan wél die vervulling van die profesieë aanwys om ons geloof in die Skrif te versterk, maar dit kan nooit as 'n objektiewe waarheidsbewys geld nie.

Maar hoe weet ons dan dat die Bybel die Woord van God is? *Ons glo dit.* Dit is al antwoord wat ons in wese het, maar gelukkig is dit geen wankelmoedige antwoord nie. Die geloof kom immers van die Heilige Gees en is daarom 'n vaste sekerheid wat die Here in ons harte gee. Daarom verklaar ons belydenis dat ons glo dat dit van God is, "omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat dit van God is."

Ons staan per slot van sake voor die Here, alléén met die *geloof* in die waaragtigheid van sy Woord. En dit is vir ons genoeg. Ons leef immers uit die *geloof en* het vrede by God deur die *geloof* in Jesus Christus en hoop in die *geloof* op die toekoms wat die Here vir ons berei. En die wonder van God se genade is dan nie alleen dat die Skrif die *voorwerp* is waarin ons glo nie, maar selfs die *oorsprong* daarvan is. Hy werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die evangelie. Volhard in hierdie geloof en u beërwe die ewige heerlikheid.

# 24 November: Kyk, Ek kom gou! (1)

Jes. 11:1-10

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7) *"Staan op, word verlig, want jou lig kom..."* (Jes. 60:1)

Nadat die Here benadruk het dat die dinge wat Hy geopenbaar het. betroubaar en waaragtig is, sê Hy: "Kyk, Ek kom gou!" Ook dit is betroubaar en waaragtig. Dit is net só seker en gewis as wat die Bybel waar en seker is. Sy koms is juis in die voorafgaande dinge beskryf. Van begin tot einde handel die boek Openbaring oor die koms van Jesus Christus.

Sy koms is in die Ou Testament aangekondig. Jesaja sê bv. tot Jerusalem: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op!" (Jes. 60:1). Sefanja kondig sy koms weer só aan: "Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die HERE! Bitterlik skreeu die held daar. Die dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag." (Sef. 1:14, 15).

Soos ons kan sien in die twee aanhalinge uit die Ou Testament, beskou die profete die koms van die Here enersyds as 'n dag van verlossing en vreugde en andersyds as 'n dag van oordeel en donkerheid. Só is sy koms immers: Hy kom om te oordeel en Hy kom om te verlos. Die proleet uit die Ou Testament onderskei nie 'n eerste en tweede koms van Christus nie. Hulle sien in die verskiet maar één gebeurtenis – die aardse koms van Jesus in die vlees, toe Hy in Betlehem gebore is en sy koms op die wolke om te oordeel, sien hulle as één groot gebeurtenis. In die lig van die Nuwe Testament eers kan ons duidelik onderskei dat die profete van die Ou Testament 'n tweërlei koms teken, in die wyse waarop hulle dit beskrywe.

Jesaja 53 handel oor die eerste koms. Daar teken hy die lyde van die Kneg van die HERE op die aarde. Dit is ook duidelik dat hy die Messias in ons plek sien ly: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dit het die Here Jesus gedoen toe Hy op aarde was. Vanaf Betlehem tot Golgotha was sy weg 'n weg van vernedering. Veral aan die einde daarvan aan die kruis, kom sy straf in ons plek duidelik aan die lig. Só is die profesieë uit die Ou Testament vervul in sy eerste koms.

In Jes. 11 en baie ander uitsprake teken die profete egter die ryk van die Messias in terme wat weer op die ewige heerlikheid van toepassing is.

"Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isaï, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus ... Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja." (Jes. 11:1, 6) Ook Daniël sien duidelik sy wederkoms: "... en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens ... En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap ..." (Dan. 7:13, 14).

Sulke uitsprake handel oor die wederkoms, hoewel die profete dit nie onderskei het nie. By hulle gaan dit eintlik maar om één gebeurtenis. Eers in die lig van die Nuwe Testament verstaan ons dat daar van twee gebeurtenisse in die geskiedenis gepraat word. Ook daarom het die Jode Hom met sy eerste koms nie herken nie. Veral vanweë die wyse waarop hulle die profesieë uitgelê, en die nadruk op 'n sigbare aardse verlossing en herstel van die volk Israel gelê het, het die Jode Jesus verwerp.

Mense van ons tyd maak gewoonlik die fout andersom. Hulle vertel hulle kinders graag van liewe Jesus. Hulle onthou hom dikwels ook alleen as die *Lam* en vergeet dat Hy ook die Leeu uit die stam van Juda is. Hy is vir baie mense 'n soort matte en magtelose liewe Jesus, wat Hom nie kan vertoorn nie. Vir sulke mense kom sy oordeel soos 'n dief in die nag. Ons moet altyd onthou met wie ons te doen het.

# 25 November: Kyk, Ek kom gou (2)

Matt. 24:36-44

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*"...so sal die koms van die Seun van die mens wees."* (Matt. 24:37)

Ons het nou enkele uitsprake in die Ou Testament kortliks behandel oor die wederkoms van die Here Jesus. By hierdie geleentheid kyk ons na 'n paar uitsprake van die Here Jesus self.

Hy sê: "Want soos die weerlig uit die Ooste uitslaan en tot in die Weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Matt. 24:27). "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Matt. 24:37). Die Griekse woord wat die Here hier gebruik vir *koms* is *parousia.* Kom ons gee eers 'n bietjie aandag aan die woord *koms* of *parousia.*

In die tyd van die Nuwe Testament word die besondere woord gebruik vir die aankoms van die koning of keiser of een van sy hoë verteenwoordigers. Dit gaan gepaard met groot prag en praal en die bevolking bring aan hom allerhande geskenke. Die vors se koms beteken immers vir die volk 'n groot voorreg of seën, want dit ontsluit 'n nuwe tydperk van geluk en vrede. Die ou Oosterse wêreld het hulle eie advents-verlange geken wat uitdrukking vind in uitroepe soos: Kom keiser – kom koning, kom gou! Die parousie was die koninklike koms om vrede te bring, maar ook om opstandelinge te straf en dan veral om die heerlikheid van die vors te openbaar en sy weldade mild uit te strooi.

Wanneer die Here Jesus en sy apostels dieselfde woord kies om sy wederkoms aan te dui, is dit vir almal duidelik wat Hy bedoel. Sy koms is die koms van 'n Koning om te oordeel en sy heerlikheid te openbaar en sy volk met gawes en seëninge te oorlaai. Die mense het daarom begryp waarom dit gaan en daarna uitgesien en geroep: "Kom, Here Jesus!" Kom tog gou!

Sy koms is met groot heerlikheid en duidelik sigbaar vir die hele wêreld. "Want soos die weerlig uit die Ooste uitslaan en tot in die Weste skyn, so sal die koms van die Seun van die mens wees." "En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." (Matt. 24:30.) Hier is dit ook duidelik dat die Here Jesus sy wederkoms vereenselwig met die profesie van Daniël: ". . . en kyk, met die wolke het Een gekom soos die Seun van 'n mens". (Dan. 7:13).

Maar sy parousie is ook onverwags vir die mensdom. Hy kom wanneer Hy nie verwag word nie. "Maar van die dag en die uur weet niemand nie, ook nie die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos hulle in die dae van Noag was, so sal die koms van die Seun van die mens wees." (Matt. 24:36, 37). Hulle het rustig voortgegaan om te eet en te drink; hulle het getrou en bruilofsfeeste gereel, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe is hulle onverwags oorval deur die stortreën en kom hulle om in die oordeel uit die hemel.

Daarom roep die Here Jesus ons toe: "Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie!" (Matt. 24:42). Dit is waarom Hy ons maan om te let op die tekens wat sy koms voorafgaan. Die tekens vertel van sy naderende voetstappe. Al die tekens het ons dwarsdeur die boek Openbaring ondersoek. Die Here laat ons nie in die duister nie. Hy roep aanhoudelik en word nie moeg om dit oor en oor te doen nie. Gee dan ag op die tekens en word tog wakker. . .

"Kyk, Ek kom gou!" Gelukkig is elkeen wat Hom verwag en gereed sal wees om Hom te ontvang. Dit is hulle wat in hulleself gesterf het en nou in die Here leef.

# 26 November: Kyk, Ek kom gou (3)

1 Tim. 6:12-21

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

". . . *tot by die verskyning van ons Here Jesus Christus."* (1 Tim. 6:14)

Die Nuwe Testament gebruik nog 'n ander woord behalwe parousia vir die koms van die Here Jesus. Paulus skryf: "Ek gebied jou ... dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die *verskyning* van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die here." (1 Tim. 6:13-16). ". . . en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die *verskyning* van sy wederkoms tot niet sal maak." (2 Thess. 2:8).

Wanneer die Here op die wolke kom, dan *verskyn* Hy en alle oë sal Hom sien – ook hulle wat Hom deursteek het. Die woord *verskyning* bevat die hoofgedagte dat die lig van die son deur die wolke breek en sy helder glans oor die hele landskap versprei. So kom onse Here en sy heerlikheid breek deur die wolke van sonde en ellende en verlig die hele aarde. Hy is daar agter die wolke en donkerheid en Hy is besig om te kom. Juis die donker nood op die aarde vertel aan ons dat Hy in aantog is. Hy is die komende Koning. Die skaduwees van sy aantog val voor Hom uit op aarde. Dit het ons baie duidelik gesien in die behandeling van die boek Openbaring.

Maar hierdie koms of verskyning van die Here word ook aangedui met die woord *openbaring.* In 'n bepaalde opsig sluit dit nou aan by die begrip *verskyning.* Openbaring beteken dat iets wat bedek is aan die lig kom – 'n bedekking word weggeneem of 'n deksel word opgelig en dit, wat agter die bedekking verskuil was, word gesien. By *verskyning* gaan dit egter om *Wie* verskyn, maar by *openbaring* om *wat* aan dit lig kom. Hy neem die deksel weg om sy koninklike eer en die oordeel wat Hom gegee is, bloot te lê voor die oë van alle mense. Só bemoedig Paulus die gemeente wat verdruk word. Hy sê: ". . . en aan julle wat verdruk word verligting te gee saam met ons in die *openbaring* van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." (1 Thess. 1:7, 8).

"Kyk, Ek kom gou!" sê die Here. Daarmee breek Hyself in heerlikheid deur die newels wat sy lig en krag verberg vir die oë van die mense. Hyself *verskyn* en word gesien. In sy verskyning *openbaar* Hy egter ook sy weldade aan hulle wat Hom liefhet en sy oordeel oor hulle wat Hom verwerp. Daarom is die verkondiging van sy koms die verkondiging van sy evangelie. Die evangelie het altyd twee kante – verlossing en oordeel. En moet nooit probeer om "barmhartiger" as Jesus te wil wees en die oordeel wegpraat of geringskat nie. Dan is ons juis onbarmhartig, want ons laat mense in valse vrede lewe. 'n Mens mag nie uitstel om vrede met Christus te maak nie. Soek die Here terwyl Hy te vinde is en roep Hom aan terwyl Hy naby is. Die tyd van genade gaan verby – daarom: bekeer jou tot die Here en roep Hom aan!

Aan die ander kant kom Hy in die donker. Hy kom wanneer sy kerk op aarde die allergrootste nood denkbaar belewe. Hy kom om te verlos uit die aardse heerskappy van die Antichris en die Bose. Dit gee krag en troos aan sy gemeente op aarde. Hulle weet die verdrukking is tekens dat Hy gou kom. "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." (Luk. 21:28-31).

# 27 November: Kyk, Ek kom gou (4)

Luk. 13:22-30

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

Afgesien van die afwykende opvattings van die Chiliasme, waarby reeds stilgestaan is, is daar i.v.m. die wederkoms van Christus nog ander wanopvattings waarna ons kortliks moet kyk. Alreeds sedert die eeu na die Hervorming, vanaf die 16de eeu, het allerlei strominge begin afwyk van die opvatting van die Gereformeerde Kerke. Hoewel hulle verskil in uitgangspunt en doelstelling, het hulle één gemeenskaplike trek. Hulle is *optimisties oor die toekoms van die huidige wêreld, waaruit 'n nuwe orde sal opbloei as gevolg van die inspanning van die mens self.* Die heilstaat daal nie uit die hemel neer nie, maar kom op uit hierdie aarde en die mens sal dit eenmaal so vér bring dat die aarde 'n paradys word. Alles wat die Bybel hieroor sê, is, volgens die mense, niks anders as 'n profesie, in Oosterse beelde geklee, van die toekomstige wêreld, waarin die berge vrede dra en alle leed verdwyn het.

By sommige strominge is dit 'n soort van heilstaat, wat deur hulle eie inspanning – of ten minste ten dele as gevolg daarvan – tot stand sal kom. Die rasionalisme meen dat die paradys op aarde bewerk sal word deur die verstandelike inspanning van die mens self. Volgens die humanisme is die Bybelse gegewens bloot 'n aanwysing van 'n beter wêreld wat deur die verbetering van die humaniteit of menseregte en beskawing – soos wetenskap en kuns en sedelikheid en regverdigheid – bereik sal word. Die materialisme dink weer aan 'n toekomstige utopie van stoflike welvaart en sosiale geregtigheid, waarin alle mense in oorvloed sal lewe. Hiertoe is die sogenaamde Neo-Marxiste dan selfs bereid om die kerke en die kommunisme saam in te span, om die verhewe stoflike ideaal te bereik.

Teenoor hulle, en nog baie ander strominge met aardse verwagtinge deur die inspanning van die mens self, moet ons vashou aan die hoofmomente in die Skrif wat die wederkoms betref.

Eerstens leer die Bybel baie nadruklik dat die wêreldgeskiedenis, soos ons dit ken, beëindig word met die koms van Christus. Dit is verby! In 'n bepaalde punt van die tyd – 'n oomblik of oogwink, of uur of dag gaan hierdie bedeling verby. Die laaste dag breek aan. Dan is die tyd van genade verby en alles word radikaal anders.

Die koms van die Here beteken ook nie 'n spiritualistiese of idealistiese verandering nie, maar Christus kom sigbaar en werklik. Hy verskyn soos 'n bliksemstraal wat deur die wolke skiet en alle oë sal Hom sien – die wat dan nog lewe en ook die dooies, wat dan weer opgewek word.

Die koms van die Here beteken ook die aanbreek van die eindoordeel. Dan kom die groot skeiding van mense – sommige beërf die ewige lewe en andere die ewige straf of tweede dood.

Ten slotte bring die wederkoms van die Here sy ryk van vrede en vreugde op die aarde, maar dit is die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Dit kom nie maar voort uit hierdie wêreld en is nie 'n produk van die gees van die mense wat op die aarde woon nie. God gryp self in – werklik en radikaal en maak alles nuut.

By al die dinge het ons alreeds stilgestaan, maar dit is goed en noodsaaklik dat ons daaraan vashou, om koers te kan hou deur al die verwarrende denkbeelde heen, wat in ons tyd só wélig rondom ons toekomsverwagtinge opspring. Ons is hier op aarde pelgrims wat op reis is na die ewige stad, die heilige Jerusalem, wat van God uit die hemel neerdaal. O ja, ons werk en ons moet hard en getrou werk, maar ons doen dit nie om self 'n paradys op aarde uit te werk nie. Ons werk omdat ons dankbaar is vir wat ons al ontvang het en nog sal ontvang – uit genade alleen.

# 28 November: Kyk, Ek kom gou (5)

2 Thess. 2:1-12

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

". .. *asof die dag van Christus al daar is."* (2 Thess. 2:2) Oor die koms van Christus is daar vrae wat die kerk deur die eeue heen besig gehou het. Die eerste vraag wat sterk na vore gekom het is: Wanneer kom die Here? In die ou Christelike kerk is die koms byna vanselfsprekend *gou* verwag. Die Here self sê immers: "Ek kom *gou."* Só het die gelowiges in die gemeente van Thessalonika verwag dat die koms van die Here op hande is – sommer binne 'n paar maande of 'n paar jaar. Paulus waarsku hulle egter "om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie – deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees – asof die dag van Christus al daar is."

Waarskynlik was daar in die gemeente mense, wat voorgegee het dat hulle profete is en deur die Gees bepaalde openbaringe ontvang het, dat die koms van Christus baie naby is. Hulle of andere sou selfs verwys het na 'n bepaalde *woord* of *brief van* Paulus, waarin hyself ook sou gesê het dat dit só is. Hierteenoor waarsku Paulus dan dat hulle tog duidelik die geeste moet onderskei en hulle nie op loop moet laat jaag nie. Eers, sê hy, moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word – dit is die Antichris. Hy wys dan daarop dat die mens van die sonde nog weerhou word.

Hierdie verklaring van Paulus en die gang in die boek Openbaring kom treffend ooreen. Ook die apostel Petrus het te doen met vrae oor die *wanneer* van die koms van Christus. Hy verwys egter na spotters wat vra: "Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." (1 Petr. 3:4).

Teenoor die twee uiterstes, naamlik, dat, óf die koms van die Here in ons tyd òf op die een òf ander bepaalde dag sal plaasvind of dat sy koms in die verre verskiet lê en ons dit uit ons gedagtes kan verdring, het die kerk deur die eeue heen vasgehou aan wat in ons Kategismus gesê word: "Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker as 'n Regter uit die hemel kan verwag . . . wat my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem."

Die uur en die dag kan ons rustig in die hand van die Here laat. Hy ken sy tyd. Ons moet Hom egter uit die hemel *verwag* – altyd. Ons moet elke dag só lewe dat ons lampe brandende is. Dan sal die dag ons nie soos 'n dief in die nag oorval nie! "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag . . . Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees... Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, *of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe."* (1 Thess. 5).

In bepaalde kringe is dit 'n soort spel om mense bang te maak met die wederkoms van Christus. Dan word dit só voorgestel asof Christus se koms al hier is. Ongelukkig maak die soort "profesieë" van die wederkoms 'n klug. Dit maak die Bybel en die kerk van die Here in die oë van die wêreld tot 'n belagging. Dan skud onverskilliges juis die verwagting van die wederkoms met 'n skouerophaling van hulle af. Ons mag ons nie op die pad begewe nie.

Maar – en dit is vir ons van lewensbelang – ons moet só lewe dat ons Hom elke dag kan ontvang. Het 'n mens die ware geloof en leef jy soos 'n Christen moet lewe, dan sal die dag jou nie soos 'n dief oorval nie.

## 29 November: Kyk, Ek kom gou! (6)

Matt. 10:16-28

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*"En wanneer hulle julle vervolg in die één stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voor dat die Seun van die mens kom nie."* (Matt. 10:23)

Hier praat die Here Jesus met sy twaalf dissipels toe Hy hulle uitstuur na die stede van Israel om sy evangelie te verkondig. En dan kom die uitspraak daarin voor. Hulle sal vervolg word en moet dan van een stad na 'n ander vlug. Só sal hulle kan aanhou vlug tot met sy wederkoms.

Daar is wél Skrifverklaarders wat meen dat die *koms* van die Seun van die mens hier sien op sy opstanding en hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees. Dit is egter die gewone uitdrukking om die *wederkoms* van die Here aan te dui en ons moet dit só aanvaar. Ons het selfs ook ander uitsprake van die Here Jesus wat dieselfde indruk wek – só asof die Here verwag het dat Hy baie gou sou kom. "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie." (Matt. 16:28). Hy sê ook aan die Joodse Raad:" Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God, en kom op die wolke van die hemel." (Matt. 26:64).

Volg uit sulke uitsprake nie dat ons Heiland self sy wederkoms gou verwag het nie? Hierdie uitsprake kan ons groepeer onder die soort Skrifuitsprake waarin die "samevattende karakter van die profesieë" gesien word. Gebeurtenisse wat soms eeue van mekaar verwyder lê, word deur die profete dikwels in een asem genoem. Veral oor gebeure in die eindtyd word dikwels só geprofeteer. Wanneer die Here Jesus in Matt. 24 en 25 handel oor die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 n.C. en ook oor die eindgebeure en sy wederkoms – eeue later – dan vloei die tweevoudige voorspelling ineen. Die verwoesting van Jerusalem word bv. geteken in beelde en kleure wat eintlik pas by die eindgebeure. In Hand. 2:17-21 haal Petrus aan uit die profesie van Joël, waarvan 'n gedeelte presies op die uitstorting van die Heilige Gees pas, maar die res duidelik sien op die eindgebeure – en dit word gesê asof dit één gebeurtenis is.

Daarom is dit hoegenaamd nie vreemd vir die Here Jesus om op die wyse van sy wederkoms te praat nie. Hy sien die groot stryd tussen sy apostels en hulle vyande soos dit deur die eeue heen voortduur en uitloop op die vervolging aan die einde. Sy gemeente vlug van stad tot stad. Doen dit gerus, sê die Here. Wanneer die Seun van die mens kom, sal daar nog 'n plekkie vir sy getroue volgelinge wees. Hulle sal nog nie klaar wees met die stede om heen te vlug nie. Wees daarom nie bang nie en moenie wanhoop nie. Selfs in die bitterste vervolging, sal daar vir julle nog plek wees om heen te vlug.

Dieselfde gebeur wanneer die Here sê dat sommige wat by Hom staan die dood sekerlik nie sal smaak, voordat hulle Hom in sy koninkryk sien kom het nie. Die Here se koms in sy koninkryk sien Hy as één gebeurtenis wat begin met sy opstanding en hemelvaart en uitloop op sy wederkoms. Op dieselfde wyse sien die Here ook in ander uitsprake sy toekoms. Ons kan derhalwe nie hiervan aflei dat sy uitsprake nie in vervulling gegaan het nie. Ons moet dit verklaar in die lig van die profetiese karakter daarvan, en dan is dit nie buitengewoon dat gebeure oor dieselfde saak saam genoem word, al lê dit soms eeue uitmekaar nie. Die Here Jesus self teken wél die eindgebeure soos dit elders beskryf word.

Hy kom gou . . . Ja, Hy is besig om te kom.

# 30 November: Kyk, Ek kom gou! (7)

Hand. 1:1-11

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*"Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so*

*kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."* (Hand. 1:11)

Tussen die Here se geboorte in Bethlehem en sy lewe op aarde en sy sterwe en opstanding en hemelvaart en wederkoms is daar 'n baie innige verband. Die eerste koms berei die tweede voor en vind daarin sy bekroning. Die wederkoms van die Here Jesus vervolmaak sy Middelaarswerk en voer die vleeswording tot sy ewige bestemming. Wanneer Hy opvaar na die hemel, is sy werk verbonde aan sy eerste koms afgesluit. Maar daarmee is al sy werk nog nie voltooi nie. Dieselfde Jesus, wat hier gebore is en geleef en gely en gesterf het, kom weer. Dan kom Hy in sy volle heerlikheid.

"So sal Christus ook, nadat Hy eenmaal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid." (Hebr. 9:28). Ons Here se wederkoms is ook die vrug van sy lyding. Hy het nie alleen self opgevaar na die heerlikheid nie, maar Hy kom weer om aan die wat Hom verwag ook die ewige geluk te gee, waarin ook hulle na siel en liggaam sal deel. Die Here kan in sy majesteit verskyn, omdat Hy hier op aarde die doringkroon gedra het en aan die skandhout gesterf het. Daarom gee sy Vader ook aan Hom die oordeel oor die lewendes en dooies.

Hiervoor moet ons oë oop wees. Dat ons sondes vergewe is en dat ons vrede met God het deur die geloof in Jesus Christus, verseker ook aan ons die heerlikheid van die opstanding en die ewige lewe op die nuwe aarde. Dieselfde Heiland wat in Betlehem gebore is en Hom vir ons verneder het om die gestalte van 'n dienskneg aan te neem, kom as ons Koning op die wolke. Hy wat vir ons die weg gebaan het deur die dood heen na die Vaderhuis met sy baie woninge, kom om ons ook na Hom toe te neem, sodat ons ook kan wees waar Hy is.

So word die woord wat vlees geword het se vleeswording voltooi, want met sy wederkoms kom woon God by die mense. So word ook sy lyde en sterwe voltooi, want sy losgekoopte bruid, sy gemeente word na die Vader in die heerlikheid gelei. Ook sy opstanding is dan voltooi, want die volle nuwe lewe breek aan op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Daar is geen moeite of verdriet meer nie en die dood is vir ewig verby. Alles wat Hy begin het om te doen met sy eerste koms, is nou afgerond en voleindig. Die Satan is geheel oorwin, die mag van die duisternis is gebreek; die verlossing van sondaars en die redding van die mensdom is voltooi. Alles kom in sy wederkoms tot hulle bestemde einde en alle beloftes is dan volkome vervul.

Christus se wederkoms is nie 'n willekeurige toevoeging tot sy werk op aarde nie, maar dit is die noodsaaklike en onmisbare afronding daarvan. Daarmee word die kroon finaal op sy werk geplaas, wanneer Hy ten volle verhoog is. Die "eskatologie" – die leer van die laaste dinge – is gegrond in die Christologie en "is self Christologie, leer van die eindelike, volkome triomf van Christus en van sy ryk oor alle vyande." (Prof. H. Bavinck: Geref. Dogmatiek IV bl. 762, 763).

Die vastheid van ons hoop op die wederkoms lê vas geanker in die koms van onse Here op aarde. Hy wat vir ons gely het, sal weer kom om ons na Hom toe te neem. Hy het nie tevergeefs gely nie. Hy voleindig wat Hy begin, ook vir u en my wat Hom verwag.

# 1 Desember: Kyk, Ek kom gou! (8)

Luk. 16:19-31

*"Kyk, Ek kom gou.!"* (Openb. 22:7)

*"Dit kom julle nie toe om die tye en geleenthede te weet wat die Vader*

*deur sy eie mag bepaal het nie."* (Hand. 1:7)

Die Here se wederkoms is die konsekwente uiteinde van die werk wat Hy op aarde begin het. Daarom is Hy alreeds besig om te kom. In die geskiedenis van sy kerk en in wat in die wêreld gebeur, sien ons sy voetstappe wat naderkom tot met sy verskyning. Die Son is alreeds agter die wolke en op die uur en die dag breek dit deur en straal sy glansende lig oor die hele wêreld uit.

Ons mag dit egter nie verkeerd verstaan nie. Ons moenie dink dat sy wederkoms die einde van 'n geestelike proses is, wat binne en buite die kerk deur die arbeid van die kerk self voltrek is nie. Die "parousie" – koms van ons Koning – is nie die produk van een of ander soort ewolusie of rewolusie wat bewerk word deur mense nie. Hier gaan dit nie om die voltooiing van die sogenaamde christianisering van die wêreld, sodat die hele aarde deur die Christelike lewe bedek sal wees nie. Die goeie menslike pogings wat bloot humanisties soek na die voltrekking van 'n aardse welsynstaat, kom nie hier te pas nie.

Die nuwe of heilige Jerusalem kom nie op uit die aarde nie, maar daal neer uit die hemel. Nie ons, met al ons vroomheid en ywer en Christelike aktiwiteite, bewerk dit nie. Nie ons sending en evangelisasie-aksies laat die groot dag kom nie. Nee, dit is geheel-en-al 'n gawe van God. Hy kom op sy tyd en wyse en volgens sy welbehae.

Omdat die dag en die koms van die Here Jesus 'n gawe van God is, bring dit ook iets nuuts in die skepping. Sy ryk groei nie geleidelik uit die tydelike dinge op nie. Nee, Hy tree van buite in hierdie verganklike skepping om dit geheel nuut te maak. Sy koms is 'n katastrofe vir hierdie wêreld. Dit gaan met gedruis verby, en die nuwe kom daaruit voort. God self gryp in. Geen kerklike sinode of wêreldkonferensie of Wêreldraad van Kerke of 'n vroom byeenkoms, kán sê: "Here Jesus, U kan nou maar kom. Ons is gereed om u te ontvang." (K. Dyk: De Toekomst van Christus," bl. 55).

Met die mensdom en die wêreld gaan dit ook soos met ons as gelowiges. Ons volmaaktheid is nie 'n langsaam-voortskreidende proses van heiligmaking nie. Nee, oombliklik, wanneer ons sterwe, lê ons die onvolmaaktheid af – alle sonde bly agter – en ons is volmaak heilig by onse Here in die hemel. Só kom ook vir die hele wêreld die toestand van volmaaktheid in 'n oomblik, wanneer Jesus op die wolke van die hemel kom.

Dit is eintlik die antwoord wat die Here Jesus aan sy dissipels gee, toe hulle aan Hom vra: "Here gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: "Dit kom julle nie toe om die tye en geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie." (Hand. 1:6, 7). Ons moet ons verwagtinge lê in die hand van ons hemelse Vader. Soos die dissipels moet ons sy getuies op aarde wees en daarin die middel om sy koninkryk te laat kom oor die hele wêreld. Die beslissing lê egter in sy hande. Hy vaar op na die hemel en vandaar af maak Hy die nuwe Jerusalem gereed. Vanuit die hemel berei Hy sy toekoms voor om weer te kom en die eeue af te sluit.

Ons arbeid deur die Woord en Gees van die Here is nie sonder betekenis nie. Ons moet daarin getrou wees. Ons berei die akker van die wêreld voor vir die oes. Hy kom egter op sy tyd om die oes in te samel en in sy koms verrig Hy die laaste en heerlikste heilsfeit en genadewonder in die geskiedenis.

# 2 Desember: Kyk, Ek kom gou! (9)

Luk. 18:1-8

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

". . . *maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?"* (Luk. 18:8)

Die Here Jesus kom wanneer Hy nie deur die wêreld verwag word nie. Selfs die kerk van Christus sal nie in spannende afwagting leef nie. Daarom vra Hy met droefheid: ". . . maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" *Die* geloof, waarvan Hy hier praat, is die ware geloof in God en sy evangelie; in Christus en sy wederkoms. Hier word wel in besonder gedink aan Christus se wederkoms; die geloof aan sy verskyning en oordeel.

Dit hang daarmee saam dat die eindtyd vir die gemeente van die Here moeilik sal wees. Op al die dinge het ons al vantevore gewys in die behandeling van Openbaring. Die valse profeet in die diens van die Antichris en die afvallige vrou Babilon, sal die menigtes agter hulle aanlok. Hulle sal met sataniese lis die mensdom verlei om in verwondering die Antichris te volg en te vereer. Die duiwel is dan losgelaat en hy versamel die nasies, die Gog en die Magog, om oorlog te voer teen die geliefde stad. Dit sal 'n wêreldwye vervolging wees, waarin elke belyder van Christus betrokke is.

Omdat baie tot afval kom en die geloof in Jesus verlaat, sal ook die geloof in sy wederkoms verflou. Maar dan is ook hulle geloof in die ewige saligheid daarmee heen. Daar sal relatief min ware gelowiges in die wêreld oorbly. Lees ons hiermee saam die gelykenis van die tien jong meisies, dan is dit duidelik dat selfs die ware gelowiges insluimer. Tien jong meisies neem hulle lampe en maak hulle gereed om die bruidegom te ontmoet. Vyf van hulle is verstandig genoeg om hulle kanne met ekstra olie te vul. Die ander vyf vergeet daarvan, want hulle lampe brand darem ten minste nog. En dan talm die bruidegom om te kom. En die Bruidegom is niemand anders as die Here Jesus nie. Hy kom wanneer Hy op die wolke van die hemel kom. Op Hom wag die kerk, met brandende lampe – die simbool van die lewende geloof.

Maar wanneer jare verbygaan en eeue word en die eeue mekaar opvolg, dan vervaag die verwagting. Soos iemand aan my gesê het: Elke geslag verwag die wederkoms in hulle tyd – en Hy het nie gekom nie. Waarom sou Hy nou juis in ons tyd kom? Eindelik raak almal aan die slaap. Niemand verwag die koms juis nou nie. Wanneer Hy kom weerklink die roep: "Die Bruidegom kom! Gaan uit Hom tegemoet!" Dan word baie slapendes wakker gemaak, omdat die dag dan nie verwag word nie. Hulle het nie juis toe daarop gereken nie. Hy kom middernag – wanneer almal slaap. Hy kom soos 'n dief in die nag.

Gelukkig is sommige slapendes gereed, al het ook hulle vaak geword. Waarom? Omdat hulle ekstra olie in hulle kanne saam met hulle lampe geneem het. Hulle het betyds voorsorg gemaak. Wat, sou ons sê, beteken die olie in die kanne? Die Here Jesus sê dit nie, maar ons kan wel aflei dat die mense ekstra moeite gedoen het. Hulle het nie maar so min moontlik geoffer om te kan sê: Ons het U verwag nie, terwyl hulle met hul hart glad nie by die Here was nie. Nee, hulle het uit die geloof geleef en het hulleself geoffer in sy diens. Daarom was hulle gereed om in te gaan. Maar hulle sal min wees, want behalwe die vyf dwase meisies, wat nog skynbaar op die bruidegom gewag het, is daar baie ander wat nie eers meer daaraan dink nie.

Sal die Here nog die geloof vind – by u? En by my ?

# 3 Desember: Kyk, Ek kom gou! (10)

Openb. 1:1-8

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien.* (Openb. 1:7)

Die Here kom onverwags – soos 'n dief in die nag – wanneer die verwagting na sy koms selfs in sy gemeente grootliks verflou het, sodat hulle ook maar insluimer. Gelukkig is hulle wie se lampe nog brandende is – , wat nog uit Hom lewe – elke dag. Sulke mense sal nie deur sy koms oorval word, soos 'n dief in die nag nie. Daar is egter nog 'n trek van sy "parousie" of koms, wat sterk in die Skrif benadruk word: *"Elke oog sal Hom sien."* Dit word herhaaldelik benadruk: "En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." (Matt. 24:30). Ook by sy hemelvaart sê die engele dit aan die apostels wat Hom agterna staan en kyk: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is na die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." (Hand. 1:11).

Hierdie profesieë laat by ons geen twyfel nie. Hulle sê in duidelike taal dat die Here Jesus, wat opgestaan het uit die dode en met sy opgestane liggaam opgevaar het na die hemel, weer met dieselfde verheerlikte liggaam sal terugkeer. Die wederkoms sou onmoontlik wees, indien die Here nie liggaamlik opgestaan het nie. Elkeen wat Jesus se opstanding as 'n soort geestelike verrysenes of bloot 'n gedagtespinsel van die ou kerk sien, om sy gedagtenis te laat voortlewe, sal in verleentheid staan by sy wederkoms. Ons moet letterlik bly by wat ons van kindsbeen af geleer het in die Twaalf Artikels. Dit is juis só~ opmerklik dat hierdie oudste belydenisskrif van die kerk só sterk die nadruk laat val op die historisiteit van die koms en werk en wederkoms van die Here. Hy noem eintlik net geskiedkundige gebeurtenisse, waaraan ons saligheid vasgeknoop is, en wy hoegenaamd nie uit oor die *leer* van Christus nie. Luister: "Ek glo ... in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel; wat op die derde weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal hom om te oordeel die lewende en die dode." *Hy is ontvang van die Heilige Gees – Hy is gebore – Hy het gesterwe – Hy het opgestaan – Hy het opgevaar na die hemel – Hy sit aan die regterhand van God – Hy kom weer om te oordeel.*

In die verloop van ons verlossing mag nie een van hierdie geskiedkundige gebeurtenisse ontbreek nie. Hier gaan dit om die fondament van die Christelike geloof. Daarby staan en val ons saligheid. Sy sigbare wederkoms op die wolke van die hemel, is net so noodsaaklik as sy geboorte en kruisdood en opstanding. Hy kom sigbaar en liggaamlik soos Hy opgevaar het.

Daar is net die verskil. By sy hemelvaart was sy groepie dissipels getuie daarvan. Ook ná sy opstanding het Hy verskyn en weer weggegaan. Hy was nie aan alle mense herkenbaar nie. By sy wederkoms is dit egter anders. Al die stamme van die aarde sal oor sy koms rou bedryf. Verskriklik is sy koms vir die ongelowiges. Saam met die manne wat Hom aan die kruis vasgespyker het, het almal wat Hom verwerp, Hom ook maar deursteek. Dit is letterlik: "Skrik rondom! . . . Berge val op ons! Rotse bedek ons!"

Vir elkeen wat glo, is dit egter die dag van die allergrootste blydskap. Eindelik is alle nood na siel en liggaam vir ewig verby.

# 4 Desember: Kyk, Ek kom gou! (11)

Openb. 14:14-20

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*"Kyk, Hy kom met die wolke . . .*" (Openb. 1:7)

Waarom lê die Skrif só nadruk daarop dat die Here Jesus kom *op* of *met* die wolke? Is die wolke 'n oorwinningsvoertuig waarmee Hy kom ? Of is Hy verberg agter die wolke en verskyn Hy dan soos die son wat deurbreek en sigbaar word?

Al die uitsprake in die Nuwe Testament sluit duidelik aan by die profesie van Daniël: "En ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens." (7:13). Hier dui die uitdrukking wolke niks meer aan as die*plek* van sy verskyning nie. Die betekenis het dit ook, toe die Here aan die Joodse Raad sê dat Hy "kom op die wolke van die hemel." (Matt. 26:64).

Die wolke is egter ook die teken van sy openbaring. Die wolke aan die lug is duidelik sigbaar – alle mense kan dit sien. So het die HERE in die woestyn in n wolk neergedaal op die tabernakel. Dit is die teken van sy heerlikheid of teenwoordigheid. Die wolke sweef deur die lug soos reuse skepe of waens. Só verskyn die Here met sy engele en gaan oor die wêreld, sodat Hy vir niemand verborge sal bly nie. Elke oog sal Hom sien – ook hulle wat Hom deursteek het.

In Matt. 24:27 kry ons dieselfde gedagte: "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, só sal ook die koms van die Seun van die mens wees." Hierin lê wél ook die gedagte van die onverwagte, plotselinge koms van die Here. Skielik slaan die weerlig – voordat jy die donderslag hoor – sodat 'n mens vir die verrassende lig skrik. Dit benadruk egter ook dat Hy duidelik sigbaar sal wees vir alle oë. Die weerlig word vanaf die ooste tot in die weste gesien. Dit wil sy verskyning op of met die wolke ook aan ons tuisbring. Dit is 'n teken dat Hy sigbaar verskyn met sy menigte engele. Dit gaan nie daarom dat die wolke sy oorwinningswa is nie.

By sy hemelvaart het Hy nie met of op 'n wolk opgevaar nie, maar die wolke het Hom juis verberg vir die oë van sy apostels. Hy het agter die wolkgordyn verdwyn. Wanneer Hy weer kom, is die wolke egter nie 'n teken dat Hy verberg word nie, maar juis 'n teken van sy openbaring. Hy word duidelik gesien, soos die wolke aan die lug.

Ons as gelowiges behoort met ander oë na die wolke te kyk. Watter kind het nie al droomverlore op sy rug na die wolke lê en staar nie ? Die wolke beweeg voortdurend – veral as jy hulle deur die yl takke van 'n boom bekyk. Hulle neem allerhande fatsoene aan en lyk soms werklik soos skepe wat deur die blou lug seil. Wonderskoon is die kleure van die wolke wanneer die lig van die opgaande of ondergaande son daarop skyn. Die wolke laat ons soms in ekstase uitroep. Aan die ander kant kan die wolke ook dreig en vreesaanjaend aanrol, terwyl die blitse en donder jou klein en vreesbevange laat vlug.

Wonderlik word die werke van die Here in sy skepping openbaar – ook in die wolke aan die lug. Veel wonderliker is dit om hulle te sien as 'n teken van Hom op Wie ons wag. Onthou dit wanneer u na die wolke kyk. Hy kom met die wolke. Elke dag se wolke verkondig met 'n onhoorbare stem: "Kyk, Ek kom gou!" Antwoord daarop: "Amen, ja kom, Here Jesus!"

# 5 Desember: Kyk, Ek kom gou! (12)

Matt. 24:29-31

*"Kyk, Ek kom gou!"* (Openb. 22:7)

*"En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan."* (Matt. 24:31)

Die Here Jesus kom op die wolke van die hemel. Hy kom egter nie alleen nie. Wanneer Hy kom, is Hy omring deur sy engele. Al die engele rondom die troon van God trek saam met Hom uit in sy triomftog:

> "Hy kom, die Regter van die volke,
> omstraal deur reg en majesteit;
> Hy span sy vierskaar in die wolke
> en oordeel in regmatigheid." (Ps. 98).

Alreeds by die hoogtepunte van sy lewe op aarde, het engele na vore gekom om Hom te verheerlik. Só het die engele gesing op die velde van Bethlehem in die nag van sy geboorte: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae." (Luk. 2:14). Op sy opstandingsmôre is daar ook twee engele by die leë graf, wat nou die poort na die heerlikheid geword het: "En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne in blink klere. En toe hulle baie bevrees word..., sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan." (Luk. 24:4, 5). By sy hemelvaart verskyn daar ook twee engele, om aan sy apostels te sê dat Hy weer kom. By sy wederkoms loop die hemel as 't ware leeg. Al die hemelinge rondom die troon van God trek saam met Hom uit. In sy gevolg is aartsengele en gerubs en serafs en trone en owerhede en magte en kragte uit hemelse geweste. Hulle trek uit oor die aarde en met basuingeskal om die opgestane dooies te versamel. Hulle kom om die oes in te haal.

Wat 'n openbaring van sy heerlikheid! Is dit dan 'n wonder dat sommige verklaarders meen dat die wolke waarmee Hy kom, 'n wolk van engele sal wees ? Die verskyning bring diepe aanbidding en dankbare en blye begroeting uit die harte van sy dissipels op aarde. Aan die ander kant is mense vervul met skrik en ontsetting by die aanskouing van die hemelwesens. Die dag van die oordeel het gekom!

En die engele is nie alleen by Hom om sy luister en heerlikheid te besing nie, maar hulle kom met Hom mee as strydbare helde. Hulle deel in sy heerlikheid en vertoef in die lig van sy heiligheid. Die verdrukking van die verdruktes word vergeld "saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." (1 Thess. 1:7 en 8).

Die engele kom saam om Hom as Koning te verheerlik, as Regter te dien en sy verlostes na die nuwe aarde te lei. Maar ook om die verlorenes te verban – vér van die Paradys van God en die boom van die lewe af. Hulle word deur die engele verdryf na die poel wat brand van vuur en swawel – dit is die tweede dood.

Saam met die engele sal die opgestane dooies, wat Hom liefgehad het, en die wat nog lewe, wat in 'n oomblik, 'n oogwink met onsterflikheid beklee word, hulle Here omring en met Hom weggevoer word in die lug

Sal u die engele verwelkom of van hulle wegvlug?

# 6 Desember: Salig is hy wat die woorde bewaar

Matt. 7:16-29

*"Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar."* (Openb. 22:7)

Salig – gelukkig – is elkeen wat glo in die Woord van die Here. Die saligheid of geluk geld al vir hierdie lewe. Die Here sê: "Salig *is* hy." So 'n mens het innerlike geluk en vrede en krag en uitsig. Die geluk kan niks en niemand van hom ontneem nie. Selfs deur die dood word ons nie daarvan geskei nie. Dit is 'n geluk wat duur tot in ewigheid, omdat ons in lewe en in sterwe aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort. Bewaar jou goeie pand! Hou vas wat jy het! Om te bewaar beteken om dit te oordink en dit jou eie te maak. Grawe daarin en ondersoek dit en bepeins dit! Hierdie boek – trouens die hele Bybel – is die moeite werd om te bestudeer. Dit maak jou ryk en sterk en salig.

Bewaar die woorde van hierdie boek! Jy moet dit nie alleen oordink en bepeins nie, maar dit moet van jou lewe besit neem. Jy moet ook doen wat daarin geskryf is. "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar Hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is." (Matt. 7:21). 'n Mens kan die woorde ook verkeerd oordink en verkeerd toepas. "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie ? En dan sal Ek vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matt. 7:22, 23). *Lewe volgens die woorde* beteken om vir die Here te lewe en nie vir jouself nie. Pasop vir die roem op geestesgawes – dit mag uit die Bose wees,

Bewaar die woorde van hierdie profesie! Hou dit vas met liefde en eerbied. Volhard daarin – bestendig tot die einde toe! Moet dit nooit loslaat nie – jy sal dit altyd nodig hê. Nooit kan jy daarsonder nie! Dit moet elke dag die lig vir jou pad en die lamp vir jou voet wees. Jy moet altyd, sonder ophou, daaruit lewe. Om formeel 'n stukkie te lees, miskien elke oggend of elke aand, en dit dan toe te maak en te vergeet, bring jou nêrens. Só bewaar 'n mens nie jou kosbaarste skat nie. Dit is jou innerlike voedsel wat geëet en verteer moet word. Herkou die Woord saam met jou gesin en jou vriende. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Bewaar die woorde van die profesie van hierdie boek. Dit is in hierdie verband die boek Openbaring. Dit geld vanselfsprekend van die hele Bybel. Dit beteken nie dat jy die bepaalde boek moet bewaar en die ander maar kan vergeet nie. Onthou: "die hele Skrif is deur God ingegee." (2 Tim. 3:16). Moenie die Ou Testament geringskat nie. Moenie alleen die toekomsverwagtinge benadruk en die ander negeer nie. Bewaar die hele Bybel.

Bewaar die woorde. Die boek bestaan uit baie woorde – dit bevat 'n groot verskeidenheid van profesieë. Bewaar hulle almal – elke deel afsonderlik. Ook dit kan ons gerus maar te pas bring op die hele Bybel.

En dan word die woorde van die boek *profesie* genoem. Dit karakteriseer die inhoud van die boek. Dit is profesieë en nie letterlike geskiedenis nie. Die Here praat hier in simboliese beelde en getalle. Dit is egter nie verborgenhede nie, maar openbaringe. In die lig van die aard van die boek self en in die lig van ander profesieë, is dit duidelik waarom dit gaan. Die groot saak is maar om dit as profesie te benader en te ondersoek en toe te pas.

En dan: bewaar dit! Bêre dit in u hart! Laat dit gesien word in u hele lewe!

# 7 Desember: Ek, Johannes

1 Joh. 1-2:2

*"Dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het."* (Openb. 22:8)

Die boek Openbaring begin met die woorde: "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel *aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het* ... En in hoofstuk 1:4 rig Johannes dit dan by wyse van 'n brief aan die sewe gemeentes in Asië. En in vers 9 sê hy: "Ek, *Johannes,* julle broeder en deelgenoot in die verdrukking .. . was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." Dan verskyn die Here Jesus self aan Hom en dikteer die briewe aan die sewe gemeentes in Asië. Só gaan dit voort deur die boek. Telkens is hy, Johannes, weer aan die woord.

En nou aan die einde sê hy dit weer uitdruklik: *"Dit is ek, Johannes,* wat dit gesien en gehoor het." Hierdie soort getuienis uit die mond van Johannes self, hoor ons ook in sy Evangelie. "En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo." (Joh. 19:35). "Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is." (Joh. 21:24). Ook in sy eerste algemene brief tref ons die getuienis van Johannes persoonlik aan: ". . . wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê." (1 Joh. 1:3).

Dit is Johannes die apostel van die liefde wat hierdie boek geskryf het. Hy was bekend en bemind in die gemeentes. Hy was waarskynlik werksaam in Efese toe hy na Patmos verban is "ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." (1:9). Daarom kan ons goed begryp waarom hy benadruk dat hy hierdie dinge gesien en gehoor het. Die Here het hom gekies as instrument en dit sê iets vir die gemeentes van daardie tyd. Hulle ken hom en weet van sy betroubaarheid. Hulle weet dat hy, Johannes, sulke dinge nie uit die lug sou gryp nie. Dit is maar altyd só: daar is betroubare en minder betroubare mense.

Johannes het die dinge gesien. Dit het ons ook alreeds raakgesien. Die boek is vol van dinge wat 'n mens sien. Gelukkig is ons wat met die oë van Johannes ook kon sien. Lees ons die geskiedenis in die lig van wat Johannes gesien het, dan sien ons ook. Ons sien hoe God geskiedenis skrywe.

Maar Johannes het ook gehoor. Hy het stemme gehoor. Die stemme van mense en engele en ook die stem van God. Ook dit gee hy aan ons deur om te hoor. "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Salig is elkeen wat sien en hoor soos Johannes gesien en gehoor het. En dan ook, soos hy, sê: Ek het dit gesien en gehoor... Ek kan daarvan praat en my getuienis is waar! Maar dan moet ons daarby net onthou dat Johannes nie homself gesien en gehoor het nie. Hy is maar die middel wat die Here gebruik om dit wat hy gesien en gehoor het oor te dra. Van die dinge kon hy nie swyg nie – ook veral nie omdat hy nadruklik opgedra is. "Skryf."

En dan is dit nou verstaanbaar dat 'n man soos Johannes neerval en aanbid. Ongelukkig aanbid hy nie die regte Persoon nie. Hy val voor die engel neer. Dit is 'n fout en hy word ook tereggewys deur die engel. (Vers 8, 9). Ons kan egter ook – ja, ons is salig as ons dit doen – neerval en aanbid! Nie vir Johannes of watter apostel ook al nie, maar die Here wat sy Openbaring aan ons gegee het.

# 8 Desember: Moenie verseël nie

Eseg. 2

*"En Hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie."* (Openb. 22:10)

Dit is nie duidelik of die engel hier met Johannes praat en of dit die Here self is nie. Dit lyk uit die verband of die Here nou self aan die woord is, veral as ons let op vers 12, waar Hyself praat, *in* werklikheid maak ook dit selfs nie verskil nie, want die engel praat in die Naam van die Here.

Indien hierdie boek verseël sou word, is dit gesluit en kan nie gelees word nie. Sy inhoud sou dan verborge bly. Ongelukkig is hierdie boek vir baie mense 'n "geslote boek". Dit kan geslote wees, omdat mense nie verstaan wat daarin geskryf is nie. Dit is nogal 'n vry algemene klag oor die boek Openbaring, dat dit duister en moeilik is om te verstaan. Één ding is wél duidelik dat ons die boek nie kan begryp, indien ons dit nie lees volgens sy aard as profetiese boek nie. Verder moet ons dit ook begryp in die lig van die hele Bybel. Die boek is alleen vir ons ontsluit, indien ons die hele Woord van God ken.

Daar is ongelukkig die soort Bybelbesitters wat die boek nooit lees nie. Ons hoor ook die redelik algemene klag dat ons predikante min uit die boek preek. Dit mag waar wees, hoewel dit ook 'n ander kant het. Sommige mense wil gedurig preke uit Openbaring hoor, terwyl die predikant die hele Bybel moet preek, waarvan Openbaring net 'n onderdeel is. Daarbenewens wil mense Openbaring dikwels hoofsaaklik hoor om hulle nuuskierigheid te bevredig en nie omdat hulle honger na die evangelie van Jesus Christus nie. Daarteen moet ons gewis waak.

Dit is verontrustend as die boek vir ons mense 'n verseëlde boek is.

Ek hoop maar van harte dat die poging om die boek te verklaar en toe te pas, daartoe mag dien dat hy vir meer mense ontsluit word. Die Here sê uitdruklik dat Hy nie bedoel om die boek geslote te hou nie. Dit moet gelees word. Waarom ?

"Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby." Wat in die boek Openbaring beskryf is, sien op dinge wat destyds al plaasgevind het. Dit het ons so gaandeweg aangetoon. Eintlik lê die wortels, van alles wat hierin beskryf word, al in die Nuwe Testament opgesluit. Die groot, allesomvattende boodskap van die boek is, dat die Here Jesus weer kom om die lewendes en dooies te oordeel. En Hy is sedert die tyd van Johannes besig om te kom. Die klank van sy komende voetstappe is deur die eeue heen gehoor. Die skaduwees van die komende dinge het ook altyd oor die wêreld geval. Ons kan in alle opsigte die lyne trek vanuit die Bybelse tyd na die eindtyd.

Daarom was en is die tyd altyd naby. Ons sien egter veel duideliker as Johannes, indien ons ons eie tyd gadeslaan, dat die tyd naby is. Ons is al meer betrokke en het met omvattender gebeurtenisse te doen, wat duidelik wys op totale vervulling, van wat in daardie tyd, nog maar in die kiem aanwesig was. Daarom het ons veel meer rede as Johannes en sy tydgenote om erns te maak met die boek en sy inhoud. Die tyd is naby!

> Die Here sê in hierdie boek: "Die tyd is naby!"
> Die wêreldgebeure sê vir ons geslag ook: Die tyd is naby!
> Die vraag is maar of ons goed luister!
> Luister na die Here – dit is die belangrikste.
> En kyk na die wêreldgebeure!
> En roep met die Gees: "Kom, Here Jesus!"

# 9 Desember: Wie onreg doen

Matt. 23:29-39

*"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen."* (Openb. 22:11)

Ons het hier 'n vreemde uitspraak. Dit lyk op die oog af asof die Here mense aanmoedig om onreg te doen. "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen." Eintlik staan hier: *wie gewoon is om onreg te doen of wie gedurig daarmee aanhou* – "laat hom nog meer onreg doen".

Indien mense aanhou om iets te doen – daarin volhard – word dit eindelik só 'n gewoonte dat hulle nie meer daarmee kan breek nie. Dit is bitter moeilik om met enige gewoonte te breek. Daarom sê die Prediker aan die jeug: "Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie -." (Pred. 12:1). 'n Mens groei vas aan die gewoonte om jou Skepper te vergeet en dan kan jy nie meer verander nie – jy het daar geen behae in nie.

Só is dit met hierdie onregdoeners. Hulle is gewoon daaraan en het daaraan vasgegroei. Só 'n mens raak verhard en sy gewete is naderhand heeltemal toegeskroei – só het die onreg wat hy doen, deel van sy lewe geword.

Die woord *onreg* beteken in die boek Openbaring gewoonlik: *beskadig* of 'n *letsel veroorsaak* of *skade aandoen:* "Die wat oorwin sal deur die tweede dood geen *skade ly* nie." (2:11). ". . . en moenie die wyn en die olie *beskadig* nie." (6:6). "En as iemand hulle wil *beskadig."* (11:5). Hier in hoofstuk 11:5 sou ons dit ook met *"onreg"* kan vertaal. Dit gaan hier om die twee getuies, met sakke bekleed, wat in die Naam van die Here profeteer. Van hulle lees ons hier: "As iemand hulle wil *beskadig,* gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle." Die gedagte is hier dat andere hulle wil veronreg of onreg aandoen, in die sin dat hulle vervolg of verdruk word of kwaad aangedoen word.

Só moet ons bepaald die woord in ons teks verstaan. As iemand ander mense skade aandoen of vervolg, moet hy dit nog meer doen. Hy moet weet wat hy doen en hy moet ook weet wat die gevolge van sy leefwyse sal wees. Dit is in hierdie boek Openbaring duidelik aan elkeen gesê. ". . . en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke." (20:13). Hulle deel is die poel wat brand met vuur en swawel. Hulle word gewaarsku teen die sonde en gewys op die ewige oordeel wat kom.

Deur die eeue heen was en is daar die mense wat hulle medemens veronreg of skade aandoen. Hoe nader die einde kom, hoe meer onregdoeners en onreg daar sal wees. Ons ken in ons tyd al die filosofie van die kommunisme wat gebaseer is op onreg teenoor andere. Geraffineerde wreedheid is beginsel en praktyk by hulle – geen mens word ontsien nie. Selfs hul getrouste volgeling word goedsmoeds verdruk en gedood indien daar enige sweem van agterdog by sy hoof of die staatshoof teen hom ontstaan.

Dit sal veel erger word. Die onreg sal opgehoop word en aangroei tot 'n bose en wrede stroom, waarin miljoene onskuldige mense omkom. Laat hulle dit maar doen en laat hulle meer en meer onreg doen. Hulle weet nou wat wag. Die Here het Hom in hierdie boek nie onbetuig gelaat nie. Onthou: Jy mag nie doodslaan nie . . . Jy mag nie steel nie . . . Jy mag geen valse getuienis gee nie. Op hierdie terrein lê die onreg teen ander mense.

Gelukkig is daar nog geleentheid om tot insig en bekering te kom. Juis daarom staan dit hier – tot 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Breek met alle onreg ... En doen dit gou, anders groei jy daaraan vas.

# 10 Desember: Wie vuil is

1 Kor. 6:12-20

". . . *en wie vuil is, laat hom nog vuiler word."* (Openb. 22:11)

Ook hierdie uitspraak hou 'n ernstige waarskuwing in. Onreg en vuilheid loop gewoonlik hand aan hand. Toe Dawid hom skuldig maak aan *onreinheid,* deur owerspel te pleeg met die vrou van Uria, voeg hy ook die *onreg* daaraan toe deur Uria te laat vermoor. Só is dit gewoonlik – die een lei tot die ander. Sonde bring sonde voort. Dit is selfs ook waar dat 'n bepaalde daad van onreinheid lei tot die volgende en dan word dit al makliker om met die soort lewe voort te gaan en al moeiliker om om te draai.

*Vuilheid* of onreinheid beteken dat 'n mens jou oorgee aan allerlei ongebondenheid en aan wat gruwelik is in die oë van die Here. Onreg doen 'n mens teenoor jou medemens – dit beskadig of benadeel jou naaste. Vuilheid of onreinheid raak die dader self. Hy oortree die wette van die sedelikheid of hy gee homself oor aan onmatigheid. Hier kan ons ook dink aan drank- en dwelmverslaafdheid. "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, *sondig teen sy eie liggaam"* (1 Kor. 6:18).

Die mense wat onrein lewe, sink nie alleen weg in 'n geestelike put nie, maar ook hulle eie liggame word besoedel en afgetakel. Dit is selfs só erg dat ons al praat van drankverslawing as 'n *siekte.* Dáárteen dat dit 'n siekte genoem word, het ek geen beswaar nie, want só 'n mens se liggaam is siek. Dit is egter 'n siekte wat veroorsaak is deur sonde. Daarom is daar twee dinge nodig om van die sonde en siekte verlos te word: bekering en genesing. Eers wanneer die verslaafde deur die Here bevry is van die slawerny van die sonde, is daar waarlik hoop. Dan is dit goed om ook mediese behandeling te ontvang om die liggaam te help om ontslae te raak van die siekte. Dit is ook 'n middel wat die Here op ons weg bring om ons te help om weer sterk te staan teen die onreinheid van verslawing.

Laat 'n mens die remme los, dan is jy op hierdie pad van vuilheid op 'n onkeerbare gang na benede. Dit loop noodwendig uit op 'n afgrond – gewoonlik die afgrond van ewige ondergang. Hier is ons op die terrein van die begeertes wat brand en dryf en mense magteloos maak. Dan word jy vanselfsprekend altyd vuiler en vuiler. Die smet van die sonde word nie alleen meer nie, maar die drang daarna word ook al sterker. Dit neem jou meer en meer in beslag, sodat terugkeer onmoontlik word.

Wie vuil is, laat hom nog vuiler word. Die Here ken die mens en weet ook dat die gang na benede 'n noodwendigheid is, tensy ons deur die Gees van God weer gebore word. Ja, dit kos niks minder as 'n wonder van God om ons van hierdie vuilheid te verlos nie.

Hierdie boek het die uiteinde van die vuil mense getoon. Hulle bestemming is die poel wat brand met vuur en swawel. (21:8). Dit word nou hier in die afluitingshoofstuk benadruk. Niemand wat op die weg van onreinheid volhard, sal kan sê dat hy nie gewaarsku is nie. Kom dan tot inkeer en bekeer julle, is die duidelike roepstem van hierdie uitspraak. Doen dit dadelik, voordat dit te laat is. Hoe langer jy volhard hoe moeiliker word dit. En naderhand tree die stadium in wanneer jy jou nie meer oor jou vuilheid kwel nie, maar net aanhou om daarin te wentel, totdat jy vir ewig wegsink.

Ook hier moet ons jonk begin. Hoe ouer jy word op die pad van vuilheid, hoe moeiliker. En tog kan die Here selfs die allervuilste nog verlos, indien hy maar voor Hom, die Heilige en Reine buig. Dan word hy gewas in die bloed van die Lam.

# 11 Desember: Die regverdige

Rom. 1:1-17

". . . *en laat die regverdige nog regverdiger word."* (Openb. 22:11)

Teenoor die mens wat onreg doen, noem die Here hier die regverdige wat reg doen. Die onregdoener doen sy medemens skade aan. Hy kan dit aan sy liggaam of innerlike doen, of selfs aan sy besittings. Die regverdige se verhouding met sy medemens is egter positief, want hy sien en benader hom met liefde. Daarom doen hy reg en probeer om in alle opsigte sy skade of oneer of liggaamlike nood af te weer.

Ons weet dat die benaming *regverdige* in die Skrif veel breër is as wat ons tot dusver gesê het. In die Ou Testament word die benaming *regverdige* of die begrip *geregtigheid* gesien in verband met die verhouding tot God en sy verbond met sy volk. Abraham het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. In die Nuwe Testament word hierdie gedagtegang voortgesit. "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die *regverdige* sal uit die geloof lewe." (Rom. 1:17). In Rom. 5:1 stel Paulus dit so: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus."

Word jy 'n *regverdige* genoem beteken dit allereers dat jy in die geloof aan Christus gebind is en jou sondes daarom deur sy bloed vergewe is. Dit gaan om jou geloofsverhouding tot Christus. Glo jy in Hom, dan word jy as regverdig of onskuldig voor God beskou. Dit hou nie in dat jy dan sonder sonde is nie. Nee, jou gewete kla jou aan dat jy teen al die gebooie van God gesondig het en nog altyd tot alle boosheid geneig is, en ook inderdaad dikwels in sonde val. Daarom is dit waar dat geen mens geheel regverdig leef in sy optrede teenoor sy medemens nie. Dawid was 'n *regverdige,* omdat hy geglo het en in die regte verhouding tot God en sy verbond gestaan het. Tog het dieselfde Dawid 'n growwe daad van *onreg* gepleeg deur Uria te laat vermoor, ter wille van sy vrou. Juis omdat hy regverdig is, het Dawid egter, toe hy vermaan is deur Natan, sy sonde bely en vergifnis ontvang. Dit is die ervaring van elkeen wat deur die geloof geregverdig is.

Maar juis daarom kan die Here sê: "laat die regverdige nog regverdiger word." Ons is op die pad van heiligmaking omdat ons meer en meer deur die Heilige Gees herskep word en meer en meer gelykvormig word aan die beeld van Christus. Dit kom dan ook tot uiting in die regverdige wyse van optrede teenoor jou medemens. 'n Gelowige mens verfoei onreg – allereers die onreg wat hyself ander mense aandoen.

En keer ons dan terug na die boek Openbaring en dink ons aan die eindtyd, dan sal dit één besondere kenmerk duidelik vertoon. Die kenmerk is onreg op elke terrein van die lewe. Onreg sal seëvier en die menslike lewe ondraaglik op aarde maak. Veral die belyders van die Here sal ly onder die algemene onreg . . .

Dit sal dan moeilik wees vir die regverdige, maar juis ook daarom sal sy regverdigheid nog duideliker aan die lig tree. Die mens wat kies vir regverdigheid se moeilikste tree op die pad is die keuse self. Is hy gegryp deur Christus, word hy egter ook deur Hom vasgehou en bewaar. En dan kan hy nie anders nie. "Laat die regverdige nog regverdiger word", is hier 'n bevel van die Here. Ja, Hy skroom nie om, onder die vreeslike omstandighede, hulle wat aan Hom behoort te beveel nie. Volhard, hou vas en hou aan en groei in die regverdigheid. Onse Here beveel, omdat Hy ons swakheid ken.

Gelukkig beveel Hy nie net nie. Hy gee ook die krag om te volhard. Wag op Hom en wees gehoorsaam aan Hom!

## 12 Desember: Die Heilige

1 Kor. 1:1-9

". . . *en laat die heilige nog heiliger word."* (Openb. 22:11)

Ook hier moet ons die teëstelling raaksien. "Wie vuil is, laat hom nog vuiler word ... En laat die heilige nog heiliger word." Die begrippe *vuil* en *heilig* staan teenoor mekaar. Die mens wat vuil is, gee homself oor aan ongebondenheid. Hy besoedel homself daardeur na liggaam en siel. Die *heilige* bewaar homself daarenteen van vuilheid of onheiligheid.

Laat die heilige nog heiliger word. Die heilige wy homself innerlik toe aan God. Hy vlug vir alle onreinheid en hou beide liggaam en siel rein.

Hy gaan van krag tot krag op die weg van heiligmaking. Meer en meer sterf hy die onreinheid van die sonde af. Maar daar is nog altyd ruimte om heiliger te word. Op aarde is geen mens volkome heilig, in die betekenis van die woord nie. Dit moet egter die heilige se hartlike begeerte wees om hoe langer hoe meer heilig te *lewe.*

Regverdig en heilig is innig aan mekaar verbonde. Wie in waaragtigheid regverdig is, is ook heilig. En wie heilig is, is ook regverdig. Daarom kan Petrus aan die Jode sê: "Julle het die Heilige en Regverdige verloën." (Hand. 3:14).

Op die gelowiges toegepas, kom die begrip *heilig* duidelik in tweërlei betekenis na vore in 1 Kor. 1:2: ". . . aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die *geheiligdes* in Christus Jesus, die *geroepe heiliges."* Die gemeente van God in Korinthe is die geheiligdes in Christus Jesus. Hulle is geheilig of afgesonder as die eiendom van God in Christus. Hulle word selfs as heilig beskou ter wille van die heilige Christus. In Hom, die Heilige, sien God die gemeente ook as heilig. Christus se heiligheid word hulle toegereken en daarom is hulle geheiligdes. Daarom is die geheiligdes in Christus presies dieselfde as die geregverdigdes in Christus. Omdat hulle glo, word beide Christus se geregtigheid en sy heiligheid hulle toegereken.

Maar dan sê Paulus voorts in 1 Kor. 1:2 dat die gemeente ook "geroepe heiliges" is. Die mens wat in Christus glo, is in Hom geheilig, maar hy is nog nie volkome heilig nie. Daar kleef nog baie onheilige smette aan hom wat hy moet afsterwe. Die heilige moet nog heiliger word. Dit geld in die algemeen van alle gelowiges. Hulle moet volhard in die goeie stryd en meer en meer vrugte van dankbaarheid voortbring en meer en meer die sonde nalaat. Die volkome heiligheid bereik geen mens egter in hierdie lewe nie. Eers wanneer ons sterwe, bly alle onheiligheid agter. Ons word in die hemel opgeneem as volmaakte heiliges.

Ons teks staan egter hier in Openbaring teen 'n bepaalde agtergrond. Die wêreld het dan 'n ware modderpoel van vuilheid geword en die mensdom wentel hom in die onreinheid tot walgens toe. In só 'n wêreld is dit noodsaaklik om aan die gemeente te sê: "Laat die heilige nog heiliger word." Wanneer die hoervrou Babilon haar goue beker, gevul met die gruwels van haar hoerery, vir die mensdom aanbied, hoor Johannes 'n stem uit die hemel wat sê: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae mag ontvang nie." (Openb. 18:4).

Dit is 'n verskriklike tyd. Dit word ook in ons tyd gebiedend noodsaaklik dat ons Babilon se konsertsale en skouburge en allerlei duistere hole moet verlaat. Wil jy 'n heilige wees, mag jy nie jou liggaam en siel verontreinig deur al die onreinhede wat op goue skinkborde en in goue bekers aangebied word, in die naam van die skone kunste, te verorber nie.

# 13 Desember: My loon is by My

Matt. 25:14-30

*"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by my, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."* (Openb. 22:12)

Nogeens sê die Here Jesus: "Ek kom gou." En dit is selfs nog nie die laaste keer dat Hy dit sê nie. Dit is vir Hom groot erns dat ons dit goed begryp en goed onthou. Hy is besig om te kom. Hy berei sy koms voor. Hy maak ook sy bruid – sy gemeente – gereed om Hom te ontmoet. Hier lê die nadruk daarop dat Hy kom om te beloon.

Hy is soos die werkgewer wat aan die einde van die dag of week of maand na sy arbeiders kom. By Hom is die loonopgawe en die loongeld is klaar in die koeverte – reg om uitgedeel te word. Elke werker word betaal volgens die werk wat hy gedoen het. In die gelykenis van die talente, hoor die dienskneg, wat sy heer se vyf talente deur sy inspanning tot tien laat aangroei het: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer." (Matt. 25:21). Die ander man wat sy heer se geld in die grond gaan begrawe het, sodat dit nie moet wegraak nie, en dan terugbring "wat aan u behoort", hoor weer: "Jou slegte en luie dienskneg . . . Neem dan die talent weg en gee dit aan die een wat die tien talente het." (Matt. 25:25-29).

O ja, ons weet goed – miskien te goed – dat ons goeie werke niks verdien nie. Ons weet dat die beloning 'n genadeloon is. Ongelukkig is baie diensknegte ondankbaar en lui en sleg. Ons werke verdien tog niks nie, is hulle mentaliteit. Pasop, ons Meester maai waar Hy nie gesaai het nie en maak bymekaar waar Hy nie uitgestrooi het nie. (Matt. 25:26). Hy verwag dat sy saad sal ontkiem en groei en tot vrugte kom. Hy ken die boom aan die vrugte en bepaal sy loon volgens die werke. Die geheim van die oorvloedige werke is natuurlik dat die bepaalde sondaars weet dat vir hulle baie vergewe is – daarom het hulle baie lief. En daarom is hulle lewe 'n stroom van liefdesgawes. Of hulle vyf talente het, of twee, of net één – dit maak geen verskil nie, want hulle harte is aan die brand gesteek deur die Heilige Gees. Hulle lewe is vrugbaar.

Die man wat die één talent ontvang het, het dit gering geag. As ek ook vyf talente ontvang het, dan sou ek ten minste iets daarmee kon doen. Maar wat kan 'n mens nou met die ou kapitaaltjie uitrig. Sit dit om in "geestelike" taal, dan klink dit só: Ek sou graag ook iets wou doen in die koninkryk van die Here, maar ek het nie die gawes daarvoor nie. Ek het nie vrymoedigheid om in die openbaar te bid nie. Ek kan nie praat nie. En dan vou die mense ewe vroom hulle hande oor hulle skoot en sit agteroor – gewoonlik met genoeg "talente" om andere te kritiseer wat darem ten minste probeer om iets te doen.

Hulle het nog nooit uitgevind dat 'n mens moet werk met die talent wat jy ontvang het – hoe gering ook al. 'n Mens leer om te praat deur te praat. Jy leer om te loop deur te loop. Jy leer om te bid deur te bid. As 'n normale mens nie kan loop of praat nie, is hy doodeenvoudig lui en sleg. Net so is dit op geestelike terrein. 'n Normale Christen kan bid. Hy kan sy lig laat skyn in sy woorde en sy werke. Die moeilikheid is egter dat hy moet werk om dit te kan doen en baie onder ons is te lui en traag om hulle behoorlik op die hoogte te stel Wie God is en wat sy Woord sê. Hulle meen dat 'n mens op die rug van die kerk of die predikante se kennis hemel toe ry. Só werk die Here in elk geval nie.

Hy vergeld elkeen soos sy werk is.

# 14 Desember: Die Alfa en die Omega

Jes. 44:6-19

*"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste."* (Openb. 22:13)

Ook aan die begin van die boek Openbaring kry ons hierdie uitspraak. Daar antwoord die Here Jesus self op die uitroep van Johannes: "Kyk, Hy kom met die wolke . . ." Die Here bevestig die uitroep of gebed van Johannes. Hier *volg dit op die uitspraak van Jesus self:* "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My ..." Elke keer staan die uitspraak in verband met die wederkoms van die Here. Daarmee wil Hy iets besonders aan ons tuisbring.

"Ek kom", maar bedink tog Wie Ek is, wat kom! Ek kom om elkeen te vergeld volgens sy werke. Bedink daarby ook Wie Ek is! Dan sal julle besef hoe ernstig my koms is. Dan sal elkeen weet om erns te maak met my woorde. *"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste."*

Met hierdie uitspraak sluit die Here Jesus aan by die Ou Testament. "Ek is die eerste en Ek is die laaste en buiten My is daar geen God nie." (Jes. 44:6) Onthou dit gerus wanneer *twee* "getuies" weer aan u deur klop. Hulle verkondig die groot dwaling dat Jesus nie God is nie, en dit doen hulle nogal in sy Naam! Hier vereenselwig Hy Homself met God – "Jahweh" – in die Ou Testament.

Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Die Alfa en die Omega is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. In Hom het ons die allesbeheersende en allesomvattende Persoon wat die geskiedenis beheers. Alles het hulle bestaan aan Hom te danke. "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping, want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand." (Kol. 1:15-17). Hy is die Alfa, die eerste, die begin van alle dinge ...

Hy is ook die Omega, die einde, die laaste van alle dinge in die hemele en op die aarde. Hy voer alle dinge tot hulle ewige bestemming.

Vir die belyders van sy Naam beteken dit: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde ... En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Daarom sal ook ons ons ewige bestemming bereik, want niemand kan ons uit sy hand ruk en niks ons van sy liefde skei nie. Boonop wag daar nog die genadeloon, want die beker koue water in sy Naam onthou en beloon Hy. Hy verbly Hom nou al in die wat aan Hom behoort. Hulle vreugde is sy vreugde – ook en veral die vreugde om lief te hê soos Hy liefgehad het.

Vir die wat Hom verwerp en sy bloed vertrap wag sy vergelding.

Kom ons buig ootmoedig voor Hom: ons Here en ons God. Hy is die Alfa en die Omega: "Wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid! Amen." (Rom. 11:35).

# 15 Desember: Salig . . .

Openb. 20:11-15

*"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."* (Openb. 22:14)

Hier is daar verskil van mening oor wat die regte oorspronklik teks is. Ek hou my maar by ons eie Bybelvertaling se lesing. "Salig is die wat sy gebooie doen." (Die ander lesing is: "Salig is die wat hulle klere was", wat in die verband ook goed pas en 'n onomstootlike waarheid verkondig.)

In die uitspraak: "Salig is die wat sy gebooie doen", sluit die Here aan by wat Hy in vers 12 gesê het: ". . . my loon is by My om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."

Hier het ons die laaste van die sewe saligsprekinge in die boek Openbaring. Dit begin by 1:3: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." In 14:13 is dit: "Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe." In 16:15: "Salig is hy wat waak en sy klere bewaar." 19:9: "Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam . . ." 20:6: "salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding ..." 22:7: "Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar." En nou ons teks: "Salig is die wat sy gebooie doen."

Só vleg die saligsprekinge soos 'n goue draad deur die boek. Die boek vertel van vreeslike dinge wat op die aarde gebeur en sal gebeur. Ag, ook ons staan byna elke dag in verleentheid met onsself en ons saligheid, want ons is klein en swak en ons vyande is magtig. Maar oor ons weerklink daar die woordjie: *salig – salig – salig,* tot sewe maal toe. Luister daarna en bewaar dit in u hart. Vestig ons ons vertroue op die aardse dinge wat ons omring, verloor ons die uitsig. Dan vergeet ons dat onse Here regeer en ons in sy hand is en daarom salig is. Gedring deur dankbaarheid *doen* 'n salige mens die gebooie van die Here. Dat sy wil vir ons heilige erns is, vloei daaruit voort dat Hy ons eers salig gemaak het. En dan is die poorte van die nuwe Jerusalem vir ons oop – ons is trouens al klaar binne-in die stad. En die vrugte van die boom van die lewe het ons alreeds gesmaak. Ons sonde is immer vergewe en ons leef in en deur Jesus Christus – vir ons is Hy die boom van die lewe. Daarom het ons alreeds die lewe – die ware en ewige lewe.

Salig is die wat sy gebooie doen. En nou is ek seker dat elkeen wat sy wil ernstig opneem en sy gebooie in alle erns betrag, met neergeslane oë staan. Ons gewete kla ons aan – hoe weinig kan ek wys? My lewe op aarde vlieg verby en wat het ek werklik gedoen in die koninkryk van Christus?

Is dit só by u, dan het die Here hier met u gepraat. Hy wil ons immers opskerp om altyd meer en meer te doen. Die lote wat vrugte dra, die maak Hy skoon, sodat dit meer vrugte kan dra. Daartoe dien ook hierdie opskerping van ons Here. Ons mag nooit op ons louere rus nie. Daar's werk!

Is u egter tevrede en kan u die werke wat u doen op u vingers aftel, pas dan op! Goeie dade is nie bedoel om getel te word nie. Die Here het meer om te tel as ek en jy, wanneer dit om slegte en goeie dade gaan. Sorg maar dat u gou by Christus kom en in uself sterf. Dan sal u vergeet van u goeie dade en al u tekortkominge sal u kwel. Gelukkig vergeet ons Here dan van u bose dade en reken sy goeie dade vir u toe. En dan leef u ook uit Hom en doen sy werke. So gaan die poorte voor ons oop.

# 16 Desember: Maar buite . . .

Matt. 25:1-13

*"Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en elkeen wat leuens liefhet en doen."* (Openb. 22:15)

Sommige mense het ingegaan deur die poorte van die stad. Hulle is binne – veilig en beskut en gevoed aan die boom van die lewe. Hulle het die ware ware lewe ontvang – die lewe uit die Lam van God. En, hoewel die poorte van stad oopstaan na die suide en die noorde en na al die wêreldoorde, is daar baie – die grootste gedeelte van die mensdom – *buite* die stad. Wat hou hierdie mense buite die mure van die nuwe Jerusalem ?

Hulle is buite en, solank hulle buite bly, rus die oordeel op hulle. Uiteindelik is buite die stad alleen die poel wat brand met vuur en swawel. Maar dan is dit te laat om binne te kom. Dan is die tyd van genade verby. Dit vertel Jesus o.a. in die gelykenis van die tien jong meisies. Hulle het gewag op die aankoms van die bruidegom. Die vyf dwase jong dames het nie ekstra olie saamgebring nie en op die kritieke oomblik, toe die bruidegom aankom, gaan hulle lampe uit. Gou winkel toe om te gaan olie koop en haastig agter die bruidegom se feestelike stoet aan! "En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit." Eindelik kom die laatkommers aan en roep: "Meneer, meneer, maak vir ons oop!" En die bruidegom keur hulle darem nog 'n antwoord waardig – 'n verskriklike antwoord: "Ek ken julle nie." (Matt. 25:1-13).

Buite – is die mense wat nie met Jesus kennis gemaak het nie. Dit beteken ook die wat meen dat hulle Hom ken, maar Hom in werklikheid netjies buite hulle lewe hou. Hulle ken Hom alleen van vér en wil Hom nie ook van naby ken nie. Hulle is buite en sal vir ewig buite bly, indien hulle nie betyds van naderby kom kennis maak nie. Anders hoor ook hulle: "Ek ken julle nie." Vreeslik! En dan is die deure toe – vir ewig toe. En buite is die poel wat brand – niks anders nie.

Buite is wie? Die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. Toe ons 21:8 oordink het, het ons al by die groepe stilgestaan. Hier is dit net nog nodig om aandag te gee aan die *honde* – hulle word nie dáár genoem nie. Eintlik lyk dit asof die benaming *honde* hier 'n versamelnaam van hulle almal is. Almal wat buite is, is *honde.* By ons word honde met die bevel "Buite!" die huis uitgedryf. In die ou Ooste was dit nog erger gesteld met 'n hond. Toe is honde selfs nie in die stad geduld nie – hulle plek is eintlik buite die stadsmure.

Die benaming *honde,* op mense toegepas, spreek van veragting en selfs afsku. 'n Mens kan jou voorstel hoe die Siro-Fonésiese vrou verneder is, toe die Here Jesus haar met die *hondjies* gelykgestel het. Gelukkig vir haar het sy die Here in sy eie woorde kon antwoord. Die hondjies eet darem van die krummels wat van hul base se tafel afval. Ou vrou, groot is jou geloof! (Matt. 15:21-28) Só weet ons van meer honde – wat volgens ons buite hoort – wat met Abraham en Isak en Jakob aansit, terwyl die sogenaamde kinders *buite* is. Is dit miskien ek, Here?

O, 'n mens moet tog maar seker maak dat jy betyds binne is. Die hondelewe buite – nou alreeds sonder 'n Vader wat na my omsien en vir my sorg – is 'n verlate en veragtelike bestaan. En buitendien wag die tweede dood ook daar *buite.*

# 17 Desember: Voor die gemeentes

Openb. 3:14-22

*"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig."* (Openb. 22:16)

Hierdie boek is nie die Openbaring van Johannes nie. Dit is selfs nie die Openbaring van 'n engel nie. Nee, sê die Here: "Ek, *Jesus,* het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig." *Ek, Jesus,* betuig in werklikheid voor die gemeentes. *Ek* is aan die woord wanneer hierdie dinge aan julle gelees en vir julle gepreek word. Onthou dit tog altyd! *Ek* doen dit, omdat Ek my gemeentes liefhet. *Ek* wil nie hê dat een verlore gaan nie. *Ek* wil ook nie hê dat julle in onnodige angs en vrees moet lewe, wanneer hierdie dinge gebeur nie. *Ek* het dit vooruit aan julle gesê, sodat julle kan weet dat dit *Ek* is. In die nood en angs en natuurrampe en oorloë hoor julle maar net my voetstappe. Kyk na bo en verwag My. Ek kom gou! Ek kom om julle na My toe te neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

As ons tog maar altyd wil onthou dat die Here self met ons praat. Dit gaan nie om menslike woorde nie. Dit gaan om die lewende Woord van God, wat ook werk in julle wat glo. Neem die Here op sy Woord en u het die lewe. Dan bly u nie buite in die koue staan nie – waar die honde is. Sy engel is maar sy boodskapper wat dit aan Johannes oorbring. En Johannes is maar die instrument in sy hand om dit aan die gemeentes deur te gee.

En só kom die dinge wat die Here wil sê by die regte adres uit. En die dinge moet gesê of betuig word "aan julle voor die gemeentes." Ek sou dit effens anders stel: "Om hierdie dinge aan julle ten aansien van die gemeentes te betuig." Die aanwysinge *julle* en *gemeente* is maar dieselfde mense. Die Here skryf aan sy mense en sy *mense* is sy *gemeentes.* Dan gee dit aan ons 'n antwoord op twee vrae: Wie word aangespreek en wie is daarby betrokke ?

Wie word hier aangespreek ? *Julle* wat terselfdertyd die gemeentes van die Here is, word hier bedoel. Sy woorde of getuienis kom tot ons, wat aan sy gemeentes behoort. Met die woord *gemeentes* word in die boek Openbaring verwys na die sewe gemeentes in Asië. Ons het die sewe briewe aan die sewe gemeentes behandel. Ons het toe gesien dat die sewe gemeentes eintlik maar 'n tipe is van die kerk van alle eeue. In die sewe gemeentes sien ons die kerk van alle eeue en op alle plekke. Beide hulle deugde en hulle gebreke, word in die kerk van alle eeue teruggevind. Daarom kom die bemoedliginge en vermaninge tot hulle ook tot die kerk van ons tyd.

Die boek Openbaring het inherent iets besonders, wat hom onderskei: *Dit is gemeentegerig.* Dink hierby ook aan die inhoud van die boek. Dit is 'n troosboek. Hier word baie gesê oor die wêreld en sy vreeslike sondes, maar dit word aan die gemeentes gesê as 'n waarskuwing, om nie deel te hê aan die sondes van die wêreld nie. Al die dinge is aan ons gegee om met oop oë deur die wêreld te gaan en op ons hoede te wees. Ons vyande is magtig en listig en ons mag nie met hulle speel nie. Dink aan Babilon, die hoer, wat die bruid van die Here moes wees. Dit is só maklik om die pad van die afvallige op te gaan. Waak en bid!

Daarom is ook die gemeentes van die Here betrokke by hierdie dinge. Die gemeentes se nood en stryd, maar ook hulle beskerming en uiteindelike oorwinning, word in die boek aan ons voorgehou. O ja, ons weet dat die hoofsaak in die boek die koms van die Here is. Maar die Here kom nie alleen nie. Sy gemeentes kom ook tot hulle eindbestemming. Hy laat hulle nie agter in hulle ellende nie, maar neem hulle met Hom saam na die ewige heerlikheid.

*Hoor julle* dit? Weet julle, *gemeentes,* wat julle voorreg is?

# 18 Desember: Die wortel en die geslag van Dawid

Matt. 22:41-46

*"Ek is die wortel en die geslag van Dawid."* (Openb. 22:16)

Dit is só tipies van hierdie boek – ja, van die hele Bybel. Die hele Bybel word te pas gebring by elke Bybelboek. Hier op die laaste bladsy word vér terugverwys – na die vérre verlede.

"Ek is die wortel en die geslag van Dawid." Dan dink ons aan die volgende uitsprake: "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isaï, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra." (Jes. 11:1). Jesaja praat wél van Isaï, maar hy het in werklikheid vir Dawid, uit die geslag van Isaï, in die oog. Hy dink duidelik hier aan die "Seun van Dawid." (Luk. 18:39). En tog verskil die uitspraak van die Here hier wesenlik van die van Jesaja. By beide word die verband gelê tussen Dawid en Jesus Christus, maar in ons teks word die verhouding gans anders gestel. "Ek is die *wortel* en die *geslag* van Dawid."

Hy, Jesus, is die *wortel* van Dawid. Dawid groei uit Hom en nie Hy uit Dawid nie. Dawid is uit Hom gebore. Sonder Hom sou Dawid nie gewees het nie. Wat die Here hier sê, moet ons vanselfsprekend nie vleeslik verstaan nie. Hy is nie die natuurlike voorvader van Dawid nie, maar Hy is die oorsprong van Dawid as koning van Israel. Dawid was koning oor die volk van die Here, omdat Jesus koning is van ewigheid af en Koning moet wees, soos Dawid. In Dawid is sy koningskap afgebeeld.

En dan gaan Hy voort: "Ek is . . . die *geslag* van Dawid." Hy is ook die nakroos of nakomeling van Dawid. Hy is uit die geslag van Dawid gebore. Dit moes Hy ook wees volgens die beloftes aan Dawid en sy nageslag.

Dit is hierdie geheimenis wat die Fariseërs in die tyd van die Here Jesus nie kon opklaar nie. Hy is in gesprek met hierdie leraars van Israel: "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie." Geen wonder nie! Hulle weet wat in Ps. 110 staan, waarna die Here hier verwys, maar hulle kan nie begryp dat Dawid se Seun ook sy Here kan wees nie. . . Daarom herken hulle ook nie die Seun van Dawid nie en sterf in hul sonde.

Ons weet nou wél hoe die dinge inmekaar steek, maar begryp ons dit? Dit bly ook vir ons 'n geheimenis, maar salig is elkeen wat Hom ken as sy Here en Saligmaker. Dit het Dawid, gelukkig vir hom, vooruit gesien en bely.

Dit is goed dat ons hier naby Kersfees dink aan die beloftes van die Here. Hy is gebore in Bethlehem, die stad van Dawid, uit die geslag van Dawid, maar Hy is ook die wortel van Dawid. Die grootste seën vir Dawid was nie dat die Messias uit sy nageslag gebore is nie. Nee, Dawid se saligheid is dat hy Hom *Here* genoem het.

En dit moet ons ook by Kersfees onthou .'n Mens kan maklik menslik sentimenteel raak rondom die gebeure in Bethlehem. Ons moet egter altyd onthou dat die kindjie wat daar gebore is, dieselfde Here is wat kom op die wolke van die hemel. Hy kom om te oordeel die lewendes en die dooies en – Hy is die Waaragtige.

Buig voor Hom en bely Hom! Dan kan u Hom met 'n opgerigte hoof verwag.

(Die verdere gedeelte van hierdie vers: "en die blink môrester" – vind u by 25 Desember).

# 19 Desember: Die gees en die bruid

Rom. 8:1-17

*"En die Gees en die bruid sê: Kom!"* (Openb. 22:17)

Die Gees en die bruid roep uit één mond. Ja, hulle bid uit één mond: "Kom!" En hoewel dit nie hier staan nie, weet ons dat die gebed eintlik is: "Kom, Here Jesus!"

Wie hoor hier die Gees en die bruid roep ? Wie vang hierdie tweërlei stem, wat eintlik maar één is, op? Is dit Johannes wat dit hoor? Of moontlik die engel wat met hom gepraat het?

Nee, dit lyk nie so nie. In die voorafgaande vers en ook in die volgende vers, is die Here Jesus self aan die woord. Ons kan dus wél aflei dat Hy self hierdie gebed hoor. Hyself vang die roep op – die roep van die Gees uit die hart van die bruid. En Hy is bly, want dit is sy bruid wat roep. Die gebede van die heiliges bereik die oor van hulle Here.

Dit is 'n wonderlike gebed. Dit is saamgevat in één woordjie: "Kom!" Dit is al. En die een gebed is as 't ware *spanwerk.* Dit kom van die Gees en die bruid gesamentlik – en tog is dit één gebed. Die gebed het die bruid geleer van die Gees en die Gees gebruik die bruid om dit uit te sê. Dan is dit asof dit alleen die bruid is wat praat.

Só werk die Gees maar. ". . . julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur Wie ons roep: Abba, Vader!" (Rom. 8:15) Ons roep: "Vader!" en tog doen ons dit deur die Heilige Gees alleen. "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." (Rom. 8:16) Ons glo dat ons kinders van God is en ons roep tot Hom: "Vader!" Ons gees of innerlike mens getuig dat ons kinders van God is, omdat ons in Hom glo. En tog is die geloof en die getuienis en die roep tot God nie uit onsself nie. Dit is die Gees wat dit vir ons gee. Hy gee ons die geloof en bind ons daardeur aan die Vader en die Seun. Hy laat ons roep: "Abba, Vader!" En Hy laat ons roep: "Kom!" En dan bereik dit die hemel, waar ons Koning daarvoor wag. Hy wag op die roep. Hy wil hê dat ons moet roep en daarom verklaar Hy met blydskap: "Die Gees en die bruid sê: Kom!"

Soms verstom die gebede van die bruid. "Ons weet nie reg wat ons moet bid nie." (Rom. 8:26). Soms is die bruid stomgeslaan deur haar nood. Sy kan haar eie nood nie deurgrond en sy vind geen woorde om dit uit te sê nie. Soms gaan daar net angswekkende krete na bo – van 'n arme, verdrukte bruid. "Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape." (Rom. 8:36). Maar selfs dan is die bruid in die hemel nie vergete nie. Selfs dan nog kom daar gebede in die hemel aan – in die naam en ten behoewe van die bruid. "En net só kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." (Rom. 8:26).

Hoe sou ons die geheimenis kan verklaar? Wie kan die weë van die Heilige Gees in die hart van 'n mens naspeur? "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." (Joh. 3:8).

En wanneer hierdie verenigde gebed van die Gees en die bruid duidelik in die hemel opgevang word deur die Bruidegom – dan, ja dan, antwoord Hy: "Ja, Ek kom gou!"

## 20 Desember: Kom roep saam!

1 Thess. 5:12-28

*"En laat hom wat hoor sê: Kom!"* (Openb. 22:17)

In hierdie feesdae nooi ons mekaar uit. Kom, kuier 'n bietjie! Kom, hou saam met ons partytjie! Kom, drink saam met ons 'n glasie! Kom . . . Kom . . . Kom . . . Ons wil bymekaar wees. Ons wil saam kuier en saam feesvier. Sommige wil saam jol en dans en vrolik wees. Kom. Dit is Kersfees. Dit is Nuwejaar. Wie weet hoe volgende jaar daar uitsien ? Kom, laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons!

Hoe arm – hoe brandarm is die mensdom? Is dit miskien ek? Ja, ons armoede blyk uit ons roepstemme. Dit skreeu uit ons begeertes. Ons is arm en blind en nakend. Ken ons ons rykdomme, dan sal ons uitnodiging anders klink. Dan sou ons nooi na die ware fees met die egte feesvreugde: die bruilof van die Lam. Maar daaroor hang 'n stilte – 'n grafstilte. Hoe staan dit by jou, my vriend?

Hoor u ook die roep van die Gees en die bruid? Of is dit miskien onhoorbaar? Of is u moontlik hardhorend? Die roep word in die hemel opgevang deur die Bruidegom. Hy hoor die Gees en die bruid sê: Kom! En Hy gee dit deur aan almal wat wil hoor. Hy verkondig dit as 'n boodskap: "En laat hom wat hoor sê: Kom!"

Dit is ook moontlik dat die bruid nie saam met die Gees roep nie. Sy is te besig. En die Heilige Gees treur. Hy is bedroef. Moontlik weerstaan sy die aandrang van die Gees om te roep. En – verskriklike gedagte – moontlik blus sy die Gees uit. Ja, hoe onbegryplik ook al, daarvan praat die Bybel ook. "Blus die Gees nie uit nie." (1 Thess. 5:19).

Die lewende bruid roep. Sy moet roep. Sy kan nie anders nie. Dit is haar lewe. Sy moet sê saam met die Gees: "Kom!" Sy moet roep sodat haar Bruidegom kan hoor.

Sy moet egter ook roep sodat andere kan hoor. Haar stem moet uitgaan tot by die eindes van die aarde. Sy moet gehoor word. Mense moet weet dat hierdie bruid verlang na haar Bruidegom. Sy mag Hom nie vergeet nie en mag haar medemens ook nie vergeet nie. En hulle wat hoor, stem in met die roep. Dit is ook hulle hartsbegeerte om by die Bruidegom te wees.

Dit is 'n groot waarheid: elkeen wat hoor – waarlik hoor – kan nie anders as om saam te roep nie. Die Gees wat die bruid laat roep, maak ook dowe mense se ore oop om te hoor. En elkeen wat hoor se innigste begeerte en dringendste bede is: "Kom, Here Jesus!"

Die Gees maak, deur die roepstem wat verder gedra word, die bruid gereed om die Bruidegom te ontmoet. Daartoe word sy ook opgeskerp en vermaan deur hierdie woord. Dit is onnatuurlik en sondig dat die bruid nie verlang na haar Bruidegom nie. Haar liefde het afgekoel wanneer sy nie meer roep nie. En wanneer haar liefde tot Hom afgekoel het, dra sy ook nie die roepstem oor die wêreld uit nie. En raak sy in die wêreld tuis, is dit maklik om maar oor te stap en aan te sluit by Babilon – die ontugtige.

Miskien sal dit nodig wees om die bruid oor te gee aan verdrukking en vervolging. Miskien moet die aangename verblyf op aarde beëindig word en die donker van die nag in die ryk van die Antichris intree. Wie weet? Dan sal haar stem opklink. Dan sal sy besef dat sy sonder Hom nie kan nie! "Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie?" (Ps. 73) Kan u dit vir Asaf nasê? Hy het geleer om dit te sê uit die *diepte.*

# 21 Desember: Kom dorstiges!

Amos 8:7-14

*"En laat hom wat dors het, kom; . . .*" (Openb. 22:17)

Die wêreld is vol van dorstige mense. Veral hier in die feesgety word baie mense gedryf deur die groot dors. En die groot dors kom nie alleen uit in die dors na sterk drank en die sug na dwelms nie. Dit word ook gesien in die jag na weelde en plesier en sport. Ook die sinlike begeertes wat mense dryf tot onreinheid en owerspel, is soos 'n brandende dors in die innerlike.

Dat ons werklike innerlike dors by al die soort drinkplekke nie waarlik geles word nie, is ook duidelik. Ons sien al meer en meer hoe mense verdrink in die strome waarin hulle meen om hulle dors te les. Frustrasies en senuweewrakke en angs-neuroses en wanhoop, wat dikwels lei tot selfmoord, is al meer aan die orde van die dag.

Eers wanneer ons leer *waarom* ons dors het, sal ons ook uitvind *waar* om die dors werklik te les. Ons het dors omdat ons sondaars is. Daarom word ons gedryf deur innerlike leegheid en is ons gedurig besig om te soek. Ons is op soek na die ware geluk en vrede en bestendigheid. Ons soek na ankers wat nie wankel nie. Maar ons kry dit nie op aarde nie, tensy ons vrede maak met God in Christus. Hy is die fontein van die lewende water. Hy, wat in Bethlehem gebore is, is die enigste wat ons voete weer op die vaste fondament kan plaas en ons die innerlike vrede en blydskap en rus kan gee, wat ons werklike behoefte is.

Gaan sit maar 'n rukkie stil en ondersoek u motiewe en frustrasies en teleurstellinge. Ondersoek eerlik na die oorspronge van u onrus en dorstige gejaagdheid. En doen dan wat die Here Jesus sê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" (Joh. 7:37). Of soos dit hier staan: "En laat hom wat dors het, kom."

Dit is opmerklik dat die rolle hier omgekeer word. "Die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!" Hulle roep na die Here. Hulle roep dat Hy moet kom op die wolke. Hulle verlang na sy volle en heerlike openbaring en dat Hy alles nuut moet maak. Aan die dorstiges word egter gesê dat *hulle* moet kom. Hulle moet hulle voeg by die bruid of die gemeente. Hulle moet kom na die plek waar die Woord verkondig word. Hulle moet kom na die fontein van die lewende waters.

Die uitnodiging is, soos gewoonlik, dringend en genadig. Daaragter sien ons die liefde van God vir die wêreld. Dit is 'n liefde wat ons nie mag vergeet nie – nie nou met die Kersgety en nooit nie. Kersfees sê dit en roep dit uit in alle tale: "Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). Begryp u dat Hy u kan liefhê ? Neem u selfs vanselfsprekend aan dat Hy u behoort lief te hê? Vir my is dit 'n onbegryplike wonder dat Hy die wêreld liefhet en vir my liefhet. Die wêreld en ek – arme sondaar – verdien alleen sy ewige toorn. Eintlik moes ek in die ewige dood in my ewige dors wegsink. Maar Hy het my teen alle verwagtinge in lief: "Laat hom wat dors het, kom!"

Is u 'n sondaar en weet u dit? Kom dan na die waters! Moenie dat u sonde u verhinder om te kom nie, wat dit ook al mag wees. Hy nooi uit – wyd en vér! Sy liefde gaan uit tot die hele wêreld – sy wêreld wat Hy gemaak het en wat Hy nie wil prysgee nie. En u en ek is daarby ingesluit. Daarom roep Hy in groot erns en groot liefde: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"

# 22 Desember: Verniet

Jes. 55

*"En laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."* (Openb. 22:17)

Hier het ons nog te doen met die dorstige mense. Hulle word uitgenooi om te kom. En die wat dan wil kom, ontvang die water van die lewe, verniet. Eintlik staan hier *lewenswater,* sonder die lidwoorde. Daarmee wil die Here die hoedanigheid van die water bevestig. Van alle ander water geld wat die Here Jesus vir die Samaritaanse vrou sê: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry." (Joh. 4:13). Dit is waar van al die dinge wat ons ook aangryp om ons innerlike dors – ons vrees en frustrasies en verlange na geluk en bestendigheid – te verdryf. Dit mag miskien tydelik help of verligting gee in die sogenaamde ontvlugting wat dit bied, maar ons kry weer dors. En die dors word steeds groter.

*Lewenswater* is egter die waarvan die Here sê: " . . . maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." (Joh. 4:14). Die lewenswater word 'n fontein in jou lewe wat jy nooit weer verloor nie. Dit verkwik nie alleen jouself nie, maar ook jou medemens.

En die lewenswater, sê Hy, kry 'n mens verniet. Jy ontvang dit gratis. "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop *sonder geld en sonder prys,* wyn en melk!" (Jes. 55:1). Dit is die wonder van God se liefde en van sy genade in die gawe van sy eniggebore Seun, dat Hy dit doen sonder dat ons daar iets van verdien – selfs sonder dat ons dit gevra het. Hy het ons eerste liefgehad. Hy het eerste na ons gevra. En Hy kom nie om sy gawes aan ons te verhandel nie. Hy soek nie na sy eie voordeel nie. Hy gee verniet, uit loutere onbegryplike liefde.

En tog bly mense ver weg staan en weier om te kom, terwyl hulle wegkwyn van die dors. Waarom ? Die groot rede is dat mense nie verniet *wil* ontvang nie. Is dit daarom dat die woordjie: "wil" ook hier in ons teks staan? Laat hom wat *wil,* die water van die lewe neem, *verniet.* Ons wil nie graag dinge verniet ontvang nie. Ons wil liewer verdien.

Dink daaraan wat dit vir jou en my beteken. Kom ons voor die Here staan en steek ons die hand uit om verniet te ontvang, dan erken ons daarmee dat ons lewe en alles wat ons presteer en doen en *is,* 'n mislukking is. Ons is heeltemal onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Dit is ook die rede waarom baie "Christene" se dors nie werklik geles word nie. Hulle het nog nie sover gekom om sonder voorbehoud en sonder enige reserwes, met leë hande, voor God te staan nie.

Die bekende teoloog en volksdigter, Totius, het een keer die uitdrukking gebruik: Die Fariseër sit in ons almal se bloed. Niemand wil graag erken dat hy *niks* is nie. Die kommuniste lag en spot met die God van swakkelinge. Die God van die Christene, sê hulle, het geen behae in sterk en heldhaftige mense nie, maar in deugniete en veragtelikes – en dit weier hulle om te wees. Hulle wil nie vir hulle alles laat doen nie, maar doen dit self met hulle eie krag en vernuf.

Soms is iemand selfs so hoogmoedig dat hy meen, hy is só 'n groot sondaar, dat Christus nie met sy bloed vir al sy sondes kon betaal nie. My sondes is te veel om vergewe te word! Só 'n belydenis mag ootmoed wees, maar dit kan ook hoogmoed wees. Dit kan ook wees dat die sonde te lekker is en die mens dit dan maar as 'n voorwendsel voorhou. Wie kan tog die dieptes van die menslike innerlike naspeur?

# 23 Desember: Ons mag niks byvoeg nie

Deut. 4:1-10

" *Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die boek van hierdie profesie hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is."* (Openb. 22:18)

Hierdie uitspraak van die Here is 'n geliefkoosde teks vir mense om andere mee plat te slaan, indien hulle oor bepaalde Skrifuitsprake se uitleg verskil. Veral wat die boek Openbaring betref, met sy visioene en beelde en getalle, word hierdie uitspraak aan jou voorgehou, indien jy bepaalde profesieë nie na hulle smaak *letterlik* genoeg vertolk nie.

Ons moet egter goed onthou dat daar 'n verskil is tussen *byvoeging* en *verklaring* van die Skrif. Om die Skrif te verklaar moet jy 'n bepaalde boek of uitspraak volgens sy aard benader. Ons het geskiedkundige boeke in die Bybel wat letterlik aan ons geskiedenis vertel. Ons het egter ook digterlike boeke wat dikwels beeldspraak gebruik en as sodanig verklaar wil wees. En dan het ons ook profetiese stof, wat deur gesigte en beelde bepaalde waarhede aan ons voorhou. Ook dit moet volgens sy aard verklaar word. Al sou jou verklaring ook nie eens die regte wees nie, dan nog maak jy jou nie skuldig aan die oortreding van hierdie uitspraak nie. Jy voeg nie iets by tot die Woord nie, maar jy probeer om die Woord, waarin jy glo en van harte omhels, vir mense te verduidelik. Dit sal net 'n dwaas wees wat aan sy verklaring net soveel gesag as die Bybel self toeken en dit as 'n byvoeging tot die Skrif beskou.

Die Here waak in jaloesie oor sy woorde. En dan gaan dit nie alleen om die boek Openbaring nie. Die beginsel geld die hele Bybel. "Die hele Skrif is deur God ingegee." (2 Tim. 3:16). Van watter menslike woorde kan dit gesê word? Daarom: "Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie ..." (Deut. 4:2). Ook die Spreuke-digter vermaan ons: "Elke woord van God is gelouter . . . Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as leuenaar openbaar word nie." (Spr. 30:5, 6).

Maar wat dan van die Belydenisskrifte van ons kerke? In die Gereformeerde kerke is ampsdraers gebind aan die belydenis en kan op grond daarvan uit hulle amp ontslaan word. Is dit dan nie waar, soos soms beweer word, dat ons die belydenis gelyk aan die Bybel of selfs bó die Bybel stel nie ? Baie beslis nie. Die Belydenisskrifte kan – ja, móét – verander word as bewys word dat iets in hulle in stryd met die Skrif is. Luister maar na wat die Belydenis self van die boeke van die Bybel sê: "Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig." (N.G.B. art. 5). Net die Bybel alleen is vir ons heilig en kanoniek – beklee met Goddelike gesag. Die gesag eien die Belydenis self nie vir hom toe nie.

Anders staan dit in die Roomse kerk, waar bepaalde uitsprake van die pous as net so gesagvol as die Woord van God beskou word. Maar selfs bepaalde Pinkstergroepe loop die gevaar om *by te voeg* by die Woord van God. Hulle skryf soms aan bepaalde direkte "openbaringe" soveel gesag toe dat dit neerkom op die "onfeilbare leiding van die Heilige Gees". Teenoor hulle net dit: die Heilige Gees werk nie los van die Woord nie. Hy bind ons aan die Woord en belowe nêrens onfeilbare openbaringe naas dit wat ons in die Woord van God besit nie.

Moenie die Bybel probeer uitbrei nie. Hou maar net vas en bewaar wat daarin staan en u het die ewige lewe.

## 24 Desember: Ons mag niks wegneem nie

Luk. 2:8-20

*"En as iemand iets van die woorde van dieprofesie van hierdie boek wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waar van in hierdie boek geskrywe is"* (Openb. 22:19)

Ons mag niks byvoeg by die woorde van die profesie van hierdie boek nie, maar ons mag ook niks daarvan wegneem nie. Dit is net so ernstig en gevaarlik. Ook dit geld van die hele Woord van God. ". . . geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Petr. 1:21). Daarom: "Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie." (Deut. 4:2).

Sommige mense kan maklik sê: Die Ou Testament is 'n Joodse geskrif wat vir ons van weinig betekenis is. Ons kan dit maar gerus weglaat uit die Bybel. Ander hedendaagse teoloë sny sommer groot dele uit die Bybel. Hulle "ontmitologiseer" die Bybel, sê hulle. Die ou Boek is vol mites en fabels en ons slim en mondige beskaafde mense glo nie meer aan sulke dinge nie. Daarom kan dit maar gerus uitgehaal word. Dink aan die diere wat kan praat en die wondere in die Ou- en Nuwe Testament. Nee, wat sny weg.

Ja, ook die sogenaamde "maagdelike geboorte" van Jesus Christus, waaroor die Christelike kerke hulle juis in hierdie dae só verbly, is "onmoontlik" en daarom "ongeloofbaar" en lê dan op die terrein van die fabels. Ons kan terloops sê dat as ons nie aan die wonder van Christus se ontvangenis van die Heilige Gees en geboorte uit die maagd Maria kan glo nie, dan moet ons maar die hele Bybel weggooi. Daarsonder het die Bybel as Woord van God geen betekenis nie. Dan is ons hele saligheid daarmee heen, want dan het die Woord nie vlees geword nie, maar is in Bethlehem maar net nog 'n klein "sondaartjie" gebore en nie ons Middelaar nie.

Nee, begin ons torring aan die Woord van God, dan is ons besig om ons eie saligheid te ondergrawe. Dan hou ons uiteindelik niks oor nie – ook en veral omdat die hele Woord – Ou- en Nuwe Testament – 'n eenheid is. Die één kan nie sonder die ander nie. U het saam met my die boek Openbaring deurgewerk en ook ondervind dat ons die drade moes optel dwarsdeur die Bybel, tot in Genesis. Watter vastigheid bly nog oor, indien ons wil uitmaak, wat Gods Woord is en wat nie, in die Bybel? Dan is ons oorgelewer aan menslike willekeur. Ook om die rede waarsku die Here só dringend teen die sonde.

Op só 'n manier van optrede volg noodwendig die oordeel van God. Dit is sy Woord en Hy kan nie verdra dat mense Hom nie op sy woord neem nie. Daarom neem God só 'n mens se deel weg uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Die oortreder word geheel-en-al uitgewerp uit alles wat God belowe het. Hy is vir ewig verlore.

Ons mag egter ook nie bepaalde dinge wegneem deur dit te verdoesel nie. Ons moet alles wat die Here hierin sê in alle erns opneem: die troos en vermaninge – die saligsprekinge en oordele.

Bly en dankbaar is ons, in hierdie Kersdae, dat ons ons kan verheug in die boodskap van die Woord: ". . . dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is." (Luk. 2:11).

# 25 Desember: Die blink môrester

Num. 24:12-25

*"Ek is . . . die blink môrester."* (Openb. 22:16)

U sal merk dat ek hierdie uitspraak, wat ek volgens die orde van die boek, vroeër moes behandel, bewaar het vir vandag. U sal begryp waarom. Dit is vandag Kersfees en ek dink dat hierdie uitspraak van die Here vir ons heelwat op hierdie dag te sê het. Daarmee wil ek hoegenaamd nie beweer dat dit nie ook op 'n ander dag sou pas nie. Ek doen dit ook nie omdat ons winkelvensters met nagemaakte sterre versier is nie. Miskien sou dit selfs goed gewees het indien ek, soos Calvyn, maar gewoonweg die gang van die boek sou volg en vergeet van die besondere dag wat ons Kersfees noem.

Ek is ook bang dat ons mense van die dag 25 Desember, meer maak, as van elke ander dag. Daar bestaan selfs die gevaar dat sommige sogenaamde Christene Kersdag as belangriker mag beskou as die "dag van die Here", wat vir ons Sondag is. Met die voorbehoude in gedagte, gee ek dan aan u my "Kersboodskap".

"Ek is die blink môrester." En dan vergeet ons nou maar van die sterretjies in die winkelvensters en die sterretjies wat skitter aan die kersbome en kyk na wat die Bybel hiervan sê. Kyk ons na wat die Bybel sê, sien ons eintlik iets gans anders as die gangbare opvatting van wat Kersfees is. Kersfees sê vir ons vrede en veiligheid en welwillendheid, volgens die gangbare idee. Ons stuur aan mekaar kerskaartjies en wens mekaar ‚geseënde Kersfees" toe en deel geskenke uit – en Moor en Mohammedaan vul hulle sakke. Met Kersfees skitter dit en ons sien 'n glans na buite straal, wat selfs die glans van die ware môrester verdof en op die agtergrond laat vervaag. Eintlik het die Kersfees in ons Westerse wêreld 'n "wêreldse" fees in plaas van 'n Christusfees geword.

Wanneer die Here Jesus Homself die blink môrester noem, sluit Hy aan by Num. 24:17: "Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n *ster* kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver." Hierdie geweldige profesie kom uit die mond van Bileam, die man met die gawe om mense te besweer of ver vloek. Hy is deur Balak, die koning van Moab laat haal om juis dit te doen. Hulle was bang vir Israel en wou Israel met Bileam se vloek te gronde rig. . . En dan lê die HERE hierdie woorde in die mond van Bileam. En dit is dan nie tot 'n seën vir Moab en 'n vloek vir Israel nie, maar net andersom.

Die ster wat Bileam in die verre toekoms sien, sal die slape van die hoof van Moab verbrysel. Die ster, wat ook 'n septer of koning is, sal dit doen om sy geliefde volk te behou. Die oorlogsugtige Moab is hier die voorbeeld of sinnebeeld van almal wat in vyandskap leef met die Here en sy volk. Hulle almal se toekoms is donker wanneer die ster verskyn.

Hieraan moet ons dink wanneer die Here Jesus Homself die blink môrester noem. Hy het opgekom uit Jakob of Israel. Hy kom as die skitterblink ster in sy heerlikheid en majesteit. Met sy geboorte was hierdie glans en heerlikheid verskuil agter sy swakke en brose menslike natuur. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Maar met sy wederkoms kom hierdie hoedanighede van Hom duidelik aan die lig. Dan breek ook die ewige môre aan, soos die môrester die oggendstond aankondig.

Dan kom ook die heerlikheid vir sy volk op aarde. Hulle sal ook skitter soos sterre. Wie oorwin. "Ek sal hom die môrester gee." (Openb. 2:28). Maar dan word die slape van Moab en al sy ander vyande verbrysel – finaal. Die môrester verkondig genade en vrede en . . . oordeel. Dink ook vandag daaraan. Dit is my Kersboodskap.

## 26 Desember: Die bruidegom en sy bruid in gesprek

Joh. 3:22-36

*"Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!"* (Openb. 22:20)

Met hierdie vers word die eintlike boek Openbaring afgesluit. Hierna groet Johannes, die skrywer, nog net. Die inhoud van wat hy wou meedeel, is egter afgehandel.

Vir laas praat die Here Jesus self. "Hy wat die dinge getuig sê: Ek kom gou." Na sy waarskuwing om nie by die profesieë van die boek by te voeg of weg te neem nie, herhaal Hy nog 'n keer wat Hy verskeie male alreeds gesê het: "Ek kom gou." Ons kan dit beskou as 'n herhaalde bevestiging van die waarheid dat Hy kom. Ook moontlik omdat dit lyk asof sy koms vertraag word. Eeue het al verloop sedert die belofte en die Here weet dat dit soms moeilik sal wees vir sy gemeente om te wag en uit te sien – veral in die donker van die vervolgingsnagte.

Kersfees vertel van sy eerste koms na die aarde. Hy het gekom om te doen waartoe Hy gestuur is. Hy het die wil van sy Vader volbring. Dit is beëindig met sy uitgang te Jerusalem toe Hy gekruisig is – begrawe is – opgestaan het – en opgevaar het na die hemel. Sedertdien werk Hy vanuit die hemel. Hy tree vir sy bruid in met sy voorbidding by die Vader. Hy regeer met sy Woord en Gees oor die gemeente en Hy is ook die regeerder van alle dinge. En hiermee is Hy besig om sy bruid toe te berei en haar woning – die nuwe Jerusalem – gereed te maak.

Kersfees vertel van sy eerste koms. En ou- en nuwe jaar ? Dit vertel van die tyd wat aanstap. Waarheen ? Na die einde van die eeue. En soos die tyd aanstap hoor ons ook sy voetstappe – en sy stem: "Ek kom gou – Ek kom gou .. ." Sy voetstappe en sy stem weerklink nie alleen uit sy Woord nie. Dit klink ook op uit die wêreldgebeure. Ook hierdie beroerde tyd waarin ons leef sê al duideliker: "Ek kom gou." En wie ore het, hoor dit.

Ja, 'n bruid se ore is fyn. Sy herken die voetstap van haar Bruidegom. En haar hart klop vinniger en opgewonde vreugde neem van haar besit. Sy is bly en gelukkig en sy hoor nie meer die stormwinde om haar nie. En sy kyk deur die donker newels na bo.

En intussen werk sy soveel inniger en met groter besieling aan haar bruidsklere. Dit moet gereed wees wanneer Hy opdaag. Hy kom – daar's werk! Moenie uitstel nie – doen dit dadelik!

Maar dan antwoord sy ook – die bruid: "Amen, ja kom, Here Jesus!" Sy antwoord: "Ek is gereed. Ek wag op U. Ja, kom Here Jesus." Hoor u die sekerheid: "Amen"? Hoor u ook die blye klank van afwagting: "Ja, kom, Here Jesus?"

Ons het gekom aan die einde van die boek Openbaring. Ons het ook weer gekom aan die einde van 'n jaar. En u leser, is u ook iemand wat uitsien ... en luister ... en wag . . . en werk met besieling en ywer, omdat u sy voetstappe hoor ? Die werk is só baie en dikwels só moeilik en ons kragte is min en ons laat die tyd ledig verbyrol. En Hy kom. Ons moet uitgaan Hom tegemoet. Ons lampe moet brand.

Vergeet om ekstra olie in u kan saam te neem ? Ag, nee! Moenie wag totdat die roep opgaan nie: "Daar kom die Bruidegom! Gaan uit Hom tegemoet!" 'n Mens kom só maklik voor 'n toe deur te staan. Dan is dit vir ewig verby.

"Amen, ja, kom Here Jesus!"

# 27 Desember: Genade!

Rom. 3:21-31

*"Die* genade *van onse Here Jesus Christus sy met julle almal."* (Openb. 22:21)

Eindelik groet Johannes die sewe gemeentes aan wie hy geskryf het. Ja, dit is hy wat nou weer aan die woord is. Hy sluit sy brief af, soos dit 'n goeie herder betaam. Hy groet behoorlik en neem nie maar afskeid met 'n koue hoofknik nie. Hy groet soos dit by 'n Christen hoort. En sy groet is nie bloot 'n goeie wens nie. Hy groet in die Naam van die Here en hy weet dat die Here sy seënende woord waar maak.

*Genade.* Dit is 'n woordjie wat ons baie hoor. Vir baie van ons het dit afgesaag geraak. Dit raak ons nie meer nie. Sou dit werklik die moeite werd wees om nog aandag aan die ou woordjie te gee? Ons almal ken dit só goed!

Dit is juis die probleem. Ons meen ons ken dit goed en dan gaan die rykdom daarvan by ons verby. En verder is só 'n bekende woord dikwels vir ons moeilik om te omskryf. Ek het baie gesien hoe 'n katkisant ongemaklik stotter as hy moet omskrywe wat die woordjie *genade* beteken. Daarom is dit goed om die ou juweel weer 'n bietjie af te stof en goed te bekyk en ons opnuut te verbly.

Verbly? Die oorspronklike Griekse woord: *blydskap – vreugde* kom van dieselfde wortel as *genade.* Genade is iets wat vreugde berei en wat ons bly maak. Stel u voor dat 'n aangeklaagde voor 'n Oosterse vors moes verskyn, wat beskik oor lewe en dood. Die toorn van die vors beteken vir hom die dood. Maar sy toegeneentheid en welwillendheid hou vir die aangeklaagde vryheid en lewe in. Wat 'n vreugde indien die vors hom vriendelik tegemoettree!

Vir ons sê die woordjie dat God ons toegeneë is. "Gods vriend'lik aangesig straal vrolikheid en lig." Só groet die hoëpriester in die Ou Testament die volk met sy seën: "Die HERE laat sy aangesig oor u skyn en is u genadig." (Num. 6).

En die wonderlikste van hierdie woordjie *genade* is dat dit, in die lig van die Nuwe Testament, staan teenoor *verdienste.* "Want uit *genade* is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; *nie uit die werke nie,* sodat niemand mag roem nie." (Ef. 2:8, 9). Dink hierby aan die Fariseër en die tollenaar wat gaan bid. Die Fariseër vertel aan die Here hoe 'n goeie verdienstelike mens hy is. Die tollenaar staan verweg en sê: "O God, wees my sondaar *genadig.'"* Dit is al: Genade Here, genade!

'n Ander jaar van Gods genade is haas ten einde. Ons het genade op genade ontvang. En tog is die gevaar só groot dat ons dit vergeet. Selfs erger – ons mag miskien reken al die goeie dinge van die afgelope jaar het ons verdien. En al die teëspoed en nood en droefheid was darem nie billik teenoor ons nie. Ons het dit nie verdien nie. Pas tog maar op vir die Fariseër in u bloed.

As 'n mens by Christus kom en in jou gedagte by Golgotha vertoef en opkyk na jou verhoogde Heiland, en jy hoor Hom uitkerm: "My God, my God waarom het U My verlaat?" en, jy onthou dat Hy die Seun van God is, wat nou voor die ewige toorn van God wegsink, weet dan dat die heilige God 'n verterende vuur en 'n ewige gloed is. En bedink dat jy daar moes hang en nie Hy nie. Maar omdat God jou *genadig* is, hang Hy daar en nie jy nie. Dan kan jy nie meer praat oor eie verdienstes en onreg teenoor jou nie.

Dan sterf die Fariseër in jou en die tollenaar staan bewend en prewel: "Wees my, sondaar, genadig!"

# 28 Desember: Die genade van Onse Here

Joh. 10:11-21

*"Die* genade *van* onse Here *Jesus Christus sy met julle almal.* Amen." (Openb. 22:21)

Die genade van *onse Here.* Wat beteken die verbinding *genade* en *onse Here* vir ons ? Ja, in die lig van alles waaroor ons in die boek Openbaring gehandel het, *moet* ons hieraan aandag gee. Maar ook hier, voor die einde van die jaar, moet ons daaraan dink – met blydskap en vertroue en dankbaarheid.

*Onse Here.* Ons Kategismus vra vir die kinders van die gemeente: "Waarom noem jy Hom *onse Here?"* Daarop is die antwoord: "Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop het en van alle heerskappy van die duiwel verlos het en ons só tot sy eiendom gemaak het."

Is dit nie *genade* nie ? Beteken dit nie vir ons blydskap nie ? Die genade van onse Here raak nie alleen my liggaam nie, maar ook my siel. My liggaam en my siel is *ek . . .* my hele *ek.* Ek het 'n liggaam en ek het 'n siel en Hy het my *ek* gekoop tot sy eiendom.

Wanneer ek met my liggaam werk en soms swoeg met trane – wanneer ek eet en drink en speel – wanneer ek pyn en honger ly, dan is ek sy eiendom. Hy het my liggaam gekoop. En deur die Heilige Gees woon Hy in my liggaam. Dit is sy tempel ... En wanneer my liggaam sterwe, behoort ek nog aan Hom. En kom Hy op die wolke – dan staan hierdie selfde liggaam van my op en word anders – in 'n oomblik, 'n oogwink. En my liggaam gaan saam met Hom na sy heerlikheid, waar sy liggaam ook is.

En my siel? Ook die behoort aan Hom. Hy het ook dit gekoop. En omdat ek sy eiendom is, heers die duiwel nie meer oor my siel nie – ook nie oor my liggaam nie – natuurlik nie, want my liggaam en siel is *ek.* O ja, die duiwel is nog daar en hy is 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind. En hy maak dit moeilik vir my en ek is soms in groot nood – sielenood. En ek roep; saam met my mede-sterwelinge, want ons siele is in nood – groot nood. "Red ons siele!" Soms vergeet ons dat ons 'n siel het, want die liggaam en sy vreugdes en behoeftes hou ons te besig. Dan is dit tyd om stil te word en na te dink en te bid. As die roep tog maar net op die regte golflengte ingestel is!

Dan hoor Hy, want ek behoort aan Hom. Hy het my uit genade gekoop tot sy eiendom. En ek is nie meer my eie baas nie – gelukkig nie. My *eie-ek* is 'n tiran en dit is 'n *genade* as ek nie meer aan myself behoort nie. Dit is my grootste blydskap as my *eie-ek* nie meer oor my regeer nie.

En die jare kan maar kom en gaan – ek bly sy eiendom. En aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde. Hy regeer oor alles en almal. Selfs die duiwel en sy helse magte kan my nie uit sy hand ruk nie. En ek het my vreugde en blydskap, want my Here is my genadig. Ek roem in die hoop op die heerlikheid van God, want ek het vrede met Hom. Ek roem ook in die verdrukkinge, omdat my Here my dan ook vashou. Ek weet ook dat die verdrukkinge vir my goed is, omdat Hy dan met my ten goede werk.

Die genade van onse Here sy met julle .. . almal. Almal wat aan Hom behoort, sal nie verlore gaan tot in ewigheid nie. Hy het immers duur betaal vir hulle – nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed. Amen, ja kom, Here Jesus!

# 29 Desember: Die genade van Jesus

Luk. 1:26-38

*"Die* genade *van onse Here Jesus Christus sy met julle almal.* Amen." (Openb. 22:21)

Die *genade* van *Jesus ?* Wat sien ons in hierdie faset van die diamant ? Weer kan ons praat van blydskap en verlossing. Hierdie verbinding laat ons sing: "Verlos en nie verlore."

Ek vat maar weer die Kategismus wat ek as kind geleer het en nog altyd vir my kosbaar is. Die leermeester vra vir die verbondskinders: "Waarom word die Seun van God Jesus, dit is Saligmaker, genoem?" En dan antwoord hulle: "Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos; en verder dat by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie."

Sê u die Kategismus is 'n droë leerboek vol dorre dogmatiek ? Dan is ek jammer vir u. Dan het u nog nie met die hart van 'n verlore sondaar geluister nie. Want die antwoord is so uit die hart van die tollenaar gegryp. U onthou, die tollenaar wat veraf gestaan het en op sy bors geslaan het en gesê het: "O God, wees my sondaar genadig!" Die opstellers van die Kategismus het naas die tollenaar gestaan en kon hom dit nasê, omdat hulle die *genade* van *Jesus* geken het.

Dit is 'n kinderlike antwoord, hierdie van die Kategismus. Dit is net só *"onlogies"* soos 'n kind dit sou uitspreek. Die antwoord kom maar net hierop neer: "Jesus word Jesus genoem omdat Hy Jesus is." Of: "Die Saligmaker word Saligmaker genoem, omdat Hy ons salig maak." Dit gee geen verklaring van die Naam *Jesus* nie, maar sê maar net dat Hy is wat sy Naam sê dat Hy is.

Ons kan nou wél sê dat die Naam Jesus dieselfde is as Josua uit die Ou Testament. En die naam Josua beteken: "Die HERE is *heil* of *redding."* En dan weet ons dat daar baie Josua's en Jesusse was, wat mense nie salig gemaak het nie. Hierdie Jesus, van Wie ons praat, het egter die Naam ontvang, omdat Hy ook gedoen het wat sy Naam beteken. Voor sy geboorte het Hy al die Naam uit die hemel ontvang.

Toe die engel Gabriël aan Maria verskyn, groet hy haar: "Wees gegroet, *begenadigde."* Só loop die seën van die *genade* Jesus vooruit. En dan sê die engel verder: "Kyk jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom *Jesus* noem." (Luk. 1). Ook Josef, Maria se verloofde, wat haar van owerspel verdink, hoor dit van 'n engel: ". . . wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n Seun baar, en jy moet Hom *Jesus* noem, *want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* (Matt. 1).

Die *genade* van *Jesus* sy met julle almal. Ja, dit kán, want julle almal is sondaars. En Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore is. Hy is *Jesus – Saligmaker.* 'n Sondaar is ongelukkig, want hy mis sy lewensdoel. Sy lewensdoel is om sy Skepper te verheerlik, maar die sondaar het verval in die kloue van die duiwel. Hy is 'n ongelukkige slaaf van die duiwel en die sonde en 'n kind des doods. En uit hierdie nood kan geen sondaar vanself kom nie. Alleen Jesus kan help. Hy alleen kan ons salig maak en ons van ons sondes verlos.

U weet seker al dat die woordjie *salig gelukkig* beteken. Hy maak ongelukkige mense gelukkig. Hy ruk hulle uit die put van verlorenheid. Hy bevry hulle van die duiwel. Hy maak hulle lewe vry en heel en sinvol. Hulle is gelukkig. Is dit ook u geluk?

Die genade van Jesus sy met julle almal. Amen.

# 30 Desember: Die genade van Christus

Matt. 16:13-21

*"Die* genade *van ons Here Jesus* Christus *sy met julle almal. Amen."* (Openb. 22:21)

Vandag is ons kombinasie uit Johannes se seëngroet: "Die *genade* van *Christus* sy met julle almal." En weer open dit vir ons vergesigte en gee ons die blydskap wat *genade* ons alleen kan gee. Ons het al die gebooie van God oortree. Ons gewete kla ons aan dat ons nie een daarvan onder hou het nie. Dan is dit *genade* dat ons voor Christus – die enigste Christus – kan staan. En ons sing ons vreugdelied:

"Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem?

Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja
wat, opgewek, in glorie sit,
en altyddeur vir ons wil bid."

(Totius beryming uit Rom. 8)

Ook vir die Naam *Christus gee* die Kategismus 'n verklaring. Dit is een van die lang antwoorde – moeilik vir 'n kind om onder die knie te kry – maar tog so ryk aan inhoud en troosryk vir die gebroke hart en verslae gees.

Christus beteken *Gesalfde.* Die Jode se term is Messias. Christus is gesalf met die Heilige Gees. Hy het die Gees nie met mate ontvang nie.

'n Gesalfde is iemand wat deur God uitverkies is om 'n bepaalde werk te doen of amp te vervul. Die salfolie in die Ou Testament het dan afgebeeld dat só 'n mens afgesonder is vir die Here en dat die Here aan Hom deur sy Gees die krag en wysheid gee om sy amp te kan uitoefen.

En Christus, ons Gesalfde, kom na vore, nadat Hy gedoop is deur Johannes die Doper en die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom neergedaal het, en begin sy amp vervul. Hy is ons hoogste Profeet en Leraar, wat die Woord van verlossing aan ons bekend maak. Hy begin om te leer en te preek: Die koninkryk van God het naby gekom. *"Salig* is die wat arm van gees is . . . salig is die wat treur . . . salig is die sagmoediges – . . . salig is die wat honger en dors na die geregtigheid." Só verkondig Hy sy evangelie van geluk – van genade.

Maar Hy praat nie alleen van die saligheid nie. Hy gee dit ook. Hy maak mense gesond. En eindelik hang Hy aan die kruis as die offerlam. Hyself is Hoëpriester en offerlam tegelyk: "Want dit het Hy net eenmaal gedoen toe *Hy Homself geoffer* het." (Hebr. 7:27). Hy offer, as ons enigste Hoëpriester, Homself vir ons sondes. En elkeen wat in Hom glo ontvang die ewige lewe. Dit is die *genade* van *Christus* vir ons almal wat glo.

En na sy hemelvaart staan ons enigste Hoëpriester in die hemel voor die troon van God en bid vir ons. Hy bly ons Priester. Die *genade* van Christus.

Maar Christus – ons Profeet en Priester – is ook ons ewige Koning. Hy regeer oor ons met sy Woord en Gees. Ons hoor sy Woord en die Gees maak ons gehoorsaam aan die Woord en ons Koning verbly Hom daaroor. En ons is *salig* – om Hom te kan dien.

En dan kyk ons die donker toekoms tegemoet. Wolke pak saam en die donder rammel en weerligte flits. Ons Koning is ons beskermer. Hy het ons verlos en bewaar ons.

Die *genade van Christus* sy met julle almal. Amen.

# 31 Desember: Christene

Matt. 16:24-28

"*Die* genade *van onse Here Jesus* Christus *sy met julle almal.* Amen." (Openb. 22:21)

Die jaar is verby. Die boek Openbaring het aan sy einde gekom. En vir albei die eindes – van die jaar en boek – het ons 'n baie gepaste afsluiting. Ons het nou kortliks klaar gekyk na wat die Naam *Christus* of *Gesalfde* beteken. Ek wil nou 'n bietjie daarop uitbrei en dan probeer aantoon hoe die genade van Christus in die praktyk ons deel is. Dan kyk ons in die lig daarvan terug op die ou jaar wat verby is – met sy vreugde en verdriet. En ons gaan die nuwe tegemoet met sy *genade.* "My genade is vir jou genoeg," het die Here vir Paulus gesê. Gelukkig is dit vir ons ook genoeg – hoe donker dit ook al vorentoe lyk.

Jy en ek en almal wat die Here bely, word *Christene* genoem. Ons dra die naam, want ons is ook gesalf met die Heilige Gees. Ja, elkeen wat glo, het die Heilige Gees ontvang. Hy is gedoop met die Heilige Gees en is 'n *gesalfde* van die Here. Ons is geroepenes tot 'n bepaalde amp of werk of diens. Elke Christen is 'n dienskneg van Jesus Christus.

En dan kan ons ook maar ons dienswerk onderskei, soos ons by Hom onderskei het. Profete, priesters en konings. Dit is ons elkeen, ja elkeen wat glo. En só kom die genade van Christus binne-in ons lewe. Ons word ander mense – veranderde mense – nuwe mense. Ons is wedergebore mense – profete, priesters en konings. Ons is bekeerde mense – profete, priesters en konings. Ons is mense wie se lewe sin en betekenis het, want ons is geroepenes van Christus. Ons is salig en leef elke dag uit die oorvloed van Christus – sy genade. Die genade van Christus sy met julle almal.

'n Mens wat uit genade lewe, ondervind dit. Hy weet van die genade en hy vertel daarvan. En dan kan dit nie anders nie. Praat jy van genade, dan praat jy van Christus. Dan bely jy Hom voor die mense. Jy is sy sprekende getuie in die wêreld. En iemand wat van God praat, is 'n *profeet.* Hy vervul sy roeping as profeet. Ons is gesalf deur die Heilige Gees tot sy profete. En ons gaan in die nuwe jaar vertel van hierdie genade wat ons ontvang het. En dan ontvang andere ook deur ons voorbeeld en woorde die aanwysing na die Bron van genade. So is dit genade op genade en die stroom groei aan. Sorg net dat dit by jou 'n stroom is en, nie 'n poel met staande water, wat verrot word nie. Profete het monde ontvang om mee te praat – van Christus.

En omdat ons uit genade lewe, is dit geen moeite om te offer nie. Soos priesters staan ons singend met die offerpanne in ons hande. En ons lê ons offers op die altaar. En soos Christus, offer Christene ook hulleself – met die verskil dat hulle alleen hulleself as *dankoffer* aanbied en nie as soenoffer, soos Hy nie. En dit is salig om te offer. Dit maak ons eers waarlik gelukkig. U ken dit al. U het dit al gesmaak. Nog nie? Begin dadelik en *offer u hart* – soos Calvyn se lyfspreuk lui – en u sal weet wat genade en saligheid vir ons inhou as Christene.

Maar ons roeping as gesalfdes is nog nie klaar nie. Ons het doodsvyande in die wêreld: die duiwel en die wêreld en ons eie sondige harte. Hulle dreig elke dag om ons te verslaaf. En ons mag nie slawe wees nie. Ons is gesalf om konings te wees. En dan bind ons die stryd aan teen die magte met 'n vry en goeie gewete en as konings, wat seker is van die oorwinning volhard ons. Ek groet finaal: "Die genade van onse Here Jesus onse Here Jesus Christus sy julle almal. Amen."